

Standard Bank 1862 tot 1940: 'n kultuurhistoriese kontekstualisering van die metafisiere en verbandhoudende kultuurkomponente

IP de Swardt
25717774

Proefskrif voorgelê vir die graad **Philosophiae Doctor-
Gesiedenis** aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-
Universiteit

Promotor: Prof M Burden

September 2017

Dit begin alles hier™



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

SAMEVATTING

Ekonomiese groei, wat hoofsaaklik met die wolbedryf in verband gestaan het, het die beskikbaarheid van bankdienste in die Oos-Kaap van Suid-Afrika teen die tweede helfte van die 19de eeu genoodsaak. Standard Bank het in 1862 tot stand gekom, met hoofkantoor in Londen en die eerste tak en Suid-Afrikaanse hoofkantoor in Port Elizabeth. John Paterson was die eerste bestuurder en is in 1865 opgevolg deur Robert Stewart as eerste hoofbestuurder. Hierdie kultuurhistoriese studie handel oor die tydperk tussen 1862 en 1940. Die nalatenskap van slawerny, die *Difaqane* en ander interne konflikte was vormgewende faktore. Koloniale onderwerping was aan die orde van die dag: stuk vir stuk is dele van die sub-kontinent onder Britse beheer gebring. Dit het deel gevorm van die omgewing waarbinne die bank bestaan het. Dit was die oogmerk van die bank om nie net 'n plaaslike bank in Port Elizabeth te wees nie maar takke te open waar Brittanje ookal in suidelike Afrika die gesag gevoer het. Verskeie plaaslike banke is oorgeneem en/of nuwe banktakke is gestig. 'n Groot deel van die personeel het van Brittanje gekom en Britse gebruike saamgebring. 'n Eiesoortige korporatiewe kultuur het ontstaan. Aanpassing by die weer en klimaat, sowel as 'n vreemde kultuur en taal, was moeilik vir buitelanders. Kultuurskok is ervaar. Akkommodasie was moeilik verkrygbaar. Geboue is gehuur, gekoop of gebou. Simboliek en metafisiese (nie-tasbare) dimensies was aan alle aspekte van die bank se geboue en ander kultuurkomponente soos die bank se implemente en hulpmiddels, vervoermiddels en kleredrag, verbonde. Die geboue was verteenwoordigend van die tydsges en die gepaardgaande westerse argitektuurstyle. Die opening van elke banktak het 'n invloed gehad op die plaaslike omgewing, nog meer so as 'n nuwe gebou opgerig is. Die verhouding tussen die bank en die omgewing was een van wedersydse beïnvloeding. Die ontdekking van diamante en goud het 'n groot ekonomiese omwenteling en vinnige verstedeliking veroorsaak. Onaangename en ongesonde toestande het in myndorpe geheers. Struikrowers en wilde diere het gevare ingehou tydens reise en bankroe het voorgekom. Beperkte spoorverbindinge het aanvanklik bestaan. Vervoer was afhanklik van ossewaens, poskoetse en ander voertuie deur diere getrek. Paaie, brûe en algemene kommunikasiemiddele was ontoereikend. Die bankwese is op vertroue gegrond en benodig stabiliteit. Onluste, oproer en militêre konflikte was nadelig vir die bank. Personeeltekorte het ontstaan en die bank is gedwing om danks in diens te neem. Die bank het 'n voorskriftelike interne bestuurstelsel gehad in die tydperk van 1862 tot 1940 en streng dissipline is gehandhaaf. Hierdie studie kontekstualiseer die tasbare en nie-tasbare dimensies van die bank en toon die noue verband van al die bank se komponente met die komplekse en dinamiese omgewing waarbinne dit ontstaan het en moes funksioneer.

Sleutelwoorde :

Argitektuur, argitektuurstyle (westerse argitektuurstyle), banke, dimensies (metafisiese-, fisiese-, stoflike-, geestelike-, tasbare-, nie-tasbare-), goud, kultuur (korporatiewe), kultuurgeskiedenis, kultuurkomponente, kultuurskok, omgewing, personeel (personeelbestuur, personeeltekorte), simboliek, Standard Bank

ABSTRACT

Economic growth in the Eastern Cape, mainly associated with the wool industry, created a need for banking services in the second half of the 19th century. Standard Bank was established in 1862 with its head office in London and its South African head office in Port Elizabeth. John Paterson was the first manager and was succeeded by Robert Stewart in 1865, who became general manager. This cultural historical study deals with the period between 1862 and 1940. The legacy of slavery, the Difaqane and other internal conflicts were still evidenced and being felt at the time. Colonial submission was the order of the day. This comprised the environment in which the bank was established. It was Standard Bank's aim from the outset to become a regional bank. Several local banks were taken over and incorporated and new branches of the Standard were established. The majority of the members of the personnel came from Britain and brought their customs with them. A Standard Bank corporate culture took root and grew. Personnel from abroad found it difficult to adjust to the African climate, a foreign language and culture. Accommodation was difficult to obtain. Buildings were rented, purchased or constructed. Symbolism and metaphysical (intangible) dimensions formed part of all aspects of the bank's buildings and other cultural components. Buildings were representative of western architectural styles. The opening of each branch of the bank had an influence on its local environment and even more so when a new building was constructed. The relationship between the bank and the environment was reciprocal: each one influenced the other. The discovery of diamonds and gold created major economic changes and contributed to urbanization. Conditions in mining towns were unpleasant and unhealthy. Highway robbers and wild animals made travel unsafe and the bank was the victim of bank robbers. Limited railways existed and transportation was dependent upon animal-drawn vehicles. Roads, bridges and general communication infrastructure were almost non-existent. Banking was founded on trust and requires stability. Unrest, riots and military conflict had a detrimental effect on the bank. Shortages of personnel arose, forcing the bank to employ lady clerks. The bank had a conservative management policy between 1862 and 1940 and strict discipline was enforced. This study contextualizes the tangible and intangible dimensions of the bank and outlines the close relationship of all the bank's components with the complex and dynamic environment in which it was created and had to exist and function.

Key words:

Architecture, architectural styles, banks, corporate culture cultural components, culture, cultural history, culture shock, dimensions (metaphysical, physical, tangible, intangible) environment,

gold, western architectural styles, personnel, personnel management, Standard Bank, symbolism,

BEDANKINGS

- Professor Matilda Burden, wie se gewaardeerde studieleiding hierdie werk moontlik gemaak het
- Rina de Swardt, my eggenote, vir geduld, begrip en ondersteuning
- Salo de Swardt, my seun, vir tegniese ondersteuning, veral met die elektroniese indien van die skripsie
- Letitia Myburgh en Estranelle Lubbe van Standard Bank se Erfenissentrum in Johannesburg, vir professionele en vriendelike hulpvaardigheid en hul algemene toewyding tot die bewaring van erfenis.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	1
Probleemformulering	1
Die doel van die studie	2
Terreinafbakening	2
Aanbieding van die stof	3
Bronne	4
HOOFSTUK 1: KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN BRONNESTUDIE	6
1.1 Konseptualisering	6
1.1.1 Kultuur	6
1.1.2 Kultuurgeskiedenis	9
1.1.3 Argitektuur	10
1.1.4 Die bankwese	17
1.2 Metodologie	18
1.2.1 Metode van navorsing	18
1.2.2 Metodologie van die studie	21
1.3 Etiek	29
1.4 Bronnestudie	29
1.4.1 Bronne oor kultuur, kultuurgeskiedenis en metodologie	29
1.4.2 Bronne oor die politiek-historiese en geofisiese situasie by die koms van Standard Bank na Suid-Afrika in 1862	31
1.4.3 Bronne oor kultuurkomponente van die bank	34
1.4.4 Bronne oor Standard Bank	40
1.4.5 Bronne oor ander banke in Suid-Afrika	42
1.4.6 Die bank en die omgewing	43
HOOFSTUK 2: DIE GEOFISIESE EN GESKIEDKUNDIG-POLITIEKE KONTEKS WAARBINNE STANDARD BANK ONTSTAAN HET	44
2.1 Die konteks waarin Standard Bank ontstaan het	44
2.1.1 Die belang van gebeure, faktore en invloede	45
2.1.2 Die belang van plek en tyd	46
2.2 Geskiedkundige kontekstualisering binne konteks van plek en tyd	49
2.2.1 Die globale konteks teen die middel van die 19de eeu	49
2.2.2 Die Afrikakonteks teen die middel van die 19de eeu	51
2.2.3 Suider-Afrika teen die middel van die 19de eeu	52

2.2.3.1	Die stigting van 'n verversingspos vir skepe aan die Kaap	54
2.2.3.2	Die ontmoeting by die Visrivier	55
2.2.3.3	Die opkoms van Shaka en die Zulus, die Difaqane en die oorwinning van Britse imperialisme oor die Zulus	56
2.2.3.4	Die Britse en Duitse setlaars	58
2.2.3.5	Die Groot Trek, die opkoms van die Boererepublieke en die anneksasie van Transvaal	61
2.2.3.6	Die vernietiging van hul veekuddes en kosvoorrade deur die Xhosas	63
2.2.3.7	Die ontdekking van diamante en goud	64
2.2.3.8	Die Anglo-Boereoorloë, Jameson-inval en die Rebelle van 1914	72
2.2.3.9	Uniewording 1910	75
2.2.3.10	Die Eerste en Tweede Wêreldoorloë	76
2.2.4	Die Oos-Kaap teen die middel van die 19de eeu	77
2.3	Die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Standard Bank	80
2.3.1	Die Bank se vroegste personeel in Suidelike Afrika	80
2.3.2	Die Bank se vroegste akkommodasie in Suidelike Afrika	81
2.3.3	Die bank se vroegste uitbreidings in Suidelike Afrika	84
2.3.4	Die Bank se inspektoraat	85
HOOFSTUK 3: STANDARD BANK SE PERSONEELKOMPONENT		87
3.1	Agtergrond	87
3.2	Personeellede van Standard Bank	87
3.3	Personeelbestuur	88
3.4	Dimensies van Standard Bank se personeelkomponent	90
3.4.1	Fisiese dimensies van Standard Bank se personeelkomponent	92
3.4.2	Metafisiese dimensies van Standard Bank se personeelkomponent	93
3.5	Die menslike faktor	93
3.5.1	Opleiding van personeel	95
3.5.2	Taalvaardighede	96
3.5.3	Personeelbeoordeling	97
3.5.4	Versigtigheid	99
3.5.5	Vuurwapens	101
3.5.6	Stiptelikheid	102
3.5.7	Kliënteskakeling	102
3.5.8	Etiek en moraliteit	103
3.5.9	Vertroue	104

3.5.10	Dissipline en diensverlating	105
3.5.11	Ervaring en werksbevrediging	107
3.5.12	Indiensneming van vroue	108
3.5.13	Huwelike van bankbeampes	108
3.5.14	Die hantering van deernisgevalle	110
3.6	Bankpersoneel as deel van die gemeenskap	111
3.6.1	Verblyf van personeel	112
3.6.2	Kleredrag	114
3.6.3	Sosiale lewe	125
3.6.4	Voedsel	126
3.6.5	Sport en ontspanning	129
3.6.6	Reise en vervoermiddels	131
3.7	Dinamika van die omgewing en die bank se personeel	137
3.7.1	Konflik, opstande en oorloë	138
3.7.2	Misdaad en bankrowe	144
3.8	Standard Bank as mikrokosmos	148

HOOFSTUK 4: AKKOMMODASIE VIR DIE BEDRYF VAN STANDARD BANK SE BESIGHEID		150
4.1	Inleiding	150
4.2	Standard Bank se beleid van uitbreiding	153
4.2.1	Oorwegings by die opening van nuwe banktakke	154
4.2.1.1	Metafisiese faktore	154
4.2.1.2	Fisiese faktore	155
4.3	Vereistes waaraan bankpersele, bankgeboue en banktakke moes voldoen	155
4.3.1	Bankpersele	156
4.3.1.1	Metafisiese vereistes	156
4.3.1.2	Fisiese aspekte	156
4.3.2	Bankgeboue	156
4.3.2.1	Metafisiese vereistes	156
4.3.2.1.1	Estetika	158
4.3.2.1.2	Stewigheid	163
4.3.2.1.3	Geskiktheid	165
4.3.2.2	Fisiese vereistes waaraan bankgeboue moes voldoen	169
4.3.3	Banktakke	169
4.3.3.1	Metafisiese vereistes	170
4.3.3.2	Fisiese vereistes	173

4.4	Akkommodasie vir Standard Bank se takbestuurders	173
-----	--	-----

HOOFSTUK 5: DIE ARGITEKTUUR EN ARGITEKTUURSTYLE VAN STANDARD

BANK SE BANKGEBOU	174
5.1	Inleiding 174
5.2	Die boukuns en veranderende menslike behoeftes 176
5.3	Die Suid-Afrikaanse boukuns 177
5.4	Argitektuurstyle 177
5.4.1	Gotiek en Neo-Gotiek 180
5.4.1.1	Die tydsges in die Gotiese boustyl ontstaan het. 181
5.4.1.2	Die tydsges in die Neo-Gotiese boustyl ontstaan het 181
5.4.1.3	Standard Bankgeboue in die Neo-Gotiese boustyl 184
5.4.2	Die Renaissance- en Neo-Renaissancestyl 188
5.4.2.1	Die tydsges in die Italiaanse Renaissance ontstaan het 189
5.4.2.2	Tydsges van die Neo-Renaissance 192
5.4.2.3	Standard Bankgeboue in die Neo-Renaissancestyl 192
5.4.3	Die Barok en Neo-Barokstyl 206
5.4.3.1	Die tydsges in die Barok ontstaan het 207
5.4.3.2	Standard Bankgeboue met Barokelemente 207
5.4.4	Die Kaaps-Hollandse boustyl 209
5.4.4.1	Die tydsges in die Kaaps-Hollandse Herlewingsstyl ontstaan het 214
5.4.4.2	Standard Bankgeboue in die Kaaps-Hollandse en Kaaps-Hollandse Herlewingsstyl 217
5.4.5	Die Georgiëanse boustyl 218
5.4.5.1	Die tydsges van die Georgiëaanse styl 221
5.4.5.2	Standard Bankgeboue in die Georgiëanse boustyl 222
5.4.6	Die Victoriaanse boustyl 223
5.4.6.1	Die tydsges in die Victoriaanse styl ontstaan het 225
5.4.6.2	Standard Bankgeboue in die Victoriaanse boustyl 227
5.4.7	Die Art Nouveaustyl 228
5.4.7.1	Die tydsges in die Art Nouveaustyl ontstaan het 230
5.4.7.2	Standard Bankgeboue met Art Nouveaustylelemente 231
5.4.8	Die Eduardiane boustyl 232
5.4.8.1	Die tydsges in die Eduardiane styl ontstaan het 233
5.4.8.2	Standard Bankgeboue met Eduardiane stylelemente 233
5.4.9	Art Deco 236

5.4.9.1	Die tydgees waarin die Art Deco-styl ontstaan het	237
5.4.9.2	Standard Bank geboue in die Art Decostyl	238
5.5	Argitektuur as rekord van geskiedenis	239

HOOFSTUK 6: DIE BESTUUR EN DAAGLIKSE FUNKSIONERING VAN

STANDARD BANK		240
6.1	Agtergrond	240
6.2	Die bankwese in Suid-Afrika	241
6.2.1	Banke as onderdeel van die Suid-Afrikaanse finansiële markte	241
6.2.2	Regulering van banke	242
6.3	Die dinamiese aard van die bankwese en omgewing	244
6.4	Strategiese oorwegings in die bestuur van die bank	245
6.4.1	Omgewingsbewustheid	245
6.4.2	Gekoördineerde reaksie van die bank	245
6.4.3	Beheerde en bestuurde aanpassings	246
6.5	Die bestuur en daaglikse funksionering van Standard Bank	246
6.5.1	Benamingsdilemma	246
6.5.2	'n Uitvoerende komponent op die snyvlak	247
6.6	Die algemene bestuursbenadering	249
6.6.1	Vorm volg funksie	249
6.6.2	Die funksies van bestuur	250
6.6.2.1	Raamwerkskepping	250
6.6.2.2	Beplanningsfunksie	253
6.6.2.3	Bestuursleiding binne die bank	256
6.6.2.4	Kommunikasie	257
6.6.2.5	Die uitoefen van beheer	261
6.6.2.6	Die motivering van personeel	264
6.6.2.7	Delegering van verantwoordelikhede, magte en bevoegdhede	264
6.7	Take in die funksionering van die bank	265
6.7.1	Die vind van bankakkommodasie	265
6.7.2	Personeelvoorsiening	266
6.7.3	Die beveiliging van bankpersele	268
6.7.4	Die beveiliging van bates en kosbaarhede	269
6.7.5	Ander take	277
6.8	Verrassende aspekte van die bankkultuur	277

HOOFSTUK 7: EVALUERING	280
BRONNELYS	285
BYLAAG A	307
BYLAAG B	308

LYS VAN ILLUSTRASIES

1.1	'n Voorstelling van die proses van konseptualisering, konkretisering, waarneming en vertolking by argitektuur	13
1.2	Die Galla-model	23
1.3	'n Model van drie kultuurkomponente, hul stoflike en nie-stoflike dimensies, binne verband van die omgewing	25
1.4	Die Burden-model	27
3.1	Die personeelkomponent van Standard Bank	91
3.2	'n Formele uitnodiging na 'n geleentheid waarvoor "Black Tie" voorgeskryf is	120
3.3	'n Uitnodiging na 'n minder formele geleentheid waar 'n donker pak klere vir mans ("dark suit") voorgeskryf is	121
3.4	'n Uitnodiging na 'n formele geleentheid waarvoor "White tie and tails" voorgeskryf is	121
3.5	'n Formele uitnodiging per diplomatieke nota	122
3.6	Die Spyskaart van Hotel Pullen in Vryburg, circa 1891	128
4.1	Die akkommodasiekomponent van Standard Bank	151
4.2	Die voormalige Standard Bankgebou, nou viswinkel, Hofmeyr	154
4.3	'n Alarm in die voorgewel van die voormalige Standard Bankgebou, Hofmeyr	154
5.1	Die Standard Bankgebou in Middelburg, Transvaal in 1903	185
5.2	Die Standard Bankgebou, Middelburg, Transvaal, ná verbouings	187
5.3	Die Standard Bankgebou, Oos-Londen, 1885	187
5.4	Die eerste Standard Bankgebou in Suid-Afrika, Port Elizabeth, circa 1876.	194
5.5	Standard Bank se hoofkantoor in Port Elizabeth, circa 1882, ná verdubbeling daarvan	196
5.6	Standard Bank se Adderleystraattak, circa 1884	197
5.7	Standard Bank se Adderleystraattak, Kaapstad, na die byvoeg van twee verdiepings, circa 1923	198
5.8	Standard Bankgebou op Kerkplein, Pretoria	200
5.9	Die Standard Bankgebou, Kerkplein, Pretoria. Noordfasade	201
5.10	Die Standard Bankgebou, Kerkplein, Pretoria. Wesfasade	201
5.11	'n Kunstenaarsvoorstelling van Standard Bank se eerste besigheidsperseel op Randjeslaagte aan die Rand, 1886	202
5.12	Standard Bank se eerste baksteengebou, in volksboukundige styl, aan die Rand, circa 1887	202

5.13	Standard Bank se Commissionerstraattak in Johannesburg. Die eerste van die "bankpaleise"	203
5.14	Besonderhede van die argitektuur van Standard Bank se gebou in Commissionerstraat, Johannesburg	204
5.15	Noordoostelike ingang van die Standard Bankgebou, Commissioner-straat, Johannesburg	205
5.16	Besonderhede van argitektuur, oosfasade, Standard Bankgebou, Commissionerstraat, Johannesburg	205
5.17	Die Standard Bankgebou op Kerkplein, Pretoria.	208
5.18	Die Standard Bankgebou, Greylingstad, circa 1950	217
5.19	Die Standard Bankgebou in Prins Albert	217
5.20	Die Standard Bankgebou, Maseru, 1913	218
5.21	Die Standard Bankgebou, Malmesbury, 1905	218
5.22	Die Standard Bankgebou, Graaff-Reinet, 1886	223
5.23	Die gebou wat Standard Bank gedurende 1907 in Maseru gebruik het	227
5.24	Die Standard Bankgebou in Middelburg, Kaap, 1883 – 1886	227
5.25	Die Standard Bankgebou in Newcastle, 1905	227
5.26	Die Standard Bankgebou in Graaff-Reinet, 1909	227
5.27	Die Standard Bank se gebou in Wellington, 1913	230
5.28	Besonderhede van Standard Bank, Wellington	230
5.29	Die Standard Bankgebou in Oudtshoorn, 1904	231
5.30	Besonderhede van Standard Bank, Oudtshoorn, se argitektuur	231
5.31	Die Standard Bankgebou, Marquard	234
5.32	Die Standard Bankgebou, Vrede	234
5.33	Die Eduardiaanse fasade van Standard Bankgebou, De Rust	234
5.34	Die Standard Bankgebou, Ladismith, Wes-Kaap	234
5.35	Die Standard Bankgebou in Bloemfontein, 1924	236
5.36	Die Standard Bank agentskap, Rinkstraat, Port Elizabeth	238
6.1	Die bestuur en daaglikse funksionering van Standard Bank	247
6.2	'n Voorstelling van 'n bestuursmodel	252

INLEIDING

Probleemformulering

Standard Bank is geïdentifiseer as die instelling en kultuurskepping wat nou reeds meer as anderhalf eeu direk by die vormingsgebeure van die huidige Suid-Afrika betrokke is. Dit het konflikte en oorloë, siektes, peste en ellendes beleef en was betrokke by pad- en spoorbouprojekte, sentrale en plaaslike regerings, ekonomiese op- en afswaai en die wel en wee van gewone mense. As kultuurinstelling kan Standard Bank dus dien as barometer van die tydsgees oor anderhalf eeu.

Finansiële instellings soos Standard Bank word normaalweg gesien as instansies wat aan die publiek ondersteuning en diens bied ten opsigte van geldsake en finansiële aangeleenthede. Studies oor sulke instellings handel gewoonlik uitsluitlik oor finansiële en ekonomiese aspekte en belangrike kultuurhistoriese aspekte word dikwels oor die hoof gesien. Geeneen van die bestaande bronne oor Standard Bank het aandag gegee aan die belangrike aspekte van simboliek en nie-stoflike aspekte nie en aan die menslike ervarings binne bankverband is baie min aandag gegee. Daar bestaan 'n leemte aan 'n wetenskaplike kultuurhistoriese studie van Standard Bank, as verteenwoordigend van finansiële instellings. Hierdie studie is daarop gemik om daardie leemte te vul.

Die bankbeamptes was van-huis-uit hoofsaaklik Britse persone, werksaam vir 'n Britse instelling binne 'n hoofsaaklik Nederlands/Afrikaanse en plattelandse gemeenskap. Daarom was die botsing van kulturele strukture in hul leef- en werksomgewing 'n daaglikse werklikheid. Nietasbare aspekte van kultuur was 'n belangrike deel van hierdie kultuurverskille. Die aard van verskille in sosiale omgang (grotendeels teweeg gebring deur kultuurverskille, maar ook as gevolg van groot fisiese afstande tussen dorpe/stede/plase, die afwesigheid van openbare vervoer, die stand van paaie, die afwesigheid van geskikte verblyfplek, sowel as bedreigings soos wilde diere en rowers) en die afwesigheid van aspekte van die bekende Britse sosiale strukture, het insgelyks 'n invloed op verskillende aspekte van hul leef- en werksomgewing uitgeoefen. Dit het onvermydelik weer 'n invloed gehad op die wyse waarop die bank in Suid-Afrika bestuur is. Gedurende Standard Bank se verbintenis met Suid-Afrika het die bank se grondliggende oogmerke basies onveranderd gebly, terwyl die dag-tot-dag funksionering daarvan, die bank se personeel en bank-akkommodasie moes aanpas by fisies-geografiese en dinamiese sosiaal-kulturele en politiek-ekonomiese realiteite en eise van die omgewing warbinne die bank moes bestaan en funksioneer.

Die grondliggende probleem is om vas te stel hoe die geografiese, sosiale en kulturele agtergrond (beide tasbaar en nie-tasbare aspekte daarvan) waarbinne die bankpersoneel moes funksioneer, hulle werksaamhede en die bank-etiek beïnvloed het, en tot watter mate dit bygedra het tot die fisiese voorkoms van die bankgeboue.

Die doel van die studie

Die oorkoepelende doel van die studie is om deur die identifisering, bestudering, analisering en kontekstualisering van alle dimensies van kultuurhistoriese komponente van Standard Bank sedert 1862, 'n interpretasie van die bank se kultuur en die belang van die nie-tasbare dimensies daarvan, binne konteks van die omgewing, daar te stel.

Spesifieke doelwitte

Die volgende ondergeskikte doelwitte wat die studie wil bereik, is geïdentifiseer:

- Om 'n agterdoek te verstrek van die fisiese en metafisiese makro-kulturele omgewing waarby die bank by sy ontstaan moes aanpas
- Om aan te toon dat kultuur nie staties is nie en dat Standard Bank se geskiedenis in Suid-Afrika dit bewys deurdat daar deurlopend aanpassings gemaak is
- Om aan te toon dat fisiese kultuurkomponente soos geboue, banktakke, kleredrag, geld en vuurwapens ook 'n onskeibare metafisiese dimensie het
- Om die stylelemente van 'n geselekteerde aantal bankgeboue wat verteenwoordigend van die tipies Suid-Afrikaanse style van die periode is, te ontleed
- Om aan te toon hoe die bank en sy personeel in die uitvoering van hul take geraak is deur die omgewing

Terreinafbakening

Voorafstudie het getoon dat daar tydens die tydperk waaroor die studie handel groot verskille bestaan het tussen banktakke en dat 'n geografiese begrensing belemmerend sou inwerk op 'n sinvolle, holistiese studie van die bank, wat dit as een van sy hoofogmerke gestel het om 'n nasionale bank te word. Die studie is daarom geografies beperk deur die uitsluiting van banksake buite die gebied wat later die Unie van Suid-Afrika sou word, met enkele uitsonderings, waar verwysings na buurstate gemaak is.

Tematies is analisering en beskrywing van finansiële sake, die bank se dienste, winste en verliese vermy, omdat dit beter in 'n ander vakdissipline as kultuurgeskiedenis bestudeer kan word.

Die studie handel oor kultuurkomponente van die bank, met aanduiding van die verskillende dimensies daarvan en die onskeibaarheid van die stoflike (of tasbare) aan die een kant en die

geestelike (metafisiese of nie-tasbare) aan die ander kant. Sosiale en kultuurhistoriese aspekte van die bank, byvoorbeeld reise van beamptes, akkommodasie en bankrowe, word gekontekstualiseer. Spesifieke sake binne Suid-Afrika word as voorbeelde van sekere gebeure voorgehou, soos in die geval van akkommodasie in Kimberley en bankrowe in Beaconsfield, Claremont en Krugersdorp.

As voorbeelde van die argitektuur van die bank se geboue is die vier geboue wat as hoofkantore gebruik is tydens die periode waarvoor hierdie studie handel, gekies vir volledige stylhistoriese analises. Verder is geboue geselekteer wat verskillende argitektuurstyle in Suid-Afrikaanse argitektuur verteenwoordig.

Die studie is beperk tot die tydperk van 1862 tot 1940 omdat die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog aan die einde van 1939 die normale dinamiek van Standard Bank se werking, soos wat dit in 1862 tot stand gekom en daarna ontwikkel het, omver gegooi het. Verbruikersgoedere is gedurende die oorlog gerantsoeneer deur die Suid-Afrikaanse regering en die normale vloei van handelsware en geld is onderbreek. Kommunikasie tussen die bank se onderskeie dele is bemoeilik of verbreek en lede van die bank se personeelkomponent en hul taakuitvoering is ontwrig. Die invloed van die oorlog op die bank kan op sigself 'n uitvoerige studie wees maar die oorlogsjare van 1939 tot 1945 was nie tipies van die normale funksionering van die bank nie. Die invloed van die oorlog het jare ná vredesluiting steeds voortgeduur en daar is besluit om nie die studie tot die tyd na afloop van die oorlog uit te brei nie.

Aanbieding van die stof

Groot dele van die land is deurkruis om Standard Bankgeboue te besoek, te besigtig en te fotografeer. Om al die gegewens wat op hierdie wyse verkry is binne konteks weer te gee, sou 'n fisies onhanteerbare resultaat tot gevolg gehad het. Om slegs foto's weer te gee, sou bloot 'n prentjieboek skep en van weinig wetenskaplike nut wees. Al die inligting is dus nie ingesluit in die studie nie maar het hopelik 'n verbreding in begrip by die skrywer gebring, waarby die studie moontlik baat gevind het. Foto's wat deur die skrywer geneem is, word by sy huis te Domus Serenitas, Victoriabaaiweg, George gehuisves.

Die ander foto's is uitgesoek in die argiewe van Standard Bank in Johannesburg.

'n Model is geskep om die prosesse aan te dui waarvolgens 'n grondplan vir 'n gebou bedink is, die gebou gekonkretiseer is en wat die vertolking van die voltooide gebou deur 'n waarnemer (deur sy eie kulturele filters), weergee (figuur 1.1).

'n Skematiese voorstelling van Amareswar Galla, waarin hy sy teorie ten opsigte van atefakte, sosiofakte en mentalefakte aanbied, is weergegee om die teorie daaragter te verduidelik (figuur 1.2).

Om die drie kultuurkomponente wat die kern van die studie vorm (die personeel, akkommodasie en werking van die bank), weer te gee, is 'n model ontwerp wat beide in geheel en segmenteel ten opsigte van die onderskeie komponente aangewend kan word. Dit toon die verband tussen die verskillende komponente en tussen hul geestelike en stoflike dimensies. Die inwerking van die omgewing op die bank en van die bank op die omgewing word ook daardeur aangetoon (figuur 1.3).

Die Burden-model vorm die grondslag van die analisering en kontekstualisering van kultuurkomponente volgens die kultuurhistoriese metode. 'n Illustrasie van die model is in die eerste hoofstuk gegee as figuur 1.4, met 'n beskrywing van die betekenis en die metode van aanwending daarvan.

'n Eenvoudige organogram is ingesluit om die werking van die bank se bestuur te illustreer (figuur 6.3).

Standard Bank het 'n diskrete, konserwatiewe interne kultuur gehad tydens die tyd waaroor hierdie studie handel. Dit is weerspieël in kleredrag, optrede, besigheid en in taal. Die Victoriaanse Engels wat die bank se amptenare in korrespondensie en verslae gebruik het, is soms nodig om die kultuur van die bank te begryp en is nie altyd vertaal nie.

Bronne

'n In diepte evaluering van die bronne wat vir die studie aangewend is, word in hoofstuk 1 gedoen. In hierdie afdeling word slegs kortliks op enkele algemene aspekte van die bronne gewys.

Die omvattende korrespondensie wat in Standard Bank se Erfenisentrum in Johannesburg in stand gehou word, is 'n bron van byna onuitputlike inligting. Dit is te meer so omdat dit goed geïndekseer is en goed in stand gehou word. Baie van die oorspronklike stukke is handgeskrewe. In die tydperk waaroor die studie gedoen is, het die bank klem gelê op goeie en leesbare handskrifte by beamptes. Tog is daar soms onleesbare dele, dikwels as gevolg van die ouderdom van die papier. Van die ouer dokumente is só broos dat dit nie meer aan die publiek beskikbaar gestel kan word nie. Hierdie primêre bronne was die grootste bron van inligting vir die studie.

Bankgeboue was 'n verdere primêre bron. Die groot getal geboue wat besoek is, tesame met inligting uit korrespondensie oor geboue, het dit moontlik gemaak om 'n insig te kry in wat die

bank se fisiese behoeftes was en hoe die bank daarin probeer voorsien het. Die aspekte soos aantreklikheid, stewigheid en funksionaliteit kan duidelik in die geboue gesien word. So ook die boodskap van standvastigheid wat die geboue moes uitdra.

Gepubliseerde bronne oor die bank was van matige nut, behalwe dié van Terry (1979), wat groot waarde tot die studie toegevoeg het. Terry het herinneringe van oud-bankbeamptes gepubliseer, sowat sewentig jaar nadat dit opgeteken is en op 'n tyd toe die meeste van hulle nie meer geleef het nie. Die bank het nie formeel rekord gehou van sosiale en kultuurhistoriese aspekte van sy werksaamhede nie en Terry is die enigste bron wat inligting hieroor verskaf.

Ander bronne het meestal bestaan uit 'n wye verskeidenheid literatuur in die vorm van boeke en vaktydskrifte. Omdat die studie handel oor 'n tyd wat meer as 75 jaar voor die aanvang van die studie reeds ten einde geloop het, was onderhoude met afgetrede bankpersoneel nie moontlik nie. Mondelinge bronne is dus op beperkte skaal benut. Gelukkig is herinneringe van sulke amptenare opgeteken en kon dit uitvoerig geraadpleeg word.

HOOFSTUK 1:

KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN BRONNESTUDIE

1.1 Konseptualisering

1.1.1 Kultuur

Suid-Afrika is geskiedkundig en kultureel kompleks. Hierdie studie handel grotendeels oor die ingryping van 'n Westerse konsep en Westerse kultuurproduk op die kontinent van Afrika. In die proses word die volgende konsepte en aspekte in diepte ontleed:

- kultuurkomponente (byvoorbeeld argitektuur)
- verbande tussen onderskeie kultuurkomponente (byvoorbeeld tussen argitektuur en kleredrag)
- dimensies van kultuurkomponente (byvoorbeeld tasbare en metafisiese of nie-tasbare dimensies)
- die verbande tussen dimensies van kultuurkomponente
- die omgewing en tyd waarbinne die bank tot stand gekom het en belangrike vormingsgebeure wat daarop ingewerk het
- die ontstaan, groei en algemene bedryf van Standard Bank in Suid-Afrika tussen 1862 en 1940, kultuurhistories geanaliseer, met spesiale verwysing na argitektuur, personeel, dag-tot-dag werking van die Bank, binne die omgewing waarbinne dit ontstaan het en moes funksioneer.

Kultuur bestaan uit verskillende komponente wat in verband staan met mekaar. Elke kultuurkomponent het op sy beurt verskillende dimensies wat onlosmaaklik met mekaar verband hou. Kultuurgeskiedenis as vakwetenskap analiseer die verskillende komponente en dimensies van kultuur en lê verbande tussen komponente onderling en tussen dimensies van komponente. Die verhouding tussen komponente en dimensies word grafies uitgebeeld in die Burden-model (Figuur 1.4). In hierdie studie word Burden se teoretiese benadering toegepas op 'n bestaande geïnstitusionele instelling - Standard Bank - oor die tydperk van 1862 tot 1940.

Die kontekstualisering van komponente van hierdie studie (soos argitektuur) binne die onderskeie relevante tydsgeeste (die geskiedkundige agterdoek) skep die gevaar dat die studie óf te breedvoerig kan ingaan op 'n relevante maar nie-kernaspek van die studie, óf dat dit kan

veralgemeen en dus onvolledig word. Dit was een van die uitdagings van die studie om albei hierdie gevare te vermy en 'n goue middeweg te volg.

Kulturele verskille binne die Suid-Afrikaanse samelewing is nie in die studie geanaliseer nie en word vermeld, maar na oorweging is tot die slotsom gekom dat 'n diepgaande studie oor kultuurbotsing en/of akkulturasie 'n selfstandige studie regverdig, moontlik binne 'n ander vakdissipline, en dat dit nie deel van hierdie studie kan uitmaak nie.

Die Romeinse orator, politikus en filosoof Markus Tullius Cicero (106 - 43 VGE) het voor die geboorte van Christus reeds die term *cultura animi* gebruik, wat verwys het na die kultuur van die gees. In 1952 het die Amerikaanse akademici Kroeber en Kluckhohn reeds meer as 200 definisies van kultuur ontleed (Haviland 1978: 264). Sedertdien het die konsep selfs verder uitgebrei onder invloed van die post-modernistiese denkwyse.

Een van die vroeë beskrywings van kultuur in die moderne tyd is dié van die Britse antropoloog, sir Edward Burnett Tylor. Hy het dit beskryf as:

Culture or civilization, taken in its wide ethnographic sense, is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, customs and many other capabilities acquired by man as a member of society (Tylor 1871, soos aangehaal deur Haviland 1978: 264 en bespreek deur White 1971: xix).

Hierdie definisie van Tylor moet gesien word binne die konteks van die tyd (1871), toe die term "kultuur" gelyk gestel was aan "beskawing" en verwys het na 'n veronderstelde hoër vorm van ontwikkeling by mense. Dit is 'n onaanvaarbare benadering vir hierdie studie maar word weergegee om die verbreding van siening sedertdien aan te dui en ook om aan te dui dat daar anderhalfeeue gelede reeds begrip was vir die feit dat kultuur ook nie-tasbare dimensies het, al was die (verkeerde) aanname dat dit met "beskawing" in verband sou staan.

Haviland maak die stelling dat 'n abstrakte kompleksiteit van elemente (waaronder waardes, gelowe en persepsies van die wêreld - alles metafisiese aspekte) die waarneembare gedrag van groepe van mense ten grondslag lê. Hierdie elemente en die waarneembare gedrag wat daaruit voortvloei, is volgens hom kultuur, as die gedrag vir die groep aanvaarbaar is (1978: 264).

Hierdie beskrywing van kultuur het ook enkele tekortkominge wat dit nie heeltemal toepaslik maak vir die studie nie. Haviland se *caveat* dat dit aanvaarbaar moet wees vir die groep, bring mee dat gedrag wat nie vir die gemeenskap aanvaarbaar is nie (binne die raamwerk van die abstrakte kompleksiteit van abstrakte elemente), nie kultuur is nie. Dit bring ook die vraag na vore oor die metodiek en bepaling van wat aanvaarbaar is en wat nie. Terwyl sekere optredes,

soos kriminaliteit, waarskynlik oor 'n baie breë front terstond as onaanvaarbaar bevind sou word, wys White daarop dat daar baie min optredes behalwe bloedsande is wat universeel afkeer uitlok (1971: 304). Ramphele verwys na 'n gemeenskap tussen Uganda en Kenia waar omstandighedsfaktore sodanig is dat: *[.] parents are even prepared to abandon their children to ensure their own survival* (1996: 213). Tyd speel ook 'n rol en bring verandering in wat gemeenskappe as aanvaarbare gedrag beskou. In verskeie Suid-Afrikaanse hofuitsprake is aangevoer en gedokumenteer dat fisiese tugtiging van vroue ingevolge inheemse reg aanvaarbaar was (Seymour 1960: 96; Olivier 1969: 136). 'n Kommissie van ondersoek onder leiding van dr Mamphela Ramphele het geweld teenoor vroue op die kampus van die Universiteit van Kaapstad in 1991 ondersoek en gevind dat sommige manstudente die mishandeling van vroue beskou het as hul gebruikelike reg (*customary right*) (*The Sunday Times*, 30/10/2016: 20). Dit is waarskynlik nie meer aanvaarbaar nie.

Voorwerpe, soos kuns en werktuie wat uit die kultuur van die gemeenskap voortvloei, word deur Haviland beskryf as waarneembare uitkomst (*observable phenomena*) van daardie kultuur (1978: 264).

Coertse definieer kultuur as:

[.] alles wat deur die mens in sy verskillende volksverbande tot stand gebring is en [dit] vorm die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens. Die natuur en die res van die skepping waarvan die mens as skepsel deel vorm, is die resultaat van die skeppende werksaamheid van die Alskepper. Kultuur is die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens (1961: 31).

Els verbreed die debat oor kultuur deur die omgewing waarbinne kultuur bestaan in verband te bring. Hy maak die stelling: *Kultuur bevat die mens se vermoë om by sy omgewing aan te pas; selfs meer - om sy omgewing te benut* (1971:71).

Kultuur is al beskryf as iets soos 'n diamant wat volmaak geslyp is: daar is 'n oneindige aantal en kombinasies van fasette, van hoeke waarvandaan lig weerkaats word, van indrukke wat dit maak, gemoedstoestande wat dit opwek en situasies waarin dit betekenis het (Dreyer 1987: 1).

Ferreira gee 'n opsomming van die verskuiwing, in die laaste twee tot drie dekades van die twintigste eeu, van die siening van wat kultuur is. Hy maak die stelling:

In die tradisionele Kultuurgeskiedenis is kultuur aan 'het hogere en het schone', dit wil sê die meer verhewe kultuuruitinge soos kuns en wetenskap, gelyk gestel. Deur die moderne, antropologiese kultuurbegrip is die domein van Kultuurgeskiedenis tot alle

menslike aktiwiteite en lewensvorme verbreed. Dit het tot 'n verruiming van die begrip kultuur aanleiding gegee (1997: 117).

Vir die doel van hierdie studie word die begrip van kultuur gebaseer op die sienings van die laaste vier skrywers, naamlik dat kultuur die fisiese en geestelike skeppings van die mens is waardeur hy binne groepsverband aan die een kant die omgewing aanpas en hom tegelykertyd by die omgewing aanpas om aan sy fisiese en geestelike behoeftes te voldoen; dat dit 'n dinamiese proses is wat alle menslike handeling, beide geestelik en fisies, insluit.

1.1.2 Kultuurgeskiedenis

In 'n Engelse opsomming van sy Afrikaanse artikel in *Die Kultuurhistorikus* vat Grobbelaar die essensie van sy siening van Kultuurgeskiedenis kernagtig saam:

Culture can be regarded as the sum total of man's creations in co-existence with his fellow-man. Cultural history is a description of these creations against a broad historical background (1990: 63).

Burden het 'n breër benadering en maak die stelling:

Myns insiens is kultuur 'n skeppingsproses [...] wat voortspruit uit 'n bepaalde menslike behoefte [...] dan is kultuur ook die produk wat geskep word [...] kultuur is wel ook die abstrakte, die konsep, die denksisteem, want 'n konsep of 'n denksisteem is in werklikheid ook 'n produk van die menslike gees wat voortspruit uit 'n behoefte [...]. As kultuur dan die skeppingsproses en die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens is, dan is kultuurgeskiedenis in die wydste sin die studie daarvan (2000: 19).

Burden omskryf dit verder:

Kultuurgeskiedenis maak 'n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat dit geïnspireer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom: dit is 'n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan (2000: 19).

Hierdie kultuurhistoriese studie gaan van die grondslag uit dat kultuur die fisiese en geestelike skeppings van die mens is, soos hierbo aangedui. Kultuurgeskiedenis is die studie van al hierdie menslike aktiwiteite (Ferreira 1997: 117). Om kultuur uit 'n kultuurhistoriese oogpunt te bestudeer en te begryp, word enkele komponente daarvan, onder meer argitektuur, kleredrag en menslike gedrag, binne die groter konteks van die Standard Bank-geskiedenis, in hierdie studie geanaliseer. Elke een van hierdie komponente het verskillende dimensies. Een dimensie is byvoorbeeld tasbaar en 'n ander nie-tasbaar. Normaalweg is die dimensies nie eksak nie: elke kultuurkomponent het 'n kombinasie van dimensies, soos byvoorbeeld 'n bankgebou wat

patrisiër, volksboukundige, eietydse en tradisionele dimensies kan hê. Soos verder in die studie aangedui sal word, is die inagneming van die samehang van dimensies en komponente, dus die verbande tussen die dele, 'n fundamentele benaderingsbeginsel van Kultuurgeskiedenis as wetenskap. Alleen deur kontekstualisering van elke deel binne die groter kultuurhistoriese verband kan die betekenis en waarde van daardie deel, en dus die somtotaal van al die afsonderlike dele, korrek bepaal word.

1.1.3 Argitektuur

Volgens die Duitse argitek Ludwig Mies van der Rohe het argitektuur begin toe twee bakstene goed aanmekaar gesit is (Glancey 2006: 17). Van der Rohe het waarskynlik nie probeer om tegnies korrek te wees nie. Ander boumateriale as bakstene word baie lank reeds gebruik en sy stelling laat 'n groot leemte ten opsigte van volksboukuns, maar dit dui beide die eenvoud van die aanvangsproses van argitektuur en die lang geskiedenis daarvan aan.

Kuijers beskryf argitektuur as: *Die kuns van vormgegewe ruimte* (Kuijers 1980: 76). Glancey wys op die belang van argitektuur as uiting van die mens se skeppingsdrang en 'n viering van menslike kunstigheid en verbeelding (2000: 17). Hy haal Mies van der Rohe verder aan wat argitektuur beskryf het as: *the will of the epoch translated into space* (2000: 18).

Gympel gee erkenning aan menslike behoeftes wat by argitektuur betrokke is. Met verwysing na vroeë argitektuur in Egipte maak sy die stelling: *[.] the primary aim of architecture was to fulfill the basic human need for security.*

Maar, vervolg sy:

[.] spiritual and intellectual needs also have a role to play when it comes to building. 'The four walls and a roof over his/her head' separate a human being from the surrounding environment and in doing so create something of individual human proportions. Buildings also change the external environment in which they stand [.] (1996: 6).

'n Goeie voorbeeld hiervan is die feit dat mense die natuur verander deur dorpe of stede te bou en dan self beïnvloed word deur die nuwe omgewing wat hulle so geskep het.

Ruben en Soleri gee 'n beskrywing van argitektuur binne geskiedkundige en kulturele verband wat beklemtoon dat argitektuur ook 'n nie-tasbare dimensie het. Dit is van direkte belang vir hierdie studie. Hulle skryf:

Human history is fundamentally a saga of the manipulation of the physical world to produce myriad forms, small and large, private and public, lasting and ephemeral, humble and flamboyant, functional and symbolic. Those physical things make up man's environment where his children learn about normal behavior, peer-grooming,

respectability and so on. Man molds himself by molding the physical environ, and his matrix fits closely with this physical matrix he inherits, and the one he himself is altering through his own existence (Ruben en Soleri 1987: 214).

Volgens Ruben en Soleri is argitektuur dus 'n goeie voorbeeld van ingrypning deur die mens in die fisiese omgewing. Dit vergestalt onder meer die sielkundige en geestelike aspekte van die mens se bewussyn binne verband van sosiale en kulturele gedrag en binne 'n bepaalde tydkonteks. Argitektuur, in die wydste sin van die woord, is volgens hierdie skrywers nie net skuiling nie maar is ook boodskap- en inligtingsoordrag (Ruben en Soleri 1987: 214).

Rubin en Soleri voer verder aan dat die meeste inligting wat deur die mens vertolk word nie in woordelike of skriftelike formaat na hom/haar kom nie maar deur middel van nie-tasbare dinge soos reuk, smaak, klank, liginval, en ligging. Dan maak hulle die toepaslike stelling:

As the liquid medium of water goes unnoticed by the fish, although it is responsible for its morphology and its existence, so it is for the information envelope which invests and makes man from his ancestral childhood (1987: 216, 219).

Met ander woorde, hierdie skrywers voer aan dat die meeste mense nie bewus is van die feit dat hulle hul waarnemings vertolk in terme van hul eie kulturele agtergrond, persoonlike opvoeding en leefervarings nie (Ruben & Soleri 1987: 216).

Boodskappe wat deur argitektuur oorgedra word, kan dus verskillend deur verskillende mense vertolk word as gevolg van hierdie kulturele en persoonlike filters. Dit geskied sonder dat die mens daarop bedag is dat hy/sy so 'n boodskap deur sulke filters ontvang en op hy/sy eiesoortige manier vertolk. In baie gevalle gebeur dit waarskynlik ook sonder dat 'n persoon besef dat mense van 'n ander kulturele agtergrond 'n ander interpretasie aan dieselfde gebou mag gee en dat geen interpretasie "verkeerd" is nie. Hierin lê die wortel van die problematiek van interkulturele kommunikasie.

Omdat argitektuur oor tyd verander, nie alleen wat betref tegniese vaardighede en boumateriale nie, maar ook omdat geestelike dimensies daaragter verander, het sir Banister Fletcher dit beskryf as 'n rekord van menslike behoeftes en tegniese vermoëns oor eeue (1959: voorste teenblad). Glancey maak die stelling; *[.] an architectural interpretation of history is [.] as good as any other* (2006: 18). Die nie-tasbare dimensies van die skeppingsproses in argitektuur (die behoeftes en strewes onderliggend aan die beplanning, konseptualisering en "be-dink of uit-dink" daarvan), verander met tyd en is 'n onafskeidbare deel van die proses. Nietzsche bevestig dat enige beskrywing van die mens vir 'n baie kort tyd geldig is omdat die mens sy omgewing voortdurend verander (Van Bergh ea 1986: 238).

Argitektuur, soos ander kultuurskeppings, word ook beïnvloed deur omgewingsfaktore. Sanders maak die stelling: *[.] architecture resonated from a spirit that was fed by the environment and culture of a place and was channeled through the intuitive skills of the designer* (2005: 320). Die eeue-oue Griekse mite van Prometheus handel daaroor dat Prometheus vir Zeus oortuig het van die nodigheid daarvan om die mens in 'n voortdurende staat van verandering te laat verkeer. Arnold J Toynbee stel dit so: *Prometheus [...] persuades him of the need to allow Mankind's perpetual development* (1979: 131).

Die Griekse mite word nie hier weergegee as wetenskaplike bron nie maar as 'n aanduiding van 'n bewustheid by en aanvaarding deur die mens, reeds in die tyd van die Griekse beskawing, van sy voortdurende verandering. Die gebruik van die mite (wat op sigself 'n kultuurkomponent is) as bron, vind aansluiting by Toynbee, wat mites beskryf as 'n nuttige instrument, 'n uitbeelding van menslike denke en 'n aanduiding van die mens se vertolking en rasionalisering van sy leefwêreld. In dié verband skryf hy onder meer: *By the light of mythology we have gained some insight into the nature of challenges and responses* (Toynbee 1971: 89).

Met hierdie veranderinge en die verandering van regimes het daar waarneembare argitektoniese stylverskille ontstaan. Die Gotiese styl is byvoorbeeld deur die Romaanse stylperiode voorafgegaan en is deur die veranderinge tydens die Renaissance vervang.

Alle geboue opgerig tydens een stylperiode is uiteraard nie eenvormig nie. Geboue kan ook eklekties van aard wees en stylelemente van verskillende argitektuurstyle bevat.

Argitektuur word in hierdie studie kultuurhistories geanaliseer as 'n kultuurproduk. Beide die fisiese en metafisiese dimensies wat 'n rol speel in die skepping daarvan, en die metafisiese boodskap wat die voltooide gebou uitdra, is van sentrale belang vir die studie. In die studie word ook 'n onderskeid getref tussen die skeppingsproses van argitektuur en die waarneming- en vertolkingsproses.



Figuur 1.1: 'n Voorstelling van die proses van konseptualisering, konkretisering, waarneming en vertolking by argitektuur (IP de Swardt, 2016).

Beskrywing

Die model (figuur 1.1) beeld die konseptualisering van 'n gebou, die konkretisering, waarneming en vertolking daarvan uit.

Die mens (1), wat tot beide fisiese en geestelike funksies in staat is, tree op binne 'n kulturele verband, 'n natuurlike en 'n bo-natuurlike konteks soos voorgestel deur die gekleurde sirkels. Hy konseptualiseer 'n gebou en beeld daardie konsep met fisiese handelinge in simboliese tekeninge op papier en/of elektronies uit. In hierdie geestesaksie speel die konseptualiseerder se kulturele verbondenheid 'n rol, omdat hy as mens optree, in die woorde van Haviland, as 'n lid van 'n menslike samelewing waar sy optrede en skeppings binne 'n breë raamwerk van groepsnorme gevorm is en waarbinne sy skeppings aanvaarbaar moet wees (1982: 27), soos hierbo aangehaal.

Die gebou self (2) word fisies daargestel aan die hand van die simboliese uitbeelding van die konsep. Wanneer die gebou fisies opgerig is, tree die waarneming- en vertolkingsproses van die mens se kant in werking (3).

Die waarnemer neem fisiese en metafisiese aspekte van die gebou waar. Hy/sy neem kennis van die kleur, grootte, hoogte, voorkoms en ander fisiese aspekte maar kan ook metafisiese aspekte waarneem, soos of die gebou patrisiër- of volksboukundig van aard is, of dit eietyds in ontwerp of meer tradisioneel is.

Deur te kyk na die gebou, kry die waarnemer 'n boodskap wat vertolk word. Die vertolking hang ten nouste saam met veral die kulturele maar ook met die natuurlike en bo-natuurlike konteks waarbinne die waarnemer staan. Die vertolking lei die waarnemer onder meer tot 'n sienswyse oor die estetiese eienskappe van die gebou: of dit vir die waarnemer persoonlik "mooi" of nie

"mooi" is nie, maar ook ander vertolkings, soos of die waarnemer dit sien as indrukwekkend en rotsvas, en of dit vertrouwe inboesem. Aspekte van die vertolking of die indrukke wat by die waarnemer gevorm word, geskied onbewustelik. Hierdie vertolkingsproses ten opsigte van geboue is van belang vir die studie.

Daar is ook 'n filosofiese benadering tot argitektuur en strukture en veral die werk van die Duitse filosoof Martin Heidegger is relevant vir hierdie studie. Heidegger was vanaf die eerste helfte van die 20ste eeu dié leidende eksistensialistiese filosoof van Duitsland en Europa. Hy sien die menslike bestaan as 'n ontwerp, ingedring in die wêreld, waardeur dit in 'n omgewing bestaan wat die menslike bestaan nie gekies, uitgesoek of die fisiese eienskappe van bepaal het nie maar waardeur dit moet gaan, op pad na 'n onseker toekoms. Die mens moet binne daardie fisiese omstandighede betekenis gee aan sy bestaan en so word sy omgewing, met insluiting van sy woonplek, vormgewend in sy bestaan. Dit bring 'n verband tussen 'n gebou waarin 'n mens bestaan en menslike denke. Uiteraard is daar 'n verskil tussen die invloed van 'n gebou waarin 'n mens 'n betekenisvolle deel van sy/haar lewe deurbring, waarin *geleef word* deur die persoon, en blote besoek of selfs besetting van 'n gebou. In die geval van bewoning, (wat nie noodwendig bewoon in die sin van slaap en kos maak, behels nie), kan die struktuur 'n mens vorm, tot so 'n mate dat die struktuur, volgens Heidegger, deur die mens kan "praat en dink". Wie nie daar tuis was en nooit daar gewoon en gewerk het nie, sou nie dieselfde gedagtes kon dink as 'n persoon wat wel daar gewoon het nie (Sharr 2006: 4 - 16, en verder).

Aspekte van die argitektuur van Standard Bank se geboue is van die begin van elke bouprojek en tydens die verloop van die oprigtingsproses uitvoerig in korrespondensie met die bank se raad van direkteure in Londen bespreek. Die raad van direkteure het 'n belangrike Britse en Europese invloed uitgeoefen en was gesteld daarop dat die bank se geboue nie as blote funksionele strukture moes vertoon nie, maar dat sorgvuldig beplan moes word om die geboue 'n sekere metafisiese beeld te laat uitdra. Dit moes 'n sekere *atmosfeer* skep. Saam met ander aspekte van die bank, soos personeel se optrede en kleredrag, was dit deel van die korporatiewe kultuur wat doelbewus gevorm is en aan bankpersoneel oorgedra is deur omsendbriewe, personeelbeoordelings, in-diens-opleiding en die voorbeeld van senior personeel. Werknemers van die bank het daardeur die sogenaamde *imprinting* van 'n sekere patroon van gedrag en optrede ondergaan.

Op grond van figuur 1.1 sou die afleiding gemaak kon word dat geboue wat ontwerp is deur 'n ontwerper wat tot dieselfde kultuurgroep behoort as die waarnemer/vertolker algemene aanvaarding en goedkeuring sou wegdra. Die rol van individualiteit en die kompleksiteit van kuns, van die skeppingsproses en van die komplekse interaksie tussen die individu en groepsdruk sou deur so 'n aanname oorvereenvoudig word.

'n Onomskrewe maar onteenseglike metafisiese faktor in die argitektuur van bankgeboue in Suid-Afrika in die tydperk wat bestudeer is, was 'n onderliggende aanvaarding dat geboue wat aan klassieke Europese beskawings herinner het en wat Brits was, "beter" was as iets uit die plaaslike bodem of enige ander Britse kolonie. JC Steyn verwys na 'n analogie in die situasie toe Latyn deur Grieks verdring is in die antieke geskiedenis. *Die Grieke en die Romeine het die Griekse beskawing as superieur beskou. 'n Romein wat as "beskaaf" wou deurgaan, het Grieks geleer, gepraat en geskryf* (1982: 41). Standard Bank het in 1877 in korrespondensie met Londen aangedui dat geglo word die Transvaal sou binnekort *British superiority* erken. CJ Langenhoven (1873 - 1932) is bekend vir sy humoristiese gespot oor Afrikaanssprekendes wat *meer Brits as die Britte* wou wees, ondanks grammatikale tekortkominge en woordeskatsbeperkings, en CP Hoogenhout (1843 - 1922) het die frustrasie met kulturele imperialisme uitgedruk met 'n uitroep: *Engels, Engels, alles Engels*. Geen geboue van Standard Bank is volksboukundig nie. Waar sulke geboue noodgedwonge gebruik moes word, is hulle gewoonlik tydelik gehuur. Bankgeboue in die Kaaps-Hollandse Herlewingsstyl is wel by geleentheid deur die bank besit. Heidegger se denkwys in verband met die verhouding tussen mens en woning is relevant, onder meer omdat die bank daarna gestreef het om sy personeel so produktief moontlik te maak en sy kliënte so gelukkig en tevrede moontlik, soos verder in die studie aangedui sal word. Kliënte moes ook beïndruk word deur die voorkoms van die bank se geboue: die bankgeboue moes 'n fisiese *teenwoordigheid* hê en die bank se filosofie verteenwoordig. Dieselfde het gegeld ten opsigte van die behuising wat vir bankbestuurders van Standard Bank voorsien is.

Later in die studie sal aangedui word dat takbestuurders, as hoofverteenwoordigers van die bank in hul onderskeie gemeenskappe, bevoordeel is deur die weerkaatste glans van statusvolle behuising maar dat dit nie gedurende die tydperk wat deur die studie gedek word vir ander personeel gegeld het nie.

Met die voorafgaande as agtergrond, kan argitektuur beskryf word as 'n menslike handeling, onder invloed van geestelike faktore, om ruimte in te sluit en sinvol aan te wend om in bepaalde behoeftes, beide fisies en geestelik, op 'n spesifieke tyd te voorsien. Argitektuur het nie net 'n sigbare, fisiese dimensie nie maar ook 'n metafisiese dimensie, wat vertolking moontlik maak en betekenis aan die mens wat dit bewoon se bestaan gee. In die geval van Standard Bank is daar by die oprig van geboue daarna gestreef om hierdie nie-tasbare dimensie aan te wend om 'n sekere boodskap van die bank deur die argitektuur te laat uitdra.

Suid-Afrikaanse argitektuur

Suid-Afrika is demografies, polities, ekonomies en kultureel een van die wêreld se komplekse lande. Die argitektuur van Suid-Afrika is 'n weerspieëling van hierdie ryke bevolkings- en kulturele verskeidenheid. Wanneer daar oor die totstandkoming van argitektuur in Suid-Afrika en die aard daarvan besin word, moet die volgende faktore in oorweging geneem word:

- In die prekoloniale era was die inwoners van die suid-westelike deel van Afrika hoofsaaklik nomadiese boere of jagter-versamelaars en hulle het die minimum versteuring van die omgewing teweeggebring in die vervulling van hul lewensbehoeftes.
- Hierdie vroeë inwoners se lewenstyl en kultuur het nie 'n behoefte geskep aan openbare geboue, hospitale, opleidingsinstansies, hofsale en strukture soos paaie vir voertuie, treinstasies en brûe nie.
- Ná die beeëindiging van die 80-jarige oorlog tussen Nederland en Spanje (met die Vrede van Westfalia in 1648) het Nederland die handel met die Verre Ooste sowel as handel tussen Europese moondhede oorheers. Die land het verrykende invloede van ander kulture ervaar en ervaring opgedoen van interkulturele samewerking. Geskoolde werkers en handelaars het na 1648 van oral oor Europa na die noordelike deel van die Lae Lande getrek en bygedra tot die ontwikkeling en ekonomiese groei daar (Roberts 1993: 443). Op die gebiede van handel, wetenskap en kuns was Nederland in die 17de eeu reeds 'n wêreldleier en in die 18de eeu is Nederland sterk beïnvloed deur die Verligting (Roberts 1993: 545). Mettertyd het ook internasionaal-toonaangewende wetenskaplikes soos Linneaus van oor die hele Europa na Nederlandse universiteite gegaan om te studeer (De Vos 1972: 648). Hierdie aspekte en tydgees het 'n direkte uitwerking gehad op die Kompanjie en die mense wat hulle aan die Kaap kom vestig het. Die kontras tussen hul Europese ekonomiese, filosofiese, wetenskaplike, staatsregtelike en sosiaal-politieke benaderings en dié van die mense van Afrika wat hulle teëgekom het, was groot. Nuwe eise is deur die weer van Suidelike Afrika aan Europese inkomelinge gestel.
- In groot dele van die binneland was boumateriale en tegniese kennis nie geredelik beskikbaar nie.
- Die vervoer van boumateriale, voedsel en personeel is bemoeilik deur groot afstande en moeilike topografie.
- Immigrante van verskillende Europese lande sowel as van Maleisië en Indië het kulturele invloede op Suid-Afrika uitgeoefen.
- Suid-Afrika se geskiedenis van Westerse boukuns is te jonk om van die boustyle van die pre-Renaissance-era in te sluit.
- Ten opsigte van die Westerse boukuns was daar fases van stylherlewing in Suid-Afrika tussen 1806 en die 1850's, toe na stylsuiwerheid gestreef is; van die 1850's tot 1910, toe

daar 'n tydperk van vryer styleklektisisme was; en die Eduardiaanse era gedurende die vroeë 20ste eeu, waartydens die Barok herleef het in Eduardiaanse gedaante. Dit staan bekend as Eduardiaanse Barok.

- Boustyle in ander dele van die wêreld het altyd 'n invloed gehad op Suid-Afrikaanse argitektuur en was die plaaslike uitvoering daarvan verskillend van die oorspronklike.

1.1.4 Die bankwese

In vroeë tye het mense van ruilhandel gebruik gemaak om te voorsien in die behoeftes waarin hulle nie self kon voorsien nie. Dit was egter 'n lomp stelsel. Omdat die mens in staat is om waarde aan simbole te heg, is simboliese betaalmiddele mettertyd aangewend om sekere waardes te weerspieël.

Haviland maak die onverifieerbare stelling dat *die meeste antropoloë saamstem* dat menslike vooruitgang gedefinieer kan word in terme van ses hoof karaktertrekke: skrif, monumentale argitektuur, belasting, wetenskap, kuns en handel (1978: 247 - 249).

Skrif het voor 3 000 vC in Mesopotamië bestaan uit tekeninge wat gebeurde of dade uitgebeeld het, met ander woorde, uitbeeldings op klip, been, skulp of ander media. Dit was meestal uitbeeldings van diere wat gejag is, gevegte wat geveg is, konings of leiers, dus 'n *prentjie-weergawe* van werklike gebeurde. Dit word algemeen beskryf as piktogramme (1978: 249). Oor duisende jare het skrif egter ontwikkel tot waar dit nie meer 'n prentjie-uitbeelding van iets of iemand is nie maar 'n simboliese weergawe van gebeurde en geestelike prosesse. Hierdie ontwikkeling sou ook in betalings en in die bankwese 'n belangrike rol speel, toe simboliese waardes die plek geneem het van fisiese waardes soos die gewig aan goud en silwer.

In Europa het die val van die Romeinse Ryk, die Christelike kruistogte, ontdekkingsreise en uitgebreide handel 'n geld-gefundeerde ekonomie tot gevolg gehad. Dit het gelei tot die ontstaan van banke, aanvanklik veral in Italië (Ergang 1967: 133).

Beide geld en die bankwese word omgeef en beïnvloed deur simboliese, metafisiese betekenisse. Geld as sodanig het, met uitsonderings, simboliese maar feitlik geen intrinsieke waarde nie. Die bankwese handel met hierdie simboliese voorwerpe en die hele stelsel van boekhouding van geld, krediete en debiete berus op skrif, 'n simboliese betekenisgewing. Handtekeninge, wat 'n eienaar of gevolmagtigde simboliseer, dra gewig en in die bankwese van die 19de en vroeë 20ste eeu het selfs die kleur van rooi of swart ink 'n simboliese betekenis gehad.

Banke in Europa het aanvanklik net met die wisseling van geld gewerk (Ergang 1967: 134), maar hul funksies het mettertyd baie verbreed. Hulle het met verloop van tyd ook krediet geskep

en finansiële hulp verleen deur simbole soos krediet- en skuldbriewe. Met die koms van die digitale era het meer dienste en meer vorme van waarde-oordrag moontlik geword. Hoewel hierdie aspekte van bankwese dikwels die eerste is wat by die noem van bankwese in gedagte kom, sal dit vermy word in hierdie studie, wat op die menslike en nie op die geldelike aspekte nie, van die bankwese gerig is.

Die stelling kan gemaak word dat die bankwese in 'n groot mate op simboliek en ander metafisiese aspekte gebou is.

Benewens die simboliese aard van geld, geldwissels, tjeks ensovoorts, is een van die fundamentele grondslae van die bankwese vertroue. Banke hou nie elke kliënt se belegging in veilige bewaring vir onmiddellike oorhandiging wanneer die kliënt dit opvra nie maar wend die geld aan om aan ander te leen, projekte te finansier en vir ander aktiwiteite, volgens prosesse wat nie vir hierdie studie van belang is nie. Wanneer vertroue in 'n bank verloor word, is daar 'n stormloop en eis kliënte dadelik hul geld op ('n sogenaamde *run on the bank*): geld wat die bank nie voor hande het nie. Gedurende 'n onderhoud met 'n voormalige hoof van 'n Suid-Afrikaanse bank het hy bevestig dat vertroue die lewensbloed van enige bank is en dat geen bank daarsonder kan funksioneer nie (Krige 2010: onderhoud).

1.2 Metodologie

1.2.1 Metode van navorsing

Verskillende metodes van navorsing is vir die studie gebruik.

Daar is min informante wat eerstehandse inligting oor die tydperk van ondersoek kan verskaf, maar oor aspekte van die bankwese in die algemeen is wel onderhoude gevoer. Opgetekende herinneringe van bankbeamptes is gevind en bestudeer. 'n Uiteensetting volg verder in hierdie hoofstuk.

Die voor die hand liggende metode van navorsing was die bestudering van primêre dokumente in Standard Bank se besit, die aanvulling van inligting deur bestudering van geboue en die fynkam van sekondêre, gedrukte bronne, openbare media en elektroniese argiewe.

Primêre bronne van groot kultuurhistoriese waarde is goedgegunstlik deur Standard Bank se Erfenissentrum beskikbaar gestel en stelselmatig deurgewerk. Bankgeboue is gesien as 'n primêre bron en is oor 'n groot deel van Suid-Afrika fisies besoek, argitektonies ontleed, gefotografeer en beskryf. Nuusberigte oor gebeure in neëntiende- en vroeg twintigste-eeuse plattelandse en ander koerante was van beperkte nut. Elektroniese bronne is minimaal benut.

Die volgende aspekte van die bank word in hierdie studie geanaliseer:

- die personeelkomponent (mense wat in die bank gewerk en daarin of daar naby gewoon het)
- die huisvesting van die bank (insluitende argitektuurstyle)
- metafisiese dimensies van die bank se kultuurkomponente
- die werking van die bank as instelling met die menslike interaksie van personeel en kliënte, volgens die toepaslike wette, bank- en ander voorskrifte en met inagneming van omgewingsbedreigings en ander omgewingsfaktore, (waarna samevattend verwys word as die dag-tot-dag funksionering van die bank)
- die aanwending van tegnologie
- die rol van die omgewing

'n Uitvoerige analise van die bank se finansiële dienste, beleide en produkte in dié verband val binne ander vakdissippines en vorm nie deel van hierdie studie nie.

Stoflike dimensies van die personeelkomponent wat nagevors is, hou verband met die afstande wat personeel moes reis na banktakke, personeel se behoeftes aan voedsel, woonplek en klerasie. Nie-stoflike dimensies van die personeelkomponent hou verband met die beeld wat personeel uitgedra het deur goeie diens, hoflikheid, hulpvaardigheid, ingeligtheid en aspekte soos voorkoms en algemene gedrag.

Stoflike dimensies van die gebouekomponent sluit in die geboue self, meubelment en werktuie soos brandkaste (*safes*) en kluisse (*strong rooms*). Nie-stoflike dimensies van hierdie kultuurkomponent sluit beplanning ten opsigte van die opening van banktakke en die bekom van persele en akkommodasie vir die doel in, asook die beplanning van nuwe geboue. Belangrike nie-stoflike aspekte was die identifisering van behoeftes, die konseptualisering van die gebou en die beeld of boodskap wat die voorkoms en die ligging, sowel as die gebruikersvriendelikheid van bankgeboue, sou uitdra. Dit sluit ook die abstrakte simboliek van mag en welvaart in.

Stoflike dimensies van die Bank se dag-tot-dag funksionering hou verband met aspekte soos fisiese beveiliging, die tel, vervoer en hantering van geld, die skrywe en kopiëring van korrespondensie en die doen van boekinskrywings. Nie-stoflike dimensies van hierdie komponent hou verband met die simboliese betekenis van geld in die vorm van banknote en munte, skuldbriewe en bankwissels, die belang van handtekeninge en die voortdurende beplanning om veiligheidsrisiko's en verliese te voorkom.

Die bestuur van die bank het 'n kernrol gespeel in die bepaling van sy taak en missie, sowel as die stel van standarde en die dag-tot-dag uitvoering van die bank se taak. In verskeie gevalle

het die daarstelling van 'n banktak begin met 'n opmerking in 'n bankinspekteur se verslag aan die bank se Suid-Afrikaanse hoofbestuur. Dit is gewoonlik opgevolg deur verdere verslae, kommentaar deur takbestuurders, navorsing deur die Suid-Afrikaanse hoofkantoor, besprekings, berekeninge, beplanning en begroting. Na verdere beplanning en die teken van argiteksplanne en werktekeninge, het die gebou fisies gestalte gekry. Die meeste primêre bronne in hierdie verband is in Standard Bank se argiewe in Johannesburg, waar dit uitvoerig nagevors is.

Standard Bank het teen 1900 reeds 'n honderd takke in Suid-Afrika gehad. Oorweging is geskenk aan 'n kwantitatiewe benadering ten opsigte van navorsing vir die studie. Floud is van mening dat 'n kwantitatiewe benadering van groot nut in die sosiale wetenskappe is, selfs al raak dit nie alle aspekte van 'n studie nie. Dié aspekte wat wél kwantitatief meetbaar is, kan, volgens Floud, juis help om die onmeetbares te belig (1979: 3). Sorgvuldige analisering het gelei tot die slotsom dat 'n kwantitatiewe benadering tot die studie nie begrip oor die bank se kultuur sal bevorder nie. Die doel van die studie is om kultuurhistoriese aspekte in 'n finansiële instelling te analiseer en nie om die geldelike aspekte van die instelling (waar kwantitatiewe ontleding onontbeerlik sou wees) te analiseer nie. Die aantal personele in diens is hoogstens 'n aanduiding van die omvang van 'n betrokke tak se werksaamhede en die aantal takke is slegs insiggewend as aanduiding van die wye omvang van die bank se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse gemeenskap en geskiedenis.

Die voorkoms van sy geboue was vir die bank van groot belang. Die klassifisering van geboue as "mooi" of esteties onaanvaarbaar word egter in die studie vermy omdat die twee begrippe subjektief en onwetenskaplik is. 'n Latynse gesegde lui: *De gustibus non est disputandum*: oor smaak kan daar nie debat gevoer word nie. Een standaard van estetika is die "Goue verhouding", ook bekend as die Fibonacci-formule, die *Golden proportion*, *Golden mean* of die *Golden section*. In Latyn was dit bekend as *sectio aurea*. Hierdie formule bring 'n spesifieke verhouding tussen elemente van 'n voorwerp mee en kom onder meer in die natuur, in matesis, in musiek en in die menslike liggaam voor (Panovan 1999: 316). Dit word in die Weste vir meer as 10 000 jaar reeds beskou as esteties strelend vir die mens en is onder meer deur Pythagoras, Leonardo van Pisa, sir Arthur Wren, Le Corbusier en Salvador Dali aangewend om esteties strelende ontwerpe daar te stel (Van Bergh en ander 1986: 328). Sedert die twintigste eeu word daarna verwys as "phi". Le Corbusier, wat geglo het in die matematiese orde van die heelal, het die Goue verhouding volgens Panovan beskryf as:

[.] *rhythms apparent to the eye and clear in their relationship with one another. These rhythms are at the very root of human activities. They resound in man by an organic*

inevitability, the same fine inevitability which causes the tracing of the Golden section by children, old men, savages and the learned (Panovan 1999: 316).

Die aanwending van hierdie formule ten einde estetiese integriteit by 'n gebou te verhoog, het beteken dat 'n nie-stoflike gedagte/formule (waardeur stoflike materiaal in 'n bepaalde fisiese verhouding tot mekaar geplaas, gerangskik of gebou word), word doelbewus aangewend om 'n nie-stoflike aspek (estetiese streling) van 'n kultuurkomponent te verhoog. Praktiese oorwegings maak dit ongelukkig onmoontlik om elemente van die bank se argitektuur fisies aan hierdie standaard te meet maar dit word in ag geneem en geanaliseer waar dit moontlik is om dit van bouplanne of uit ander bronne te verkry.

Fisiese en ook metafisiese komponente is deel van die bankwese, soos die mens *[.] wat deur daardie wêreld gevorm word, maar tegelykertyd] dit vorm* (Dreyer 1987: 1). Deur hul *deel wees* (*erleben*) van Standard Bank se korporatiewe kultuur was bankpersoneel se lewens anders as ander individue s'n. Om dié rede neem die studie kennis van die gedagterigtings van Marc, Lucien Febre, Fernand Braudel en ander aangaande die bestaan en bestudering van menslike groepe en hul *mentalité*, soos gesien deur die Franse *Annale*-skool van geskiedenis (Burke 1990: 128).

1.2.2 Metodologie van die studie

Metodologie, skryf Kaplan en Manners:

[.] in its most precise sense – i.e., as it is used by philosophers of science - is concerned with the form or logic of scientific enquiry. Thus, methodological issues and problems are usually not confined to a single discipline, but may be seen in the context of groups of related disciplines [.] (1972: 32 - 33).

Hierdie siening is van toepassing op die onderhawige studie, aangesien die metodologie hier juis in die konteks van 'n groep verwante dissiplines toegepas word.


Antropologie is 'n sosiale wetenskap wat op die gebied van kultuur beweeg en hierdie studie neem kennis van daardie wetenskap se benadering en metodiek. Die antropoloog William Haviland voer aan dat die sosiale wetenskappe die mens in sy groepe bestudeer maar ook die interaksie tussen individue en groepe. Hy beskryf kultuur, uit 'n antropologiese oogpunt, as:

[.] not the actual observable behaviour of a group of people, but an abstraction derived from it. Culture is a set of rules or standards which, when acted upon by the members of a society, produces behaviour that falls within a range of variance the members consider proper and acceptable (1978: 264).

Münch & Smelser dui aan dat daar eens 'n mening was dat kultuur voortgesit is deur die elite van 'n groep of gemeenskap. Hierdie benadering is mettertyd vervang met die breër benadering dat kultuur veel meer as 'n stel reëls en idees is en dat dit nie slegs deur die elite voortgedra word nie maar inklusief en algemeen is (Münch & Smelser 1992: 4).

In die geval van Standard Bank is die korporatiewe kultuur van die groep in 'n groot mate gevorm deur 'n stel reëls en voorskrifte soos deur die bestuur geformuleer - binne die eise, verwagtings en beperkings van die groter omgewing, die gemeenskap en die samelewing. Dit is in teenstelling met wat Münch & Smelser as antropologie se siening van kultuur beskryf. Die vraag hierbo oor die konsensus oor waardes is egter wel geldig en dui die verskil aan tussen die kultuur van 'n gemeenskap of groep, en korporatiewe kultuur, waar daar 'n mindere of meerdere mate van sentrale bestuur is.

Die skrywer Amareswar Galla verwys in 'n skrywe (2002: 63) na 'n benadering in die vakdissipline geografie wat daarop neerkom dat kultuur 'n drie-vlakkige konsep is en bestaan uit *artifacts*, *sociofacts* en *mentifacts*. Die eerste vlak, artefakte, beskryf hy as gereedskap en ander fisiese uitdrukkings van menslike oorlewing, skulping en vervaardiging. Die tweede vlak van kultuur bestaan, volgens Galla, uit sogenaamde sosiofakte, soos instellings wat 'n gemeenskap saambind en religieuse instansies (nie gelowe nie). Volgens hom is dit waar die onderskeid tussen individue en groepe moeilik raak en waar die beskerming van lewende kultuur relevant raak, in die sin dat altyd-veranderende groepsdenke by instellings, maatstawwe vir gedrag en groepsdruk 'n uitwerking op die individu het. Die derde vlak noem hy mentale-fakte (*Mentifacts*). Dit is volgens hom nie-materiële aspekte van kultuur, wat moeilik meetbaar is, met insluiting van dinge soos wêreldbeskouing en waardes soos dit tot uiting kom in kuns, literatuur, taal, religie en nasionalisme. Galla se model ter uitbeelding van sy benadering verskyn hierby as figuur 1.2.



Figuur 1.2: Galla-Model (Galla 2002)

By Standard Bank kan voorbeelde van elkeen van hierdie vlakke aangetoon word en van Galla se benadering is kennis geneem in die studie. Galla grond egter sy model op [...] *the assumption that heritage has both intangible (bottom section of the diagram) and tangible (top section of the diagram) components*, maar dui nie aan dat van die sogenaamde *tangibles* in die boonste deel van sy model – soos *sites*, *battlefields*, *furniture*, *ceramics* – ook *nie-stoflike* dimensies kan hê nie. Hy maak 'n onderskeid tussen beweegbare (*movable*) en nie-beweegbare (*immovable*) artefakte, maar maak 'n verdere fout deur beweegbare artefakte as binneshuis en onbeweegbare artefakte as buitenshuis te klassifiseer. Hy maak die algemene stelling dat geboue onbeweeglik is. Dit is nie 'n algemene ongeldige siening nie maar moderne tegnologie maak dit tog moontlik om sekere tipes geboue fisies te verskuif. Dit is egter ook vroeër reeds gedoen. Op George in die Wes-Kaap het 'n kleurvolle tant Sarah Johnson 'n blikwinkeltjie gehad. Sayers beskryf dit as 'n plekkie [...] *which dispensed all the old nick nacks and finery*. Toe die winkeltjie moes plek maak vir 'n skool, is dit een Woensdag in 1925 as geheel met behulp van houtrollers oor die straat verskuif en het die volgende dag vanaf 'n nuwe perseel voortgegaan met besigheid (1962: 174 - 175). Generaal JC Smuts se woonhuis by Irene, Pretoria, was 'n ou militêre menasie wat hy ná afloop van die tweede Anglo-Boereoorlog in 1902 op 'n vendusie gekoop en stuk-stuk na sy plaas vervoer het (Meiring 1974: 112).

Die feit dat geboue ook 'n nie-stoflike dimensie het, kan nie voldoende uit Galla se model afgelei word nie.

Galla se benadering kom daarop neer dat gereedskap wat deur die mens geskep is om te oorleef, artefakte is, wat 'n aanvaarbare aanname is. Instellings wat ook deur die mens geskep is, dikwels ook ter oorlewing of ter verbetering van die mens se leefwêreld, kategoriseer hy egter as 'n ander vlak van kultuurskepping en noem dit sosiofakte. Vir analitiese doeleindes is die uitlig van een tipe van kultuurskepping aanvaarbaar maar dit skyn kunsmatig en 'n denkfout te wees om die twee absoluut te skei.

Die maatstawwe wat hy aanwend om die onderskeid te tref, skyn grotendeels gegrond te wees op die feit dat gereedskap tasbaar en instellings nie-tasbaar is. Dit is 'n onaanvaarbare skeidingsmaatstaf. Elke stuk gereedskap wat gemaak is, het sy oorsprong in 'n geestelike proses gehad voordat dit op tasbare wyse vergestalt is. Nadat dit fisies geskep is, het dit, of verkry dit, benewens die tasbare dimensie daarvan, ook 'n nie-tasbare dimensie. In hierdie studie word dan ook van die uitgangspunt uitgegaan dat alle kultuurskeppinge beide fisiese en metafisiese dimensies het, in verskillende grade, met sommige wat meer fisies en ander meer metafisies van aard is.


Kultuur het baie komponente en dimensies, wat met mekaar verband hou en onskeibaar van mekaar is. Galla se model het nie die nodige diepte nie en gee nie hierdie veelvlakigheid, veelvoudigheid van dimensies en ineen-gevegde aard daarvan weer nie. Die Burden-model (figuur 1.4 is meer omvattend en insluitend en word vir hierdie studie aangewend.

Vir hierdie studie is die nie-stoflike dimensie van geboue en die verband tussen die stoflike en nie-stoflike aspekte van Standard Bank se geboue van fundamentele belang. Soos ander artefakte is geboue in die eerste plek as nie-stoflike konsepte gekonseptualiseer en het deur 'n nie-materiële proses van behoeftebepaling, bespreking, beplanning, oorweging en herbeplanning gegaan.

Nie-stoflike dimensies is in oorweging gebring en het die uiteindelijke stoflike voorkoms en fisiese werklikheid van die gebou bepaal. In hierdie verband kan die bank se tak in Cradock as voorbeeld dien. Vir die eerste 26 jaar van die 20ste eeu is op gereelde basis aangedui dat die bank se ligging binne Cradock goed was (SB Inspection reports, Cradock Junie 1902 tot Mei 1926). In 1929 het die inspekteur egter aangedui dat die gebou en fasiliteite in Cradock as sodanig steeds heeltemal aanvaarbaar en gerieflik was maar dat dit nie meer fisies goed geleë was nie. *The question of removing the Bank's premises to a more suitable site ... is te berde gebring en die inspekteur het aangedui dat [...] it has become more imperative that something be done in the very near future, owing to the business portion of town being gradually moved away from the present Bank premises* (SB Inspection report, Cradock 26/1/1929). Na heelwat korrespondensie, waaruit sorgvuldige oorweging en beplanning spreek, is 'n ander perseel gekoop en 'n nuwe gebou vir die Bank beplan en opgerig. Dit is op 6 Mei 1932 betrek. Die nuwe

gebou is onder meer beskryf as: [...] *the most noteworthy business building in Cradock and its architecture and quality stands out with a pleasing prominence. The site is an excellent corner one in the business centre of town* (SB Inspection Report, Cradock 27/2/1933).

Na aanleiding van bogenoemde is dit nodig om hierdie studie soos volg in model-vorm voor te stel.



Figuur 1.3: Model van 3 kultuurkomponente, hul stoflike en nie-stoflike dimensies, binne verband van die omgewing (model geskep deur IP de Swardt, 2015)

Beskrywing

Drie kultuurkomponente van Standard Bank, naamlik personeel, akkommodasie en die dag-tot-dag funksionering van die bank, vorm die kern van die studie. Hierdie komponente het almal stoflike sowel as nie-stoflike dimensies en staan in noue verband met mekaar: die dag-tot-dag funksionering van die bank beïnvloed die personeel en word deur die akkommodasie/argitektuur van die bank beïnvloed. Hierdie komponente bestaan en funksioneer onder die invloed van die bank se bestuur, beide die Suidelik-Afrikaanse hoofkantoor en die raad van direkteure in Londen, wat doelwitte en standaarde stel en voorskrifte uitreik. Die kultuurkomponente en die bestuur van die Bank word beïnvloed deur plaaslike omstandighede, soos die gebrek aan huisvesting of geskoolde bouers, die tekort aan klerikale werkers, die afwesigheid van verblyf vir personeel, omstandighede soos teweeggebring deur vinnige, grootskaalse en onbeplande verstedeliking soos tydens die diamant- en goudstormlope.


Kaplan en Manners is van mening dat skeptisisme oor modelle nie sonder grond is nie maar vind modelle nuttig as analogieë of metafore. Na hul mening is die grootste nut van modelle hul heuristiese moontlikhede: *a model may serve as a device for suggesting ways in which knowledge gained in one area of inquiry can help to illuminate some other area of enquiry* (1972: 165). Hulle beklemtoon dat 'n model maar net 'n benaderde voorstelling van die werklikheid bly. Maar modelle kan, na hul mening, help om die werking van 'n kultuur te begryp. Dit kan sekere probleme opklaar, gapings in bestaande begrippe oorbrug en kan help om belangrike verhoudings of samehang tussen elemente wat daarsonder oor die hoof gesien kon word, te begryp (Kaplan & Manners 1972: 164-165).

Al die kultuurkomponente in figuur 1.3, sowel as die bestuur en plaaslike omstandighede, word beïnvloed deur streeks en nasionale omstandighede. Die uitgestrektheid van die land, die afwesigheid van vervoerdienste, die ontwikkelende aard van die land, politieke strominge, rebellies en opstande is van die streeks en nasionale aspekte wat 'n belangrike rol speel. Nasionale en ander aspekte word beïnvloed deur globale gebeure, soos wêreldwye afwaartse ekonomiese conjunktore, wêreldoorloë, epidemies soos die Spaanse griep, en peste soos phylloxera. Al die buite-invloede (hier geskei deur stippellyne in die model) werk in op mekaar en op die kernbedrywighede en komponente van die bank, net soos die verskillende kultuurkomponente op mekaar inwerk. Die verskillende dimensies van die komponente is 'n integrale deel daarvan. Soos Kaplan en Manners oor modelle in die algemeen sê, dit help om verhoudings aan te dui, aspekte in te sien en die verbande tussen verskillende aspekte aan te dui.

Figuur 1.3 is 'n voorstelling van die studie as geheel. Dit is egter nodig om die kern van die studie, die kultuurkomponente en hul verskillende dimensies, te analiseer. Vir hierdie doel word

die Burden-model (figuur 1.4) as analitiese instrument aangewend. Die model dui die meervoudige dimensionaliteit van kultuur en kultuurkomponente aan en maak dit moontlik om komponente te analiseer en te beskryf. Daarmee kan die aard van 'n komponent bepaal en beskryf word as patrisiër, geestelik en tradisioneel, as patrisiër, stoflik en eietyds, of as verskeie ander kombinasies, in verskillende grade.

Hierdie model is 'n drie-dimensionele voorstelling van, onder meer, die dimensies van kultuurkomponente. Dit bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny: 'n AB-, 'n CD- en 'n EF-as.



Figuur 1.4 Die Burden-model (Burden 2000)

Op die AB-as dui punt A die nie-stoflike dimensie van 'n kultuurkomponent en die teenoorstaande punt B, die stoflike dimensies daarvan aan, met 'n glyskaal van waardes wat die verhouding tussen die twee punte aandui.

Burden beklemtoon:

Hoewel die stoflike kultuurproduk hoegenaamd nie geskei kan word van die geestelike proses waarmee die konsep van die produk tot stand gekom het nie, en ook nie van die mens met sy geestelike eienskappe wat die produk gebruik nie, is daar tog 'n onderskeid tussen die produkte self wat tasbaar en nie-tasbaar is (2000: 20).

Sy verwys na verskeie bronne wat die bestaan van die dimensies bevestig en lê klem daarop: *Dit bly egter van die uiterste belang om die verband tussen die twee te beklemtoon (Burden 2000: 20).*

Hierdie studie analyseer die tasbare en nie-tasbare dimensies van die bank se kultuurkomponente, binne konteks. Die AB-as, soos in hierdie model aangetoon, is daarom van kernbelang vir die studie.

Die CD-as in die Burden-model het betrekking op die volkskundige en patrisiëraard van 'n kultuurkomponent. Punt C op die as verteenwoordig die patrisiëraard en punt D die volkskundige aard, met voorsiening vir 'n meerdere of mindere graad van elke uiterste tussen-in. Hierdie as is nie van soveel belang vir die studie soos die AB-as nie. Dit is omdat Standard Bank so ver as moontlik van patrisiër produkte gebruik gemaak het.

Waar akkommodasie byvoorbeeld volksboukundig van aard was, is dit gewoonlik slegs vir 'n kort tydperk gehuur, totdat ander akkommodasie betrek kon word.

Die EF-as dui die tradisionele, punt E op die as, en eietydse, punt F op die as, aan. Burden omskryf die woord "*tradisionele*" as:

[.] iets wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as tradisie van een geslag na 'n ander of van een groep na 'n ander oorgegee word. Daar word beslis nie die konnotasie van "primitiwiteit" hieraan geheg nie. "Eietyds" verwys na moderne of hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken is nie (2000: 25).

Hierdie aspek is relevant vir die studie, onder meer omdat Standard Bank aan 'n diskrete banktradisie ontspring het, waar nie-tasbare waardes en standarde soos vertroulikheid, diens

en diskresie gesien is as noodsaaklike vereistes vir die behoud van vertroue. Die studie handel oor 'n tydperk wat meer as 75 jaar gelede ten einde geloop het en die eietydse vorm nie 'n belangrike deel daarvan nie.

1.3 Etiek

Etiek word vir die doel van hierdie studie gesien as 'n meestal ongeskrewe gedragskode wat individue se gedrag en aktiwiteite reguleer. Geskrewe etiekkodes bestaan ook in professionele en statutêre instansies en is meestal statutêr veranker. Ook die bankwese in Suid-Afrika is gebonde aan streng etiek- en gedragskodes. Dit is nie staties nie maar pas aan by die omgewing en veranderende tendense in die samelewing.

Individue se bank- en geldsake word beskou as privaat en vertroulik. Oor die algemeen is daar in die hedendaagse tydsgewrig meer bewustheid van die belang daarvan om privaatheid en persoonlike besonderhede te beskerm (*Datenschutz*) as in die tydperk waaroor verslag gedoen word. Hedendaagse standaarde in dié verband word gehandhaaf.

In hierdie studie word geen geld- of private aangeleenthede van enige individu enigsins ondersoek of oor kommentaar gelewer nie. Waar in korrespondensie van die bank na identifiseerbare individue verwys is of as individue se status of privaatheid moontlik negatief geraak sou kon word deur enige verwysings in die studie, is die persoon se naam verswyg en deur 'n enkele letter vervang.

1.4 Bronnestudie

1.4.1 Bronne oor kultuur, kultuurgeskiedenis en metodologie

Die literatuurstudie is gelei deur die probleemstelling en die doelwitte van die studie, wat handel oor die kultuurhistoriese kontekstualisering van kultuurkomponente binne 'n bepaalde instelling (Standard Bank) in 'n begrensde tydperk.

Daar is min elektroniese bronne gevind wat as gesaghebbend en akkuraat beoordeel is en in die studie is op baie beperkte skaal van sulke bronne gebruik gemaak.

Om die metodiek van die studie te bepaal, is bronne oor kultuur en kultuurgeskiedenis geraadpleeg. Beskrywings van kultuur kon teruggevors word tot dié van Cicero (100 VGE), en Tylor (1871).

'n Wye spektrum van meer moderne sienings oor kultuur en kultuurgeskiedenis bestaan en uiteenlopende werke is geraadpleeg, met insluiting van dié van Romein (1893 - 1962, soos

weergegee en geanaliseer deur Noordenbos en Becker, 1953), wat sterk beïnvloed is deur Karl Marx en die sosialisme, tot dié van Hugo en Coertse, wat teenoorgestelde sienings gehandhaaf het. Romein se sienings is rasioneel maar ideologies gekleur. Hy het groot waarde aan die tydsgesheue gegee, wat as buite-mag op die mens inwerk, en het die siening gehandhaaf dat kultuurgeskiedenis vele aspekte insluit maar dat dit nie die taak van die vakdissipline is om die aspekte as sodanig te bestudeer nie, alleen die verbande tussen hulle (Romein 1963: 119). Hugo (1984: 13 - 15) weerlê nie hierdie siening van Romein nie en verklaar dat die omgewing beslis 'n uitwerking op die mens, sy kultuur en sy kultuurskeppings het (1984: 13). Teenoor Romein en Hugo se aannames, staan dié van PW Grobbelaar en Burden. Grobbelaar beskryf kultuur as die somtotaal van die mens se skeppings, in sy samelewing met medemense. Kultuurgeskiedenis, verklaar hy, is 'n studie van al hierdie skeppings en aspekte daarvan, teen 'n geskiedkundige agtergrond (1974: 11). Burden vestig die aandag daarop dat die lê van verbande kennis van die kultuurprodukte of -komponente en hul skeppingsprosesse verg om sinvol te wees (2000: 19).

Gegronde op genoemde en ander geraadpleegde bronne, gaan hierdie studie van die standpunt soos aangedui deur Grobbelaar en Burden, dat die menslike skeppingsprosesse ten opsigte van kultuurprodukte, vanaf die vroegste geestelike konseptualisering daarvan, deel moet uitmaak van die holistiese benadering tot en sinvolle kontekstualisering van kultuurgeskiedenis. Vier verdere bronne wat ernstige besinning geveer het, is dié van Galla (2002), Green (2008), Kaplan & Manners (1972) en White (1971). Galla verduidelik sy uitgangspunt, dat kultuur bestaan uit artefakte, sosiofakte en mentifakte goed, maar sy teoretiese beskrywing is beoordeel as onvolledig en onakkuraat. Daar is etlike aannames wat nie akkuraat is nie, soos in paragraaf 1.2.2 hierbo bespreek.

Green se boek *Cultural history* (2008) is beoordeel as 'n goeie bron wat psigo-analities van aard is, maar is by deeglike ontleding as té gespesialiseerd bevind om binne die studieveld van hierdie studie van kernbelang te wees. Kaplan en Manners het daarop gewys dat wetenskap nie gereduseer kan word tot 'n lys van onderwerpe in 'n universiteitskatalogus nie maar oor 'n verskeidenheid van dissiplines strek (1972: 32 - 33). Hulle het die belang van interdisiplinêre denke help tuisbring, wat 'n verbreding van benadering in die studie bevorder het.

White se boek *The science of culture, a study of man and civilization*, (1971) is antropologies van uitgangspunt en wend kennis en inligting van 'n wye verskeidenheid persone, groepe en vakgebiede aan in die aanbieding en in haar bevestigtekening van aanvaarde norme en waardes ten opsigte van wetenskap. Sy maak onder meer die stelling: *Today we are beginning to realize and to appreciate the fact that the symbol is the basic unit of all human behaviour and civilization* (1971: 22).

Volgens White moet alle simbole 'n fisiese dimensie hê om die mens se waarnemingsveld te kan binnedring maar die metafisiese betekenis daarvan word deur die gebruikers daarvan aan die fisiese voorwerp/artefak gegee. Die betekenisgewing vind binne die konteks van 'n bepaalde kultuur plaas. As gevolg van kultuurverskille kan lede van een kultuurgroep geen waarde aan 'n voorwerp heg waaraan 'n ander wel waarde heg nie. Sy verwys na die Christelike houtkruis, wat tydens koloniale tye geen betekenis in gemeenskappe met ander religieuse praktyke as die Christendom gehad het nie (1971: 26).

Die beoordeling van geboue is op soortgelyke wyse aan kulturele maatstawwe en invloede onderhewig. Die studie probeer nie bepaal wat die verskillende maatstawwe was waaraan die beoordeling van bankgeboue in Suid-Afrika gedurende die tydperk van studie onderhewig was nie maar trag om aan te dui, aan die hand van White en ander bronne, dat nie-tasbare, kultuurverwante maatstawwe gedurende die tydperk waaroor die studie handel, bestaan het.

Ook menslike gedrag en optrede, dui White aan, verskil van een kultuurgroep na 'n ander. Sy verwys na die gewoonte in sommige kulture om 'n hoofbedekking af te haal, as respekbetoning. Sy kon ook verwys het na die teenoorgestelde: die bedekking van die hoof, as respekbetoning. Hier vind White se boek aansluiting by 'n massa inligting oor tussen-menslike optredes, van boeke wat kinestiek (die studie van die aard van beweging in interpersoonlike optrede - soos waardige, aggresiewe, minagtende bewegings), proksemiek (die studie van afstande tussen persone in interpersoonlike kommunikasie, waarby privaatheid ook ter sprake kom), tot handleidings oor openbare redevoering, televisie-optredes, etiket- en bemarkingshandleidings, 'n baie groot deel van die openbare skakelbedryf en selfs, op meer multi-kulturele vlak, diplomasiëhandleidings. Dit is ook van toepassing op die delikate maar uiters belangrike verhouding tussen die bank en sy kliënte-basis en die verbandhoudende vertroue waarop die bankwese gebou is.

White se sienings oor die verband tussen fisiese en metafiese dimensies van kultuur en kultuur se rol in die toekening van metafisiese betekenis, vind aansluiting by die benadering van hierdie studie.

1.4.2 Bronne oor die politiek-historiese en geofisiese situasie by die koms van Standard Bank na Suid-Afrika in 1862

Standard Bank het as instelling binne 'n bepaalde omgewing tot stand gekom. Dit is uiteraard nie binne die bestek of vermoë van hierdie studie om die politiek-historiese en geofisiese situasie in Suidelike Afrika tydens die ontstaan van Standard Bank ten opsigte van alle aspekte te kontekstualiseer nie. Die omgewing waarbinne die bank tot stand gekom en bestaan het en

waarmee die bank in 'n wederkerige verhouding gestaan het, is egter van fundamentele belang vir die studie en kan nouliks te volledig as agterdoek weergegee word.

Geskiedskrywing bestaan nie net uit die akkurate neerpen van feite nie. Barnes beskryf die noukeurige en objektiewe vertolking van die geskiedkundige feite as die werklike aanwending van die wetenskaplike metode in geskiedenis. Maar, vervolg hy, [...] *the prevailing types of historical interpretation through the ages have faithfully reflected the dominating intellectual interests of the successive eras* (1963: 355, 356).

In die komplekse samelewing van Suidelike Afrika was daar in die 19de eeu reeds meer as een denkrigting oor geskiedskrywing en daar was belangegroepes (*intellectual interests*), wat hul sienings wou laat geld. Daar was onder meer die sogenaamde Vaderlandsgeskiedskrywers, die imperialistiese en die liberale skrywers. Van Jaarsveld neem die Groot Trek as voorbeeld om aan te dui hoe een gebeurtenis verskillend beskryf en vertolk kan word (1974: 4). Oor Suid-Afrikaanse geskiedskrywing maak Johnson die stelling: [...] *there has been enormous pressure for even the best historians to bow to all manner of sacred cows* [...] (2004: vii). Maar selfs toe Afrikanernasionalisme as die middelpunt van geskiedenis aangebied is, het liberale geskiedskrywers voortgegaan om bronne met 'n ander benadering te produseer. Hy verwys onder meer na skrywers soos De Kiewiet, Eric Walker, Leonard Thompson en Donald Morris (2004: viii).

In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, bevestig Fransjohan Pretorius, is daar op die huidige tydstop bronne wat neig om na een kant of die ander kant oor te hel. Hy skryf:

[...] *waar die skaal in die apartheidsjare te veel na 'n Afrikaner- of witsentriese benadering tot die verlede oorgeleun het, die pendulum nou weer te veel na die ander kant geswaai het, met 'n groot fokus op die strugglegeskiedenis* (2012: 9).

Die meeste bronne oor Suid-Afrikaanse geskiedenis het in die verlede die middel van die 17de eeu, toe 'n Nederlandse verversingspos aan die Kaap gestig is, geneem as aanvangspunt van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Een van die vroeë afwykings van hierdie benadering was 'n historiese novelle van monumentale omvang getitel *The Covenant*, geskryf deur die globaal bekende skrywer James A Michener, en gepubliseer in 1980. Op akademiese vlak is hierdie benadering in Suid-Afrika uitgedaag deur 'n nuwe benadering wat in die dekades voor en ná die eeuwending van die 20ste na die 21ste eeu na vore getree het. Die vroegste voorbeeld was *A history of South Africa to 1870* wat in 1969 onder redaksie van Monica Wilson en Leonard Thompson saamgestel is. (Die inleidende deel daarvan, oor die argeologiese geskiedenis, is om onbekende redes uit die 1982-weergawe deur die drukker David Philip in Kaapstad uitgelaat.)

In 1987 is *Illustrated history of South Africa*, met Trehwella Cameron as redakteur en SB Spies as raadgewende redakteur gepubliseer. Die nuwe benadering is onder meer weerspieël deur die feit dat die inleidende hoofstukke van hierdie boek geskryf is deur professor PV Tobias, toe hoof van die departement van Anatomie, later die Skool van Anatomiese Wetenskappe, aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg. Daarin is die prekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika ook uiteengesit. Tobias se hoofstukke in daardie bron is op sigself van beperkte belang vir hierdie studie maar dui op 'n nuwe benadering om die geskiedenis van die subkontinent meer gebalanseerd te benader en ook die prekoloniale tydperk in te sluit by beskrywings daarvan.

In 1988 het Reader's Digest 'n *Illustrated history of South Africa* gepubliseer. Ook daarin is die prekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika ingesluit. Johnson se *South Africa. The first man, the last nation* van 2004 het ook in die prekoloniale era begin en het in omvang en benadering gebreek met 'n meer witsentriese analisering. Die *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (2007) deur Giliomee en Mbenga het 'n belangrike bydrae gelewer tot hierdie nuwe benadering.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het in 2006 'n begin gemaak met die saamstel van 'n bron oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat as oogmerk gehad het om 'n objektiewe en neutrale benadering tot die geskiedenis weer te gee, ter wille van versoening en wedersydse begrip (Pretorius (red) 2012: 10). Die resultaat is in 2012 gepubliseer as *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* onder redakteurskap van F Pretorius. Die boek begin met die geskiedenis van Suid-Afrika voor die vestiging van Europeërs aan die suidpunt van die kontinent. By die afwesigheid van geskrewe rekords het die argeologie as wetenskap sedertdien 'n nuwe dimensie aangeneem.

Verwysings hierbo na bronne wat ook prekoloniale geskiedenis insluit, beteken nie dat daardie insluiting op sigself die belangrikste maatstaf in die seleksie van bronne was nie. Die insluiting van sulke bronne het egter in alle gevalle gepaard gegaan met inligting wat 'n wyer, minder eensydige benadering nagestreef het.

Onder die ouer bronne wat nie die nuwe benadering toon nie, is daar sommige wat steeds onontbeerlike en relevante inligting bevat oor vroeë gebeure. Dit sluit bronne in soos dié deur Böeseken (1977), Davenport (1977), Godée-Molsbergen (1968), Krüger (1969) Muller (1969, 1981, 1990) en Van der Merwe (1975).

In 'n verdere stap ter wille van objektiwiteit en balans is bronne met 'n meer buitelandse invalshoek geraadpleeg. Hierdie bronne het Duitse boeke, waaronder Grütter & Van Zyl (1982), Kröll (1973), Noordenbos en Becker (1953), Oliver & Atmore (1969) en Van Berg (1986) ingesluit. Ook Franse geskiedskrywers soos Lacour-Gayet (1977) en Pirenne (1958) en

Nederlandse bronne is geraadpleeg. Laasgenoemde kategorie het Jelačić & Müller-Bosshard (1982) ingesluit. 'n Groot deel van die geraadpleegde bronne was deur Britse en Amerikaanse skrywers.

Bronne van die afgelope veertig jaar het voorkeur geniet maar ter wille van perspektief is ook bronne vanaf die einde van die 19de tot vroeg in die 21ste eeu geraadpleeg. Van die bronne, soos biografiese werke, waaronder dié van Ramphela (1996), Steyn (2004, oor ME Rothmann) het die voordeel van groter eietydse aktualiteit ingehou, spesifiek ten opsigte van intergroepverhoudings wat 'n invloed op vertroue in Standard Bank en op Imperiale banke as Britse instellings gehad het.

Primêre dokumente in die bank se argief bevat baie min verwysings na gebeure voor 1862. Waar dit wel aangetref is, was dit meestal beperkte, selfs terloopse, verwysings.

By die raadpleging van bronne is bostaande faktore in ag geneem en daar is sorg gedra om hierdie verskillende benaderings en vertolkings te balanseer, met voorkeur aan inklusiwiteit. Kritiek word nie uitgespreek teen een of die ander benadering nie. 'n Groot aantal uiteenlopende bronne is geraadpleeg in die poging om 'n objektiewe weergawe daar te stel, soos in die bronnelys weergegee. Aangesien die studie kultuurhistories en nie ekonomies van aard is nie, is gedissiplineerd weggestuur van ekonomiese geskiedenis en historiografieë van die bankwese. Die studie is gegrond op die benadering dat ook oor ander, soos kultuurhistoriese, aspekte van banke as organisasies geskryf kan word en nie net oor geldsake nie.

1.4.3 Bronne oor kultuurkomponente van die bank

Bronne oor die bank se personeelkomponent

'n Voorafstudie het aangetoon dat persoonlike onderhoude nie 'n bruikbare bron oor die personeel van Standard Bank gedurende die tyd van studie sou wees nie. Dit is hoofsaaklik vanweë die feit dat die tydperk van 1862 tot 1942 wat deur die studie gedek word, reeds sowat 'n driekwart eeu gelede ten einde geloop het. Persoonlike onderhoude kon dus alleen algemene inligting oor banke en oor die bankwese verskaf en is in beperkte mate gebruik.

Personeelbestuur is 'n gevorderde wetenskap en standaard akademiese bronne daarvoor is aangewend, soos in die bronnelys aangedui. Die een uitdaging ten opsigte van die analisering van die skep en bestuur van 'n personeelkomponent vir die bank was om die beginsels van personeelbestuur en bestuur in die algemeen weer te gee sonder om in te veel besonderhede van die teorie van personeelbestuur betrokke te raak.

Die bank se argivale bronne is omvattend, maar bankkorrespondensie met teoretiese verwysings na die bank se bestuursbeginsels en bestuursbenadering gedurende die tyd van studie, ook ten opsigte van personeel, kon nie daarin gevind word nie.

'n Tweede uitdaging was om hedendaagse meetinstrumente ten opsigte van die bank se bestuur gedurende die tydperk van die studie aan te wend as analitiese instrumente, maar nie die verlede aan die hand van eietydse maatstawwe te beoordeel nie. 'n Verskeidenheid van hedendaagse akademiese bronne, met insluiting van bekende werke deur Armstrong (1991), Amos en ander (2004), Buffet & Clark (2009), Greenhaus & Callahan (1994), Iacocca (1984) en Van Wyk en ander (2012) is geraadpleeg. Die meerderheid van hierdie bronne was uiteraard in hedendaagse konteks geskryf. Ander was biografiese beskrywings van eie ervarings. Selfs die ouer bron, deur Iacocca, is gegrond op moderne bestuursbenaderings. Al die bronne was veel meer uitgebreid as die inligting wat vir hierdie studie benodig is.

Die Standard Bank Erfenissentrum in Johannesburg bevat 'n uitgebreide versameling dokumente van bankkorrespondensie. Dit is goed georden en geïndekseer en word goed bestuur. Hierdie argief is 'n byna onuitputlike bron van inligting oor die bank. 'n Deel van die dokumentasie handel oor die verslae van bankinspekteurs. Daaruit word dit onder meer duidelik watter gedrag van beamptes verwag is, watter wangedrag voorgekom het en watter dissiplinêre optrede dit tot gevolg gehad het. Dit toon die lief en leed van personeel aan, van deernisgevalle en toegee aan versoekings, tot lojaliteit en dapperheid.

Uit algemene korrespondensie van die bank kan insig verkry word in die lewensomstandighede van bankbeamptes, sowel as in die gevare en ongerief van reise deur beamptes gedurende die tydperk wat bestudeer is.

Bronne oor akkommodasie en die argitektuur van die bank

Beeldende bronne

Die bank se geboue is as primêre bronne aangewend en 'n baie groot aantal foto's is ontleed ten einde geboue verteenwoordigend van die mees algemene style te identifiseer en te beskryf. Die besonderse aard van die bankwese, waar geboue mooi en indrukwekkend moet wees maar ten opsigte waarvan sekuriteit noodsaaklik is, het duidelik geword uit hierdie fisiese besoeke en fotografering van geboue. Tydens 'n besoek aan die ikoniese Standard Bankgebou wat deur Philip Dudgeon ontwerp is vir die bank se tak in Pietermaritzburg, is die gebou met groot trots deur 'n senior personeellid gewys en kon daar selfs na dele van die gebou gegaan word wat nie normaalweg oop is vir die publiek nie. In teenstelling daarmee is skrywer tydens die neem van foto's van die Kroonstadtak, wat deur Herbert Baker ontwerp is, in die straat genader deur 'n agterdogtige persoon wat wou verhoed dat foto's geneem word.

Die invloed van tyd op die nuttigheid en geskiktheid van bankgeboue is ook waargeneem. Die bank se tak in Adderleystraat, Kaapstad, is byvoorbeeld vir dekades beskou as goed geleë, indrukwekkend en by uitstek geskik vir gebruik as bank. Met verloop van tyd het dit in so 'n mate ontoepaslik geword dat die gebou vroeg in die 21ste eeu ontruim is en sedertdien etlike jare in onbruik is. Die besoeke het ook getoon hoe 'n gesellige leefvertrek met vuurherd in die voormalige bestuurderswoning in die bankgebou op George toegemaak is om aan te pas by 'n nuwe korporatiewe kultuur: 'n soort *layering*, wat die verandering van behoeftes en benadering dokumenteer. Die laat 20ste-eeuse leefstyltendens van groot inkopesentra het die hele vroeë benadering van losstaande, indrukwekkende geboue, verkieslik op 'n straathoek of naby 'n stadsplein, verander.

Argivale bronne

Die vind van geskikte akkommodasie vir die bank was geen eenvoudige taak nie. Probleme en hul oorsake is breedvoerig in die bank se korrespondensie, soos verslae van die algemene bestuurder aan die raad van direkteure in Londen, vervat, soos verder in die studie aangedui sal word.

Fisiese faktore het volgens hierdie korrespondensie 'n belangrike rol gespeel. Metafisiese faktore was ook belangrik en probleme in dié verband was soms selfs moeiliker om te oorkom. Laasgenoemde faktore het onder meer verband gehou met die teenstellende vereistes dat bankgeboue indrukwekkend moet wees, terwyl hul oprigtingskoste laag gehou moes word. Geboue moes toeganklik vir die publiek en gebruikersvriendelik wees, terwyl dit ook veilig en stewig moes voorkom en esteties strelend moes wees. Dit kom uit die bank se korrespondensie voor asof daar soms 'n toutrekkery tussen lede van die raad van direkteure was, met sommiges wat geglo het bankgeboue moet sober, prakties en konserwartief in voorkoms wees en ander wat meer opgesmukke geboue voorgestaan het.

Uit hierdie bronne is 'n indruk gevorm van wat as "geskikte" akkommodasie vir die bank gesien is en wat vermag is om dit te probeer bekom.

Gepubliseerde bronne oor argitektuur

Bronne oor argitektuur as vakgebied is algemeen beskikbaar en is wyd geraadpleeg. Hierdie bronne het op tweeërlei wyse bygedra tot die studie: van hulle was rigtinggewend in die bepaling van die benadering van die studie en ander (of soms dieselfde bronne) het historiese en meer tegniese inligting bevat oor geboue en style.

Die boek van sir Banister Fletcher wat geraadpleeg is, *A history of architecture*, is 'n omvattende en grondige werk van globale reikwydte. Dit analiseer argitektuur van die vroegste

Egiptiese en Mesopotaamse tye af en kontekstualiseer die hoofstrome van argitektuur binne 'n wêreldperspektief. Die boek is in 1959 gepubliseer en belangrike ontwikkelinge van die post-moderne era is nie daarin ingesluit nie. Dit gee egter 'n gedetailleerde oorsig van die ontwikkeling sowel as die vertakings van argitektuur tot ongeveer die middel van die 20ste eeu. Die boek is bedoel as opleidingshulpmiddel vir gevorderde opleiding van professionele argitekte en was van waarde in die verbreding van die studie se begrip van die dimensies en konteks van argitektuur.

In teenstelling met die grondige feitefundering van Fletcher, is Howarth se boek oor argitektuur (1990) oppervlakkig en veralgemenend. Dit word aanvaar dat dit saamgestel is as maklike handleiding vir toeriste. Binne die beperkte oogmerke daarvan voldoen die boek aan die verwagtings daarvoor. Veral ten opsigte van maklik-herkenbare kenmerke van style is dit suksesvol.

Jonathan Glancey se boek oor argitektuur, *Architecture*, (2006) is ook bedoel om as draagbare handleiding te dien. Anders as dié van Howarth is dit 'n veel meer volledige bron. Die boek dek 'n wye spektrum van argitektuuraspekte en -style oor 'n groot geografiese gebied, sonder om volksboukundige verskille te bespreek.

Glancey beklemtoon die feit dat daar altyd metafisiese dimensies aan argitektuur verbonde is, beide in die skeppingsproses en in die latere simboliseringsproses. Volgens hom is dit die geval reeds van die mens se vroegste geskiedenis af. Die ziggurat van Ur, 'n skepping van etlike duisende jare oud, dien as voorbeeld. Dit is nie gebou om skuiling te bied of om graan in te stoor nie. Dit is opgerig as:

[.] an artwork, as the greatest artefact humans could shape at the time to honour their gods. [...] it shows us how architecture was always more than a functional tool: it was a form of celebration of human artistry and of the imagination, and a way of formalizing, by shaping in brick (and, later and elsewhere, in stone, marble, concrete, iron, steel, zinc, and titanium), the rituals of urban life (Glancey 2006: 17).

Glancey se uitgangspunt is dus dat argitektuur 'n nie-tasbare dimensie het, benewens die tasbare. Dit is, in ooreenstemming met wat Fletcher sê, 'n aanduiding van die mens se vaardigheid op 'n spesifieke tyd, en dit is 'n manifestering van die mens se geestelike prosesse, waaronder kunssinnigheid en verbeelding. Tog handel argitektuur ook oor skuiling en het noodwendig, anders as kunsvorme soos die skilder- of beeldhoukuns, ook 'n funksionele dimensie. Glancey bring die punt baie duidelik tuis deur daarop te wys dat kunswerke normaalweg nie toilette, geute, afvoerpipe, bedrading, ventilering en ander funksionele bybehore nodig het nie (2006: 19).

Mies van der Rohe word deur Glancey gesteun, byvoorbeeld in sy siening dat argitektuur 'n produk van die tydsges is en nie los daarvan kan staan nie. Ter ondersteuning van Van der Rohe se standpunt in dié verband maak Glancey die stelling: *Anyone looking at a Greek temple, Gothic cathedral, New York skyscraper, or Nazi stadium will know exactly what Mies meant* (2006: 8).

Glancey se sienings en benadering het 'n vormende uitwerking op hierdie studie uitgeoefen.

Ian Sutton se boek, *Western Architecture* van 1999 maak dit ook baie duidelik dat argitektuur 'n metafisiese boodskap uitdra. Hy maak onder meer die volgende stelling:

One does not have to be a Marxist to see that the great castles and cathedrals of the Middle Ages, the palaces and country houses of later times, the parliaments and government buildings, even the theatres and museums, were all (whatever else) blatant expressions of authority and power and the desire to display that power (1999: 7).

Sutton is van mening dat daar tans groter begrip is van die verband tussen argitektuur en sosiale geskiedenis en maak die stelling: *We now have a better understanding of how buildings relate to communities and how economic and technical factors determine their form* (1999: 8). Hy wys ook op die verpolitiserings van argitektuur, soos wat die Gotiese styl in die Rynland van Duitsland die betekenis van Katolieke en anti-Pruisies en Gaudi se *Sagrada Familia* simbolies van Katalaanse nasionalisme geword het (1999: 8). As verdere voorbeelde sou hy die Neo-Gotiese verband met die Britse koningshuis en die Neo-Klassieke se verbintenis met die republikeinse staatsvorm kon noem. Hierdie bron plaas nie soveel klem op die invloed van die tydsges op argitektuur nie, om praktiese redes. Omvattende inligting oor argitektuur en spesifieke voorbeelde van geboue, wêreldwyd, word deur hierdie bron verstrekk en beskryf. 'n Baie groot persentasie van die geboue is deur Sutton persoonlik besoek.

Sutton se sienings oor die simboliek en boodskap verbonde aan argitektuur vind aansluiting by die studie oor Standard Bank. Sy hipotese dat daar 'n wisselwerking tussen die gemeenskap en sekere geboue is en dat die geboue gevorm word deur ekonomiese en ook tegniese faktore, stem ook ooreen met die benadering van die studie.

Een redelik resente bron met die titel " ...isms" (2005) is geskryf deur J Melvin. Hoewel die boek bruikbare inligting oor argitektuur bevat en 'n redelike uiteensetting gee van stylperiodes, is daar 'n onbevredigende leemte aan kontekstualisering van argitektuurstyl en tydsges. Argitektuur word in hierdie studie gesien as kultuurskepping, in antwoord op sekere behoeftes, maar 'n beskrywing van argitektuur sonder konteks, is as 'n leemte ervaar.

Jan Gympel se *Story of architecture* (1996) gee 'n argitektoniese geskiedenis van die wêreld oor sowat 23 eeue. Hierdie bron het 'n bydrae tot die formulering van hierdie studie gemaak, onder meer deur die aanduiding dat argitektuur in antieke Griekeland beskou is as die moeder van visuele kuns omdat skilderye en beeldhouwerk dikwels uit argitektuur voortgespruit het.

Hoewel argitektuur toe reeds as kunsvorm erken is, moes dit, aldus Gympel, steeds aan die mens se basiese behoefte voldoen, wat sy beskryf as veiligheid. Sy vervolg: *However, spiritual and intellectual needs also have a role to play when it comes to building* (1996: 6).

Gympel wys daarop dat mensgemaakte strukture die omgewing beïnvloed, net soos die strukture by die omgewing moet aanpas. Sy beklemtoon dat alle geboue die gees van die tyd weerspieël en maak die stelling: *More than any other human creation, a building represents the social context; building is a social act which nearly always takes place in in the social arena* (1996: 6). Die werk van Gympel was rigtingaanwysend in die benadering wat in hierdie studie gevolg is.

Oor Suid-Afrikaanse argitektuur is bekende bronne geraadpleeg, waaronder dié van Biermann, De Bosdari, Fransen, Greig, Lewcock, Picton-Seymour, Simons en Trotter. Die meeste van hierdie bronne handel oor 'n spesifieke deel van Suid-Afrikaanse argitektuur. Hoewel hulle nie rigtinggewend was in die benadering van die studie nie, het hulle inligting verskaf waarsonder die studie nie gedoen sou kon word nie. Die boek van Greig (1971) het die wydste perspektief op Suid-Afrikaanse argitektuur verskaf.

Bronne oor die daaglikse funksionering van die bank

Bronne oor die finansiële dienste en produkte van die bank is op baie beperkte skaal geraadpleeg en ekonomiese konjunktore gedurende die tydperk van 1862 tot 1942 is nie geanaliseer nie. Dit is doelbewus vermy omdat hierdie kultuurhistoriese studie nie daardie aspekte van die bank se aktiwiteite insluit nie. In die hoofstuk oor die bank se funksionering is veral aandag gegee aan die raamwerk waarbinne die bank moes funksioneer en in die bestuur daarvan as aanduiding van beplanning, doelwitstelling en algemene "stuurmanskap" van die bank.

Bronne oor die ontstaan van die bankwese wat geraadpleeg is, was feitlik en beskrywend. Ergang gee 'n beskrywing van bankiers in die Romeinse Ryk, waar rentekoerse reeds in 50 vC bestaan het (1967: 122). In sy beskrywings van Europese ontwikkeling dui hy die groei van die bankwese aan die einde van die Middeleeue as gevolg van groeiende handel aan (Ergang 1967: 133). Hy analiseer die rol van slawehandel gedurende die 15de eeu in die bankwese (1967: 131) en beskryf die opkoms van die bankwese in Brittanje in die 17de eeu (1967: 140).

Van Doren het die ontstaan van bankwese in konteks gebring met ontdekkingsreise en handel (1991: 178). Ook Pevsner gee 'n uiteensetting van die ontstaan en groei van die bankwese. Hy voer dit terug na die vroeë 15de eeu in Italië, met klem op die belangrikheid van die lande om die Middellandsesee en handelaars soos die Medici- en ander ryk families in dié verband (1976: 194 - 198).

Die belangrikste bronne vir hierdie hoofstuk was die primêre bronne oor die bank in die argief.

1.4.4 Bronne oor Standard Bank

Oor die jare is vyf boeke oor Standard Bank in Suid-Afrika gepubliseer.

Chronologies is die eerste boek dié van GT Amphlett. Dit is in 1913 gepubliseer ter herdenking van die bank se 50ste bestaanjaar en die volle titel daarvan is *History of the Standard Bank of South Africa Ltd 1862 - 1912*. Die boek is 'n beskrywende geskiedenis van die bank, met heelwat klem op verklarings van direkteure en oor die groei van die bank. Dit handel ook oor reserwes gehou, ekonomiese konjunktore en die ontdekking van diamante en goud. Amphlett gee 'n oorsig van vordering met die bou van spoorweë en algemene ontwikkeling van die land. Enkele feitefoute kom voor. Die boek het ten doel om die groei en belang van die skrywer se werkgewer te dokumenteer en is daarom nie volkome objektief nie. As geheel het hierdie bron egter 'n bydrae gelewer tot begrip van die vestiging en ontwikkeling van Standard Bank vanaf 1862 tot 1912.

Vir gebruik in sy boek het Amphlett afgetrede bankamptenare gevra om hul herinneringe op skrif te stel en aan hom te voorsien. Verskeie het positief gereageer. Amphlett was nie gesond nie en het gesterf voor die boek gepubliseer is. Hoewel dit tog gepubliseer is, is die herinneringe nie in die boek opgeneem nie. Met die herdenking van Standard Bank se 100-jarige bestaan in 1962 is 'n verdere gedenkboek gepubliseer. Die binneblad van die boek bevat die verklaring:

Die eerste honderd jaar van die Standard Bank, gegrond op ongepubliseerde materiaal, gekeur, saamgestel en aangebied deur HA Henry en geredigeer deur HA Siepman, 'n voormalige direkteur van die Bank van Engeland. Afrikaanse weergawe deur GA Watermeyer (1963 : binneblad).

(Die verklaring is nie korrek nie, aangesien daar in die boek verwysings is na die gepubliseerde werke van Amphlett en ander. Daar word ook redelik baie gebruik gemaak van gepubliseerde koerantberigte.)

Henry se werk gee 'n chronologiese verloop van die bank se geskiedenis, soos vanuit die bank se oogpunt benader, met insluiting van die eerste 50 jaar waaroor Amphlett geskryf het. Die

bank het bedrywighede gedurende daardie 50 jaar in Afrika uitgebrei en Henry gee baie aandag daaraan, met beskrywings van mense, behuising en kleredrag in lande soos Uganda en ander Afrikalande. Die fokus van die bron is hoofsaaklik op finansiële aspekte, waaronder die dispuut oor die oprigting van 'n reserwebank in Suid-Afrika, tegniese aspekte in verband met geld by uniewording, die goudstandaardkrisis van 1931 - 1932, valutaregulering, die raad wat die bank aan regerings en finansiële owerhede gegee het, oorgrens-betalings, lae rentekoerse vir regeringslenings, die moontlikheid van 'n staatsbank en ander tegniese aspekte wat nie vir die studie as van sentrale belang geag is nie. Hierdie bron is nie geskep om objektief te wees nie en die nut daarvan was redelik beperk.

'n Derde boek oor Standard Bank is in 1979 gepubliseer. Die titel van die Afrikaanse weergawe is *'n Baanbrekerbank in 'n baanbrekerland*. Dit is saamgestel deur Carolyn Terry.

Die herinneringe wat Amphlett bykans sewentig jaar vantevore van voormalige bankamptenare aangevra het, het behoue gebly en Terry het dit benut in haar boek.

As inleiding tot die boek skryf sy:

Hierdie boek gee [...] nie voor om 'n geskiedenis van die Standard Bank te wees nie. Die werke van GT Amhplett en JA Henry het die chronologiese ontwikkeling van Standard Bank van 1862 tot 1962 pragtig te boek gestel. Hierdie publikasie poog om die humoristiese sy van Standard Bank, die personeel en die kliënte weer te gee [...] (1979: Voorwoord, gp).

Hierdie herinneringe en vertellings gee 'n insig in die leef- en werkervarings van bankbeamptes van 1862 tot vroeg in die 21ste eeu. As bron het dit feite en datums verskaf wat van feitelike belang was. As geheel gee dit 'n indruk van die etiek, etiket, spangees en korporatiewe kultuur van die tydperk waaroor die studie handel.

'n Vierde boek oor Standard Bank is in 1987 gepubliseer met die titel *The confidence of the whole country. Standard Bank reports on economic conditions in Southern Africa, 1865 - 1902*. Die boek is uit Standard Bank se argivale bronne saamgetel deur A Mabin en B Conradie. Dit is 'n indrukwekkende werk, in geheel gebaseer op primêre dokumente en by uitstek geskik vir die studie van ekonomiese geskiedenis. Beide die tydperk waaroor die boek handel en die klem op ekonomiese op- en afswaai het die direkte waarde daarvan vir hierdie studie aan bande gelê.

Tydens die 150-jarige bestaan van Standard Bank in 2012 is 'n vyfde boek oor die bank gepubliseer. Die titel daarvan is *Hoisting the Standard* en die samestellers daarvan was R Steyn en F Antonie. Die boek verwys samevattend na dieselfde geskiedenis as dié van Amphlett en Henry en gaan in veel groter besonderhede in op die oorname van Standard Bank

deur 'n Chinese groep, besigheid in Afrika, filantropiese optredes en hedendaagse temas. Dit was van veel minder nut as die voorafgaande boeke oor die bank.

Die bank het 'n interne nuusblad, bekend as *Bits and Bytes*, wat op ongereelde grondslag elektronies aan bankpersoneel gestuur word. Dit word deur die bank se Erfenissentrum saamgestel en die inhoud daarvan is meestal geskiedkundige brokkies uit die argief. Hierdie elektroniese nuusbrief gee van die komiese en ander gebeure in die lang geskiedenis van die bank weer. Die nut daarvan as bron het tot 'n groot mate gelê in die feit dat aspekte van die bank se bestuur wat nou as ongelooflik of selfs lagwekkend aanvaar word en daarom in die nuusbrief ingesluit word, eens op 'n tyd die amptelike beleid van die bank was. Dit bevestig die veranderlikheid van die mens en sy kultuur.

Dit word beklemtoon dat hierdie studie nie 'n chronologiese beskrywing van Standard Bank se geskiedenis is nie. Hoewel die studie en die bostaande bronne breedweg oor dieselfde onderwerp handel, is daar geen ooreenkoms tussen die invalshoeke van die studie en die verskillende bronne nie.

1.4.5 Bronne oor ander banke in Suid-Afrika

Die Stellenbossche Distriksbank het in 1882 tot stand gekom. In 1982 is 'n gedenkboek ter herdenking van die bank se eerste 100 jaar gepubliseer. Die titel daarvan was *Die Stellenbossche Distriksbank 1882 - 1992* en die samesteller was B Booyens. Hy wys daarop dat daar tussen 1836 en 1853 een-en-dertig distriksbanke in die kolonie gestig is, maar dat 23 van hierdie distriksbanke teen 1882 verdwyn het. In teenstelling met die Stellenbossche Distriksbank was (en is) Standard Bank nie 'n distriksbank nie. Dit het doelbewus daarna gestreef om 'n nasionale bank te word. Booyens se onderwerp is uiteraard ten gunste van distriksbanke en sy goed-gedokumenteerde boek stel die distriksbanke se sienswyse baie duidelik. Daardeur dra hy nie net by tot die duideliker omlýning van die verskille tussen die twee tipes banke se benaderings nie maar gee insig in die voor- en nadele van elk.

CL Engelbrecht het twee boeke oor die vroeë Volkskasbank en een oor geld in Suid-Afrika gepubliseer. Die een boek is getitel *Die bank van Oom Bossie* (1978). 'n Tweede een se titel is *Van akker tot eik, die verhaal van Volkskas* (gd) en die derde een se titel is *Geld in Suid-Afrika* (1987). Die boek oor geld sny sekere banksake aan maar handel nie oor enige spesifieke bank nie.

Die eerste twee van hierdie bronne gee menslike ervarings en herinneringe weer, binne die konteks van Volkskas. Hul waarde vir hierdie studie is daardeur eniger mate beperk maar op indirekte wyse het hulle 'n bydrae gelewer tot begrip vir die eiesoortigheid van die bankwese in

Suid-Afrika. Die derde werk het 'n oorsig oor die ontwikkeling van betaalmiddele in Suid-Afrika gegee en was nie van nut vir hierdie studie nie.

1.4.6 Die bank en die omgewing

Gedurende die tydperk wat die studie dek het die omgewing altyd ingewerk op die bank en al sy komponente. Die invloed was beide fisies en metafisies van aard. Algemene bronne in hierdie verband, veral oor droogtes, siektes soos die runderpes, die Groot Griep en phylloxera, was maklik bekombaar. Ook oor opstande en militêre konflikte was daar geen tekort aan bronne nie, hoewel die uitwerking daarvan, spesifiek op die bank, nie altyd maklik navorsbaar was nie.

Veral op metafisiese vlak het die bank ook 'n invloed op die omgewing gehad. Inligting vir die studie in dié verband is deels van plaaslike media en deels uit korrespondensie van takbestuurders met die algemene bestuurder gevind.

HOOFSTUK 2:

DIE GEOFISIESE EN GESKIEDKUNDIG-POLITIEKE KONTEKS WAARBINNE STANDARD BANK ONTSTAAN HET

2.1 Die konteks waarin Standard Bank ontstaan het

Suidelike Afrika (later die Unie van Suid-Afrika en ander state), is die plek waarbinne Standard Bank in 1862 tot stand gekom het, waarby die bank moes aanpas en waarbinne dit moes bestaan en suksesvol funksioneer. Hierdie plek was tydens die ontstaan van die bank nie 'n staatkundige eenheid nie maar was 'n eiesoortige geofisiese en metafisiese werklikheid wat deur geologiese, geografiese, ekonomiese, geskiedkundige, politieke, kulturele en ander faktore geskep en gevorm is.

Die geskiedenis van die streek het nie begin met die fisiese vestiging van Van Riebeeck en sy klein groepie Europeërs aan die Kaap nie. Die vestiging van Europese begrippe van geld en geldhantering wat daarmee gepaard gegaan het, was egter op nie-tasbare vlak 'n belangrike nuwe aspek wat saam met die Europeërs gekom het, waarbinne die toekomstige bankwese gekontekstualiseer moet word.

Om die inplanting van Standard Bank in 1862 in hierdie vooraf-gevormde werklikheid/omgewing en die funksionering van die bank daarbinne, te verstaan, moet dit met beide die geofisiese en die metafisiese aard daarvan in konteks gebring word. Die *geboorte* van die bank het in 'n bepaalde omgewing gebeur. Hierdie omgewing was die resultaat en produk van 'n groot kompleksiteit van voorafgaande gebeure, faktore en invloede (Meyer in Pretorius (red) 2012: 25 en verder). Nadat die bank in daardie omgewing ingebore is, moes dit daarbinne oorleef en suksesvol funksioneer. Toynbee se toepaslike beskrywing is: *Birth is a single act: growth is a continuous process* (1979: 131). Die aard van die omgewing waarby die bank moes aanpas was nie staties nie en die bank moes by 'n dinamiese, immer-veranderende omgewing aanpas (kyk na figuur 1.1: die model van kultuurkomponente, hul stoflike en nie-stoflike dimensies, binne die konteks van die omgewing.)

Geologiese vormingsgebeure val buite die veld van hierdie studie maar geografiese, ekonomiese, geskiedkundige en politieke vormingsgebeure moet in ag geneem word en word in die studie in konteks geplaas.

Soos hierbo aangedui, is die bank, nadat dit binne daardie bepaalde omgewing van plek en tyd tot stand gekom het, steeds beïnvloed. Die aard van die verhouding het egter 'n belangrike verandering ondergaan: gebeure, faktore en invloede wat voor die tyd bygedra het tot die skep van die situasie waarbinne die bank ontstaan het, se invloed op die bank was hoofsaaklik metafisies van aard. Met die bank se skep van 'n fisiese teenwoordigheid in die streek in 1862 het die invloede wat daarop ingewerk het veel meer van 'n fisiese dimensie bygekry. Daarbenewens het die aard van die verhouding tussen bank en omgewing die karakter van wisselwerking aangeneem: terwyl die bank deur die omgewing beïnvloed is, was die teenoorgestelde ook waar. Voorbeelde van invloede deur die omgewing op die bank sal in die studie toegelig word, soos ook die bank se invloed op die omgewing. Laasgenoemde sluit finansiële hulp en dienste aan boere, invoerders, uitvoerders, myners, regerings op verskillende vlakke en raad aan owerhede in (Henry 1963: 136).

2.1.1 Die belang van gebeure, faktore en invloede

Ten einde die werklikhede soos dit by die koms van die bank bestaan het in breër verband te kontekstualiseer, word globale en Afrika-perspektiewe hieronder oorsigtelik weergegee.

Voor 1652 het daar nie 'n behoefte aan bankwese in Suidelike Afrika bestaan het nie. Die behoefte daaraan, hoewel baie beperk tydens die vroeë jare van die klein nedersetting aan die Kaap, het ontstaan met die vestiging van mense met 'n Europese leefwyse. Hierdie vestiging is beoordeel as 'n rasionale beginpunt vanwaar die bankwese geskiedkundig gekontekstualiseer kan word en word daarom geneem as die begin, vanwaar Toynbee aandui dinge in konteks gestel moet word: *. looking at it from the start down . and also looking at it globally* (1979: 10).

Om die vormingsgebeure vanaf 1652 tot Standard Bank se stigting in 1862 te kontekstualiseer en om die voortgesette vormingsgebeure ná 1862 te analiseer, is ses belangrike gebeure voor 1862 en vier ná 1862 uitgesonder vir analisering. Hierdie uitsondering van gebeure beteken nie dat die gebeure los gestaan het van mekaar of die enigste vormende gebeure was nie, maar dien as metode tot begreping en analisering.

Dit is nie die doel van die studie om die begrippe *gebeure, faktore en invloede* te definieer en om te poog om elkeen eksak te omskryf nie. Die terme se betekenis is naby genoeg aan mekaar om soms die gelyke betekenis te hê maar in sommige gevalle is een alleen nie voldoende om die volle begripsoordrag te kan doen nie. Nie ter definiëring nie maar as verduideliking van die begrippe, die volgende:

- Gebeure sluit die aankoms van Van Riebeeck in, maar kan ook iets wees soos die sink van 'n boot met belangrike bankdokumente op pad van Brittanje. Gebeure het dikwels 'n direkte fisiese uitwerking, maar kan ook 'n metafisiese dimensie inhou, soos die vernedering vir

Brittanje by die Slag van Majuba of die immer-talmende wrok oor die fisiese leed van swart en wit vrouens, oumense en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902.

- Faktore sluit in die klimaat en weer van die land, sowel as die uitgestrektheid daarvan en die afstand van die Londense hoofkantoor. Faktore moet in berekening gebring word by beplanning maar was meestal bekend toe die bank gestig is. Dit het dus 'n invloed op die bank, maar meestal nie 'n onvoorsiene bedreigende invloed nie. Faktore kan beide fisies en metafisies van aard wees.
- Invloede raak die bank en sy funksionering direk en kan beide voorsienbaar en onvoorsienbaar wees. Voorsienbare invloede sluit bankregulering deur owerhede in, asook die algemene doelstellings en beleid van die bank. Minder voorsienbare invloede kan kom van ontdekkings en uitvindings, van modes (soos die gebruik van volstruisvere), wêreldwye depressies, politieke en ekonomiese gebeure, oproer en oorlog. Invloede is meestal metafisies van aard en moeilik meetbaar.

2.1.2 Die belang van plek en tyd

Kultuurgeskiedkundige studies is onlosmaaklik verbind aan die faktore van plek en tyd, binne verband met mekaar.

Die faktor van plek

Ekonomiese en omgewingsfaktore het Standard Bank laat besluit om die bank in Port Elizabeth, in die oostelike deel van die Kaapkolonie (ook soms na verwys as die "Oos-Kaap") te vestig.

Die faktor van plek, 'n geofisiese faktor, is merendeels materieel/fisies van aard en staan in verband met klimaat, bodemgesteldheid en die prakties-materiële manifestasie van die stand van ontwikkeling. Dit hou dus verband met kommunikasiemiddele, die digtheid van die bevolking, die beskikbaarheid van akkommodasie en van 'n geskoolde werksmag soos bouers, messelaars, klipkappers, skrynwerkers en ander ambagslui, ekonomiese bedrywighede en die bekombaarheid van dienste. In die Burden-model (figuur 1.4) word dit aangedui as die alles-insluitende natuurlike omgewing.

Teen die middel van die 19de eeu was Afrika nog bekend as die *Donker Kontinent*, skryf Amphlett: [...] *excepting Egypt and the Colonies of the Cape and Natal, the area beyond the fringe of the coast line was mostly a blank space on the map* (1914: 2). Die suidelike sub-kontinent was fisies ver verwyder van die industriële sentra en kapitaalbronne van Europa. Daar was nie treinspoor oor groot vlaktes, brûe oor riviêre, uitgedunde roofdiere, goeie paaie, bekamping van malaria en ander siektes, telefoon- of elektroniese verbindings nie. Die fisiese gesteldheid van die plek was werklikhede waarmee die mens geleef het en het deel van die konteks gevorm waarbinne hulle hulself aangepas het. Stoomskip-kommunikasie het veertig

dae geduur tussen Engeland en die Kaap (Gutsche 1972: 8). Volgens Amphlett: [...] *the cable was not dreamt of*. (1914: 1). Hierdie faktore het die plek beïnvloed maar moet binne verband van tyd, of *periode*, gesien word.

Een derde van die Suidelik-Afrikaanse subkontinent is dorsland en dele is woestyn. Daar is ook welige tropiese en ander woude, Hoëveld graslande en hoë bergspitse. Breë riviermonde kom langs die kus voor. Binnelands het eens-groot mere opgedroog en groot brakgebiede gevorm. Op ander plekke kerf riviere openinge deur bergreekse en kom watervalle voor (Wannenburgh & Dickson 1987: 9). Die grootste deel van die binneland is op 'n plato geleë en riviere wat water vanaf die binneland dreineer, het diep ravines op pad na die see gekerf. Dit het deurgang vir voertuie bemoeilik. Suid-Afrika is 'n water-arm land, en was veel meer so in die middel 19e eeu, voordat groot wateropgaringsfasiliteite geskep is. Toegang tot waterbronne was beperk en verspreid.

Die Kaapkolonie en Natal was teen 1862 relatief onderontwikkel, beide ekonomies en polities. Ook op die gebiede van vervoer, kommunikasie en verbindingsmiddels, nie-inheemse regspraak, onderwys en ander sektore van die samelewing was die ontwikkelingsvlak baie laag. Amphlett vervolg:

The telegraph wires had only been extended to Simonstown, and inland as far as Paarl, and were being laid from Port Elizabeth to Grahamstown and King William's Town. The first railway from Cape Town to Wellington was under construction by a private Company (1914: 2).

In die middel van die 19de eeu was Suid-Afrikaanse dorpie klein en ver van mekaar. Mediese dienste en hospitale was baie skaars en siektes soos perdesiekte, swartwater, malaria en runderpes het 'n direkte fisiese sowel as metafisiese invloed op reise binne die streek gehad (Zeederberg 1971: 114). Standard Bank se beamptes is nie alleen fisies geraak deur die harde werklikhede van reis in Afrika nie; hulle het, soos ander lede van die publiek, werklik en met goeie rede gevrees vir hul veiligheid en oorlewing (Zeederberg 1971: 55). Vir enige reisiger tussen dorpe en stede was daar ook die gevaar van wilde diere en struikrowers. Reisigers moes gaan deur [...] *dense, indigenous bush, across towering mountain ranges, through swamps, across swift-flowing and crocodile infested rivers, as well as deserts*. Soms het voertuie oor afgronde gestort en soms vir dae lank in modder vasgeval (Zeederberg 1971: 11, 35, 48, 54-55, 64, 65, 159).

Vervoermiddele was spartaans: bankbeamptes en selfs 'n magnaat met groot finansiële hulpbronne soos Cecil John Rhodes het dikwels lang afstande per oskar gereis; poswaens was ongerieflik en op poskoetse moes van die passasiers hulself op die dak vasbind om nie van die

stampende voertuig af te val nie. Een bankbeampte het sy vierdae-lange reis per poskoets van Kimberley na Johannesburg beskryf as uitmergelend (Terry 1979: 146). Beskutting teen die elemente was minimaal. Al hierdie faktore moes 'n metafisiese uitwerking ook gehad het, soos ongerief, vrees en ongeduld.

Groot dele van Suid-Afrika het hoë en lae temperatuur-uiterses. Reisigers is bedags aan bloedige hitte en snags aan snerpende koue blootgestel. Goeie en gesonde drinkwater was by tye onmoontlik om te bekom (Terry 1979: 84).

Plek staan in verband met tyd. Toynbee maak die stelling: *To see history globally in the geographical sense is less difficult than to see it in time-depth* (1979: 10). Die verskil wat tyd maak, kan gevind word in 'n vergelyking van 'n reis oor lang afstande met trekdiers in 'n dorre landstreek vol roofdiere in 1862 teenoor 'n reis van dieselfde afstand in dieselfde gebied anderhalf eeu later (met moderne motors met lugversorging op geteerde paaie en brûe).

Hoewel só 'n vergelyking wel 'n mate van konteks en insig verskaf, gee dit nie genoeg diepte-insig (die *time depth* waarna Toynbee verwys) nie. Onderontwikkeltheid van die fisiese omgewing, die *plek*, moet binne die konteks van die tyd/periode gesien word. Nie alleen was die omstandighede moeilik nie: die beskibare tegnologie en middele was nie daar om hierdie fisiese uitdagings die hoof te bied nie en kulturele benaderings van die tyd, die *Zeitgeist*, was anders as in die tyd van maklike kommunikasie en die motor met lugversorging.

Dit word beklemtoon dat, hoewel die omgewing 'n bepaalde invloed uitgeoefen het op die personeel, op die dag-tot-dag funksionering van die bank, op akkommodasie van die bank en op die bank se kliëntebasis, die studie nie gegrond is op die teorie van omgewingsdeterminisme nie.

Henry skryf oor die Oos-Kaap ten tyde van die ontstaan van Standard Bank:

Sy geskiedenis begin voor die dae van die eerste poskoets in die suide toe die [...] loper met sy gesplete stok vir boodskappe en sy kopvrag, oor 'n uitgestrekte gebied die enigste bekende vorm van kommunikasie en vervoer verskaf het (Henry 1963: vii).

Die Oos-Kaap se ekonomie het in die middel van die 1850's goed ontwikkel as gevolg van wolboerdery. *Wol het die skure van Port Elizabeth gevul, die markpleine en strate met volgelaai ossewaens belemmer en was vir die meeste skepe in die hawe verantwoordelik. [...] Tussen 1862 en 1869 was wol verantwoordelik vir 73 persent (in waarde) van alle uitvoere uit Kaapse hawens.* (Henry 1963: 14). Teen 1860 het buitelandse handel vanuit die hawe van Port Elizabeth dié van die Kaapse hawe in omvang en waarde in die skadu gestel (Mabin & Conradie 1987: 1).

Die bou van die ekonomie op een produk was egter riskant. In 'n goeie voorbeeld van die uitwerking van streeks en plaaslike omstandighede op die funksionering van die bank het 'n langdurige droogte die boere in die skuld laat beland. 'n Faktor wat globaal van aard was, maar tot op plaaslike vlak gevoel is, was die einde van die Amerikaanse Burgeroorlog wat tot 'n afname in die vraag na wol gelei het, wat tot gevolg gehad het dat die Kaap se ekonomie van 1865 in resessie gegaan het (Henry 1963: 17). Binne drie jaar na die stigting van Standard Bank het die instelling groot ekonomiese druk ervaar vanweë faktore buite die bank se beheer en het die prys van die bank se aandele geval (Henry 1963: 19). Daar was boonop kommer oor die bestuur van die bank deur John Paterson en hy is in 1865 vervang deur Robert Stewart. Stewart het in April 1865 aan Londen geskryf: *These are trying times. The Colony is undergoing a severer ordeal than it ever did before* (SB ARCH 1/4/GMO Letters to London 10/4/1865).

Die tydsfaktor

In die eerste hoofstuk is onder meer aandag gegee aan die voortdurende verandering van die mens en sy kultuur. Hierdie dinamiese aard van beide mens en kultuur is een van die redes waarom 'n kultuurhistoriese studie nooit los kan staan van die konteks van tyd en plek/omgewing nie.

Een van die resultate van die bestudering van geskiedenis is die feit dat dit 'n tydkonteks verskaf. Uit die aard van die vak is dit 'n aaneengeskakelde en aaneenskakelende proses waar gebeure deur voorafgaande gebeure beïnvloed word en waar teenswoordige gebeure toekomstiges sal beïnvloed. Toynbee beskryf geskiedenis as iets waarna gekyk moet word [.] *from the start down to the present day* [.] *it also means looking at it globally* (1979: 10). Hoewel dit die ideale benadering is waarna gestreef kan word, skep dit probleme ten opsigte van praktiese uitvoerbaarheid: alles kan eenvoudig nie ten opsigte van alles anders sinvol gekontekstualiseer word nie. Hoewel daar, soos by alle menslike seleksies, 'n mate van subjektiwiteit mag insluip by 'n seleksie van vormgewende gebeure, faktore en invloede is relevansie die grondliggende maatstaf in hierdie verband.

Hierdie studie handel oor 'n spesifieke tydperk: die tydperk vanaf die stigting van Standard Bank in 1862 tot die begin van 'n nuwe era in wêreldgeskiedenis, wat ingelui is deur die Tweede Wêreldoorlog. Vervolgens word die relevante vormende gebeure wat gelei het tot die situasie in 1862 en vormende gebeure daarna geanaliseer.

2.2 Geskiedkundige kontekstualisering binne konteks van plek en tyd

2.2.1 Die globale konteks teen die middel van die 19de eeu

Teen die middel van die 19de eeu was die 1830-revolusie in Parys steeds in die geheue van Europeërs, veral die politieke leierskorps, en in 1847 het 'n verdelende oorlog in Switserland

uitgebreek (Palmer 1972: 301). Eise oor politieke regte en die verbetering van sosiale omstandighede het in 1848 aanleiding gegee tot opstande regoor Europa, wat state tot in hul fundamente geskud het (Palmer 1972: 306). Die gebruik van geweld om Britse en ander belange te beskerm was 'n aanvaarde instrument van bestuur. In Indië het Brittanje 'n opstand met ongebreidelde geweld en wreedheid onderdruk (Maude Report 1894). Sommiges het die oorsake van oproer en revolusie gesoek in té veel vryheid vir die burgers, en ander in té min. Dit sou ook 'n invloed hê op die bestuur van Britse kolonies, waaronder die Kaap (Roberts 1993: 600; Gann & Duignan 1971: 12).

Kommunikasie en verbindingsmiddels, veral internasionaal, was stadig, onderontwikkeld en onbetroubaar in die middel van die 19de eeu (Amphlett 1916: 1; Grobler in Pretorius (red) 2012: 153).

Gedurende die 19de eeu was industriële mag feitlik 'n Europese monopolie. Afrika was nie tegnologieë ingestel of gevorderd nie. Johnson wys op die Europeërs se beoordeling van inheemse volke in Afrika op grond van hul tegnologiese kennis en vaardighede. Hy skryf: *When whites first encountered African societies they saw that their technological and educational development was far behind that of Europe* (Johnson 2004: 18). 'n Strewe na "beskawing", ontwikkeling en vooruitgang van Afrika was dié basiese grondslag van die Europese benadering tot die kontinent, beweer Gann & Duignan in 'n ietwat aanvegbare stelling (1971: 210).

Teen die begin van die 20ste eeu is absolute regering (*arbitrary rule*) deur Europeërs gesien as totaal ongewens en regsoewereiniteit (*rule of law*) is beskou as die ideale stelsel (Grenville 1994: 4). Eersgenoemde was algemeen in Afrika.

Grenville spreek homself soos volg uit oor die invloed van tegnologie op die oorheersing van Europese moondhede oor kolonies:

[.] *the Westerner's feeling of superiority, crudely proven by his capacity to conquer other people more numerous [..]. Superiority, proven on the battlefield, was [..] but one aspect of his civilisation. All other people he thought of as uncivilised. A humanitarian European impulse sought to impose on the conquered peoples the Christian religion, including Judaeo-Christian ethics, and Western concepts of family relationships and conduct. At his best the Western coloniser was genuinely paternalistic. Happiness, he believed, would follow on the adoption of Western ways, and the advance of mankind materially and spiritually would be accomplished only by overcoming the prejudice against Western thought* (Grenville 1994: 5).

Europese koloniste in Afrika se benadering in hierdie verband, sê Gann & Duignan, was: *The 'natives' were but children* (1971: 210). Hoewel die Britse koloniale beleid kerstening, handel en

"beskawing" as doelwitte gehad het (Pakenham 1992: xvi), en die doelwit van die koloniale moondhede volgens Duignan & Gann vooruitgang en verbetering op alle vlakke was (1971: 210), het die koloniale moondhede geglo Afrika is eeue agter in ontwikkeling en dat hulle onbeperkte tyd gehad het om hierdie doelwitte te bereik. Hulle was onder die indruk dat [.]
White rule supposedly would last for many generations, perhaps for centuries (Gann & Duignan 1971: 15).

Veral die Britte het aan hul eie meerderwaardigheid geglo. Dié koninkryk is beskryf as . *the greatest civilised power on earth* (James 1996: 209) en daar is nie aan getwyfel dat dit tot die voordeel van gekoloniseerde mense sou wees om onder Britse bestuur te kom nie. *The benefits brought to the indigenous peoples of Africa and Asia by the imposition of Western rule and values was not doubted by the majority of white people* (Grenville 1994: 5). Verslae oor die optrede van stamhoofde, slawemeesters, toordokters, *muti*-moordenaars en absolute regeerders in Afrika het hierdie siening gevoed. Op 'n persoonlike vlak, skryf professor Edgar Brookes, uitgesproke liberalis en kampvegter vir die regte van swart mense, oor die vroeë jare van die 20ste eeu in Natal: *All around us were the Africans [..]. It never occurred to us for a moment that there was anything odd or immoral in our ruling all these people of colour according to our ideas of what was best* (Brookes 1977: 2).

Die bankwese in Engeland, waar Standard Bank sy ontstaan gehad het, het reeds sedert die 17de eeu bestaan en was teen die middel van die 19de eeu 'n gevestigde bedryf met streng etiese reëls en tradisies (Ergang 1967: 140).

Op nie-tasbare gebied was veral die Europese mens se kulturele en denkraamwerk teen die middel van die 19de eeu beïnvloed en gevorm deur die Renaissance, die Verligting, die Industriële Revolusie en die Hervorming.

Die verskille, hoofsaaklik kultureel en metafisies, tussen die Europese *inkommers* en inheemses van Afrika sou ernstige langtermyngevolge hê, wat die Bank ook direk sou raak en beïnvloed.

2.2.2 Die Afrikakonteks teen die middel van die 19de eeu

In die 19de eeu het die geskiedenis van Afrika (ook suid van die Sahara) en Wes-Europa veel nouer verstrengel geraak as wat dit ooit vantevore was. Vir die eerste ses dekades van daardie eeu, tot met die stigting van Standard Bank in 1862, was Brittanje en Frankryk die enigste groot moondhede in Wes-Europa. Portugal was 'n staat met Afrikabelange maar is nie gereken as 'n groot moondheid nie. Holland en Denemarke het geen belange meer in Afrika gehad nie.

Die Britse parlement het in 1807 die *Abolition of Slave Trade Act 1807* aanvaar. Dit het die invoer van slawe deur Britse hawens verbied. Slawerny is ingevolge 'n wet van Desember 1833 van die volgende jaar af vrygestel, ook in Suid-Afrika en ander Britse gebiede (Davenport 1977:

33) maar het daarna steeds in Afrika voorgekom. Die resultate daarvan was vir 'n lang tyd daarna beide fisies en geestelik ontwrigtend en vernietigend. Livingstone beskryf 'n reis in 1866 waarop hy en sy geselskap deur streke getrek het wat ontvolk is deur die Arabiese slawehandelaars. Hy beskryf: *village after village all deserted and strewn with corpses and skulls. [...] Because of raids by the slavers, there are no people here now in these lovely wild valleys* (Huxley 1973: 272). Mense is deur slawehandelaars na die kus van Afrika gebring, vanwaar hulle onder onmenslike omstandighede en met groot lewensverlies na ander kontinente vervoer is. Die slawehandel sou onmoontlik gewees het sonder die samewerking van inheemse leiers en Arabiere. Hulle het slawe aan verskeie Europese lande verskaf. Die wêreldwye Britse slawernystelsel alleen, waardeur Suid-Afrika geraak is, is in 1853 deur die Amerikaanse skrywer Henry Carey beskryf as ... *the most gigantic system of slavery the world has yet seen* ... (Van Bart 2012: 9). Die Hollanders was baie minder suksesvol in hul pogings om slawe te bekom (Böeseken 1977: 69).

In die laat 18de eeu, sê Van Rensburg, ... *was Afrika as geheel vir [...] Europa weinig meer as 'n kuslyn en daarby 'n kusstrook wat nie verteenwoordigend van die binneland was nie* (1974: 46 - 47). Eers teen 1870 het Europese handelaars dieper die binneland van Afrika ingedring en nie net meer op die kus handel gedryf nie (Oliver & Atmore 1969: 105). Die groot stormloop vir kolonies in Afrika was nog nie aan die gang nie. Dit was in 'n groot mate nog 'n geslote, "donker" kontinent, uit 'n Europese oogpunt gesien, met baie *Lebensraum*, grondstowwe en potensieële markte maar sonder infrastruktuur en ekonomiese ontwikkeling.

2.2.3 Suider-Afrika teen die middel van die 19de eeu

Benewens Suider-Afrika se eie fisiese en geopolitieke realiteite is die subkontinent ook deur globale en Afrika-ontwikkelinge beïnvloed, soos wat gebeure in Suider-Afrika die res van die kontinent en die wêreld beïnvloed het. 'n Volledige analise in hierdie verband is nie prakties haalbaar nie maar vormingsgebeure vooraf en tydens die vroeë jare van Standard Bank se bestaan is relevant en noodsaaklik en word geanaliseer.

'n Deurlopende subteks deur 'n groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis is die botsing van Europese en Afrikakulture (aanvanklik aan die Kaap maar op groter skaal aan die Kaapse Oosgrens) en die fisiese konflikte wat daaruit voortgevloei het. Dit het bygedra tot groter polarisasie (ook deur die vorming van konflikterende volksmites, wat 'n dieper kulturele *geldigheid* daaraan gegee het).

Bykomend tot die Europa/Afrika verdelingslyn het nie-tasbare faktore soos stereotipering, wantroue en vervreemding tussen afstammelinge van die eerste koloniale besetting (Nederlanders, Franse, Duitsers) en die tweede (Britte), deurlopend 'n groot rol gespeel in die

gekiedenis van Suid-Afrika. Ook die inheemse kulturele groeperings het onderlinge wrywing en fisiese geweld ervaar.

In die bestaan van alle state en bevolkingsgroepe is daar uitstaande gebeure wat 'n groot invloed op die verloop van hul geskiedenis uitgeoefen het. Sulke gebeure staan uiteraard nie onafhanklik en buite konteks met mekaar nie. Seleksie van sulke gebeure volgens die graad van relevansie kan nie volkome objektief wees nie en word in Suid-Afrika boonop beïnvloed en beperk deur die beskikbaarheid van geskrewe bronne. Belangrike binnelandse gebeure, soos die stigting van *Het Volk* (1904) en ander politieke partye, van die *African Native National Congress* (later net *African National Congress*) (1912), van die *Pakt-* en *Smelterregerings* (1924 en 1933), die beweging van passiewe verset (1946 - 1948), die aanname van die *Freedom Charter* (1955), aksies van *Poqo* (1960), *Umkhonto we Sizwe* (1961), die *United Democratic Front* (1983) en ander, is sonder twyfel van vormgewende historiese belang in die skepping en dinamiek van die Suid-Afrikaanse omgewing waarbinne Standard Bank bestaan en gefunksioneer het. Dit was nie van kernbelang in die funksionering van die bank nie.

Standard Bank was betrokke by 'n baie wye spektrum van gebeure en aspekte binne die samelewing, en die geskiedkundige agterdoek wat geskep moet word om dit in konteks te plaas is gevolglik redelik wyd.

Vanuit die oogpunt van hierdie studie en binne die breë tydvak daarvan word die volgende beskou as tien van die belangrike relevante gebeure wat vorm help gee het aan die Suid-Afrika van 1862 en die sowat driekwart eeu daarna:

- die aankoms van Nederlandse setlaars, die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap (1652) en die latere oorname daarvan deur Brittanje (1806)
- die ontmoeting tussen afstammelinge van die setlaars en Bantoesprekende groepe by die Visrivier in die tweede helfte van die 18de eeu, en daaropvolgende grensoorloë
- die opkoms van Shaka en die Zuluryk aan die begin van die 19de eeu en die tydperk van grootskaalse ontworteling en uitwissing van inheemse bevolkings (bekend as Difaqane of Lefaqane) tot ongeveer 1870, met die uiteindelijke ondergang van Dingane en die verbreking van die Zulus se mag in 1879
- die aankoms van Britse en later Duitse setlaars (1820, 1857)
- die Groot Trek, die onafhanklikwording van die Boererepublieke en die anneksasie van Transvaal (1838 - 1877)
- die vernietiging van die veekuddes en kosvoorrade deur die Xhosas na voorspellings van Nongqase en haar oom Mhalakaza in 1857, (soms na verwys as die Nasionale selfmoord van die Xhosa)
- die ontdekking van diamante en goud

- die Jameson-inval (1895/96), die twee oorloë tussen die Boererepublieke en Bittanje en die Rebelle van 1914
- Uniewording, 1910
- die Eerste en Tweede Wêreldoorloë van 1914 tot 1918 en 1939 tot 1945, onderskeidelik.

Die eerste ses van bostaande gebeure het voor die stigting van Standard Bank in 1862 gebeur en vorm deel van die geografiese en geskiedkundig-politieke kontekstualisering, ook binne metafisiese verband, van die tydperk waarin die bank tot stand gekom het.

Die laaste vier vorm deel van die omgewing, ook met metafisiese dimensies, waarbinne die bank bestaan en gefunksioneer het en word verder in die studie as sodanig in berekening gebring. HP de Villiers, die voorsitter van Standard Bank in 1987, het tereg oor Standard Bank gesê: *The story of the bank is in large part the story of South Africa* (Mabin & Conradie 1987: III).

Die skeiding volgens onderwerpe hierbo is suiwer vir analitiese en praktiese oorwegings en is nie 'n aanduiding dat die gebeure los staan van mekaar nie. Die twee afdelings oor die Rebelle van 1914 en Uniewording van 1910 is doelbewus nie in die chronologies-korrekte volgorde nie maar is so gedoen omdat die Rebelle in logiese verband staan met die twee voorafgaande oorloë.

2.2.3.1 Die stigting van 'n verversingspos vir skepe aan die Kaap

Met die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap in 1652 het inheemse mense reeds daar gewoon. Die Nederlandse verversingspos wat in 1652 aan die Kaap gestig is, het beperkte doelwitte gehad en die ontwikkeling en uitbreiding daarvan het vir 'n groot deel op onbeplande en onvoorsiene wyse geskied.

Giliomee & Mbenga maak die stelling: *Die eerste Europese immigrante het intellektuele bagasie in hul koppe saamgebring wat veel belangriker as hul klere en ander besittings was* (2007: 42). Dit het tasbare Europese innovasies, soos die wiel, die ploeg, die horlosie en die naald met oog, na Suider-Afrika gebring, maar ook nie-tasbare dinge soos 'n formele, geskrewe regstelsel, die Gereformeerde godsdiens, vroeë kapitalisme en ander gebruike, behoeftes, benaderings en 'n bepaalde etiek, die meeste waaarvan gebots het met bestaande tradisies en gebruike in Afrika (Meintjes 1973: 3; Grenville 1994: 5). Die behoefte aan 'n bankstelsel, soos deur die ontdekkingsreise vanaf Europa en ander faktore geskep, het nie bestaan nie. Die bankwese is in wese 'n "koloniale" begrip: 'n Europese gebruik en stelsel ter vervulling van 'n behoefte, wat op Afrika oorgeplant is, waar so 'n behoefte nie vroeër bestaan het nie. Die geskiedenis van die bankwese in Suider-Afrika begin met en staan in verband met die vestiging van Europeërs aan die Kaap.

Fisiese omstandighede aan die Kaap, soos klimaat en grondvrugbaarheid, het 'n direkte uitwerking op hierdie metafisiese aspekte van die oorspronlik-Europese kultuur gehad en het sommige van hierdie aspekte onprakties gemaak. So was die beplanning van intensiewe boerdery, soortgelyk aan dié van Nederland, nie moontlik aan die Kaap nie en die Europeërs moes hulself geleidelik aanpas by die fisiese bodemgesteldheid van Afrika en oplossings vind vir uitdagings eie aan Afrika (Guelke in Elphick & Giliomee 1990: 69). Dit het onder meer tot veeboerdery op uitgestrekte weivelde gelei, in sekere opsigte soortgelyk aan die boerdery van die Khoekhoen. Dit het mededinging vir weivelde en waterbronne en uiteindelijke konflik tot gevolg gehad. Omgewingsfaktore soos droogtes sou die mededinging om beskikbare hulpbronne tussen verskillende bevolkingsgroepe verskerp (Elphick & Giliomee 1990: 439). Die landbou en botsings tussen bevolkingsgroepe sou 'n direkte invloed op die bankwese in Suider-Afrika uitoefen, soos aangedui sal word.

2.2.3.2 Die ontmoeting by die Visrivier

Meer as 'n honderd jaar het verstryk, skryf Oliver & Atmore, voor die nageslagte van die oorspronklike Europese setlaars in die laat 1770's in die omgewing van die Visrivier kontak gemaak het met die suid-oostelike Bantoesprekende stamme (1969: 25; De Villiers in Pretorius (red) 2012: 56). Die ontmoeting op die oosgrens van die kolonie was nie net 'n ontmoeting tussen twee uiteenlopende groepe mense nie. Op metafisiese vlak was dit die ontmoeting van twee wêreldes met uiteenlopende sosiale, politieke, ekonomiese en regstelsels en verskillende lewens- en wêreldbeskouinge.

Eensyds was daar mense wat beïnvloed is deur, onder meer, die Renaissance in Europa, die Eeu van Verligting, die sienswyses van die Amerikaanse filosoof/politikus Thomas Jefferson en die filosoof/ekonoom Adam Smith (skrywer van die grensverskuiwende boek *The wealth of nations*) en die Industriële Revolusie (Morris 1973: 115; Trombley 2011: 123; Van Doren 1991: 214). Andersyds was daar mense met 'n selfvoorsienende agrariese ekonomie met sterk stamverbindings en gebruike en leiers met absolute mag sonder 'n skeiding tussen regsprekende, uitvoerende en wetgewende gesag (Mostert 1992: xvi).

Omtrent al wat die twee groepe in gemeen gehad het, was hul behoeftes aan water en weiding en hul menslike geneigdheid om geweld aan te gryp ter beslegting van geskille, ('n tendens waarvoor Einstein en Freud 'n interessante briefwisseling gevoer het in 1932 (http://www.freud.org.uk/file-uploads/files/why_war.pdf)). Dit sou lei tot 'n samelewing van groot diversiteit en potensiële konflik, 'n werklikheid wat 'n invloed op alle toekomstige ontwikkelinge sou uitoefen, ook op die bankwese.

Een van die vroeë resultate van wedywing om dieselfde bronne was verskeie verwoestende grensoorloë. Dit was ook aanleidend tot 'n volksmigrasie, wat bekend sou staan as die Groot

Trek. Die Groot Trek sou tot verkenning van die binneland en later tot die ontdekking van diamante en goud bydra.

Benewens die fisiese verwoesting en skade wat deur die grensoorloë veroorsaak is, was daar groot metafisiese gevolge. Die groepe self is verander deur die oorloë, terwyl daar tussen groepe 'n polarisasie en die verharding van gesindhede ingetree het. Soos in die geval van alle bevolkingsgroepe wat veg vir hul oorlewing, het die oorlewingstryd volksmites aan beide kante geskep en helde het na vore getree as rolmodelle vir dapperheid en selfopoffering. Enkele voorbeelde van verhale oor volkshelde aan die Afrikaner- en Engelse kant, almal uit groepbotsings gebore, sluit in die verhale van Paul Kruger, Piet Retief, Dirkie Uys, Teresa Viglione, asook dié van John Chard, Dick King, John Jarvis Bisset en Elizabeth Salt, die jong vrou wat tydens die aanval van die Xhosas op Grahamstad op 22 April 1819 met 'n vaatjie buskruit tussen die vegtende hordes vanaf die dorp na die kaserne gestap het om die verdedigers daar se voorrade aan te vul (Grobbelaar 1980: 60,104,114).

Die bestaan van volkshelde, gebore ook belangekonflik, en hul verering deur standbeelde en plekname sou versoening en nasiebou in die verre toekoms kompliseer.

2.2.3.3 Die opkoms van Shaka en die Zulus, die Difaqane en die oorwinning van Britse imperialisme oor die Zulus

Aan die einde van die 18de eeu is Shaka Zulu in Natal gebore. Hy sou binne 'n relatief kort tyd die heerser oor alle clans tussen die Drakensberge en die see word (Morris 1965: 53). Verskeie clans, ook buite Natal, is in die proses totaal uitgewis. Ander is ontheem en hulle het op hulle beurt weer ander groepe aangeval en voor hulle uitgedryf. Oliver & Atmore beskryf dit so:

[.] the Sotho-Tswana peoples of the High Veld clashed upon one another like an avalanche of stones rolling down a hillside. Thousands of displaced people wandered over the Veld or sought refuge in the mountains. (1969: 56).

Morris bevestig: *[.] the chain reaction that had now been initiated had a profound effect on the history of southern Africa (1965: 55).* Monica Wilson skryf oor die gevolge daarvan:

Old settlements were abandoned, ancient chiefdoms disappeared; new groups came into being and in turn dissolved; and, as food became scarce, demoralization set in and there was widespread cannibalism (1982: 391).

Grootskaalse transformasie en die dood van derduisende mense het plaasgevind in die tydperk, wat as die *Difaqane* of *Mfecane* bekend geword het (Visagie in Pretorius (red) 2012: 109; Edgecombe in Cameron 1987: 115, 121). Oor die volle omvang van hierdie gebeure op nie-materiële kultuur, kan net bespiegel word.

Op politieke gebied is die sosiale struktuur en weerbaarheid van inheemse stamme só ontwig, skryf Eric Walker, dat 'n paar deurslaggewende veldslae die Trekkers in beheer geplaas het van 'n oop gebied waarvan die meeste inwoners óf gedood is óf ontheem is deur die *Mfecane* (Walker, in McEwan 1986: 409)

Sir Bartle Frere, wat in 1877 goewerneur aan die Kaap geword het, het soos Theophilus Shepstone geglo dat potensiële magsbasisse wat teen Britse gebiede gebruik kan word uitgewis moes word. *During 1878, skryf James, Frere and Shepstone conspired to engineer a war with the Zulu king Cethswayo, ignoring the fact that he showed no hostility towards his southern neighbour, Natal* (1996: 257). Hierdie stellinginname word gesteun deur Davenport (1977: 130) en Muller (1981: 310). Grobler maak die stelling:

Met die vaste voorneme om die Zulumag te vernietig, het sir Bartle Frere, die Britse Hoë Kommissaris, aan die einde van 1878 'n onredelike ultimatum aan Cethswayo gestuur. Die Zulukoning kon nie aan die eise in die ultimatum toegee nie (in Pretorius (red) 2012: 158).

By die gevolglike Slag van Isandlwana op 22 Januarie 1879 het die sterkste militêre mag wat Swart Afrika ooit geken het, volgens Morris (1965: 387), die Britse magte, onder aanvoering van lord Chelmsford, verslaan. Volgens Hattersley het meer as 1 200 persone aan Britse kant en 'n onbekende aantal Zulus gesterf (1972: 153). Donald Morris verstrek meer gedetailleerde getalle, wat insig gee in die omvang van die slagting. Hy verduidelik:

There had been almost 1 800 men in the camp at Isandlwana at noon - 950 Europeans and 850 Natal . [Blacks] by late evening 55 of the Europeans were still alive, . Perhaps 300 Natal . [Blacks] still survived; 470 of their bodies were found in the camp and along the fugitive's trail. The rest had vanished, but scores must have been hunted out of the kraals and crannies and killed far from the field. Six full companies of the 2nd Warwickshire had died without a single survivor - the 24th Regiment had lost 21 officers and 581 men. The Royal Artillery had lost 68 men. The Natal Mounted Police counted 26 dead troopers, the Natal Carbineers 22, the Newcastle Mounted Rifles seven, and the Buffalo Border Guard had lost three men, half the strength it had left in the camp. Of the Europeans who had officered the native units, 84 were slain (1965: 387).

Toe die uitslag van die geveg aan Cethswayo oorgedra is, het hy gesê daar is nie genoeg trane om oor die gestorwenes te treur nie. Volgens Morris was die verliese aan Zulukant *fearful* en het Cethswayo gesê: *An assegai has been thrust into the belly of the nation* (1965: 387).

Standard Bank se algemene bestuurder het op 25 Januarie 1879 op somber toon aan Londen verslag gedoen oor die geveg. Hy het ook kommer uitgespreek dat die veldslag aan swart

mense nuwe moed sou gee en dat die oorlog moontlik daardeur verleng kan word. Hy was besorgd dat . *it may [...] disturb the other native races, besides the Zulu, on and within the borders of Natal and this Colony* (SB GMO 3/1/8).

Vroeg in Februarie 1879 het hy verslag gedoen dat geen verdere belangrike botsings voorgekom het nie en dat op versterkings gewag word (SB GMO 3/1/8 Letters to London 7/11/1879).

Gedryf deur 'n ambisie om sy persoonlike reputasie na Isandlwana te herwin, het lord Chelmsford voorberei vir verdere oorlog. Dit het hy gedoen terwyl hy geweet het sir Garnet Wolseley is op pad om hom van sy bevel te onthef en ondanks terughouding en vredesovertures van Cethswayo. Op 4 Julie 1879 is die Zulus by Ulundi verslaan. 'n Voortvlugtige Cethswayo is in Augustus van daardie jaar gevange geneem en vir drie jaar in Londen aangehou (Lacour-Gayet 1977: 148).

In Londen is die nuus van die oorwinning met groot vreugde ontvang (Walker 1947: 384). Standard Bank se algemene bestuurder het ook daarvoor verslag gedoen (SB GMO 3/1/9 Letters to London 18 Julie 1879). Natal is gesien as oop vir die groter vestiging van Britse besighede, met insluiting van die bankwese.

Die mag en die ryk van die Zulus en hul kulturele hegemonie is verbreek. Hulle is fisies van hul tradisionele woonplekke verwyder en oor Natal versprei.

2.2.3.4 Die Britse en Duitse setlaars

Ná die oornam van die Kaap deur Brittanje, het die koloniale moondheid die werf en plaas van Europese immigrante in die kolonies gesien as 'n metode om die kolonies ekonomies op te bou.

Britse setlaars

Die Xhosas en Kaapse regering het in 1778 ooreengekom dat die Groot Visrivier die oosgrens van die kolonie sou vorm. Vyandelike invalle deur stamlede het egter voortgeduur (Hockly 1970: 516). In die Vyfde Grensoorlog van 1819 is die Xhosas weer teruggedryf oor die Visrivier en nog later tot oor die Keiskammarrivier, verder oos.

Van die universele probleme deur koloniale owerhede ervaar was arbeidstekorte en die metafisiese aspek van werketiek. Koloniale moondhede wou kolonies, wat meestal agraries en onontwikkeld was, ontgin sodat hulle as verskaffers van grondstowwe kon dien. Hulle wou die kolonies opbou as afsetgebiede vir produkte uit die meestal geïndustrialiseerde koloniale moondhede. Die skep van 'n sogenaamde hardwerkende Europese arbeidsmag in die kolonies, met 'n Europese werketiek en progressiewe idees, om gevorderde landboupraktyke en ambagte te beoefen en om die kolonies effektief te bestuur, is gesien as 'n sinvolle benadering. Dit was

ook die benadering van die Britse regering ten opsigte van die Kaap (Gann & Duignan 1971: 210).

Britse goewerneurs soos Caledon en Cradock het hulle al beywer vir die werwing van Britse immigrante vir die Kaap. Die einde van die Napoleontiese oorloë het 'n ekonomiese afswaai en werkloosheid in Europa tot gevolg gehad en in 1820 was die omstandighede in Brittanje gunstig vir die werwing van emigrante. Aan die Kaap was 'n groot tekort aan ambagsmanne en 200 Skotse ambagsmannne is in 1817 daarheen gebring. Deels as gevolg van die sukses daarvan, is 'n staatsgesubsidieerde emigrasieskema begin. Teen die middel van 1820 was daar reeds sowat 4 000 Britte aan die Oosgrens gevestig (Van Aswegen 1989: 182).

Na hul aankoms op die Oosgrens moes die setlaars onder uiters moeilike omstandighede oorleef. Die reëlins vir hul vervoer en aanvanklike verblyf was swak gedoen. Onrealistiese verwagtings is in Brittanje by hulle geskep en die werklikheid het verskil van die rooskleurige prentjie wat in Brittanje aan hulle voorgehou is. Groot menslike lyding en ontwrigting was die gevolg. Boonop was hulle yl verspreid, met groot afstande tussen-in. Hulle was nie veilig nie en by verskillende geleenthede is hulle tydens strooptogte van feitlik al hul besittings beroof. Groot getalle is vermoor. Hockly skryf in dié verband:

Apart from the heavy material losses sustained, it is worth noting that in the third of a century following their arrival in Delagoa Bay, no less than one in every twenty of the original male settlers, as well as several women and children, lost their lives in these recurring wars and intervening raids and forays [...] thus amply fulfilling the real object (to them undisclosed) of the White settlement scheme, viz. the defence of the Cape's eastern frontier. (Hockly 1970: 522).

Die Britse setlaars het vaardighede op die gebied van handel en nywerheid, en vooruitgang, saam met nuwe kulturele aspekte en benaderings, na die reeds komplekse samelewing van Suid-Afrika gebring. Dit het bygedra tot 'n nuwe werketiek, deursettingsvermoë en 'n selfstandige lewensbenadering. Omdat hulle die spit moes afbyt van rooftogte en moorde, sê Davenport, was hulle nie baie verdraagsaam oor rassegrense heen nie, soos wat gewoonlik die geval is by inwoners van grensgebiede waar konflikte voorkom (1977: 31).

Na baie moeilike aanvangsjare het Oos-Kaapse landbouers veral op die gebied van die wolbedryf 'n sukses gemaak. *In the boom years of the 1850's Port Elizabeth rose to a position of great prominence in the economy of the Cape colony* (Mabin & Conradie 1987: v). Afswaaie en normale ekonomiese konjunktore sou natuurlik volg.

Duitse setlaars

Duitse immigrante het 'n moontlik onderskatte rol gespeel in die ontwikkeling en vorming van Suid-Afrika. Hulle het in verskillende groepe en tye na Suid-Afrika gekom en 'n groot aantal het hulle in Natal, op die Oosgrens en in die Wes-Kaap gevestig (Rabe 2012: 74; Trümpelmann 1972: 186). Die vestiging van 'n groep soldate onder aanvoering van majoor-generaal baron Richard von Stutterheim in 1857 was nie 'n sukses nie, maar in 1858 het 'n groep van 2 700 op ses skepe vanaf Hamburg in Duitsland in die Oos-Kaap aangekom. In 1859 het 'n groep van 27 wynboere van Duitsland na die Kaap geïmmigreer en 'n groep van 326 families en 180 enkelinge het dienskontrakte op plase in die Wes-Kaap uitgedien voor hulle as onafhanklike setlaars aangebly het. Rondom 1877 het nog 67 families en 263 enkelinge vanaf Duitsland hulle in die Oos-Kaap gevestig en het verdere immigrante van alle dele van Duitsland en van Duitse nedersettings op die Volgarivier in Rusland na Suid-Afrika gekom (Trümpelmann 1972: 185).

Na baie swaarkry het hulle hul voete gevind. Die Kaapse regering was só tevrede met die vroeë Duitse immigrante se werkverrigting en bydrae tot vooruitgang dat die parlement in 1876 besluit het om 'n immigrasieskema vanuit noordwes-Europa van stapel te stuur. Daar was 'n gereelde toevloei van Duitse immigrante in die jare daarna. In 1878 het 20 Duitse families plase in die Hexriviervallei, langs die Jan du Toitrivier en die Breederivier gekoop.

Voor die einde van die 19de eeu het 95 families en 91 individuele Duitse immigrante ook 'n gemeenskap by die hedendaagse Phillipi naby Kaapstad begin. Die omstandighede vir landbou was ongunstig maar John X Merriman van die Kaapse regering het, nadat hy die suksesvolle Duitse boerdery in die Oos-Kaap gesien het, na bewering gesê: *If German settlers could change a stone desert into a paradise [...] why not also a sand desert?* (Blumer, soos aangehaal deur Rabe 2012: 76).

By Bethanien in Natal het 80 Duitse mans, vroue en kinders ook aan die einde van die 19de eeu 'n suksesvolle gemeenskap gevestig (Trümpelmann 1972: 185).

Die werketiek wat die Duitse setlaars na Suid-Afrika gebring het, was van groot waarde en het bygedra tot die ontwikkeling van dié wêrelddeel as 'n dinamo van Afrika. Trümpelmann maak met reg die stelling dat dié Duitse nedersettings: ... *became examples of German diligence and endurance* (1972: 185).

Beide die Britse en Duitse setlaars se handel, sendingaktiwiteite en indiensneming van Xhosas het bygedra tot die verslapping van tradisionele leiers se beheer oor lede van stamme (Davenport 1977: 31). Op ander gebiede het hulle onder meer 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Oos-Kaap en die vestiging van die wolbedryf in die streek. Nasionaal het die Britse setlaars 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van persvryheid (Hockly 1970: 524).

2.2.3.5 Die Groot Trek, die opkoms van die Boererepublieke en die anneksasie van Transvaal

Die Groot Trek het van die middel na die einde van die 1830's plaasgevind. Venter verklaar dat die oorsake vir die Groot Trek in twee kategorieë verdeel kan word: *die stoflike (materiële) en die geestelike oorsake* (1985: 16). Ook Müller bevestig dat nie-tasbare faktore bygedra het tot die Groot Trek. Hy skryf: *[.] the grievances of the Afrikaner frontier farmer were not confined to material matters .* (1981: 153). Dit is al beskryf as 'n *[.] resistance movement against British colonialism and oppression* (Du Bruyn in Cameron 1987: 127). Visagie beskryf dit as 'n reaksie op 'n situasie wat vir die boere ondraaglik geword het (in Pretorius (red) 2012: 117).

Die beperking van buskruit en verliese as gevolg van strooptogte was van die redes. Hoewel daar getuienis is dat die boere nie die vrystelling van slawe as sodanig teengestaan het nie, het die verliese as gevolg van die hantering van die vergoedingsaspek, en die feit dat hulle aan uitbuiting deur Britse spekulante oorgelewer is, bygedra tot 'n verlies aan vertroue in die Britse owerhede (Venter 1985: 18).

Nie-materiële faktore het hoofsaaklik verband gehou met bewoning-onsekerheid van plase weens probleme met grondregistrasie, ekonomiese onsekerheid en teenstand teen die Britse goewerneur aan die Kaap (vanaf 1834), Sir Benjamin D'Urban se plan om grensboere vir militêre diens in te span (Venter 1985: 18). Scholtz lê ook klem op hul ontevredenheid oor die regering, wat hulle as ontoeganklik en nie as *vaderlik* in optrede beskou het nie en wat na hul mening nie 'n Bybelse verskil tussen Christene en nie-Christene gemaak het nie (Scholtz 1970: 290). Die Groot Trek, wat gepaard gegaan het met grootskaalse ontbering, lyding en lewensverlies, het die binneland van Suidelike Afrika oopgestel, wat dit makliker gemaak het vir handelaars om hul aktiwiteite uit te brei. Dit het boerderybedrywighede en markte uitgebrei, wat onder meer tot gevolg gehad het dat meer in- en uitvoere deur koloniale hawens gegaan en meer inkomste aan doeanegelde gegenerer is. Die ontdekking van Suid-Afrika se mineraalrykdom en die lê van 'n fondament vir toekomstige ekonomiese ontwikkeling word ook deels aan die Groot Trek toegeskryf (Muller 1981: 181; Van Aswegen 1989: 274; Venter 1985: 68).

Die Groot Trek het uiteindelik gelei tot die stigting van verskeie Boererepublieke en nuwe gebiede van konflik tussen Brittanje en die grootstes van die republieke, wat tot ongekende fisiese en metafisiese verliese sou lei (Visagie in Pretorius (red) 2012: 149).

Van die verreikende metafisiese resultate van die Groot Trek, die Boererepublieke en alles wat daarmee saamgegaan het, was, volgens Visagie die *. gevoel van samehorigheid en identiteit* van die Afrikaners wat daaruit voortgevloei het (Visagie in Pretorius (red) 2012: 149).

'n Verdere gebeurtenis wat onmin tussen Britse en Afrikaanse persone geskep het, was die anneksasie van Transvaal in 1877. In Maart 1877 het die bank se algemene bestuurder aan Londen geskryf dat die Transvaal waarskynlik binnekort onder Britse gesag sou wees en het Pretoria, Potchefstroom en Lydenburg aangedui as plekke waar banktakke geopen moet word (SB GMO 3/16/ Letters to London 16/3/1877). Vyf weke later het die algemene bestuurder verslag gedoen dat mnr Rees Williams van die Bank na Kimberley gestuur is om binne bereik van die Transvaal te wag. Hy skryf:

[.] we have deemed it advisable to request him to hold himself in readiness to proceed to the Transvaal as soon as the reported annexation of the country is satisfactorily confirmed. As we feel that the extension of the Bank's operations to the Transvaal will prove a very desirable movement, we are anxious to secure the important advantage of being first in the field (SB GMO 3/1/7 Letters to London 20/4/1877).

Theophilus Shepstone, spesiale kommissaris van die Britse regering en annekseerder van Transvaal, het aangevoer dat die Transvaal se oorlog teen Sekhukhune die anneksasie van Transvaal deur Brittanje genoodsaak het. Sekhukhune het egter voor die anneksasie gevra vir vrede en die Transvaalse Volksraad het dit aanvaar, wat Shepstone se rede vir anneksasie laat verval het (Muller (red) 1981: 268). Ondanks die feit dat 'n groot Boerekommando op 6 Februarie 1877 in Pretoria aangekom het om hul teenstand teen anneksasie te demonstreer, en die Transvaalse vlag voor 'n skare van omtrent 300 mense gehys het, en ondanks heftige besware deur die Transvaalse president (Appelgryn 1979: 194 - 195), het Shepstone voorgegee dat die meerderheid van Transvalers anneksasie verkies en het hy die Transvaal op 12 Februarie 1877 as Britse gebied geannekseer (Muller (red) 1981: 268).

Appelgryn skryf dat Shepstone se anneksasie van Transvaal strydig met die bepalings van die Sandrivierkonvensie was maar dat Shepstone dit gerieflikheidshalwe oor die hoof gesien het (1979: 195). Verwysende na lord Carnarvon, die Britse Premier, skryf Krüger:

In defiance of a solemn treaty [...] he had the republic annexed in 1877. It was a fateful decision and it marked a turning point in the history of South Africa for it started a chain of events which to this day have largely influenced the destinies of the people (1969: 13).

Lord WE Gladstone, toonaangewende Liberale Party leier en viermalige eerste minister van Brittanje, het die anneksasie beskryf as *unjust and immoral* (Krüger 1969: 14). Bewyse van die mishandeling van swart mense deur Transvalers, 'n algemene bewering en een van die redes voorgehou vir anneksasie, kon na die oorname nie gevind word nie. Selfs nadat die *Anti-slavery society* aangebied het om te betaal vir sulke inligting, het niemand met sulke getuienis na vore gekom nie (Lehmann 1972: 46).

Die anneksasie van Transvaal onder skynbare valse voorwendsels, die ignoreer van vreedsame verset daarteen en die verkleinerende behandeling van vredesdeputasies na Londen het sterk gevoelens van wantroue en afkeer van die Britte by die Transvalers en ander Afrikaners tuisgebring en het bygedra tot die oorlog van 1880/1881 tussen Transvaal en Brittanje.

Die oorwinning van die Transvaal in daardie oorlog het gevoelens van vergelding by Brittanje veroorsaak, wat saam met ander gebeure en invloede gelei het tot 'n meer vernietigende tweede oorlog tussen 1899 en 1902. Die geweldige tol van die tweede oorlog het by die Afrikaners 'n voorneme geskep om hulle nooit weer deur ander groepe te laat oorheers nie. Dit het 'n uitwerking op die verhouding tussen swart en wit Suid-Afrikaners gehad (Giliomee 2003: 275).

Die verdeling van bevolkingsgroepe in Suid-Afrika is beide etnies en kultureel. Op kulturele gebied was 'n groot deel van die verskille, wantroue en wedywering tussen groepe gedurende die tydperk wat bestudeer is op metafisiese kulturele aspekte gegrond.

2.2.3.6 Die vernietiging van hul veekuddes en kosvoorrade deur die Xhosas

In die agtste grensoorlog, wat in 1853 tot 'n einde gekom het, het die Xhosas sowat 16 000 van hul mense en 'n deel van hul grondgebied verloor. 'n Longsiekte onder beeste het skade aan hul beeskuddes aangerig. Op metafisiese gebied het Britse residente wat by hul krale geplaas is die gesag van kapteins ondergrawe en sonder inagneming of kennis van stamgebruike en tradisies opgetree. Ekonomies het dit sleg gegaan en hulle het gevoel dat hul leefwyse bedreig word (Mostert 1992: 1173 - 1178).

Volgens Monica Wilson het hulle na die bonatuurlike gedraai vir uitkoms: *The pagan reaction to military defeat, loss of land, growing pressure of population, and penetration by Christian churches and schools, was to seek supernatural aid*. In dié tyd, skryf Wilson & Thompson, en ook Mostert, het die Xhosas gehoor van Russe wat Engelse in veldslae in die Krimoorlog verslaan het. In Maart van 1856 het 'n jong meisie genaamd Nongqause aan haar oom vertel van 'n gesig wat sy gesien het van mense - Russe - wat hulle sou help om die Engelse in die see te dryf as hulle al hul vee en graan sou vernietig (Wilson & Thompson 1982: 256; Mostert 1992: 1173; Grobler in Pretorius (red) 2012: 156).

Sowat vyf jaar vroeër in 1850 het 'n jong Mlanjeni van die Ndlambe soortgelyke drastiese optrede verkondig om van die Engelse ontslae te raak en het 'n groot gevolg opgebou. Hy het ook geglo dat hy Xhosakrygers bestand sou kon maak teen die Engelse se koeëls met behulp van die sap van die wortels van pelargoniumplante. Mlanjeni se optrede, saam met die onwyse en onoordeelkundige optrede van sir Harry Smith en luitenant-kolonel GH MacKinnon, het

aanleiding gegee tot 'n verdere, verwoestende grensoorlog (Harrington 1980: 174). Versterkings vir hierdie oorlog is met die Britse vloot se eerste gepantserde skip, die *HMS Birkenhead*, van die Kaap na Algoabaai gestuur maar het op 26 Februarie 1852 by Danger Point naby Gansbaai aan die Kaapse kus gestrand. Hierdie gebeurtenis het aanleiding gegee tot bekende volksvertellings en heldefigure (Potgieter 1970: 346).

Die uiteindelijke resultaat van Nonquase en haar oom se vertellings was dat die Xhosa hul beeskuddes en hul graanvoorrade vernietig het, wat volgens Nonquase daartoe aanleiding sou gee dat daar op 'n spesifieke dag twee sonne sou opkom en dat Russe op daarde dag uit die see sou kom om die Engelse in die see te dryf. Wilson voer aan dat 150 000 tot 200 000 beeste doodgemaak is (Wilson & Thompson 1982: 258).

Op die spesifieke dag het niks van die aard gebeur nie en 'n baie groot aantal mense is sonder kos gelaat. Ondanks humanitêre pogings het duisende mense as gevolg van hongersnood omgekom. Die menslike lyding was onvoorstelbaar. Mostert voer aan dat die Xhosabevolking in Brits Kaffraria tussen Januarie en Desember 1857 van 'n beraamde 105 000 tot 37 500 gedaal het (1992:1222).

Dit was 'n humanitêre tragedie van ongekende omvang, 'n materiële ramp en 'n reuse terugslag vir die Xhosa se militêre mag en sosiale organisasie. Ook op kultuurgebied het dit groot skade aangerig. Dié wat na plase gestroom het ter wille van oorlewing, moes arbeid verrig. Mostert skryf:

Thousands of Xhosa flocked immediately to offer themselves for labour in the colony, but there was an implicit understanding between Gray, Maclean and their magistrates. Food would be issued 'for a limited period . on condition of their being willing to take employment' (1992: 1217).

In imperiale kringe is na hierdie hartseer episode verwys as die *Nasionale selfmoord* van die Xhosas en dit is gesien as 'n bevestiging van die siening dat die inheemse mense die slagoffers is van bygelowigheid, liggelowigheid, naïwiteit en *silliness* (Mostert 1992: 1214). Dit kan ook gesien word as 'n poging om 'n volk te herbou wat verpletter is deur die mislukking van militêre weerstand in agt grensoorloë, asook deur die aanslag van Christelike sending en die setlaarsheerskappy en -kultuur in die algemeen (Van Eeden in Pretorius (red) 2012: 507).

2.2.3.7 Die ontdekking van diamante en goud

Die ekonomie van die sub-kontinent was hoofsaaklik agraries voordat minerale in die tweede helfte van die eeu ontdek is.

Diamante

Die Kaapse regering het in 1859 die landmeter WFJ von Ludwig na Hopetown gestuur om die gebied daar op te meet. Von Ludwig het bevriend geraak met 'n jong boer, Schalk Jacobus van Niekerk van Hopetown se omgewing. Hy het by Van Niekerk 'n belangstelling in mineralogie gaande gemaak en het hom gesê om "sy oë oop te hou" vir diamante. Van Niekerk het gedurende 1867 (Visser in Pretorius 2012: 184) besoek afgelê by 'n familie Jacobs en gesien daar is 'n buitengewone klippe tussen dié waarmee die kinders "klip-klip" (ook bekend as *five stones*) gespeel het. Hy het aangebied om die klippe te koop, maar mev Jacobs het dit aan hom geskenk. Van Niekerk het dit maande later aan 'n handelaar, John O'Reilly, gewys en hom gevra om uit te vind wat dit is. Dit is met groot skeptisisme bejeën, totdat dr William Guybon Atherstone van Grahamstad, na verskeie toetse, bevestig het dat dit wel 'n diamant van 21,25 karaat was (Roberts 1976: 5-7).

Grüter en Van Zyl vat die resultaat so saam: *Diamantenfieber brach aus, und jedermann suchte nach wertvollen Steinen* (1982: 36). (Diamantkoors het uitgebreek en almal het na waardevolle stene gesoek.)

Die voorsitter van die Standard Bank Beleggingskorporasie het in 1987 tereg gekonstateer: *No organization [...] develops in isolation: [...] it shapes its environment and is itself shaped in return* (Mabin & Conradie 1987: III). Die omgewing waarin die bank tot stand gekom het, is gevorm deur en binne die geskiedkundige konteks hierbo aangedui. Die bank het daarbinne bestaan en daarby aangepas. Van die oomblik dat die bank ontstaan het, het hy daardie omgewing begin beïnvloed, soos die bank ook daardeur beïnvloed is. Die ontdekking van diamante is 'n baie goeie voorbeeld in hierdie verband: dit het 'n baie groot invloed op feitlik elke aspek van die bank gehad maar die bank self, en bankwese in geheel, het 'n integrale deel en fasiliteerder van ontwikkelinge rondom die ontdekking geword.

Aan die begin, kort na die ontdekking van die edelstene, het Standard Bank die aangeleentheid met groot omsigtigheid benader. Teen Augustus 1867 het die algemene bestuurder in sy korrespondensie met Londen verwys na koerantberigte oor die beweerde vind van diamante in die omgewing van Hopetown. Sy korrespondensie lui onder meer: *[...] there appears now to be little doubt of the existence of diamonds in that district [...]*. (SB GMO 3/1/1 Letters to London 15/8/1867). Op 31 Mei 1869 het die bank 'n paar groot diamante wat aan die broers Lillienfeldt van Hopetown behoort het na Londen gestuur. Die algemene bestuurder het verwys na gerugte van veel groter ontdekkings maar het dit duidelik gestel dat die Bank se bestuur *[...] give no credit to the report until more intelligence is received regarding it* (SB GMO 3/1/1 Letters to London 31/5/1869).

Een van die groot aantal metafisiese aspekte wat met die ontdekking van diamante verband gehou het, was die evaluering- en inskattingdilemma vir beide takbestuurders en die bank se bestuur in Suid-Afrika. As besigheidsmense moes takbestuurders kennis neem van ontwikkelinge en toekomstige groeigeleenthede en moes hulle hul bestuur daaroor inlig. Aan die ander kant was prospektering nou verwant aan drome en bespiegeling, selfs 'n mate van dobbelary, geheimhouding, misleiding en leuens, en moes bestuurders deel van die plaaslike gemeenskappe wees maar objektiewe en rasonale oordeel aan die dag lê en nie meegevoer word deur oor-entoesiasme en groepsdinamika nie (Terry 1979: 167). Die bank se bestuur in Suid-Afrika het feitlik dieselfde dilemma ervaar in hul skakeling met en verslaggewing aan die Londense kantoor, wat weer aan aandeelhouders moes verslag doen.

Teen Desember 1869 het die algemene bestuurder versigtig verslag gedoen dat groot hoeveelhede diamante steeds ontdek word en dat dit dalk 'n belangrike deel van Suid-Afrikaanse uitvoere kan word (SB GMO 3/1/2 Letters to London 15/12/1869).

Onrus en oproer is nie goed vir die bankwese nie. Die stabiliteit van die omgewing waarbinne die bank moes funksioneer was vir die bank van groot belang. In 1870 dui die algemene bestuurder aan dat politiek-ekonomiese toestande op die diamantvelde ietwat onstabiel is en beskryf die diamantdelwers as [...] *a somewhat lawless lot* ... wat nie inmenging deur enige regering sal verdra nie (SB GMO 3/1/2 Letters to London 1/7/1870).

Aan die einde van Julie 1870 skryf die algemene bestuurder aan Londen:

[.] the excitement caused by the diamond discoveries goes on increasing and parties continue to proceed to the fields from all parts of South Africa [...]. If the yield of diamonds goes on increasing it may become a question of whether it may not be advisable to establish a branch of the bank on the fields, or at Hope Town [sic], which is the nearest colonial town distant only two days journey from the scene of operations where large profits could be made by a judicious system of advances say to the extent of 10 or 15 per cent or by undertaking the sale in Europe and accounting to finders the receipt of the result [...].

Some benefit has already been experienced by our Branch at Colesberg, which is four days journey from the diamond fields, its Note Circulation now stands at nearly 7 000 Pounds, which is about double the ordinary amount [...]. It is pleasing to know that the notes of the Standard Bank are held in high favor on the diggings and latterly come to be preferred by many even to gold (SM GMO 3/1/2 29/7/1870).

Robert Stewart, die algemene bestuurder van Standard Bank, is mettertyd tevrede gestel dat daar werklik 'n volhoubare bron van diamante skyn te wees en het besluit om 'n tak van die

bank by Klipdrift op die delwerye oop te maak. Mnr GM Cole, die onder-bestuurder van die bank se tak in Port Elizabeth, is aangewys as bestuurder vir die nuwe tak. Hy het per poskoets na Klipdrift gereis en op 12 November 1870 daar aangekom (Terry 1979: 49). Tydelike huisvesting, 'n kluis en ander toebehore sou per ossewa daarheen gaan (*Eastern Province Herald* 23/12/1870).

Die diamantontdekkings het onomkeerbare veranderinge plaaslik, op streeksvlak en selfs wêreldwyd, tot gevolg gehad. Henry gee 'n aanduiding:

Within the space of a few years the country was invaded by men of a type quite unfamiliar until then: adventurous, headstrong, impetuous men, often ignorant and unprincipled, and always impatient of any form of control, material or moral. But among them were men who, besides being remarkable for energy and enterprise, had vision and a constructive ability which enabled them to design not only their own future but that of an immense undertaking which set South Africa on the road to industrialization and all that it implies (1963: 24).

Op ekonomiese gebied, bevestig Harry Oppenheimer: *The discovery of diamonds [...] proved to be the first step in the transformation of South Africa from an agricultural into an industrial country* (Roberts 1976: voorwoord).

Benewens individue met energie en visie in die mynbedryf, was daar ook diegene wat binne 'n kort tyd kommersiële netwerke van koetsverbindings oor die subkontinent tot stand gebring het om in behoeftes te voorsien wat uit die ekonomiese oplewing gevloei het. Daar was bouers van spoorlyne, brûe, passe en paaie, waardeur kommunikasie verbeter en ekonomiese ontwikkeling (met insluiting van die bankwese) aangehelp is. Die transportryer en die kleinhandelaar, vir 'n groot deel vanuit die Joodse bevolkingsgroep, se bydrae in dié verband was beduidend. In die geheelprentjie moet in hierdie verband ook erkenning gegee word aan die bydrae van die ongeskoolde arbeider wat die basis van die mynbedryf gevorm het en ook in ander sektore van die ekonomie 'n groot bydrae gelewer het (Amphlett 1913: 69; De Jongh ea 1988: 37 en verder; Durand 1970: 9; Grobler in Pretorius 2012: 177, 312; Johnson 2004: 95; Lister 1970: 6 - 8; Mayer 1971: 42; Mayhew 1980: 202 - 203, 210 - 213; Storrar 1984: 71 en verder; Zeederberg 1971: 24).

Die sogenaamde mense van energie en visie en hul inisiatiewe sou op makrogebied die hele land, op alle vlakke, en sy ekonomie en demografie beïnvloed - ook Standard Bank en die bankwese in die algemeen. Een van die groot invloede sou verstedeliking wees, wat veral 'n groot invloed op die inheemse bevolking en die Afrikaanssprekendes sou hê. Andersyds sou die bank deur dienste en fasiliteringsaksies as katalisator optree en 'n direkte en betekenisvolle

invloed op hul kliënte en die kliënte se aksies en leefwyse uitoefen (Grobler in Pretorius (red) 2012: 176, 180).

Soos in geldsake in alle menslike samelewings sou die wisselwerking tussen publiek en banke in Suid-Afrika na die ontdekking van diamante ook 'n minder positiewe dimensie bevat. Avontuurlike mense, ...*unprincipled ... always impatient of any form of control, material or moral* (Henry 1963: 24) is deur die ontdekking van diamante na Suid-Afrika gelok en het hulself onderhou, selfs klein fortune opgebou, deur bankrowe, bedrog en tansitorooftogte.

Veral 'n Ierse sindikaat was gedurende die laaste deel van die 19de eeu baie aktief in dié opsig. Hierdie tendens het in verband gestaan met ander, vroeëre, veraf gebeure. Gebeure en beleide van die verre verlede het tot gevolg gehad dat Ierland in die 19de eeu 'n groot landlose, arm bevolkingsdeel bevat het. As gevolg van hul land se koloniale geskiedenis was hierdie bevolkingsdeel nie onbekend met struikrowery en romantiese *Robin Hood*-tipe rowers nie. Baie Ierse troepe, met hierdie eiesoortige agtergrond, is deur die Britse koloniale beleid na Suid-Afrika gebring en opgelei vir oorlewing in die veld. Die ontdekking van diamante was 'n prikkel wat 'n invloed op hulle uitgeoefen het (Van Onselen 2010: 2).

Van Onselen vervolg:

It is ironic that it was the British Army - in which, as in the church, Irishmen of deprived backgrounds were always over-represented - that did most to bring these exotic, socially marginalised individuals to southern Africa. In the late nineteenth century, Fort Napier, in the garrison town of Pietermaritzburg, acted as informal College of Banditry for delinquent Irish, teaching them how to negotiate and survive in the southern African interior while out on patrol . Like cacti in the desert waiting for a storm to unleash the moisture needed to bloom, all that was required for those of an antisocial disposition to mutate from soldiers into bandits was the emergence of appropriate socio-economic conditions. The tempest came with the mineral discoveries of the late nineteenth century.

When those [...] learnt about gold discoveries [...] they deserted by the score to make their way inland. Lacking resources, they took to banditry (2010: 2 - 3).

Hulle het bekend gestaan as die *Irish Brigade* en het hulself onder meer besig gehou as ... *coach robbers, burglars, store-breakers and highwaymen* (Van Onselen 2010: 3). Later sou hulle ook goud by goudmyne steel, brandkaste opblaas en banke beroof (SB ARCH 1/1/KGD 4 - 7; Zeederberg 1971: 157; Van Onselen 2010: 86).

'n Verdere en ietwat verrassende verband kan gelê word tussen hierdie verskynsel en globale dinamika. Twee Ierse bankrowers wat skuldig bevind is aan 'n rooftog op 'n tak van Standard

Bank en verskeie ander rooftogte en wat na ontsnapping weer gearresteer is na die berowing van swart mynwerkers, het verskeie kere probeer om polisieledes dood te maak in ontsnappingspogings. Die weiering van een rower se pistool en die refleksie van 'n koeël deur die aanhangsel aan 'n polisieman se sakhorlosie is al wat die polisieledes se lewens gered het. Toe die rowers in Oktober 1891 ter dood veroordeel is weens poging tot moord, het sterk weerstand onder Engelssprekendes ontstaan, wat normaalweg baie krities gestaan het teenoor lere. Van Onselen is van mening dat die protes in werklikheid min met plaaslike aangeleenthede te doen gehad het en deel was van 'n groter, globale, imperiale strewe (2010: 87).

Die bedreiging van bankroewe, transitoroofogte en bedrog het 'n direkte uitwerking op personeel en op die dag-tot-dag funksionering van die bank uitoefen. Ook die akkommodasie van die Bank en sy personeel sou direk en indirek daardeur beïnvloed word.

Die ervaring van mynbou en die bestaan van kapitaalkragtige maatskappye wat deur die diamantbedryf geskep is, was volgens Harry Oppenheimer instrumenteel en 'n groot bate in die ontwikkeling van die goudbedryf (Roberts 1976: voorwoord).

Goud

In 1853 het die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) 'n amptelike goudsoeker aangestel. Sy naam was PJ Marais en in Oktober 1853 het hy 'n klein hoeveelheid goud in die Jukskeiriver gevind (Visser in Pretorius (red) 2012: 187). Ook in verskeie ander dele van Suidelike Afrika is klein hoeveelhede goud gedurende die 19de eeu gevind.

In 1871 is die eerste goudmaatskappy in Transvaal gestig en in dieselfde jaar is die eerste mynwet in die Zuid-Afrikaanse Republiek aanvaar (Rosenthal 1972: 224). Die ontdekking van die goudrif aan die Witwatersrand was die belangrikste gebeurtenis in hierdie verband. Dit was nie bekend presies wie die ontdekking gedoen het en waar dit plaasgevind het nie. 'n Spesiale kommissie van ondersoek is in 1938 aangestel om hierdie feite te bepaal en het onder meer (volgens hul verslag van 1941) bevestig dat die eerste goud op of naby die Witwatersrand deur PJ Marais gevind is en dat die *Nil Desperandum Co-operative Quartz Company* die eerste maatskappy was wat ontginning van goud gedoen het (Rosenthal 1972: 226).

In Oktober 1871 het Standard Bank se algemene bestuurder vir Londen laat weet dat gouddraende riuwe in Transvaal ontdek is. Hy het baie ryk erts gesien wat van daar kom, maar is versigtig (een van die kenmerke van die bank) en maak die stelling dat [...] *it remains to be seen whether the reputed discovery is genuine* (SB GMO 3/1/3 Letters to London 2/10/1871). In 1873 is spoelgoud naby Lydenburg in Oos-Transvaal ontdek en skryf die algemene bestuurder aan Londen dat die takbestuurder van New Rush verslag gedoen het dat daar heelwat

opgewondenheid by die diamantdelwerye heers oor die Lydenburg-ontdekkings. Nie minder nie as sestion ossewaens het op daardie tyd reeds van New Rush na Lydenburg vertrek (SB GMO 3/1/4/ Letters to London 26/4/1873). New Rush sou later bekend staan as Kimberley.

Op 8 September 1886 is die grootste plase aan die Rand tot delwerygebied geproklameer. Daar was toe reeds 3 000 mense wat daar geprospekter het. Die ontwikkeling van Johannesburg het begin (Rosenthal 1972: 227) en is met belangstelling deur Standard Bank gevolg, hoewel die bank deurentyd baie versigtig was (Mabin & Conradie 1987: 201 - 202).

In September 1886 het Standard Bank 'n beampte gestuur om ter plaatse ondersoek te gaan instel en oor die situasie aan die Rand verslag te doen. Dié taak is aan mnr DP Ross, takbestuurder van Standard Bank op Philipstown, opgedra (SB GMO 3/1/20 Letters to London 15/9/1886). Die volgende maand het die algemene bestuurder soos volg verslag gedoen aan Londen:

Mr DP Ross, having visited Witwatersrandt [sic], has returned to Pretoria and telegraphed that, although an agency at the Randt [sic] might not be immediately remunerative, he is sanguine as to its future, and as other banks were making enquiries respecting the place, and diggers were anxious for us to open, we have authorised provisional occupation of the field, but purely as a tentative measure and at the least possible expense. The Pretoria Manager advises that the township will probably be called "Johannesburg", but we shall advise you of a definite name later (SB GMO 3/1/20 Letters to London 6/10/1886).

In dieselfde verslag dui die algemene bestuurder aan dat eiendomspryse in Potchefstroom in drie maande se tyd met 25% toegeneem het as gevolg van vertroue oor die toekoms van ontwikkelinge aan die Rand. Hy spreek die oortuiging uit dat ryk goudriwwe 'n werklikheid is en dui aan dat *mense van aansien* van Kimberley by die gouddelwery betrokke is. By hom was daar geen twyfel dat die delwery aan die Rand 'n groot sukses sou wees nie (SB GMO 3/1/20 Letters to London 6/10/1886).

Op kort- sowel as langtermyn het die ontdekking van goud groot implikasies vir Suid-Afrika ingehou. Alle lewensterreine en alle bevolkingsgroepe is daardeur geraak en dit word algemeen beskou as een van die aanleidende oorsake tot 'n oorlog wat die totale vernietiging van die noordelike dele se landbousektor en ekonomie tot oogmerk gehad het. Beide swart en blanke Suid-Afrikaners het daartydens groot lewensverliese gely en die invloed van daardie oorlog was meer as 'n eeu later steeds waarneembaar in Suid-Afrika. Die negatiewe nalatenskap van die oorlog is in 1905 deur Methuen beskryf as ... *lamentable results* (1905: 3).

Die ontdekking van goud aan die Rand was sonder twyfel 'n belangrike faktor in die oopmaak van die Suid-Afrikaanse binneland en een van die belangrikste gebeurtenisse op Suid-Afrika se pad na 'n geïndustrialiseerde staat; mettertyd ekonomies die sterkste in Afrika suid van die Sahara.

Die ervaring van mynbou en die bestaan van kapitaalkragtige maatskappye wat deur die diamantbedryf geskep is, was instrumenteel en 'n groot bate in die ontwikkeling van die goudbedryf (Roberts 1976: voorwoord).

2.2.3.8 Die Anglo-Boereoorloë, die Jameson-inval en die Rebelle van 1914

Gewapende konflik tussen die afstammelinge van vroeë Europese setlaars en Britse imperiale magte het veral in die laaste twee dekades van die 19de eeu en die eerste twee dekades van die 20ste eeu voorgekom. Die negatiewe invloed en nalatenskap van wantroue sou egter nog lank daarna 'n rol in die Suid-Afrikaanse samelewing speel.

Die eerste Anglo-Boereoorlog van 1880 - 1881 en die Jameson-inval

Moontlik in navolging van Britse terme is daar in Suid-Afrikaanse regerings- en sekere ander kringe 'n voorkeur vir die term *South African War* of Suid-Afrikaanse Oorlog vir die konflik van 1899 tot 1902. Die oorlog het gevolg op en was die resultaat van 'n amptelike en formele *démarche* van een soewereine regering aan 'n ander. Wat daarop gevolg het, was 'n oorlog tussen daardie twee state en hul alliansie-vennote. Die regte beskrywing daarvoor is dus die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902, soos in hierdie studie gebruik. In sommige gevalle is verwys na die tweede oorlog tussen die republieke en die Britse ryk, wat ook korrek is. Om uit 'n Britse oogpunt daarna te verwys as *The South African War* is ook aanvaarbaar. Mense buite en binne die twee staatkundige groeperings is baie nadelig geraak daardeur, maar die oorlog was tussen twee staatsregtelike entiteite, soos in die naam Anglo-Boereoorlog aangedui.

Na verskeie vreedsame pogings - onder meer twee deputasies na Brittanje - om die 1877 anneksasie van Transvaal om te keer, het die burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek aan die einde van 1880 in opstand gekom teen die Britse owerhede. Dit was 'n kort oorlog, ook bekend as die Eerste Anglo-Boereoorlog (ook genoem die Eerste Vryheidsoorlog), met groot verliese vir Brittanje, veral aan prestige. Aan Britse kant het 'n byna fanatiese behoefte ontstaan om Majuba, een van die mees vernederende nederlae wat Brittanje ooit gely het, te wreek. Die Boere, beweer Van Jaarsveld: ... *het veral na die opofferinge van goed en bloed gedurende die Eerste Vryheidsoorlog nasionalisties gedink en die handhawing van die onafhanklikheid vooropgestel. Dis tot 'n soort ideologiese waarde verhef* (1982: 223). Lacour-Gayet maak die volgende stelling oor die situasie na die eerste een van die twee oorloë: *Afrikaner nationalism had taken shape* (1977: 152).

In 1894 het Cecil John Rhodes en Leander Starr Jameson besoek gebring aan Londen, waar hulle onder meer vir koningin Victoria ontmoet het. Die koningin het opgemerk dat Transvaal nooit vir Brittanje verlore moes gegaan het nie en Rhodes het haar verseker dat dit teruggebring sou word as deel van die Britse Ryk (Lacour-Gayet 1977: 172). Rhodes was daarna vasbeslote dat die regering van president Paul Kruger van die Transvaal omvergewerp moet word ten einde Britse beheer oor die Transvaal en sy goudmyne te verkry (Rhodes 1967: 14; Geyser 2001:14, 18). Van Jaarsveld skryf: *Rhodes, wat die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag gekoester het, het haastig geword om dit in vervulling te sien gaan* (1982: 228).

Om die Transvaal weer deel van die Britse Ryk te maak, het Rhodes 'n sameswering met die groot mynbase in Johannesburg gesmee om 'n rebellie aan die Rand te begin. Die Britse regering onder Chamberlain was daarby betrokke (Pretorius in Pretorius (red) 2012: 236; Van Jaarsveld 1982: 228). Rhodes het groot hoeveelhede wapentuig na Transvaal gesmokkel en Leander Starr Jameson is met 'n sterk mag by Pitsani in die hedendaagse Botswana geplaas op grond wat deur die Imperiale regering beskikbaar gestel is (Lacour-Gayet 1982: 174). Volgens afspraak sou die Uitlanders in Johannesburg in opstand kom en sou Jameson tot hul redding kom en die Krugerregering omverwerp (Geyser 2001: 14).

Jameson was swaar bewapen met 'n paar honderd man, een 12½-pond kanon, 6 Maximgewere, en twee 7-pond kannonne (Crwys-Williams 1898: 94). Die plan het jammerlik misluk met verreikende gevolge (James 1996: 264). JC Smuts jnr sê: *The repercussions of the Raid were serious and far-reaching* (Smuts 1952: 35).

Terwyl fisiese skade relatief beperk was, was die metafisiese gevolge baie groot. Dit het onder meer gelei tot nog groter wantroue teen die Britse regering, meer nasionalisme, groter solidariteit tussen die Transvaal en Oranje Vrystaat en verslegte verhoudings tussen Afrikaanse en Engelssprekendes in die hele Suid-Afrika. Vir generaal JC Smuts persoonlik was dit 'n verraderlike daad (Krause 1944: 45). Hy het die Kaapprovinsie verlaat en in Transvaal gaan woon (Smuts 1952: 36). Ook Maria Rothmann (MER) het die Jameson-inval beskryf as die grootste keerpunt in haar lewe (Steyn 2003: 13). Die ontgogeling van hierdie twee mense kan gesien word as verteenwoordigend van 'n baie groot deel van die bevolking. Dit sou in die toekoms 'n direkte invloed uitoefen op die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika en op Standard Bank.

Die gebreke van die kommissie wat aangestel is om die skandaal te ondersoek, soos "verlore" telegramme en 'n algemene gebrek aan geloofwaardigheid, het meer ontnugtering en wrewel oor die voorval en toesmeerdery veroorsaak. Longford beskryf dit as 'n toesmeerdery (*cover-up*), en verwys na skrywers wat op grond van bewyse die premier van Brittanje se optrede

beskryf het as ... *a superb if disgraceful exercise in political survival*. Die premier self is beskryf as [...] *in it up to the neck* (Longford 1982: x).

Benewens die groter polarisasie wat die inval binne Suid-Afrika veroorsaak het, het die oënskynlik agterbakse aard van die kommissie van ondersoek wantroue teen Brittanje verhoog en die vlam van Afrikanernasionalisme sterk aangeblaas. Die wantroue wat geskep is, is ook deur Standard Bank ervaar en het onder meer tot die verlies van baie bankkliënte gelei toe 'n Afrikaanse bank later gestig is. Die inval het direk bygedra tot die vernietigende tweede Anglo-Boereoorlog wat sou volg en waardeur feitlik alle Suid-Afrikaners geraak sou word.

Die Tweede Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902

Belangebotsings van baie jare, die omsirkeling van die republieke en die strewe om die Transvaal weer deel van die Britse ryk te maak, het in Oktober 1899 uitgeloop op die Tweede Anglo-Boereoorlog, ook soms na verwys as die Tweede Vryheidsoorlog. Transvaal het in Oktober 1899 aan Brittanje 'n ultimatum gestel om die Britse troepe op die Transvaalse grense terug te trek of in 'n staat van oorlog met die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) te gaan. Die ZAR en die Republiek van die Oranje Vrijstaat het 'n verdedigingsooreenkoms gehad en met eersgenoemde se oorlogsverkkaring het die Vrystaat ook betrokke geraak. Die Britse premier, Chamberlain, was in ekstase toe hy van die Republieke se ultimatum hoor. *They have done it!* het hy uitgeroep (Farwell 1976: 47). So het nog 'n verwoestende oorlog in Suid-Afrika begin.

Omdat die vegtende Boere voorrade en inligting by plaashuise kon bekom, het die Britte mettertyd 'n beleid van *verskroeiende aarde* toegepas. Alle voedsel - oeste, skape, beeste, bokke, pluimvee - in 'n radius van 16 kilometer om elke plaas is vernietig (Pretorius in Pretorius (red) 2012: 245). Plaaswonings en ander geboue is afgebrand, vrugteboorde, heinings, watervore en krale is vernietig en selfs troeteldiere is voor kinders met bajonette doodgemaak. Groot getalle vrouens, kinders en ouer mense, wit en swart mense, is na konsentrasiekampe aangejaag. Die haglike omstandighede van hierdie mense en die afgryslike groot getalle sterftes, veral onder kinders, het 'n neerslag van bitterheid gelaat wat meer as 'n eeu later nog nie sou verdwyn nie. Die administrasie van die kampe was só swak dat die omvang van vroue en kindersterftes in swart kampe nie eers gedokumenteer is nie. Sonder inligting oor die lyding en sterfgetalle van mense in die swart kampe, beskryf Muller deel van die menslike lyding so:

Apart from the immeasurable human suffering, hardship and damage to property and possessions, it had cost the British treasury £191 000 000 to destroy the independence of the two Boer republics. Among the approximately half-a-million who participated on the British side, there were 97 477 casualties, of whom 7 091 were killed or died of wounds, and 19 143 were wounded; the rest suffered from illness, mainly dysentery. On the Boer

side 3 990 burghers were killed and 1 081 died of disease or accidents in the field. Boer statistics of wounded burghers were not kept. [...] civilian death rate and that of prisoners of war [...] brings the total figure up to 34 116. On closer examination of the Boer death rate 12% would appear to have died in battle, 6% died on commando from other causes, 17% were adults in the camps and 65% were children under the age of 16 years (Muller 1981: 361).

Een van die volkshelde vir Afrikaners wat uit die oorlog na vore getree het, was die Britse vrou Emily Hobhouse. Vir die Afrikaners het sy in groot mate alles wat goed en edel was verteenwoordig. Haar hardhandige behandeling deur die Britse militêre owerhede en persoonlike aanvalle op haar geloofwaardigheid as persoon het bygedra tot simpatie vir haar en sterk gevoelens by baie Afrikaanssprekendes teen feitlik alles Engels. Die verwoesting van die land en die verarming van die bevolking sou faktore word wat onmiddellik na die oorlog maar ook baie jare daarna 'n rol sou speel in die ekonomie en die bankwese van Suid-Afrika.

Aan die einde van die 20ste eeu sou die getalle van bevolkingsgroepe en die posisie en beskerming van die regte van Afrikaner- en ander minderhede deur 'n meerderheidsregering belangrike en deurslaggewende faktore word in onderhandelinge oor 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika. Beskuldigende vingers is meer as 'n eeu later steeds na die Britse regering gewys, wie se aksies teen nie-vegtendes 'n groot invloed op Afrikaners se bevolkingsgetalle gehad het.

Omdat die Britte voor die oorlog aangedui het dat die oorlog ook ter wille van die swart mense van Suid-Afrika geveg sou word, was die swart mense se teleurstelling groot toe die Vrede van Vereeniging aan die einde van die oorlog geen voorsiening gemaak het vir die verbetering van hul politieke posisie nie. Die kwessie oor hul politieke deelname is uitgestel tot ná selfregering vir die republieke (Kestell & Van Velden 1982: 105; Lodge 1983: 1; Mbeki 1992: 9; Muller 1981:360; Scher 2012: 256).

'n Verdere resultaat van die oorlog was die aanstel van die *South African Native Affairs Commission* van 1903 tot 1905. Hierdie kommissie, deel van die sogenaamde *Milner Kindergarten*, is aangestel om 'n eenvormige beleid ten opsigte van swart mense uit te werk. Tatz voer aan dat *Native policies of successive South African governments have remained unchanged in principle* en dat dit alles teruggevoer kan word na die aanbevelings van hierdie kommissie (1962: 6). Volgens hom het professor Edgar Brookes gesê die enigste kritiek wat teen die kommissie ingebring kan word, is die onderverteenwoordiging van die Nederlandssprekende deel van die bevolking daarin (1962: 7). Die kommissie se aanbevelings het twee beginsels vasgelê: segregasie en territoriale skeiding tussen wit en swart bevolkingsgroepe; dat dominansie deur die wit mense verseker moes word (Brookes 1962: 9).

Omarming van hierdie benadering en die latere vaslegging daarvan in wetgewing, sou mettertyd tot gevolg hê dat wetlik aan Standard Bank voorgeskryf is wie hy in diens mag neem. Dit sou ook bepaal watter personeel van die bank op die bank se perseel mag slaap en dat die bank se besigheidspersoneel aangepas moes word om afsonderlike ingange te hê. In die sosiale omgang van die bank met sy kliënte, sou wetgewing bepaal wie deur die bank onthaal mag word, waar dit mag gebeur en of wyn aan so 'n kliënt voorgesit mag word. Personeel van die bank sou onderhewig wees aan wetlike voorskrifte oor die keuse van huweliksmaats. Die kleurslagboom-beginsel en die wetlike en ander voorskrifte in hierdie verband sou aanleiding gee tot vernedering, materiële en nie-materiële skade vir swart mense, groot konflik, 'n bevrydingstryd en talmende ontevredenheid, selfs ná 'n oorgang na numeriese meerderheidsregering.

Die Rebelle van 1914

In 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. Vir baie Afrikaanssprekendes was dit ondenkbaar om saam met Brittanje te veg, veral teen Duitsland, vanwaar baie burgers afgestam het en op wie se steun in die Anglo-Boereoorlog gehoop is. Baie Engelssprekendes in Suid-Afrika het Brittanje se oorlogspoging heelhartig gesteun. Van die Afrikaanssprekendes het dit gesien as 'n geleentheid om die Boererepublieke te herstel en het gerebelleer (L'Ange 1991: 39). Die Rebelle is deur die regering onderdruk, maar nie voor die dood van etlike mense, groot skade, verdere polarisasie en die skep van meer bitterheid nie. Die teregstelling van Japie Fourie, 'n offisier in die Unie se Verdedigingsmag wat nie sy offisiërskommissie bedank het voor hy gerebelleer en etlike weermagde doodgeskiet het nie, het veral baie bitterheid veroorsaak, met generaals Botha en Smuts die skyf van skerp kritiek (Muller 1990: 314; Van der Ross 1986: 83). Dit het gelei tot 'n toename in steun vir die minder gematigde Nasionale Party van dr DF Malan (Muller 1990: 315). Die konfiskering van rebelle se eiendom en groot boetes, benewens sosiale en politieke implikasies, sou ook die bankwese in Suid-Afrika raak (Krüger 1969: 95).

2.2.3.9 Uniewording, 1910

Op 31 Mei 1910 is die vier Britse kolonies van Suid-Afrika (waarby eens selfstandige gebiede onder swart bestuur vroeër ingesluit is), in die Unie van Suid-Afrika verenig. Vir die eerste keer is verwag dat die uiteenlopende streekslojaliteite in een nasionalisme saamgesnoer moes word. Vooraanstaande blanke leiers uit al vier provinsies het vooraf bymekaar gekom en aanvaarbare kompromieë gesoek. Die swart meerderheid van die bevolking is vir alle praktiese doeleindes uitgesluit uit die politieke proses.

Die ekonomiese voordele was voor die hand liggend en grootliks onweerlegbaar. Dit het direkte en indirekte voordele vir Standard Bank en bankwese in die algemeen ingehou. Henry beweer

dat Uniewording tot gevolg gehad het dat Suid-Afrika tien jaar ná die vernietigende oorlog en tot met die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog ekonomiese voorspoed belewe het (1963: 164).

Politieke regte van die swart mense binne Unie-verband is deur blanke verteenwoordigers by die Nasionale Konvensie aangespreek maar geen swart mense was deel daarvan nie. Die resultaat was dat die sogenaamde kleurslagboom (differensiasie tussen swart en wit) van krag gebly het. Dit is in die grondwet ingesluit en is deur die Britse parlement in die wet op die Unie se grondwet bekragtig. Uiteraard was dit 'n groot en bitterre teleurstelling vir die klein swart professionele middelklas (Lodge 1983: 1; Mbeki 1992: 16). DDT Jabavu het die volgende daaroor te sê gehad: [...] *the natives did not want predominance, they did not claim majority rights, but only such privileges as would not conflict with the maintenance of European rule* (Roux 1966: 72 - 73). Hierdie uitsluiting was een van die faktore wat daartoe gelei het dat 'n landwyse organisasie vir die verkryging van die stemreg vir swart mense in 1912 in Bloemfontein gestig is: die South African Native National Congress (later ANC).

Van 'n verstote gemeenskap sonder bevredigende regeringsdeelname en -verteenwoordiging sou die swart mense van Suid-Afrika in die toekoms die regerende elite word, met die ANC aan die spits.

2.2.3.10 Die Eerste en Tweede Wêreldoorloë

In Augustus 1914 het Brittanje by die Eerste Wêreldoorlog betrokke geraak en die Suid-Afrikaanse regering gevra om die Duitse radiostasies in Suidwes-Afrika te vernietig. Suid-Afrika het die Duitse kolonie in April 1915 van Walvisbaai, Luderitz, Ramansdrift en Houmsdrift ingeval en die Duitse koloniale magte mettertyd verslaan (L'Ange 1991: 25-38; 328). Dit het groot verdeeldheid in Suid-Afrika tot gevolg gehad en het gelei tot beskuldigings dat generaals Botha en Smuts werktuie van Britse imperialisme geword het (Krüger 1969: 102; Muller 1990: 314). Verwysende na Botha, skryf Krüger:

The successful oppression of the rebellion and the conquest of German South West Africa had enhanced the prestige of Botha, and of Smuts also, in Great Britain and in English-speaking South Africa. At the same time it had cost him much of his popularity amongst his own people, many of whom were openly giving voice to hatred and contempt. For them, Botha and Smuts had joined the ranks of the enemy and had become British Imperialists (Krüger 1969: 102).

Suid-Afrikaanse vrywilligers het ook in Oos-Afrika en later buite Afrika deelgeneem aan die oorlog (Brown 1991: 45; Uys 1991: 21 en verder).

Skaars twee dekades later is die wêreld, en Suid-Afrika, weer in 'n katastrofiese oorlog gedompel.

In die dertigerjare van die 20ste eeu het onweerswolke oor Europa saamgepak. Ook Suid-Afrika is nie onaangeraak gelaat nie. In 'n verdeelde land het die regerende party van Suid-Afrika aan die begin van 1939 tot 'n val gekom. Op omstrede wyse het die Goewerneur-generaal nie 'n verkiesing uitgeroep nie maar generaal Smuts versoek om 'n nuwe regering saam te stel (Van Wyk 1985: 125). Suid-Afrika het deel geword van die oorlog, te midde van groot verdeeldheid. (Muller 1981: 442). Die oorlog sou groot gevolge vir die banke en bankwese Suid-Afrika inhou, soos verder aangedui sal word. Om dié rede is die studie beperk tot 1940, kort na die aanvang van die oorlog.

Die African National Congress het voorwaardelike steun aan die unie se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog gegee in 'n vergeefse poging om meer regte vir die swart bevolking te verkry (Roux 1966: 305). Ook hierdie oorlog het die verdelingslyne in die Suid-Afrikaanse gemeenskap verdiep en die prestige van die Suid-Afrikaanse leier, generaal JC Smuts, verder verhoog (Krüger 1969: 224- 225).

Die oorlog het stimulus gegee aan 'n proses van globalisering en Suid-Afrika se binnelandse beleid op die internasionale verhoog geplaas, waar dit aan internasionale maatstawwe en invloede blootgestel is. Krüger maak die stelling:

Since the war, lasting and sweeping changes had been taking place in the field of race relations throughout the world. South Africa's national domestic problem was profoundly affected by what was happening elsewhere (1969: 228).

Hierdie invloede sou kort- en langtermyn uitwerkings op Suid-Afrika hê. Ook Standard Bank sou direk daardeur geraak word.

2.2.4 Die Oos-Kaap teen die middel van die 19de eeu

Die Oos-Kaap was in die eerste helfte van die 19de eeu 'n plek van groot kompleksiteit en botsende kragte. Die weifelende grensbeleid van die Kaapse en Britse regerings, herhaalde strooptogte wat nie alleen fisiese skade en verlies veroorsaak het nie maar ook demoraliserend ingewerk het op grensbewoners, en die een verwoestende grensoorlog na die ander, het baie boere laat wegtrek, die Xhosas ontnugter en ontwikkeling van die gebied telkens weer in trurat gegooi.

Ergang stel dit duidelik dat nie te veel belang geheg moet word aan die rol van individue in die geskiedenis nie (1967: vi). In die geval van Suidelike Afrika is baie mag aan senior verteenwoordigers van die Britse kroon toevertrou. Afstande en swak kommunikasie het oorsig oor die uitvoering van daardie mag byna onmoontlik gemaak. Vanweë die feit dat hulle die Britse kroon, die Kaapse regering en die heersende Engelse bevolkingsgroep verteenwoordig het, het negatiewe persepsies wat uit hul optredes gespruit het baie wyd uitgekring in inheemse

en ander gemeenskappe. Die studie gaan akkoord met Ergang se siening dat daar nie 'n oormate van belang aan die rol van individue geheg moet word nie. In die geval van die Oosgrens het individue se onkunde, gebrek aan respek vir ander mense en kulture, hul koloniale gevoel van meerderwaardigheid, hul arrogansie en super nasionalisme/jingoïsme, saam met soms gewetenlose wedywering op persoonlike vlak, wél 'n invloed op die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die lewens van miljoene mense gehad. Die rol en optrede van individue soos sir Benjamin D'Urban, sir Harry Smith, sir Bartle Frere, luitenant-kolonel Henry Somerset, kaptein Duncan Campbell, kolonel J Graham, en ander, is relevant, maar word nie in hierdie studie geanaliseer nie. Dieselfde geld ten opsigte van Hintsa, Maqoma, Mhalakaza, Ngqeno en Nongquase.

Tydens die tydperk van 1820 tot die begin van die 1850's het 'n debat oor die moontlike verdeling van die Kaapprovinsie in twee dele of die verskuiwing van die hoofstad van die kolonie na die ooste, geheers. Muller skryf: *The most contentious matter of the fifties was the old one of the partition of the Cape into the eastern and western provinces* (1981: 185). Die nie-Xhosas aan die grens was van mening dat die Kaapse regering fisies te ver en sielkundig en polities te onbetrokke by hul probleme aan die oosgrens was (Le Cordeur 1981: 63).

Een van die groot voorstanders van die Oos-Kaapse afskeidingsbeweging was Robert Godlonton, soveel so dat LeCordeur na hom verwys as die hoë priester van die beweging (1981: 64). Hy het in 1820 as Britse setlaar na Suid-Afrika gekom en 'n drukpers saamgebring (wat by sy aankoms in Kaapstad gekonfiskeer is). Die drukpers is later gebruik om die *Graham's Town Journal* te druk en Godlonton het gereelde bydraes daarvoor gelewer voor en nadat hy die eienaar en redakteur van die blad geword het (Musiker 1972: 217). Hy was 'n sterk teenstander van Andries Stockenström (vanaf 1836 luitenant-goewerneur van die Oos-Kaap), se verdragstelsel met die Xhosas. Stockenström was ten gunste van versoening en geregtigheid, eerder as verdere militêre optredes (na toe reeds ses grensoorloë). Deur die verdragstelsel het hy magte, regte en die status van tradisionele leiers erken. Engelse koloniste onder leiding van Godlonton en die selfs meer radikale JM Bowker, wou die Xhosas onteien en hul grond oorneem (Giliomee & Mbenga 2007: 117).

Godlonton het aangevoer dat die verdragstelsel die Xhosas toelaat om straffeloos in die kolonie te steel (Giliomee & Mbenga 2007: 117). Sy sienings is gesteun deur die Weslyaanse kerk, maar was in skerp teenstelling met dié van dr John Philip en sy skoonseun John Fairbairn, wat redakteur van die *Commercial Advertiser* was. Van Godlonton se geesgenote het Philip en Fairbairn daarvan beskuldig dat hulle die Xhosas in 1830 aangehits het om die Kaapkolonie binne te val (LeCordeur 1981: 67, 68).

Die afskeidingsbeweging was deels gegrond op etniese faktore: van die Engelssprekende Oos-Kapenaars het geglo hulle kan oorrompel en oorheers word deur die Hollandssprekende koloniste van die westelike deel as daar nie 'n skeiding tussen die oostelike en westelike dele gemaak word nie. Die debat oor die verskuiwing van die kolonie se hoofstad, die verdeling van die kolonie in twee, meer verteenwoordigende regering vir die kolonie en beskerming van die Engesle gemeenskap se belange, het almal hand aan hand gegaan. Richard Southey het groter selfbeskikking vir die kolonie gesien as 'n gevaar vir die Engelse koloniste. Hy het die stelling gemaak dat, as daar selfbeskikking sou kom: [...] *the first Parliament will be Dutch [...] and the next will be elected by the Coloured population* (LeCordeur 1981: 247, 251). Godlonton het sterk ondersteuning gekry van Engelse handelaars, spekulate en soldate wat hulself wou verryk ten koste van die Xhosas (Giliomee & Mbenga 2007: 117).

Die setlaars was 'n heterogene groep, verdeel deur sosiale en politieke verskille en gemotiveer deur selfbelang (Nash in Cameron 1987: 94). Wrywing het tussen hulle ontstaan, volgens Nash reeds voor hul vertrek uit Brittanje. Sy skryf: *four months on shipboard had aggravated their differences and discontents* (Nash in Cameron 1987: 94). Hulle was bowendien verdeel in groepe van Iere, Skotte en Engelse. 'n Verdere drukgroep wat ten gunste was van groter militêre uitgawes en volkome onderwerping van die Xhosas was Britse militêre offisiere, Britse handelaars en spekulate, onder leiding van die "stormagtige en aggresiewe kolonel Henry Somerset" en met Godlonton se *Grahamstown Journal* as hul spreekbuis (Giliomee en Mbanga 2007: 1040).

Die Engelse gemeenskap was ook verdeel langs kerklike lyne, met veral die Wesleyane en Metodiste as invloedryke rolspelers en die Presbiteriane as 'n derde groep. Daar was ook Anglikane.

Verder was daar verskille tussen Hollands- en Engelssprekendes, wat onder meer tot die Groot Trek sou lei.

Ekonomies het dinge mettertyd goed gegaan op die Oosgrens. Inheemse skape deur die setlaars aangetref by die aankoms van Van Riebeeck was nie woldraers nie en die eerste woldraers is in 1867 deur kommissaris Rijkloff van Goens ingevoer. Dit was nie 'n groot sukses nie. Die invoer van ses merinoskape deur kolonel RJ Gordon in 1789 het die ontwikkeling van die wolbedryf in Suid-Afrika en Australië ingelei (De Klerk 1975: 496). In die 1830's is woldraende skape ook na die Oos-Kaap gebring (Steyn & Antonie 2012: 39).

Die Industriële Revolusie het teen die eerste helfte van die 19de eeu 'n groot behoefte aan rou wol geskep en die uitvoere van die Oos-Kaap het binne 'n relatiewe kort tyd verviervoudig. Port Elizabeth was teen 1862 ook die kolonie se grootste hawe (Steyn & Antonie 2012: 39; Mabin &

Conradie 1987: 1). *Wol het die skure van Port Elizabeth gevul, die markpleine en strate met volgelaaide ossewaens belemmer en was vir die meeste skepe in die hawe verantwoordelik* (Henry 1963: 14).

Een van Godlonton se ondersteuners oor die Oos-Kaap se afskeiding van die Wes-Kaap was John Paterson, 'n besigheidsman van Port Elizabeth (Amphlett 1914: 3). Hy was 'n Skotse immigrant wat in 1841 as onderwyser na Suid-Afrika gekom en later die eienaar en uitgewer van die *Eastern Province Herald* en 'n lid van die Kaapse parlement geword het (Henry 1963: 39).

Dit dan was die sosio-ekonomiese en politieke toneel in die Oos-Kaap teen die middel van die 19de eeu toe Standard Bank in 1862 tot stand gekom het.

2.3 Die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Standard Bank

Die wolbedryf en die ekonomiese groei en ontwikkeling van Port Elizabeth en die Oos-Kaap het behoeftes aan bankdienste en finansiering teweeggebring en verskeie klein, plaaslike banke het ontstaan. Hulle kon oor die algemeen nie grootskaalse finansiering doen nie en het beperkte reserwes gehad (Steyn & Antonie 2012: 39). Op 3 Junie 1857 het 'n groep sakemanne van Port Elizabeth, onder voorsitterskap van bogenoemde John Paterson, 'n vergadering gehou om dié probleem te bespreek. Daar is formeel besluit dat die ontwikkeling van die streek die oprigting van 'n sterk bank noodsaaklik gemaak het. Amphlett voer aan: *The banking capital of the Colony had in fact not kept pace with the increase of trade* [...] (1914: 3). Dit het 'n paar jaar geneem voordat die *Standard Bank of British South Africa* se Akte van Oprigting op 13 Oktober 1862 onderteken is en die Bank in Londen tot stand gekom het (Henry 1963: 6). Tienduisend aandele van £100 elk is uitgereik (Steyn & Antonie 2012: 39).

2.3.1 Die Bank se vroegste personeel in Suidelike Afrika

John Paterson is in 1862 as eerste voorsitter van die bank se direksie aangestel. Die ander direkteure was James Black, Alexander Croll, William Duthie, S Bolton Edenborough, Alfred Jarvis, Thomas Stenhouse, John Torrance, Alfred Weston en Robert White (Terry 1979: 13).

Patterson het hom reeds jare voor die stigting van die bank beywer daarvoor, maar Steyn en Anthonie sê hy was nie 'n goeie bestuurder nie. Hulle beweer hy [...] *oversaw its affairs in a rather cavalier fashion, which gave much disquiet to the board in London* (2012: 40). Die bank se hoofkantoor in Londen wou meer beheer en beter bestuur van die bank se hulpbronne en dag-tot-dag funksionering sien.

In 1865 is Paterson opgevolg as bestuurder deur Robert Stewart. Stewart is deur Terry beskryf as [...] *'n besonder bekwame man met goeie oordeel, hoflik, stil en beslis, en hy het die Bank*

ongetwyfeld van "ondergang" gered (1979: 31, 270). Onder sy bestuur het Standard Bank sy beslag gekry en Stewart sou mettertyd een van die legendes van die bank word.

Robert Stewart is vroeg in 1876 opgevolg deur mnr Gilbert Farie en HC Ross as gesamentlike algemene bestuurders (Amphlett 1913: 41). Ross het in Februarie 1881 weens swak gesondheid bedank en na Europa teruggegaan. Hy het in 1885 'n direkteur van Standard Bank geword en is in 1902 oorlede (Terry 1979: 76).

'n Hoë waarde is van vroeg af geheg aan die beeld, die waardigheid en deftigheid van die bank. Dit het die voorkoms, veiligheid, gerief en ligging van bankgeboue, die status van takbestuurders en hul bankwonings, die voorkoms en optrede van werknemers, hul kleredrag en algemene gedrag sowel as hul vervoermiddels ingesluit. Tydens hul bestuur van die bank vanuit Port Elizabeth het die algemene bestuurders baie formele drag gedra en elkeen met 'n eie koets werk toe gery.

2.3.2 Die Bank se vroegste akkommodasie in Suidelike Afrika

Die eerste dokumentasie wat gevind kon word oor akkommodasie vir Standard Bank in Suid-Afrika is 'n verwysing na 'n huurkontrak vir 'n tydperk van tien jaar vanaf Januarie 1860 teen die huur van £300 per jaar (SB ARCH 1/1PE 30/12/1865). Dit was in die Guardiangebou in die Hoofstraat van Port Elizabeth geleë (Amphlett 1914: 11). Op 16 Januarie 1863 het 'n advertensie in die *Eastern Province Herald* verskyn, die heel eerste van Standard Bank, waarin die bank sy dienste by hierdie adres aangebied het.

In Februarie 1863 het die Commercial Bank in Port Elizabeth se aandeelhouders gestem vir die oorname van dié bank deur Standard Bank. Die twee banke was in dieselfde gebou gehuisves en Standard Bank het die Commercial Bank se deel van die gebou oorgeneem (ARCH 1/1PE; Terry 1979: 19). Die kantoor in Port Elizabeth was beide die plaaslike takkantoor en die Suid-Afrikaanse hoofkantoor van Standard Bank totdat die hoofkantoor in 1885 na Kaapstad verskuif is. (In 1953 is dit na Pretoria verskuif en in 1959 van Pretoria na Johannesburg.)

Die kantoorgebou in Port Elizabeth het nie in alle opsigte aan die bank se standarde voldoen nie. In 1872 het die takbestuurder gekla dat die akkommodasie *ellendig* klein is en dat daar geen kantoor vir die bestuurder is nie. Klerke moes in groepies van twee en drie in verskillende dele van die gebou werk. As kliënte die bestuurder privaat wou spreek, moes hy hulle óf na 'n hoekie van die kantoor neem waar hulle slegs deur 'n skerm van die publiek geskei is, óf hy moes met hulle in die straat staan en gesels (ARCH 1/1PE). Die privaatheid van kliënte was vir die bank van groot belang en so 'n situasie was nie ideaal nie.

In 1874 het die bank 'n perseel in Hoefweg uit die bankrot boedel van John Patterson, die voormalige bestuurder van die bank, gekoop teen £5 000. 'n Grootboek-inskrywing wat die

betaal van hierdie bedrag aandui, is op 24/6/1874 gedoen. Die argitek GD Peck is opdrag gegee om 'n nuwe Standard Bankgebou te ontwerp. James Beckett se tender as klipmesselaar (£6 475), Allen & Hunter se tender as skrynwerkers (£2 670) en CW Frames se tender vir loodgieterswerk (£1 125) is aanvaar (SB ARCH 1/1PE). Die algemene bestuurder het aan Londen geskryf:

These amounts are quite beyond what I had expected, and they will no doubt appear very large to the Directors. But the fact is labor, and especially skilled labor, is at the present time exceedingly scarce and dear. Building material is also at present very expensive. However, we now have the certainty of getting what we have so long considered necessary - suitable for our large and growing business which will no doubt be equal to our requirements for many years to come. As the head Colonial Office it seems quite necessary that the Bank's premises here should be sufficiently commodious and suitable for the several departments represented here, which require much more room than any single Branch (SB GMO 3/1/5 Letters to London 19/12/1874).

Tot die bank se groot frustrasie was Peck stadig met die verskaffing van tekeninge. Die algemene bestuurder het aan Londen geskryf: *He has been very delatory in preparing this* (SB GMO 3/1/5 Letters to London 21/4/1875). In Julie 1875 skryf hy: *[.] there has been most vexatious and culpable neglect on the part of our Architect, and even now I have had to resort to threats and constant pressure to obtain the drawings* (SB GMO 3/1/5 Letters to London 20/7/1875).

Argitekstekeninge wat deur die bestuurder aan Londen gestuur is, verwys na twee seunsbeelde met geldsakke as deel van die versierings aan die fasade, 'n vroulike figuur, groot vase (waarvan ses op die fasade aangebring sou word), en balustrades, waarvan 170 in die ontwerp aangewend sou word (SB GMO 3/1/5 Letters to London 20/7/1875). Volgens alle aanduidings is daar nie kopieë van die tekeninge in Port Elizabeth gehou nie.

Die gebou is suksesvol voltooi en die bank het dit op 26 Mei 1876 betrek (SB ARCH 1/1PE). Op 31 Julie 1876 is daar soos volg verslag gedoen oor die Bankperseel:

[.] new Banking Premises at PE - main office, two offices for the General Manager, local Manager's office, three other fine rooms looking over Main Street used by the General Manager's department and seven other rooms at the rear of the main office, with lavatory and necessities. The accommodation afforded for banking purposes is superb, and far superior to anything of this kind in the Colony. The site is part of Erf no 22, Main Street in remaining extent 37 feet 5 by 156 feet [.] which was bought from the estate of John Paterson for 5 000 Pounds, the deed of transfer being dated 24th May 1876 it was

occupied and opened for business (Supplement to SB Inspection Report on Port Elizabeth 31/7/1876).

Die erf aangrensend aan die bank se gebou het in 1878 in die mark gekom en die bank het dit gekoop. Ondanks vroeëre ontevredenheid met sy werkswyse, is argitek GD Peck opdrag gegee vir die vergroting van die bank, waarvoor die bestaande gebou op die aangekoopte erf afgebreek sou word. Londen is laat weet: *We hope shortly to receive the plans from the architect for transmission to you for the approval of the Board* (SB GMO 1/3/9 Letters to London 8/8/1879).

Peck het 'n presiese duplikaat van die bestaande gebou ontwerp. Die planne daarvoor was in Augustus 1879 gereed (SB ARCH 1/1PE). Vroeg in 1880 het die algemene bestuurder laat weet dat 'n tender vir £9 407 aanvaar is vir die oprig van die gebou en dat konstruksiewerk reeds begin het (SB GMO 1/3/9 Letters to London 16/1/1880). Kort nadat met konstruksie begin is, is egter gevind dat die oorspronklike gebou teen 'n effense hoek gebou is en dat 'n verlenging daarvan tot gevolg sou hê dat die gebou sowat 30 cm oor die sypaadjiegrens sou steek. Die gebou moes gevolglik by die aansluiting tussen die twee dele 'n effense hoek of buig vorm. Die kromming was duidelik sigbaar, wat tot gevolg gehad het dat na die gebou verwys is as *The bank with the bulge* (Terry 1979: 21).

Bouwerk aan die nuwe deel het goed gevorder en in Julie 1880 het die algemene bestuurder aan Londen geskryf:

Satisfactory progress is being made by the contractors for the additions to our premises here. The walls are nearly completed and they are now putting up the partition and wood work for supporting the present roof in the banking office, preparatory to making the arches which will connect the additions and the present building. So far nothing has interfered with the progress of the work and in about ten days time we expect the roofing of the new portion of the building will be commenced (SB GMO 1/3/10 Letters to London 2/7/1880).

Optimisme oor die vordering van die bouwerk is deur teleurstelling gevolg toe faktore buite die beheer van die bank verdragings veroorsaak het. In November 1880 skryf die algemene bestuurder aan Londen dat die gebou nie voltooi is nie en waarskynlik nie in die volgende twee of drie maande voltooi sal word nie. Hy dui aan dat die kontrakteur 'n gebrek aan arbeid ervaar as gevolg van die oorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Brittanje en vervolg:

The building is roofed in, the inside plastering is nearly completed and a part of the flooring is done and the appearance of the front, though it is not plastered on the outside,

is very imposing and handsome (SB GMO 1/3/10 Letters to London 5/11/1880). (Kyk figuur 5.4)

2.3.3 Die bank se vroegste uitbreidings in Suidelike Afrika

Daar was só 'n behoefte aan handelsbanke in die koloniale gemeenskap, voer Booyens aan, dat daar tussen 1836 en 1853 nie minder nie as een-en-dertig distriksbanke gestig is (1982:1).

Plaaslike banke geniet die voordeel bó 'n plaaslike tak van 'n oorkoepelende bankinstelling dat hy deur 'n plaaslike direksie beheer word wat op sy beurt beter op hoogte is met plaaslike omstandighede, persone en situasies, hoewel hy, aan die anderkant, 'n agterstand mag hê ten opsigte van sy meer beperkte blik op die wyer spektrum van die landseksonomie. Die direksie en bestuurder van 'n plaaslike bank is uiteraard bekend met die waarde van grond en eiendomme in die distrik of dorp. Tradisioneel is die bestuurder van 'n banktak in sy optrede aan bande gelê deur die voorskrifte en beleid van sy hoofkantoor, terwyl hy weer die voordeel geniet het van beter ingelig te wees ten opsigte van breë ekonomiese strominge. Distriksbanke kon alleen voorskotte aan ingesetenes van die distrik uit deposito's wat uit die distrik ontvang is, toestaan, en in die reël was dit die posisie met alle distriksbanke dat hulle 'n groter aanvraag na voorskotte ondervind het as wat deur deposito's gedek is. Kliënte [het] die instelling van 'n distriksbank eerder as die antwoord op sy kredietbehoefte as 'n kanaal vir sy beleggings beskou (Booyens 1982: 2).

Plaaslike banke is dikwels gebou op die ekonomiese grondslag van die distrik waarin dit geleë was. Weens die onvoorspelbaarheid van die klimaat en van markte was sulke banke dikwels baie kwesbaar. Faktore soos haelstorms, sprinkaanplae, koring-roes, runderpes of perdesiekte kon die bank se hele welvaartsgrondslag aantas. Verder het bestuursvaardighede dikwels by klein banke tekort geskiet en het van die faktore wat Booyens as positiewes lys, 'n gebrek aan afstand in verband met besigheidsbesluite meegebring. Dit is dus nie verbasend dat distriksbanke meestal minder suksesvol was nie. Sommiges het skouspelagtig ten gronde gegaan, met groot verliese vir kliënte en 'n gevolglike agterdog teenoor alle banke.

Teen 1882 het van die een-en-dertig distriksbanke slegs agt oorgebly (Booyens 1982: 2).

Standard Bank was van die begin af vasbeslote om 'n landwye bank te word. Teen die einde van 1864 het die bank reeds 19 takke of agentskappe buite Port Elizabeth gehad en in 1877 het die getal aangegroei tot 32 (Steyn & Antonie 2012: 41, 48). Die bank was besonder suksesvol in hierdie verband maar die oorname van verskeie distriksbanke het eiesoortige probleme opgelewer. Standard Bank het die distriksbanke wat hulle oorgeneem het aanvanklik onder beheer van 'n plaaslike direksie gelaat, wat gewoonlik meestal bestaan het uit die direksie van

die vorige bank. Die nuwe direksie het direk verslag gedoen aan die Londense direksie van Standard Bank. Hierdie stelsel het nie goed gewerk nie. Daar het nie by hulle 'n kultuur van verslaggewing aan 'n oorsese hoofkantoor bestaan nie en Londen is nie goed op hoogte gehou nie. Lede van die direksie het opgetree tot hul eie voordeel of dié van familie, of ander wat nie noodwendig kredietwaardig was nie. Die boekhoustelsels was uiteenlopend en ongewone bestuurs- en boekhoupraktyke is teengekom (Amphlett 1913: 22; Henry 1963: 8).

Omdat die situasie onhoudbaar was, is die bestuur van die bank gesentraliseer en 'n algemene bestuurder met volmag oor plaaslike bestuurders en direksies is aangestel. Hy was Robert Stewart, wat in Februarie 1865 in die Kaap aangekom het. Die aanstelling is met ontsteltenis begroet deur plaaslike bestuurders en direksies, maar was een van die verbeteringe wat bygedra het tot die sukses van Standard Bank (Henry 1963: 9, 32).

Ondanks swak ekonomiese toestande kort na die bank se stigting, het Standard Bank gegroei en 'n sterk teenwoordigheid in Suidelike Afrika gevestig. In Augustus 1883 het die algemene bestuurder aan Londen laat weet dat die grootste deel van die bankbesigheid in Natal in die hande van Standard Bank is (SB GMO 3/1/16, "Special" August 1883). In Augustus 1885 het die algemene bestuurder verslag gedoen dat die ekonomie in die twee suidelike kolonies byna tot stilstand gekom het en dat groot getalle handelaars en ander na die goudvelde by De Kaap (Barberton) getrek het. Tog, sê hy, is Standard Bank *anxious not to relinquish our hold upon any Banking field of fair promise*. (SB GMO 3/1/18, "Special"). Teen die middel van die 1890's het byna een kwart van die wêreld se goud van Suid-Afrika gekom, met 'n baie groot deel daarvan as gevolg van investering deur middel van Standard Bank (Steyn & Antonie 2012: 59). Die Jameson-inval het 'n negatiewe uitwerking op ekonomiese groei en spekulاسie gehad en die dreigende moontlikheid van oorlog het onttrekking van hul kapitaal deur baie persone tot gevolg gehad (Steyn & Antonie 2012: 63).

Op 1 Desember 1875 kon die algemene bestuurder aan Londen skryf dat Standard Bank vanaf 1 Januarie 1876 die alleenbankiers van die Kaapse regering sou wees. In sy skrywe maak hy 'n onderskeid tussen die metafisiese en fisiese aspekte van hierdie verwikkeling en maak hy die stelling dat niks beter kan wees vir die prestige, waardigheid en reputasie van die bank nie. Hy vervolg dan dat die regstreekse voordele ewe belangrik is (Terry 1979: 96). 'n Dekade later was die Kaapse regering die bank se grootste kliënt. Die bank was ook bankier van die imperiale regering in Suid-Afrika.

2.3.4 Die Bank se inspektoraat

Een van die dinge wat Robert Stewart gedoen het en wat verreikende gevolge sou hê, was om 'n inspeksiestelsel in die bank in te stel. Inspekteurs het sonder waarskuwing by banktakke opgedaag, alle aspekte van die tak se werking is ondersoek en daar is omvattend aan die bank

se hoofbestuur verslag gedoen. Dit het 'n bykomende vlak van kommunikasie tussen die banktakke en die bank se bestuur geskep, wat wedersydse beïnvloeding verhoog het.

Inspekteurspligte het ingesluit om:

- 'n verrassingsoudit van die tak se boeke te onderneem en 'n verslag oor die bevindings op te stel
- nuwe takke te open en dikwels vir die eerste paar maande in beheer van die nuwe kantore te wees (Terry 1979: 82-83).
- as aflosbestuurders by takke op te tree
- spesiale verslae vir die hoofbestuurders op te stel

Hierdie stelsel het verskeie gevolge gehad. Dit het onder meer meegebring dat gereeld nagegaan is of opdragte en algemene beleid soos deur die bestuur vasgestel deur takke van die bank ten uitvoer gebring is. Dit het 'n groot rol gespeel in die vestiging van standaarde en die skep van 'n eenvormige bankkultuur. Dit het 'n parallelle verslaggewingsmeganisme geskep waarteen verslae van elke tak se bestuurder gekontroleer kon word. Dit het die werkverrigting, doeltreffendheid en bestuursvermoë van takbestuurders en al hul personeel beoordeel en het as waghond gedien vir die behoud van die hoogste standaarde binne die bank. Inspeksieverslae het as't ware gedien as meting van die polsslag van die bank landwyd. Dit het ook, danksy die versierendheid van Standard Bank, 'n eietydse rekord van onskatbare waarde geskep oor haas elke aspek van Suid -Afrikaanse geskiedenis sedert 1862, binne konteks van Standard Bank. Dit was 'n uiters handige instrument om die bestuur in Londen op hoogte te hou van die stand van banksake in Suid-Afrika.

Die inspektoraat het 'n sleutelrol gespeel in die sukses van die bank, onder meer deur die oorkoming van die probleme veroorsaak deur die uitgestrektheid van die land, die moeilike reis-omstandighede as gevolg daarvan en swak kommunikasie. Dit kon alleen gedoen word deur byna bomenslike fisiese inspanning deur die inspekteurs. Om hulle, gevreesde figure wat bankbeampes se toekoms in die bank kon bepaal en wat te eniger tyd kon opdoem, het dan ook legendes en stories gevorm, wat deel van die bank se kultuur geword het.

In 1885 het Standard Bank sy Suid-Afrikaanse hoofkantoor van Port Elizabeth na Kaapstad verskuif en mettertyd ingetrek in 'n groot nuwe gebou in Adderleystraat (Terry 1979: 21). Die bank was goed en deeglik gevestig. (Kyk Figuur 5.6).

HOOFSTUK 3:

STANDARD BANK SE PERSONEELKOMPONENT

3.1 Agtergrond

In hierdie studie word drie kultuurkomponente van Standard Bank, (as voorbeeld van 'n mens-geskepte besigheidsinstansie) geanaliseer. Hierdie drie komponente is die personeelkomponent, akkommodasie wat vir die bedryf van die bank gebruik is en die algemene organiese funksionering van die instelling (*how things are done*).

Die drie komponente is van gelyke waarde vir die studie en beskik elkeen oor fisiese en metafisiese dimensies. Hulle is interaktief en onlosmaaklik aan mekaar verbonde: die personeelkomponent is onafskeidbaar van die akkommodasie-aspek van die bank, wat onlosmaaklik verbonde is aan die dag-tot-dag funksionering daarvan.

Die komponente het nie tydens die tydperk wat deur die studie gedek word, binne 'n vakuum bestaan nie, maar is beïnvloed deur die plek en tyd, die omgewing waarbinne die bank bestaan en gefunksioneer het en moet in daardie konteks gesien word. Terselfdertyd het die bank die omgewing beïnvloed.

In hierdie hoofstuk word gekonsentreer op die personeelkomponent van Standard Bank en die fisiese en metafisiese dimensies daarvan.

3.2 Personeellede van Standard Bank

Standard Bank het tot stand gekom met 'n raad van direkteure in Londen, wat deur aandeelhouders aangewys is, en 'n raad van direkteure in Suid-Afrika, wat van Londen opdragte ontvang en aan Londen verslag gedoen het. Saam met die Suid-Afrikaanse algemene bestuurder en sy personeel, het dit die hoofbestuur van die bank gevorm.

John Paterson van Port Elizabeth het hom bemoei vir die stigting van die bank, soos in 'n vorige hoofstuk aangedui, en het in 1862 Standard Bank se eerste Suid-Afrikaanse voorsitter van die direksie geword. Hy is bygestaan deur die raad van direkteure. Hy het magtiging van die direksie in Londen gehad om 'n aktiewe beleid van uitbreiding te volg en die oogmerk van die bank was van meet af aan om 'n wydverspreide netwerk van banktakke dwarsoor Suidelike Afrika op te bou. Toe die bank in 1862 begin sake doen het, was daar drie persone in diens van die bank - die tien Londense direkteure uitgesluit (Steyn en Antonie 2012: 40, 41). Die beleid van bankoornames het 'n direkte en belangrike uitwerking op die bank se personeelkomponent gehad: saam met plaaslike banke is hul personeel, en aanvanklik ook hul plaaslike direksies,

gewoonlik oorgeneem. Hoewel dit in die behoefte aan personeel help voorsien het, het die samevoeging van personeel uit verskillende korporatiewe kulture eiesoortige probleme gelewer. Kyk in hierdie verband na paragraaf 2.3.3. Teen die einde van die 19de eeu het Standard Bank 747 personeellede in diens gehad, bodes en skoonmaakpersoneel uitgesluit (Terry 1979: 82).

Standard Bank het plaaslik 'n hiërargiese bestuurstelsel gehad onder die algemene bestuurder (soms twee mede-algemene bestuurders), in die bank se Suid-Afrikaanse hoofkantoor, wat aanvanklik in Port Elizabeth was maar later na Kaapstad, Pretoria en Johannesburg verskuif is. Die algemene bestuurder was in die eerste instansie die Suid-Afrikaanse stuurman en leier van die onderneming en die vroeë sukses van Standard Bank in Suid-Afrika word in groot mate toegeskryf aan die leierskap van vroeë bestuurders (Terry 1979: 75). Hy het 'n ondersteunende administratiewe personeel in die bank se hoofkantoor gehad.

'n Groot aantal mense, aanvanklik slegs mans, is oor jare in die banktakke oor die lengte en breedte van die land, in buurstate en so ver weg soos Oos-Afrika en in dele van Wes-Europa deur die bank in diens gehou. Die studie is egter nie kwantitatief van aard nie en die omvang van die personeelkomponent is nie beoordeel as van fundamentele belang vir hierdie studie nie.

Vroeg in die bestaan van die bank is 'n inspektoraat onder die beheer van die hoofbestuurder geskep om sy oë en ore by alle banktakke te wees. Hierdie inspektoraat het seker gemaak dat die bestuur se opdragte en beleid uitgevoer word, het probleme en tekortkominge geïdentifiseer en het die algemene funksionering van takke en werkverrigting van personeel beoordeel. Inspekteurs het ook bankpersele ondersoek en daaroor kommentaar gelewer. Dit het 'n waardevolle rekord gelaat van die stand van sake in die bank oor tyd. (Kyk ook na paragraaf 2.3.4.)

3.3 Personeelbestuur

Personeelbestuur, soos dit vandag as gespesialiseerde vakrigting en dissipline bestaan, het nie tydens die tydperk van die studie as sodanig bestaan nie. Volgens Armstrong het dit gedurende die Tweede Wêreldoorlog en in die 1950's begin ontwikkel (1991:28). Hoewel dit nie binne die raamwerk van die hedendaagse vereistes ten opsigte van menseregte en arbeidswetgewing geskied het nie, was die bestuur van personeel altyd 'n belangrike deel van Standard Bank se bestuur, soos by enige besigheidsinstansie. Amos, Ristow & Ristow konstateer: *The business organisation has an important role to play in society, but it cannot exist without people. People are the key to managerial and organisational success* (2004: 15).

Die ideale werknemer/werkgewer-verhouding is een wat verder gaan as die blote koop en verkoop van arbeid. Volgens Buffet & Clark moet die strewe wees na die skep van 'n

personeelkomponent van [...] *honest, hard working, team players* (2009: 84). As dié doelwit bereik is, kan 'n instansie se personeelkomponent 'n strategiese bate en 'n voordeel vir mededinging wees. Om dit te vermag, moet in verskeie fisiese en metafisiese behoeftes van werknemers voorsien word en moet deernis aan die dag gelê word wanneer nodig. Die werkgever moet die probleme, behoeftes en ook die strewes en ambisies van werknemers ken en in ag neem op beide werkverwante en nie werkverwante vlak (Greenhaus & Callahan 1994: 2).

Om in hierdie behoeftes te voorsien, daardeur die produktiwiteit van die personeel te bestuur en die potensiaal van elke werknemer optimaal te ontwikkel, moet die werkgever 'n personeelbestuursbeleid in plek stel en uitvoer wat die filosofie, beleid, programme, praktyke en besluite bevat wat houdings, gedrag en produktiwiteit positief beïnvloed, sodat mense tevrede is en positief bydra tot die bereiking van 'n instansie se doelwitte (Amos, Ristow & Ristow 2004: 5). 'n Holistiese benadering, wat die verhoging van personeelproduktiwiteit en die verlaging van personeelomset ten doel het, sal ook die volgende in berekening bring by personeelbestuur: werkverwante spanning, die interaksie van werk en private lewe, die uitdagings van 'n multi-kulturele arbeidsmag en alle werkverwante aspekte (Greenhaus & Callahan 1994: x). Die algemene sosiaal-kulturele omgewing en fisiese bodemgesteldheid het 'n direkte invloed op die gelukkigheid aldan nie en gevolglike hoër of laer produktiwiteit van personeel. (Terry 1979: 146).

In 'n goeie werknemer/werkgever verhouding kan die werkgever, benewens fisiese verwagtings ten opsigte van werkverrigting, ook metafisiese verwagtings hê, wat insluit die werknemer se eerlikheid, lojaliteit, harmonieuse samewerking binne groepsverwant (as *spanspeler*), gehoorsaamheid in die voldoening aan opdragte en waardige verteenwoordiging van die werkgever. In die bankwese was dit van belang dat werknemers in voorkoms, gedrag en optrede teenoor die publiek 'n *goeie beeld* van die bank sou uitdra. Daar is verwag dat hulle kliënte se private sake moes respekteer, diskreet optree en vertrouwe inboesem sodat die bank 'n goeie reputasie sou opbou.

Indien 'n besigheidsinstansie se personeelkomponent nie goed bestuur word nie, kan selfs goeie personeel, wat verkeerd geplaas is en gefrustreerd raak as gevolg van 'n gebrek aan groei- en ontwikkelingsmoontlikhede, 'n las word (Greenhaus & Callahan 1994:13). Personeelpraktyk omvat ook verskeie ander aspekte, soos die vasstelling van die aantal personeellede benodig, die evaluering van hul geskiktheid, werkverdeling en posomskrywing, die omskryf en toeken van delegasies, die monitering en beoordeling van werkverrigting, oriëntering en opleiding in spesifieke rigtings, korrekte plasing en verdere opleidingsgeleenthede, sowel as doeltreffende werwing, sosialisering en inburgering van nuwe

personeellede (Greenhaus & Callahan 1994:13). Hierdie aspekte is relevant vir die studie, maar nie van soveel direkte belang dat dit hier in diepte geanaliseer sal word nie.

Die daarstel van 'n personeelbestuursbeleid, binne die raamwerk van die organisasie se aard en doelstellings, lei tot 'n korporatiewe kultuur binne die organisasie. Armstrong beskryf korporatiewe kultuur as:

[.] the pattern of shared beliefs, attitudes, assumptions and values which, although they may not have been articulated, in the absence of direct instructions, shape the way people act and interact and strongly influence the way things are done. This culture encompasses the organization's goals, behavioural norms and dominant ideologies. Culture can be expressed through the organization's myths, heroes, legends, stories, jargons, rites and rituals. It is manifested in norms and values which strongly influence organizational behaviour (1991:198).


In 'n onderhoud met 'n voormalige hoofbestuurder van 'n groot farmaseutiese maatskappy in dié verband, het hy kort en kragtig gesê: *Corporate culture is about how we do things here* (Nel, Hermanus: onderhoud).

Die personeel van Standard Bank tydens die tydperk van die studie het opgetree binne en was deel van 'n so 'n korporatiewe kultuur, soos in hierdie hoofstuk aangedui sal word. Hulle kan ook beskryf word as 'n *mentalité*, volgens die *Annales Skool* van Frankryk. Die leer daarvan het drie basiese grondslae:

- dit lê klem op kollektiewe benaderings, eerder as op dié van individue
- die klem is op ongesproke en selfs onbewustelike aannames, persepsies en die alledaagse gedagtes en praktiese rede van mense in die gemeenskap, eerder as op bewustelike denke en duidelik geformuleerde teorieë
- dit streef daarna om die onderliggende struktuur van gelowe en aannames wat mense se gedagtes beïnvloed te verstaan, om sodoende 'n begrip te vorm van hoe mense dink en wat hulle dink (Green 2008:29)

3.4 Dimensies van Standard Bank se personeelkomponent

Die personeelkomponent van Standard Bank, soos dié van alle besigheidsinstansies, het fisiese en metafisiese of stoflike en nie-stoflike dimensies in verskillende grade.



Figuur 3.1: Die personeelkomponent van Standard Bank (Model ontwerp deur IP de Swardt, 2015)

Beskrywing

Soos in figuur 1.3 aangedui, het die drie kultuurkomponente wat die fokus van hierdie studie is in die tydperk van die studie binne konteks met mekaar en binne 'n bepaalde omgewing as eenheid bestaan.

Die samestellende aspekte (onderafdelings) van die personeelkomponent, wat onder meer kleredrag en reise ingesluit het, word in die model in blou aangedui. Die komponent het beide fisiese en metafisiese dimensies gehad, met sommige aspekte meer fisies en ander meer metafisies van aard, soos op die AB-as van die Burdenmodel (figuur 1.4) Die fisiese en metafisiese dimensies van elke aspek was onlosmaaklik van mekaar. Patrisiër, volkskundige, eietydse en tradisionele dimensies, soos op die CD en EF-asse van die Burdenmodel geplaas, geniet in latere hoofstukke meer aandag. Die omringende bande in figuur 1.3, (aangedui in skakerings van bruin) dui die omgewing aan soos verteenwoordig deur die bestuur en plaaslike, streeks en globale realiteite, en is nie absoluut van mekaar geskei nie. Die verskillende vlakke van die omgewing bestaan in wisselwerking met mekaar en met die kultuurkomponente.

'n Holistiese benadering is noodsaaklik om 'n instelling se bestaan en werking te begryp. Versfeld se verduideliking van die holistiese benadering is toepaslik. Hy verduidelik dit so:

Things are intelligible only from the point of view of the whole. This holds true not only of the universe in its entirety, but of every complexus within it. A whole is not merely a summation of its parts, but constitutes a field which influences the character of the parts (Versfeld 1972: 565).

Hy maak ook die stelling: *All the elements in the human whole are continuous with one another* [..]. *Whole and parts mutually and reciprocally influence and modify each other* (Versfeld 1972: 565). Dit is van toepassing op hierdie studie, maar dit bring onvermydelik mee dat aspekte van die studie, ter wille van kontekstualisering en holisme, uit verskillende hoeke benader moet word, wat die indruk van herhaling mag skep.

In 'n benadering van redusering, daarenteen, word elemente van die werklikheid om die mens, die *human whole*, afsonderlik bestudeer. Om praktiese en analitiese redes is die model in figuur 1.3 in hierdie studie opgedeel in drie dele (soos in figuur 3.1 hierbo), maar elke deel móét in holistiese konteks met die ander dele, met die geheel en met die totale relevante omgewing gesien word.

3.4.1 Fisiese dimensies van Standard Bank se personeelkomponent

Fisiese dimensies in verband met Standard Bank se personeelkomponent het verband gehou met die personeellede se bestaan binne hul fisiese omgewing en het ingesluit die fisiese elemente van die politiek-geografiese omgewing waarbinne die bank bestaan het, die fisiese strukture waarbinne personeellede gewerk en gewoon het en hul versorging/kleredrag (binne verband van bestaande metafisiese norme en standaarde ten opsigte van kleredrag).

Ander fisiese dimensies van hul werk het verband gehou met die hantering van tasbare geld, die parafeer, teken, of stempel van dokumente en die maak van inskrywings in boeke, op tjeks en bankwissels. Verder ook uit die skryf van besonderhede in 'n teenwoordigheidsregister, die verpak, laai en opskryf van besonderhede in verband met geld en ander kosbaarhede wat verskeep is, die weeg, visuele ondersoek en klassifiseer van diamante, die weeg van goud, die fisiese beskerming van bankeiendom, passiewe beveiliging, soos die sorgvuldige sluit van deure en bewaring van sleutels, en die verdediging en verskansing van bankpersele in tye van konflik en oproer. Dit het ook in verband gestaan met reise en die vervoer van kosbare vrag oor lang afstande. Hulle was verder verantwoordelik vir die skryf van verslae en die lees en bestudeer van omsendbriewe van die bank se hoofkantoor.

Hul werk- en lewensomstandighede was dikwels nie baie geskik vir 'n gesonde leefwyse nie. Die klamheid van bankgeboue en algemene ongesonde woontoestande in sommige plekke, onder meer in Beira, George en Kimberley, was die oorsaak van siektes en selfs die dood van personeellede (Amphlett 1914: 112). In 1912 is 'n bankbeampte, CW Townshend, van Heidelberg in Transvaal na Seymour verplaas omdat eersgenoemde se klimaat baie sleg was vir sy gesondheid (SB GMO 3/1/53 Letters to London 6/1912, 7/2/1912). Tydens die winter van 1913 het die algemene bestuurder aangedui dat siektes onder personeel geen ongewone aangeleentheid was nie. Hy skryf aan Londen dat daar gewoonlik in die winter baie

personeellede siek word. By die Commissionerstraat-tak het hy een keer gevind dat 21 van die 135 personeellede afwesig was. Die lewensomstandighede, hoofsaaklik fisies, gepaard met groot werksdruk, kan hiervoor verantwoordelik gehou word (SB GMO 3/1/55 Letters to London 25/1913, 25/6/1913).

3.4.2 Metafisiese dimensies van Standard Bank se personeelkomponent

Ook metafisiese aspekte het 'n invloed gehad op die personeelkomponent van die bank. Hierdie metafisiese aspekte, soos politieke onderstrominge, geskiedkundige verdeeldheid en vyandigheid in die gemeenskap, of 'n nalatenskap van wantroue teenoor banke, het ook invloed op die personeel uitgeoefen. 'n Gevoel van antagonisme teenoor Standard Bank se Britse oorsprong was ook 'n werklikheid.

'n Baie belangrike metafisiese aspek was die personeel van die bank se verteenwoordiging van die bank. Deur hul houding, voorkoms, optrede in die algemeen en spesifiek teenoor kliënte, hul vriendelikheid, hulpvaardigheid, oordeelkundigheid en kennis van sowel die bank se sake as ekonomiese aangeleenthede in die algemeen, moes hulle die publiek se vertroue in die bank bevorder en 'n goeie beeld van die bank help skep. Respek vir kliënte en die vertroulike hantering van hul sake was ononderhandelbare vereistes. Ander was onkreukbare eerlikheid en betroubaarheid van personeel.

Die bank was by baie aspekte van die samelewing betrokke en die personeel is op persoonlike en op makrovlak geraak deur onrus en oproer, peste en ellendes, plaë en siektes, droogtes, oesmislukkings, persoonlike tragedies en die resultate daarvan. In een geval is 'n oorlogslagoffer selfs tydelik in die tuin van 'n takbestuurder se woning begrawe (Kyk paragraaf 3.5.3.1).

Personeellede het met kosbaarhede gewerk en die gevaar van misdaad was altyd 'n bedreiging vir hul welstand.

Die bank en sy personeel, as deel van 'n gemeenskap, binne 'n groter plaaslike, streeks en globale omgewing, was onderhewig aan al die metafisiese aspekte van 'n voortdurend veranderende menslike kultuur.

3.5 Die menslike faktor

Die personeelkomponent van Standard Bank het bestaan uit meestal jong individue met uiteenlopende vermoëns, behoeftes, verwagtings en ambisies. Geen gekonsolideerde en volledige, omskrewe riglyne kon gevind word van die eienskappe wat nodig was om 'n lid van die bank se personeel te word nie. Redelik vae en subjektiewe beskrywings, soos "geskik" en "geskikte" (*suitable*), was algemeen. Omsendbriewe het onder meer aangedui dat *goed*

opgevoede persone *geskik* was vir indiensneming. Dit was 'n aspek wat redelik subjektiewe beoordeling meegebring het. In 'n omsendbrief van Oktober 1872 word die belang beklemtoon van: [...] *liberal education, respectable parentage, in every way suitable*. Hierdie omsendbrief stel dit duidelik dat die bank graag hul senior poste wil vul met mense wat in die kultuur van die bank geskool is deurdat hulle deur die range in die bank gevorder het. Die omsendbrief moedig takbestuurders aan om besondere aandag aan jong personeellede te gee en hulle ook oor die benutting van hul ledige ure simpatieke leiding te gee (SB GMO4/2/2 Circular 11/10/1872).

Dit het moontlik verband gehou met 'n onaanvaarbare aangeleentheid wat in 'n ander dokument van die bank ter sake gestel is. Daarin word gekonstateer dat daar spesiale omstandighede op sommige plekke, soos Kimberley van die 1870's, geheers het en dat Standard Bank, as *konserwatiewe instelling*, bekommerd was oor hul jong werkers. Die Kimberley-gemeenskap, vervolg die dokument, was verdeel in twee gedeeltes: eerstens die rykes en welvarendes wat saans die mynkamp verlaat en na hul wonings op die buiterande van die gewoel padgegee het. Tweedens was daar die gewone en arm mense wat binne die mynkamp gewoon en gewerk (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 2-3). Ook Lub beskryf die twee groepe binne die myngemeenskap (Lub 1908: 88 - 89). Terwyl die senior beamptes van die bank van goeie behuising buite die kamp voorsien is, het die junior bankamptenare vrylik gemeng met die mense in die mynkamp en is, volgens hierdie dokument, blootgestel aan vele versoekings, sommige waarvan jong bankpersoneel ten prooi geval het. Die dokument verwys na 'n insident waar drie junior personeellede diep in die skuld geraak het as gevolg van kaartspel by 'n taverne en ook op die bank se perseel (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 2 - 3). Dit was nie vir die bank aanvaarbaar nie.

'n Brief van die hoofbestuurder aan Londen versoek die bank se hoofkantoor om nog twee inspekteurs uit te stuur na Suid-Afrika. As vereistes word gestel dat hulle *goeie gesondheid . aktiewe, energieke gewoontes . [moet hê] en 'n redelike mate van vermoënis [moet] kan verdra. Tweedens moet hulle ondervinding so uiteenlopend as moontlik wees en hulle moet manne met goeie geleerdheid en gesonde verstand wees* (Terry 1979: 83 - 84).

Personeel moes in 'n span saamgevoeg word wat konsekwent en eenvormig volgens die bank se beleid, voorskrifte en wense optree en werk. In die vroeë 1900's het probleme in van Standard Bank se takke in Johannesburg ontstaan wat direk toegeskryf is aan 'n gebrek aan *esprit de corps* in die personeelkomponent (SB GMO3/1/55 Letters to London 25/1913, 25/5/1913).

Benewens staatsregulering, die bank se eie bestuursdiktate en 'n interne gedragskode waaraan bankpersoneel moes voldoen, moes hulle dus voldoen aan eise en realiteite van die omgewing,

beide fisies en metafisies, waarbinne hulle moes reis, woon en die dag-tot-dag funksionering van die bank verseker (Figuur 3.1).

Uit geskrewe kommunikasie kan kernaspekte van die personeelbestuursbeleid van Standard Bank geïdentiseer word, soos hieronder aangedui. Hierdie aspekte het in noue verband met mekaar gestaan en mekaar aangevul. In die aspekte wat hierna geanaliseer word, val die klem oorwegend op die metafisiese dimensies daarvan.

3.5.1 Opleiding van personeel

Die bank se bestuur het gemeen dat deeglike kennis van die bank en sy werking sou help om 'n harmonieuse personeelkomponent te verseker en het van tyd tot tyd beklemtoon dat alle bankamptenare die inhoud van die bestuur se opdragte en riglynomsendbriewe moes bestudeer en ken. In 'n 1881-omsendbrief aan alle banktakke skryf die hoofbestuurder byvoorbeeld dat die korrekte optrede in feitlik elke situasie só duidelik voorgeskryf is in die bank se omsendbriewe dat verkeerde optrede onverskoonbaar is. Van elke beampte is verwag om deeglik op hoogte te wees met die voorskrifte van die bank (SB GMO4/2/1 Circular 28/1881 24/11/1881).

In nog 'n opdrag is Standard Bank se personeel opdrag gegee om vriendelik te wees en goeie betrekkinge te bou met kliënte (SB GMO4/2/3 Circular 28/1884 15/8/1884).

Ná hul indiensneming is spesiale vaardighede of eienskappe van beamptes in ag geneem, asook ouderdom, opleiding, handskrif, fisiese gesteldheid, karakter, ondervinding, nasionaliteit en huishoudelike omstandighede. Inspekteurs is opdrag gegee om verslag te doen oor hierdie aspekte van die banktakke se personeel (SB GMO4/2/4 Circular 3/1883 10/1/1883; SB GMO4/2/4 Circular 5/11/1901). Die bestuur wou ook ingelig word oor die [...] *fitness and aptitude of an officer for his present position, for promotion at the local branch or elsewhere* (SB GMO4/2/4 Circular to Inspectors 5/11/1901). Soortgelyke briewe is oor dekades met gereelde tussenposes uitgestuur. Die aangeleenthede is ook aangespreek in gereelde inspeksieverslae.

Nadat persone in diens geneem is, het indiens-opleiding gevolg. Die omsendbriewe waarna hierbo verwys is, is gereeld deur die bank se bestuur uitgestuur en het prosedures en doelwitte uitgespel in wat as 'n handleiding vir die bank se korporatiewe kultuur beskryf kan word. In 'n omsendbrief van die hoofbestuurder aan inspekteurs vra hy hulle op 11 Augustus 1908 om op te let of daar takke is wat nie aan die bank se voorskrifte voldoen nie (SB GMO4/2/4 Circular 11/8/1908).

In die tyd vóór tikmasjiene en in 'n veld waar akkuraatheid 'n vereiste was, is waarde geheg aan goeie handskrif. In omsendbriewe van die hoofbestuurder aan inspekteurs is hulle daarop gewys dat hulle takbestuurders bewus moes maak van hul verpligting om alle stappe te neem om swak handskrif by juniors te verbeter. Daarmee saam moes inspekteurs aandui of die opleiding van junior personeel in die algemeen voldoende aandag geniet (SB GMO4/2/4 Circular 2/1929, 15/6/1929). Die bank het ook 'n algehele verbod op die gebruik van uitveërs in die bank geplaas (SB GMO4/2/8 Circular 64/1900 28/6/1900).

In 1880 is die eerste versameling van die gedrukte omsendbriewe wat die algemene bestuurder gereeld uitgestuur het in boekvorm saamgestel as *Reprinted Digest of Circulars up to August 31, 1880* (Terry 1979:147). In 'n omsendbrief van 24 November 1881 het die algemene bestuurder onder meer geskryf (vertaal):

Ek wys op die belang van elke beampte om homself deeglik te vergewis van die inhoud van die bank se staande instruksies soos saamgevat in die Digest. Nie alleen handel hierdie instruksies in besonderhede met elke belangrike saak wat die organisasie en administrasie van die bank raak nie maar dit dui ook die metode en prosedure aan waarvolgens opgetree moet word. Nie-nakoming van die voorskrifte is onverskoonbaar. Van beamptes word verwag om hulle by diensaanvaarding ten volle op hoogte te stel van hierdie instruksies en dié wat dit nog nie gedoen het nie moet dit onverwyld doen. Waar nie-nakoming van die bank se instruksies, soos saamgevat in die Digest, voorkom, moet die takbestuurders of afdelingshoofde toesien dat die skuldige beampte die betrokke voorskrifte uit die Digest oorskryf en op 'n plek plaas waar hy dit elke dag heeldag sal sien.

Die hoofbestuurder sluit dieselfde omsendbrief af (vertaal):

Die bank doen alles moontlik om die voorkoms van foute te voorkom deur duidelike en streng reëls vas te lê. [...] dit is in die belang van almal betrokke om toe te sien dat hierdie voorskrifte behoorlik ten uitvoer gebring word. Ek vertrou dat dit deur elke lid van die personeel besef sal word en dat dienooreenkomstig opgetree sal word, omdat dit die enigste manier is om die masjinerie van 'n groot instelling behoorlik te laat werk (SB GMO4/2/1 Circular 18/1881 24/11/1881).

3.5.2 Taalvaardighede

Dit was vir die bank belangrik dat van sy amptenare, benewens Engels, ook Nederlands magtig moes wees sodat hulle met Nederlandssprekendes in hul eie taal kon kommunikeer (SB GMO4/2/1 Circular 16/1878:14/6/1878). Om Nederlands magtig te wees, het selfs as maatstaf

gedien vir bevordering: in 'n omsendbrief van 1883 word beklemtoon dat vaardigheid in Nederlands belangrik is, veral vir dié beamptes wat aspireer na bestuursposte. Takbestuurders is gevra om die belang van die saak by personeel tuis te bring en die bestuur van die bank te laat weet as daar beamptes was wat spesiale pogings aangewend het om Nederlands te leer praat (SB GMO4/2/2 Circular 3/1883 10/1/1883).

Teen 1910 skryf die bank se hoofbestuurder aan die raad van direkteure in Londen dat die bank Brits-gebore personeel wil vergoed as hulle Nederlands leer, maar dat dit sal neerkom op diskriminasie teenoor Suid-Afrikaans-gebore Britte. Die bank het gevolglik besluit dat die moontlikheid van bevordering wat deur taalvaardigheid meegebring word genoegsaam as motivering sou dien (SB GMO3/1/51 Letters to London 35/1910 31/8/1910). In dieselfde jaar bedank die hoofbestuurder die raad van direkteure in Londen vir goedkeuring vir die betaal van £5 5/- vir enige junior beampte wat 'n Suid-Afrikaanse-taalbondsertifikaat in Nederlands verwerf (SB GMO3/1/51 Letters to London 51/1910 21/12/1910). In 1911 het die hoofbestuurder aan Londen laat weet dat 83% van die bank se personeel in Suid-Afrika in diens geneem is en dat meer as die helfte van daardie personeel Nederlands kan praat (SB GMO 3/1/53 Letters to London Special, 27/12/1911).

In 1915 maak die raad van direkteure vanuit Londen gewag van 'n klagte dat die Lydenburgtak van die bank nie kliënte in Nederlands kon help nie. Die hoofbestuurder in Suid-Afrika rapporteer terug dat die takbestuurder op Lydenburg inderdaad nie Nederlands magtig is nie maar dat hy desnieteenstaande gewild (*well liked*) is in die gemeenskap (SB GMO3/1/59 Letters to London 28/5/1915). In 'n brief aan Londen in September 1916 dui die hoofbestuurder aan dat hy volkome met die raad van direkteure saamstem dat die bank se beamptes in plattelandse gebiede Nederlands moet kan praat (SB GMO Letters to London 29/1916, 1/9/1916).

3.5.3 Personeelbeoordeling

Personeel is beoordeel volgens 'n sogenaamde *Character Chart*. Op die kaart is 16 aspekte gelys met 'n gradering van *Very good*, *Good*, *Fair* of *Indifferent* agter elke aspek. Die 16 aspekte was: *Education*, *Business knowledge*, *Appearance*, *Manner*, *Reliability*, *Tact and Resource*, *Energy*, *Method*, *Accuracy*, *Self-reliance*, *Initiative*, *Memory*, *Discipline*, *Temperance*, *Punctuality*, *Morality*. Die inspekteur wat die beoordeling gedoen het, het in elk van die vier graderingsblokkies 'n punt gemaak en dan die sestien kolletjies verbind om die betrokke beampte se karakterprofiel aan te dui. Volgens alle aanduidings is personeel oor wie beoordelings gedoen en oor wie verslae geskryf is, nie die geleentheid gegee om dit te sien of daarop te reageer nie. Die basiese *Audi alteram partem*-reël (die reg van alle partye om hul kant van 'n saak te stel) het klaarblyklik nie gegeld nie en in sommige gevalle is beamptes te

verstane gegee (deur beoordelende kollegas) dat hulle goeie beoordelings gekry het, terwyl dit nie die geval was nie (Terry 1979: 86).

Personeel is gereeld bonusse betaal, (SB GMO4/2/1 Circulars 28/1880, 19/11/1880; SB GMO Circulars 26/1880 11/11/1880) as die bank 'n goeie jaar gehad het. Dit was egter beleid dat net diegene wat na die mening van hul seniors genoegsaam presteer het, die bonusse gekry het (SB GMO 4/2/1 Circular 28/1880 19/11/1880).

Daar bestaan nie onafhanklike maatstawwe om die objektiwiteit en akkuraatheid van die beoordeling van Standard Bank personeel mee te meet nie. In die geval van James Percy Fitzpatrick, wat in die laaste deel van die 19de eeu vir die bank gewerk het, en wat klaarblyklik geen groot indruk by die bank gemaak nie, is in 'n personeelverslag van 1881 geskryf dat hy*stadig maar gewillig* [is], *'n besadigde jong man*. Dit is ook in die verslag gemeld dat hy Nederlands swak praat (wat sy bevorderingskanse kon benadeel). Na drie jaar in diens van die bank was sy salaris £90 per jaar, wat hom nie een van die bank se kosbaarste bates gemaak het nie. In 'n personeelverslag van 1883 is melding gemaak van sy *swak handskrif* en die feit dat sy toesighoudende beampte glo hy skenk wel aandag aan sy werk maar . *sal vir niks anders* [as sy toenmalige werk as Staatsrekening-kasboekhouer] *deug nie* (Terry 1979: 42). Ondanks hierdie beoordeling deur die bank, is Fitzpatrick mettertyd deur die grootste deel van die Suid-Afrikaanse publiek as suksesvol beskou. Hy het redakteur geword van die *Gold Fields News*-koerant in Barberton, sy boek *Jock of the Bushveld* was in 1907 reeds 'n groot sukses en oor die dekades is meer as 100 uitgawes daarvan gepubliseer. Benewens Engels, is dit in sowat 'n halfdosyn ander tale uitgegee. Fitzpatrick het in 1895 die sekretaris van die sogenaamde *Reform Committee* van uitlanders aan die Rand geword en het in 1899 die propagandawerk *The Transvaal from within* uitgegee. Die boek is in sommige kringe voorgehou as 'n reusesukses met sewe uitgawes in vier maande, hoewel daar gerugte was dat baie van die indrukwekkende oplaag in spoelslote en op ashope beland het. Hy het mettertyd 'n groot rol gespeel in die unifikasie van die vier provinsies en het saam met generaal JBM Hertog 'n kompromis uitgewerk oor gelykberegtiging vir Afrikaans as amptelike taal in die Unie. Hy het gedien as voorsitter van die Dellvillebos Komitee en het 'n reusebydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Sondagsriviervallei en die sitrusbedryf in die algemeen. Fitzpatrick het finansiële vooruit gegaan en was 'n welvarende man aan die einde van sy lewe. In 1910 is hy deur die Britse koningshuis toegelaat as Ridder van die Orde van St Michael en St George (KCMG) (Niven 1971: 561).

Dit kom voor asof die gemeenskap Fitzpatrick anders beoordeel het as wat Standard Bank gedoen het.

iets soortgelyks het gebeur met Jan Willem Stuckeris Langerman. Langerman was Standard Bank se takbestuurder op Oudtshoorn toe 'n bankinspekteur 'n baie negatiewe verslag oor hom en sy tak ingedien het. Hy het sover gegaan as om te verklaar dat [...] *die tak se bates myns insiens nie by mnr Langerman veilig is nie* (Terry 1979: 101). Ná die verslag het die bank net ses maande laat verloop voor Langerman en sy tak weer deur 'n inspekteur besoek is. Langerman het daarna bedank maar tog besluit om die bedanking terug te trek. Toe hy later by die bank se tak in Potchefstroom betrokke was, is hy die pos van tesourier-generaal van Transvaal onder die Shepstone-regering aangebied, maar het dit van die hand gewys. Hy het later hoofbestuurder van die Robinson-myngroep en vise-president van die Kamer van Mynwese geword. Hy het Randfontein in die Transvaalse Volksraad verteenwoordig en is in 1910 as lid van die Unieparlement verkies. Langerman het 'n baie welvarende magnaat geword en is ook 'n *sir*-skap toegeken (Terry 1979: 102).

3.5.4 Versigtigheid

Beamptes moes nie alleen self betroubaar wees nie maar moes bedag wees op bedrog (SB GMO4/2/1 Special circular; SB GMO4/2/1 Circular 9/1880 2/4/1880; SB GMO4/2/ Circular 11/1880 16/4/1880; SB GMO Circular 35/1884 23/10/1884; SB GMO4/2/12 Circular 19/9/1929). Dosyne verdere omsendbriewe oor dekades het gewaarsku teen bedrog, vervalsings en wanvoorstellings. In 'n brief van die hoofbestuurder is takke byvoorbeeld gewaarsku teen die sjarme van ene mej G, 'n oujongdame wat tjeks uitskryf sonder geld daarvoor en wat oortrokke geriewe soek op grond van geld wat na bewering uit Australië of Brittanje sou kom, maar wat nooit opdaag nie (SB GMO4/2/10 Circular 24/3/1927). Op gereelde grondslag is gewaarsku teen spesifieke persone en teen bedrog in die algemeen, onder meer op 5 Oktober 1877, 30 Januarie 1878, 6 Februarie 1880, 2 April 1880, 16 April 1880; 17 September 1880, 12 November 1880, 6 Mei 1881, 5 Augustus 1881, 4 Augustus 1882, 23 April 1884, 14 Maart 1885, 4 en 7 November 1884, en daarna.

Dit was heeltemal ontoelaatbaar vir bankbeamptes om werk vir ander instansies te doen en dit is van tyd tot tyd deur die bestuur onder hulle aandag gebring (SB GMO4/2/1 Circular 11/1872 18/6/1872; SB GMO4/2/1 Circular 4/1880 6/2/1880; SB GMO4/2/1 Circular 29/1880, 26/11/1880).

Beamptes is ingevolge omsendbriewe van 1872, 1875 en 1878 toegelaat om rekeninge te hê by die takke waar hulle werksaam was, maar is nie toegelaat om daardie rekeninge te oortrek nie. Inspekteurs is ook opdrag gegee om tydens inspeksies op die uitkyk te wees vir ongewone bedrae geld in beamptes se persoonlike bankrekeninge asook dié van hul eggenotes en familieleden (SB GMO4/2/4 Circular 16/3/1908). In 1904 het die bank se bestuur gevoel meer inligting moet beskikbaar wees oor die [...] *character, capabilities and qualifications*. van

bankpersoneel en takbestuurders is gevra om besonderhede in dié verband aan die bank se hoofkantoor te verskaf (SB GMO4/2/9 Private Circular 10/10/1904).

Die bank was omsigtig en versigtig in geldsake en van beamptes is verwag om ook so te wees. In 'n skrywe van die algemene bestuurder aan Londen is byvoorbeeld aangedui dat 'n sekere mnr Ansell van Barberton na Krugersdorp verplaas is en na hom is op vleierende wyse verwys as 'n *versigtige* beampte (*a prudent officer*) (SB GMO3/1/32 Letters to London 49/1897, 15/12/1897). Oor 'n beampte wat in 1878 aangestel is as bestuurder van die tak in Wellington is geskryf dat hy *[.] respectable, steady, zealous [.] attentive to his duties* was (SB Inspection report Wellington: 21/8/1879). In 'n omsendskrywe het die algemene bestuurder aan takbestuurders geskryf: *recent events [.] show we must again call upon your staff to exercise the greatest vigilance in protecting the Bank against forgery and fraud* (SB GMO Circular 21/1886: SB GMO4/2/4 Circular 21/1886 26/8/1886).

Die versigtigheid het ook verband gehou met die beveiliging van bankpersele, geld, geldwissels, diamante, goud en die bank se boeke. Personeel is deur die algemene bestuurder daarop gewys dat takbestuurders baie versigtig moet wees met die hantering van sleutels:

Due attention must be given to the proper custody of safe keys [.] and it must be your special care to satisfy yourself that your premises are sufficiently protected at all times, especially at night. Clerks who are allowed to sleep on the Bank's premises in some cases where the Manager does not reside there, should be impressed with a sense of their responsibility in this matter [.] it is perhaps advisable that a revolver should be kept on the premises (SB GMO4/2/1 Circular 9/1880, 2/4/1880).

In latere omsendbriewe is die veilige bewaring van sleutels gereeld beklemtoon. In 1875 is 'n stap verder gegaan. In 'n omsendbrief is aan bankbestuurders geskryf:

I must again beg you to be exceedingly careful with regard to the keys to your safe. If your safe is so constructed as to require two keys to open it, one of them must always be in your charge, and the other entrusted to the next senior in the Bank. I shall be glad to have your assurance that this matter has your constant and special attention. Should your safe be such as can be opened with only one key, please say if you would be able to dispense of it, and the price it will realise, in event of its being decided to supply your branch with a safe of improved description (SB GMO4/2/1 Circular 29/6/1875).

Beampies is gemaak om nie in 'n posisie te beland waar hulle geld skuld of 'n hoër lewenstandaard handhaaf as wat hulle kan bekostig nie omdat dit hul kwesbaar kon maak vir versoekings. Dit het die aangaan van huwelike ingesluit, waaroor meer analisering later volg.

3.5.5 Vuurwapens

Rewolwers, die eerste keer as moontlike beveiligingshulpmiddel genoem in 1880 (SB GMO4/2/1 Circular 9/1880, 2/4/1880), het mettertyd 'n deel van Standard Bankbeampies se algemene toerusting geword en was een van die eerste dinge waarop inspekteurs gekonsentreer het tydens hul onverwagte besoeke aan takke. In omsendbriewe is verwys na inspeksieverslae wat aangedui het dat die wapens nie goed in stand en byderhand gehou is nie en beampies is daarvoor berispe (SB GMO4/2/9 Circular 62/1901, 26/6/1901). Die wapens het 'n werklike fisiese dimensie gehad maar is hier van belang vanweë die metafisiese afskrikwaarde daarvan. Verskeie vertellings bestaan van bankbeampies wat hul vuurwapens getoon het, (of net die handvatsel daarvan) in situasies waar hulle bedreig gevoel het, en daardeur 'n verlangde, uit hul oogpunt, positiewe reaksie gekry het. Dit het skynbaar suksesvol as afskrikmiddel gedien en het ook beampies se selfvertroue in baie situasies verbeter maar dit kom nie voor asof daar spesifieke gevalle was waar dit met sukses aangewend kon word in gevalle van bankrowe nie. Tydens 'n rooftog in die Kaap in 1897 het die takbestuurder met die tak se rewolwer op 'n bankrower gevuur maar die man het meer as een laag klere gedra. Dit was *[.] maar 'n klein rewolwer en [.] die skoot het min uitwerking gehad* (Terry 1979: 185). By die Beaconsfieldtak het die bestuurder sy geldelike surplus weekliks na Kimberley geneem *[.] in 'n gehuurde kapkar en met 'n .450-rewolwer* (Terry 1979: 69). Dit was 'n baie groot wapen met 'n swaar kaliber.

Jare later het AF Lilford van die bank se personeel vertel hoe hy by geleentheid geld moes gaan haal van 'n trein wat om 03:00 in die oggend op die stasie aangekom het en hoe hy dan in die vroeë oggendure alleen met 'n kruiswagter geld en die bank se rewolwer as beskerming, die kruiswagter in die hoofstraat afgestoot het: *[.] met net die reuk van die bekende nagkar as geselskap* (Terry 1979: 145).

Een beampte van die bank het homself met 'n wapen van die bank in die hand geskiet (Terry 1979: 64). Maar daar was meer trauma en pathos verbonde aan die bank se rewolwers. In 1913 moes 'n takbestuurder aan sy hoofkantoor rekenskap gee van sy eie en een van die bank se kliënte se finansiële probleme, wat téén die korporatiewe kultuur van die bank gegaan het. Een oggend het die rekenmeester die brief van hoofkantoor met die navraag langs 'n onvoltooide konsepbrief in potlood op die bestuurder se lessenaar gekry. Die onvoltooide konsepbrief het onder meer gelui: *He is aware of this transaction and in . Oh God I am going mad*. Die lyk van die bestuurder en die bank se rewolwer is ook daar gekry (SB Bits en Bytes 30/5/2014).

Geen aanduiding kon gekry word van opleiding in vuurwapenhantering vir beamptes nie.

3.5.6 Stiptelikheid

Van beamptes is verwag om altyd stiptelik te wees (SB GMO4/2/3 Circular 21/1882, 30/6/1882) en nie van werk afwesig te wees nie. 'n Teenwoordigheidsregister moes vir die beheer hiervan gehou word en elke beampte moes by die aanvang en einde van elke dag die register teken. Die takbestuurder moes elke dag kyk of beamptes op kantoor is en hoe laat hulle opgedaag het. Tydens inspeksies moes die inspekteurs die register nagaan om seker te maak daar word aan die voorskrifte voldoen. Hierdie stelsel is in 1882 ingestel deur die hoofbestuurder se 21ste omsendbrief van 1882 (30/6/1882) en was gedurende die hele tydperk wat deur hierdie studie gedek word, van krag. Dit het 'n integrale deel van die werking van die bank geword en staaltjies het ontstaan oor die rol wat dit in die lewens van beamptes gespeel het. 'n Beampte, Will Longden, wat in 1879 by die Port Elizabeth-tak van Standard Bank begin werk het, het die volgende geskryf in hierdie verband:

Die dag het omstreeks nege-uur begin met die personeel wat toustaan om die aanwesigheidsboek op die punt van die kassierstoonbank te teken. Hierdie boek was nie baie gewild nie, [.]. Daar was gewoonlik heelwat lughartige [sic] geskerts terwyl die boek geteken word en daar is twyfel uitgespreek omtrent die absolute juistheid van die tye wat aangedui is, [.]. Nogtans, so lank as wat die boek daar gebly het, het uitasem laatkommers geteken en gewoonlik die tyd herhaal wat hul voorgangers aangeteken het. Dit was 'n reël dat die boek presies om 9.10 vm op die bestuurder se lessenaar geplaas is en laatkommers het dan geen ander keuse as 'n uiters pynlike onderhoud met die hoof of afwesigheid sonder verlof gehad nie (Terry 1979: 21-22).

3.5.7 Kliënteskakeling

'n Belangrike vereiste vir beamptes was om vriendelik, hoflik en kundig met die publiek te kon skakel en daardeur 'n goeie beeld van die bank uit te dra en vertrouwe in die bank as instelling te skep en te behou. Dit het ten nouste in verband gestaan met ander aspekte soos stiptelikheid, goeie voorkoms, kundigheid, en etiese optrede.

In 1877 het Standard Bank 'n tak in Pretoria gestig. Die politieke situasie was onbestendig en in sekere sektore van die bevolking was Britte en Britse instellings, as gevolg van geskiedkundige gebeure, nie gewild nie. Op 22 Mei 1877 het die bankbeampte wat die tak geopen het 'n weergawe gegee van raad wat hy van plaaslike mense in Pretoria gekry het. Dit het die belang van beamptes se optrede beklemtoon en ingesluit: *Deur hoflikheid en bedagsaamheid, [.]. sal julle mettertyd floreer* (Terry 1979: 119).

In 1884 het die algemene bestuurder geskryf (vertaal): .

[.] dit lyk wenslik om weer aandag te vestig op die groot belang daarvan dat vriendelike verhoudinge met kliënte en die algemene publiek gekweek en in stand gehou moet word. Op die oomblik is daar verskeie oorsake wat saamspan om dit noodsaaklik te maak. Vanweë die afname in handel moes die bank in verskeie gevalle druk uitoefen of weier om krediet te verleen [.] Sommige individue mag teleurgesteld en selfs vyandiggesind wees, maar taktvolle optrede en troos sal baie help om sulke gevoelens teen te werk, terwyl die afwesigheid van sulke optrede vyandiggesindheid kan bevorder. Dit sal tot groot nadeel van die bank wees wanneer die ekonomie weer sterker groei toon en die goedgesindheid van die gemeenskap noodsaaklik vir die bank sal wees. Ons het geen twyfel dat bankamptenare waardering vir hierdie situasie het en hulle oor die algemeen by hierdie beginsels hou nie. Ons vertrou dat takbestuurders sal toesien dat die nodige hoflikheid te alle tye deur almal wat met die publiek in aanraking kom, betoon sal word (SB GMO4/2/3 Circular 28/1884, 15/8/1884).

Ook in korrespondensie oor die gerief en privaatheid van kliënte wat banktakke besoek, het die bank klem gelê daarop dat die personeel te alle tye daarna moet streef om te sorg vir die minste moontlike verontrefing van die publiek (SM GMO4/2/4 Circular 21/1886, 26/8/1886).

Die gerief van die publiek het baie aspekte ingesluit. As deel van die bank se plan om te verseker dat die munte wat dit hanteer nie té verslete, beskadig of lelik voorgekom het nie, is ou munte van tyd tot tyd onttrek uit omloop. Silwer munte is na Londen gestuur om hergebruik te word. (Munte is simboliese voorwerpe. Deur hierdie aksie het die bank getoon dat ook die estetiese voorkoms daarvan - nog 'n metafisiese dimensie - as belangrik geag is). Dit was egter nie die moeite werd om bronsmunte na Londen te verskeep nie en banktakke is gevra om dit onder plaaslike mense te versprei. Tellers moes van 'n goeie voorraad bronsmunte voorsien en opdrag gegee word om soveel moontlik daarvan aan kliënte uit te keer, met die voorbehoud egter dat dit nie kliënte moes verontref nie (SB GMO4/2/3 Circular 31/1883, 3/3/1883; Circular 36/1884, 14/11/1884; Circular 19/1885, 22/5/1885).

3.5.8 Etiek en moraliteit

Van die bank se beamptes is verwag om *ordentlike* en *fatsoenlike* lewens te lei, volgens die standaard van die Victoriaanse en daaropvolgende periode. Dit was nie-tasbare aspekte wat deur kulturele maatstawwe beïnvloed is en ook ruimte gelaat het vir subjektiwiteit. Benewens aangeleenthede wat direk met die bank te doen gehad het, het die bestuur hom ook bemoei met sosiale en morele aangeleenthede wat beskou is as werkverwant en/of aspekte wat 'n

refleksie op die bank kon hê: die *non-work lives* waarna Greenhaus en Callahan verwys (1994: x).

Reeds in 1872 is bestuurders opdrag gegee om aandag aan jong personeellede te gee en hulle leiding te gee oor die besteding van hul vrye tyd. Een dokument dui aan dat Standard Bank, as 'n konserwatiewe instelling, altyd begaan was oor die morele welstand van die jong personeel wat in Kimberley binne die mynkamp gewoon het waar hulle in restaurante met van die sogenaamde laer klasse van die bevolking moes meng. Die algemene bestuurder het die stelling gemaak dat, so ver hy kon vasstel, die jonger beamptes hul vrye tyd deurbring deur te lees en met stil ontspanning en stapoefeninge. Hy vervolg:

In a community such as this is where the distinct respectable middle class element, home comforts and restrictions are absent; where money changes hands very rapidly and temptations abound, and where a passion for betting on every conceivable occasion and on almost every petty detail in daily life exists. [...] A certain extra latitude has to be permitted, owing to the peculiar circumstances of the place, the dearth of good clerks, the ample scope for employment, and the - too many - allurements of a digger's life (SB Bits and Bytes 30/5/2014: 2-3).

By een geleentheid het die bank noodgedwonge 'n paar kleiner eiendomme oorgeneem en dit verhuur. 'n Besoekende inspekteur het die eiendomme gaan besoek en aangedui dat die tak bankeiendom verhuur aan mense wie se moraliteit nie aanvaarbaar was vir die bank nie (Terry 1979: 70).

In 'n omsendbrief van 1900 skryf die hoofbestuurder aan takbestuurders: *Dit het onder ons aandag gekom dat beamptes by sommige takke die gewoonte het om hotelle tydens kantoorure te besoek om verversings te geniet* (Vertaal). Sodanige optrede was totaal onaanvaarbaar en takbestuurders is opdrag gegee om alles in hul vermoë te doen om dit te ontmoedig (SB GMO4/2/7 Circular 121/1900, 27/12/1900).

3.5.9 Vertroue

In Brittanje, waar Standard Bank se wortels lê, het die bankwese in die 17de eeu reeds ontstaan (Ergang 1967: 140). Een van die basiese grondslae van die bankwese was van meet af die element van vertroue. Dit is ook 'n fundamentele vereiste vir die sukses van die bankwese in Suid-Afrika (Krige 2010: onderhoud). Die verwagting bestaan dat bankiers nie alleen met eerlikheid nie, maar ook met goeie oordeel sou optree in die hantering van kliënte se geld, terwyl verwag is dat kliënte met respek behandel moet word.

Hierdie verwagting word gevestig op die vertroue wat verteenwoordigers van die bank inboesem en die integriteit waarmee hulle optree. Dit het oor die eeue eise aan bankpersoneel gestel - baie daarvan metafisies - wat anders was as dié waaraan werkers in ander sektore onderhewig was. Standaarde en tradisies in hierdie verband is nagejaag en is streng eerbiedig in die bankwese van Brittanje. Met die stigting van Standard Bank in 1862 is dit na Suid-Afrika oorgedra. Benewens die bepalings daarvoor in die lisensie van 'n bank, die algemene korporatiewe kultuur binne die bank en klem daarop gelê tydens opleiding, moes beamptes ook verklarings onderteken waarin hul onderneem het om algehele vertroulikheid te handhaaf ten opsigte van kliënte se persoonlike sake (SB GMO4/2/1 Circular 12/1871).

Geheimhouding van kliënte se private aangeleenthede is steeds 'n belangrike nie-tasbare of metafisiese aspek van die bankwese in Suid-Afrika. Omsendbriewe in dié verband is vroeg reeds van die bank se Suid-Afrikaanse algemene bestuurder aan alle afdelings en takke in Suid-Afrika gestuur. In 1871 is een so 'n omsendbrief gestuur waarby 'n verklaring aangeheg was wat elke personeellid moes onderteken en waarvolgens personeellede onderneem het om totale vertroulikheid te handhaaf in alle sake van bankkliënte (SB GMO4/2/1 Circular 12/1871). In 1872 het 'n ander omsendbrief aangedui dat alle personeel van die Bank gekeur moes word. Dit lui onder meer: *[.] it is a matter of the first importance that security should be effected by officers as soon as possible after their date of entering the service [.] each form should bear the names of at least three referees - one of whom must be the last employer* (SB GMO4/2/1 Circular 31/5/1872). Hierdie versoek is oor die jare meermale in omsendbriewe herhaal.

In 'n vertelling oor sy ervaring as bankklerk in die Beaconsfieldtak van die bank gedurende die 1890's maak JJ Swanson die stelling dat daar soveel vertroue tussen die bank en kliënte was dat kliënte nie moes wag vir groot hoeveelhede munte wat hulle by die bank ingehandig het om getel te word nie. Die kliënt se woord vir die totale bedrag is aanvaar en die geld is later getel. En, beweer Swanson: *dit was nooit verkeerd nie*. Toe 'n kliënt by een geleentheid deur die bank te veel betaal is, is die oorskot dadelik deur die kliënt teruggestuur toe dit ontdek is (Terry 1979: 69).

3.5.10 Dissipline en diensverlating

Standard Bank, soos waarskynlik alle suksesvolle banke van die tyd van die studie, is met streng beheer bestuur.

Dissipline

Streng dissipline was 'n basiese deel van die bank se personeelbestuur. In 'n omsendbrief van die hoofbestuurder is bevestig:

[.] *the best course is to deal firmly with any officer who may be guilty of a breach of the Bank's rules, particularly where irregularities in regard to money are involved* [.] *our policy is to get rid of officers who prove to be of undesirable character, or are unsuitable for the bank's service* (SB GMO3/1/51 Letters to London 33/1910, 17/8/1910).

Op gereelde grondslag in die bank se korrespondensie kom verwysings voor na beamptes teen wie dissiplinêr opgetree is, soos in die geval van 'n mnr C, teen wie opgetree is vanweë drankgebruik. 'n Inspekteur het bevind: *We fear there can be no doubt that Mr C. has given way to drink* (SB GMO3/1/35 Letters to London 41/1899, 11/10/1899). Ene mnr S is ontslaan vanweë swak gedrag (SB GMO3/1/35 Letters to London 11/1903, 13/3/1903), en teen verskeie ander beamptes is dissiplinêr opgetree.

Die bankinspekteurs en hul onverwagte besoeke aan banktakke was 'n belangrike aspek van die handhawing van dissipline en die gedagte aan sulke besoeke was, in die woorde van een bankbeampte, [.] *genoeg om die mees geharde misdadiger te ontsenu, wat nog te sê 'n senuweeagtige junior* (Terry 1979: 84). HM Quigley bevestig: [.] *die meeste inspekteurs was middeljarige manne met baie ondervinding en hul besoeke was 'n vreesaanjaende ondervinding, veral vir junior klerke, wat ontsagwekkende magte aan hulle toegedig het* (Terry 1979: 86).

Inspekteurs moes by hul aankoms by 'n banktak bewys lewer van wie hulle is en het dan alle sleutels en tydelik alle beheer oor die tak se werksaamhede oorgeneem. Die toestand en bereikbaarheid van die rewolwer, die posseëlvoorraad en -register, die kluis, grootboeke, uitstaande skulde, toestande van persele en verblyf, voorrade van skryfbehoeftes voor hande, bevoegdheid, voorkoms, toewyding en persoonlikheid van die takbestuurder en sy personeel, die aard en toestand van geboue, die veiligheidsituasie en feitlik elke ander aspek van die betrokke tak, sowel as omgewingsfaktore wat dit kon beïnvloed, is deur die inspekteur nagegaan en oor verslag gedoen. In een geval waar 'n inspekteur daarop aangedring het om elke deel van die bestuurderswoning te sien, het hy elke deur oopgemaak en elke vertrek binnegegaan, ook die een waar die bestuurder se eggenote *met haar ingewikkelde toilet besig* was. Slegs die bestuurder se selfbeheersing en takt het die situasie ontloft (Terry 1979: 85).

Van die inspekteurs het takbestuurders goed geken en ná die begroeting vir die bankgebou en kluis se sleutels gevra. As dit oorhandig is sonder dat die inspekteur se magtigingsbrief gevra en sorgvuldig bestudeer is, is dit as 'n oorsig deur die betrokke bestuurder beskou en in die verslag vermeld. Dit het nie bygedra tot daardie inspekteur se gewildheid by sy bankkollegas nie.

Diensverlating

In 1872 is bepaal dat beamptes wat die bank se diens verlaat, nie weer in diens geneem sal word nie (SB GMO4/2/1 Circular 11/1872). Dit is in 1883 bevestig (SB GMO4/2/2 Circular 23/1883, 15/6/1883). Hierdie beleid van die bank sou egter verander word as gevolg van die invloed van die omgewing. Na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 is 'n omsendbrief aan alle bankpersoneel gestuur wat onder meer gelui het:

The Board of Directors, having regard to the patriotic feeling which has led many officers to proceed to the front to repel invasions of Coast colonies, has signified that, in such cases, the rule against re-engagement of officers who have left the service is temporarily suspended, and on the termination of hostilities, we shall be prepared to consider every such case on its merits, and to re-instate officers with a good record, who had, with our permission, resigned in order to go on active service (SB GMO4/2/7 Circular 2/1900, 6/1/1900).

Gedurende die Eerste en Tweede Wêreldoorloë het die bank verlos gegee aan beamptes wat militêre diens wou verrig en het gedurende hulle militêre diens die helfte van hul normale salarisse aan hulle betaal (SB GMO3/1/60 Letters to London 27/1916, 11/8/1916).

3.5.11 Ervaring en werksbevrediging

Personeel met ervaring en kennis van die bank se werking was 'n bate vir die bank. Die bank het daarom probeer om nie ervare personeel aan ander werkgewers af te staan nie. In 1915 gee die hoofbestuurder aan Londen 'n oorsig van personeelverliese. Tussen 1910 en 1914 het 'n totaal van vierhonderd sewe-en-veertig beamptes die bank se diens verlaat. Daarvan is tweehonderd-en-vier gemotiveer deur beter salarisse en en/of beter vorderingsgeleenthede. In 1910 is tien bankklerke na die Nasionale Bank, in 1911 twee, in 1912 ses, in 1913 drie en in 1914 een. Behalwe dié wat na ander banke gegaan het, is verskeie na regs- en kommersiële instansies.

Die hoofbestuurder het geskryf dat in ag geneem moet word dat Suid-Afrika 'n jong en ontwikkelende land is. In daardie konteks, meen hy, was die personeelverliese nie meer as wat verwag kan word nie. Hy het beklemtoon dat dit beslis nie dui op algemene ontevredenheid met diensvoorwaardes by Standard Bank nie. Die tydperk, het hy bygevoeg, het ook 'n handelsoplewing beleef, wat meer werkgeleenthede geskep het. In 'n poging om personeel te behou, is junior beamptes se salarisse in 1915 verhoog (SB GMO3/1/59 Letters to London 24/1915, 18/6/1915).

3.5.12 Indiensneming van vroue

'n Basiese beleidstandpunt van die bank wat gewysig is omdat omgewingsfaktore aanpassing op die bank afgedwing het, was die beleid aangaande die indiensneming van vroue. Soos ander banke in Suid-Afrika, het Standard Bank aanvanklik slegs manlike personeel in diens geneem (met uitsluiting van huishoudelike personeel vir skoonmaak en ander interne dienste). Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 is die bank gedwing om dié beleid in heroorweging te neem. In 1915 het die hoofbestuurder aan Londen berig dat die Suid-Afrikaanse regering 'n versoek aan die bevolking gerig het vir 10 000 bykomende troepe en dat die bank besluit het om meer van die personeel vry te stel vir militêre diens. Die hoofbestuurder het onder meer geskryf:

Vigorous recruiting is being carried on throughout the country and strong public pressure is being brought to bear on all employers. [...] Cape Town and Johannesburg were the centres principally affected, and the Managers of those branches have been authorised to engage lady clerks, on a temporary basis. This innovation may probably have to be extended to other points (SB GMO3/1/59 Letters to London 47/1915, 3/12/1915).

In 1916 het die hoofbestuurder aangedui: *[...] in engaging lady clerks we have been actuated by a desire to do everything possible to release officers of military age for active service* (SB GMO3/1/60 Letters to London 11/1916, 5/4/1916).

Soos die aanvraag na meer mans vir militêre diens toegeneem het, moes salarisse en diensvoorwaardes vir dames in die bank verbeter word om mededingend te bly (SB GMO3/1/60 Letters to London 33/1916:27/9/1916). Die bank se beleid in verband met die indiensneming van dames het onder meer behels dat daar besluit is om slegs persone van goeie stand (*ladies of good stamp*), met vorige besigheidservaring, in diens te neem (SB GMO Letters to London 11/1916, 5/4/1916). 'n Latere omsendbrief het aangedui dat 'n dame se dienste onmiddellik beeëndig sou word as sy verloof raak of in die huwelik sou tree (SB GMO4/2/12 Special staff circular 31/10/1929).

3.5.13 Huwelike van bankbeamptes

Daar is van bankpersoneel verwag om hulself nie deur 'n uitspattige of spandabele leefwyse in finansiële moeilikheid te laat beland nie. Ietwat aanvegbaar by die standarde van die 21ste eeu is huweliksbetreding deur beamptes op klein salarisse ook gesien as 'n sekuriteitsrisiko.

'n Omsendbrief van 1883 dui aan dat dit onder die bestuur se aandag gekom het dat twee beamptes getrou het op salarisse wat die onderhoud van 'n vrou onmoontlik gemaak het en dat

hulle gevolglik in skuld verval het. Die omsendbrief lui verder dat dit moeilik is om vaste reëls neer te lê.

In regard to a matter of some delicacy, and in connection with which the attendant circumstances may sensibly differ, it would be somewhat difficult to lay down a fixed rule, and I am not desirous, if avoidable, of adopting prohibitive measures. I must, however, request you to bring to my notice the case of any officer who may contemplate marriage upon what would appear to be an insufficient income, in order that circumstances may be enquired into as it might become necessary to intimate to an officer with such a lack of prudence and good judgment, that his marriage might seriously prejudice his position in the Bank (SB GMO4/2/1 Circular 6/1883, 16/2/1883).

In 1899 het weer 'n opdrag van die hoofbestuur uitgegaan oor die moontlikheid dat beamptes in skuld kan verval as hulle sou trou. In dié rondskrywe is opdrag gegee dat:

Managers should bring to notice the case of any officer contemplating marriage upon an ostensibly insufficient income, as it might, after investigation, become necessary to inform an imprudent Officer that marriage might prejudice his position, for, in the event of his drifting into difficulties, he would be compelled to resign (SB Bits en Bytes 30/5/2014:11).

In daaropvolgende opdragte is dit nog duideliker uitgespel:

No application for permission in this respect (marriage) will be entertained where the officer's salary, irrespective of allowances, is under £240 per annum, unless it can be proved to the satisfaction of the General Managers that the parties interested have adequate private means (SB Bits en Bytes 30/5/2014: 10).

In 1913 het die hoofbestuurder dit omsigtig gestel dat die verbod op huwelike van beamptes versigtig verduidelik moet word. In Suid-Afrika, skryf hy, moet die bank buitengewoon versigtig wees om nie reëls toe te pas wat deur die publiek gesien kan word as ontmoedigend van die getroude staat nie. Daar moet versigtig verduidelik word dat geen beampte verbied word om te trou nie, maar dat die bank dink 'n inkomste van minstens £240 per jaar is nodig om 'n bankklerk en 'n eggenote te onderhou (SB GMO3/1/56 Letters to London 50/1913, 19/12/1913).

Mnr M was 'n bankbeampte wat na 'n ernstige verhouding van agt jaar met 'n dame aansoek gedoen het om te mag trou. Hy vertel:

My aanoek om te mag trou is deur my bestuurder aan hoofkantoor gerig, ingevolge die voorskrifte in die Digest. Na sowat drie weke het ek die antwoord gekry dat hoofkantoor nie in my pad sal staan nie, maar nie van mening was dat ek kon bekostig om te trou nie. Hulle het egter nie aangebied om enigiets aan my lae inkomste te doen nie (Steyn en Antonie 2012: 83).

Bankbeamptes wat wou trou, kon nie hul inkomste aanvul deur ekstra werk buite die bank te doen nie, want dit was verbode (SB GMO4/2/1 Circular 11/1872, 1/10/1872).

Die eggenotes van bankbeamptes, veral van bestuurders, het 'n beduidende bydrae gelewer tot die aansien van die bank en die skep van 'n goeie verhouding tussen die bank en die gemeenskap waarbinne dit bestaan het. Toe mnr en mev C Kirkman byvoorbeeld in 1922 van Standard Bank se Stellenboschtak na Somerset-Oos verplaas is, is 'n sitaat van John X Merriman aan hulle oorhandig. In die sitaat is Kirkman beskryf as 'n steunpilaar van die gemeenskap. Dit lui dan verder:

To you Mrs Kirkman, we owe memories of many happy hours. You have shared in many of the social activities of the community and have taken a prominent part in movements on behalf of church and hospital and other institutions. Your bright, unselfish personality seemed always to bring sunshine and to promote harmony and good feeling (Steyn en Antonie 2012: 178).

Eggenotes het dus ook 'n verteenwoordigingsrol gehad in die skep van die bank se beeld.

3.5.14 Die hantering van deernisgevalle

As finansiële instansie met winsbejag as doelwit, wat in aandeelhouers se belang moes optree, was die bank deurgaans uiters versigtig met geldsake. Tog was daar deernisgevalle waar die bank om menslikheidsredes hulp aan personeel of voormalige personeel moes oorweeg. In een so 'n geval het 'n bankbeampte te sterwe gekom en byna geen boedel nagelaat nie. Hy het geen gesin gehad nie, maar het jare lank £8 per maand tot die bank se verpligte weduwees- en wesefonds bygedra ten bate van sy drie susters. By sy afsterwe was aldrie reeds gevorderd in jare en een het aan ernstige diabetes gely. Die algemene bestuurder in Suid-Afrika het by die raad van direkteure in Londen aanbeveel dat 'n uitbelating gegrond op sy bydrae gedoen word aan die susters, al was hulle nóg weduwees nóg wese (SB GMO 3/1/16 Letters to London 27/1916, 11/8/1916).

'n Ander bankbeampte, wat vrywillige militêre diens verrig het, is in die Eerste Wêreldoorlog gewond. Sy regtergewrig is vergruis en sy hand was onbruikbaar. Die weermag het hom

ontslaan en die bank het goedkeuring gegee dat hy na Brittanje kon gaan om 'n mediese spesialis te sien. Hy is deur die bestuurder van die tak waar hy gewerk het, beskryf as:

Of pleasant appearance and manner but careless and apparently lacking in intelligence: has caused us a considerable amount of trouble through carelessness in the performance of his duties. Of little use to us. Classification: Indifferent.

Hy is aangeraai om 'n ligte werkie te soek en die halwe salaris wat militêre vrywilligers betaal is, is tydelik voortgesit (SB GMO3/1/60 Letters to London 34/1916, 6/10/1916).

'n Tragiese geval was dié van mev Mary S, die eggenote van mnr S wat bestuurder van die Cathcarttak was. Hy het verdwyn en die polisie het geen idee gehad van waar hy hom bevind nie. Na sy verdwyning was mev S in 'n benarde posisie, maar het darem werk gekry. Sy het egter geen heenkome vir haar kinders gehad nie. Sy het die bank genader vir 'n toekenning van £50 om hulle in 'n koshuis te kon laat woon. Die algemene bestuurder het haar versoek na Londen gestuur en dit ondersteun (SB GMO3/1/56 Letters to London 43/1913, 31/10/1913). In 'n brief van 12 Desember 1913 neem die algemene bestuurder kennis van die feit dat die direkteure in Londen die toestaan van 'n toekenning aan mev S afgekeur het (SB GMO3/1/56 Letters to London 49/1913, 12/12/1913).

In 'n ander geval het 'n junior klerk in die bank se Claremonttak in 1897 tydens 'n rooftog gesterf. Die hoofbestuurder het aanbeveel dat 'n *aansienlike gratifikasie* aan sy behoeftige ouers betaal word. Hulle wou dit nie aanvaar nie. Die bank het die begrafniskoste gedra en vir die oprigting van 'n gedenksteen betaal (Terry 1979: 186).

3.6 Bankpersoneel as deel van die gemeenskap

Soos in figuur 1.3 aangedui, word drie komponente van die bank se kultuur, binne konteks van die omgewing waarbinne dit bestaan, in die studie geanaliseer. Vir analitiese doeleindes is die omgewing ingedeel in die bestuur, streeks-, streeks en globale dele, wat wedersyds op mekaar inwerk.

Die Suid-Afrikaanse klimaat het intensiewe boerdery in groot dele van die binneland onmoontlik gemaak en mense moes ver van mekaar woon om genoeg weiding te hê vir hul vee. Waterbronne was yl verspreid. Infrastruktuur in die vorm van paaie, treinspore en kommunikasieverbindings was teen 1862 feitlik nie-bestaande. Die feit dat die binneland vir 'n groot deel uit 'n plato bestaan, het tot gevolg gehad dat riviere diep ravines op pad na die see gekerf het. Dit, en hoë bergreekse, het die maak van paaie bemoeilik. Selfs teen die einde van die 19de eeu en die eerste helfte van die 20ste eeu was Suid-Afrika nie hoogs-ontwikkelde nie.

Die grootste deel van die bevolking was selfvoorsienend, sommiges binne stamverband en ander op plase. Dorpe was klein en ver uitmekaar en reise daartussen moeilik en gevaarlik.

3.6.1 Verblyf van personeel

Die fisiese bodemgesteldheid van die land het die vervoer van boumateriaal en lewensmiddele oor lang afstande, moeilike terreine, teen 'n stadige pas en teen relatief groot koste teweeggebring. 'n Klein deel van die bevolking was verstedelik. Boukundiges was nie oral in die land aanwesig nie, ambagsmanne was skaars en geboue opgerig in kleiner gemeenskappe was meestal volksboukundig van aard. Daar was nie 'n groot aanbod van besigheidspersoneel en huurwoningen beskikbaar nie. Dit het tot gevolg gehad dat die vind van beide besigheidspersoneel en verblyf vir bankbeamptes bemoeilik is. Hierdie situasie is aanmerklik vererger deur die bevolkingstoenames wat in sekere streke van die land op die ontdekking van diamante en goud gevolg het.

In hierdie hoofstuk sal slegs aan verblyfsakkommodasie vir bankpersoneel aandag gegee word. Akkommodasie vir die dag-tot-dag bedryf van die bank sal in ander hoofstukke geanaliseer word.

As hoofverteenwoordiger van die bank op 'n spesifieke plek, is die takbestuurder deur die bank voorsien van gerieflike, selfs statusvolle, verblyf. Oor die uitdra van 'n beeld deur verteenwoordigers van 'n instansie of land, skryf Du Toit:

The importance of an adequate residence [...] can not be overstated for what it contributes to the grace of living and the enjoyment of his work, his efficiency ... (1969: 176).

Die meeste bankgeboue wat deur die bank gebou is, het beide 'n besigheidsdeel en 'n verblyfdeel vir die bestuurder op dieselfde perseel ingesluit. Die ander personeel was egter nie so gelukkig nie. Deur 'n kombinasie van lae besoldiging en die skaarsheid van akkommodasie, het hulle soms onder spartaanse omstandighede geleef, dikwels in die bankgebou self. Terwyl die bank se bestuur verwys het na die *voorreg* wat sodanige personeel geniet het om op die bankperseel te woon, was dit uit 'n sekuriteitsoogpunt ongetwyfeld ook tot die bank se voordeel.

Dit is verstaanbaar dat die bank statusvolle behuising aan die takke se bestuurders, as hoofverteenwoordigers van die bank, sou verskaf. Die verskil in die standaard van behuising vir bestuurders en ander personeel was egter só ooglopend groot dat daar bykomende redes voor moes bestaan. Senioriteit van die bank se bestuurders was die voor die hand liggende rede, maar daar moes meer redes gewees het, veral as in ag geneem word dat baie van die

bestuurders beide in diens- en in lewensjare nie baie senior was nie. Amphlett skryf in 1914 in dié verband:

Van 65 bestuurders op daardie tydstip in diens van die bank was 29 onder die ouderdom van 30 en die meerderheid van die oorblywendes jonger as 40. Die oudste takbestuurder was net 48 en daar was net drie rekenmeesters in die diens wat ouer was as 30 jaar. Besoekers aan Suid-Afrika het dikwels opmerkings gemaak oor die groot verantwoordelikheid wat deur jong persone gedra word, in teenstelling met die situasie in Europa (1914: 91-92).

George M More was die eerste bestuurder van die Kaapstadtak van die bank en was net 25 jaar oud toe hy in 1864 as bestuurder aangestel is (Terry 1979: 42).

Die meerderheid van junior- en middelrang personeel se behuising was onbevredigend. Tog het die hoofbestuur in Suid-Afrika dit in 1903 betreur dat die takbestuurder in Port Elizabeth 'n lening van £1 100 aan 'n personeellid, FW Burch, toegestaan het sodat hy 'n eie huis kon koop. Die hoofbestuur het die toestaan van lenings aan personeel ongewens gevind, omdat die koop van eiendom tot gevolg kon hê dat die beamppte onwillig kon wees om 'n verplasing te aanvaar as sy dienste elders benodig sou word. Die hoofbestuur het simpatie gehad met die feit dat behuising baie moeilik bekombaar was, maar was van mening dat die bank se belange die swaarste behoort te weeg. Die brief sluit af deur die takbestuurder in te lig van die hoofbestuur se [...] *extreme dislike of such transactions* (SB GMO Circular 37/1903, 11/9/1903).

Een beamppte, OH Bate beskryf sy ervarings in verband met behuising:

Toe ek in Kimberley aangekom het, het ons in die kantoor geslaap en gewerk, een man in 'n hangmat voor die toonbank, nog een in 'n hangmat agter die toonbank, een op die toonbank (dit was nie lank genoeg vir twee nie), 'n vierde op die rekenmeester se tafel en 'n vyfde op 'n kampbed in die bestuurder se kantoor - eintlik net 'n hokkie (Terry 1979:61).

JA Merriman het in sy herinneringe vertel hoe hy ook vir 'n hele paar maande lank op die bank se toonbank geslaap het, met twee klerke in hangmatte weerskante van hom. Hy skryf dat ses tot agt van hulle in die bankgebou geslaap het. Soggens het hulle beurte gemaak om 'n enkele klein heupbad, waarvoor water per emmer ingedra is, te gebruik (Terry 1979: 61).

In 1873 is aangeteken dat die Kimberleytak se rekenmeester en vier klerke in 'n tweevertrek-hout-en-tenthuis aan die buitewyk van die mynkamp woon. (Hierdie struktuur het een middag weggewaai en die inwoners se beddens, beddegoed en kaste het in die niet verdwyn. Baie van

hul besittings is nooit weer gevind nie). Die onderbestuurder het in 'n sinkhuis met net een vertrek gewoon. 'n Huis is in 1883 aangekoop, teen £1 000, om as verblyf vir personeel te dien en het slaapplek aan elf beamptes gebied (Terry 1979: 64).

In Oudtshoorn het ongetroude personeel die bestuurdershuis bewoon. Tydens 'n inspeksiebesoek in 1877 het die inspekteur tot sy groot skok uitgevind dat die rekenmeester en die klerk drie jong volstruise snags in die eetkamer aangehou het (Terry 1979: 100).

J Calder vertel hoe hy rondom die eeuwending geld (ten bedrae van £12 000) van Kimberley na Johannesburg moes neem. By sy aankoms daar het hy 'n skaapvelkombers gekry om op die bank se vloer te slaap. Volgens hom was dit . *glad nie 'n ongewone bed in daardie dae nie* (Terry 1979: 146).

In die eerste dekade van die 20ste eeu het die bank 'n huis in Kimberley besit waar bankbeamptes gewoon het. Nuwe inkomelinge het eers in die agterste kamers gewoon en vorentoe geskuif na gelang hulle opgang gemaak het, totdat hulle in die voorste kamers wat op die stoep uitgekyk het, kon intrek (Terry 1979: 65).

Aan die begin van die 1920's het die bank se tak in Tarkastad geen toiletgeriewe gehad nie. In 'n skrywe aan sy hoofkantoor het die takbestuurder aangedui dat hy of sy voorgangers nooit 'n behoefte daaraan ervaar het nie. In 'n klein dorp soos Tarkastad, het hy geskryf, is dit altyd moontlik om iemand anders of 'n hotel se geriewe te gebruik as dit benodig sou word (*should the occasion arise*) (SB *Bits en Bytes* 30/5/2014: 12). In 'n omsendbrief van die algemene bestuurder word egter melding gemaak van die groot getalle siekes onder die personeel en in 'n ander een neem hulle met spyt kennis van die afsterwe op 14 April 1903 van TR Manby, as gevolg van ingewandskoors (SB GMO Circulars 7/1903, 13/2/1903; 19/1903, 8/5/1903).

In Kimberley het Standard Bank die Hotel Richmond op die hoek van Main- en Markstrate in 1880 gekoop en die volgende jaar gesloop. Die argitek LF Hanson het 'n nuwe dubbelverdieping-gebou ontwerp, met slaapkamers op die boonste verdieping vir personeel. In 'n inspeksieverslag is daaroor gesê dat dit sterk herinnner aan *die los vleuels van 'n katoenfabriek* (Terry 1979: 63).

3.6.2 Kleredrag

Dit is fisiologies noodsaaklik vir die mens om 'n geskikte liggaamstemperatuur te handhaaf, maar anders as primate, is die mens nie van nature toegerus met 'n beskermende vag om hom/haar teen die elemente van die omgewing te beskerm nie (Morris 1972: 174).

Die mens is egter innoverend en kultuurskeppend en het 'n stel tegniese temperatuur-beheermeganismes geskep vir haar/sy gemak en om oorlewing te verseker. Hierdie meganismes sluit onder meer klerasie, beskutting (*shelter*), verbranding en lugversorging in.

Klerasie verander nie die mens se biologiese beperkinge nie, maar vul die beperkinge fisies aan. Die ander drie verander die omgewing waarin die mens moet oorleef. In dié verband, sê Leslie White: *One must come to terms with one's environment, [...] to live, to survive. To adjust to environment is to control it to a degree* (1971: 233). Die omgewing beïnvloed die mens, terwyl die mens op sy beurt die omgewing beïnvloed: mens en omgewing is in voortdurende wedersydse wisselwerking met mekaar. Net so is die mens se kultuurskeppinge, soos organisasies, verenigings, banke, ander besighede en instansies, in 'n wedersydse verhouding van beïnvloeding met die omgewing gewikkel, beide fisies en metafisies.

Omdat klimaatsones groot verskille toon, is daar uiteraard uiteenlopende tipes van klere. Maar klerasie is nie alleen funksioneel van aard met slegs 'n materiële dimensie nie. As daar ooit 'n tyd was toe klerasie slegs funksioneel was, is dit baie lank gelede reeds verby. Strutt dui aan dat daar van vroeg af by die mens 'n fisiese en metafisiese behoefte was om sy/haar naaktheid te bedek, maar dat klere ook baie lank gelede reeds 'n manier was waarop die mens sy/haar voorkoms probeer verbeter het, dat daar dus 'n funksioneel/materiële sowel as 'n metafisiese dimensie aan klerasie was (1975: ix). Dit volg hieruit dat as die mens geïnteresseerd was in sy/haar eie voorkoms, hy/sy ook ander mense op hul voorkoms sou beoordeel. In die geval van Standard Bank was die bank van mening dat die voorkoms van die amptenare wat in die bank werk ook die beeld van die bank as geheel sou raak.

Black en Garland beskryf die mens se beheptheid met sy/haar voorkoms as [...] *man's first and most faithfull addiction*. Hulle meen dit kan toegeskryf word aan die feit dat die liggaam al is waarmee die mens sy lewe begin en al is wat hy tot die einde van sy lewe sal hê. Hulle maak verder die stelling dat mense altyd versiering bo gemak verkies het. Dit impliseer dat funksionaliteit by klere altyd ondergeskik was aan die estetiese en ander metafisiese aspekte (1980: 7, 9). Hierdie studie gaan egter van die standpunt uit dat dit nie altyd in individuele gevalle so sal wees nie en dat die fisiese behoeftes van mense in sommige gevalle die estetiese oorheers, soos hieronder aangedui sal word.

Argivale bronne toon aanduidings van klerasie in beskawings so oud soos dié van die Ur Dinastie in die omgewing van die Tigris- en Euphraatrivier in die tydperk van 2 800 tot 1 600 vC (Black en Garland 1980: 13). Die gebruik van die naald met oog, wat dit moontlik gemaak het om klere beter passend en meer beskermend te maak as bloot gedrapeerde stukke, was 'n groot stap vorentoe vir die mensdom as geheel. Dit is 'n kulturele aspek wat met die vestiging

van Europese setlaars na die suidelike deel van die Afrikakontinent gebring en deur akkulturasie in alle bevolkingsgroepe opgeneem is.

Hierdie studie is primêr gerig op die metafisiese dimensies van kleredrag. Die verskillende kleure, vorme, materiale en snitte van klere is nie die hoofokus van die studie nie, maar die metafisiese aspekte verbonde aan klerasie as kultuurskepping word geanaliseer.

Black en Garland se aanhaling hierbo, dat die mens behep is met eie voorkoms, beklemtoon een van die belangrike metafisiese funksies van kleredrag, naamlik versiering. Verder gee kleredrag in die meeste gemeenskappe 'n aanduiding van die draer se geslag.

Deur die eeue is klerasie ook aangewend om rang, status en klas aan te dui. Terwyl slawe in die Romeinse Ryk byvoorbeeld geen of byna geen klere gedra het nie, het burgers van rang en status 'n suiwer wit toga (*toga pura* of *toga virilis*) gedra wat hulle van gewone burgers onderskei het. Buitelanders in Rome is verbied om dit te dra. Vrye burgers en sommige slawe het 'n eenvoudige soldatebaadjie en jurk gedra (*cingulum*) en jongmense van 'n sekere afkoms het 'n toga met 'n omboorsel gedra. Suksesvolle militêre leiers is toegelaat om 'n meer uitspattige, feestelike toga, 'n *toga palmata*, by sommige geleenthede te dra. 'n Pers toga kon alleen deur die keiser gedra word (Toynbee 1995: 60, 32).

Klerasie het ook ander dimensies. Burden verwys na tradisies (2000: 25) as gebruike wat oorgedra is van geslag tot geslag. Volksdrag het vir eeue 'n rol gespeel in baie wêrelddele en word steeds as deel van gemeenskappe, groepe en volke se erfenis beskou. Dit het tradisie geword om op 'n sekere manier aan te trek. Spesiale geleenthede en rituele optrede het soms gelei tot gevestigde tradisies oor drag. In Maart 1944 het die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Stockholm, Swede byvoorbeeld sy geloofsbriewe aan die koning van Swede oorhandig. Sy beskrywing daarvan lui onder meer:

[.] I enjoyed the experience of being fetched from my legation to the palace to present my credentials, sitting in the richly gilt 'carosse royale de gala' or seven-windowed glass coach, used by the monarch when driving in state, drawn by four horses with outriders, postilion escort and all. The two diplomatic members of my staff I was to present to the King followed in a less ornate coach drawn by two horses. My somewhat incongruous official diplomatic dress, namely white tie and tails and black top-hat, contrasted drably with the brilliant uniform of the 'Introduceur des Diplomats', Baron de Geer, who accompanied me. He was himself outshone by the panoply of marshals, chamberlains and other officials through whom I passed, after a salute and fanfare by a guard of honour

in the palace square and by the mediievally dressed Charles XII-style palace guards, en route to the room where the King awaited me [...] (Egeland 1977: 159).

Toe Suid-Afrika se ambassadeur presies 50 jaar later in 1994 sý geloofsbriewe as verteenwoordiger van die Mandela-regering aan die Sweedse regering oorhandig het, het hy gevind dat die proses steeds onveranderd was, met dieselfde kleredrag-vereistes, dieselfde koetse, roete, regimente en roetine.

Die ritueel rondom die ontvangs van diplomate is reeds vir eeue daarop gerig om die aansien van die staatshoof te verhoog en aan te dui dat hy bondgenote en internasionale vriende het en die mag het om aan hulle immunititeit te verleen. Kleredrag en ander kultuurskeppinge was altyd 'n belangrike aspek daarvan. Op dieselfde wyse is die Standard Bank se aansien verhoog deur die swier van die bank se senior beamptes. Foto's en beskrywings van Standard Bankpersoneel dui aan dat die hoofbestuurder en sommige takbestuurders bedags pluiskeile gedra het. Die bank se algemene bestuurder of gesamentlike algemene bestuurders het ook spoggerige koetsiers gehad. W Longden beskryf die situasie tydens die beginjare van die bank in Port Elizabeth so: *Soggens het die hoofbestuurders, elk in sy eie koets met pronkperde en 'n koetsier in livreidrag, omstreeks tienuur daar aangekom* (Terry 1979: 77).

Livreidrag was 'n bykomende metode om die status van die algemene bestuurder(s) te verhoog. Die woord *livrei* is afkomstig van die Franse woord *livrer*, wat beteken *om te bedien* en livreidrag het tradisioneel aangedui dat die draer daarvan 'n bediende of lakei is. Die drag is bedoel om kleurvol en opvallend te wees en, benewens die doel van identifisering, ook die funksie van versiering te vervul. Dit was dus 'n indirekte metode om die werkgewer te versier en sy status te verhoog. Dit het weer die status van die bank verhoog. Britse livreidrag van die 19de eeu het verskillende vorme aangeneem vir amptelike en private doeleindes, maar het basies bestaan uit 'n swart kniebroek, wit kouse en swart gelakte skoene met 'n groot gespe (gewoonlik goud- of silwerkleurig). Dit is afgerond deur 'n groot rooi syhemp met goudafwerking en/of goue vertikale strepe en 'n hals van kant. 'n Swierige hooftooisel, meestal driehoekig en versier met volstruisvere, is daarby gedra (www.vandale.nl/gratis-woordenboek/betekenis/nederlands/livre).

Perde is deur die eeue amper sonder uitsondering geleer om van die linkerkant af bestyg te word. Voorryers (*postilion riders*) het ook normaalweg op die linkerkantste perd of perde gery. Dit het tot gevolg gehad dat hul regtervoete tydens ritte tussen twee perde was. In 'n voorbeeld van die logiese onderwerping van die estetiese aan fisiese uitdagings, het voorryers oor die eeue 'n onpaar skoene gedra, met hul regterskoene aansienlik versterk. Dit beteken natuurlik nie dat die een skoen "lelik" was nie, alleen maar dat dit nie by die ou menslike voorkeur en reël van eenderse skoene gehou het nie. Hierdie benadering ten opsigte van voorryers se

regterskoene plaas 'n vraagteken oor Black en Garland se stelling dat estetiese oorwegings altyd bo gerief verkies is (1980: 9).

Soos in ander sektore van die samelewing het goed-versorgde trekdiere en 'n statige rytuig bygedra tot die status en beeld van beide die algemene bestuurder en die instansie wat hy verteenwoordig het: Standard Bank. Ander kultuurskeppinge, soos die trekdiere se tuie, was ook 'n element wat moes help om die aansien van die bank te verhoog. Die tuie van die perde wat die koets in 1994 in Stockholm getrek het, was ryklik beslaan met silwer en dele daarvan was reeds meer as 'n eeu in gebruik.

Om die visuele impak van die aankoms van Standard Bank se twee algemene bestuurders te vergroot, is gereël dat albei koetse nie op dieselfde tyd by die bank aankom nie, maar een 'n paar minute voor die ander een (Conradie 2011: onderhoud).

Spesifieke funksies/onthale het gedurende die tydperk wat deur die studie gedek word, en nog hedendaags, volgens tradisie 'n bepaalde status gehad volgens 'n skaal van formaliteit. Hierdie skaal van formaliteit is hoofsaaklik kultuurgebonde en deur konvensie bepaal. By geleentheid word die fisiese dimensie van die kleredrag - formaat, kleur - deur die metafisiese dimensie bepaal. Die gasheer/gasvrou kan die graad van formaliteit van 'n funksie bepaal en aandui. 'n Formele uitnodiging na 'n onthaal sou in die tyd onder bespreking (1862 – 1942) in deftige kringe, soos waarin die bank se senior amptenare beweeg het, aangedui het wat die graad van formaliteit en die gepaardgaande voorgeskrewe kleredrag daarvoor sou wees.

Van November 1814 tot Junie 1815 het die leiers van Europa in Weenen byeengekom om 'n nuwe, post-Napoleontiese politieke en diplomatieke orde vir Europa uit te werk. Dit was 'n keerpunt in die geskiedenis van Europa en internasionale diplomatie (Kissinger 1994: 78; Palmer 1972: 130). Verskeie verdrae en ooreenkomste oor die reëling van amptelike verteenwoordiging van een regering by 'n ander en oor immuniteit, beskerming, voorrangordes en optrede van diplomate is aangegaan. Diplomatie het minder eksklusief en kovert geword. Formele kleredrag van die tyd vir mans het deel van die diplomatieke praktyk geword. In 'n tyd toe meer mense en lande oor kultuurgrense met mekaar begin kommunikeer het, was dit nuttig om 'n gestandaardiseerde metode van optrede, en gepaardgaande kleredrag, te hê. Selfs hedendaags vind internasionale protokol en etiket, waarvan kleredrag deel is, wye aanvaarding en dien dit as instrument om internasionale kommunikasie te bevorder (Feltham 1988: 1). Toe formele modes mettertyd verander het, het dit in 'n groot mate onveranderd gebly in diplomatieke praktyk. Gevolglik kan 'n afleiding uit hedendaagse diplomatieke praktyk gemaak word oor hoe deftige here van die laat 19de en vroeë 20ste eeu aangetrek het en wat se sosiale ordereëls gegeld het.

Van ou foto's en sketse kan afgelei word, en in geskrewe rekords kan gelees word, dat verskillende grade van formaliteit en gepaardgaande kleredrag ook in Suid-Afrika die gebruik was gedurende die tydperk van studie (a lady 1998: 101; Robinson 1900: 267; Rosenthal 1975: 10, 11, en verder; Schoeman 1980 :145, 220, 263 - 264, 304).

Hoewel Suid-Afrika in die eerste dekades van die 21ste eeu wegbeweeg het van meer formele kleredrag, is dit in diplomatieke en ander kringe in veral Wes-Europese lande nog in gebruik vir gegoede en amptelike geleenthede, soos wat dit in Suid-Afrika was gedurende die tydperk waaroor die studie handel.

Volgens hierdie gebruike word die voorgeskrewe drag vir 'n onthaal of ander sosiale geleentheid, veral in korporatiewe, militêre of diplomatieke kringe, saam met uitnodigings aangedui. Sommige uitnodigings sal byvoorbeeld aandui dat die drag sogenaamde *White tie* sal wees (Kyk na Addendum A). In sommige gevalle sal persone sonder die regte kleredrag toegang tot 'n funksie geweier word, maar - tensy die kleredrag té informeel of onnet is - sal die enigste sanksie in die teenswoordige tyd meestal dié wees van medegaste wat die draer van die *verkeerde* drag as onverfynd beskou. In die uitspattige 17de-eeuse hof van die "Sonkoning" (Lodewyk XIV van Frankryk) waarheen van dié gebruike teruggevoer kan word, was oortreding van etiketreëls onvergeeflik (Ergang 1967: 467).

Korrekte drag het egter nie net vereis dat formeel genoeg aangetrek moes word nie: té formeel was ook nie korrek nie. In die jare toe die Suid-Afrikaanse diplomatieke korps professioneel was, is aspirant diplomate geleer dat té formele kleredrag net so *verkeerd* kan wees as té informele drag (*overdress as bad as underdress*).

Dit word soms gesê dat almal daarmee uit dieselfde gesangeboek sing. Diplomatieke handleidings, soos die van Feltham en MacCaffree, vind globale gebruik en toepassing in diplomatieke opleiding. In 2004 is die 8ste uitgawe van Feltham se diplomatieke handboek reeds gepubliseer. Diplomatieke institute in verskillende lande bied kursusse in internasionale protokol en etiket aan.

Die graad van formaliteit van 'n geleentheid weerspieël die status van beide die onthaal en die persoon van die gasheer en/of gasvrou. Figure 3.2, 3.3 en 3.4 is voorbeelde van uitnodigings na dieselfde soort onthaal, op feitlik dieselfde tyd van die dag, maar waar verskillende grade van formaliteit en deftigheid deur die gasheer/vrou bepaal is deur middel van die voorgestelde drag van gaste.


Vir die eerste onthaal (figuur 3.2) word 'n aandpak vir mans (*Black tie*) voorgeskryf.

Die tweede uitnodiging (figuur 3.3) is vir 'n minder formele en glansryke geleentheid en die voorgestelde drag is 'n donker pak klere (*Dark suit*).

Die derde uitnodiging (figuur 3.3) is na 'n baie formele en glansryke geleentheid en 'n swaelstertpak met wit hemp en wit strikdas, swart pluiskeil en wit handskoene word vir mans voorgestel (*White tie and tails*).


Die voorgestelde drag gee meer vryheid van keuse aan dames, maar die graad van formaliteit vir mansdrag aangedui, gee hulle 'n aanduiding van die graad van formaliteit van die geleentheid. Hierdie klasse van drag is 'n suiwer nie-tasbare aspek van klerasie.

Besonderhede oor kleredrag vir verskillende grade van formaliteit word in Bylae A uiteengesit.




Figuur 3.2: 'n Formele uitnodiging na 'n geleentheid waarvoor "Black Tie" voorgeskryf is

Standard Bank se bestuurders het volgens foto's formele etes aan huis aangebied, waar die drag formele *White tie* of *Black tie* was. By die bank se hoofkantoor en by groter takke was daar onthaalgeriewe waar spesiale kliënte getrakteer is. Volgens foto's was die drag by aandgeleenthede *White tie* of *Black tie* (smoking) en by middagetes *Donker pak* (dark suit).




Figuur 3.3: 'n Uitnodiging na 'n minder formele geleentheid waarvoor 'n donker pak ("Dark suit") vir mans aanbeveel word



Figuur 3.4: 'n Uitnodiging na 'n formele geleentheid waarvoor "White tie and tails" voorgeskryf word

Ook die fisiese voorkoms van uitnodigings weerspieël die formaliteit van die geleentheid.

Figuur 3.4 is 'n voorbeeld van 'n normale uitnodiging na 'n baie formele glansgeleentheid waar gestyfde hemp, manelpak, swart pluiskeil en wit handskoene vereis word (*White tie*), en figuur 3.5 is een na 'n ander geleentheid waar die uitnodiging (met *Morning coat*-voorskrif), per diplomatieke nota gerig is om die amptelike status van die geleentheid verder te beklemtoon.



Figuur 3.5: 'n Formele uitnodiging per diplomatieke nota

Standard Bank se algemene bestuurders het by geleentheid ook van formele briewe gebruik gemaak om kliënte na onthale te nooi en by geleentheid het personeellede 'n uitnodiging met 'n program vir die aand aan genooies gestuur.

Die uitnodiging in figuur 3.5 dui die drag aan as *morning coat*. Feltham beskryf *morning coat* so:

Black tail coat; black waistcoat and high silk hat for solemn occasions, alternatively grey waistcoat and grey top hat [...] white shirt, black striped pepper and salt trousers, stiff turndown collar; grey tie; black shoes (1988:34). (Kyk na Bylae A).

Moderne kommunikasiemetodes het sedert om en by die eeuwending die metode van aflewering van sommige skriftelike kommunikasies beïnvloed, maar die formaat daarvan het onveranderd gebly in die gevestigde lande van die wêreld. Kleredragvoorstelle is onveranderd, maar word minder streng nagevolg as in voorafgaande eeue. Tydens die tydperk waaroor hierdie studie handel, is dit egter streng nagevolg.

Afgesien van rang en status, dien kleredrag reeds eeue lank as aanduiders van bevoegdheid: regters dra togas en advokate wat tot die Balie toegelaat word, *neem sy (take silk)*. Wetstoepassingsbeamptes, verkeerskonstabels, wildbewaarders en ander dra klere wat aandui dat hulle met die gesag bekleed is om sekere wette toe te pas. Die togas van akademici gee 'n aanduiding van hul spesialiteitsrigtings en opleiding/kwalifikasies. Deelnemers aan sport dra klere wat funksioneel is en wat aandui aan watter span hulle behoort of watter klub, streek of land hulle verteenwoordig. Dikwels dra ondersteuners 'n spesifieke kleur wat hul steun aan 'n sekere span of politieke party simboliseer. Mense dra eenvormige kleredrag om samehorigheid te bevorder of aan te dui, soos lang wit klede by sekere kerkgangers, of skooldrag. Bankbeamptes van Standard Bank se kleredrag moes ordentlik en *toepaslik vir die amp* wees. Dit word nie duidelik uitgespel nie, maar dit kan aanvaar word dat dit in lyn met die norme en standaarde van die Victoriaanse era en die konserwatiewe bankwese was. Die indruk wat Standard Bank se werknemers deur die jare by die publiek geskep het, blyk duidelik uit die waarneming van dr LM de Waal, wat in 2008 die opmerking gemaak het dat die bank se werknemers nie "hierjy's" was nie (De Waal 2008: onderhoud).

'n Ander metafisiese aspek van klerasie wat hieruit voortvloei en vir die studie relevant is, is dié van verteenwoordiging. Amptelike verteenwoordigers van 'n land word deur sekere toelaes in staat gestel om 'n lewenstandaard te kan handhaaf wat nie hul senderland in die verleentheid stel nie. Hierdie toelaag word algemeen beskryf as 'n *verteenwoordigingstoelaag*. Streng dragvoorskrifte (*dress codes*) word deur internasionale korporasies voorgeskryf en afgedwing omdat beamptes te alle tye as verteenwoordigend van die korporasie gesien word en in sommige gevalle word 'n sogenaamde *kleretoelaag* betaal. Standard Bank het oor die jare die siening gehandhaaf dat 'n hoë standaard van kleredrag deur die bank se personeel gehandhaaf moet word. Verslae oor personeellede het gereeld verslag gedoen oor die voorkoms van beamptes.

Klerasie het dus baie sterk metafisiese dimensies. Inderwaarheid kan hierdie metafisiese dimensies by tye van soveel belang wees vir mense dat dit swaarder weeg as die funksionaliteit van die klerasie, soos wat Black en Garland beweer (1980: 7). Met die inplanting in Afrika van kulture afkomstig van ander kontinente het die élite en ander in baie gevalle bly vasklou aan die klerasie van die koloniale moondheid, hoewel dit nie prakties was vir die fisiese omgewingswerklikhede van die betrokke kolonie nie. Voorbeelde in dié verband is die oud-Europese kleredrag van Hererovroue in Namibië, die vroeëre dra van pakke klere deur mans in Suid-Afrika en onpraktiese skooldrag van sommige Suid-Afrikaanse skole. JJ Swanson van Standard Bank skryf dat sonhelms in die laat 19de eeu aanbevole drag was vir bankbeamptes in Suid-Afrika maar dat dit selde gedra is. Hy sê ook: *. selfs in die warmste weer is baadjies gedurende sake-ure aangehou* (Terry 1979:65). Die kleredrag wat so oorgedra is as tradisie en aanvaar is in Afrika was die produkte van geïndustrialiseerde lande soos Brittanje, wat grondstowwe van verskeie kolonies en handelsvennote kon invoer. Die verkryging van ooreenstemmende gehalteklerasie van tipies-Engelse mode en patroon in Suid-Afrika was moeilik en dit het moontlik bygedra tot die gesogtheid en status geheg aan sulke klerasie (Strutt 1975: 291).

In 1891 het sir Randolph Churchill van Brittanje besoek gebring aan Suidelike Afrika. In die beskrywing van sy reis word verwys na sy persoonlike assistent, Harry Perkins, wie se konvensionele Britse kleredrag nie gepas was vir die reis en die Afrikason nie. Dit was duidelik aan sy fisiese voorkoms dat die man baie swaar kry en gereeld sy Bowlerhoed moes afhaal om strome sweet van sy voorhoof af te vee. Hy het egter gehou by die kleredrag wat 'n heer in sy posisie in Brittanje sou dra, tot die punt waar hy die voorwerp van bespotting geword het (Zeederberg 1971: 96).

'n Faktuur gedateer 30 Junie 1875 van die maatskappy James Bruce en Co in Kaapstad gee 'n aanduiding van die klere wat mnr HC Ross, 'n senior bankbeampte, daar gekoop het. Dit sluit die volgende in: *1 Black Felt Burlington hat, 1 Pair French braces, 1 Best Green Silk Umbrella, 1/2 Day Tuscan (?) Cotton Socks, 1 (?) Check Angola Riding Coat Suit with Carriage Parcel, 1 Bth Felt Burlington Hat, 2 Colord Shirts, 1 Dressing Gown, 2 pair Blue Cashmere Socks, 2 Pairs Brown Cashmere Socks, 2 Dzn Paper Shakespeare Collars*. Die klere is oor 'n tydperk aangekoop en mnr Ross het die totale bedrag van £14-14-10 per tjek betaal (Terry 1979: 74).

Algemene kleredrag van bankpersoneel in die 19de eeu was tipies Victoriaans. In sy herinneringe van die jare na 1904 skryf JJ Swanson:

Die algemene drag was wat nou as 'n sportbaadjie en 'n flanelbroek bekend staan maar sekere ongeskrewe reëls is nagekom. Stywe boordjies is in die kantoor gedra [.] Kortbroeke was net vir

voetbal toelaatbaar, wit langbroeke was verpligtend vir tennis of krieket. Sonhelms was raadsaam maar is selde gedra, strooihoede of panamas in die somer en pette in die winter was die algemene hoofbedekking. Die meeste van die dokters het hardebolkeile gedra. Vir partytjies, danspartye ens., is altyd swawelstertbaadjies en wit dasse gedra, met wit handskoene vir danse. Stompstertbaadjies het toe net op die toneel begin verskyn, maar het nie almal se goedkeuring weggedra nie! As dit gedra is, was dit altyd met 'n wit das (Terry 1979: 65).

3.6.3 Sosiale lewe

Sosiale lewe van Standard Bank personeel gedurende die tydperk van verslag is direk beïnvloed deur die fisiese en metafisiese omgewing. Groot afstande tussen gemeenskappe en klein getalle inwoners, selfs in dorpies, het 'n rol gespeel en dit word soms beweer dat Suid-Afrika se groot gasvryheid - waaroor buitelandse besoekers selfs in die 21ste eeu verwondering uitspreek - minstens gedeeltelik toegeskryf kan word aan die relatiewe afsondering van vroeër tye.

In die Victoriaanse era was sosiale omgang baie formeel. Streng en meestal ongeskrewe etiketreëls het gegeld. Terwyl die nagmaal en kerkaangeleenthede belangrike geleenthede vir sosiale interaksie in die Afrikaanse gemeenskappe was, het die klub 'n groot rol gespeel in myngemeenskappe. Danse is daar gehou, musiek-, drama- en sirkusgroepe het die stede besoek en sport is beoefen. In kleiner sentra soos Fort Beaufort, Indwe, Prins Albert en ander was sulke geleenthede uiters beperk of totaal afwesig. In die meeste dele van Suid-Afrika het junior beamptes die voordeel van die legendariese Suid-Afrikaanse gasvryheid ervaar en geniet, hoewel kommunikasie deur taalverskille bemoeilik is. Die mense van Kimberley was byvoorbeeld volgens JJ Swanson in die algemeen baie gasvry. Hy dui ook aan dat junior personeel in alle dele van die land altyd welkom was by die huise van hul seniors, die takbestuurders (Terry 1979: 67).

Soos in baie aangeleenthede in Suid-Afrika, het ras en etnisiteit 'n rol gespeel in sosiale omgang. Klublidmaatskap vir ander persone as dié van Europese afkoms was buite die kwessie en normale sosiale omgang tussen verskillende kultuurgroepe was nie aan die orde van die dag nie. Die voorkeur vir omgang binne eie, meer Europese kultuurverband en uitlewing in eie kulture was nie eensydig nie. Een van die gevalle waar individue persoonlik geraak en benadeel is deur heersende globale maar ook streeks metafisiese faktore, was dié van mnr M, hoofsteller van die Johannesburgtak. Mnr M het 'n reputasie gehad as goeie en hoflike teller en het 17 jaar goeie diens gelewer. In Johannesburg het hy hom in 'n verhouding begewe met iemand wat deur die bank beskryf is as 'n *colored person*.

Die hoofbestuurder was van mening dat mnr M, uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt, 'n groot fout gemaak het. Hy skryf aan Londen: *From a South African point of view, he has made a grave mistake in contracting a union against which strong local prejudice exists, especially in the Transvaal, but we are still without information as to the degree in which Mrs M would be regarded as non-European.* Die feit dat mnr M aangedui het dat hy bereid is om na 'n land te gaan waar rasseverskille nie só belangrik is nie, wanneer omstandighede dit toelaat, wys, volgens die hoofbestuurder, dat hy erken hy het homself in 'n onhoudbare posisie geplaas (SB GMO 3/1/56 Letters to London 43/1913, 31/10/1913). Die bank het besluit om mnr M 'n jaar se salaris te betaal, as hy sou bedank (SB GMO 3/1/56 Letters to London 49/1913, 12/12/1913).

3.6.4 Voedsel

Plaaslike, streeks- en globale invloede het ingewerk op die Suid-Afrikaanse kookkuns en dit het uit 'n hutspot van verskillende kulture gegroei. Magdaleen van Wyk maak die akkurate stelling:

The origins and development of our culinary tradition are as diverse as the people who make up the population of South Africa - a potpourri of Eastern and Western foods and flavours closely linked to the history of the sub-continent (1994:6).

Leroux wys op Amerikaanse, Chinese, Duitse, Franse, Griekse, Italiaanse, Joodse, Portugese en die sterk orientale invloede wat gelei het tot die Suid-Afrikaanse kookkuns, wat . *both nutritious and delicious* is (Leroux (red) 2006: 8). Die koloniste wat in 1652 aan die Kaap aangekom het, het nie die sogenaamde *Strandlopers* wat hulle daar teëgekom het se kulinêre gebruike oorgeneem nie, het hul eie groente- en vrugtesoorte aangeplant en hul Europese kookgebruike sover moontlik probeer volg. Frikadelle word byvoorbeeld steeds in Suid-Afrika gemaak soos in die 16de-eeuse Nederland.

Die eerste jare na die stigting van die nedersetting was angstige jare waartydens dassievleis, seemeeu- en pikkewynvleis sowel as pikkewyne en pikkewyneiers saam met seekos, as voedsel aangewend is (Coetzee 1977: 26).

Teen die einde van die 17de eeu kon Simon van der Stel aan die Here XVII skryf dat daar geen gebrek aan kos meer vir die koloniste aan die Kaap was nie. Met toenemende Duitse, Franse en Oosterse invloede, en met die gebruik van Kaapse veldkos soos waterblommetjies, kambro, bloublommetjie-uintjies, suuruintjies, vetkousies, suurvye, bronkhors, palmietspruite, wilde aspersies, baroe en plaaslike vis en wildsvleis, het die Suid-Afrikaanse kookkuns teen die 18de eeu 'n eie karakter ontwikkel (Coetzee 1977: 50-51). Voedselversameling, en die verwerking, bewaring en gebruik van voedsel, het baie fisiese kultuurvoorwerpe die lig laat sien. Dit het jagwapens, vleisverwerkingsapparaat, worsstoppers, meulens, meubelment, kook- en

verwerkingsimplimente, bergingsvoorwerpe (soos koskaste, meelkaste, solderkassies, pekelbalies) ingesluit. Soos ander kultuurkomponente het baie sosiale gewoontes en metafisiese aspekte gepaard gegaan met die fisiese aspekte van voedselverwerking en -inname.

Standard Bank se beamptes was meestal jonk en hardwerkend en het tot laat saans op kantoor gebly. Die meeste was ongetroud en het nie ondersteuningsnetwerke gehad wat kon kos kook en voorrade verbou of op markte gaan koop nie. Gevolglik het dit in sommige dorpe 'n vaste gebruik geword dat hulle hul maaltye by losieshuise of hotelle geneem het. In Kimberley was die junior personeel in die laaste dekades van die 19de eeu meestal kliënte van 'n mevrou Warner, wat skynbaar voedsame *boerekos* in die Suid-Afrikaanse tradisie verskaf het, terwyl die senior lede van die personeel kliënte van die Hotelle Queens en Central was. In groter dorpe waar klubs bestaan het, was die takbestuurders lede en gereelde besoekers aan die klubs (Terry 1979: 65, 75).

Die bank se inspekteurs, wat vir lang tye op reis was, was nie altyd gelukkig genoeg om toegang tot redelik goeie kos te hê nie. In 'n brief aan Londen beskryf die hoofbestuurder in Julie 1870 die moeilike aard van hul werk en noem onder meer . *voedsel waarmee hulle op hul reise genoeë moet neem, is dikwels karig, kru en ongesond en soms lang rukke glad nie beskikbaar nie* (Terry 1979: 83).


Die verkryging van water was ook dikwels problematies. Water uit die Vaalrivier is eers in 1878 na Kimberley aangelê. Voor dit is water uit putte verkry of moes teen 'n hoë prys met waterkarre aangery word. Dit was 'n onbevredigende reëling en as iets verkeerd gegaan het, moes water teen tot soveel as 2s 6d per emmer aangekoop word (Terry 1979: 63). Bankinspekteurs op reis het gereelde probleme in dié verband ervaar. In 'n brief aan Londen skryf die hoofbestuurder op 2 September 1882 weer dat die inspekteurs 'n baie ruwe lewende lei en in alle weersomstandighede snags en bedags moet reis. Hy noem ook dat hulle hulself dikwels op plekke bevind waar dit onmoontlik is om goeie en gesonde drinkwater te bekom (Terry 1979: 84).

Lewis Loyd Michell, 'n beampte van Standard Bank en vertroueling van Cecil J Rhodes, vertel van 'n ete wat Rhodes in Augustus 1897 aangebied het. Hy sê die ete was . *kenmerkend van 'n nuwe land. Daar was sjampanje op die tafel, maar die kerse wat die vertrek verlig het, is in leë bottels gedruk* . (Terry 1979: 59).

In Johannesburg was omstandighede gedurende die laaste anderhalf dekade van die 19de eeu soms haglik. Sanitasie gedurende die eerste jare was swak, longontsteking was algemeen en op een stadium was daar 'n feitlik totale gebrek aan voedsel as gevolg van transportprobleme.

In 'n verslag oor die bank se takke in Oos-Londen gedurende die 1880s vertel HM Quigley van die lang afstande in sanderige strate wat die junior klerke moes stap om klaringstjeks van een bank na 'n ander te dra en noem 'n teekamer wat vir hulle soos 'n oase was: McDonald s'n, waar die juniors hulself graag op koek en limonade trakteer het (Terry 1979: 94).

Hoewel daar verskille in standarde en ook swak hotelle was, was sommige hotelle en herberge bekend vir hul uitstekende geriewe en veral hul spyseniering. Danksy die feit dat daar 'n redelike groot deurgang van mense en goedere deur Vryburg na *Betsjoeanaland* en Transvaal was, het die Hotel Pullen in Vryburg gefloreer en 'n uitstekende reputasie gehad (Zeederberg 1971: 96). In 1891 het die daaglikse spyskaart van die hotel soos volg gelyk:



Figuur 3.6: Die Spyskaart van Hotel Pullen in Vryburg, circa 1891 (Zeederberg 1971: gp)

Hierdie spyskaart het sir Randolph Churchill tydens 'n besoek aan Suid-Afrika in 1891 egter nie geval nie en hy het opgemerk: *Its disgraceful, even for a semi-civilised country* (Zeederberg 1971: 96).

3.6.5 Sport en ontspanning

Die personeel van Standard Bank gedurende die tydperk van studie was hoofsaaklik jong mans. By sommige banktakke was die geleentheid vir sportbeoefening en ontspanning uiters beperk. By ander was daar meer geleentheid daarvoor en aanduidings is dat die jong manne ywerig van die geleentheid gebruik gemaak of hul eie geleentheid geskep het.

Sport

Die personeel van Standard Bank was vir die eerste halfeeu ná die stigting van die bank almal manlik en meestal vrygeselle (Terry 1979: 6). Jag van wild en voëls was gewilde sporte by hulle en perde is beide vir algemene vervoer en vir perdesport soos polo en jakkalsjag gebruik. Polo is in Kimberley se vroeë jare op 'n resiesbaan gespeel. Kimberley het ook 'n golfbaan gehad. Daar was feitlik geen gras nie en die setperke (*greens*) was blou omdat dit gemaak is van blou gruis wat uit die blou grond van die diamantpyp gekom het. Tennis was 'n baie gewilde sport, wat ook uitstekende sosiale interaksie meegebring het. JJ Swanson, 'n bankbeampte, het die tennisbyeenkomste aan die begin van die 20ste beskryf as *meer 'n sosiale affêre as 'n tennisspelery*. Metafisiese faktore het 'n groot rol gespeel in die sosiale lewe. Swanson dui aan dat die sosiale status van persone wat by een van die tennisklubs wou aansluit 'n ernstige saak was:

[.] twee dinge het saak gemaak - salaris of posisie in De Beers Consolidated Mines [.] Die volgorde was min of meer: Direkteure van De Beers (hul posisie op die ranglys was naas dié van die Almagtige - of dit daarbo of daaronder was, is onseker); De Beers se senior beamptes; diamantkopers; dokters, prokureurs en bankbestuurders; die res - ongeklassifiseer, maar jong mans kon hoër in die ranglys beland as hulle die guns van een van die senior dames kon wen (Terry 1979: 65-68).

Rugby is sedert die 1860's in Suid-Afrika gespeel (Greyvenstein 1978: 8) en was ook gewild in Kimberley, waar dit op 'n harde baan van klei en blougrond gespeel is. JM en AW Powell het van Kimberley gekom en in 1891 en 1893 onderskeidelik, hul internasionale rugby-toetrede gemaak as lede van die Springbokrugbyspan. JM Powell het in vier rugbytoetse en AW Powell in een toets vir die Springbokke gespeel. Ook FG Dobbin het van Kimberley gekom en het in nege toetse vir die Springbokke gespeel (Greyvenstein 1978: 268, 270). Beide Powells en ook Dobbin was lede van die sogenaamde Griekwaland-Wes-rugbyklub saam met lede van Standard Bank se personeel.

Die markplein in die meeste dorpe het baie menslike interaksie verskaf: groente is gekoop en vendusies is gehou. Op markdae was dit 'n miernes. Ervarings is uitgeruil, rytuie en trekdier is bekyk en bespreek en jagstories is vertel (<http://www.barbertonmanor.com/museums.html>). Meer makabere gebeure het ook voorgekom. In Barberton is 'n Chinese man gevang wat na bewering goedere van waens gesteel het. In 'n voorval van histeriese en onwettige groepsgeweld, is hy sonder verhoor aan 'n Maroelaboom opgehang. Polisieman Pat Murphy het egter die riem om sy nek afgesny en hy het die Barbertondistrik baie vinnig verlaat (http://mpumalanga-happenings.co.za/barberton_homepage.html).

3.6.6 Reise en vervoermiddels

Basies beteken reis dat die liggaam fisies van een plek na 'n ander versit word. Dit is onafskeidbaar van die faktore van afstand en tyd, twee metafisiese maatstawwe, en van omgewingsfaktore. Omgewingsfaktore is beide fisies en metafisies van aard en sluit natuurlike omstandighede en gebeure sowel as faktore soos misdaad in. Fisies was die reise moeilik, uitputtend en gevaarlik. Lang togte oor dorre landstreke en die gevare aan die reise verbonde was geestelik uitputtend. Dit was ook senutergend tydrowend. In die stede, dorpe en mynkampe waardeur hulle gereis het of waarheen hulle gestuur is, was dit dikwels moeilik om verblyf en soms selfs om geskikte voedsel en water te bekom.

Seereise en bote

Al die bankpersoneel wat van Brittanje of Europa na Suid-Afrika gekom het, moes per boot hierheen reis voor of by aanvang van hul werksaamhede by die bank. Voor die koms van stoombote het so 'n reis per seilboot volgens Gutsche maklik tot veertig dae geduur en was nie alleen uitputtend nie, maar ook gevaarlik, vervelig en ongerieflik (1972: 8; Amphlett 1914: 1). Vyf-en-neëntig persent van Britse skepe is in die 1860's nog deur wind aangedryf, wat bemanning en passasiers aan wisselvallighede van die natuur blootgestel en harde werk meegebring het. Dieselfde reis moes aangepak word vir sulke amptenare se gewilde tuisverlof in Brittanje, wat hulle na vyf jaar diens met betaling van die helfte van hul salaris gekry het (Terry 1979: 82).

Die halfeeue na die stigting van Standard Bank was die tydperk van oorgang van seil- na stoombote. Die eerste stoomboot wat byvoorbeeld tussen die Knysnakoppe deurgevaar het, die *Zulu*, het dit op 1 September 1858 gedoen. Teen 1883 het die magistraat van Knysna, Maximilian Jackson, geskryf *steamers are now constantly visiting the Knysna harbour*. Die eerste stoomboot met elektriese ligte wat Knysna aangedoen het (met waarskynlik 'n mindere mate van brandgevaar en 'n groter mate van gerief vir passasiers), was die *Norseman* wat in 1890 daar aangekom het (Tapson 1967: 50,56, 57).

Benewens die personeel van die bank wat per boot gereis het, is korrespondensie, dokumente en waardevolle vrag van die bank ook so verskeep. Die bank se korrespondensie met Londen het dan ook altyd aangedui op watter boot dit gestuur is sodat daar by die vergaan van 'n boot 'n rekord kon wees van wat verlore geraak het.

Op 7 Januarie 1870 het die boot *SS Gambia* aan die Oos-Kaapse kus op die rotse geloop met 3 000 goue ponde van die bank aan boord. Die bestuurder van Standard Bank in Port Elizabeth, toe mnr Lewis Michell, het saam met die tak se rekenmeester op 'n roeiboot uitgeroei na die skeepswrak om die kosbare vrag te berg (Terry 1979: 88).

In 1880 het Standard Bank se voormalige bestuurder, John Paterson, met die boot genaamd *American* van Brittanje terug gereis na Suid-Afrika. By Las Palmas het die boot gesink, maar hy is gered en het met 'n ander boot genaamd *Senegal* terug gereis na Brittanje. Die *Senegal* het egter ook vergaan tydens die tog. Paterson is per ongeluk in die water gestamp tydens 'n poging om 'n reddingsboot te water te laat en was die enigste passasier wat nie die stranding oorleef het nie. Hy is in Aberdeen, Skotland, ter aarde bestel (Steyn en Antonie 2012: 40).

In 1881 het die bank se hoofbestuurder van Port Elizabeth na Newcastle in Natal gereis. Volgens sy verslag was die seereis van Port Elizabeth na Durban, met die boot *Natal*, nie 'n aangename ervaring nie, maar byna hemels in vergelyking met die volgende deel van die reis: veral van Pietermaritzburg na Newcastle. Hy skryf in sy verslag dat hulle 44 ure in die poskoets was en dat daar geen sprake van slaap was in daardie tyd nie. Sy enigste rus, skryf hy, was op baie regop stoele waar van perde of muile verwissel is, en dan net vir ongeveer 'n halfuur. Die pad oor die Biggarsberg het hom bang gemaak en hy noem dit geen pad in die ware sin van die woord nie, maar slegs 'n opeenvolging van gruisgate (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 5).

Poskoetse

Henry maak 'n aanvegbare bewering, wat deur ander bronne herhaal is, dat die stigting van Standard Bank in 1862 gebeur het, . *voor die dae van die eerste poskoets in die suide* [...] (1963: vii). Die Red Rover Royal Mail Coach Maatskappy het egter reeds in 1844, byna twintig jaar voor die stigting van Standard Bank, koetse in die Kaap gebruik en 'n koetsdiens tussen Port Elizabeth en Grahamstad ingestel (Telford 1974: 571).

In die 1870's het die firma Cobb 'n gereelde poskoetsdiens vanuit Port Elizabeth bedryf waarvan die bank se personeel heelwaarskynlik gebruik gemaak het (Zeederberg 1971: 16).

Die era van die poskoetse het rofweg geduur van die ontdekking van diamante tot na die ontdekking van goud. Teen 1893 het sestiën toonaangewende koetsmaatskappye daaglik vervoer verskaf deur 75 koetse op geskeduleerde ritte op vasgestelde roetes in Suidelike Afrika (Zeederberg 1971: 11). Baie van hierdie roetes was in of deur streke met malaria en swartwater waar die tsetsevlug en die runderpes 'n bedreiging was. Roetes het deur digte woude gegaan, oor hoë berge, deur moerasse en woestyne en deur vinnig-vloeiende riviere met krokodille. Olifante, leeus, seekoeie en ander wilde diere het deurlopend gevaar ingehou, net soos struikrowers en ontevrede inboorlinge. Die aard van die geografie, klimaat en weer was inwerkende faktore.

Sir Randolph Churchill van Brittanje het tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1891 baie tyd in 'n koets deurgebring en het dit soos volg beskryf:

They are the most curious productions of human skill. Intended to hold twelve passengers inside, and a half a dozen outside, besides large quantities of heavy baggage, they were constructed of the most solid materials, hung upon thick springs of leather, and present the most unwieldy lumbering old-world appearance. They are drawn by ten or twelve mules or horses, harnessed in pairs. Two men are required to drive the team - one holding the reins, and the other the long whip [...]. Roads there are none, and they go along, reeling and plunging like a ship at sea, and constantly reeling over at an alarming angle (Zeederberg 1971: 102-103).

Die meeste poskoetse is ingevoer van die Abbot-Dowling maatskappy in Concord, New Hampshire, wat sedert 1826 bestaan het. Hulle is versterk vir Suid-Afrikaanse toestande. So 'n koets het sonder vrag reeds 2 500 pond geweeg - sowat 1 200 kilogram - (www.concordhistoricalsociety.org/the-concord-coach). 'n Ingevoerde Abbot-Downing koets het, volgens Zeederberg se 1971-aanduiding, *ongeveer R1 000* gekos, en 'n span muile of perde 'n verdere R400 of R500 (Zeederberg 1971: 28).

A full coach, konstateer Zeederberg, *did not lend itself to dignified travel*. Daar was sitplek vir nege na twaalf mense binne die koets, met plek vir nog ses op die dak (1971: 66). Die meeste sitplekke binne was redelik gerieflik. Die passasiers op die dak het hulself gewoonlik met bande of toue vasgemaak. Dit was nodig omdat 'n koets op volle vaart maklik 'n voet of twee (30 na 60 cm) kon wip (Zeederberg 1971: 67). Bo-op die koets was daar geen beskutting teen son, wind en reën nie.

Getrou aan die bank se korporatiewe kultuur, was Standard Bank ook ten opsigte van reise altyd spaarsamig en het voorgeskryf dat beamptes van die bank so ekonomies moontlik moet

reis. Streng besparing was die wagwoord (SB GMO Circular 2/1881, 26/11/1881). Selfs poskoetse was in sommige gevalle té luuks en reisende bankbeamptes moes soms van poskarre gebruik maak vir vervoer. Uitgawes tydens sulke reise is noukeurig nagegaan en bevraagteken.

Dikwels nuut in 'n vreemde land, moes bankbeamptes wat nie in die hawestede gewerk het nie oor land na hul werkplekke in die binneland reis. Baie van die reise, veral vir die opening van nuwe takke van die bank, moes met groot haas afgelê word. In 1877 het die bank byvoorbeeld besluit om dringend 'n tak in Lydenburg oop te maak om mededingende banke voor te spring. 'n Inspekteur Williams is aangewys om die taak te gaan verrig. Williams moes per poskar uit Pretoria gaan maar, omdat die poskar Saterdaggaande uit Pretoria vertrek en dag en nag gery het op 'n pad wat onveilig en berug was vir baie ongelukke, het hy versoek om later te gaan, wannêre die nagte volgens hom minder donker sou wees. Hy is egter aangesê om nie later as 30 Junie te vertrek nie. Hy het Pretoria om 17:30 op 30 Junie verlaat en op 1 Julie 1877 in Middelburg aangekom. Teen 3 Julie 1877 was hy heelhuids in Lydenburg. Langs die pad is hulle deur 'n paar gevaarlike spruite en in die omgewing van Lydenburg was die bergpas klipperig en bergagtig. Die poskar is daar getrek deur vinnig-drawwende beeste, sonder touleier, en, volgens hom, met die drywer meestal aan die slaap. Die manier waarop die beeste holderstebolder die klipperige steiltes in die donker afgehardloop het, het hom nagmerries gegee (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 6).

Een van die interessante aspekte van sulke reise waarvoor nuut-aangekome Britse personeel huis toe kon skryf was dat perdesiekte en ander faktore daartoe gelei het dat verskeie vervoermaatskappye begin eksperimenteer en later gebruik gemaak het van spanne sebras om die koetse te trek, meestal saam met muile (Zeederberg 1971: 120,125).

Teen die laaste deel van die 19de eeu was daar baie moontlikhede vir reise. Toe die Gibson Maatskappy teen die einde van 1881 hul besigheid te gelde gemaak het, het hulle 38 koetse, 15 perdewaens en ongeveer 2 000 perde, muile en osse gehad. Op die hoogtepunt van hul aktiwiteite het hulle 450 mense permanent in diens gehad (Zeederberg 1971: 128-129). Teen die einde van 1886 was daar minstens dertig passasiersvervoerders in Transvaal (Zeederberg 1971: 40).

Poskarre

Benewens koetse, was daar ander voertuie wat vroeg reeds pos en passasiers vervoer het. In 1801 reeds was daar 'n weeklikse poswa-diens tussen Kaapstad en Simonstad en teen 1806 'n soortgelyke diens tussen Kaapstad en Stellenbosch. Teen 1838 het 'n poswa-diens Kaapstad met Wynberg en met Swellendam verbind. Hierdie was meestal gewone perdewaens, sonder

enige vorm van skokbreking, met 'n seiltent (Telford 1974: 571). Die Kaapse perdekar (*Cape cart*), die *Hansom-cab* en 'n groot verskeidenheid van ander voertuie is ook vir dié doel aangewend. Hoewel hierdie voertuie en hul verbandhoudende toebehore (soos swepe, tuie, grofsmede, riempiestoeltjies, hangbeddens, en vele ander) innoverende kultuurprodukte was en hoewel daar baie metafisiese aspekte aan verbonde was, is dit nie van sentrale belang vir hierdie studie nie. Die fisiese en geestelike werklikhede van reise was egter 'n immer-teenwoordige aspek van bankpersoneel se lewens.

Omdat vervoer van mense en materiaal 'n belangrike deel van ekonomiese groei en vooruitgang was, het Standard Bank die bou van waens en perdekarre gesien as 'n aanduiding van die land se algemene en ekonomiese vooruitgang. Oor fluktuasies in dié industrie is gereeld verslag gedoen (Mabin en Conradie 1987: 109, 117, 227, 278, 390, 405, 489).

Paaie was dikwels byna onbegaanbaar en baie onveilig. Die pad deur die Steenkampsberge na Barberton was op plekke só nou dat daar nie plek was vir 'n man om te stap tussen die voertuig en 'n afgrond van sowat 15,5 meter nie (Zeederberg 1971: 640).

Reise en reisinsidente

Die feit dat baie bankbeamptes oor 'n lang tydperk en oor groot afstande gereis het, het daartoe gelei dat daar 'n skat van vertellings en verhale in dié verband bestaan.

In 1877 was dit bekend in die *Old Boy*-netwerk dat Transvaal geannekseer sou word as Britse gebied. 'n Inspekteur van Standard Bank, mnr Rees Williams, is opdrag gegee om in Kimberley gereed te staan om onmiddellik na Pretoria te vertrek wanneer die anneksasie afgekondig word. Theophilus Shepstone het die anneksasie op 12 April 1877 gedoen. By bevestiging van die nuus oor die anneksasie het Williams dadelik na Pretoria vertrek om daar 'n tak te open. Hy het die hele nag per poskoets gery en die Vaalrivier in die vroeë oggendure van die volgende dag oorgesteek. Die tweede oggend het hy Potchefstroom bereik, waar hy die eerste tak in Transvaal geopen het. 'n Tak is op 16 Mei 1877 in Pretoria geopen.

In 1881 het die bank se hoofbestuurder, Lewis Michell, per kapkar van Newcastle na Pretoria gereis. Die enigste vervoer wat hy kon bekom, is gebied deur 'n persoon wat volgens Michell van perdediefstal verdink is. Hul eerste nag is volgens Michell deurgebring in

[.] *'n pondokkie langs die pad wat nogal 'n herberg genoem is, maar enige skuilning in 'n storm verdien respek. Dit was die middel van die winter en bitter koud: die reën het neergegiet . die wind wat van Majuba-heuwel af gehuil en gekerm het, het my na die gekerm van onbekende dooies geklink* [.] (Terry 1979: 134).

Toe hulle wou gaan slaap, het hulle gehoor dat 'n wa in die drif omgeslaan het en die kapkareienaar het gaan help. President JH Brand, president van die Vrystaat, was 'n passasier op die wa. 'n Ierse kapelaan het ook daar aangekom en 'n onverwags aangename en interessante nag is deurgebring, saam met (volgens Michell) drie van die beste storievertellers in Suid-Afrika: die president, die Ierse kapelaan en die verdagte eienaar van die kapkar (Terry 1979: 134).

In 1882 het die pont oor die Breërivier naby Swellendam weggespoel en die poskar van die Kaap kon nie oor die rivier kom nie. 'n Bankbeampte, AR Elliot, was 'n ervare Teemsrivier-roeier en het kans gesien om die rivier per roeiboot oor te steek. Die hele banktak op Swellendam het gehelp en met verskeie vaarte is die pos en alle passasiers veilig oor die rivier gebring (Terry 1979: 103).

Vol riviere was 'n gereelde gevaar vir mens, dier en kosbare vrag. Pienaarsrivier in Transvaal was 'n gevreesde omgewing vanweë ondeurdringbare swart modder, soms meer as 60 cm diep. In een geval het die drywer van 'n voertuig wat daar vasgeval het 'n span osse gehuur om dit uit te sleep. In hul reddingspoging het die osse die disselboom losgetrek, sonder om die voertuig uit die modder te bevry. In die vroeë 1870's het een van die Donaldson maatskappy se koetse by Booysens in klei vasgeval. Nege manlike en drie vroulike passasiers het in die gietende reën uitgeklim om aan die koets te help stoot, sonder sukses (Zeederberg 1971: 62-63).

Botsings met kameelperde, renosters, seekoeie en ander wild het redelik gereeld voorgekom (Zeederberg 1971: 48).

Die werklik gevaarlike diere was egter leeus en olifante. Die Elandsrivierdrif naby Machadodorp, 'n roete waarlangs die bank se amptenare gereeld gereis het, was bekend as 'n gevaarlike plek as gevolg van die gereelde voorkoms van leeus. In een geval was die koetsdrywer besig om die trekdiere versigtig deur 'n drif te stuur toe een van die passasiers op die dak skree dat daar 'n trop leeus op die oorkantste oewer is. Die trekdiere het die leeus geruik en paniekerig begin spook. Groot klippe weerskante van die drif het dit onmoontlik gemaak om in die rivier om te draai. Die drywer se assistent het die posbeuel gegryp en oorverdowend begin blaas. Die leeus het opgestaan en begin brul, maar nie weggegaan nie. Gelukkig het twee aankomende transportwaens van die ander kant af die leeus laat vlug (Zeederberg 1971: 65-66).

Die grootste gevaar was egter olifante (Zeederberg 1971: 66). In die eerste maande van 1888 het twee olifante skielik buite Naboomspruit voor 'n koets in die pad gestaan. Die drywer het die deure oopgemaak en die passasiers het in alle rigtings gevlug. Toe die drywer en 'n boer later

terug gaan, het hulle gevind dat die koets omgegooi en toe stukkend getrap is deur die olifante. Die koets was onherstelbaar beskadig en passasiers se bagasie was oral rond gestrooi. Daar was verskeie gevalle waar poskoetse met groot geweld deur olifante aangeval is (Zeederberg 1971: 51).

Bobbejane is ook gevrees, volgens Zeederberg, want hulle het klippe so groot soos voetballe van kranse af op koetse gegooi, die voertuie beskadig en baie mense beseer Zeedereberg 1971: 66).

'n Ander gevaar was struikrowers, veral van die sogenaamde Ierse Brigade, maar ook ander, wat baie koetse beroof het. Van die koetsmaatskappye se personeel het hul lewens verloor. Verskeie besendings geld en goud van Standard Bank het hulle ook ten prooi geval, maar geen bewys van lewensverlies by Standard Bank se personeel as gevolg van dié misdade is gevind nie (Van Onselen 2010: 30 - 40).

Spanning oor reise is vererger wanneer bankbeamptes kosbare vrag vervoer het. In 1888 is S Rose-Innes na die bank se tak in Johannesburg verplaas en opdrag gegee om £12 000 in goud saam met hom te neem. Hy het twee kaste met goud op die vloer van die koets laat laai. Die koets het byna omgeslaan in een van die riviere. Omdat die koets twee dae laat was as gevolg van reën, het die drywer besluit om snags ook te reis. In 'n drif sowat 8 kilometer van Heidelberg het die koets se voorwiele skielik in diep modder weggesak, wat dit terstond tot stilstand gebring en die drywer en assistent in die water laat beland het. Die verskrikte trekdiere het weggehardloop teen 'n gevaarlike spoed, maar gelukkig in die pad gebly. Die vier passasiers op die dak het paniekerig geraak en afgespring. Die passasiers binne-in die koets was onbewus van wat aangaan, totdat die trekdiere gaan staan het. Hulle was verbaas om by ondersoek geen drywer of assistent en geen dakpassasiers te sien nie. Omdat nie een van hulle 'n koets kon hanteer nie, het hulle terug gestap en die vier beseerde dakpassasiers sowat 3,5 kilometer verder gekry. Terwyl hulle daar was, het die koets daar aangekom: die drywer en sy assistent het na hul val in die rivier 'n kortpaadjie geneem, by die verlate koets en trekdiere uitgekom en dit omgedraai. Rose-Innes sê hy was baie verlig om te vind sy kosbare vrag was na alles steeds veilig in die koets (Zeederberg 1971: 55-56).

3.7 Dinamika van die omgewing en die bank se personeel

In figuur 1.3 is aangedui hoe komponente van die bank se kultuur, in al hul dimensies, binne 'n bepaalde omgewing bestaan en hoe die twee wederkerig op mekaar inwerk. Hierdie omgewing is geskep, met tasbare en nis-tasbare dimensies, deur die vormingsgebeure soos in die tweede hoofstuk geanaliseer en deur daaropvolgende gebeure en faktore.

3.7.1 Konflik, opstande en oorloë

Konflikte, oproer en oorloë op plaaslike, streeks en globale vlak het beide 'n direkte en indirekte invloed op Standard Bank se personeel en op alle werksaamhede van die bank gehad.

Die bank was ten nouste betrokke by die diamantdelwerye by Klipdrift en New Rush. In 1875 het Alfred Aylward 'n opstand daar gelei met die doel om 'n onafhanklike delwersrepubliek tot stand te bring. Standard Bank se bestuurder, JW Harsant, het besoek ontvang van een van die oproerleiers. Hy was met 'n groot rewolwer gewapen en het dit opsigtelik op die bestuurder se lessenaar neergesit, terwyl hy verduidelik het dat hy 'n voorskot van die bank wil hê. Hoewel die bestuurder gevoel het sy persoonlike veiligheid word bedreig, is die voorskot nie toegestaan nie. (Henry 1963: 37).

Na die ontmoeting tussen mense van Europese afkoms en Bantoesprekende mense by die Visrivier in 1778 was daar verskeie oorloë op die oosgrens van die Kaapkolonie, in Natal en ander dele van Suidelike Afrika. Hoewel die oorloë vormgewend was vir latere staatkundige patrone, het slegs een op die Oosgrens en in die omgewing van die bank plaasgevind ná die stigting van Standard Bank. Dit was die negende grensoorlog wat van 1877 tot 1878 geduur het. Banke is besorgd oor onstabiliteit en Standard Bank se hoofbestuurder het op 5 Oktober 1877 aan banktakke in die streek geskryf om uitermate versigtig te wees dat die bank se bates nie skade lei nie. Hy het die hoop uitgespreek dat die *present unfortunate outbreak* tot die Transkei beperk sal bly en dat dit gou onderdruk sou word. Hulle moes probeer bepaal hoe hul kliënte geraak sou kon word en moes hul bes doen om kliënte wie se rekeninge geraak mag word se sekuriteit te verseker (SB GMO4/2/1 Circulars 5/10/1877).

In 1879 het die gevegte tussen Britse soldate en Zulus by Rorke's Drift en Isandlwana uitgebreek (kyk na paragraaf 2.2.3.3). Die bedryf van Standard Bank is nadelig daardeur geraak. In Augustus 1881 skryf die hoofbestuurder van die bank: *... war has been the normal condition of affairs since Sir Bartle Frere sent his ultimatum to Krela in 1877* (SB GMO3/1/11 Circular 68/1881, 1/8/1881).

Ook die konflik met die mense van daardie tyd se Basoetoland het die bank geraak. In 'n omsendbrief van Oktober 1880 (SB GMO4/2/1 Circular 26/1880, 29/10/1880) waarsku die hoofbestuurder dat die oorlog wat ongelukkig uitgebreek het (*... has unhappily broken out ...*) met meer oortuiging deur die Sotho's geveg is as wat verwag is en dalk 'n redelike tyd kan duur. Die brief verwys na aanduidings dat ander *stamme* hul by die Sotho's sal aansluit en dat dit die koloniale magte in die veld tot die uiterste kan beproef. Baie waardevolle eiendom is vernietig en takbestuurders is gemaan om voorskotte slegs met die uiterste versigtigheid toe te staan.

Die bank was miskien nie altyd op hoogte met strominge in die Afrikaanse of Nederlandssprekende dele van die omgewing waarbinne dit bestaan en gefunksioneer het of met die omvang van die Boere se strewe na vryheid en selfbeskikking nie. Op 12 April 1877 het Theophilus Shepstone die oorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en Sekhukhune, saam met gewaande versoeke van Transvalers, aangevoer as redes vir die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) tot Britse gebied. Dit was, volgens Lehman, nadat die Britse owerhede al die banke gevra het om nie krediet aan die Republiek te verskaf nie. Die verbod is verder uitgebrei na ammunisie en selfs klere, wat in Engelse kringe aanleiding gegee het tot die grappie dat dit uiteindelik kon lei tot gronde vir arrestasie van die Boere vanweë onbehoorlike ontbloting (Lehman 1972: 40).

Toe Sekhukhune vra vir vrede en die Transvaalse Volksraad dit aanvaar, het Shepstone se hoofrede vir sy optrede weggeval. Hy is deur Henry Bulwer, luitenant-goewerneur van Natal, daarop gewys, wat aan hom geskryf het: *The question between Sekukuni [sic] and the Transvaal government, remember, is the question which really produced your mission* (Appelgryn 1979: 201). Hierdie feit en die feit dat sterk openbare teenstand van Transvalers op 6 Februarie 1877 en daarna gewys is, het Shepstone geensins van sy plan laat afsien nie. In Maart 1877 het Standard Bank se algemene bestuurder aan Londen geskryf daar is alle rede om te glo dat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) binnekort Britse oppergesag (*Supremacy*) sou aanvaar. Die bank het daarom Pretoria, Potchefstroom en Lydenburg geïdentifiseer as eerste plekke om takke te open (SB GMO3/1/6 Letters to London 16/1877, 16/3/1877).

Die hardnekkige weiering van Brittanje om die anneksasie om te keer, selfs nadat bewys gelewer is van sterk teenstand daarteen, het spanning in Transvaal tot gevolg gehad. Ontakvolle en meerderwaardige optredes, soos Owen Lanyon se stelling teenoor kommandant-generaal Piet Joubert van die ZAR dat die Vaalrivier eerder opdraend sal vloei as wat Brittanje die Transvaal se onafhanklikheid sal herstel, is kenmerkend. Met so 'n houding en die weiering om te aanvaar dat die anneksasie nie die goedkeuring van die meerderheid stemgeregtigde Transvalers weggedra het nie, was die eerste een van twee Anglo-Boereoorloë byna onafwendbaar. Hierdie oorlog het Standard Bank en die omgewing waarin dit bestaan en gefunksioneer het, direk geraak.

Reeds kort ná die uitbreek van die oorlog aan die einde van 1880 skryf die bestuurder van die bank se tak in Potchefstroom aan sy hoofkantoor:

You will perhaps have seen in the papers the a/c [account] of poor Captain AL Falls of the 21ste Regt being buried in my garden. Poor fellow he was a friend of mine and fell almost immediately after the firing broke out. He was buried in the fowl house at the rear of the

Court House but the grave was not long enough and his foot was out of the ground. I managed to get a coffin made for him and brought him down and placed him temporarily in my garden. If anything happens to me kindly communicate these facts to the War Office for the information of the friends of Capt Falls (SB Bits & Bytes 30/5/2014: 10).

Sulke gebeure moes 'n traumatiese uitwerking op die bankpersoneel gehad het : die vrees vir eie veiligheid skyn deur in die sinnetjie *if anything happens to me ...* By 'n ander geleentheid het die bestuurder van die tak op Potchefstroom in 'n uitgesmokkelde brief versoek dat sy moeder asseblief ingelig moet word as hy iets oorkom:

Ek is my moeder se enigste seun en as dit nodig sou wees, wil ek graag hê die bank moet my batige saldo, as daar een is, aan haar oorhandig. Ek skuld niks nie, behalwe my ledegeld by die PE Klub en my hotelrekening hier (Terry 1997: 128).

Die oorlog het ook verdeeldheid in die geledere van die bank se personeelkomponent meegebring. Terwyl sommige lede lojaal was aan die imperiale ideale, het ander simpatie gehad met die Boere. Minstens twee van die bank se Potchefstroomse personeel het hulle gedurende hierdie eerste oorlog tussen die Britte en Boere by die Boere aangesluit en tydens die besetting van Potchefstroom vir hulle gewerk. In Pretoria moes die meerderheid van die bank se personeel militêre diens by die Pretoriase Karabiniere vir die imperiale magte doen, waar hul lewens telkemale tydens skermutselinge in gevaar gestel is (Terry 1979: 129).

Standard Bank en sy personeel is ook direk geraak deur die Anglo-Zulu-oorlog van 1879.

Bartle Frere het die bestaan van 'n selfstandige Zulunasie as 'n bedreiging vir die Britse ryk gesien en 'n oorlog met hulle is uitgelok (Morris 1965: 287). Die oorlog het vrese by die personeel van die bank laat ontstaan oor hul eie veiligheid en oor dié van die bank se bates (Henry 1963: 79). Die Zulus was nie maklik om te oorwin nie. In 'n brief aan Londen skryf die hoofbestuurder onder meer: ... *natives appear to have gained some success which will probably tend to prolongation of the war and may be to disturb the other native races, besides the Zulu* .(SB GMO3/1/8 Letters to London 12/1879, 25/1/1879). Brittanje het 'n duur prys aan lewens en uitgawes betaal voor die slag van Ulundi op 4 Julie 1879, waar die gety teen die Zulus gedraai het. Cethswayo, wat nie die oorlog wou gehad het nie, is gevange geneem en verban (Muller (red) 1981: 223). Die gevangeneming van Cethswayo is deur die bank se hoofbestuurder aan Londen gerapporteer op 15 September (SB GMO3/1/9 Letters to London 79/1879, 5/9/1879). Dit het 'n positiewe uitwerking op die bank en op die bankpersoneel gehad en die personeel is daardie jaar met 'n bonus beloon. Ten opsigte van die oorgawe van Cethswayo, sê Lacour-Gayet dat, hoewel hy feitlik alle fisiese bates verloor het, hy sy waardigheid behou het. By die

oorgawe ... *he presented a striking figure, every inch a king*. Frere en Shepstone se doelwit is bereik: die Zuluryk was tot niet (1977: 148).

In Februarie 1879 kon die hoofbestuurder skryf: *[the] feeling of alarm, amounting almost to panic, which first prevailed in Natal has been allayed, as confidence is being restored* (SB GMO3/1/8 Letters to London 16/1879, 7/2/1879). Ná die oorwinning oor die Zulus het Natal, danksy die groot militêre uitgawes van omtrent £4 000 000, ongekende voorspoed beleef (Henry 1963: 78). Die algemene bestuurder het in 'n brief aan Londen aangedui dat die kolonie welvaart beleef soos nooit tevore nie en dit miskien nooit weer sal ervaar nie (SB GMO3/1/9 73/1879 Letters to London 15/8/1879).

Vroeg in 1880 kon die hoofbestuurder aan Londen bevestig dat die Zuluoorlog die bank 'n goeie wins in die sak gebring het (SB GMO3/1/9 Letters to London 12/1880, 13/2/1880).

Die bank en sy personeelkomponent is nie onaangeraak gelaat deur die Jameson-inval van 1895/1896 en die gevolglike val van Rhodes nie. In 'n ironiese voorval het die hoofbestuurder van Standard Bank se seun die vlag van oorgawe gedra by die oorgawe en gevangeneeming van Jameson en sy invalsmag (Steyn en Antonie 2012: 62). Die Kamer van Mynwese in Johannesburg het verdeeld geraak, op grond van politieke verskille oor die inval. 'n Nuwe en afsonderlike *Association of Mines* is gevorm (Mabin en Conradie 1987: 435). Op indirekte vlak het die inval gelei tot verskerpte polarisasie tussen Suid-Afrikaners van Britse en Afrikaanse afkoms, 'n faktor wat alle personeel van die bank sou raak en wat na die stigting van 'n *Afrikaanse* bank 'n rol sou speel in Standard Bank se sake en benadering tot die publiek.

Die aankoms op 5 Mei 1897 van Alfred Milner as goewerneur van die Kaapkolonie en Hoë Kommissaris van Suid-Afrika, ná die fiasko van die Jameson-inval, het 'n nuwe era van aggressiewe imperialisme ingelui. 'n Uitgerekte konflik oor uitlanderstemreg en ander aangeleenthede en 'n agenda wat deur sommiges gesien is as 'n doelbewuste uitlokking tot oorlog, het gekulmineer in die Anglo-Boereoorlog, wat in Oktober 1899 uitbreek het.

Toe die oorlog uitbreek, het Standard Bank 11 takke in Transvaal gehad wat direk geraak is. Ander, in aangrensende dele van die land, is ook geraak en teen die einde van die eerste maand van die oorlog was 19 takke afgesny van die bank se hoofkantoor. Met verloop van tyd is 31 takke so afgesny (Steyn en Antonie 2012: 64). Die feit dat hulle nie met hul hoofkantoor kon kommunikeer nie, en dat laasgenoemde nie geweet het wat met die bank se personeel en bates aan die gang is nie, het angstigheid en spanning veroorsaak.

Die bank se kliëntebasis en die personeel was weereens verdeeld tussen steun vir die imperiale gedagte en steun vir die republieke. Personeel van die bank het aan albei kante gaan veg. Sommige personeellede het die hoogste tol betaal. Van die personeellede het familieledede in die imperiale magte se berugte konsentrasiekampe verloor. Ander se families, selfs skoolkinders, is gedwing om openbare teregstellings op markpleine te aanskou. Benewens die behandeling van vroue, kinders en bejaardes as mindere mense in die Britse konsentrasiekampe, is die imperiale magte se gesindheid en kultuur teenoor hul vyand as byna ontmensde entiteite skynbaar weerspieël in 'n brief van kolonel Douglas Haig aan sy eggenote, waarin hy onder meer skryf oor die dag se openbare teregstelling van beweerde kolonialers:

Drie manne [...] is geskiet. Ek het die skouspel nie gaan bekyk nie, maar al die belangrike plaaslike inwoners moes gaan en hul name is afgelees om seker te maak dat almal daar is - hulle sê my dit was 'n indrukwekkende skouspel en alles het uitstekend verloop [...] Terloops, ek het Gilbey 'n telegram gestuur om nog klaret en sjampanje te vra (Pakenham 1979: 547).

Die bank se hoofbestuurder het alle personeel in 'n omsendbrief in 1899 namens die direkteure in Londen daaraan herinner dat hulp van enige soort aan vyande van Haar Majesteit 'n aksie van verraad sou wees en dienoooreenkomstig gestraf sou word. Dit het ook hulp aan besighede ingesluit (SB GMO 4/2/7 Circular 110/1899).

Hierdie soort optrede, sowel as die afbrand van dorpe, kerke, plaashuise en geboue, die opbreek van heinings, vernietiging van waterputte en uitkap van vrugtebome, het die omgewing gevorm waarbinne die bank in die toekoms moes bestaan en funksioneer. Dit het bygedra om 'n gevoel van wrewel by 'n deel van die bevolking te laat wat die bank later as anti-Engelse sentiment sou ervaar. Die ervarings van oorlewende kinders en wraaksugtige optredes, soos die wreedaardige doodmaak van kinders se troeteldiere, sou verseker dat daardie wrewel na volgende geslagte oorgedra word. Standard Bank se beleid van noue skakeling met sy kliëntebasis sou in komende jare daardeur beïnvloed word.

Aan die einde van die oorlog het die raad van direkteure in Londen hul waardering vir die personeel in Suid-Afrika oorgedra vir die gevare en ongerief wat hulle gedurende die oorlog moes deurstaan (SB GMO1/1/59 Letters from London 16/1902, 18/4/1902).

Die Eerste Wêreldoorlog, wat in 1914 uitbreek het, het die verskille tussen die Engels- en Afrikaanssprekende dele van die wit gemeenskap in Suid-Afrika verdiep. Die gepaardgaande rebellie in Suid-Afrika het op plaaslike en streeksvlak daartoe gelei dat verskeie banktakke weer gesluit is (Steyn en Antonie 2012: 74). Tekorte in verbruikersgoedere het ontstaan en reise

moes ingekort word. Globale invloede het tot gevolg gehad dat kommunikasie met Londen verbreek is en dat invoere moeilik geword het. Een van die direkte invloede op die personeelkomponent van die bank was 'n tekort aan personeel.

'n Globale omgewingsfaktor wat Suid-Afrika, baie lande en die bank uiters nadelig getref het, het uit die Eerste Wêreldoorlog voortgevloei. Dit was die groot griep-epidemie van 1918. Dit is nie bo alle twyfel seker waar die epidemie ontstaan het nie en daar bestaan talle teorieë oor die oorsprong. Dit is teen 'n ongekennde tempo wêreldwyd versprei deur terugkerende troepe ná die oorlog. In Suid-Afrika het dit eers in die hawestede voorgekom. Op 23 en 25 September 1918 is voorvalle in Kimberley en Johannesburg, onderskeidelik, aangemeld en daarna het dit deur die hele land versprei. Sterfgevalle was baie hoog: in een naweek is byvoorbeeld meer as drieduidend sterfgevalle in Bloemfontein alleen aangemeld (Schoeman 1980: 243). Uiteindelik sou sowat 20 miljoen mense wêreldwyd en tussen 250 000 en 350 000 mense in Suid-Afrika aan hierdie griepvirus sterf (Giliomee & Mbenga 2007: 242).

Vanweë die voortdurende interaksie met lede van die publiek was bankpersoneel blootgestel aan die siekte: dit was 'n onvoorkombare risiko. Geen aanduiding van die aantal personeellede van die bank wat aan die siekte gesterf het kon opgespoor word nie.

Na die Eerste Wêreldoorlog het Suid-Afrika in 'n ekonomiese depressie inbeweeg. Die Suid-Afrikaanse eerste minister, JC Smuts, het Standard Bank daarvan beskuldig dat die bank té maklik krediet verleen en dit toe té drasties ingekort het (Steyn en Antonie 2012: 75). Smuts het die stelling later teruggetrek. Die depressie het die verlaging van die salarisse van kool- en goudmynwerkers in 1921 tot gevolg gehad. Hierdie werkers het in opstand gekom en is ondersteun deur werkers in energieverskaffing, ingenieurswerke en metaalgietry.

Daar was rasse-ondertone omdat geglo is dat wit werkers ontslaan en swart werkers in hul plekke aangestel is en dat wit werkers in die algemeen benadeel is. Van die Kommunistiese Party se lede het die slagspreuk: *Unite and fight for a White South Africa!* gebruik (Roux 1966: 143 - 148). Algehele wetteloosheid het uitbreek en selfs Standard Bank se werknemers het gestaak om erkenning van hul vakbond, die *South African Society of Bank Officials (SASBO)* te kry (Steyn & Antonie 2012: 75).

Op 22 Maart 1922 het die stakers Standard Bank se tak in Fordsburg gesluit (Paver 1973: 245-246; Steyn en Antonie 2012: 76; Muller (red) 1981: 410). In 'n verslag het die takbestuurder van Fordsburg vertel dat gewapende persone die bank se ingang as skuiling gebruik het en dat 'n persoon vanuit 'n posisie langs die takbestuurder se kantoorvenster na 'n ander geskiet het. Daar was verwoede gevegte om die bank (Steyn en Antonie 2012:76) en bankpersoneel het

angstige tye ervaar (Henry, 1963: 227-228). Met 'n dodetal van minstens 153 (sommige bronne skat dit so hoog soos 250) het die onluste van 1921 - 1922 aan die Rand twee maal soveel ongevallen gelever as die hele Suidwes-Afrika veldtog van 1915 (Muller (red) 1981: 410; Steyn en Antonie 2012: 77).

In die tweede helfte van die 1930's het Suid-Afrika ekonomies goed gegroei. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die Hertzogregering se inisiëring van die Yster en Staal Korporasie van Suid-Afrika (YSKOR) en ander doelbewuste regeringspogings om die ekonomie te laat groei. Maar, skryf Steyn en Antonie, ... *as always, [...] the country's prosperity depended upon developments elsewhere* (2012: 80). Die Tweede Wêreldoorlog het in die laaste helfte van 1939 uitgebreek: onbeheerbare gebeure en faktore op 'n globale vlak het die bank beïnvloed. Binne Suid-Afrika is die verdelingslyne tussen die twee hoof blanke bevolkingsgroepe enersyds verdiep, terwyl samewerking tussen hulle op militêre en ander terreine toegeneem het. Generaal JC Smuts was 'n belangrike persoonlikheid in hierdie verband: hy is deur 'n groot deel van die bevolking bewonder en vereer en deur 'n ander deel geminag, beskuldig en verguis. Groot getalle van die bank se personeel het fisies aan die oorlog deelgeneem, met 'n gevolglike nypende tekort aan personeel.

Personeellede het interessante, avontuurlike en skrikwekkende ervarings beleef en nie almal het die oorlog oorleef nie. Hierdie oorlog het wêreldwye gevolge gehad en op fisiese en metafisiese gebied 'n nuwe era in wêreldgeskiedenis ingelui. Ook Standard Bank as geheel, met insluiting van die bank se personeelkomponent, sou daardeur beïnvloed word. Die bedryf van die bank sou groot veranderinge ondergaan en nooit weer presies wees soos voor die oorlog nie.

3.7.2 Misdad en bankrowe

Daar is altyd 'n kriminele element aanwesig in elke menslike gemeenskap. Ekonomiese toestande, werkloosheid en ander omstandighede het 'n direkte invloed op die voorkoms daarvan. Die bankwese was altyd 'n aantreklike teiken vir sulke elemente. Steyn en Antonie sê die swak ekonomiese toestande aan die einde van die 19de eeu het veral gepaard gegaan met 'n vloedgolf van gewelddadige misdaad (2012: 63).

In 'n omsendbrief skryf die algemene bestuurder in 1880 aan alle beamptes dat hulle waarskynlik in die koerante gelees het van die toenemende aantal rooftogte wat in die land plaasvind en vervolg: *the disbandment of troops and other causes have apparently produced the presence of many bad characters, and it is necessary to take every precaution for the protection of the bank's assets and property* (SB GMO4/2/1 Circular 9/1880, 2/4/1880).

Bankpersoneel was verskeie kere die slagoffers van sulke rooftogte, sommiges terwyl hulle op reis was.

Die misdaad wat die bank geraak het, was hoofsaaklik bedrog, diefstal en roof. Om dit teen te werk, het die bank sterk gesteun op passiewe, fisiese beveiliging, soos tralies en versterkte deure. Elke banktak moes oor minstens een brandkluis en 'n versterkte brandkamer (*strong room*) beskik. Takbestuurders is deurlopend bedag gemaak op die belang van sleutelsekuriteit en die belang daarvan om 'n vuurwapen in werkende toestand en binne bereik te hou. Daar is besluit om klokke aan die buitekant van geboue aan te bring wat deur bankbeamptes geaktiveer kon word om mense in die straat te waarsku as 'n rooftog aan die gang is (SB ARCH1/1/KGD 1888: 6). Een van die oorblywende tekens van hierdie strategie is nog te sien aan die voormalige Standard Bankgebou in Hofmeyr (Figure 4.2 en 4.3). Die bank het die gebou baie lank gelede reeds ontruim en dit was teen 2015 die helderkleurige *Hasta la Vista* Vis- en skyfieswinkel, met tipiese Standard Bank argitektuur, 'n elektriese klok in die gewel en 'n groot ingevoerde brandkluis.

In 1886 het die bank sover gegaan as om kennisgewings in Transvaalse koerante te plaas met die nuus dat bankpersoneel bewapen is (SB ARCH1/1/KGD 1886: 6).

Amptelike korrespondensie van die bank bevat 'n deurlopende draad van vermanings, waarskuwings en beriggewing oor bedrog, diefstal en rowe. Dit wissel van mense wat vervalste geld probeer deponeer tot Britse offisiere wat nie hul skuld vereffen voor hulle die land verlaat nie en van mense wat wanvoorstellings maak om voorskotte te verkry tot ander wat voorskotte soek op geld wat van die buiteland sou kom en nooit opdaag nie. Daar was ook gevalle van diefstal en gewapende roof. Elke jaar se omsendbriewe waarsku herhalend daaroor (SB GMO4/2/4 Circulars 3/1903; 6/1903; 12/1903; 19/1903, en verder).

Vertellings en staaltjies in dié verband vorm deel van die bank se sosiale en korporatiewe geskiedenis. Slegs enkele van vele voorvalle waar die metafisiese bedreiging van misdaad oorgegaan het tot fisiese geweld teen personeellede van die bank sal hier voorgehou word.

Een van die opspraakwekkendste rooftogte by 'n tak van Standard Bank het op 29 Augustus 1889 in Krugersdorp plaasgevind. In 'n handgeskrewe verslag gedateer 30 Augustus 1889 gee die bestuurder 'n uiteensetting van wat gebeur het.

Die tak het in Augustus 1889 'n personeel van drie gehad: die waarnemende bestuurder, J Stewart, die waarnemende rekenmeester, FW Hewetson en die junior klerk, FC Dekker. Terwyl Dekker uit die gebou was, het twee mans die gebou helderoordag binnegekom en die deur

agter hulle gesluit. Hewetson het gedink hulle het dit per ongeluk gedoen en gevra dat hulle die deur weer oop maak, waarop een gesê het: *We are Americans. We have come to take your money. If either of you raise an alarm, we will shoot you both. Give us your keys!*

Hewetson het probeer ontsnap maar het geval en is gevang en vasgebind. Die bestuurder het probeer om die bank se rewolwer te bereik maar is met 'n peits met 'n swaar metaalknop oor die kop geslaan en het sy bewussyn verloor. Hy is ook vasgebind en langs Hewetson neergelê. Een rower het hulle bewaak, terwyl die ander een die brandkas gestroop het.

Dekker het intussen teruggekom, die deur gesluit gevind en deur die venster geloer. Hy het gesien hoe 'n vreemde man binne die bank sakke met muntstukke oopsny en het by Clark en Ballantyne se hotel oorkant die straat gaan alarm maak. Intussen het die rowers geld, goud en silwer gevat, op twee eersteklas perde gespring en weggejaag. Die eienaar van die hotel het alarm gemaak. Sersant Tossel van die polisie het toevallig te perd verby gery en het dadelik die rowers agterna gesit. Sy perd was nie baie sterk nie en hy kon nie die twee rowers, wat sowat vyf minute voorsprong op hom gehad het, inhaal nie. Gelukkig het hy ene WJ Boyd met sy resiesperd *Atlas* teëgekom en Boyd het die perd aan hom geleen. Met *Atlas* het hy gou die agterstand ingehaal en die rowers het op 'n rotsagtige rif skuiling gaan soek. 'n Skietery het ontstaan en een rower is gewond. Ander polisieledes het kom help en die rowers is in hegtenis geneem. Banknote ten bedrae van £1 935, goud ter waarde van £1 500 en silwer ter waarde van £7.17 sjielings is gesteel. Al die banknote en silwer ter waarde van £2.5 sjielings is by die rowers gevind maar die res was skoonveld. Soektogte deur die bank, die polisie en ander het niks opgelewer nie.

Hoewel erg geskok, het Hewetson en Dekker die episode redelik ongeskonde oorleef. Stewart sê onder meer in sy verklaring:

I have had the wound, which is about three inches long, bandaged by Dr Kettleslip, who states that it did not touch the brain, and consequently will not put me to much inconvenience (SB ARCH1/1/KGD Verslag van J Stewart gedateer 30/8/1889 oor bankroof, Krugersdorp, 29 Augustus 1889).

In Februarie 1889 is die takbestuurder van Beaconsfieldtak, mnr T Fraser, in die aand deur gewapende rowers by sy woonplek ingewag. Hy is oorval en na die bank geneem. Die rekenmeester was toe reeds oorrompel en vasgebind. Fraser het handgemeen geraak met een van die rowers en die rower het sy rewolwer laat val. Hulpkrete het die aandag getrek van drie mense wat kom help het om die rowers te verjaag. Aldrie helpers is egter met 'n mes gewond, een van hulle ernstig. Twee van die rowers is later gevang en gevonnissen tot lang

gevangenisstraf. Albei het verskeie kere ontsnap en het verskeie maande op Tafelberg geskuil. Die helpers is deur Standard Bank vergoed en in die hof geprys vir hul heldhaftigheid (Terry 1979: 70).

In 1892 het 'n sak munte van die bank, wat die bank se bestuurder van Estcourt na Durban gestuur het, van 'n trein tussen Durban en Escourt verdwyn. Dit is later in die Umbiliorivier in die omgewing van die huis van 'n spoorwegklerk gevind. Die spoorwegklerk is daarvan beskuldig dat hy met die wag (*guard*) op die trein saamgesweer en die sak uit die trein gegooi het (SB GMO3/1/28, Letters to London 9/1892, 3/2/1892). Londen is twee weke na die insident in kennis gestel dat die twee ter strafsitting verwys is (SB GMO3/1/28 Letters to London 14/1892, 17/2/1892). Die bank was uiteraard ten nouste betrokke by en geïnteresseerd in die saak en dit is met skynbare teleurstelling dat die direkteure in Londen op 4 Mei laat weet is dat die twee aangeklaagdes deur 'n jurie onskuldig bevind is. Boonop is £2 van die geld nie teruggevind nie. Blaam moes geplaas word en het op die Escourttak se bestuurder geval. Hy is amptelik berispe oor die voorval (SB GMO3/1/28 Letters to London 36/1892, 4/5/1892).

Op 'n Vrydagmiddag, 26 November 1897, het 'n mislukte rooftog by Standard Bank se tak in Claremont naby Kaapstad plaasgevind. 'n Junior klerk, W Fraustaedter, wat vir sowat 9 maande in die bank se diens was, wou net die bank se deure sluit toe 'n gewapende man ingestap en hom koelbloedig doodgeskiet het. 'n Hewige geveg het tussen die beampte in beheer, FG Westcott, en die rower ontstaan, waartydens die rower in die bors gewond is en Westcott 16 tot 18 kopwonde opgedoen het. Die polisie het opgedaag. Die rower het homself met sy laaste koeël geskiet, maar nie gesterf nie. Die polisie het hom in hegtenis geneem en hy is later oorlede.

Fraustaedter was maar 15 jaar en 11 maande oud by sy afsterwe en het sy ouers finansiële bygestaan. Die bank het gedink dit sou van pas wees om 'n *aansienlike gratifikasie* aan sy ouers te oorhandig, maar hulle kon nie oorreed word om geld te aanvaar nie. Die bank het die begrafniskoste gedra en het 'n gedenksteen ten bedrae van £44-9-6 vir die jong slagoffer opgerig. Dit staan steeds in die St Thomas-begraafplaas van die Diocesan College, Rondebosch (SB GMO 1/1/50 Letters to London 52/1897, 24/12/1897).

Westcott is ernstig beseer maar het oorleef en het herstel. Die bank het sy mediese uitgawes betaal en hom 'n kontantbonus betaal. Sy diens by die bank is 'n paar jaar vantevore onderbreek toe hy weens personeelbesnoeiings afgedank is. Dit het tot gevolg gehad dat hy geen erkenning van sy eerste dienstermyn gekry het vir pensioendoeleindes nie. Deur bemiddeling van die algemene bestuurder, Lewis Michell, is, as verdere vergoeding vir sy

dapper optrede, al sy diensjare in berekening gebring, wat hom 'n beter pensioen besorg het (Terry 1979: 186).

Die rower is uitgeken as 'n jong Australiër van Melbourne wat drie weke vantevore in die Kaap aangekom het (Terry 1979: 186).

3.8 Standard Bank as mikrokosmos

Standard Bank is 'n kultuurskepping met winsbejag deur diensverskaffing as primêre funksie. Die diensverskaffingsaspek is deeglik in hierdie studie in aanmerking geneem. Die "produk" wat die bank aangebied het, verskillende kategorieë daarvan en winsmarges daaraan verbonde, sowel omsetsyfers en fidusiêre aangeleenthede, word doelbewus nie in besonderhede geanaliseer nie omdat dit nie is waaroor die studie handel nie.

Die bank word as kultuurinstelling bestudeer, volgens kultuurhistoriese metodiek. Verbande word in die studie gelê tussen kultuurkomponente en dimensies van komponente.

Die personeelkomponent is 'n kernaspek van enige besigheid. Sekere verwagtings word uit die aard van die besigheid daaraan gestel en sekere eiesoortige situasies duik op. Hoewel deel van die gemeenskap, was die personeel van Standard Bank 'n eiesoortige groep. Heidegger voer aan dat die menslike bestaan 'n ontwerp is waarvan die mens nie die fisiese eienskappe bepaal het nie. Die mens moet binne daardie gegewe betekenis gee aan sy bestaan en daarom werk die omgewing vormgewend op hom in. Deur die werk wat die bank se personeel gedoen het, onder die omstandighede, voorskrifte en verwagtings waaronder en waarvolgens hulle dit gedoen het, soos in hierdie hoofstuk geanaliseer, is hulle gevorm. As groep het hulle 'n *mentalité* gevorm.

In 'n besigheid met 'n diensleweringmotief, soos Standard Bank, is die personeel op die snypunt tussen die besigheid en die gemeenskap waarvan dit afhanklik is vir voortbestaan. Dit bring mee dat die personeel moet optree op 'n wyse wat die gemeenskap se goedkeuring wegdra, beide op fisiese en nie-tasbare gebied. Dit moes ook 'n positiewe, nie-tasbare beeld van die bank na die gemeenskap oordra. Die personeel moes as lede van die gemeenskap leef en vervulling van hul behoeftes daarbinne soek. Lede is deur alle aspekte van die lewe geraak. Die personeelkomponent is daarom 'n mikrokosmos van die lewe.

Hierdie mikrokosmos se onderafdelings staan nie los van mekaar nie. Die studie het ten doel om die konteks tussen komponente en dimensies aan te dui en te toon dat nie-tasbare dimensies 'n werklikheid is. Daarin lê die betekenis van hierdie hoofstuk. In verdere hoofstukke sal aangedui word wat die betekenis van argitektuur, leef- en besigheidspersonele was waarin die

personeel gewerk het. Die daaglikse werking van die bank as dinamiese instelling, beman deur die personeel en bedryf binne strukture volgens die bank se behoeftes ingerig, sal in konteks gebring word.

HOOFSTUK 4:

AKKOMMODASIE VIR DIE BEDRYF VAN STANDARD BANK SE BESIGHEID

4.1 Inleiding

Hierdie studie analiseer die verbande tussen relevante kultuurelemente en die dimensies van die elemente. In die woorde van Burden is dit so dat [...] deeglike baanbrekerstudies oor sekere onderdele van kultuur [...] nodig is voordat die verbande gelê kan word (2000: 17). Slegs dan kan, met kennis van die aard van die elemente, verbande gelê word binne die totaliteit van 'n kultuurhistoriese analise.

Die akkommodasiekomponent van die bank is 'n komplekse onderdeel van hierdie studie.

Eerstens moes Standard Bank besluit waar, geografies, die bank takke wou open in die groot sub-kontinent. Hierdie besluit het in groot mate op toekomsverwagtings berus, maar fisiese aspekte, soos die winsgewende wolbedryf of die aanwesigheid van minerale, het ook 'n rol gespeel.


Wanneer op dorpe of stede besluit is, het metafisiese en fisiese dimensies 'n rol gespeel in die kies van 'n perseel. Ligging was een van die belangrike metafisiese oorwegings, terwyl fisiese aspekte, soos die breedte van die straatfront, een van die fisiese oorwegings was.

Die gebou wat op die perseel opgerig is, het metafisiese en fisiese dimensies gehad, waarvan die voorkoms en simboliek van die gebou en die fisiese geskiktheid daarvan (soos privaatheid van kliënte, genoeg lig en stewigheid van die gebou), aspekte was.

'n Onderskeid bestaan tussen 'n bankperseel en 'n bankgebou. By geleentheid het van die bank se persele ongeskik geraak vir die gebruik van die bank, terwyl die gebou of geboue daarop heeltemal geskik was, of andersom. In sommige gevalle, soos in Wellington in 1912 en George in 1938, is bankgeboue afgebreek en nuwe, meer geskikte geboue in hul plek op dieselfde perseel opgerig. In baie ander gevalle is bestaande geboue verander en aangepas om beter in die behoeftes van die bank te voorsien.

Hierdie verskillende, onskeibare onderdele van die akkommodasie-aspek het saam met die personeelkomponent 'n banktak gevorm, waaruit die bank se daaglikse funksionering aan die hand van die bank se korporatiewe kultuur, binne die omliggende omgewing, ter bereiking van die bank se doelwitte, kon plaasvind.

In navolging van Burden se aanduiding van 'n deeglike studie van die onderdele van kultuur wat benodig word om verbande te kan lê, word in hierdie hoofstuk dus vir analitiese redes 'n onderskeid getref tussen "bankpersele", "bankgeboue" en "banktakke".



Figuur 4.1: Die akkommodasiekomponent van Standard Bank (Model ontwerp deur IP de Swardt, 2015)

Een van die invloede van die omgewing wat op die bank ingewerk het, was argitektuurstyle. Terwyl aspekte soos die plaaslike ekonomie of die aanwesigheid van minerale bankspesifiek of takspesifiek was, is argitektuurstyle 'n uitdrukking van 'n breër menslike reaksie op 'n behoefte om iets meer as bloot funksioneel te skep. Soos die bank se akkommodasie beïnvloed is deur die omgewing op plaaslike vlak, is dit ook deur invloede op streeks- en globale vlakke geraak, soos aangedui in figuur 4.1. Die bank het nie volksboukundige geboue laat bou of gekoop nie (hoewel daar by minstens een geleentheid tydelik en vir 'n kort tyd ruimte in so 'n geboutjie gehuur is (kyk figuur 5.12). Argitektuurstyle was 'n globale invloed. Om hierdie rede word die argitektuur van die bank se geboue in 'n volgende, afsonderlike hoofstuk geanaliseer.

Drie aspekte het altyd 'n rol gespeel in verband met akkommodasie vir die bank:

- of dit beskikbaar was
- wat die toestand daarvan was
- die bekostigbaarheid daarvan.

Die beskikbaarheid van akkommodasie

In 'n jong en ontwikkelende land waar geboue dikwels slegs na behoefte opgerig is, was strukture en 'n aanbod van beskikbare akkommodasie baie skaars. Daar was ook sterk mededinging onder banke om die verkryging van akkommodasie.

Omdat dit tydens die diamantstormloop byvoorbeeld onmoontlik was om akkommodasie by Klipdrift te kry, is 'n klein struktuur van hout en sink in 1870 deur die bank per ossewa daarheen gestuur. Die binnemate daarvan was ongeveer 1,5 m lank en 1 m breed, volgens OH Bate, wat aan die personeel verbonde was. Dit het daar diens gedoen as bankgebou totdat dit in 1872 na Kimberley verskuif is. In Kimberley het dit gedien as verblyfplek vir personeel tot dit in die vroeë 1880's verkoop is vir £15 (Steyn & Antonie 2012: 43).

Die toestand van beskikbare akkommodasie

Die toestand van die akkommodasie moes minstens aanvaarbaar en verkieslik geskik wees vir die bank se doeleindes. In noodgevalle is standarde egter tydelik aangepas en buitengewone oplossings gevind. In twee gevalle, by New Rush in Suid-Afrika en volgens rekords, ook in 1894 in Bulawayo, is tente as akkommodasie aangewend. Slegs sketse daarvan bestaan (figuur 5.11). In Gatooma, Rhodesië, is besigheid vir 'n kort tyd bedryf op 'n plekkie wat niks meer as 'n halte was nie. Beter akkommodasie is gevind onder 'n afdak wat deel was van die handelaars Fitt en McDonald en wat 10 voet lank en 8 voet breed was (3 m x 3,4 m). 'n Houtkis waarin kontant vervoer is, is gebruik as toonbank (Terry 1979: 198).

Soms kon een of meer vertrekke gehuur word vir die bedryf van die bank. In die meeste gemeenskappe waar die bank aanwesig was, het dit op baie klein skaal begin en het die akkommodasie van die bank gaandeweg verbeter. 'n Foto van 1887 toon wat moontlik die eerste steengebou aan die Rand kan wees en wat vermoedelik deur Standard Bank gehuur is (figuur 5.12). Standard Bank het nie self geboue in die volksboukundige styl gebou nie en die gebou is slegs tydelik gehuur as akkommodasie vir die bank.

Die bekostigbaarheid van akkommodasie

Die bedrag wat deur 'n banktak bestee kon word aan akkommodasie het afgehang van die volume en wins van die tak se besigheid: elke tak moes selfstandig wees en binne so 'n kort tyd as moontlik 'n wins maak. Die volume van besigheid, van *voete deur die voordeur* wat die inkomste kon vergroot, het in 'n groot mate afgehang van die ekonomiese lewenskragtigheid op plaaslike, streeks- en makrovlak. Dit was faktore buite die bank se beheer. Die sukses van kliënteskakeling en die algemene inboesem van vertroue was daarom 'n belangrike aspek van die bank se werksaamhede. (Kyk ook na paragrawe 3.4.2 en 3.5.1.8).

4.2 Standard Bank se beleid van uitbreiding

Die bank het dit uit die staanspoor as doelwit gestel om 'n nasionale bank te word en voortdurend uit te brei. Hierdie doelwit van die bank sou met versigtigheid en goeie beplanning ten uitvoer gebring word, soos wat die bank sake gedoen het. 'n Dokument oor die bank se beleid aangaande akkommodasie lui onder meer:

In the nineteenth century Standard Bank opened branches wherever business warranted it. Before a branch could be opened, suitable accommodation had to be acquired. The immense rivalry amongst banks to open before their competitors meant that the bank often had to resort to establishing a branch in the first space it could find to rent. [...] a single room, sometimes part of a house or shop or even rooms in local hotels, had to do as temporary basis (SB ARCH1/1/PREM: 1990).

Die bank het op 1 Januarie 1876 die enigste bank van die Kaapse koloniale regering geword. Van toe af was dit belangrik vir die bank om 'n tak te hê op elke plek waar daar 'n siviele kommissaris van die Kaapse regering was (SB ARCH 1/1/OUDET: 2000). Nadat 'n tak gestig is, is beter akkommodasie gesoek, binne die bogenoemde beperkings van bekombaarheid en bekostigbaarheid. Soms het individue aangebied om 'n gebou vir Standard Bank op te rig in ruil vir 'n huurkontrak.

In die 1870's het die bank doelgerig begin om die akkommodasie van die takke en die behuising van takbestuurders te verbeter. Die koop van grond en oprig van geboue volgens die bank se behoeftes en standaarde het dit moontlik gemaak om die bank se eie stempel op die gebou en onmiddellike omgewing af te druk (SB ARCH 1/1/1/PREM: 1990). Die bank se belegging in 'n gemeenskap het die verdere voordeel ingehou dat dit aan die gemeenskap getoon het dat die bank vertrouwe daarin het: 'n voorbeeld van wedersydse beïnvloeding van die bank en die omgewing. Van 1901 is begin met die koop of oprig van eie akkommodasie en die skep van 'n beeld van [...] *steadfast simplicity, dignity and elegance by way of its buildings* (SB ARCH 1/1/1/PREM: 1990).

Een van die resultate hiervan was dat daar 'n groot mate van eenvormigheid in geboue van Standard Bank buite die groter sentra ontstaan het. Selfs dieselfde bouplanne is soms gebruik vir bankgeboue in verskillende plattelandse sentra (Inspection report Indwe 21/11/1903). Jare nadat Standard Bank opgehou het om besigheid te doen vanuit 'n gebou, en nadat fisies daaraan verander is, is die Standard Bankkenmerke dikwels nog onmiskenbaar sigbaar aan sommige voormalige bankgeboue. Van die geboue in plekke soos Calitzdorp, Hofmeyr, Knysna, Mosselbaai en baie ander is ook steeds toegerus met 'n brandkas van buitengewone omvang en byna onvernietigbare duursaamheid.



Figuur 4.2: Die voormalige Standard Bankgebou, nou viswinkel, Hofmeyr (IP de Swardt, 2009)



Figuur 4.3: 'n Alarm in gewel van voormalige Standard Bankgebou, Hofmeyr (IP de Swardt, 2009)

4.2.1 Oorwegings by die opening van nuwe banktakke

By die oorweging van die opening van nuwe banktakke is 'n wye verskeidenheid faktore deur die bank in ag geneem. Die metafisiese en fisiese dimensies van hierdie faktore staan altyd in verband met mekaar en kan nie geskei word nie, maar word om analitiese redes hier afsonderlik benader.

4.2.1.1 Metafisiese faktore

Die opening van nuwe banktakke was in 'n groot mate gegrond op toekomsprojeksies en vooruitsigte. Dit het 'n oorwegend metafisiese dimensie aan die beplanning verleen. Veral drie metafisiese faktore het in dié verband 'n rol gespeel:

- Die ekonomiese vooruitsigte van 'n bepaalde dorp of streek.
- Wedywering met ander banke, binne die groter benadering van besigheidsuitbreiding en die winsmotief.
- Die veiligheid van nuwe takke en van personeel in daardie takke .

Omstandighede was uiteenlopend en dit is nie moontlik om gestandaardiseerde waardes of gewigte aan elk van die bostaande faktore te gee nie, maar uit die beskikbare bronne kan 'n rasonale afleiding gemaak word dat ekonomiese vooruitsigte meestal die belangrikste oorweging was. Wedywering tussen banke en veral tussen die sogenaamde imperiale banke, was 'n altyd-teenwoordige faktor. Die veiligheid van die bank se bates en personeel was 'n oorweging maar is gewoonlik as oorbrugbaar en 'n hanteerbare uitdaging beskou.

Die skepping van die bank en die oorspronklike besluit om dit in Suidelike Afrika en spesifiek die Oos-Kaap te vestig, was gegrond op die verwagting dat dit oor die langtermyn sal slaag in die hoofdoelwit: winslewering.

4.2.1.2 Fisiese faktore

Fisiese faktore, soos die aanwesigheid van diamante, goud, steenkool en landbouontwikkeling, het 'n groot rol gespeel by die bepaling van ekonomiese vooruitsigte. Die fisiese aanwesigheid van 'n spoorverbinding het 'n rol gespeel, soos die aanwesigheid van groot getalle soldate, spoorwegwerkers of gevangenes.

In die Kaapkolonie het die ligging van die kantore van siviele kommissarisse vanaf 1876 'n rol gespeel.

Ook fisies/geografiese faktore, soos die afstande tussen banktakke, is in berekening gebring. Die open van 'n tak by New Rush, waar diamantdelwers aanvanklik deur die tak op Hopetown bedien is, en die open van 'n tak in Barberton, is enkele voorbeelde van takke wat fisies nader aan die kliëntebasis gebring is, hoofsaaklik teen die agtergrond van bogenoemde realiteite en in die nastreef van die winsmotief.

4.3 Vereistes waaraan bankpersele, bankgeboue en banktakke moes voldoen

Soos hierbo aangedui, word 'n onderskeid getref tussen die begrippe "bankpersele", "bankgeboue" en "banktakke". Die begrippe is normaalweg onderling uitruilbaar. In hierdie afdeling beteken die begrip "bankperseel" die grond of erf (*Grundstück* in Duits) waarop die bankgebou staan en waar die bank van dag-tot-dag funksioneer. Die grootte, ligging en aard (skuins, langwerpig, grootte, klein straatfront) is eienskappe van die perseel. Soos aangedui sal word, was 'n bankgebou soms heeltemal geskik vir die bank se normale dag-tot-dag funksionering, maar was die perseel as geheel, dikwels as gevolg van ligging, nie aanvaarbaar of nie meer aanvaarbaar nie.

"Bankgeboue" daarenteen, beteken slegs die struktuur of strukture op die betrokke erf wat deur die bank self benut is vir bankbesigheid. In sommige gevalle was daar meer as een gebou op 'n erf. Ander geboue op dieselfde erf is dikwels deur die bank verhuur. Sodanige geboue is gewoonlik beskryf as die bank se eiendom.

Die terme "banktak" of "takkantoor" word uitruilbaar aangewend om die geheel van die bank se aanwesigheid, die *dasein* van die bank (perseel, geboue, en dag-tot-dag funksionering) op 'n spesifieke plek aan te dui.

In die bank se korrespondensie word die terme nie eksak gebruik nie. In die onderstaande voorbeelde word die onderskeid tussen persele en geboue egter deurgaans toegepas.

4.3.1 Bankpersele

Om aanvaarbaar vir die bank te wees, moes bankpersele, net soos bankgeboue, aan beide fisiese en metafisiese vereistes voldoen.

4.3.1.1 Metafisiese vereistes

Ligging van bankpersele

Ligging was altyd 'n belangrike metafisiese aspek van Standard Bank se akkommodasie. Die ligging van persele en van banktakke - persele waarop bankgeboue staan en waar die bank daaglik funksioneer, is só nou verweef dat die aspek van ligging in die afdeling oor banktakke geanaliseer sal word om duplisering te beperk.

4.3.1.2 Fisiese aspekte

Fisiese aspekte ten opsigte van persele het meestal te doen gehad met die perseel se oppervlakte (gelyk, klipperig, grootte, vorm) maar kon van plek tot plek verskil.

Kort na Uniewording in 1910 het verslae van bankinspekteurs byvoorbeeld aangedui dat die tak in Vrede in die Vrystaat se akkommodasie bevredigend is maar in 1917 het 'n bankinspekteur die gebou beskryf as van minderwaardige gehalte en onaantreklike voorkoms. Daar was 'n erf op die dorp beskikbaar wat beskryf is as gelyk, met goeie toegang van die straat af. Die erf was heeltemal geskik maar die prys is beskou as té hoog. Die onbevredigende situasie het voortgeduur, ondanks ernstige klagtes oor die gebou in 1922. In 1927 het die bank 'n ander erf te koop gekry. Dit is beskryf as 'n gelyk en mooi erf, op 'n straathoek. Die prys van £1 750 is ook deur die bank beskou as aanvaarbaar. 'n Tender vir die ontwerp en bou van 'n bankgebou het veel meer bedrae en is aan die argitek Cowley & Company in Kaapstad toegestaan vir £6 518 (SB INSP 1/1/298 Inspection reports Vrede 16/9/1912; 29/12/1917; 23/9/1922; 28/11/1927).

Oor Wellington het 'n inspekteur in 1885 verslag gedoen dat die bank daar oor 'n perseel beskik wat goed geleë was vir 'n banktak en ook vir bewoning deur 'n takbestuurder (SB Inspection report Wellington 19/2/1885).

Persele/erwe moes fisies geskik wees vir die bank se doeleindes en dit kan aanvaar word dat ongeskikte erwe nie in korrespondensie vermeld sal wees nie.

Ook die fisiese aspekte van persele sal saam met dié van banktakke bespreek word.

4.3.2 Bankgeboue

4.3.2.1 Metafisiese vereistes

Simboliek speel 'n uiters belangrike rol in die menslike samelewing. Leslie White beskryf dit as dié groot verskil tussen mense en diere (1971: 22). Elke bankgebou van Standard Bank was 'n

simbool van die bank. Geen onderskeid is in die algemene omgangstaal getref tussen die gebou waaruit die bank bedryf is en die Standard Bank in al sy ander dimensies nie: daar is eenvoudig na die perseel en alles daarmee saam verwys as "die bank".

Dit was daarom vir Standard Bank van belang dat hierdie simbole positief ervaar moes word.

In die eerste eeu na die geboorte van Christus het Marcus Vitruvius Pollio as argitek in die Romeinse Ryk gewerk en 'n tiental boeke onder die titel *De architectura* gepubliseer. Sy werke is eeue later herontdek en in 1486 opnuut gepubliseer (Glancey 2006: 273). Volgens Glancey het sy boeke vir die daaropvolgende 400 jaar 'n buitengewone groot invloed op argitektuur uitge-oefen (2006: 273). Vitruvius was van mening dat argitektuur drie eienskappe moes weerspieël: skoonheid (*venustas*), stewigheid (*firmitas*) en funksionaliteit (*utilitas*).

Volgens algemene woordgebruik in die beskrywing van Standard Bank se geboue, veral in die verslae van bankinspekteurs, is die beskrywings "mooi", "stewig", "aanvaarbaar", "geskik" en "indrukwekkend" as verlangde eienskappe van hul geboue oor die dekades deur die bank gebruik. Dit moes dus basies aan die bank se weergawe van Vitruvius se vereistes voldoen. Hierdie basiese vereistes het binne die raamwerk van Standard Bank se korporatiewe kultuur, binne Suid-Afrika (soos geskep deur geskiedkundige gebeure, invloede en faktore) en met die inwerking van die bank se Engelse afkoms en tradisie vorm gekry.

Volgens die vereiste van "mooiheid" (*venustas*) moes 'n gebou esteties strelend wees. Stewigheid (*firmitas*) moes nie alleen ten opsigte van die fisiese stewigheid van die gebou geld nie, maar bankgeboue moes ook netjies en goed gebou (in die bank se korrespondensie beskryf as *well built*) voorkom en simbolies wees van die betroubaarheid van die bank as geheel. Geskiktheid (*utilitas*) was van belang in die uitvoering van die bank se taak en die beveiliging van bates, maar het ook 'n verdere dimensie gehad, binne verband van die bank se korporatiewe kultuur: dit moes 'n besoek aan 'n banktak 'n aangename en indrukwekkende ervaring maak vir kliënte. Dit moes die kliënt privaatheid gee en moes gerief verskaf in die afhandeling van kliënte se banksake, (onder meer deur die voorsiening van skryfplek, genoegsame lig, stofvrye omgewings en redelike stilte).

Die ideale situasie ten opsigte van Standard Bank se besigheidsgeboue sou wees dat die drie eienskappe van Vitruvius in totale balans met mekaar sou wees. Dit was nie altyd moontlik nie. Hierdie balans is meestal deur omgewingsfaktore versteur, waaronder die volgende:

- gebrek aan boumateriale en boukundiges
- die onverstedelike aard van die bevolking
- die graad van ontwikkeling van die land en streek
- relatief groot koste vir die vervoer van boumateriale

- die feit dat van die beskikbare akkommodasie nie geskik was vir besigheidsdoel-eindes nie
- beperkte beskikbare akkommodasie in klein dorpe en dorpe waar daar 'n skielike bevolkingstoename was
- beperkte inkomste deur die betrokke banktak, wat nie hoë uitgawes aan akkommodasie kon regverdig nie
- gebrek aan mededinging in die boubedryf en gepaardgaande swak bouwerk, wat daartoe gelei het dat verskeie van Standard Bank se geboue beskryf is as minder as stewig.
- die feit dat geboue in onderontwikkelde streke neig na meer basiese funksionaliteit (utilitas), met relatief minder aandag aan estetika (venustas)

4.3.2.1.1 Estetika

Twee Latynse spreekwoorde is relevant wanneer estetika ter sprake is. Die eerste een lui: *Pulchritudo in oculis aspicientis est* en beteken ongeveer dieselfde as die Engelse gesegde *Beauty is in the eye of the beholder*. Die tweede Latynse gesegde lui: *De gustibus non est disputandum*, wat beteken dat daar oor smaak of voorkeure geen sinvolle dispuut kan wees nie. Sienings van wat "mooi" is, is uiteenlopend en word beïnvloed deur kulturele aspekte, tyd en plek. In argitektuur kan mode, wat "in" is op 'n bepaalde tyd, nie as invloed genegeer word nie (De Swardt 2013: 110).

Een aspek wat oor eeue in die Westerse wêreld gereken is as esteties strelend is die sogenaamde "Goue verhouding". Dit is 'n wiskundig-konstante verhouding van een kwantiteit tot 'n ander. Die bestaan van die byna alomteenwoordige verhouding het bekend geraak deur die werk van Pythagoras en Euklides (die "Vader" van geometrie), Leonardo van Pisa en Leonardo Bonacci. Die sogenaamde Goue Verhouding is ook bekend as *Phi* en is 'n verhouding van 1.61803388777... *ad infinitum*. Dit kom in alle vorme van antieke argitektuur en kunsvorme voor en is onder meer aangewend in dele van die piramides van Gisa en in die Parthenon. Dit bestaan in die menslike liggaam en die natuur. Leonardo da Vinci het dit aangewend in sy skildery van Mona Lisa, sy bekende skets van die Vitruviaanse man, en baie ander kunswerke en ontwerpe. In later jare is dit, onder meer, gebruik in verhoudings van die Taj Mahal en, in meer moderne tye, in die ontwerp van die Nasionale Galery in Londen. Dit is relevant, maar 'n diepgaande ondersoek na die aanwending en voorkoms van hierdie verhouding in die argitektuur van Standard Bank se geboue maak nie deel uit van hierdie studie nie.

Kort na die geboorte van Christus het die besef reeds bestaan dat verhoudings tussen die elemente wat die geheel van 'n gebou vorm, die geheel strelend of onaansienlik kan maak. Lewcock haal soos volg aan uit die *Placita Hippocratis et Platonis* van Polyclitus Galen (131 - 210 VGE): [...] *beauty does not consist in the elements but in the harmonious proportion of parts* [...] (Lewcock 1963: 357).

Andrea Palladio (1508- 1580) skryf in sy *Four books of architecture* (1570), soos aangehaal deur Lewcock:

Beauty will result from the form and correspondence of the whole with respect to the several parts, of the parts with respect to each other, and of these again to the whole; that the structure may appear an entire and complete body, wherein each member agrees with the other (1963: 357).

Argitektuurstyle is die fisiese en kulturele uitdrukking van 'n tydsges. Die kultuurskeppende mens bring in groepsverband tydsgeseste tot stand en daarom is die mens, die tydsges en die styl wat daaruit ontstaan het in harmonie met mekaar en vind die mens die styl esteties aanvaarbaar of "mooi". Sommige klassieke style is vir eeue na hul ontstaan, in oorspronklike vorm of deur die herlewing van elemente daarvan binne 'n ander konteks, as mooi beskou. Ander, soos die Gotiese boustyl, is in latere eeue op estetiese vlak redelik negatief beskryf (en 'n naam met redelik negatiewe konnotasies gegee). Tog was daar 'n herlewing van dié styl, indien nie vanweë die mooiheid daarvan nie, dan moontlik vanweë die indrukwekkende *firmitas* en *utilitas* daarvan. Die feit dat 'n vorm van die boukuns so wyd aanvaar word dat dit as 'n styl erken word, verskaf gronde om aan te neem dat 'n groot deel van die bevolking dit aanvaarbaar of selfs esteties "mooi" gevind het.

Standard Bank het op 2 Junie 1863 die bank se eerste Durbantak geopen. In 1876 het 'n inspekteur die bank se gebou daar as [...] *of somewhat light construction* [...] beskryf en aangedui dat 'n stewiger en mooier gebou verkieslik sou wees, maar dat dit nie oorweeg kan word voor die tak nie van meer waarde vir die bank is nie (SB Inspection report Durban 29/4/1876). 'n Nuwe en beter gebou is in 1879 opgerig volgens 'n ontwerp van die argitek Philip Dudgeon. Die konstruksie daarvan is in 1880 voltooi, maar reeds voor dit heeltemal voltooi is, het 'n inspekteur dit beskryf as *a handsome, substantial and in every way a convenient and desirable banking office, an ornament to the town and creditable both to the bank and the architect*. Hy vervolg: *It is admired by everyone whom I have happened to come in contact with* (SB Inspection report Durban, 11/9/1879).

Standard Bank se eerste tak op Oudtshoorn is op 17 Januarie 1876 geopen. Binne die eerste jaar reeds het die tak 'n wins getoon (SB ARCH 1/1/ OUDT, 2000: 3). In 1901 kon die bank 'n eie perseel op dié dorp koop. Die Anglo-Boereoorlog het 'n uitwerking op die bank en op toekomsplanne gehad, maar onder meer vanweë [...] *the fact that the opposition banks were situated in superior buildings*, is gevoel dat daar onmiddellik ná die oorlog begin moes word met die oprig van 'n gebou [...] *of commanding appearance* (SB ARCH 1/1/ OUDT 2000: 31).

Die opdrag vir die ontwerp van die gebou is aan die argitek Charles Bullock opgedra en die nuwe gebou is in Mei 1904 in gebruik geneem. Dit was in die tydsgees van die Art Nouveaustyl en die gebou het elemente van die styl bevat. Op 11 Mei 1904 het die plaaslike koerant berig: *Gisteren namiddag werden den zeer prachtige gebouwen der Standard Bank in Kerkstraat formeel ge-opend.* 'n Groot aantal mense is op 'n besigtigingstoer deur die gebou geneem. Die takbestuurder, mnr JJJP de Kok, en die burgemeester het die skare toegesprek en 'n algehele gemoedelike atmosfeer het klaarblyklik geheers. Ook die argitek, die bank se prokureur, mnr CH Vintcent en die bouer het toesprake gemaak. Ene mnr JH le Roux het dit beskryf as *een zeer hecht gebouw* wat Oudtshoorn waardig was. Die koerant beskryf dit verder as 'n *[.] prachtig gebouw dat in omvang en uit een bouwkundig oogpunt beschouwd in schoonheid zeer gunstig afsteek by enige ander Bankgebouw op het platteland* (*De Oudtshoorn Courant*, Oudtshoorn: 11/5/1904).

Het Zuid-Westen het daarna verwys as *[.] een sieraad voor het dorp [.]* (12/5/1904). (Kyk na Figuur 5.29).

In Januarie 1879 was daar redelike optimisme oor die ontdekking van goud in die omgewings van George en Knysna en Standard Bank was bekommerd dat ander banke dalk besigheidsgeleenthede voor die bank sou wegraap (SB GMO 3/1/8 Letters to London 6/79: 10/1/1879). Standard Bank het gevolglik op 11 Januarie 1879 'n tak in George geopen. Die akkommodasie was heeltemal ontoereikend, *[.] inconspicuous and representing a very poor appearance*. Soos in baie ander dele van Suid-Afrika, was geskikte akkommodasie eenvoudig nie beskikbaar nie (SB Inspection report George: 6/12/1906). 'n Inspeksieverslag van 1907 beklemtoon die swak voorkoms, die nadelige uitwerking van die klam gebou op besigheid en die personeel se gesondheid en vervolg: *[.] business of the branch at present certainly does not warrant our purchasing a stand and erecting premises* (SB Inspection report George: 19/12/1907). Bowendien was oop erwe in die sentrale besigheidsgebied onbekombaar (SB Inspection report George: 29/10/1910). Teen 1910 is die gebou met ysterstawe aanmekaar gehou, dele van vloere is gereeld vervang as gevolg van verrotting en dit was onmoontlik om binnemure met muurpapier te plak as gevolg van klammigheid. Kenners het aanbeveel dat dit gesloop word.

Teen 1910 het die bou van die spoorlyn vanaf Mosselbaai 'n positiewe uitwerking op die ekonomie van George gehad en handel het toegeneem. Baie nuwe huise is gebou en meer toeriste het die dorp en omgewing besoek. 'n Meer welvarende tydperk is ingelui. 'n Groot gevangenis is net buite George gebou om arbeid te verskaf vir die spoorbou. In die voedings- en ander behoeftes van die aangehoudenes en hul toesighouers moes voorsien word. Die verwagting was dat die spoorlyn welvaart vir die boere van die distrik sou bring. Standard Bank

se bestuurder het wyd gereis om boere op te soek en was van mening dat baie geld op plase geberg word as gevolg van, onder meer, wantroue teenoor banke wat gevolg het op 'n vroeëre rampspoedige ineenstorting van 'n plaaslike bank.

Omdat die vooruitsigte vir ontwikkeling van George gunstig gelyk het, het Standard Bank in 1910 'n erf gekoop en Simpson & Bridgman, argitekte van Oudtshoorn, is opdrag gegee om 'n nuwe gebou te ontwerp. Die nuwe gebou is op 18 Maart 1912 betrek en by die inwydingsgeleentheid het die takbestuurder met trots verwys na die [...] *handsome and spacious building, which should go a long way to attract business* [...] (SB GMO 3/1/53 Letters to London: 20/1912). (Kyk na figuur 5.6 en figuur 5.7.)

Standard Bank se gebou in Adderleystraat, Kaapstad, ontwerp deur Charles Freeman en opgerig in 1880, is deur Picton-Seymour beskryf as 'n baie suksesvolle ontwerp: inderdaad een van Freeman se mees suksesvolles (1989: 22). Lewcock stem met dié siening saam en voer aan dat die mooi van die ontwerp lê in die portiko, die tekstuur van die mure en die bevenstering. Die hoofsaal (*banking hall*), binne die gebou beskryf hy as 'n visuele plesier (Lewcock 1963: 291).

Standard Bank het die dienste van die argitek Philip Dudgeon bekom om 'n bankgebou vir die Pietermaritzburgtak van die bank te ontwerp. Op 18 Februarie 1882 het die bank se hoofbestuurder aan Londen laat weet dat tenders vir die oprig van die gebou volgens Dudgeon se planne aangevra is (SB GMO Letters to London 15/82: 18/2/1882). Die gebou is op 8 Augustus 1883 in gebruik geneem. Dit sou mettertyd as 'n meesterstuk en een van die mooiste bankgeboue in Suid-Afrika beskou word (Terry 1979: 37). Dit is deur Lewcock beskryf as [...] *extremely beautiful* (1970: 528). Desireé Picton Seymour beskryf dit as 'n meesterstuk wat statuur vertoon, ondanks relatief beperkte grootte. Sy noem dit [...] *restrained in design* [...] met 'n [...] *impressive facade* (1989: 138). Die bank self het die gebou beskou as mooi (*handsome*) (SB 1/1/PMB 1883). Toe daar in 1977 besluit is om hierdie gebou te sloop, was daar groot openbare teenstand daarteen en het 'n Durbanse argitek, mnr Brian Kearney, gesê: *The Standard Bank will lose face with its supporters through this action* (*Natal Witness* 5/11/1977). Die bank het 'n konsultant gekry wat bevind het dat die gebou struktureel onveilig was en afgebreek moes word. Die bank was egter nie bereid om die tak te sluit en die veiligheid van die gebou deur 'n onafhanklike liggaam te laat evalueer nie. Veral die *Natal Provincial Institute of Architects Conservation Action Committee* het heftig beswaar gemaak teen sloping. Die komitee het onder meer aan dr Ronald Lewcock van Cambridge Universiteit geskryf en hom gevra om druk op Standard Bank se hoofkantoor in Londen uit te oefen om die gebou te behou. Lewcock het geskryf dat dié bankgebou een van die beste voorbeelde van argitektuur in Suid-Afrika is: 'n absolute meesterstuk. 'n Durbanse argitek het na die gebou verwys as een van Suid-Afrika se

mees kosbare geboue (*Natal Witness* 5/11/1977). Vanuit 'n besigheidsoogpunt was dit logies om die gebou te sloop, het die bank se hoof van openbare betrekkinge, mnr Roy Terry, gesê (*Natal Witness* 10/6/1978). Die sloping is eers uitgestel en toe is daarvan afgesien. In 2014 is daar met 'n ter plaatse ondersoek, as deel van hierdie studie, bevind dat lekkasies en waterskade aan die binnekant van die gebou sigbaar is.

In Middelburg, Transvaal het die bank aan die einde van die 19de eeu 'n tak gehad wat redelik sentraal geleë was, genoeg ruimte gebied het en heeltemal geskik was vir die bank se dag-tot-dag funksionering. Die estetiese voorkoms van die gebou was egter nie aanvaarbaar nie. 'n Inspekteursverslag van Oktober 1895 lui dat kliënte dikwels negatiewe aanmerkings daaroor gemaak het en van mening was dat Standard Bank se bankgeriewe minstens gelykstaande behoort te wees aan dié van die Nasionale Bank, wat in 'n indrukwekkende gebou op die hoofstraat gevestig was (SB Inspection report Middelburg Transvaal: 26/10/1895).

Oor Standard Bank se tak op die hoek van Commissioner-, Fox- en Harrisonstrate in Johannesburg sê Picton-Seymour:

By far the largest and most magnificent of the "tent-to-palace" banking edifices in Johannesburg, was the Standard Bank. At the time of its erection early this century, [die 20ste eeu] it was considered the ideal of what a bank should look like, to the extent that subsequent banks were built in similar vein. Six storeys high, built partly of stone and partly of brick, this steel-framed building, clothed in the trappings of the Renaissance, was termed by the press "Very bold and striking in concept [...] absolutely the finest premises devoted to banking yet erected in South Africa [...]" (1989: 152).

'n Koerantberig van 1908 het onder meer gelui dat die "manjifieke eikehouttoonbank 152 voet (46 meter) lank is en dat soliede, onverniste brons die enigste metaal is wat vir metaalsmeewerk gebruik is" (Terry 1979: 177).

Standard Bank het in 1902 'n nuwe gebou in Kerkstraat, Mosselbaai, opgerig. Ook dié gebou is in 1907 beskryf as *handsome* (SB Inspection report Mosselbaai: Desember 1907).

In 1905 is 'n nuwe gebou vir die Malmesburytak van die bank in gebruik geneem. Dit is ontwerp deur die argitekthe Baker & Masey van Kaapstad en is deur die bank se algemene bestuurder beskryf as *very pleasing to the eye and [...] much admired* (SB ARCH 1/1/MLM Januarie 2003: 37).

Nadat die Cradocktak se nuwe gebou in 1932 in gebruik geneem is, is dit deur die bank beskryf as [...] *handsome and attractive* (ARCH 1/1/CRDK 1981: 14).

Hoewel van die bank se geboue, veral in Johannesburg en Pretoria, ietwat oordadig in ontwerp en voorkoms vertoon, het die bank tog op tipies versigtige wyse daarvan weggeskram om uitspattig voor te kom. Hoewel na mooi en indrukwekkend gestreef is, moes uitspattigheid vermy word. In 1932 doen inspekteur FP Haine verslag oor Grahamstad en die nuwe gebou wat vir die bank daar opgerig word. Hy sê dat dit moontlik onbillik van hom is om 'n onvoltooide gebou te kritiseer, maar hy verneem die plaaslike gevoel is dat die fasade van die gebou heeltemal te pretensieus en uit pas met die omringende geboue is (SB Inspection report Grahamtown: 22/3/1932). Die volgende jaar beskryf 'n ander inspekteur (Grant) dieselfde gebou egter as [...] *handsome, imposing and massive, giving an impression of solidity worthy of our Institution. The interior is well appointed and of pleasing appearance* (SB Inspection report Grahamstad: 29/5 1933).

In 1894 het die *George and Knysna Herald* 'n berig geplaas oor die verskuiwing van die Knysnatak van die bank na 'n nuwe gebou. Die berig het onder meer gelui:

Quite the event of this past week at Knysna has been the transferring of the local branch of the Standard Bank to their, from our humble stand point, almost patatial [sic] new premises [...] (*George and Knysna Herald*: 19/9/1894).

4.3.2.1.2 Stewigheid

Standard Bank se besigheidsgeboue moes om meer as een rede stewig wees en oor die aspek van *firmitas* beskik. Die bank het met kosbaarhede gewerk wat beveilig moes word omdat dit altyd aanloklik sou wees vir kriminele elemente in die samelewing. Daarvoor is fisies stewige geboue, wat meestal deur die bank beskryf is as *substantial*, benodig.

Die publiek moes ook kon sien dat die geboue stewig is sodat vertroue in die bank versterk kon word. Die spreekwoord wat lui dat iets so veilig soos 'n bank is, moes gestand gedoen word.

Die gebou moes egter meer as net veiligheid bied en weerspieël. Ideaal gesproke moes dit die standvastigheid en gesaghebbendheid van die bank simboliseer. Die aspek van *firmitas* was dus, sover heersende omstandighede dit prakties moontlik gemaak het, 'n fundamentele vereiste vir bankgeboue.

In die jong, onontwikkelde land wat Suid-Afrika in die laat 19de eeu was, was dit nie altyd moontlik om indrukwekkende akkommodasie te verkry nie. Selfs nederige geboutjies moes egter stewig wees. Die bank het in 1877 'n perseel in Oos-Londen gesoek en 'n aanvaarbare "stewig geboude huisie" gekry (Terry 1979: 94). Ten opsigte van die bank se tak in Ladismith, Kaap, is in 1881 verslag gedoen dat die gebou die grootste en bes-geboude was wat in die dorpie bekombaar was (SB GMO Letters to London 14/81: 11/2/1881).

Die gebou wat die Durbantak in 1876 gebruik het, is deur 'n inspekteur beskryf as gebou van baksteen, afgepleister en met verf buite en muurpapier binne afgewerk. Tog is dit beskryf as *[.] of somewhat slight construction [.]*. *A new and more substantially built office would [.] be desirable* (SB Inspection report Durban 29/4/1876). In Willowmore, daarenteen, is 'n gebou op Wellingtonstraat vanaf 30 Junie 1878 vir vyf jaar gehuur van mnr Girolum Marinkowitz. Die gebou was *[.] very substantially built of brick under an iron roof* (SB Bank Premises to 1899: 88).

In 1880 het Standard Bank 'n gebou in Durban betrek wat deur die argitek Philip M Dudgeon vir die bank ontwerp is. Die gebou is onder meer beskryf as stewig gebou van klip en baksteen (Terry 1979: 25).

Standard Bank se gebou in Adderleystraat, Kaapstad, wat deur Charles Freeman vir die bank ontwerp en op 17 Maart 1883 in gebruik geneem is, is deur die bank beskryf as 'n:

[.] grand old lady, designed by Cape architect Mr C Freeman, [it] is a landmark in a city renowned for its many historical buildings and the wealth of its architecture. From its towering collonnaded entrance to the marble statue of Brittanica surmounting the whole, the building reflects the innate qualities associated with the profession of banking - integrity, dignity and security (SB Bylaag tot jaarverslag, 1974: gb).

Ondanks verskeie veranderings oor die jare aan die Adderleystraattak het Picton Seymour dit in 1989 steeds as *[.] both utilitarian and impressive* beskryf (1989: 22).

Agter op 'n 1886 argieffoto van die Standard Bank se tak op Queenstown is 'n handgeskrewe nota wat onder meer lui: *[.] substantial and striking in appearance, indeed about the first building a stranger would enquire about on entering Queenstown.*

In Grahamstad is 'n gebou wat vir die Frontier Commercial and Agricultural Bank gebou is in 1899 deur Standard Bank op 'n openbare veiling gekoop. Standard Bank was tevrede met dié koop en het die nuwe bankgebou onder meer beskryf as *very substantial* (SB Bank premises to 1899: 33).

Teen 1912 is die tak op Jagersfontein se gebou beskryf as *[.] substantially built and presents a most satisfactory appearance, both externally and internally* (SB Inspection report Jagersfontein: 13/4/1912). Dieselfde gebou is in 1916 ook beskryf as *[.] exceptionally well built, fitted and arranged for banking purposes* (SB Inspection report Jagersfontein: 12/2/1916). Ook in 1925 en 1927 is verslag gedoen dat hierdie spesifieke tak se gebou aan alle eise ten opsigte van die bedryf van die tak voldoen het.

Meer as 40 jaar na die ingebruikneming van die bank se gebou in Grahamstad het die tak weer op 12 Julie 1932 'n nuwe gebou in gebruik geneem. Die gebou is deur 'n bankinspekteur

beskryf as *handsome, imposing and massive* (SB Inspection report Grahamstad: 29/5/1933). 'n Bylae tot die bank se jaarverslag van 1974 het dit ook beskryf as [...] *massive in dignity* (SB Bylaag tot jaarverslag, 1974: gb).

Ten opsigte van die bank se Middelburgtak in Transvaal word in 1908 verslag gedoen dat die gebou *well secured and guarded* was (SB Inspection report Middelburg: 7/3/1908). 'n Nuwe bankgebou in Malmesbury, ontwerp deur argitekter Baker & Masey van Kaapstad, is beskryf as *a very substantial and artistic building* (SB ARCH 1/1/MLM 2003: 42).

4.3.2.1.3 Geskiktheid

Uit die aard van die bank se sakebedrywighede, wat die hantering van kosbaarhede ingesluit het, maar wat oop en gerieflik vir alle lede van die publiek moes wees, selfs in groot getalle, is eiesoortige eise ten opsigte van die geskiktheid van akkommodasie vir die bank gestel. Hierdie eise was beide fisies en metafisies van aard.

Terwyl die bank bewus was van wat in 'n gebou vereis is, was dit nie altyd moontlik om daardie standarde en vereistes aan te pas by die fisiese werlikhede van 'n onontwikkelde en onverstedelike land soos Suid-Afrika nie. In sommige noodgevalle moes van 'n tent gebruik gemaak word vir akkommodasie en in baie gevalle het die bank in 'n spesifieke lokaliteit begin met 'n enkele kamer in 'n gebou, omdat meer geskikte akkommodasie eenvoudig nie beskikbaar was nie of nie opgerig kon word nie. Die gebrek aan boumateriaal en boukundiges, die groot koste van die vervoer van boumateriaal en ander faktore het hierin 'n rol gespeel.

Faktore wat die geskiktheid van 'n gebou vir die bank se doeleindes bepaal het, het privaatheid en gerief ingesluit.

Privaatheid

Individue en besighede se geldsake is meestal private, vertroulike sake. Standard Bank het die publieke vertrouwe wat dit benodig het onder meer probeer wen en behou deur kliënte se privaatheid te eerbiedig. Die beginsel van vertroulikheid is in die bank se daaglikse werking en in interpersoonlike kommunikasie van die bank se personeel ook gehandhaaf omdat hulle deur die bankkode daartoe verbind is. Soos in die derde hoofstuk aangedui, was diskresie 'n vereiste vir beamptes en een van die maatstawwe waarvolgens hul geskiktheid beoordeel is. Om privaatheid van kliënte deurlopend te verseker, moes die bank se akkommodasie geskik wees daarvoor.

Op Klipdrift was die eerste bankgebou in 1870 'n klein opslaanhuisie van hout. In hierdie baie beperkte ruimte moes die bestuurder kliënte te woord staan, onder omstandighede wat deur die

bank beskou is as nie privaat genoeg nie (Terry 1979: 50). Dit was heeltemal onaanvaarbaar en iets wat sover moontlik voorkom of vermy is.

In 1872 het die bestuurder van die bank se Port Elizabeth-tak gekla dat die kantore "ellendig klein" is. As kliënte hom privaat wou spreek, moes hy hulle óf na 'n klein hoekie van die kantoor neem waar hulle slegs deur 'n skerm van die publiek geskei is, óf hy moes met hulle in die straat gaan gesels (Terry 1979: 21). Dit was 'n onhoudbare stand van sake.

'n Bankinspekteur wat Prins Albert in 1903 besoek het, het verslag gedoen dat die bank se perseel daar goed geleë was, maar dat die gebou onbevredigend was omdat die bestuurder se kantoor slegs met 'n dun houtskerm afgeskerm was. Onvoldoende privaatheid is daardeur aan 'n kliënt gegee wat met die bestuurder 'n gesprek gevoer het, want dit kon buite die kantoor gehoor word (SB Inspection report Prins Albert: 5/10/1903).

Die bank se algemene bestuurder vanaf 1 Januarie 1896 was Lewis Michell. Hy verwys in sy memoires na 'n Boeregeneraal met wie hy op goeie voet verkeer het. Die generaal kon Engels praat, maar het dit net gedoen wanneer hy in totale privaatheid met die hoofbestuurder gesprekke gevoer het in die hoofbestuurder se spesiale bankvertrek vir dié doel (Terry 1979: 185).

Tydens die beplanning van die Commissionerstraattak in Johannesburg het die algemene bestuurder kommentaar gelewer op die konsep-planne deur die argiteksfirma Stucke & Bannister ingedien en het gevra dat daar voorsiening gemaak moet word vir meer privaatheid vir kliënte (SB GMO Letters to London 22/03: 29/5/1903).

Die bank se hoofkantoor het op gereelde basis gewaarsku oor ongure karakters wat die bank probeer bedrieg het, Britse offisiere wat nie hul skuld betaal het voor hulle die land verlaat het nie en mense wat onder valse voorwendsels geld geleen het wat hulle nie kon terugbetaal nie (SB GMO Circular 21/1886, 26/8/1886; SB GMO Special Circular 26/1/1899; SB GMO 18/1880 17/9/1880; SB GMO 4/2/10: 24/3/1927; SB GMO 4/2/11 15/3/1928, as enkele voorbeelde). 'n Sogenaamde karakterboek is in elke tak gehou, onder meer om te kon naslaan of iemand wat vreemd by die bank opdaag dalk een van die individue kon wees teen wie gewaarsku is. Dit het ook inligting oor plaaslike kliënte bevat. Streng voorskrifte het ten opsigte van die vertroulike hantering van hierdie boek bestaan. Die inligting daarin moes met die grootste omsigtigheid behandel word en die boek moes as geheim beskou word, om lede van die publiek se privaatheid te beskerm (SB GMO Special Circular: 7/1/1884).

Gerief

Die gerief van kliënte was deurgaans vir die bank van belang. In 'n brief aan Londen skryf die algemene bestuurder onder meer: *We note that unfavourable comments reach you that customers of the Cape Town branch are inconvenienced owing to a want of room in which tellers can attend to their requirements* [.]. Die hoofbestuurder gee in sy antwoord toe dat dit die geval is, weens die toename in die bank se besigheid, en dui aan dat die saak reggestel sal word (SB GMO31/1/32 Letters to London 70/69: 1/9/1896).

By die opening van Standard Bank se nuwe gebou in Oudtshoorn in 1904 het een van die plaaslike koerante oor die verrigtinge berig.

Na men het gebou bezichtigd had, hield de plaatselijke bestierder [sic], de Heer De Kok, een korte en nette aanspraak. Hij maakte duidelijk met welke oogmerk hij vooral te werk ging, en dit was om het gemak van het publiek in aanmerking te nemen [.]. (Het Zuid-Westen: 12/5/1904).

In 1916 het 'n bankinspekteur aangedui dat die bank in Knysna goed geleë en in goeie toestand was, maar nie genoeg gerief gebied het vir kliënte nie. Die ruimte was beperk en die lig in die banksaal was swak. Hy het aanbeveel dat die koste en ongerief aangegaan word om 'n deur en 'n venster om te ruil (SB Inspection report Knysna: 12/2/1916). Dieselfde tekortkominge is in 1917 uitgewys (SB Inspection report Knysna: Julie 1917). In 1918 is verslag gedoen dat die binneruim te beperk was vir die publiek en die personeel (SB Inspection report Knysna: September 1918). In 1929 is die gebou vergroot (SB Inspection report Knysna: 25/2/1929). In 1931 is verslag gedoen dat die bank heeltemal tevrede kon wees en dat die gebou toe aan die bank se standarde van akkommodasie voldoen het (SB Inspection report Knysna: 3/1/31). Die verkryging van geskikte akkommodasie was egter 'n dinamiese proses in 'n ontwikkelende land en teen 1936 is verslag gedoen dat die ruimte vir die publiek binne die gebou weer onvoldoende geword het en dat dit in spitsstye tot ongerieflike samedromming gelei het (SB Inspection report Knysna: 18/5/1936).

Ongerief vir kliënte het verskillende vorme aangeneem. In Indwe, wat gehoop het op 'n vooruitstrewende toekoms gebou op steenkool, was stof die groot probleem.

The front door of the bank faces the prevailing winds and being at the corner of the street catches all the dust, accentuated here by coal dust of the mines. At this time of the year windy days predominate and everything in the office becomes covered in dust (SB Inspection report Indwe: 28/9/04).

In Cradock is die inspekteur se aandag daarop gevestig dat daar nie sitplek was waar kliënte kon sit om hul bankstrokie in te vul en ander papierwerk te doen nie. Daar was nie genoegsame ruimte om 'n tafel vir dié doel in die banksaal te plaas nie, maar die situasie kon verbeter word deur die toonbank verder terug te plaas. 'n Bedrag van £3 10/- vir die aanbring van hierdie verbetering is op 23 September 1908 deur die algemene bestuurder goedgekeur en dit is gedoen.

Nie alle geboue was van aanvaarbare standaard vir die bank nie. In 1886 het William Henry Doidge bestuurder van die Pietermaritzburgtak van die bank geword. Hy het die bankgebou *wretched and altogether unsuited in appearance and size for any public office* gevind (SB 1/1/PMB 1983).

Die bank se tak op Kerkplein, Pretoria, is deur 'n bankinspekteur beskryf as onvoldoende verlig aan die binnekant. Nie alleen was dit ongerieflik vir kliënte en personeel nie, dit het tot oormatige gebruik van elektrisiteit gelei. Om dit te verbeter deur 'n dakvenster sou sowat £16/17 kos (SB Inspection report Pretoria: 19/12/1912).

Op Kestell was die bank se fasiliteite, volgens 'n inspekteur, onbevredigend. Hy beskryf dit onder meer as: *Totally inadequate [...] the business of the branch has been carried out under exceptional difficulty and inconvenience to both the public and the staff*. 'n Baie mooi gebou van sandsteen was egter onder konstruksie. (SB Inspection Report Kestell: 17/4/1923). Hierdie gebou is in 'n latere inspeksieverslag beskryf as [...] *a handsome, single-storied substantial building of stone under an iron roof [...] in every way suited for the bank's requirements* (SB Inspection report Kestell: 24/1/1924). Die gebou is in die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl gebou. Dit bestaan steeds.

Die stede van Suid-Afrika het gegroei en die omgewing waarin die bank gefunksioneer het, het verander. Teen 1925 word in die bank se korrespondensie vir die eerste keer melding gemaak van 'n probleem wat vroeër nie bestaan het nie: verkeerslawaaï.

Hoewel die bankgebou in Kaapstad goed geleë was, esteties strelend, indrukwekkend en in alle opsigte geskik, het die verkeerslawaaï kliënte en personeel verontrief. As eerste stap en as die vlak waarop die bank die omgewing die meeste kon beïnvloed, het 'n bankinspekteur gemeen daar moet gepoog word om die interne geraas wat met die funksionering van die bank te doen het, te beperk. Hy skryf hieroor:

There is a great deal of noise always going on in the office [...] Special endeavours to eliminate this unnecessary evil should be made. The General Manager recently laid down special linoleum which deadens the noise formerly caused by customers, and which is a great boon. If the staff were trained to work quietly and to move books, drawers, etc in a

proper gentle manner, there would be an undoubted all-round improvement. Other points noted causing this nuisance were: tellers and other officers stamping vouchers with unnecessary violence, trolleys being used which have old and loose wheels [...] adding machines [...] (SB Inspection report Kaapstad: 9/5/1925).

Ook op ander maniere is die gerief van kliënte nagestreef. In 1886 het die bank byvoorbeeld alle takke laat weet dat die toename in bedrog vereis dat daar die grootste versigtigheid aan die dag gelê moet word by die uitbetaal van tjeks. Die handtekening op elke tjek moes sorgvuldig nagegaan en die aanbieder van die tjek positief geïdentifiseer word. Waar nodig, moes die ontvanger van geld bereid wees om die bedrag aan die bank te waarborg. Dit moes egter geskied met die mins-moontlike ongerief vir kliënte (SB GMO Circular 21/1886 26/8/1886).

Verslete en beskadigde munte is van tyd tot tyd van alle takke versamel en na Londen gestuur, waar dit hergebruik is. Kopermunte het egter nie die koste geregverdig nie en het in sirkulasie gebly. Standard Bank se hoofkantoor het opdrag gegee dat 'n goeie voorraad kopermunte by tellers gelaat word en dat hulle dit sover as moontlik onder die publiek moet versprei, sonder om ongerief aan kliënte te verskaf (SB GMO Circular 7/1885: 13/2/1885).

4.3.2.2 Fisiese vereistes waaraan bankgeboue moes voldoen

Omdat Standard Bank met geld en ander waardevolle voorwerpe gewerk het, was dit 'n basiese vereiste dat die bank se geboue stewig moes wees. Volgens voorskrif moes elke banktak 'n kluis hê en bankinspekteurs moes by elke besoek verslag lewer oor die standaard van die kluis. Geboue moes soliede deure, en vensters met tralies, hê. Hulle moes indrukwekkend in voorkoms wees, maar moes nie soos forte lyk nie. In die 20ste eeu het die bank se geboue toenemend voorsiening gemaak vir afsonderlike ingange en toonbanke vir mense van verskillende bevolkingsgroepe, hoewel dit aanvanklik nie statutêr voorgeskryf is nie.

4.3.3 Banktakke

Die term "banktak" verwys hier na die perseel, die gebou daarop, die funksionerende personeel, die bestuur en die toerusting en geldvorme wat in die uitvoering van die bank se dag-tot-dag werking gebruik is.

Die maak van 'n onderskeid tussen bankgeboue en banktakke kan kunsmatig voorkom.

Tog is elke deel van die banktak 'n afsonderlike entiteit. 'n Perseel het eie eienskappe en 'n gebou ander. Die personeelkomponent van 'n spesifieke tak en die wyse waarop dit bestuur is, het 'n verdere aspek bygevoeg. 'n Banktak is gevolglik meer as die somtotaal van die samestellende dele daarvan. By aspekte soos ligging is die gesamentlike perseel, geboue en dag-tot-dag funksionering van die bank ter sprake.

4.3.3.1 Metafisiese vereistes

Ligging

Hierdie faktor was veral in die myndorpe relevant omdat uitbreidende mynbedrywighede met lawaaierige skagtorings en ander mynapparaat oral opgegaan het. Daar was geen sonering of funksionerende plaaslike owerhede nie en stalle het byvoorbeeld langs banktakke bestaan. Soms het gevaarlike gate naby banktakke in die grond verskyn.

By bestaande banktakke, anders as in gevalle waar die tak nuut geopen is, het die ligging daarvan dikwels gereelde herevaluering genoodsaak as gevolg van die aard van ontwikkeling van jong dorpe of stede nadat die tak reeds 'n tydlank gevestig was. As die besigheidsdeel van 'n dorp of stad weg beweeg het vanwaar die banktak bedryf is, is ernstig besin oor die voortgesette geskiktheid daarvan. Soos in ander gevalle was die fisiese en metafisiese dimensies van relevante faktore ten nouste verweef in sulke gevalle.

Die bank het dit as van belang beskou dat 'n banktak in die sentrale besigheidsdeel van 'n dorp of gemeenskap geleë moes wees. 'n Ligging op 'n mark-, dorps- of kerkplein is ook gesien as gewens uit beide 'n besigheids- en 'n veiligheidsoogpunt.

Standard Bank het byvoorbeeld op 28 Augustus 1863 'n tak op Cradock geopen (SB ARCH 1/1/CRDK: 1988). Dit was in die mees geskikte akkommodasie wat die bank in die klein gemeenskap kon bekom en is vir sewe jaar van ene mev A Distin gehuur.

Die ligging, op Adderleystraat in Cradock, was sentraal maar die gebou se binnebeligting was beperk en daar was 'n gebrek aan privaatheid vir gesprekke tussen die bestuurder en bankkliënte (SB Inspection report Cradock 10 April 1867).

Die laaste deel van die 1860's het 'n ekonomiese afplatting in die Cradockdistrik gebring, wat nadelig ingewerk het op die omvang van Standard Bank se besigheid. Dit was só erg dat oorweging daaraan geskenk is om die tak te sluit. In 1869 is voorlopig besluit téén sluiting (SB GMO 1/1/3: 9/11/1869). In April 1871 het die bank die kontrak met mev Distin verleng tot 1874, daarna tot 1879 en daarna tot 31 Maart 1884. 'n Inspeksieverslag van 1878 het die perseel beskryf as [...] *conveniently situated* [...] (SB Inspection report Cradock: 26/3/1878).

Goeie besigheid is in Cradock gedoen en die bank het mettertyd besluit om 'n eie gebou op te rig. In 1883 het die bank 'n erf op 'n openbare veiling gekoop en argitek Sydney Stent van Grahamstad is aangestel om 'n bankgebou te ontwerp. Dit is in Augustus 1884 betrek en is beskryf as [...] *in a central position and in every way suitable* (SB Bank premises: 05/3: 151).

As gevolg van omgewingsveranderinge het die perseel in Cradock egter teen die einde van die 1920's nie meer aan die bank se standarde voldoen nie.

Op 26 Januarie 1929 het 'n bankinspekteur aangedui dat die bankgebou in Cradock 'n goeie voorkoms het, binne sowel as buite, dat dit genoeg ruimte bied vir beide die kliënte en die publiek, maar dat die ligging nie meer goed genoeg is nie. Die verslag dui aan dat daar dringend aandag aan die saak gegee moet word:

[.] it is becoming more imperative that something be done in the very near future, owing to the business portion of town being gradually moved away from the present bank premises (SB Inspection report Cradock: 26/1/1929).

In Oktober 1930 is 'n beter perseel gekoop en 'n nuwe bankgebou vir Cradock is deur die argitek Farrow & Stocks ontwerp. Die nuwe gebou is op 6 Mei 1932 in gebruik geneem. In 'n inspektorsverslag is onder meer daarvoor geskryf:

[.] the building presents a handsome and attractive appearance and is entirely suitable for our requirements, affording ample accommodation for banking business. [...] The premises are centrally situated, have been well constructed and [...] are the finest in town (SB Inspection report Cradock: 27/2/1933).

Die situasie ten opsigte van die ligging van banktakke in 'n ontwikkelende Suid-Afrika was van soveel belang vir die bank se bestuur dat daar in 1876 'n opdrag uitgestuur is na alle takke waarin versoek is dat daar op gereelde grondslag verslag gedoen moet word daarvoor (SB GMO Circular 12/6/1876).

Op 8 April 1873 het Standard Bank 'n tak in Graaff-Reinet geopen. Verskillende persele is oor tyd gebruik en teen 1929 kon 'n bankinspekteur aandui dat die bank se tak sentraal geleë en, vir die toenmalige, geskik was vir die bank se doeleindes (SB Inspection report Graaff-Reinet: 24/12/1929). Ook in 1940 het 'n bankinspekteur aangedui dat die bank se tak in Graaff-Reinet goed geleë is op 'n hoek en in die middel van die dorp (SB Inspection report Graaff-Reinet: 2/10/1940).

Die bank se tak in Knysna is in 1881 vanuit een vertrek in Queenstraat bedryf. Dit is beskryf as nie ideaal nie, maar die beste wat die bank kon kry. Dit was veral nie geskik nie vanweë die feit dat dit ver buite die sentrale gebied geleë was (SB Bank Premises 13/2 1881: 44). Teen 1899 is aangedui dat dié perseel, vanweë die ligging daarvan, glad nie meer geskik was nie (SB Bank premises to 1899: 4).

In Johannesburg het Standard Bank in 1890 van perseel verander en na die Wehlgebou in Commissionerstraat getrek omdat dit gesien is as geleë in dié deel van die dorp waar die stad se sakelewe gesentreer was (Terry 1979: 173). In 1901 het die bank 'n nuwe perseel in

Johannesburg begin soek omdat geoordeel is dat die Wehlgebou, hoewel in Commissionerstraat, té laag af in die straat en té klein was (Terry 1979: 177).

Soos in baie ander aspekte van die lewe in Suid-Afrika, is dit 'n onweerlegbare feit dat etnisiteit en/of klasseverskille ook 'n invloed uitgeoefen het op die aanvaarbaarheid van die ligging van geboue. In 'n inspeksieverslag van 1895 maak die inspekteur die volgende opmerking oor die banktak in Middelburg, Transvaal: *[.] the surroundings are not by any means choice, a number of coloured people living at the back* (SB Inspection report Middelburg 26/10/1895).

In 'n inspekteursverslag van 21 November 1903 oor die nuwe takkantoor op Indwe, skryf die inspekteur onder meer: *Our new premises [...] are well situated [...]* (SB Inspection Report Indwe: 2/11/1903). Ook die banktak op Jagersfontein is in 'n inspeksieverslag van 1912 beskryf as *[.] well situated [...]*. 'n Nuwe gebou wat vir die bank op Jagersfontein in aanbou was, sou egter nog beter wees. Dit sou, volgens die inspeksieverslag *[.] occupy one of the best business sites in the town and should prove to be suitable in every respect*. Hierdie nuwe belegging sou ook, volgens dieselfde verslag, help om die bank se vertroue in die dorp se toekoms te bewys en sou help om gerugte van onttrekking deur Standard Bank (wat deur die bank se mededingers versprei is), te weerlê (SB Inspection Report Jagersfontein: 13/4/1912).

Die Queenstowntak is bedryf op 'n perseel wat volgens 'n inspekteursverslag van 1906 sentraal en goed geleë was (SB Inspection report Queenstown: September 1906). Oor die ligging van die bank se tak in Wellington het 'n bankinspekteur in 1908 verslag gedoen dat dit "150 jaarts" (125 meter) té ver wes op Kerkstraat geleë was (SB Inspection report Wellington: 7/11/1908).

Die bank was baie tevrede met die ligging van die Kaapse tak in Adderleystraat. In 1903, 1912, 1915, 1916, 1922, 1924 en 1927 is dit beskryf as die mees sentrale en gerieflike ligging in die stad.

Die ligging van die bank se tak in Grahamstad is in 1907 deur 'n inspekteursverslag beskryf as sentraal geleë en geskik vir die bank se besigheid (SB Inspection report, Grahamstad: Januarie 1907). Meer as dertig jaar later, in 1938, het 'n inspeksieverslag aangedui dat dit steeds die geval is: *Our premises are situated in Church Square and occupy one of the best business sites in this city* (SB Inspection report Grahamstad: 29/7/1938).

In 1931 is in 'n verslag oor die bank se tak op Mosselbaai na die ligging daarvan verwys as nie geskik nie omdat dit in die ou deel van die dorp geleë was. Verskuiwing na 'n meer sentrale deel sou moontlik in die toekoms oorweeg moes word (SB Inspection report Mosselbaai 7/2/1931). 'n Jaar later word die aard van dorppontwikkelings-dinamika en die uitwerking daarvan op banktakke se ligging bevestig. 'n Inspekteur doen verslag:

We have a very good double storeyd (sic) property at Mossel Bay of solid construction and design and with quite an imposing frontage. More prosperous times here found us in the centre of the commercial section of the town and very suitably situated but with the passing of some of the old established businesses which formerly operated in the neighborhood we are now in something of a backwater (SB Inspection report Mossel Bay: 4/4/1932).

Bogenoemde is voorbeelde van die belang wat geheg is aan die ligging van Standard Bank se takkantore en die inwerking van die omgewing daarop.

4.3.3.2 Fisiese vereistes

Die fisiese vereistes waaraan banktakke moes voldoen, stem in só 'n groot mate ooreen met dié van bankgeboue dat dit nie hier gedupliseer sal word nie.

4.4 Akkommodasie vir Standard Bank se takbestuurders

Benewens akkommodasie op hul besigheidspersoneel het Standard Bank verblyfplek aan hul bestuurders by banktakke en ook, veral in die groter sentra, aan ander personeel voorsien. Die verblyf was baie dikwels deel van die perseel se gebouekompleks en was normaalweg van hoë standaard. Bankinspekteurs moes ook oor hierdie verblyfplekke verslag lewer. Omdat die verblyfplek van die bestuurders van takke nie 'n integrale deel van die dag-tot-dag funksionering van die banktak was nie, word dit nie in hierdie studie as afsonderlike entiteit behandel nie. Daar word nogtans van tyd tot tyd binne konteks daarna verwys.

HOOFSTUK 5:

DIE ARGITEKTUUR EN ARGITEKTUURSTYLE VAN STANDARD BANK SE BANKGEBOU

5.1 Inleiding

Standard Bank het van die begin van sy teenwoordigheid in Suid-Afrika van die standpunt uitgegaan dat sy bankgeboue meer as net akkommodasie moes bied. Daar was vier groepe van akkommodasie vir die bank gedurende die eerste sowat driekwart eeu van die bank se aanwesigheid in Suid-Afrika:

- gehuurde geboue
- geboue deur die bank gekoop
- geboue deur die bank self opgerig
- geboue vir die bank opgerig deur 'n ander party (In verskeie sentra waar die bank nie self 'n gebou wou oprig nie, is dit deur plaaslike besigheidslui, dikwels bankkliënte, gedoen in ruil vir 'n huurkontrak met die bank.)

In die geval van gehuurde geboue het die bank uiteraard sover moontlik probeer om geboue te kry wat aan die bank se standarde van voorkoms en toepaslikheid voldoen het. Dit was die kategorie van akkommodasie waarin die bank die minste beheer oor die gebou se voorkoms en uitleg gehad het, veral in klein gemeenskappe en dorpe waar die aanbod van akkommodasie beperk was. Hoewel dit problematies was, het die bank deurlopend daaraan gewerk om sy persele op 'n aanvaarbare vlak te kry, soms deur te verhuis na 'n ander gebou, soms deur verbouing of aanbouing, en soms, afhangende van die opbrengs en toekomsvooruitsigte van 'n spesifieke tak, deur die aankoop of oprig van 'n nuwe gebou.

Vir geboue wat deur die bank self opgerig is, is argitekte sorgvuldig gekies. Heersende tendense in terme van argitektuurstyle en afwerking is in ag geneem. Hoë eise is aan argitekte gestel en planne is sorgvuldig deurgegaan om die geskiktheid daarvan te bepaal en aanpassings volgens die bank se behoeftes en standarde te maak. Bouplanne vir die bank se tak in Adderleystraat, Kaapstad is byvoorbeeld in 1879 deur argitek Charles Freeman opgetrek. Dit is egter deur die raad van direkteure in Londen verwerp as buitensporig. 'n Perk van £20 000 is op die koste geplaas. Die raad van direkteure se mening was dat 'n goedkoper gebou met minder versiering meer geskik sou wees en 'n beter indruk sou maak as wat die oorspronklike planne tot gevolg sou hê. Dit sou ook meer in pas wees met die doel vir die

gebou. Die oorspronklike reaksie is só in tipiese Standard Banktaal geformuleer dat dit deels daarin weergegee word. Dit lui, onder meer:

[.] a building with much less ornamentation and decorative work [...] would produce a better effect, be more in keeping with the main object for which it is intended, as well as more consistent with the principles of economy and moderate display which should always characterize banking institutions (SB Inspection report (SB GMO 1/1/15 London to GM 8/1/1880).

In 1880 het die takbestuurder van die Kaapstadtak persoonlik gewysigde en afgeskaalde planne aan die raad van direkteure in Londen gaan voorlê. Die boukoste daarvan sou steeds meer as £20 000 wees. Freeman se opmerking dat die koste verder verminder kon word as die bank tevrede sou wees met goedkoper materiaal en minderwaardige vakmanskap is deur die raad van direkteure beskou as baie naby aan 'n belediging. Die takbestuurder moes hom op die hart druk dat die bank met niks minder as volle waarde vir geld tevrede sou wees nie (SB Inspection report Cape Town 16/5/1927).

In verband met die oprig en inrigting van die bank se gebou in Pietermaritzburg is ook uitgebreide korrespondensie tussen die algemene bestuurder in Suid-Afrika en die raad van direkteure in Londen gevoer (SB GMO Letters to London 15/82 18/2/1882; SB GMO Letters to London 24/1882 18/3/1882; SB GMO Letters to London 41/82 13/5/1882; SB GMO Letters to London 44/82 27/5 1882; SB GMO Letters to London 50/82 10/6/1882; SB GMO Letters to London 59/82 15/7/1882; SB GMO Letters to London 62/82 29/7/1882; SB GMO Letters to London 100/82 9/12/1882; SB GMO Letters to London 8/83 27/1/1883; SB GMO Letters to London 10/83 3/2/1883 en ander). Kleinere projekte het minder korrespondensie geverg, maar die hoofkantoor in Londen was nou betrokke by die oprig en koop van geboue vir gebruik deur die bank. Omgewings- en ander faktore het altyd 'n rol gespeel by die ontwerp en oprig van 'n bankgebou. Die geboue wat die bank as eienaar laat oprig het, was dié waardeur die bank se "boodskap" en beeld ten beste gekonkretiseer kon word.

By geboue wat deur 'n ander eienaar vir die bank opgerig is, het die bank insette gelewer en vereistes gestel wat tot gevolg gehad het dat die geboue na die bank se standarde, vereistes en bevrediging gebou is. Oor die bank se akkommodasie in Middelburg, Transvaal, skryf 'n bankinspekteur in 1892:

Our attorney - Mr WF Liesching - is prepared to erect a suitable building of good appearance, in an excellent position in the main street, which he would let on a short lease of say 2 years at the same rent as we pay at present (SB Inspection report Middelburg, Transvaal 31/10/1892).

Akkommodasie is ook in ander plekke op hierdie grondslag bekom vir die bank se gebruik.

Waar die bank geboue gekoop het, moes die geboue so ver as moontlik by die aankoop daarvan aan die bank se standarde voldoen. Verskeie geboue is gekoop van ander banke, soms nadat Standard Bank die ander bank oorgeneem het. Van die geboue is ook na aankope verbou.

Alle geboue, dié in die bank se besit en ander, moes sover as moontlik aan dieselfde vereistes voldoen. Daar is deurlopend oor verslag gedoen en aanpassings gemaak om dit moontlik te maak. Die aard van die vereistes is in die vorige hoofstuk geanaliseer. Die studie handel oor al die kategorieë van geboue wat die bank gebruik het en die eienaarskap van elk is nie vir die studie van fundamentele belang nie, deels as gevolg van die feit dat dieselfde gebou van eienaar kon verander terwyl dit ononderbroke deur die bank gebruik is.

Die geboue wat oor dekades deur die bank benut is, het verskeie boustyle gehad. Hierdie hoofstuk gee aandag aan verteenwoordigende voorbeelde van boustyle, binne konteks van Suid-Afrikaanse argitektuur.

5.2 Die boukuns en veranderende menslike behoeftes

Die vroegste geboustrukture het waarskynlik ontstaan toe die mens se behuisingsbehoeftes beperk was tot dié van basiese beskutting en beskerming (Melvin 2005: 6; Gympel 1966: 6). Geestelike groei en ontwikkeling van die mens het met tyd meer behoeftes teweeggebring en terselfdertyd meer middele, kennis en tegnieke ontwikkel sodat die mens meer en nuwe materiale kon aanwend om, benewens basiese skuiling, ook in sy estetiese behoeftes, sy gevoel van sin van plek, van geborgenheid, gerief en ander metafisiese behoeftes, te voorsien (Gympel, 1996: 6). Die ziggurat van Urnamuh, moontlik die oudste bestaande struktuur, en ander ou strukture, bied tasbare bewys van die feit dat die mens reeds eeue voor die geboorte van Christus geboue opgerig het wat nie skuiling as funksie gehad het nie maar wat in hoër geestelike behoeftes moes voorsien (Glancey 2006: 17). Skouspelagtige grafkelders, tempels vir gode en piramides is in vroeë tye opgerig om in metafisiese behoeftes te voorsien. Soliede, fortagtige kerke is in die Romaanse boustyl gebou en in die era van die Gotiese boustyl het gemeenskappe groot opofferings gemaak om monumentale katedrale op te rig om in geestelike behoeftes te voorsien (Roberts 1993: 396).

Die ontwerp van wonings en ander geboue het mettertyd ook 'n metode geword om 'n metafisiese boodskap oor te dra oor die status en materiële vermoë van die eienaar of bewoner daarvan (Gympel 1996: 43 - 44; Millar 1977: 129). Tydens die Renaissance, sê Gympel, [*for the first time, secular building was allowed a power of expression which went beyond pure functionality* (1996: 44).

In Europa het die behoefte aan wonings met meerdere vertrekke, in teenstelling met enkelvertrek-skuilings, reeds in die 15de eeu ontwikkel. Dit het die basiese, fisiese behoefte aan skuiling aangevul en uitgebrei met 'n vervulling in die behoefte aan gerief, privaatheid en ruimte. Leon Battista Alberti, in sy *On the Art of Building*, het in 1452 gewys op hierdie nuwe tendens en teen 1500 was dit algemeen in Italië. Teen die middel van die 16de eeu het die behoefte aan meerdere vertrekke in woonhuise ook in Engeland en Frankryk na vore gekom (Hale 1994: 266).

Menslike ontwikkeling het ook ander geestelike behoeftes na vore gebring. In 1783 het George, die Prins van Wallis, uit Buckingham Paleis, sy ouerhuis, na Carlton House getrek. Van die Prins is gesê dat hy 'n toegewyde versamelaar was en geen benul van spaarsamigheid gehad het nie. Maar, sê Millar van hom: *Perhaps more than any other Royal connoisseur, he had a feeling for the look of a room*. Die resultaat was dat besoekers aan sy blyplek dit beskou het as besonder indrukwekkend en meer swierig as die Winterpaleis (Millar 1977: 129). Die bymekaarbring van estetika en behuising het beslag gekry.

Met verloop van tyd het binneversiering 'n kunsvorm en wetenskap op sy eie geword. Ver van blote skuiling was die nie-tasbare elemente van grasie, weelderigheid en elegansie, teen daardie tyd integrale dele van wat van 'n gebou en die binne-inrigting daarvan vereis is.

5.3 Die Suid-Afrikaanse boukuns

Die 19de en vroeg 20ste eeu se kommersiële boukuns van Suid-Afrika het hoofsaaklik uit die Europese tradisie ontstaan, aangepas by plaaslike omstandighede. Die Europese boukuns, as kultuurmanifestasie, was nie uniform of staties nie. Verskillende tydsgeeste het verskillende kultuurprodukte gelewer, ook op die vlak van argitektuur, en so het argitektuurstyle ontstaan. Elke argitektuurstyl is gekoppel aan 'n tydsgees. Gedurende die tydsgees word geboue in daardie styl as "mooi", of minstens esteties aanvaarbaar, beskou. Om in lyn met daardie tydsgees te wees, is om "in die mode" te wees. Om op te tree op 'n manier wat uit pas is met daardie tydsgees is, is om "uit die mode" te wees.

Betekenis word gekoppel aan style as sodanig. Om dié rede is dit nodig om Standard Bank se geboue te kontekstualiseer binne die verskillende argitekstuurstyl wat in die land voorkom. Dit is ook nodig om die style in verband met die tydsgees waaraan hulle ontspring het te kontekstualiseer.

5.4 Argitektuurstyle

Die voorgaande hoofstuk oor akkommodasie vir die bank se sakebedrywighede het gehandel oor die geheel-opset van die bank se grond en geskikte strukture daarop.

Hierdie hoofstuk handel spesifiek oor die strukture: die fisies-daargestelde kultuurprodukt gebore uit geestelike en fisiese prosesse en gevorm deur, onder meer, die eise van die tydsges, die omgewing, die korporatiewe kultuur, die benadering en talente van en die geestelike invloede op die argitek.

Die boukuns het twee onlosmaaklike dimensies: die fisiese en die metafisiese.

Soos op fisiese gebied, het die kulturele omgewing oor tyd ook op metafisiese gebied verander. Soos fisiese boumateriale en geboukomponente het sienings oor wat esteties strelend is, etiese waardes, modes, behoeftes en gebruike ook met tyd verander. Nietzsche het die stelling gemaak dat wat ookal gesê word oor die mens, dit slegs vir 'n beperkte tyd geldig is omdat die mens voortdurend verander. Daarom beskryf sir Banister Fletcher argitektuur as [...] *the printing press of all ages*, en sê argitektuur laat 'n rekord van die tydsges waartydens dit opgerig is (Fletcher 1959: titelblad).

Metafisiese dimensies is by beide die konseptualiseringsproses van 'n gebou en by die latere gekonkretiseerde gedagtes in die vorm van 'n fisiese gebou betrokke. Die ontstaan van alle geboue lê in 'n gedagte, wat 'n nie-tasbare of metafisiese proses is. Hierdie nie-tasbare of metafisiese deel van die bouproses is deur die eeue beïnvloed deur faktore veel wyer as net die boukuns (figuur 1.1). Die faktore het 'n tydsges, 'n *state of society*, soos Fletcher dit noem, geskep waarbinne sekere waardes en norme in die breër gemeenskap gegeld het en wat die nie-tasbare of metafisiese dele van die geheelproses beïnvloed, selfs in 'n sekere mate geregleer het. Opeenvolgende tydsgeste het verskillende stylperiodes binne die Westerse boukuns tot gevolg gehad.

Albertyn haal WEG Louw soos volg aan:

Styl is [...] die lewende, gedurig veranderende uitdrukking, nie slegs van 'n unieke en éénmalige persoonlikheid nie, maar ook van dié persoonlikheid soos hy deur kragte buite hom in 'n bepaalde tyd gevorm is (Albertyn 1992: 169).

Fransen beskryf argitektoniese style as

[...] the combination of shapes, composition, medium or building materials, decoration, etc. that is shaped by art works and buildings of a particular period or area - or indeed of a particular artist. In Europe, there are the Romanesque, Gothic, Renaissance, Baroque and Rococo styles. [...] Within each style, there may be considerable differences, but they are outweighed by the common elements (2006: 5, 6).

Argitektuurstyle hét ooreenkomstig die betrokke tydsgees verander, maar die verandering van een styl na die volgende was nooit skielik en volkome nie. Dit het geleidelik, met verloop van tyd geskied. Ergang stel dit so:

History can not be sharply divided into periods as a log is cut into lengths of firewood with a saw. Any abrupt line of division between one period and another is necessarily arbitrary and remote from reality, particularly in a movement that is so complex as the development of western civilization. The process of change from one period to another is gradual and continuous. One age or period emerges slowly, almost imperceptibly, from the preceeding one (1967: 1).

Volgens Melvin het style ook met die verloop van tyd sekere ideologiese betekenis gekry (2005: 6). Die Neo-Gotiese styl is op 'n stadium byvoorbeeld gesien as verteenwoordigend van Britse imperialisme en Neo-Klassieke geboue as verteenwoordigend van die republikeinse strewe. Dit is volgens Glancey waarom parlementêre en regeringsgeboue in Ottawa, die hoofstad van Kanada en 'n Britse kolonie, in die Neo-Gotiese styl gebou is en dié in Washington D.C. in die Verenigde State van Amerika in die Neo-Klassieke styl (2006: 397).

Dit is deel van die kulturele proses dat vroeëre boustyle of aspekte daarvan soms herleef. Soos hierbo aangedui, het die oorspronklike styl egter uit 'n bepaalde tydsgees ontstaan, wat nie by enige herlewing gedupliseer kan word nie. Die herlewing van 'n styl kan die heraanwending of nabootsing van aspekte van 'n oorspronklike styl behels, maar dit kan nooit die tydsgees of konteks daarvan presies weerspieël nie. Kuijers beskryf stylherlewing as:

[.] eweveel 'n konkretisering van 'n retrospektiewe uitkyk as 'n worsteling met eietydse probleme voorspruitend uit ongekende tegnologiese vooruitgang en snel veranderende maatskaplike omstandighede (1980: 32).

Die doel van hierdie deel van die studie is om die argitektuurstyle wat in Standard Bank se geboue aangetref word binne Westerse en Suid-Afrikaanse argitektuur te kontekstualiseer.

Dit moet beklemtoon word dat verskillende argitektuurstyle in dieselfde tydsgees in gebruik kon wees en dat een styl nie uniek aan een tydperk is nie. Dit moet ook beklemtoon word dat baie geboue eklekties van aard is en nie suiwer uit die elemente van een styl bestaan nie.

Van die boustyle wat deel gevorm het van die Suid-Afrikaanse argitektuur gedurende die tydperk waaroor hierdie studie handel, is die Neo-Renaissance, Neo-Barok, Kaaps-Hollandse, Neo-Gotiese, Art Nouveau, Georgiëanse, Kaaps-Hollandse Herlewing, Eduardiaanse en Art Decostyle.

Geen argitektuur van die antieke tye kom in Suid-Afrika voor nie, omdat die Suidpunt van Afrika nie voor die 17de eeu veel kontak met Europa gehad het nie. Om die herlewing van die style te verstaan, moet die oorspronklike style egter geanaliseer word.

5.4.1 Gotiek en Neo-Gotiek

Gedurende die 12de eeu het die ab Suger die ou Karolingiese kerk van St Denis in Frankryk laat herbou (Toman 2007: 28). Hierdie herbouing het heeltemal gebreek met die Romaanse styl van die tyd (Cantor 1993: 321). Boustylelemente soos gewelwe, hoë suile binne die gebou en spitsboë is verder ontwikkel, met nuwe elemente gekombineer en binne 'n nuwe konteks saamgevoeg (Sutton 1999: 74). Hierdie heraanwending van bestaande elemente, saam met nuwes, het ongekende moontlikhede geskep in die insluiting en aanwending van argitektoniese ruimte. Die boustyl wat later as die Gotiese styl sou bekend staan, het tot stand gekom (Klein 2004: 29). Met verloop van tyd het die styl deur die hele Wes- en Sentraal- Europa versprei (Toman 2007: 17).

Uitstaande kenmerke van die styl was die aanwending van die spitsboog, lugboë en stutmure buite en ribgewelwe binne geboue. Hierdie fisiese elemente is op 'n nuwe manier saamgevoeg en funksioneel en esteties in harmonie gebring (Klein 2004: 28).

Die Gotiese boustyl het onder meer gebruik gemaak van versierings in die vorm van versierde fasades en ingange, lob- en loofmotiewe, gekleurde glas, en dakspuiers. Klipwerk is ook as versiering aangewend. Nie net kerke en katedrale is in die styl gebou nie, maar ook wonings, openbare, opvoedkundige en sakegeboue, biblioteke, gedenktekens, waterfonteine, howe en parlamentsgeboue, teaters en selfs brûe.

Die groot glasvensters in die buitemure was funksioneel in die verligting van die binnekant van die Gotiese geboue, maar dit was nie net normale lig wat so ingekom het nie. Lloyd & Blackmore beskryf dit as betowerende gekleurde lig wat die strakheid van die diep binnekante van die geboue omtower het (1986: 14). Die lig het ook aansluiting gevind by godsdienstige vereenselwiging van die Skepper met lig (Kurmman-Schwartz 2004: 469; Brisac 1986: 7; Merian Bybel 1964: 112). Dit het verder gedien as estetiese element wat die mens met verwondering moes aangryp en moes herinner aan die skoonheid van Jerusalem en van die hemel (Gympel 1993: 33). In die tyd van die Gotiese styl was slegs 'n klein deel van die Europese bevolking geletterd en min van hulle het Bybels besit. Die gekleurde glasvensters het Bybelfigure en -gebeure grafies uitgebeeld, immer-wisselend soos die sonlig gewissel het, wat dit vir die Middeleeuse mens moontlik gemaak het om te verstaan en te internaliseer (De Swardt 2013: 25).

Die hoë suile en gewelwe binne die kerkgeboue het ingeslote ruimtes geskep, as doelbewuste en integrale deel van die ontwerp, soos wat die Westerse mens nie geken het nie (Cantor 1993: 436). Standard Bank het ook graag van groot ingeslote ruimtes gebruik gemaak in hul bankgeboue se hoofvertrek.

Geen voorbeelde van die oorspronklike Gotiese argitektuur bestaan in Afrika suid van die Sahara nie.

5.4.1.1 Die tydsgees waarin die Gotiese boustyl ontstaan het.

Die finale kerstening van Europa in die Middeleeue het gepaard gegaan met 'n tydperk van *Umbruch* - groot omwentelings en gepaardgaande onstabiliteit op haas elke lewensterrein. Roberts verwys daarna as 'n skouspel - *a great spectacle* (1993: 395).

Die kerk het gedurende die Middeleeue geweldig baie mag oor die mense van Europa se lewens gehad. Teen die 10de eeu was daar 'n oplewing in handel en kommersiële aktiwiteite in dele van Europa, wat tot 'n bevolkingstoename en 'n mate van vooruitgang gelei het (Klein 2004: 28). Monastiese hervorming en pouslike outokrasie het in dié tyd tesame 'n intellektuele energie geskep. Saam met die nuutgevonde welvaart in private kringe en groter intellektuele vryheid oor die algemeen, het 'n nuwe gees posgevat wat uiting gevind het in die nuwe Gotiese styl. In die 12de eeu was daar ook 'n intellektuele oplewing in Europa (Cantor 1993: 343) en verskeie uitstaande individue het 'n prominente rol gespeel in ontwikkelinge van daardie eeu. Die ab Suger van St Denis in Frankryk was een van hulle (Cantor 1993: 324). Na baie stryd het die kerk se mag teen die 13de eeu begin afneem (Pirenne 1958: 398). Tussen 1214 en die 1290s was daar relatiewe vrede in Europa (Cantor 1993: 435). Humanisme en die bevraagtekening van die kerk se absolute gesag het meer algemeen geword, hoewel die kerk nog vir meer as 'n eeu 'n groot deel van sy mag sou behou (Glancey 2006: 274). Die publisering van Leon Battista Alberti (1404-1472) se werk oor argitektuur in 1485 en die herontdekking van die gedagtes en riglyne van die Romeinse argitek Marcus Vitruvius Pollio ("Vitruvius") in 1486 het saam met die ontwikkeling van die drukpers in die middel van die 15de eeu 'n groot invloed op Europese argitektuur gehad.

5.4.1.2 Die tydsgees waarin die Neo-Gotiese boustyl ontstaan het

Soos reeds vroeër aangedui, word kultuur, waarvan argitektuur 'n manifestasie is, nie in 'n lugleegte geskep nie, maar ontstaan en bestaan as 'n kompleksiteit van sosiale, godsdienstige en ander aspekte en weerspieël die stand van 'n betrokke beskawing of gemeenskap op 'n bepaalde tyd, die sogenaamde tydsgees (Fletcher 1959: 244; Halsey (red) 1971: 241). Nie al die boustyle of kunsrigtings wat in die geskiedenis van die Westerse beskawing na vore getree het, was nuut nie. In die geskiedenis was daar tye wanneer argeologiese en ander ontdekkings gemaak is en tye waartydens mense terug gehunker het na vroeëre tye, wat as beter beskou is.

Argitektuur was dikwels die duidelikste simbool van die vroeëre tye en die styl van die vroeëre tyd het dan deur teruggryping 'n herlewing ondergaan. Omdat tyd verloop het tussen die twee tydperke en omdat die leefwyse, tegnieke en behoeftes van mense verander het, is 'n herlewing nooit volkome en presies soos die oorspronklike nie, maar elemente van die oorspronklike styl word normaalweg weer aangewend, soms met ander funksies vir sommige van die elemente. Die industriële revolusie het 'n nuwe tydsgees ingelui, wat die kulturele milieu geskep het vir die herlewing van die Gotiese boustyl (Glancey 2006: 397; Gutsche 1970: 30).

Oor die tydsgreep van die Gotiese Herlewingstyl bestaan daar verskil van mening (Glancey 2006: 271), maar daar word vry algemeen aanvaar dat dit in die 18de eeu in Brittanje begin het (Sutton 1999: 271) en dat die Anglikaanse Kerk een van die groot bevorderaars van dié styl was (Glancey 2006: 397).

Die industriële revolusie het tussen die tyd van die oorspronklike Gotiese styl en die herlewing daarvan plaasgevind en 'n revolusie in die boukuns meegebring. Tydens die industriële revolusie is groot voortuitgang gemaak met die skep en aanwending van nuwe boumateriale en die vooraf-vervaardiging van boukomponente. Ook nuwe boumetodes is ontwikkel, wat nie in die tyd van die Gotiese styl bestaan het nie. Die nuwe boumateriale het yster, staal en gewapende beton ingesluit, materiale wat dit moontlik gemaak het om sterk gewelwe te bou sonder om stutmure en lugboë te gebruik. Hierdie fundamentele strukturele aspekte van die Gotiese boustyl het hul oorspronklike funksies verloor. Neo-Gotiek is egter steeds gekenmerk deur die spitsboog, skerp torings en oordadige versierings, gepedimenteerde kloktorings, polichromie op mure, kanteelwerk, groot glasvensters, dun trasering (maaswerk), roosvensters en lobversierings (Glancey 2006: 398). Van hierdie komponente se funksies het egter verander van die strukturele na die dekoratiewe. Ook is vooraf-vervaardigde komponente aangewend in die Neo-Gotiese bouproses.

Soos vantevore in die geskiedenis van die wêreld het belangrike sosiale veranderinge ook by die opkoms en die wêreldwye verspreiding van die Gotiese Herlewingstyl 'n rol gespeel. Die groot en vinnige veranderinge wat die industriële revolusie veroorsaak het, het daartoe gelei dat kerkleiers en ander die veranderende wêreld ervaar het as sonder godsdienstige en morele waardes en haas sonder plek vir 'n God (Glancey 2006: 397). Nuwe behoeftes en praktyke het daartoe gelei dat ou geboue, plase en dorpies, landerye en velde in Brittanje omgedolwe en ou woude en strome beskadig of verwoes is vir die bou van spoorlyne en in die soektog na steenkool. Lugbesoedeling het ongekende vlakke bereik. Mense kon tussen plekke reis teen snelhede wat voorheen ondenkbaar was. Sowel die spoorweë as die mynbedryf het 'n nuwe klas mense geskep wat nie aan die ou morele en godsdienstige vereistes en gebruike voldoen het nie en wat hulle baie min aan die gesag van die kerk gesteur het. Die spoorwegbouers in

Brittanje is beskryf as: [...] *a race apart, a ferocious breed of men, working like titans and living like animals* [...] *as muscularly superb as they were intellectually rugged* (Gutsche 1970: 30). Hulle het in groot groepe saamgewoon en getrek en gewerk sonder enige ontsag vir die natuur, tradisionele godsdiens en ou tradisies en gebruike.

Op die hakke van die spoorwegbouers het die steenkoolmynwerkers dikwels gevolg en die sosiale orde verder versteur. Boonop was die kerk in Brittanje in die 18de eeu in 'n toestand van verval. Daar was in dié tyd 'n situasie van algemene bankrotskap in die kerk, beide moreel en doktrinêr (Gutsche 1970: 28). Onder die invloed van Augustus Welby Northmore Pugin, 'n man op soek na grondige, outentieke Christelikheid (Sutton 1999: 273), het daar 'n filosofiese herbesinning en 'n groot godsdienstige herlewing in die kerk in Brittanje gekom (Morse 1958: 3876; Gutsche 1970: 33). Hoewel ook ander geboue in die Gotiese Herlewingstyl gebou is, is die beweging vir 'n groot deel deur die kerk gedryf (Glancey 2006: 398).

'n Bydraende faktor tot die groei van die Neo-Gotiek in Engeland was die feit dat sir Christopher Wren reeds vroeg in die agtiende eeu verskeie kerke en ook van die geboue van Oxford se universiteit in die styl ontwerp het. Die opkoms van die Neo-Gotiek in Brittanje het saamgeval met die versnelde tempo van verstedeliking en die godsdienstige oplewing, waarvoor honderde nuwe kerke gebou is (Sutton 1999: 272).

Teen die einde van die agtiende eeu was Brittanje 'n magtige staat met groot internasionale invloed. Die feit dat die Neo-Gotiek gesien is as tipies Brits/monargisties, het daartoe gelei dat die styl deur Brittanje na ander wêrelddele uitgedra is, ook na Suid-Afrika. Britse imperialisme is al beskryf as die saamsnoering van troon en altaar [...] *the confusion of Pax Britannica with Pax Christi*.

Britse kolonialisme was in Suid-Afrika, soos in ander wêrelddele, 'n primêre faktor in die verspreiding van die Neo-Gotiese styl. Plaaslike omstandighede het aanpassings geverg en in sommige plaaslike geboue is die Neo-Gotiese styl slegs sigbaar in elemente van die styl.

Stylelemente wat in die Neo-Gotiese boustyl waargeneem is, sluit onder meer die volgende in:

- spitsboë
- stutmure
- trasering
- kanteelwerk
- polichromie
- hoë gewelwe
- groot binneruimtes
- Normandiese invloede

- torings met versierings
- lanset- en roosvensters
- drie- en vierlobmotiewe
- gepedimenteerde kloktorings
- vooraf-vervaardigde boukomponente
- oop dakbalke, dikwels gestut op uitgebreoue konsolle
- aanwending van Gotiese elemente vir dekoratiewe doeleindes

5.4.1.3 Standard Bankgeboue in die Neo-Gotiese boustyl

Ondanks die feit dat die Neo-Gotiese boustyl aan die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu algemeen in Suid-Afrika voorgekom het, het die Standard Bank nie baie geboue in dié styl benut nie. Dit kan toegeskryf word aan vier redes:

- die stryd van die style (*the battle of the styles*)
- die feit dat die styl in Suid-Afrika in 'n groot mate met kerkargitektuur vereenselwig is
- die plattelandse aard van die grootste deel van die land, waar genoeg ruimte was om geboue laag en uitgestrek te bou
- die vlak van ontwikkeling van die boukuns en die inwerkende faktore van tegniese kennis, gebrek aan boumateriale en lang afstande

Standard Bank se raad van direkteure het in 1886 goedkeuring gegee vir die opening van 'n tak in Middelburg, Transvaal. Daar was aanduidings van steenkoolneerslae en die landboupotensiaal was belowend, maar die afwesigheid van 'n treinspoor het onsekerheid laat ontstaan oor die lewensvatbaarheid van die steenkoolmyne. Die bank wou eers baie seker maak dat 'n tak daar winsgewend sou kon wees en het die eerste tak eers op 17 Desember 1889 geopen (SB ARCH 1/1/MDLT gd: 1). Die eerste akkommodasie was twee vertrekke wat op Middelburg gehuur is, waarna groter kantore gehuur is (SB Inspection report Middelburg Transvaal: 31/10/1893). Die moontlikheid is voorsien dat die omset van die bank in die toekoms die oprig of koop van 'n eie gebou sou kon regverdig, want hoewel hulle in 1898 deur 'n beampte van die bank beskryf is as [...] *almost without exception, ignorant and unprogressive Dutch Boers* [...] was die omgewing se boere welgesteld en sommige van hulle het 'n inkomste van meer as £1 000 per jaar gehad (SB Inspection report Middelburg Transvaal: 2/4/1898). Vooruitsigte het dus belowend gelyk.

In 1897 het die bank met 'n kliënt ooreengekom om 'n huurkontrak met hom aan te gaan as hy 'n gebou volgens die bank se behoeftes en standarde laat bou. Op dié wyse het die bank sonder groot kapitaalluitgawe 'n gebou gekry wat in al sy behoeftes voorsien het en wat in

voorkoms meer mededingend met die Nasionale Bank se gebou in dieselfde dorp was (SB Inspection report Middelburg Transvaal: 20/3/1897).

Hierdie gebou (figuur 5.1), wat nie meer bestaan nie, was eklekties, ryklik versier en het onder meer Neo-Gotiese en Victoriaanse stylelemente gehad.

Teen die buitemure van die gebou was tipiese Neo-Gotiese stutmure. Die gebou se fasade is in drie dele verdeel, van onder na bo, en dit het 'n argitraaf en 'n metaaltoring gehad. Hierdie drie horisontale dele is geskei deur lyswerk. Dit is ook vertikaal van links na regs, in drie dele verdeel. Die verdeling is gedoen deur vier ongeprofileerde pilasters sonder voetstukke wat gestrek het van grondvlak tot die kruin van die fasade.

Die onderste deel van die fasade het die groot voordeur van hout met 'n reghoekige bolig gehuisves. Weerskante van die deur, en daarvan geskei deur die binneste twee van die vier pilasters, was groot enkelruit-vensters met houtrame.



Figuur 5.1: Die Standard Bankgebou in Middelburg, Transvaal in 1903 (Foto: Standard Bank)

Die bank se naam was op die glas. Die vensters en die bolig van die deur was op dieselfde hoogte. Bo die deur en bo elke venster was 'n dekoratiewe nabootsing van 'n pediment in lae reliëf. In die middel van elkeen was 'n dekoratiewe sluitsteen.

Die argitraaf is aan die onder- en bokante daarvan begrens deur profilering. Die middelste deel van die argitraaf, reg bo die voordeur het die naam *The Standard Bank of SA Ltd* gedra.

Op die deel van die fasade bo die argitraaf was gestileerde skulptotiewe as versiering. Daar is vier pilasters, met twee rondeboogvensters tussen elke twee pilasters. Bo elk van die vensters is lyswerk in die vorm van 'n boog.

Die boonste deel van die fasade het bestaan uit die bopunte van die twee buitenste pilasters wat in torinkies op die twee hoeke van die gebou geeëndig het. Hierdie bopunte van die pilasters het skulptotiewe in reliëf aan die buite- en fasadekant van die gebou, en kroonlyste gehad. Bo-op is hulle versier met weelderige versierings van gietyster.

Die ruimte tussen die buitenste en binneste pilasters is oorbrug deur een ojief aan elke kant. Dit het 'n geboë gewel met ruimte tussen die ojief en die horisontale lys gevorm en die oppervlak van hierdie ruimte was afgewerk met reliëfwerk in die vorm van die opkomende son se strale. Tussen die twee middelste pilasters was 'n skild sonder inskripsie. Die heel boonste deel van die fasade was plat en die toringdeel het daarop gerus.

Die metaaltoring het 'n vierkantige prisma-agtige vorm gehad en is aan die voet daarvan omring deur 'n Victoriaanse traliewerk van gietyster en hoekversierings. Oordadige gietysterversierings, 'n windwyser en 'n aanwyser van die vier windrigtings was heel bo op die toring.

Die gebou was eklekties en nie suiwer Neo-Goties nie. Die verlengde pilasters op die fasade se hoeke en die stutmure was Neo-Gotiese elemente, maar die gebou het ook 'n verskeidenheid ander stylelemente bevat.

Die toring het nie gepas by die bank se "beeld" nie en is 'n paar jaar later verwyder. In die plek daarvan is 'n boogpediment bo-op die fasade gebou. Dit het die voorkoms van die gebou baie meer Neo-Klassisisties gemaak, veral toe aangrensende geboue die stutmure teen die lengte van die gebou begin verberg het (figuur 5.2).



Figuur 5.2: Die Standard Bankgebou, Middelburg, Transvaal, ná verbouings (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.3: Die Standard Bankgebou, Oos-Londen, 1885 (Foto: Standard Bank)

Standard Bank het in Oos-Londen 'n gebou gebruik met sterker Neo-Gotiese stylelemente (figuur 5.3). Hierdie gebou is in 1885 uit 'n bankrotvendusie gekoop, soos baie ander van die bank se eiendomme. Die koopprys was £2 110 en die vorige eienaar was W Weidemann. Dit is in 1900 gesloop.

Die gebou se fasade het drie duidelik onderskeibare horisontale vlakke gehad en is vertikaal in vyf vlakke verdeel deur ses suilebundels van drie suile elk, ewe ver van mekaar. Op grondvlak was 'n voetlys, waarvan die voetstukke van die suile deel gevorm het. Die buitenste suile was nie op die hoeke van die gebou nie, maar op die fasade, naby die hoeke. Die hoofingang was tussen die middelste twee suilebundels. Die ingang was 'n sierlike spitsboog met dubbele deur, vertikaal geskei. Daar was 'n bolig met kerfwerk bo die deur. Tussen elke twee suilebundels op die grondvlak was een groot spitsboogvenster met middelkolom, wat twee lansetvormige dele binne die venster geskep het. In die bo-deel daarvan was traseerwerk in die vorm van vierlobmotiewe.

Die gebou se eerste vlak is van die tweede vlak geskei deur 'n geprofileerde bandlys met versierings daaronder. Op die tweede vlak was daar twee vensters in elke opening tussen elke paar suilebundels. Hierdie vensters was spitsboogvormig met prominente lyswerk.

Die tweede vlak is ook geskei van die derde een deur 'n bandlys met versierings daaronder. Op die derde vlak het die suile elk geëindig met 'n Doriese kapiteel. Die kapitele het die staanplek vir saamgevoegde driekantige gepedimenteerde torings gevorm. Bo-op elkeen van hierdie driekantige torings het 'n oorversierde Victoriaanse tipe ysterversiering gestaan. Tussen die torinkies was 'n horisontale versiering wat aan 'n balustrade herinner, maar in werklikheid 'n opeenvolging van vierlobmotiewe was.

Die dakgedeelte het agter die balustradeagtige muurtjie begin en was 'n tipiese Victoriaanse dak van sinkplaat. Daar was ook 'n laat-Victoriaanse dakdeur en nokversierings van yster. Op die twee eindhoeke van die dak was ysterversierings soortgelyk aan dié op die gepedimenteerde saamgevoegde torinkies, maar groter.

Die Weidemann-gebou het mettertyd nie meer genoeg ruimte gebied vir die bank se doeleindes nie en in 1900 is besluit om die gebou te sloop en 'n nuwe gebou op dieselfde plek op te rig. Die argitek Frank Emley het opdrag gekry om die nuwe gebou te ontwerp. 'n Tydelike kantoor in 'n hout-en-sinkgebou is betrek terwyl die oue afgebreek en die nuwe opgerig is. Daar was nie 'n kluis nie en personeellede van die bank moes beurte neem om in die kantoor te slaap met 'n rewolwer onder die kopkussing. Die nuwe gebou is op 28 Oktober 1901 betrek (Terry 1979: 95). Dit is beskryf as :

[.] of two storeys in front and rear. Built of brick with cement facings under an iron roof, and the central portion, comprising the main bank hall, is of one storey supported by a series of detached columns, and surmounted by a roof of lantern fashion, from which the lighting and ventilation arrangements for the banking hall is principally obtained (SB Inspection report East London 31/10/1922).

Hierdie gebou se "lewensloop" is redelik tipies van baie van die bank se geboue: dit is in 1907 in 'n inspeksieverslag as aanvaarbaar beskryf, hoewel dele daarvan aandag gevestig het (SB Inspection report East London Maart 1907). In 1908 is die verblyfdeel van die bank beskryf as baie onbevredigend vir 'n getroude takbestuurder (SB General manager to Branch manager, East London 18/8/1908) en in 1909 is aangedui dat herstelwerk, veral aan die dak, noodsaaklik geword het (SB Inspection report Maart 1909). Teen 1913 was herstelwerk weer dringend nodig (SB Inspection report East London 30/10/1913). In 1936 is dit grondig opgeknap (SB Inspection report East London 18/1/1938).

5.4.2 Die Renaissance- en Neo-Renaissancestyle

Daar bestaan 'n verskil van mening oor wanneer die Middeleeue opgehou en die Renaissance begin het. Sommiges sien die verowering van Konstantinopel in 1453 as die begin van die Italiaanse Renaissance en ander is van mening dat dit deur Columbus se ontdekking van

Amerika in 1492 begin is. Ander sien die begin van die Protestantse hervorming vroeg in die sestiende eeu as die begin van die Renaissance (Ergang 1967: 1).

Daar is volgens Stephen Trombley drie bewegings wat die proses van kulturele vernuwing in Europa aan die einde van die Middeleeue voorafgegaan en die Renaissance ingelei het: die Karolingiese Renaissance van die agtste en neënde eeue; die Ottoniaanse Renaissance van die tiende eeu in Sentraal- en Suid-Europa en die veel meer omvangryke twaalfde-eeuse Renaissance, wat die weg gebaan het vir die Italiaanse Renaissance (Trombley 2011: 85).

In 1402 het Filippo Brunelleschi, wat van 1377 tot 1446 as beeldhouer in Florence gewerk het, sy eerste besoek aan Rome gebring. Brunelleschi het 'n deeglike studie gemaak van oorblywende Romeinse geboue en ruïnes, waarvan daar teen die 15de eeu nog heelwat bestaan het (Melvin 2005: 46). Hy word beskryf as 'n persoon met besonderse vermoëns van interpretasie (*interpretative genius*) wat bewus geword het van die antieke Romeinse bouers se doelbewuste patroon van materiaal-aanwending vir visuele impak, sterkte van konstruksie en beperking van gewig (Hale 1994: 250 - 251). Renaissance-argitektuur bestaan uit 'n samestelling van style. Die enigste verband tussen die onderskeie variasies van Renaissance-argitektuur is die feit dat almal van Grieks-Romeinse komponente gebruik gemaak het (Ergang 1967: 90). Blote kopieë van klassieke argitektuur was die Renaissance-argitektuur egter allermens. Ergang beklemtoon dat baie aspekte van Renaissance-argitektuur klassisties in oorsprong was maar dat die steun op antieke argitektuur nie oorskakel moet word nie, want die Renaissance-argitekthe was nie nabootsers daarvan nie. Hulle het sekere elemente van antieke argitektuur gesien as rigtinggewend vir die ontwerp van argitektuur wat aan hul eietydse behoeftes voldoen het. Die resultaat was skeppings van 'n baie groot mate van oorspronklikheid (1967: 90).

Daar was geen skielike oorgang van Middeleeuse argitektuur na die Renaissancesstyl nie: verandering het geleidelik gekom. Glancey maak die stelling dat die Renaissance soms beskryf word as 'n duidelike skeidslyn tussen die Middeleeue en die moderne Wêreld. Volgens hom is dit nie korrek nie. Gedurende die Middeleeue, voer hy aan, het die invloed van Rome deurentyd gegeld. Romeinse argitektuur, Griekse filosofie en klassieke denke het 'n invloed in Konstantinopel en Bisantium uitgeoefen, lank ná die val van Rome (Glancey 2006: 86).

5.4.2.1 Die tydsges van waarin die Italiaanse Renaissance ontstaan het

Die oprig van 'n gebou is 'n proses wat begin met 'n geestelike dimensie, die konseptualisering van die idee. Hierdie geestelike deel van die proses word direk beïnvloed deur die tydsges waarbinne die mens wat die idee konseptualiseer hom of haar bevind. Verskeie gebeure en uitstaande persone het in die Europa van die 15de en 16de eeu bygedra tot 'n tydsges van groter vryheid wat die teelaarde van die nuwe Renaissancesstyl geword het. Een van die

aspekte van die tyd was groeiende sekularisme in literatuur en gedagtes. Die kerk se prediking tydens die sogenaamde "Donker Eeue" was dat die lewe 'n kort "proeftydperk" was om die mens voor te berei op 'n beter lewe hiernamaals. Geleidelik, saam met die verbetering van lewensomstandighede en die afname van die kerk se invloed, het 'n sekulêre gees sterker geword. Daar was meer belangstellig in die werklike lewe as in die hiernamaals. Asketisme en self-verloëning, soos weersin in wêreldse en vleeslike dinge, is al minder gereken as noodsaaklik (Ergang 1967: 41).

Die Middeleeuse bevolking van Europa het in 'n mate begin wegbeweeg van bekrompenheid. Hierdie beweging was nie van dieselfde diepte en omvang as die Verligting van die 18de eeu nie, maar het tog groter rasionaliteit gebring en klem gelê op innovering en eksperimentering. Die beweging kan beskryf word as 'n matige uitwaartse beweging uit ou denkwyses, en 'n soeke na nuwe antwoorde. Maar, sê Kapp en ander, hoewel daar ontwaking en nuwe insigte op vele terreine gekom het, was die massas van Wes-Europa steeds vasgevang in beperkende denke en sienings (Kapp ea1982: 188).

Die kerk het tydens die Middeleeue allesoorheersende beheer oor feitlik elke aspek van mense se lewens gevoer en het die vrees vir die hiernamaals en vir beskuldigings van kettery gebruik om hierdie beheer te behou (Pirenne 1958: 169, 397). Eers toe hierdie oppermag van die kerk teen die einde van die 15de eeu 'n waarneembare afname begin toon het, was 'n mate van wegbreek uit verstarring en van verligting moontlik (Kapp ea Deel 1, 1982: 188).

Brunelleschi en sy geesgenote, onder wie Leonardo da Vinci, het 'n gees van eksperimentering, uitdaging, innovering en vindingrykheid na die nuwe styl gebring (Melvin: 2005: 44). Hulle wou groter orde in argitektuur bring en het meer simmetrie en fyn gebalanseerde verhoudings nagestreef, soos wat hulle in die natuur en in die menslike anatomie waargeneem het. Die studie van die klassieke bou-orde is met 'n byna argeologiese klem op akkuraatheid gedoen. Die rol van individuele argitekte en meesterbouers is erken en die naamloosheid van ontwerpers, wat in die Romaanse era aan die orde van die dag was, het verdwyn. Renaissance-argitekte het daarna gestreef om perfektheid te skep deur 'n vereniging van fisiese vorm en abstrakte idees. Balans in verhoudings was 'n belangrike deel van die ontwerp van Renaissance-geboue (Melvin 2005: 46, 48).

Terselfdertyd het Prins Hendrik die Seevaarder van Portugal alles in sy vermoë gedoen om wyer horisonne te verken, ontdekkingsreise te bevorder en seevaarders met meer gevorderde tegnologie en toepaslike kennis toe te rus. Ergang beskryf hom as 'n man wat volgehoue ondersteuning gegee het aan almal wat in ontdekkingsreise belang gestel of daaraan deelgeneem het (1967: 99). Hy het 'n sterrewag gebou waar hy die voltydse dienste gehad het van opgeleide en ervare seevaarders, tekenaars van kaarte, instrumentmakers, wiskundiges en

navigeerders. Hy het groter en beter skepe, wat toegerus was met kompas en verbeterde sterrehoekmeters laat bou. Hy het die skepe uitgestuur om die Weskus van Afrika te verken (Ergang 1967: 99). Van Doren maak die stelling oor die handelskepe: *The ships that plied the oceans [...] carried invisible cargoes in addition to the bulk cargoes that were visible to all. These were knowledge and ideas, together with religious beliefs [...] (1991: 179).* Sonder die opkoms en bloei van die handel, sou die Renaissance nie plaasgevind het nie (Kapp e.a. 1982, Deel 1: 217).

Handel met die Ooste het Europa onder meer bekend gestel aan buskruit. Cantor maak die stelling dat dié uitstaande kenmerk van die 14de-eeuse dorpie in Europa die geweldige muur was wat elke dorpie moes beskerm teen invallers. Hierdie mure, voer hy aan, het gepaard gegaan met groot sosiale en sielkundige nadele. Dit het gelei tot 'n in-sig-self-gekeerdheid en beperkte denke by dorpsbewoners. Die mure het huisies saamgekoek om krom, smal en smerige straatjies wat, volgens Cantor, 'n teelaarde geskep het vir paranoia (1993: 477).

Na die koms van buskruit na Europa kon die mure, wat oor eeue deur opeenvolgende geslagte gebou, verbeter en in stand gehou is, nie meer voldoende weerstand bied teen kanonne wat klip- of ysterprojektile deur middel van buskruit met groot momentum kon vuur nie. Die mure van dorpie en kastele wat vroeër beskou is as onmoontlik om in te neem, kon toe met kanonvuur verkrummel word. Die feit dat die muur as simboliese buitengrens van dorpenaars se denkwêreld weggeval het, het sielkundige bevryding en verbreding van denke by die inwoners teweeggebring (Ergang 1967: 11).

Die nuwe argitektoniese styl se verspreiding binne Italië is op tasbare vlak aangehelp deur die feit dat geskrifte op papier gedruk kon word, eerder as die was of kleitablette wat in antieke Griekeland gebruik is. Dit het tot meer duursaamheid gelei, maar ook die produseer van groter opplae van boeke moontlik gemaak. Een van die nie-tasbare resultate van die boekdrukproses en die bestaan van papier was dat meer mense begin lees het vir ontspanning en dit nie net meer iets was wat vir onderrig gebruik is nie. Die feit dat literatuur in die vyftiende eeu in die algemene voertaal, Italiaans, gedruk is, en nie net meer in Latyn nie, het die leeskuiluur aangehelp en het bygedra daartoe dat die styl vinnig oor die hele Italië versprei het (Trombley 2011: 87- 89).

Trombley voer aan dat die uitbreek van die Swart Pes in Europa (1347 - 1351) bygedra het tot die aanvraag na afleidende literatuur. Die pes het ook daartoe bygedra dat mense die lewe meer denkend waardeur het, want dit kon enigeen, enige tyd, tref. Philip Ziegler vat dit só saam: *the most noticeable feature of the Black Death was not that some escaped but that everyone was to some extent involved and paid the price of involvement* (soos aangehaal deur Brink 1984: binneblad). Boccaccio, soos aangehaal deur Trombley, het gesê in die tyd van die pes

het mense middagete saam met hul vriende geëet en aandete saam met hul voorvaders in die hemel (2011: 88). Gevolglik was die tydsges van die Renaissance een van waardering van die lewe as viering van die mens se bestaan en sy prestasies. 'n Benadering van "waardeer die voorreg om te leef en die rykheid daarvan" het posgevat (Trombley 2011: 88). In hierdie tydsges is denkers en filosowe meer waardeer en meer erkenning is aan skeppers van kultuurgoedere, soos argitekte, gegee.

Hoewel hierdie styl na ander dele van Europa versprei het, is dit Italiaans in oorsprong en is dit gesien as verteenwoordigend van die Italiaanse kultuur (Hale 1994: 321).

Stylelemente wat in die Renaissance-styl waargeneem is:

- boligte
- konsoles
- pilasters
- rustiekwerk
- versierde friese
- hiel- en klokojiewe
- gebroke pedimente
- erker- of komvensters
- Venesiaanse vensters
- segmentale of boogpedimente

5.4.2.2 Tydsges van die Neo-Rennaisance

Teen ongeveer 1840 het 'n herlewing van die Renaissancestyl in Europa begin. Die hoof dryfveer daaragter was John Ruskin (1819-1900), wie se groot waardering vir Florence en Venesië gehelp het om studente se belangstelling na die argitektuur van die Renaissance te verskuif. Die term Neo-Renaissance het egter mettertyd meer omvattend geraak as bloot die argitektuur wat in die 15de eeu in Italië ontwikkel het en sommige gebruikers van die term sluit ook geboue daarby in wat deur ander as "Italiaans" (*Italianate*) beskryf sal word. Een van die bekendste Italiaans-Renaissancegeboue in Suid-Afrika, is die stadsaal van Kaapstad (Picton-Seymour 1898 12).

5.4.2.3 Standard Bankgeboue in die Neo-Renaissancestyl

Standard Bank se hoofkantoor was aanvanklik (1863 - 1885) in Port Elizabeth, van 1885 tot 1953 in Kaapstad, toe in Pretoria tot 1959, en daarna in Johannesburg. Dit word aanvaar, op grond van korrespondensie oor die geboue en die vereistes gestel, dat die onderskeie hoofkantore aan die hoogste vereistes vir die bank se akkommodasie moes voldoen. Uit verskeie voorbeelde van Standard Bankgeboue in die Neo-Renaissancestyl, is die vier geboue

wat as hoofkantore gedien het as voorbeelde gekies vir beskrywing. Dit bring moontlik 'n mate van elitisme mee, maar grootse sowel as nederige geboutjies het akkommodasie aan die bank verskaf en moet beskryf word om 'n geheelbeeld weer te gee. Hierdie styl is meestal vir die groter en belangriker geboue aangewend en die seleksie van hierdie vier geboue veroorsaak nie 'n skeeftrekking in verteenwoordiging nie. Van hierdie vier geboue bestaan drie nog. Die een in Port Elizabeth is afgebreek maar die geboue in Kaapstad, Pretoria en Johannesburg bestaan steeds. Die een in Johannesburg is in 1889 gebou, maar het eers in 1959 deel van die bank se hoofkantoor geword.

Port Elizabeth

Standard Bank het in 1863 die Commercial Bank in Port Elizabeth en daardie bank se besigheidspersoneel in Hoofweg oorgeneem. Die gebou het mettertyd te klein geword en Standard Bank het in 1874 'n erf aangekoop vir 'n nuwe gebou. Die argitek George Dix Peck is opdrag gegee om die nuwe gebou te ontwerp. Hy het 'n drieverdiepinggebou in die Neo-Renaissancestyl met uitvoerige versiering ontwerp. Werktekening van die versierings is van hom ontvang en op 20 Julie 1875 het die hoofbestuurder dit aan Londen gestuur. Die ontwerp het onder meer voorsiening gemaak, volgens die korrespondensie, vir 'n vroulike figuur, twee seuns met geldsakke en vase, waarvan ses op die gewel aangebring sou word (SB GMO 3/1/5: 20/7/1875).

Die gebou is op 26 Mei 1876 deur die bank in gebruik geneem (figuur 5.3).

Die gebou se drie verdiepings het verskillende afwerkings gehad. Elke verdieping se buitekant was duidelik van die volgende een en die boonste een van die gewel geskei deur swaar lyswerk, twee waarvan tandlyste gehad het.

Ook van links na regs is die fasade in drie dele verdeel deur drie pare pilasters. Al die pilasters was ryklik versier met barokagtige versierings, maar net dié op die middelste van die drie vlakke het kannelures gehad.



Figuur 5.4: Die eerste Standard Bankgebou in Suid-Afrika, Port Elizabeth, circa 1876
(Foto: Standard Bank)

Die onderste deel, op grondvlak, was amper een meter hoog versier met rustiek van gedresseerde klip. Bo hierdie rustiek het agt pilasters begin, in pare saam gegroeper, elkeen met 'n stilobaat en stereobaat. Die vier pare pilasters verdeel die fasade in drie dele. Op die grondvlak het die pilasters nie kannalures gehad nie maar was versier met barokagtige versierings en het geëindig met krulvolute in 'n tipies Ioniese patroon.

In die middel van hierdie deel was die voordeur en twee rondeboogvensters. Die voordeur, wat ook 'n ronde boog gehad het, is beskerm deur 'n vervlegde gietysterdeur waarop die woorde *The Standard Bank of British South Africa Ltd* aangebring was. In die rondings bo die vensters en die deur was dekoratiewe sluitstene.

Op die middelste vlak het die vier pare pilasters kannelures gehad en die versiering daarvan deur middel van horisontale bande, soos op die eerste vlak, is herhaal. In elke deel van die drie dele waarin die pilasters die fasade verdeel, was een groot skuifraamvenster. Die pilasters op

die derde vlak van onder was ook ryklik versier met horisontale bande en festoene, maar het nie kannalures gehad nie.

Heelbo was 'n weelderig-versierde gewel met vier vase in pare op die hoeke van die fasade en twee, effens minder versier, op die skouers weerskante van 'n gebroke boogpediment. Die middelgewel het bestaan uit drie horisontale vlakke. Die heel boonste deel daarvan was 'n vrouefiguur in 'n sittende posisie, moontlik die een waarvan 'n skets in Julie 1875 aan Londen gestuur is. In die middel van die gewel en oor die onderste twee horisontale dele daarvan, was 'n ronde skild met 'n voorstelling van twee figure. Die twee figure lyk soos twee seuns wat met 'n drukpers werk en kan moontlik in die plek van die twee seuns met geldsakke wees waarna die hoofbestuurder in 1875 in korrespondensie verwys het. Die skild was ryklik versier en in die middel bo was die gesig van 'n besnorde man, wat 'n mitologiese figuur kon gewees het. Bo die kop van die man was die voete van die vrouefiguur wat in die gebroke boogpediment gesit het.

Die gebou was eklekties van aard met 'n oorwegende Neo-Renaissance karakter en was ryklik versier met barokagtige versierings.

Ook dié gebou het mettertyd té klein geword vir die bank se behoeftes. Nadat die aangrensende erf in 1878 aangekoop is, kon die bankgebou vergroot word. Die argitek wat die gebou oorspronklik ontwerp het se dienste is weer bekom en hy het 'n presiese duplikaat van die oorspronklike gebou ontwerp. Toe daar met die konstruksie van die nuwe deel begin is, is gevind dat die oorspronklike deel teen 'n effense hoek met die sypaadjie gebou is en dat 'n verlenging tot gevolg sou hê dat die gebou se nuwe deel die sypaadjie met bykans 30 cm sou oorskry. Die gebou moes dus effens krom gemaak word om dít te voorkom. Dit het tot gevolg gehad dat dit bekend geword het as *The bank with the bulge* (Terry 1979: 21).

Een van die omgewingsfaktore wat 'n groot vertraging in die voltooiing van die werk aan die bankgebou veroorsaak het, was die gebrek aan arbeid, veroorsaak, volgens die algemene bestuurder, deur die eerste oorlog tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) 1880 - 1881). Die algemene bestuurder het Londen ook laat weet dat die gebou selfs in sy onvoltooide staat [...] *very imposing and handsome* was (SB GMO 1/3/10: 15/11/1880).



Figuur 5.5: *Standard Bank se hoofkantoor in Port Elizabeth, circa 1882, ná verdubbeling daarvan (Foto: Standard Bank)*

Kaapstad

'n Perseel is in September 1863 deur Standard Bank in Kaapstad gehuur en 'n banktak is op 4 Januarie 1864 daar geopen (Terry 1979: 40). Soos in baie ander gevalle, het die bank sy eerste eiendom in Kaapstad in 1870 uit 'n insolvente boedel gekoop. Die gebou het gou té klein geword en in 1877 is 'n perseel in Adderleystraat van die dorpsraad verkry. Die argitek Charles Freeman is opdrag gegee om 'n bankgebou te ontwerp, maar sy eerste pogings is deur die bank se raad van direkteure in Londen as té opgesmuk en duur verwerp. Die direkteure wou 'n gebou hê wat "voldoen aan die beginsels van spaarsaamheid en beskeidenheid wat altyd 'n kenmerk van bankinstellings moet wees" (Terry 1979: 41). Nuwe planne is opgestel en aanvaar en die nuwe gebou is op 19 Maart 1883 geopen (figuur 5.5).

Die gebou is Neo-Renaissance in styl, met die Grieks-Klassieke kenmerke duidelik waarneembaar. Dit het aanvanklik twee verdiepings gehad. Die hoofingang was agter vier Korintiese suile en 'n Griekse portiek van twee verdiepings hoog. Onder die dak van die portiek is twee beelde van vroue. Dubbele deure met sandspuiting op die glasruite daarvan lei na die

indrukwekkende grootsaal van die bank, onder 'n groot koepel. In die grootsaal is vergulde Korintiese suilhoofde tot teen die ryklik versierde plafon. Twee groot glasvensters beeld Britannia uit, soos op die Britse Ryk se munte voorgekom het.

Die portiek het 'n argitraaf met die bank se naam daarop, en 'n driehoekige pediment. Dit is aan drie kante omraam met 'n tandlys. Weerskante van die portiek is 'n balustrade bo-op die gebou se rand. Op die tweede verdieping was 'n hoër-geboude deel, effens breër as die portiek, met geboë vensters en swaar lyswerk. Bo-op was 'n toring van een verdieping hoog met 'n metaalkoepel. Heel bo-op die koepel was 'n beeld van Britannia met 'n vurk en 'n skild. 'n Soortgelyke hoër-geboude deel is aan die suidekant van die gebou bo die tweede verdieping gebou. Twee metaaltorings met Victoriaanse versierings was op die suidwestelike en noordwestelike hoeke van die gebou se dak.



Figuur 5.6: *Standard Bank se Adderleystraattak, circa 1884 (Foto: Standard Bank)*

Alhoewel die bank se raad van direkteure in die vroeë 1880's aangedui het dat 'n bankgebou altyd die eienskappe van spaarsamigheid en bescheidenheid moet weerspieël, het 'n inspeksieverslag van 1909 met trots na hierdie gebou verwys as [...] *massive and imposing* (SB Inspection report Kaapstad: 8/6/1909)

In 1919 is 'n uitvoerige vergroting van die gebou onderneem. Volgens 'n voormalige bankbeampte is aanvanklik beplan om die gebou met een verdieping te verhoog.



Figuur 5.7: *Standard Bank se Adderleystraattak, Kaapstad, na die byvoeg van twee verdiepings, circa 1923 (Foto: Standard Bank).*

'n Mededingende bank het egter 'n drieverdieping-gebou aan die ander kant van Adderleystraat opgerig en daar is besluit om Standard Bank se gebou tot vier verdiepings te verhoog (Conradie 2011: onderhoud). Dit is gedoen deur die hele koepel, met die standbeeld daarop, te lig en die twee bykomende verdiepings daaronder te bou. Daarna is die koepel teruggesit, ongeskonde behalwe vir 'n kraak in Britannia se skild.

Die twee Victoriaanse metaaltorings is nie teruggeplaas nie (figuur 5.7).

Pretoria

Die algemene bestuurder van Standard Bank het op 16 April 1877 aan Londen laat weet dat mnr Williams, 'n bankinspekteur, aangesê is om hom gereed te hou om van Kimberley na Pretoria te reis met die oog op die opening van 'n tak daar, omdat daar alle rede was om te glo dat die Transvaal binnekort Britse oppergesag (*supremacy*) sou erken (SB GMO 3/1/7 Letters to London 16/77: 16/3/1877 & 23/77: 20/4/1877).

Die anneksasie van Transvaal deur Theophilus Shepstone, namens die koningin van Brittanje, het op 12 April 1877 gevolg en Standard Bank se tak in Pretoria is die volgende maand geopen. Akkommodasie is gehuur van 'n mnr Marais en het bestaan uit een klein vertrek vir banksake en 'n aangrensende slaapkamer. 'n Jaar later is 'n nuutgeboude huis van mnr JC Preller gehuur op die suid-oostelike hoek van Kerkplein. 'n Komplekse proses van huur en koop van verskeie eiendomme uit likwidasies en ander het daartoe gelei dat die bank uiteindelik oor 'n deel van erf 414 aan die plein se suidekant beskik het (Conradie 1993: 21).

Die argiteksfirma Emley & Scott is opdrag gegee om 'n nuwe gebou vir die bank te ontwerp vir daardie perseel. Die gebou is in die Franse Barokstyl ontwerp en is in 1894 in gebruik geneem (figuur 5.8). Dit was 'n indrukwekkende gebou en is by voltooiing beskryf as [...] *one of the ornaments of Government Square* [...] (Conradie 1993: 21). Onder meer is dit versier met beeldhouwerk deur Anton van Wouw (Terry 1979: 121) Besigheid het toegeneem in Pretoria en teen 1926 was dié gebou, wat gelyk het soos 'n gebou in Parys, Frankryk, te klein vir die bank se behoeftes.

'n Verdere proses van verkryging, wat ook die terugkoop van 'n deel van 'n standplaas wat in 1894 deur die bank verkoop is, ingesluit het, het gevolg en teen 1929 het die bank oor 'n groot deel van die grond aan die suidekant van Kerkplein beskik. Die argiteksmaatskappy Stucke & Harrison is opdrag gegee om 'n geskikte gebou vir hierdie perseel te ontwerp. Dit was dieselfde maatskappy wat dekades vantevore die bank se tak in Commissionerstraat, Johannesburg, ontwerp het. Voorlopige planne vir die gebou op Kerkplein is in 1929 voltooi. Die ontwerp was vir 'n gebou in die Neo-Renaissancestyl, maar in 'n moderne weergawe daarvan. Standard Bank se eie, interne standaarde en vereistes vir 'n bank is deeglik in berekening gebring en die gebou is deur die bank beskryf as [...] *in accordance with and suitable to bank building practice and traditions* (Conradie 1993: 23).

Die bouproses was 'n uitgerekte een en die gebou is eers op 19 Junie 1933 in gebruik geneem (figure 5.9 en 5.10). In algemene voorkoms het die gebou, met 'n swaar rustieke basis, ooreenstemming getoon met 'n Florentynse kasteel. Anders as baie stadsgeboue wat tussen ander geboue inpas en net een fasade het, het hierdie gebou vier straataansigte wat van

mekaar verskil maar in ooreenstemmende grootsheid afgewerk is. Dit front noord en die hoofingang is aan daardie kant.



Figuur 5.8: *Standard Bank se gebou op Kerkplein, Pretoria. (Foto: Standard Bank. Hierdie foto is geneem gedurende die Britse koninklike besoek aan Suid-Afrika in 1947.)*

Die hoofingang is boogvormig met 'n dekoratiewe sluitsteen. Die ingang het twee groot, swaar deure met 'n latei en sierrooster daarbo, alles van brons. Bo die hoofingang is 'n latei wat op reusagtige voluut-stutarms van klip rus. Bokant hierdie latei strek 'n drieverdieping-hoë geboë venster, geset in brons. Die groot kroonlys aan die boonste deel van die gebou maak 'n boog bo-oor die venster en beklemtoon dit en die hoofingang (figuur 5.9).

Die boonste verdiepings is ryklik versier in die Ioniese bou-orde en met verandas (*loggias*). Ioniese kolomme ondersteun die verandas, wat aan die noordekant en op die noordoostelike en noordwestelike hoeke van die gebou is (figuur 5.8).

Aan die westekant van die gebou word die konsoles in ojiefvorm herhaal maar met die stutarms in twee pare saamgevoeg onder 'n latei. Bo die latei staan twee pare pilasters. Vyf verdere pilasters ten suide van hierdie twee pare, skei vyf vensters van mekaar (figuur 5.10). Anders as

by die Standard Bankgebou in Commissionerstraat, Johannesburg (figuur 5.13), is hier 'n totale afwesigheid van pedimente bo die vensters.



Figuur 5.9: Die Standard Bankgebou, Kerkplein, Pretoria. Noordfasade (Foto: IP de Swardt, 2006)



Figuur 5.10: Die Standard Bankgebou, Kerkplein, Pretoria. Wesfasade (Foto: IP de Swardt, 2006)

Ingange aan ander kante van die gebou het ook geboë ingange omring deur rustiekwerk en met dekoratiewe sluitstene in die middel van elke boog.

Die hysbakke het vereis dat 'n masjienkamer omtrent 6 meter bo die dak van die gebou moes uitstaan. In stede van dit te probeer verbloem, het die argitek besluit om dit 'n argitektoniese kenmerk van die gebou te maak. Dit is met Doriese suile en lyswerk 'n klassieke karakter gegee wat nie afbreek doen aan die karakter van die gebou as geheel nie (figuur 5.10). Die gebruik van Doriese suile op hierdie vlak is redelik ongewoon omdat die "ligter" ordes (Ionies en Korinties) gewoonlik op 'n hoër vlak en bokant die Doriese orde gebruik word.

Standard Bank het die gebou beskryf as [...] *a worthy monument, in the Capital City of the Union, to the stability and traditions of our Institution* [...] (Conradie 1993: 25).

In 1953 het Standard Bank se hoofkantoor na hierdie perseel in Pretoria verhuis. Sensitiewe aanbouings is gedoen wat nie afbreek gedoen het aan die oorspronklike gebou nie. Die bank het ook verseker dat 'n aangrensende onbeboude erf wat die bank verkoop het, nie in die

toekoms afbreuk sou doen aan die visuele impak van die gebou wat deur mnr Stucke van Stucke en Harrison ontwerp is nie (Conradie 1993: 30).

Johannesburg

Standard Bank in Johannesburg is ten nouste verbind met die ontdekking van goud aan die Rand in 1886. Met kenmerkende versigtigheid het die bank eers baie seker gemaak dat die goudneerslae lewensvatbaar is voor die bank daarby betrokke geraak het. 'n Bankbeampte, mnr DP Ross, is in 1886 gestuur om 'n tak aan die Rand te open, maar vanweë die goudstormloop was dit onmoontlik om akkommodasie te vind. President Kruger het tydelike kantore in die Goudkommissaris se kantoor aangebied, wat nie aanvaar is nie (Terry 1979: 169). Dié probleem is oorkom deur 'n seiltent (figuur 5.11) teen £10 te koop en op te rig op die plaas Randjeslaagte langs Ferreirakamp (Steyn & Antonie 2012: 57).



Figuur 5.11: 'n Kunstenaarsvoorstelling van Standard Bank se eerste besigheidsperseel op Randjeslaagte aan die Rand, 1886.
(Met erkenning aan Abe Berry)



Figuur 5.12: Standard Bank se eerste baksteengebou, in volksboukundige styl, aan die Rand, circa 1887 (Foto :Standard Bank)

Die bank het op 11 Oktober 1886 vanuit die tent begin funksioneer (Terry 1979: 169). Sestien maande later, teen Februarie 1888, kon die hoofbestuurder verslag doen: *Our business has increased with the growth of the gold industry and has not been much, if any, affected by the opposition banks except in the reduction of our rates [.]* (SB GMO 3/1/22 Letters to London: 6/2/1888).

Van die tent het die bank na 'n grasdakhuisie getrek wat beskou is as die eerste gebou van steen in die gebied. Later het die bank 'n perseel op Markplein gehuur en het vandaar na 'n gebou op Wehlstraat getrek, wat mettertyd beskou is as nie meer op die regte deel van Commissionerstraat nie. In 1902 is die Barnatogebou gekoop, op Commissioner-, Fox- en

Harrisonstrate. Verskeie argiteksmaatskappye is gevra om voorstelle voor te lê vir 'n gebou op hierdie perseel. In 'n brief aan die takbestuurder, Johannesburg, het die algemene bestuurder op 29 Mei 1903 onder meer geskryf dat die raad van direkteure in Londen al die argiteksmaatskappye se planne bestudeer het. Die planne van die maatskappy Stucke & Harrison is die mees aanvaarbare gevind. 'n Voorstel is deur die bank se bestuur gemaak ter verbetering van privaatheid, waarna die planne aanvaar is (SB GMO 22/03: 29/5/1903).

Die tydsgees aan die begin van die 20ste eeu in Johannesburg word moontlik ten beste in Lewcock se eie woorde beskryf:

Increasing ornateness characterised architecture [...] There were proliferations of gables, domes, dormer windows, spinals and finials, and encrustations of lace-like cast-iron ornaments in galleries, balconies and verandas (Lewcock 1970: 530).



Figuur 5.13: **Standard Bank se Commissionerstraattak in Johannesburg. Die eerste van die "bankpaleise" (Foto: Standard Bank)**



Figuur 5.14: Besonderhede van die argitektuur van Standard Bank se gebou in Commissionerstraat, Johannesburg (Foto: IP de Swardt, 2006).

Picton-Seymour het dit beskryf as:

By far the largest and most magnificent of the 'tent to palace' banking edifices in Johannesburg [...] Six storeys high, built partly of stone and partly of brick, this steel-framed building, clothed in the trappings of the Renaissance, was termed by the press 'Very bold and striking in concept [...] absolutely the finest premises devoted to banking yet erected in South Africa [the] design was considered another step upwards, towards the realisation of architectural progress in Johannesburg. It was said that the Standard Bank was one of only two [...] real pieces of architecture that Johannesburg possessed (Picton-Seymour 1989: 152).

Gedurende 1906 is konstruksie van die gebou vertraag deur 'n globale gebeurtenis. Op 18 Maart van daardie jaar het 'n sterk aardbewing San Francisco in Kalifornië getref en



Figuur 5.15: Noordoostelike ingang van die Standard Bankgebou, Commissionerstraat, Johannesburg (Foto: IP de Swardt, 2006)



Figuur 5.16: Besonderhede van argitektuur, oosfasade, Standard Bankgebou, Commissionerstraat, Johannesburg (Foto IP de Swardt, 2006)

80% van die stad verwoes. Die herbouing van daardie stad het só 'n vraag na yster veroorsaak dat daar 'n tekort in Suid-Afrika ontstaan het (Picton-Seymour 1989: 152).

Met die hoofingange op die hoeke van die gebou, het die gebou drie fasades. Die deure is groot, swaar en van brons en het groot boogingange. Swaar boogvormige lyswerk met tandlyste en baie versiering eindig bo twee pare suile met Ioniese suilhoofde weerskante van die deure. Bo-op die pediment gevorm deur die lyswerk, is twee menslike beelde in 'n lêende posisie wat onderskeidelik Handel en Geregtigheid uitbeeld. Tussen hulle is 'n skild in Art Nouveau-styl.

Die gebou is baie swierig, miskien selfs oordadig, versier. Die hoofaansigte kan rofweg, vir analitiese doeleindes, in ses vlakke verdeel word en is geskei deur lyswerk. Die onderste vlak, gelyk met die straat, is rustiek. Die volgende vlak, bo die rustiek, bevat die boonste gedeelte van die hoofingange en ander ingange en is relatief onversierd, met uitsondering van die versierde boonste boë en pedimente, bokant die ingange. Dit huisves ook 'n groot aantal boogvensters. Die derde vlak van onder bevat rye skuifraamvensters. Tussen die vensters is ryke versiering en bo elke venster is 'n dekoratiewe sluitsteen. Die vierde vlak van onder behels meer as een verdieping en is swaar versier. Op die geronde hoeke van die gebou, op hierdie vlak, is vlak gaanderye (*loggia*) en onmiddellik om die hoeke is balkonne, gestut op konsolle in die vorm van gebukkende mense. Die balkonne is nie reguit nie, maar vorm 'n halfboog in tipies Eduardianse styl, en het balustrades. Waar die balkonne en die hoofdeel van die gebou bymekaar kom, is twee Ioniese suile met lateie wat met dekoratiewe sluitstene verbind is. Direk daarbo is 'n verdere twee Ioniese suile met 'n pedimentboog daartussen en 'n swaar versierde pedimentboog met tandlys daarbo. Weerskante van die balkonne is rye vensters met afwisselende driehoek- en boogpedimente. Aan elke kant van elke venster is 'n Ioniese suil.

Tussen elke twee vensters is 'n groter Ioniese suil wat dubbel die hoogte van die suile langs die vensters is en die hele lengte van die vlak reik. Aan die voet van elkeen van hierdie suile is 'n vierkantige balkon. Die ruimte tussen die boonste dele van die grotersuile, bo die pedimente, bevat effens verskuilde vensters, elkeen in drie gedeel deur twee korter Ioniesesuile. Die vyfde vlak van onder het gaanderye op die geronde hoeke. Op die lang kante van die gebou is arkades gevorm deur Ioniese suilebundels van drie suile elk. Op die heel boonste vlak is vier koepelvormige geboutjies met driehoekpedimente en Ioniese suile op elkeen van die hoeke.

Verskeie balkonne word ondersteun deur konsoles in die vorm van tipiese gebukkende Atlas-figure. Beelde van mense is op baie plekke op die gebou aangebring, die meeste daarvan gemaak deur Carlo Marega. Marega is in die 1870's in Triëst, Italië gebore en het in Zurich en Weenen gestudeer. Hy het vroeg in die 20ste eeu na Suid-Afrika gekom en onder meer saam met Anton van Wouw gewerk. In 1909 het hy na Vancouver verhuis, waar hy talle geboue oor drie dekades met sy beeldhouwerke versier het en as Charles Marega bekendheid verwerf het (Chipkin 2008: 43).

5.4.3 Die Barok en Neo-Barokstyle

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy stellings téén die bestaande orde in die kerk teen die deur van die kerkgebou in Wittenberg vasgeslaan (Ergang 1967: 185). Die kerlike reformasie was aan die gang. Reeds voor daardie datum was daar groot wedywering tussen Katolieke en Protestante, maar hierdie was 'n keerpunt (Trombley 2011: 96 - 97). Die Hervormingsbeweging het die Katolieke Kerk mettertyd groot skade aangedoen en die Barokstyl was deel van die terugvegpogings om die Kerk se aansien en mag te herstel. Saam met uitgebreide preek- en werwingswerk en opleiding deur veral militante Katolieke ordes soos die Jesuïte, is kerkargitektuur omvorm om meer aanskoulik, meer ontsagwekkend, te wees. Dit moes mense daarop wys dat die Katolieke Kerk steeds ryk, magtig en leidinggewend was. Glancey voer aan: *Baroque architecture was a means of propagating faith* (2006: 306).

Daar was verskillende vertakkinge van die Barok in Europa in die 16de eeu. Veral die Barok van die Katolieke lande in die suide van Europa word deur baie gesien as oordadig.

In sommige lande het die Renaissance langer geduur as in ander. Die oorgang van Renaissance na Barok het in Italië "byna oornag" gekom. Anders as die uitbundige Barok van Suid-Duitsland, Oostenryk en Vlaandere, het die Nederlandse Barok na aan die Klassisisme van die Renaissance gebly. Dit is wel in Noord-Holland as binneversiering aangewend (Fransen 2004: 17).

Geruime tyd later as in Europa het aspekte van die Barokstyl ook aan die Kaap in die argitektuur posgevat. Die tipiese holbol-gewel wat van die middel van die 18de eeu in Kaaps-

Hollandse geboue aangetref word, bevat elemente van die Barok. Die teenoorstelling van in- en uitswaaiende kurwes op die gewel is tipies van die Barokstyl. Ook gekartelde skoorstene en balustrades is Barokelemente. Benewens die argitektuur het die styl ook sterk in meubels en silwerware gemanifesteer (Fransen 2004: 17). Dit het in ongeveer 1650 ontstaan en is teen ongeveer 1790 grotendeels deur die Neo-Klassieke styl vervang.

Stylelemente wat by geboue in die Barokstyl waargeneem is, sluit die volgende in:

- groot koepels
- gekartelde skoorstene
- oorweldigende versiering
- engele, gerubs en beelde
- gebruik van massiewe skilderye
- reguit lyne vervang deur gekurfde lyne
- die illusie van beweging is verkry deur die aanwending van 'n derde dimensie
- die derde dimensie is in sowel die versiering as die vorm van die gebou aangewend
- versiering en beelde wat, volgens Glancey (2006: 308), soms gegrens het aan die erotiese

5.4.3.1 Die tydsgees waarin die Barok ontstaan het.

Die Katolieke Kerk in Europa was aan die einde van die 16de eeu aan die herstel van die skade wat hervorming aan die kerk gedoen het. Aggressiewe ordes binne die kerk, veral die Jesuïte, het hul ten doel gestel om die skade te herstel en die kerk se aansien weer op te bou. Hulle het al die kunste ingespan om die sogenaamde blye boodskap van redding vir die mens uitbundig uit te dra. Die Barokstyl was deel hiervan (Sutton 1999: 168). Die groei daarvan kan in 'n groot mate aan Lodewyk XIV van Frankryk toegeskryf word. Hy was 'n self-gesentreerde en outoritêre heerser (Ergang 1967: 38), maar het argitektuur, wetenskap en die kunste bevorder. Hy het homself beskou as 'n semi-god en het hom omring met weelde, prag en praal (Gympel 1996: 56). Sy hof is beskryf as van 'n standaard wat deur die koningshuise van Europa nageboots is (Ergang 1967: 458). Hy het die Barokstyl doelbewus bevorder om sy persoonlike aansien, mag en welvaart uit te beeld (Gympel 1996: 58).

5.4.3.2 Standard Bankgeboue met Barokelemente

Suid-Afrika se blootstelling aan die Westerse kultuur het gekom kort ná die Barokstyl in Europa begin het. Daar was dus heelwat blootstelling aan die styl, hoewel later as in Europa. Hoewel daar nie grootse Barokgeboue aan die Kaap gebou is nie, het die Barokstyl tog sterk tot uiting gekom binne die Kaaps-Hollandse boustyl.

In 1893 het Standard Bank die eiendom van die Nationale Boeren Winkel op Kerkplein in Pretoria uit 'n likwidasie verkry en die Argitek Emley en Scott opdrag gegee om 'n gebou vir

die perseel te ontwerp. Die ontwerp het sterk elemente van die Franse Barok getoon (Figuur 5.17). Dit is in 1954 gesloop.



Figuur 5.17: *Standard Bankgebou op Kerkplein, Pretoria. Dit is in 1893 deur argitekte Emley en Scott ontwerp met Franse Barok-elemente en in 1954 afgebreek om plek te maak vir 'n nuwe bankgebou (Foto: Standard Bank)*

Die gebou is op tipies Barok-wyse in drie dele verdeel en dimensies is aan die fasade verleen. Die grondvlak het die hoofingang gevestig, wat Barok in konsep was, met 'n driehoekpediment, gesteun op Toskaanse pilasters. In die pediment was 'n engelebeeld deur Anton van Wouw. Aan elke kant van die hoofingang was drie skuifraamvensters, elk met 'n dekoratiewe sluitsteen daarbo. Om verdere dimensies te verskaf, is die hoofingang en die twee vensters onmiddellik langs die hoofingang effens verder teruggesit van die res van die fasade. Aan die onderkant van elke venster was 'n reguit vensterbank, gestut op twee draagarms elk. Die hele grondvlak het 'n rustiekafwerking gehad. Al hierdie elemente het verdere vlakke aan die vooraansig van die gebou verskaf.

Die tweede vlak van onder is deur 'n eenvoudige, maar redelik swaar lys van die onderste deel geskei. Hierdie lys was op dieselfde hoogte as die pediment se kroonlys en het die teruggesitte vlak van die middeldeel van die fasade gevolg. Bo die pediment en hoofingang was drie ronde balkonne met geskulpde uitbouings onder. Die balkonne was in drie ovaalvormige openinge met dekoratiewe sluitstene en het Neo-Barok balustrades gehad. Hulle was ook in die teruggesitte deel en reg in lyn met die onderste vensters en die pediment. Weerskante van die middelste balkon was twee ligkleurige Korintiese pilasters en die oppervlak was versier met

blaarmotiewe. Op die dele wat effens na vore gesit is, was twee vensters aan elke kant, elk met 'n eie reguit balkon met balustrade, gestut op twee draagarms elk. Die tweede deel van die fasade was van rooi baksteen gebou en die hoeke daarvan, beide aan die buitekant van die gebou en waar die vlakverandering na die middelste deel was, het hoekrustiek (*quoining*) gehad.

Die derde deel van die fasade, die dakgedeelte, is van die tweede geskei deur 'n sterk tandlys wat die gebou omring het. Dit het 'n dubbele borswering gehad, die onderste met balustrade en die naam van die bank. Die heel boonste deel was 'n gekurfde Mansarddak met dubbele borswering.

Tipies van die Barok, was die gebou effens teatraal, maar strelend in voorkoms. Dit is in 1954 afgebreek. Die engelebeeld deur Anton van Wouw is deur dr Willem Punt gered en dit is deur Standard Bank aan die Transvaal Museum geskenk (Conradie 1993: 29).

5.4.4 Die Kaaps-Hollandse boustyl

Kort ná Van Riebeeck se landing aan die Kaap in 1652, skryf Phillida Brooke Simons, het die Kaap nie eens 'n naam gehad nie. "Het Vlek van de Caab" het die mense die handjievol huise genoem wat saamgebondel was tussen die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie se nuut-aangeplante tuin en die boog van Tafelbaai. Die huise was eenvoudig, gewoonlik drie vertrekke in 'n ry met hul vooraansig na die enkele straat, hul styl rietdakke op balke gestut. Hulle was sowat ses meter diep; geen fondamente is gegrawe nie en geen vogwering is aangebring nie. Die mure, wat uit dik puin, klei of, later, songebrande stene bestaan het, is met growwe pleister en muurkalk beskerm, wat die sagte wit skakering gegee het. Omgewingsfaktore soos die algemene tekort aan boumateriaal het grootliks die bou en meubilering van die vroeë huise bepaal (Simons 1987: 9).

Soos by alle ander boustyl, het die Kaaps-Hollandse boustyl as kultuurproduk binne en vanuit 'n bepaalde tydsgees ontwikkel in reaksie op die eise, verwagtings en behoeftes van daardie tyd. Die tydsgees waarin die Kaaps-Hollandse styl ontwikkel het, wat vir die doeleindes van hierdie studie gereken word as tussen 1652 en die tweede helfte van die 19de eeu, was 'n tyd van ontwikkeling en verandering.

Die vroeë jare is gekenmerk deur 'n behoefte aan sekuriteit en redelik basiese skuiling ter wille van oorlewing. Van Riebeeck se personeel was in die eerste jare na 1652 onder meer verantwoordelik vir die maak van stene en die bou van die fort, die graaf van waterslote, die spit, ploeg, saai en oes van groente en gewasse en die oprig van die eerste huise. Die eise op arbeidsgebied gestel, was meer as waaraan die beperkte aantal ondervoede, dikwels siek en ongemotiveerde Europeërs kon voldoen (Godée Molsbergen 1968: 53, 54).

Die plaaslike inboorlinge (Khoekhoen) was nie daarin geïnteresseerd om fisiese arbeid vir die kloniste te verskaf nie. *Van Riebeeck had not been able to induce these herdsman to labour as the Europeans did* (Boëseken 1977: 5). Die Europese werkers was klaarblyklik nie van die mees hardwerkendes nie: Godeé Molsbergen skryf baie van hulle was so onbekwaam, of het hulle só onbekwaam voorgedoen, dat daar in 1653 van hulle uit die diens van die kompanjie ontslaan en na Nederland teruggestuur is (Godeé Molsbergen 1968: 53). Boonop was die Europeërs onbekend met plaaslike klimaats- en ander omstandighede en daar was aanvanklik min ambagslui onder hulle.

Boumateriale van Nederland gebring was ongeskik en onvoldoende (Lewcock 1970: 506). Teen die begin van Junie 1652, in die Kaapse Winter, het Van Riebeeck en sy gesin steeds in 'n tent gewoon (Godeé Molsbergen 1968: 55). Ook voedselproduksie was 'n probleem. Verwagtings oor wat met intensiewe boerderymetodes ten opsigte van voedselverbouing vermag sou kon word, het geblyk onrealisties te wees (Guelke 1990: 69). Soms was die garnisoen aan die Kaap so swak van ondervoeding dat enige vyand die fort sonder moeite sou kon oorneem. Die voedselskaarste was só erg dat selfs 'n dooie bobbejaan wat naby die fort gevind is, geëet is (Fisher 1969: 7). Swaar winterreëns het die opkomende gesaaides gedurende die eerste winter in die Kaap laat wegspoel en het bygedra tot siektes.

Teen Junie 1652 was van die 116 Europeërs nog net 60 gesond (Godeé Molsbergen 1968: 56). En dan was daar die wind. Van Riebeeck het geskryf: *In de gansche werelt can't soo hard niet wayen als deze Z-oostenwint hier doet* (Godeé Molsbergen 1968: 71). Die eerste jare was 'n stryd om fisiese oorlewing. Van Riebeeck het aan die Here XVII voorgestel dat amptenare vrygestel word om voedsel te verbou. Dit is in 1657 gedoen, wat die eerste Europese grondbesittersklas in Suid-Afrika geskep het (Van Aswegen 1989: 85). Ook hier het kulturele realiteite 'n rol gespeel. Op tasbare gebied was daar net een ploeg beskikbaar vir die gebruik van die eerste nege Vryburgers en party van hulle moes sonder 'n ploeg klaarkom terwyl een van Nederland bestel is (De Bosdari 1971: 11). Daar was by Van Riebeeck se aankoms geen wa om vrag op te vervoer nie. Op nie-tasbare gebied was een van die probleme dat die Vryburgers meestal onkundige voormalige Kompanjiesamptenare was en nie opgeleide of ervare boere nie. Hulle was glad nie bekend met die Kaapse bodemgesteldheid nie (Van Aswegen 1989: 92).

De Bosdari skryf dat daar in die eerste halfeeue ná Van Riebeeck se aankoms, met uitsondering van geboue vir regeringsdoeleindes, bitter min noemenswaardige bouwerk aan die Kaap gedoen is. Die oorspronklike Groot Constantia (in 1692 gebou sonder gewels en baie kleiner as die huidige gebou), was die uitsondering (De Bosdari 1971: 11). Maar die Hollandse bevolking het aangegroei en die sukkel-jare is grotendeels oorkom. Kapenaars het meer welvarend

geword en families het aangegroei, sodat dit nodig geword het om baie van die oorspronklike langwerpige huise te vergroot en geriefliker te maak. Die huise in die dorpe het gewoonlik die hele straatfront van die erwe vol gestaan en die moontlikheid om na die sykante uit te brei, uitgeskakel. Aanbouings is dus na agter gedoen. Dikwels is 'n kombuisafdak aangebou, wat die huis 'n L-vorm gegee het. Later is nog 'n vertrek aan die ander kant aangebou, wat die huis in U-vorm gegee het. Die U-vorm huis het die norm geword in Kaapstad (Simons 2000: 9). Op die Kaapse vlakte het die T-vorm huis ontwikkel, waarvan die leef- en slaapkamers aan die straat se kant en die kombuis in die agterste vleuel was. Vroeg in die 18de eeu het die H-vorm huis ontstaan. Willem Adriaan van der Stel se huis op die plaas Vergelegen in die Hottentots-Holland was die eerste bekende voorbeeld van hierdie vloerplan in huise. Hoewel hierdie "letter van die alfabet"- vloerplanne die algemene gebruik was en onafskeidbaar met hierdie huise verbind word, was daar uiteraard afwykings, veral by huise met latere aanbouings (Simons 1987: 12).

Die Kaapse weer het die beskerming van boustene vereis en dit is gedoen deur die mure met kalkpleister, gemaak van 'n mengsel van spoelsand en gebrande skulp, af te wit (Biermann 1955: 29).

'n Ander kenmerk van die Kaaps-Hollandse geboue was die gewels. Die eerste voorgewels was waarskynlik bloot prakties en het 'n ruimte bo die voordeur geskep waar 'n venster ingebou kon word om lig in die solder in te laat. Verder het die voorgeweltjie verhoed dat reënwater reg voor die voordeur afdrup of dat vallende en brandende riet en stukke van die dak, in die geval van brand, die uitgang by die deur in gevaar stel. Uit hierdie geweltjie, meen Simons, het die groter gewel in die middel van die voorste muur van die Kaapse huis ontwikkel. Dit is grootliks geïnspireer deur die Middeleeuse dorpshuise van Nederland, meen sy, maar dit was aan die Kaap waar die siergewels tot hul volle wasdom gekom het (Simons 1987: 13).

Fransen en Cook neem sterk standpunt in teen 'n siening dat die voorgewel dié uitstaande kenmerk van die Kaaps-Hollandse styl is. Hulle beskryf die Kaaps-Hollandse geboue soos volg:

[.] thatched roofs (now often replaced by corrugated iron), thick walls of any available material, plastered and lime-washed on both sides and have domino-like ground-plans consisting of room added onto room in a single row or with wings added at the back, nearly always with a roof span of 20 ft and with a uniform ridge height for front row and back wings. It is this construction and ground-plan that is characteristic; the centre gables, although often regarded as the outstanding feature of the Cape Dutch style, are mere ornaments (Fransen & Cook 1965: vii).

'n Gebou hoef volgens hulle dus nie 'n gewel te hê om Kaaps-Hollands te wees nie en baie geboue is volgens Fransen en Cook Kaaps-Hollands, hoewel hulle geen voorgewels het of

meer het nie. Daar bestaan vandag Kaaps-Hollandse geboue wat nie gewels het nie en onteenseglik Kaaps-Hollands in karakter is, soos Fransen en Cook tereg aanvoer. Kaaps-Hollandse geboue is nie eenvormig en identies nie, maar bevat meestal verskeie stylkenmerke. As die gewel die enigste Kaaps-Hollandse stylkenmerk aan 'n gebou sou wees, sal die wegneem daarvan die gebou volksboukundig van aard maak. As die gebou egter ander Kaaps-Hollandse stylkenmerke het, sal die verlies van die gewel dit steeds as Kaaps-Hollandse gebou kan laat. Die voorgewel is dus nie 'n vereiste om dit "Kaaps-Hollands" te maak nie maar is wel 'n uiters belangrike element. Meer onlangs word die term "Kaaps" eerder vir hierdie tipe geboue gebruik. Dit moet egter nie verwar word met die laat 18de- en 19de-eeuse platdakverdiepinghuise wat sterk Neo-Klassieke kenmerke toon nie.

Die gewels toon ooreenkomste met gewels in verskeie ander wêrelddele en het al aanleiding gegee tot groot meningsverskil oor waar die sterkste invloed vandaan gekom het.

Groot veranderinge het tydens die eerste eeu na Van Riebeeck se landing aan die Kaap ingetree. Die nedersetting het verander van 'n klompie amptenare wat tydelik 'n taak aan die Kaap moes verrig vir die Kompanjie tot 'n meer gevestigde, permanente gemeenskap wat eise gestel het oor die bestuur van hul gemeenskap en wat bereid was om in die openbaar op te tree om hul sienings te probeer afdwing of minstens rugbaar te maak. Hierdie optredes het tot laat in die 18de eeu altyd 'n ekonomiese basis gehad en is veroorsaak deur die optrede van die Kompanjie en amptenare van die Kompanjie (Scholtz Deel 1 1967: 221). In Maart 1707 het 'n jongman van Stellenbosch, Hendrik Biebouw, homself 'n Afrikaner genoem (Giliomee 2003: 22), 'n aanduiding van 'n vereenselwiging van die setlaars met die kontinent en van die permanentheid van hul verblyf. Met die aankoms van Simon van der Stel in 1679 is die kolonie uitgebrei. Stellenbosch, Drakenstein, Paarl, Franschhoek, Tijgerberg, Wagenmakers Vallei, die Land van Waveren en die Paardeberg is oopgestel vir bewoning en veel groter grondtoekennings is gemaak (Elphick & Giliomee 1990: 74). Die gemeenskap was nie meer tydelik nie. Die diens tydperk van WA van der Stel, as Goewerneur van 1699 tot 1707, het 'n eensgesinde versetbeweging by die Vryburgers veroorsaak en het uiteindelik gelei tot wat CFJ Muller die Vryburgers se oorwinning oor die amptenary genoem het. Nadat WA van der Stel, die Sekunde, die landdros en die predikant teruggeroep is na Nederland, het die toekoms meer hoopvol gelyk vir die voormalige Europeërs wat hulle as permanente vrye burgers aan die suidpunt van die Afrikakontinent gevestig het (Muller 1981: 48).

In die middel van die 1750's het 'n vlag van voorspoed die Kaap getref. Dit het gelei tot 'n bloeitydperk in gewelbouwerk in die Boland. Daar was toe ook al 'n gevestigde bevolking met geen planne om na Nederland terug te keer nie en genoegsame bouers, ambagsmanne en boumateriaal. Van hulle was onderleg in stukadoorswerk (Simons 1987: 13).

Fransen dui aan dat die Kaaps-Hollandse boustyl al beskryf is as die belangrikste bydrae wat Suid-Afrika gemaak het tot wêreldargitektuur, of selfs wêreldkultuur (Fransen 2006: 8). Fransen en Cook verwys na 'n beskrywing daarvan as die mooiste huisargitektuur in die wêreld (Fransen & Cook 1965: 15). Greig maak die stelling:

[.] the Cape Dutch vernacular which has become a distinctive national symbol of architectural achievement, still brings the most delight. [...] it attained an extraordinary original character of its own and, while fulfilling the needs of the people it housed, achieved a wonderful affinity with its surroundings. These excellent qualities evoke a beauty which never fails to touch the hearts of those who see it and make it South Africa's unique contribution to architecture (1971: 18).

Simons se mening is dat die tradisionele Kaapse huis met sy rietdak, die simmetrie van sy vooraansig en, "bo alles, sy trotse gewel" beide argitektonies en esteties strelend is (1987: 14).

Die Kaaps-Hollandse boustyl en die boukuns in die algemeen is aangetas deur die Britse oorname van die Kaap rondom die begin van die 19de eeu en teen 1845 het nuwe boumetodes dit moontlik gemaak om dakke oor groter vertrekke te sit en om vierkantige huise te bou. Dit het grotendeels die einde van die Kaap-Hollandse tydperk in die argitektuur van die Kaap tot gevolg gehad (Fransen & Cook 1965: vii).

Kenmerke van die Kaaps-Hollandse styl het die volgende ingesluit:

- rietdak
- entgewels
- simmetrie
- breë fasade
- afgewitte mure
- voorgewel bo voordeur
- stoep volle lengte van die fasade
- voordeur in middel met versierde bolig
- vensterluike in natuurlike kleur of groen geverf
- vensters binne skuiframe verdeel in klein ruitjies met ruitstafies
- een en 'n halwe of twee en 'n halwe vensters weerskante van die voordeur (Burden: 2005: 1)

5.4.4.1 Die tydsgees waarin die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl ontstaan het

Greig maak die stelling dat die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl aan die einde van die 19de eeu begin het (1971: 18). Die koms van Herbert Baker na Suid-Afrika in die 1890's en die dokumenteringswerk van Alys Fane Trotter vanaf 1896 was belangrike gebeurtenisse in dié verband, maar die groot opbloei in die herlewing was vroeg in die 20ste eeu. Dit het gebeur binne 'n bepaalde tydsgees, wat deur verskillende faktore gevorm is en wat ondersteun is deur die feit dat genoegsame voorbeelde van die oorspronklike styl, sowel as kennis daarvan, en openbare belangstelling dit moontlik gemaak het.

Alys Fane Trotter het in 1896 van Brittanje in Kaapstad aangekom en 'n belangstelling in die Kaaps-Hollandse boustyl ontwikkel. Sy het 'n uitvoerige studie daarvan gemaak waartydens sy onder meer in die skiereiland en Boland rondgegaan het om geboue in die styl te identifiseer, te skets en te beskryf. In 1900 is haar boek oor die onderwerp *Old colonial houses of the Cape of Good Hope* gepubliseer. Herbert Baker het 'n hoofstuk bygedra oor die oorsprong van die styl. In dieselfde jaar is 'n artikel oor die Kaaps-Hollandse styl deur die argitek Arthur Henry Reid in die *Architectural Review* gepubliseer. 'n Artikel met sketse het in 1901 in die Britse tydskrif *Bungalows and Country Residences* verskyn, waarin na die styl as the *Boer style* verwys is. In 1903 het Trotter 'n tweede boek oor die Kaapse argitektuur gepubliseer onder die titel *Old Cape Colony, a chronicle of her men and houses 1652 tot 1806*. Joseph Michael Solomon het in 1911 'n artikel oor die boustyl vir die tydskrif *African Architect* geskryf en Reid het in 1916 'n verdere artikel in die *Studio Yearbook of Decorative Art* gepubliseer (Albertyn 1992: 185). Die Kaaps-Hollandse boustyl is dus lank gelede reeds erken en beskryf as 'n afsonderlike en unieke boustyl.

'n Baie groot bydrae tot die herlewing van die Kaaps-Hollandse boustyl is deur Herbert Baker en Cecil John Rhodes gemaak.

Daar was ook ander faktore wat bygedra het tot die Kaaps-Hollandse herlewing. Een daarvan was die opkoms van Afrikanernasionalisme.

Aan die einde van Desember 1895 het dr LS Jameson die Transvaal met 'n eenheid van die Rhodesiese Polisie ingeval, onder die voorwendsel dat dit op versoek van die Uitlanders in Johannesburg was. Die beplande inval was 'n totale mislukking (Giliomee & Mbega 2007: 207). Farwell noem dit 'n fiasko (1976: 23).

Die mislukte Jameson-inval het groot skok en verontwaardiging in Suid-Afrikaanse en internasionale politieke kringe veroorsaak. In sy biografie van die skryfster ME Rothmann, haal haar biograaf 'n skrywe van haar soos volg aan:

[.] *Afrikaners oor die hele Suid-Afrika het die nuus van die inval met verontwaardiging ontvang. [.] 'n Gevolg van die inval was dat die kwykende Afrikanernasionalisme oral nuwe lewe gekry het. Afrikaanse studente wat in Engels studeer en onderling gekommunikeer het, was tuis in die Engelse kultuur en atmosfeer. Toe kom die Jameson-inval en keer die hele loop van die stroom. Die Jameson-inval het soos 'n weerligseurslag gewys waarheen ons gelei word tot ontkenning van ons eie aard en wese, en om dit te vervang deur 'n namaaksel van die aard en wese van 'n ander volk; om iets vals en nutteloos te word.* (Steyn 2004: 15).

Lacour-Gayet beskryf die resultaat van die Jameson-inval as aanleiding tot

[.] *redoubled mistrust on Kruger's part and ill-concealed rancour on Chamberlain's part [.] Afrikaners and British were more antagonistic to one another than they had been since the Great Trek - such were the psychological results of the lamentable Raid* (1977: 179).

Standard Bank se takbestuurder in Pretoria in 1896 het verslag gedoen dat die Boere se verontwaardiging nie in woorde uitgedruk kon word nie. Hy was die voorafgaande vyftien jaar in Transvaal en het nooit sulke "rassehaat" gesien nie. Die president van Transvaal het volgens hom moeite gehad om sy eie mense in bedwang te hou (Terry 1979: 184).

JC Smuts junior dui aan dat die resultate van die inval baie ernstig en verreikend was, omdat verskeie van die Ryk se mees senior mense, soos die Britse Hoë Kommissaris in Kaapstad, die Britse Premier en die koloniale sekretaris, Joseph Chamberlain, direk daarby betrokke was. Hy vervolg: *Racialism flamed in the Cape, and the Transvaal and Free State Republics were driven into each others arms. The raid was to echo across the world and across the years* (Smuts 1952: 35). René Krause, biograaf van generaal JC Smuts, beskryf Smuts se gevoel oor die Jameson-inval:

[.] *to Smuts it was the greatest betrayal since Judas' kiss. [.] The Cambridge man disappeared. In his place surged the male whose tribe had been injured. Smuts was no longer a dreamer of a South Africa; he felt a Boer of the Boers [.]* (Kraus 1944: 45).

Smuts self het gesê: *In die groot stryd tussen Boer en Brit was die Jameson-inval die werklike oorlogsverklaring* (Pakenham 1981: 9).

Na die inval het die tweede Anglo-Boereoorlog gevolg, met sy verskroeide aarde-beleid wat alles verwoes het; die grootskaalse sterfgevalle onder veral vrouens en kinders, en die onbeskryflike hongersnood en armoede daarna. Selfhelp en volkshulpprogramme het noodsaaklik geword. Die Engelse predikantsdogter uit Cornwallis in Brittanje, Emily Hobhouse, het hierin 'n leidende rol gespeel en 'n volksheldin onder Afrikaners geword. Haar reise en

verslae daaroor het tot gevolg gehad dat die uiterste omstandighede van Afrikaners en swart mense na die oorlog van 1899 tot 1902 rugbaar geword en gedokumenteer is.

Die Transvaalse kolonie se grondwet, soos goedgekeur na die oorlog, is deur AMS Methuen beskryf as *clearly framed in the interests of the mine-owners and against the Dutch*. Methuen het baie ander besware teen Milner en die Britse regering se hantering van die vrede na die oorlog geopper en het verskeie aspekte daarvan as *unjust and an outrage on the whole Dutch population of South Africa*, beskryf. Generaal JC Smuts, eerste minister van Suid-Afrika se waarskuwing by die Vrede van Versailles na afloop van die Eerste Wêreldoorlog was soos 'n eggo van Methuen se woorde oor die vrede na die oorlog van 1899 tot 1902. Methuen het gewaarsku:

To those who know the character of South Africans, whether they be Dutch or whether they be English, the mere statement of this policy carries its own condemnation. The folly is not only ludicrous but tragical. We are treating the Boers and the European settlers as if they were naughty children, forgetting that the Boers possessed a constitution of which we deprived them, and that the Europeans have come from free countries. [...] We have fallen into the error of errors: we have consolidated the whole Dutch population of South Africa by enforcing upon them a grievance of race and blood (Methuen 1905: 145-148).

Al hierdie faktore het regstreeks in verband gestaan met die opkoms van die tydsgees van Afrikanernasionalisme. Na die onsuksesvolle Rebelle van 1914 is Afrikaner-volkshelde gevangenisstraf en swaar boetes opgelê. Generaal CR de Wet is 'n boete van £2 000 en ses jaar gevangenisstraf opgelê. Hy en ander rebelleiers het groot private eise vir skadevergoeding in die gesig gestaar. Die Helpmekaar Vereniging is daarop gestig om geld in te samel om die boetes en die skadevergoedingseise teen die rebelleiers te betaal. Die versoeke vir geld was baie suksesvol en uit die geldinsamelingsaksies het 'n gees van samehorigheid en trots, in teenreaksie op Engelse jingoïsme en meerderwaardige optrede, ontstaan. Giliomee wys daarop dat die geld ingesamel en die surplus wat gebruik is om Afrikanerbelange te bevorder, nie die enigste belangrike resultaat van die Helpmekaar-beweging was nie. *As important as the funds collected was the enormous sense of self-empowerment and achievement that resulted* (Giliomee 2003: 386).

Bykomende faktore het bygedra tot die opkoms van Afrikanernasionalisme en die tydsgees, wat nie vir die doel van hierdie studie van fundamentele belang is nie.

Die opkoms van Afrikanernasionalisme het die nodigheid van simbole vir 'n "volksmite" geskep en die Kaaps-Hollandse boustyl is gesien as iets moois en goed uit die nie-Engelse verlede. 'n Nuwe belangstelling in dié styl was die resultaat. Dit is ironies dat Britte, by name Alys Fane

Trotter, Arthur Henry Reid, Cecil John Rhodes, Herbert Baker en ander, die grootste bydrae gelewer het tot die intellektuele herlewing van die Kaaps-Hollandse styl en dat die konflik tussen Boer en Brit, beide militêr en kultureel, indirek bygedra het tot die herlewing daarvan.

Die Kaaps-Hollandse herlewingstyl is in die eerste dekades van die 20ste eeu wyd aangewend in residensiële argitektuur en by openbare geboue soos howe, poskantore, treinstasies, burgersentrums en opvoedkundige inrigtings. By die herlewingstyl is die gewel die uitstaande kenmerk (Albertyn 1992: 189).

5.4.4.2 Standard Bankgeboue in die Kaaps-Hollandse en Kaaps-Hollandse

Herlewingstyle

Fotografie het by die koms van Standard Bank na Suid-Afrika reeds bestaan, maar geen fotografiese of skriftelike bewys kon in die geraadpleegde bronne gevind word van die gebruik van geboue in die Kaaps-Hollandse styl deur die bank nie.

Bankgeboue in die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl was redelik algemeen. Weens die eklektiese aard van elkeen, is dit moeilik om 'n werklik verteenwoordigende groep saam te stel. Die onderstaande is uiteenlopende voorbeelde van Standard Bankgeboue in die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl.




Figuur 5.18: Die Standard Bankgebou, Greylingstad, circa 1950 (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.19: Die Standard Bankgebou in Prins Albert (Foto: Standard Bank)

Bewys kon nie gevind word dat die gebou wat Standard Bank in Greylingstad gebruik het nog bestaan nie. Dit word nie meer deur die bank gebruik nie. Dit het twee holbolgewels gehad maar die bevenstering en die lyste bo die deure wat op ojiefarms rus, was meer Georgiëans as Kaaps-Hollandse Herlewingstyl (figuur 5.18).

Die gebou op Prins Albert (figuur 5.19) is deur Herbert Baker ontwerp en word tans as kantore gebruik. Dit het twee gewels van buitengewone formaat langs mekaar aan die oostekant van die gebou, met een gewel van dieselfde buitengewone vorm aan die bestuurderswoning, wat langs die hoofgebou is. Die dubbele gewel van die bank herinner aan die twee boggels op 'n kameel se rug. Die argitekskoste was £65. Dit is deur 'n bankinspekteur beskryf as goed geleë, met 'n aantreklike voorkoms en in 'n styl wat goed harmonieer met nabygeleë geboue. Hy het bygevoeg dat die inrigting van die bank onnodig swierig is vir so 'n klein plattelandse tak. Die £18 wat betaal is vir 'n kliënterusbank van djatihout (*teak* - *Tectona grandis*) is na sy mening veral buitensporig (SB Inspection report Prins Albert: 18/10/1904).



Figuur 5.20: Die Standard Bankgebou, Maseru, 1913 (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.21: Die Standard Bankgebou, Malmesbury, 1905 (Foto: Standard Bank)

Die Standard Bank se gebou in Maseru, wat nog bestaan, het duidelike Kaaps-Hollandse Herlewings-elemente in die geprofileerde holbolgewel. Die res van die gebou dra onmiskenbare Victoriaanse elemente. Verdere interessanthede is dat die boumateriaal 'n sekere gebondenheid aan die sandsteenberge van die omgewing toon en dat die hoofingang van die bank in die gewelgedeelte is. In die Victoriaanse tyd is die hoofingange van besigheidsgeboue dikwels op 'n hoek geplaas. Die afleiding word gemaak dat die deel agter die gewel die bankgedeelte gehuisves het en dat die meer Victoriaanse gedeelte aan die linkerkant die bestuurderswoning was.

Die gebou in Malmesbury is onmiskenbaar in die Kaaps-Hollandse Herlewingsstyl en steeds in gebruik. Met die datum 1905 daar op, is dit 'n vroeë voorbeeld van die styl.

5.4.5 Die Georgiïse boustyl

Deur 'n ongewone sameloop van omstandighede het Brittanje tussen 1714 en 1830 vier agtereenvolgende konings met die naam George gehad. Die argitektuurstyl wat in Brittanje en Suid-Afrika met hierdie era vereenselwig word, het gevolg op die Engelse Barok van sir Christopher Wren, sir John Vanburgh, Thomas Archer en ander. Dit het elemente van die

Paladiaanse, Gotiese en Britse weergawe van Rococo bevat. Vanaf die 1760's was klassieke elemente gewild. Simmetrie en reëlmatigheid van patroon was van die belangrike kenmerke van die era. In stadstrate was eenvormigheid van vooraansigte ook van belang (<https://global.brittanica.com/art/Georgian-style>).

Die Georgiaanse boustyl het na die tweede Britse besetting van die Kaap ook na Suid-Afrika gekom en is veral versterk deur die aankoms in 1820 van tussen 4 000 en 5 000 Britse setlaars (Lewcock 1963: 131).

Koning George III het gesondheidsprobleme ondervind, wat beskou is as kranksinnigheid, maar wat waarskynlik *porphyria* was. Sy seun George, die Prins van Wallis, het as gevolg hiervan vanaf 1811 as regent opgetree tot met sy vader se dood in 1820. In daardie jaar het hy die troon bestyg as George IV. Hy het regeer tot met sy dood in 1830 (Roberts 1993: 452).

Hierdie Prins Regent het selfs voor sy regentskap 'n invloed op die Britse samelewing uitgeoefen, wat toegeneem het tydens sy regentskap en nadat hy die troon bestyg het.

Joanna Richardson beskryf George IV as *patriot, scholar, sportsman, patron of the arts and man of fashion, arbiter of taste, he was the most accomplished man of his age and the most gifted ruler of England since Charles 1* (1973: 7). Terselfdertyd het die joernalis Leigh Hunt hom beskryf as iemand wat in 50 jaar niks gedoen het om die respek van die land te verdien of om voor onthou te word nie. Die politikus Tom Moore het hom gesien as 'n bespotlike figuur en Byron het hom beskryf as 'n lafaard en 'n deugniet (Richardson 1973: 18,19).

Die tydsgees wat tydens die Georgiaanse era bestaan het, het aanleiding gegee tot argitektuur, meubels, kleredrag en ander kulturele komponente wat gekenmerk is deur elegansie en 'n sekere vreugdevolheid. Dit is selfs gesien as ietwat immoreel, maar het nie die uitspattigheid van sommige van die Franse style geëwenaar nie.

Aanvanklik, onmiddellik na die aankoms van die Britse setlaars in Suid-Afrika in 1820, was daar 'n tydperk van 'n *mad rush to build* (Lewcock 1963: 249 - 250). Die argitektuur was basies en so uiteenlopend soos die vaardighede van die setlaars en die boumateriale wat gevind kon word. Die setlaars was bekend met bakstene, maar dié was nie op die Oosgrens beskikbaar nie. 'n Houtraamwerk met pleister (*wattle and daub*) is aanvanklik deur baie aangewend as boumateriale. Glas was aanvanklik byna onverkrygbaar en baie duur, aangesien dit ingevoer moes word (Lewcock 1963: 146).

In 1823 het 'n baie groot storm die Oosgrens getref en baie huise en ander geboue is oorstrom en vernietig. Die boumateriale in gebruik se geskiktheid is daarna bevraagteken. Klip is gesien as 'n meer geskikte boumateriaal en is meer gebruik, terwyl sendingstasies toenemend

bakstene begin produseer het. Patroon- en posbestellingsboeke was in die 1820's reeds vrylik beskikbaar en die invloed van Europa en Brittanje is oorgedra na die Kaap en die Oosgrens (Lewcock 1963: 151, 227).

Teen die einde van die eerste dekade na die Britse setlaars se aankoms, was daar reeds 'n wegbeweeg van die beknoppte huisies wat basiese skuiling gebied het. Die Regency vooraansig het gewild geword en die stoep, of veranda reg rondom, of om groot dele van die huis, met groot Franse deure wat op die stoep uitloop, was algemeen (Lewcock 1963: 232). Volgens Lewcock was daar soms balkonne op die boonste verdiepings aangebring (Lewcock 1963: 232), maar dit was beslis nie 'n tipiese kenmerk van die Kaapse Georgiëanse styl nie. Glas het toe meer geredelik beskikbaar en minder duur geword en grasdakke is toenemend deur dakpanne of teëls, wat sedert 1825 in Port Elizabeth vervaardig is, vervang (Lewcock 1963: 229). Die Georgiëanse invloed was duidelik waarneembaar. Al die geboue het 'n sekere eenvoud in gemeen gehad. Versiering is deur omstandighede beperk tot kleiner komponente soos vensters en boligte. Daar was 'n deurlopende terughoudendheid in die styl, wat skoon, oop oppervlaktes, doeltreffende vorms en verfynde besonderhede vertoon het. Intussen het meer geskoolde en ervare mense deel geword van die boubedryf, standaard het verbeter as gevolg van meer mededinging en die toename in skeepsverkeer het invoere vergemaklik (Lewcock 1963: 232).

Die term "Georgiëans" word verskillend aangewend in Suid-Afrika en Brittanje. In Brittanje verwys die term na 'n tydperk en in Suid-Afrika na 'n argitektuurstyl. In hierdie studie dui die term die argitektuurstyl aan. Die Georgiëanse styl was deel van die Neo-Klassieke periode aan die Kaap.

Kenmerke van die Georgiëanse styl in Suid-Afrika kan die volgende insluit:

- eenvoud
- simmetrie
- geometrie
- plat- of staandak
- klein vensterruite
- skuifraamvensters
- terughoudend met versiering
- afwesigheid van versiering aan die gebou se buitekant
- dakke met wolfente (hipped rooves), soms met soldervensters
- soms dekoratiewe pedimente of ander versiering bo vensterrame
- klassieke verhoudings van Grieke en Romeine, selfs in kleiner en meer beskeie geboue (<https://global.brittanica.com/art/Georgian-style>)

5.4.5.1 Die tydsgees van die Georgiiaanse styl

Daar was ekonomiese op- en afswaai maar die era van die opeenvolgende konings George was een van relatiewe vrede in Brittanje. Oor die opeenvolgende konings se benadering, soos getoon ten opsigte van kuns, sê Millar:

The first three Georges were, in various degrees, frugal, practical and prejudiced, obstinate and finicky over detail, suspicious and uneasy with what they did not understand, severely limited as to what they expected [.] (1977: 89).

Gedurende die heerskappy van George III is wel oorlog gevoer teen Frankryk en teen die "opstandelinge" in die Amerikaanse kolonies. Die Georgiiaanse era was ook die tyd waarin die sogenaamde Hanover-lyn van Duitse konings die Britse koningskap oorgeneem het en baie aandag en energie van die koningshuis en van die land is na binne gefokus om die situasie te konsolideer.

Die een ding wat al die konings met die naam George in gemeen gehad het, was hul groot belangstelling in militêre aangeleenthede, veral in uniforms, militêre versierings, vaandels en orde-tekens; ook die swierigheid wat daarmee saam gegaan het (Millar 1977: 89). Later sou die oorloë teen Napoleontiese Frankryk 'n baie groot invloed op Brittanje uitoefen, soos op die res van Europa. Hattersley beskryf die vroeë deel van die era van die konings George as *[.] a time of peace and plenty: no severe depressions and prosperity was widespread*. Hy sê ook dit was 'n tyd van *[.] striking preference for leisure over entrepreneurship among the elite* (2004: 126). Die hoogtepunt daarvan is in die tyd van die Regent/George IV bereik.

Die Napoleontiese oorloë het die industriële revolusie aangehelp en het industrialisasie in Brittanje bevorder. Die oorloë was een van die oorsake van die Britse besluit om die Kaap weer in 1806 in te neem en dit 'n Britse gebied te maak. Ná die oorlog het die vraag na industriële produkte afgeneem en depressie het gevolg. Ook was baie soldate werkloos en ander op halwe-besoldiging. Die groot militêre uitgawes vir die Europese oorloë het Brittanje genoop om sulke uitgawes in Suid-Afrika te probeer beperk en het 'n beduidende invloed gehad op die besluit om Britse setlaars in die Oos-Kaap te vestig en sodoende die grens te stabiliseer sonder groot militêre uitgawes en betrokkenheid.

Die Georgiiaanse styl is gebore uit hierdie tyd van relatiewe vrede toe die elite van Brittanje hulle besig gehou het met die navolging van kuns en die waardering en bevordering daarvan, kultuur, algemene verfyning, prag en praal, en ontspanning. Die tydsgees word onder meer uitgebeeld deur die kleredrag, wat kleurvol en swierig was. Die argitektuur het 'n sekere lighartigheid (*gaiety*) en 'n verfynde elegansie weerspieël (Lewcock 1963: 294).

5.4.5.2 Standard Bankgeboue in die Georgiaanse boustyl

Die Georgiaanse styl was in die middel 19de eeu meer algemeen in die Oos-Kaap as in die res van die land. Selfs teen die einde van die Georgiaanse tydperk was daar lae verstedeliking in Suid-Afrika en kommersiële geboue was skaars buite die stedelike sentra. Afgesien van die wolbedryf in die Oos-Kaap, het die meeste ekonomiese ontwikkeling en gevolglike oplewings in die boubedryf gekom ná die vestiging van Standard Bank in Suid-Afrika in 1862. Mabin en Conradie dui aan dat daar 'n ekonomiese terugsakking in Suidelike Afrika was in die 1860's. Dit is gevolg deur 'n groot oplewing in die 1870's, as gevolg van die ontdekking van diamante, woluitvoere en die grootskaalse bou van spoorweë. Die 1880's het weer 'n insakking beleef, gevolg deur die oplewing wat die ontdekking van goud gebring het (Mabin & Conradie 1987: VI).

In plattelandse gebiede het die oprigting van geboue tydens die periodes van ekonomiese groei, toe die Georgiaanse tydperk reeds verby was, daartoe gelei dat hierdie styl baie streke verby gegaan het en min tekens kon gevind word van geboue in die Georgiaanse styl wat deur die bank benut is. In sommige gevalle, soos in Graaff-Reinet, kom dit voor asof bankgeboue oorspronklik in die Georgiaanse styl gebou kon gewees het, maar dat Victoriaanse aanbouings en veranderings daaraan gemaak is. Hulle kon dus 'n algehele Victoriaanse voorkoms verkry het, afhangende van hoeveel veranderings aangebring is, of andersins steeds Georgiaans in voorkoms wees, met enkele Victoriaanse kenmerke.

Standard Bank het in 1873 'n tak in Graaff-Reinet geopen. In 1876 is hierdie gebou by Caledonstraat 33 van dr Moritz Alsberg gekoop. Die balkon is in 1884 aangebou. Hierdie gebou is gebruik tot 1891 (SB PTGR 1/1/1/1 Graaff-Reinet). Geen bewys kon gevind word dat dit nog bestaan nie. Die eenvoudige lyne, voor die balkon aangebou is, simmetriese dubbelverdieping formaat, die lang vensters en bolig bo die voordeur, het sterk Georgiaanse invloed gewys.



Figuur 5.22: Die Standard Bankgebou, Graaff-Reinet, 1886 (Foto: Standard Bank)

5.4.6 Die Victoriaanse boustyl

Die Britse Ryk het sy glorietyd bereik gedurende die heerskappy van Victoria en haar seun Edward. Sy het die troon in 1837 bestyg en het in 1901 tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf. Edward het haar opgevolg as Edward VII. Hy is in 1910 oorlede (Grant & Temperley 1980: 591).

Teen daardie tyd het die Britse Ryk groot dele van die wêreld ingesluit. Picton-Seymour stel dit baie grafies:

The Colonies, marked in red upon the map, were scattered across the world, the greater part of South Africa included [.]. Those places marked red upon the map, all had their share of almost interchangeable buildings, civic, commercial and domestic. This was the age of mass production and prefabrication, the age of cast-iron and corrugated iron, two items of building material ideally suited to hotter climates and where weather conditions are violent (Picton-Seymour 1977: 1).

Picton-Seymour se beoordeling van sink as geskik vir warm klimaatstreke, is nie onaanvegbaar nie.

By die Wêreld-uitstalling in Hyde Park, Londen, is die sogenaamde Crystal Palace in 1851 opgerig. Die gebou het bestaan uit 'n voorafvervaardigde ysterraamwerk wat met panele van glas 'n baie groot ruimte ingesluit het. Hierdie gebou, ontwerp deur Joseph Paxton, word deur Picton-Seymour, en in die algemeen, beskou as een van die uitstaande voorbeelde van

Victoriaanse argitektuur, moontlik selfs die hoogtepunt: *the zenith of Victorian architecture*, noem sy dit (Picton-Seymour 1977: 1).

Die argitektuur van die Victoriaanse era is bo alles oorkoepelend en eklekties. Elemente van ander boustyle het deel geword van die Victoriaanse boutradisie en is gekombineer met nuwe elemente. Nuwe metodes en nuwe boumateriaal, soos yster en staal, gietyster en beton is aangewend. Voorafvervaardigde boukomponente, wat op groot skaal vervaardig kon word toe hande-arbeid deur stoomkrag vervang of aangevul is, was aan die orde van die dag. Deur middel van patroon- en posbestellingsboeke is hierdie nuwe boumetodes en boumateriaal ook uitgevoer na ander dele van die wêreld (Picton-Seymour 1977: 1).

In die 19de eeu was daar in die meeste kolonies geen fabriek nie, terwyl daar baie in Brittanje was. In lyn met Brittanje se beleid van maksimum uitvoere na kolonies, is onderdele van geboue in Brittanje vervaardig en in nie-saamgestelde formaat uitgevoer. By hul eindbestemmings is die geboue aanmekaargesit, soms met die hulp van tegnisiërs wat vir dié doel saamgereis het. Dit het die probleme van 'n tekort aan boumateriaal, tegniese kennis en tegnisiërs in die kolonies grotendeels oorkom. Hierdie voorafvervaardigde geboue het die produkte van die Britse tydsgeselskappe direk in die kolonies ingedra. Die geboue was veral van groot nut vir, en in groot aanvraag by, militêre instansies, hawe- en spoorweginstansies en as huisvesting en stoorplek by nuwe myn- en ander dorpieë.

Op nie-tasbare gebied het jong Britte met hul idees oor argitektuur van Brittanje na die kolonies gegaan, waar hul idees met dié van die kolonies in aanraking gekom het, waar hulle aan die koloniale omgewingsomstandighede en klimatologiese werklikhede blootgestel is en waar daar wedersydse beïnvloeding plaasgevind het. Greig skryf dat die tegnisiërs wat saam met geboue-onderdele na Suid-Afrika gereis het mede-verantwoordelik daarvoor was dat die Britse eklektisisme in die 19de eeu algemeen geword het in Suid-Afrika (1971: 40).

Die gebruik van sinkplate was een van die groot onderskeidende elemente tussen Victoriaanse geboue in Brittanje en in die kolonies. Picton-Seymour bevestig dat sinkplaat selde in formele geboue in Europa gebruik is. (1977: 5). In die kolonies was dit van baie groot nut en is dit wyd aangewend, ook vir stoepe en verandas, een van die elemente wat Europese Victoriaans van die koloniale manifestasie daarvan onderskei het.

Nie net voorafvervaardigde geboue van geriffelde sink is in dié styl in Suid-Afrika opgerig nie. Winkels, banke, openbare geboue, skole en wonings is ook in die 19de eeu in dié styl, maar in ander materiaal, in Suid-Afrika gebou. Van die kenmerke daarvan was soms oordadige versiering met gietystertralieë, figuursaagwerk en pilare van versierde gietyster, versierings van gietyster op daknokke, verandas, gegolfde dakplate vir verandas, hoekingange vir

besigheidsgeboue, dubbeldeure wat vertikaal verdeel was, skaakbordmotiewe of parketterie by vloere, lambrisering en loodglasvensters. Esteties, sê Picton-Seymour, was die Victoriaanse styl: *a perfect example of a style midway between Regency elegance and Victorian engineering* (1977: 5). Greig beskryf dit as *flamboyant and monumental* (1971: 51).

Die gees van die Victoriaanse era het nie met die dood van koningin Victoria tot 'n einde gekom in Suid-Afrika nie, maar was tot etlike dekades in die 20ste eeu nog vaardig (Greig 1971: 36). Soos by die Georgiïanse boustyl bestaan daar 'n verskil in wat die term "Victoriaans" in Brittanje en in Suid-Afrika beteken en insluit. In hierdie studie word dit gebruik om te verwys na die Suid-Afrikaanse betekenis van die term, naamlik 'n identifiseerbare styl met spesifieke stylkenmerke en nie 'n periode nie.

Kenmerke van die Victoriaanse styl in Suid-Afrika sluit in:

- verandas
- sinkdakke
- dekoratief
- boligte bo deure
- skuifraamvensters
- dakvensters/-deure
- dekoratiewe stoeprelings
- buitemure kon van sink wees
- nokversierings van gietyster by dakke
- *baie* voorafvervaardigde komponente

5.4.6.1 Die tydsgees waarin die Victoriaanse styl ontstaan het

Koning William IV van Brittanje is in 1837 deur sy 18-jarige niggie Victoria opgevolg. Gedurende sy heerskappy is die koning beskou as spandabel en losbandig. Victoria was in 'n groot mate die teenoorgestelde. Sy het die energie, intelligensie en vasbeslotenheid gehad om sukses as heerser te behaal en het geglo politiek kan soos enigiets anders aangeleer word. Sy was vasberade om dit te doen. Sy het 'n goed-ingeligte en toegewyde heerser geword wat bewus was van die grondwetlike beperkings op haar maar wat ook op haar regte en voorregte aangedring het.

Her reign (1837-1901) was to be the longest in English history and, from the standpoint of material prosperity, political power, scientific progress, and cultural attainment the richest as well (Craig 1972: 111).

Die eerste deel van Graig se opmerking is nie meer geldig in 2016 nie, aangesien die regeertydperk van koningin Elizabeth II dié van Victoria in lengte oorskry.

Die industriële revolusie het voorspoed, welvaart en 'n groot inkomstegaping gebring en daarmee saam 'n sterk herlewing van klassieke boustyle, veral van die Italiaanse Renaissance (Greig 1971: 51). Die middelklas het gegroei en meer welvarend geword en hul koopkrag het toegeneem. Hulle kon bekostig om meubels en eiendom te koop, maar was konserwatiewe en versigtige kopers. Gabriel glo hulle het 'n nadeel in opvoeding gehad.

They [...] had not had the benefit of the aesthetic hothouse of inherited wealth nor [...] income sufficient to indulge in the Georgian hobby of individual patronage. What the average middle class wanted was value for money, and so, instead of commissioning something to meet his specific needs, he chose, in a shop, what he liked best from a range of items produced 'on spec'. Thus aesthetic judgement became increasingly the affair of the commercially efficient manufacturer, often the person least equipped to be the arbiter of taste (1972: 4 - 5).

Die Victoriaanse era word dikwels vereenselwig met wedywering tussen die Klassieke en Gotiese herlewingstyle (Melvin 2005:8 4). Daarenteen maak Greig die volgende stellings:

[...] English eclecticism became as typical of 19th and 20th century architecture as that of other developing countries.[...]. But the South African scene did not become a battlefield in the choice between Classical and Gothic Revivals. Even though, on the surface, their architectural forms may have had much in common, the literary, moral, historical and aesthetic conflicts which raged over English drawing boards and in committee and council chambers did not have the same relevance in our far-off country (Greig 1971: 40).

Die sleutel tot hierdie verskil in siening is waarskynlik geleë in wat elkeen van hierdie twee skrywers verstaan onder die begrippe botsing, wedywering en slagveld. Die twee herlewingstyle was dié wat die meeste in gebruik was. Hulle kan dus gesien word as die twee aanvullende of as die twee wedywerende style van die tyd, afhangende van die waarnemer se uitgangspunt.

Die groot vertoon van die Regencytydperk, die uitspattige leefwyse, wat selfs deur sommiges as immoreel beskou is (Gabriel 1972: 6), was met die koms van die Victoriaanse era iets van die verlede. Koningin Victoria is gesien as geweldig konserwatief, selfs suinig en preuts. Veral na die dood van haar man het sy haar grotendeels aan die openbare lewe onttrek. Sy was altyd onwillig om geld te bestee en het aan die einde van haar heerskappy in benouende en rommelrige omstandighede geleef (Millar 1977: 180, 199).

Nietemin, skryf Greig: *the ideas and techniques of the late 19th century were to persist until well into the 20th* (1971: 36).

5.4.6.2 Standard Bankgeboue in die Victoriaanse boustyl

Standard Bank het in die Victoriaanse era deel van Suid-Afrika geword en baie van die kommersiële geboue wat die bank in die eerste dekades gebruik het, was Victoriaans in styl. Die foto's hieronder gee 'n aanduiding van enkele tipiese Victoriaanse geboue wat tussen 1862 en 1940 deur Standard Bank in Suidelike Afrika gebruik is.



Figuur 5.23: Die gebou wat Standard Bank gedurende 1907 in Maseru gebruik het (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.24: Die Standard Bankgebou in Middelburg, Kaap, 1883 - 1886 (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.25: Die Standard Bankgebou in Newcastle, 1905 (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.26: Die Standard Bankgebou in Graaff-Reinet, 1909 (Foto: Standard Bank)

By die geboue kom die volgende voor:

- verandas
- lugroosters
- hoekingange
- nokversierings
- hoekversierings
- skuifraamvensters
- versierde verandapilare
- houtsaagwerk/broekielys
- geboë plate op verandadakke
- ongepleisterde rooi baksteenafwerking

5.4.7 Die Art Nouveaustyl

Die Art Nouveaustyl het aan die einde van die 19de eeu in Europa ontstaan, hoofsaaklik as gevolg van die werk van die kunsgalery Siegfried Bing in Parys en die tydskrif *Jugend* in München, Beiere, Suid-Duitsland. Artistieke invloede het van verskeie bydraers gekom, waaronder Otto Wagner, William Morris, John Ruskin, Arthur Mackmurdo en James M Whistler (Klein & Warken 1996: 5-6). Frank Lloyd Wright het ook 'n belangrike bydrae gelewer. Die styl het deur die hele Europa, veral die oostelike dele van die VSA en ander wêrelddele versprei (Risebero 1997: 142). Dit het geografiese verskille getoon, maar nie soveel dat dit nie as 'n geheel-beweging gesien kan word nie.

Deel van die filosofie van die Art Nouveaustyl was die geloof dat elke persoon waardige kuns kan skep en dat dit nie alleen kunstenaars is wat dit kan doen nie. Die handewerk van elkeen was 'n uitbeelding van die skeppende kreatiwiteit van die mens (Klein en Warken 1996: 5). Dit was 'n poging om eenvoudige, belangrike waardes te behou en die grondslag van 'n suiwer kultuur te vorm. Dit was ook 'n poging om iets nuuts te skep, iets wat oorspronklik en nie 'n namaaksel van iets anders sou wees nie (Risebero 1993: 142).

Die styl, wat vir die kort tydperk van 1890 tot 1910 relatief gewild was, word ten beste deur Klein beskryf:

Think of a sensuous line; of a flowing line; a line which bends and turns back on itself. Think of the feminine form, rounded and curving. Think of plant forms growing and burgeoning. Think of flowers in bud, in overblown blossom, as seed pods. Think of lines that seem not to conform; think of waves, think of women's hair; think of twisting smoke. Think too, of controlled lines: lines which begin parallel but then converge and eventually contradict each other. Think of the resulting stress. [.]. Then think of all those expressed in

architecture, rooms, furniture, ceramics, glass, jewellery, the printed page, posters, coffee pots, lamps and cutlery and you will have some idea of what Art Nouveau is all about (Klein & Warken 1996: 4).

Dit is beskou as 'n totale kunsstyl wat onder meer argitektuur, grafiese kuns, beeldende kunste, binnehuisversiering en dekoratiewe kuns ingesluit het. Dieselfde lyne en waardering vir die natuur was in alle kunsafdelings sigbaar. Duncan beskryf die visuele impak daarvan as *sudden violent curves generated by the crack of a whip* (Duncan 1994: 27). Een van die kunsvorme wat in die tyd van die Art Nouveau-styl 'n hoogtepunt bereik het, was die eeue-oue kuns van gekleurde glaswerk, gemoderniseer deur Louis Comfort Tiffany en ander (Brisac 1986: 158).

Melvin beskryf die kenmerke van Art Nouveau as *sinuous line; decoration; emblem; fluidity* (Melvin 2005: 90). Lewcock verwys na die *[.] luxuriant, plant-like or undulating, swirling forms, suggestive of dynamic growth and movement* (Lewcock 1970: 531)

Die oorspronge van die Art Nouveaustyl is te vinde in Keltiese, Gotiese, Rococo en Japanese kuns. Die industriële revolusie het die natuurlike oorgang van een kunsstyl na 'n volgende versteur, deur die reproduksie van vroeëre style te maklik te maak. Huise in Europa was in nagebootste style en was vol meubels en voorwerpe wat namaaksels van vroeëre klassieke style was. Dit het 'n verlange na handvaardigheid, eenvoud en die natuur as teenreaksie tot gevolg gehad (Klein & Warken 1996: 5). Suksesvolle geboue van strelende voorkoms en gehalte is in die Art Nouveaustyl gebou, maar dit is op groter skaal aangewend as dekoratiewe styl (Howarth 1990: 132). Dit het saamgeval met die ontwikkeling van massavervoerstelsels in Europa en verskeie sulke stelsels, onder meer in Weenen en Parys waar straatingange en stasies in dié styl versier is, is monumente van die styl.

Anders as in die geval van die ouer Westerse style (waarvoor Suid-Afrika se geskiedenis te kort is om deel van te gewees het), het aspekte van die Art Nouveaustyl in Suid-Afrika aanwending gevind, maar meer as interieurs en versierings aan geboue. Lewcock maak die stelling: *[.] 'Art Nouveau' is found all over the country, perhaps the richest vein of it being at Oudtshoorn, which was thriving as a result of the ostrich-feather boom* (Lewcock 1970: 531). Hy noem die interieur van die ou Nederlandse Bank op kerkplein in Pretoria as 'n goeie voorbeeld.

Die styl is onder meer gekenmerk deur:

- vloeiende, sensuele lyne
- versierings van organiese en plantagtige motiewe aan geboue

5.4.7.1 Die tydsgees waarin die Art Nouveaustyl ontstaan het.

Die industriële revolusie het die samelewing só fundamenteel verander dat intellektuele teen die laaste deel van die 19de eeu begin wonder het of dit ook die beginsels van estetika aangetas het. Industrialisasie het onder meer die opkoms van 'n nuwe, welvarende middelklas tot gevolg gehad. Oral in Europa en in gebiede geraak deur die industriële revolusie het mense gebruik gemaak van gebruiksartikels in nagemaakte weergawes van Klassieke, Renaissance-, Barok- en Rococo-style. Klein en Warken beweer dat die meeste daarvan vulgêre kopieë was, op groot skaal geproduseer vir 'n *nouveau riche*-klas van mense wat wou seker maak hulle stel nie hul ongesofistikeerde smaak ten toon nie. Daarom het hulle gebruiksartikels in die ouer, veilige style aangeskaf en gebruik. Hierdie mense se huise beskryf Klein en Warken as: *[.] as effected outside as inside [.] as were their town halls, museums, railway stations and libraries* (1996: 4).

Dit is teen hierdie vulgarisering van styl wat die Art Nouveau in opstand gekom het. Kunstenaars wou nie meer voel masjiene oorheers alles en bepaal alles nie. Hulle wou terugkeer na die natuur en na eerlike, kunstige vakmanskap, na onopgesmukte eenvoud en goeie gehalte. Die styl moes die skeppende gees van die ontwikkelde mens van die tyd weerspieël.

Sommige van die bevorderaars van die styl, soos Ruskin, wou onrealisties teruggryp na 'n geïdealiseerde denkbeeld van die Middeleeue. Morris wou slegs handgemaakte, oorspronklike vakmanskap sien, wat onrealisties was, omdat mensgemaakte individuele stukke nie meer prysgewys in die mark met massa-vervaardigde masjiengemaakte produkte kon meeding nie. Nietemin het hulle, veral Morris, die bal aan die rol gesit vir die Arts and Crafts -beweging, wat



Figuur 5.27: Die Standard Bank se gebou in Wellington, 1913 (Foto: IP de Swardt, 2007)



Figuur 5.28: Besonderhede van Standard Bank, Wellington, se argitektuur (Foto: IP de Swardt, 2007)

'n terugkeer na handewerk voorgestaan het. Standard Bank se gebou in Wellington, Wes-Kaap, is 'n voorbeeld van 'n gebou met 'n Arts and Crafts-benadering. Bouwerk daaraan het in 1913 begin en die gebou is in 1914 in gebruik geneem. Dit dien steeds as Standard Bank se gebou in Wellington.

Hoewel die gebou 'n Arts and Crafts-benadering toon, is daar ook duidelik oorheersende kenmerke van die Eduardiaanse styl, met elemente van Kaaps-Hollandse Herlewing. Laasgenoemde is sigbaar in die gewels, terwyl die uitgebreide erkertjie bokant die hoek-voordeur, die suile weerskante van die ingang, die suile binne-in die boogvormige openinge op die balkon (regs agter) en die rustiekwerk in die vorm van ruwe klipmure vir die onderste vlak, alles tipies van die Eduardiaanse styl is.

5.4.7.2 Standard Bankgeboue met Art Nouveaustylelemente


Die stigting Simon van der Stel se tydskrif *Restorica* maak die volgende stelling:

By the end of 1902 the directors of the Standard Bank of SA decided to build a new Standard Bank building in Church Street in Oudtshoorn. Plans for a new building in the Art Nouveau [style] were accepted [.] (Julie 1982, geen outeur: 21).

In vennootskap met JE Vixseboxse, konstateer Kuijers, is die "Art Nouveau Standard



Figuur 5.29: Die Standard Bankgebou in Oudtshoorn, 1904 (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.30: Besonderhede van Standard Bank, Oudtshoorn, se argitektuur (Foto: IP de Swardt, 2006)

Bankgebou" op Oudtshoorn gebou (1980: 146). Die gebou van plaaslike standsteen hét Art Nouveau-elemente, waarvan die gekleurde glas- en loodvensters deel uitmaak, maar Kuijers se stelling is nie heeltemal korrek nie. Die festoene op die gewels het organiese invloede en daar

is die vloei van Art Nouveau in die gekurfde gewelrande en die ander versierings van die gebou, maar die gebou is ook deels Eduardiaans in voorkoms.

5.4.8 Die Eduardiaanse boustyl

Koningin Victoria het in 1901 tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf en is opgevolg deur haar seun Edward, wat as Edward VII regeer het (Craig 1972: 295). Hy is in 1910 oorlede (Grant & Temperley 1980: 591), maar dit word algemeen aanvaar dat die Eduardiaanse boustyl, wat na hom vernoem is, tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 algemeen in swang was (Hattersley 2004: 127). By sy troonbestyging reeds, was Edward VII die leier van die toonaangewende elite van Brittanje. Die boustyl wat met Edward geassosieer sou word, kan beskryf word as 'n aangepaste voortsetting van die Victoriaanse styl, maar in sekere opsigte minder oordadig, behalwe 'n vertakking daarvan, bekend as Eduardiaanse Barok.

Edward was lief vir alles Frans en die Beaux Arts Skool van Frankryk, met oorsprong in 1671 by Jeane-Baptiste Colbert en die sogenaamde Sonkoning van Frankryk, het 'n groot invloed gehad op sy voorkeur vir groot kommersiële en regeringsgeboue. Die 17de-eeu se Franse argitektuur, sterk beïnvloed deur sir Christopher Wren, het die Eduardiaanse argitektuur gevorm. Argitek Edwin Lutyens het 'n bydrae gemaak tot die uitbou daarvan en het verskeie ikoniese geboue in die styl ontwerp. Een van sy bekendste ontwerpe in die styl was die residensie van die Britse onderkoning in Indië. Die ooreenkoms tussen die Beaux Arts-idioom en die Eduardiaanse boustyl is opvallend (<https://global.brittanica.com/topic/Ecole-des-Beaux-Arts>).

As deel van die Britse Ryk het dieselfde styl in Suid-Afrika neerslag gevind (Greig 1971: 53), maar die resultate was nie dieselfde nie. Die Eduardiaanse styl het aanvanklik, aan die begin van die 20ste eeu, min invloed op die ingeburgerde Victoriaanse styl in Suid-Afrika gehad. Geleidelik het subtile veranderinge, soos kleiner vensterruite in boligte bo buitedeure, begin intree.

The Freemans and Parkers were now joined by high-Victorian and Edwardian villa architects like Vixseboxse and Smith, with Herbert Baker of course as the towering giant of eclecticism. The late-Victorian/Edwardian villa culminated in the flamboyant 'ostrich feather palaces' found in and around Oudtshoorn, although examples were also built in Aberdeen, Prince Albert, Paarl and Cape Town (Fransen 2004: 13).

Stylelemente wat in die Eduardiaanse styl waargeneem is, sluit die volgende in:

- pedimente
- sandsteen
- ligte kleure
- balustrades

- erkervensters
- groots en grasieus
- gietysterversierings
- pilasters en kolomme
- groot, gode-tipe figure
- Franse Beaux-invloede
- dikwels dubbelverdieping
- antieke verhoudings en afmetings
- balkonne, reghoekig en halfmaanvormig
- dikwels figuursaagwerk en broekiekant
- Art Nouveau-invloede (veral in die Klein-Karoo)
- minder komplekse versierpatrone as by die Victoriaanse styl
- versiering meer saamgegroepeer as by die Victoriaanse styl

5.4.8.1 Die tydsgees waarin die Eduardiaanse styl ontstaan het

Aan die begin van Edward VII se heerskappy was daar volgens Greig 'n gevoel van nasionale bewussyn en van imperialisme in Brittanje vaardig. *The prevailing richness of Victorian architecture gave way to a more precise classical definition and discipline to become the neo-Baroque of King Edward VII's reign* (1971: 53).

In Suid-Afrika het daar na die einde van die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) 'n groot invloei van Britse tegnici en kapitaal gekom. Dit het meegehelp om die Eduardiaanse invloede oor te dra van Brittanje. Die styl het in 'n mate Victoriaanse benaderings voortgesit, maar met meer besadigheid, hoewel dit nog nie, in die woorde van Kuijers, [...] *geheel en al van Victoriaanse grille en dekoratiewe uitbundigheid bevry* [was] *nie* (Kuijers 1980: 61). Die skielike welvaart het ook daartoe bygedra dat die Eduardiaanse styl in Suid-Afrika 'n groter mate van gesaghebbendheid of waardigheid, meer *gravitas*, getoon het as die Victoriaanse styl. `

Die hoogs dekoratiewe styl was ideaal vir die uitdrukking van welvaart. Die skielike welvaart wat na die oorlog aan die Rand en deur die volstruisveerbedryf in die distrik van Oudtshoorn ervaar is, het gelei tot statige, grootse openbare geboue en indrukwekkende volstruisveerpaleise as wonings. Kuijers beskryf hoe dit uitdrukking gevind het: [...] *enersyds in woonhuise met tipies-Victoriaanse gietysterwerk en Art Nouveaustylkenmerke, en andersyds in Eduardiaans-klassisistiese sandsteengeboue* (Kuijers 1980: 61).

5.4.8.2 Standard Bankgeboue met Eduardiaanse stylelemente

Standard Bank se doelbewuste beleid van uitbreiding en die beleid om geboue vir die bank op te rig, eerder as om te huur, het tot gevolg gehad dat baie nuwe takke in die eerste twee

dekades van die 20ste eeu geopen en baie nuwe geboue opgerig is. 'n Groot aantal van hierdie nuwe geboue was in 'n redelik terughoudende Eduardiaanse styl, veral op die platteland. Die sogenaamde Eduardiaanse Barok het nie algemeen voorgekom nie.

Voorbeelde van geboue in hierdie styl wat in die plattelandse gebiede opgerig is, sluit onderstaande in.



Figuur 5.31: Die Standard Bankgebou, Marquard
(Foto: Standard Bank)



Figuur 5.32: Die Standard Bankgebou, Vrede (Foto: Standard Bank)



Figuur 5.33: Die Eduardiaanse fasade van Standard Bankgebou, De Rust (Foto: IP de Swardt, 2007)



Figuur 5.34: Die Standard Bankgebou, Ladismith, Wes-Kaap (Foto: IP de Swardt, 2006)

In die Oranje Vrystaat het Standard Bank takke geopen in Bloemfontein, Smithfield en Fauresmith. In die tweede helfte van die 19de eeu was dit 'n omgewing met Boer/Brit verdelings. Standard Bank het nooit gehuiwer om van die bank se politieke kontakte en *old boy*-netwerke gebruik te maak nie en was trots daarop dat hulle byvoorbeeld in 1877 voor die

burgers van Transvaal geweet het van 'n komende Britse anneksasie. Die hoofbestuurder van die bank was trots om 'n huisvriend van sir Alfred Milner sowel as Cecil John Rhodes te wees. In die Vrystaatse Volksraad is stemming teen die Standard Bank as 'n "vreemde bank" gemaak. Die bank moes in 1865, na twee jaar se aanwesigheid in Bloemfontein, ingevolge 'n besluit van die Vrystaatse Volksraad sy bedrywighede in daardie republiek staak. Standard Bank se bestuur was baie ongelukkig daaroor en het dit as onregverdige politiekery beskou.

'n Versoek van die bank om na die Vrystaat terug te keer, is in 1882 deur die Volksraad geweier. In 1889 is probeer om die president van die Vrystaat te oorrede om die verbod teen te staan, maar dit het misluk. 'n Bankbeampte wat Nederlands kon praat is in 1896 op 'n verkenningssending na Bloemfontein gestuur (onder die voorwendsel van verlof) en het aanbeveel dat 'n wag-en-sien-benadering gevolg moet word (SB ARCH1/1BFN 1999: 7). Die bank se ongelukkigheid met die gang van sake is duidelik sigbaar in korrespondensie oor die aangeleentheid en selfs 150 jaar later het die bank dit steeds beskou as onregverdig. Met die besetting van Bloemfontein deur Britse magte in 1900 het sir Alfred Milner die bank se hoofbestuurder gevra om na Bloemfontein te gaan om lord Roberts te adviseer oor finansiële aangeleenthede (Steyn & Antonie 2012: 43; 66).

Na die Britse militêre oornamme van die Vrystaat en die verandering van die status daarvan van 'n onafhanklike republiek na die *Orange River Colony* in 1900, het Standard Bank weer 'n tak in die stad geopen. Op dieselfde tyd is 'n tak in Maseru geopen, hoofsaaklik om die groot aantal mense vanuit Suid-Afrika wat tydens die oorlog daarheen gevlug het, van diens te wees (Steyn & Antonie 2012: 66).

Wedywering tussen Afrikaanse en Engelssprekende lede van die publiek was geskiedkundig redelik fel in Bloemfontein, met 'n gevoel van meerderwaardigheid aan die een kant. Karel Schoeman gee 'n aaduiding van die vroeëre optrede van Britse lojaliste:

[.] hulle volgehoue verknogtheid aan Engeland was luidrugtig en emosioneel van aard en het uiting gevind in manifestasies soos Guy Fawkes-vierings met die verbrand van strooipoppe op die plein of die uitbundige herdenking van koningin Victoria se verjaarsdag op 24 Mei [...] vlae [...] uitgehang [...] met brandende teervate, vuurbolle en geweervuur het [...] hul onblusbare trou betoon [...]. Daar was 'n [...] onbeheerbaarheid [...] van die Engelse seksie (Schoeman 1980: 29 - 30, 38 - 39).

Te midde van hierdie omgewing en tydsgreep het die bank besluit om 'n geskikte bankgebou in Bloemfontein op te rig. Die argitek W Rhodes-Harrison is die werkopdrag gegee en het 'n Eduardiaanse gebou opgerig wat moes beïndruk en aandui dat die monargie en imperialisme oor die republikeinse strewe geseëvier het.

Die bank het die nuwe gebou beskryf as:

[.] massive in dignity [.] designed [.] along classical lines. The design is dominated by plaster-finished feature pillars rising from the plinth to the window heads of the first floor. There are deep cornices and decorative plaster work on the doors and window surrounds (SB Bylaag tot die bank se 1974 jaarverslag, 1974: gp).



Figuur 5.35: Die Standard Bankgebou in Bloemfontein, 1924 (Foto: Standard Bank)

Dit is in 1924 voltooi en in gebruik geneem.

Die gebou was in sterk teenstelling met die bestaande argitektuur van die stad en het in 1924 'n sterk stelling gemaak oor omgekeerde mag, superioriteit en imperiale mag.

Kyk ook na figuur 5.27 en figuur 5.28 as voorbeeld van 'n Eduardianse gebou.

5.4.9 Art Deco

In die jare tussen die Eerste en Tweede Wereldoorloë het 'n nuwe styl op die toneel verskyn. Dit sou argitektuur en verskeie ander skeppingsvorme beïnvloed en later as die Art Decostyl bekend staan. Dit is gevorm deur verskeie invloede, waaronder selfs die antieke Egiptiese boukuns (Sutton 2006: 53).

Die eerste gebruik van die term Art Deco word volgens die Bentons en Wood toegeskryf aan Le Corbusier, wat in 'n reeks artikels in sy tydskrif die term *Expo Arts Deco* in 1925 in verband met 'n uitstalling in Parys gebruik het (Benton en ander 2003: 16). Die uitstalling was bekend as *L'Exposition des Art Decoratifs et Industriels Modernes*. Dit is moeilik om te definieer as styl. Van der Linde haal Klein aan, wat dit soos volg beskryf: *Art deco is a thousand different styles, the ever changing look of the decorative arts of the twenties and thirties*. Sy haal ook vir Van Lemme aan, wat onder meer die volgende daaroor skryf: *The spirit of Art Deco was the spirit of the modern. Even though it adapted older styles for its own use, it was still the style of the new* (Van der Linde 2000: 8).

Dit is volgens Van der Linde 'n buigsame styl wat soms aan die *avant-garde* grens, terwyl dit partykeer meer na die klassieke neig.

Die moderne en die klassieke is dikwels in die Art Deco-styl versoen. Dit is nie 'n styl wat stagneer nie.[.]. Die styl was in die 1920's en 1930's wêreldwyd in volle swang, wat dit dus 'n internasionale styl gemaak het (2000: 10).

Both a carved sycamore tree by Paul Follot, romantically decorated with flowers and fruit, and a chaise-longue by Le Corbusier with a chromium-plated steel tube frame can pass for Art Deco (Klein 1987: 4).

Stylelemente wat in die Art Decostyl waargeneem is, sluit die volgende in:

- eklekties
- elegansie
- kleurkontraste
- geronde hoeke
- geometriese lyne
- tegnologiese temas
- simmetrie, eerder as asimmetrie
- gerig op tegnologie en massaproduksie
- versiering in die vorm van vroulike figure, diere en die natuur
- kombinerings en harmonisering van ou handvaardighede met beelde van die masjien-eeu
- versierings met ikone van die masjien-eeu, (soos onmoontlike slanke stoombote, en moderne mense)

5.4.9.1 Die tydgees waarin die Art Deco-styl ontstaan het

Die Art Deco-styl het in Frankryk ontstaan in 'n tyd toe vinnige industrialisasie in Europa nuwe eise aan ou kulture en kulturele gebruike gestel het toe dit gelyk het asof tegnologie alle

probleme kon oorkom. Dit was 'n tyd waarin die wêreld verlig was dat die vernietigende Eerste Wêreldoorlog tot 'n einde gekom en dat hulle oorleef het. Dit was ook 'n tyd met 'n sekere mate van *leef en wees vrolik, want ons het oorleef en 'n volgende oorlog kom-benadering*. Klein se beskrywing vat dit goed saam. Hy sê dit was 'n tyd toe [...] *a frenzied world [was] recovering from the crippling effects of one war and speeding towards another* (Klein 1987: 4).

5.4.9.2 Standard Bank geboue in die Art Decostyl

Hoewel Standard Bank heelwat uitbreiding getoon het in die jare tussen die twee Wêreldoorloë, is nie veel geboue in hierdie styl opgerig nie, waarskynlik omdat die bank van mening was dat klassieke argitektuur die bank en sy beginsels beter verteenwoordig het.

Geboue in dié styl is wel gehuur, as dit die beste beskikbare akkommodasie gebied het, veral in kleiner sentra en as agentskappe wat nie elke dag van die week oop was vir besigheid nie.

Die gebou waaruit die bank sy besigheid op agentskapbasis in Rinkstraat, Port Elizabeth bedryf het, was 'n gebou in die Art Deco-styl. Dit is reeds verskeie dekades nie meer in gebruik as 'n agentskap van die bank nie en bewys kon nie gevind word dat dit nog bestaan nie.



Figuur 5.36: Die Standard Bank agentskap, Rinkstraat, Port Elizabeth (Foto: Standard Bank)

Die gebou het die tipiese geronde hoeke en kubistiese balkonne van die Art Decostyl. Wit was ook die voorkeurkleur vir Art Decogeboue, soos hierdie voorbeeld getuig

5.5 Argitektuur as rekord van geskiedenis

Argitektuur is deur sir Banister Fletcher beskryf as 'n rekord van die mens se behoeftes en vaardighede oor tyd (1959: voorste teenblad).

Argitektuur is 'n kultuurskepping wat verder gaan as net die skep van skuiling. Die geestelike stand van gemeenskappe het 'n sterk bepalende rol in die fisiese uitbeelding van die skeppingsdenke op 'n bepaalde tyd, binne 'n bepaalde tydsgees. 'n Terugskouing oor argitektuurstyle gee 'n oorsig van verandering van die tydsgees oor die eeue. Style is behulpzaam in die kontekstualisering van tendense en die lê van verbande, soos dié tussen godsdienstige oplewings en gepaardgaande kerkbouprogramme, die oornam van Engeland deur die Normandiërs en die ontwikkeling van die Normandiese styl. Verdere voorbeelde is te vind in die ontwikkeling van stoom vir aandrywing, die industriële revolusie en voorafvervaardigde boukomponente, en vele ander.

Deur 'n ontleding van style is dit ook moontlik om verbande te lê tussen die invloede van vroeëre style, selfs in die antieke boukuns, en hedendaagse argitektuur. Kontekstualisering van stylherlewings kan nie sinvol gedoen word sonder 'n studie van die oorspronklike style nie.

In die geskiedkundige konteks is tyd en plek altyd bepalende faktore. 'n Studie van boustyle maak dit moontlik om sinvolle beramings van tydsverloop sedert die oprig van 'n gebou te maak en dit op die EF-as van die Burden-model te posisioneer. (Kyk na figuur 1.4). Deur middel van dié model kan dit ook in konteks met ander faktore, soos patrisiër- of volksboukundig en stoflik of nie-stoflik, geplaas word.

'n Studie van argitektuurstyle is 'n studie van die gees van die mens, soos beïnvloed deur die tydsgees en die omgewing, binne perke van die bestaande kennis, tegniese vermoë en die eise van die omgewing.

HOOFSTUK 6:

DIE BESTUUR EN DAAGLIKSE FUNKSIONERING VAN STANDARD BANK

6.1 Agtergrond

Ruilhandel en die gebruik van betaalmiddele is baie lank reeds deel van die mensdom se geskiedenis. Vorme daarvan is minstens vyf duisend jaar gelede reeds gebruik (Goosen ea 2008: 7). Herodotus (484 - 424 VGE) het die eerste gebruik van munte aan die Lidiërs van Klein-Asië toegeskryf. 'n Muntstelsel het waarskynlik in omtrent dieselfde tyd in China bestaan (Engelbrecht 1987: 2). Engelbrecht (1987) en Pevsner (1976) beskryf die gebruik van geld oor eeue in hul onderskeie werke.

Een groot voordeel van munte as betaalmiddel was ook 'n nadeel: dit kon maklik vervoer word, maar terselfdertyd ook maklik gesteel word. Om dit te voorkom, het ryk mense in Brittanje hul geld by die Koninklike Munt geberg, waar daar versterkte en veilige geboue was. Charles I het hieraan 'n einde gebring toe hy in 1640 op 'n bedrag van £130 000 private geld wat by die Munt geberg was, beslag gelê het (Goosen ea 2008: 12).

Die Weste se eerste note, in teenstelling met klinkende munte, is op 16 Julie 1661 in Stockholm, Swede, uitgereik (Wallis, 2000: 213:). Dit was 'n belangrike versimbolisering van waarde, eerder as om 'n objek of produk se waarde direk aan die waarde van 'n hoeveelheid metaal te koppel. Dit het ook die aspek van vertroue in die uitreiker van die noot na vore gebring.

Ná die beslaglegging deur Charles I het die Britte met groot hoeveelhede geld hulle tot die Londense goudsmede gewend, wat ervaring in die hantering van kosbaarhede gehad en ook versterkte en beveiligde geboue gehad het. Geld is by hulle geberg en die goudsmede het die eienaars van die geld kwitansies daarvoor gegee. Die geld kon by die aanbied van 'n kwitansie opgeëis word. Ook in hierdie manier van doen het vertroue 'n deurslaggewende rol gespeel.

Geld is by tye deur 'n goudsmid aan die eenaar daarvan uitbetaal, wat dit op sy beurt aan 'n ander oorbetal het. Die nuwe ontvanger daarvan het dit dikwels by dieselfde goudsmid herdeponeer. Dit het makliker geword om die geld fisies te laat waar dit is en die kwitansie daarvoor aan 'n nuwe eenaar oor te dra. So, voer Goosen en ander aan, het die bankwese tot stand gekom (2008: 12).

Die goudsmede by wie geld geberg is, het mettertyd bewus geword daarvan dat slegs 10% tot 15% van dié geld opgeëis word. Solank hulle genoeg geld gehou het om aan hierdie 10% tot 15% opvragings te kon voldoen, kon hulle bykomende kwitansies uitreik, sonder dat dit afbreek gedoen het aan die bedrag wat een eienaar op sy naam gehad het. Op dié manier het die belangrike funksie van geldvermeerdering deur hulle en mettertyd deur banke beslag gekry (Goosen ea 2008: 29). Die banke het meer aan rente van leners gevra as wat hulle aan beleggers betaal het en het so 'n wins gemaak. Drie van die basiese funksies van banke het tot stand gekom:

- die neem van depositos
- die gee van voorskotte/lenings
- die vermeerdering van geld.

Op hierdie wyse het banke die basiese, maar belangrike funksie vervul van die neem van deposito's waar daar 'n surplus was en die beskikbaar stel van geld waar daar 'n behoefte was (Goosen ea 2008: 29).

Ontdekkingsreise en internasionale handel het teen die einde van die Middeleeue daartoe gelei dat banke en die bankwese as 'n belangrike, noodsaaklike vennoot van internasionale handel beslag gekry het (Ergang 1967: 134).

6.2 Die bankwese in Suid-Afrika

In Suid-Afrika was sentrale geldbestuur vanaf 1652 tot in 1793 die monopolie van die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC). In daardie jaar is die sogenaamde Lombardbank met behulp van regeringsvoorskotte gestig om bankfasiliteite aan koloniste te verskaf. Hierdie bank het teen 1836 tot niet gegaan en die Cape of Good Hope Bank is sonder staatsbetrokkenheid gestig. Gedurende die tydperk 1836 tot 1862 is nie minder nie as 31 plaaslike banke in Suid-Afrika opgerig, gefinansier met plaaslike geld, bestuur deur plaaslike persone en toegespits op die behoeftes van die plaaslike dorp of distrik (Booyens 1982: 1).

6.2.1 Banke as onderdeel van die Suid-Afrikaanse finansiële markte

Banke in Suid-Afrika moet gesien word as 'n onderdeel van en binne die konteks van die Suid-Afrikaanse finansiële markte. Hierdie markte bestaan uit 'n reeks interaktiewe deelnemers, instrumente en aktiwiteite, word onderskraag deur publieke vertroue en stabiliteit en is gevoelig vir onrus en sosiale en politieke onstabiliteit, tekens van korrupsie en swak regering, werkloosheid en 'n groot verskeidenheid ander faktore. Die aktiwiteite van die markte kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word:

- die oordra van en handel in geld en ander finansiële betaalmiddele

- die oordra en handel in risiko (Van Wyk ea 2012: vi)

Eersgenoemde is die fokus van kapitaal en geldmarkte en sluit die surplus en tekort-aspekte van die ekonomie in. Banke is hoofsaaklik by hierdie aktiwiteite betrokke. Die tweede groep aktiwiteite is hoofsaaklik dié gemoeid met versekering, afgeleide waardes (derivatiewe) en internasionale geldmarkte (Van Wyk ea 2012: vi).

Die bestuur van Standard Bank het, volgens Steyn en Antonie, vroeg in die bank se bestaan besluit dat twee funksies deur die bank vervul moes word om sukses te verseker:

- die leen van geld om handel te finansier en
- om 'n betalingsdiens te lewer.

Later het die bank ook sy dienste uitgebrei na die finansiering van landbou en industrieë (2012: 4).

Hierdie hoof funksies van die bank word ter agtergrond weergegee, maar is nie die fokus van die hoofstuk of die studie nie. Die fokus is op die menslike kultuurhistoriese handeling wat die uitvoer van daardie hoof funksies ten gronde gelê het en die veranderende raamwerk waarbinne dit geskied het.

6.2.2 Regulering van banke

Finansiële instellings is ten nouste verweef met 'n land se ekonomie en van direkte belang daarin. Dit werk met mense se welstand en met sake wat mense as privaat beskou. Dit is deel van 'n sektor wat kwesbaar is vir bedrog, diefstal en vervalsing. Sulke instellings word wêreldwyd streng beheer en tree op binne 'n raamwerk van regulering. As finansiële instelling was Standard Bank se magte, bevoegdhede en beperkings ook duidelik omskryf. Die raamwerk waarbinne die bank bestaan en gefunksioneer het, het bestaan uit eksterne en interne aspekte.

Eksterne regulering

Sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in 1921 is daardie instansie verantwoordelik vir die regulering van die bankwese in Suid-Afrika en is die bedryf van 'n bank onderhewig aan die uitreik van 'n lisensie deur die Reserwebank. Verdere regulerende instansies soos die Registrateur van Banke, die sentrale Finansiële Inligtingsentrum (FIC) en hulpmiddels soos die Wet op die Bevordering van die Verkryging van Inligting (PAIA) en ander wetgewing bestaan.

By die ontstaan van Standard Bank in 1862 was daar geen eenvormigheid tussen die reguleringsmaatreëls van die verskillende dele van Afrika waar die bank besigheid gedoen het nie. Daar was ook uiteenlopendheid ten opsigte van die bank se volle of slegs gedeeltelike aanspreeklikheid en verantwoordelikheid teenoor kliënte se geld.

Die relevansie van eksterne beheermaatreëls, soos dit ongeveer 'n eeu gelede in die verskillende dele van die subkontinent bestaan en verander het, is beoordeel as nie genoegsaam om dit in besonderhede in die studie in te sluit nie. Funksionering as bank was egter nie moontlik sonder onderwerping aan hierdie uiteenlopende en komplekse groep van beheermaatreëls nie.

Interne regulering

Die bankwese is gebou op vertroue. Om hierdie rede onderwerp die bankwese as geheel hulself aan streng self-regulering. Die Bankvereniging van Suid-Afrika (BASA) het 'n eie gedragskode vir Suid-Afrikaanse banke. Die doelwitte vir die gedragskode is om:

- goeie bankpraktyke te bevorder
- deursigtigheid te verseker
- regverdige en goeie wedersydse verhoudings te bevorder
- vertroue in die bankwese te bevorder (www.banking.org.za)

In die geval van Standard Bank moes alle bankbeamptes gedurende die tyd waaroor hierdie studie gedoen is se eerbaarheid deur drie persone onderskryf word voor hulle by die bank werk kon kry (SB GMO Circular 31/5/1872).

So gou as moontlik ná diensaanvaarding moes alle beamptes 'n verklaring van geheimhouding aflê. Die bewoording van die verklaring, in 1871, was soos volg:

I, (Manager, Accountant or Clerk, as the case may be) in the Standard Bank of British South Africa Limited, do hereby solemnly declare that in accordance with the 14th Section of the Company's Articles of Association, I will observe strict secrecy respecting all transactions of the customers of the Bank and the state of accounts individuals [sic], and in all matters relating thereto, and I hereby pledge myself not to reveal any of the matters which may come to my knowledge in the discharge of my duties, except when required to do so by the Board of Directors or other duly authorized officer of the Bank, or by a court of law or by the person to whom such matters relate (SB GMO 4/2/4 Circular 12/1871).

Beamptes is op gereelde grondslag versoek om seker te maak dat almal in die bank se diens wat met kliënte se geldsake werk, so 'n verklaring onderteken (SB GMO Circular 31/5/1872; SB GMO 4/2/1 16/1/1874; SB GMO Circular 15/10/1875, en ander).

Bankinspekteurs moes bankbeamptes se bankrekeninge nagaan en verseker dat daar nie verdagte bedrae in voorkom nie (SB GMO Circulars to inspectors 16/3/1908). Die bank se beleid was om onomwonde ontslae te raak van beamptes wat hulle aan oneerlikheid skuldig gemaak het (SB GMO 4/2/12 7/11/1929).

Die eiesoortige etiek, tradisies en gebruike van die bankwese het deel uitgemaak van die raamwerk wat Standard Bank se werksaamhede omgrens het en waarbinne alle aktiwiteite en ontwikkelinge moes geskied.

6.3 Die dinamiese aard van die bankwese en omgewing

Die bankwese, Standard Bank as geheel en die omgewing waarbinne dit gefunksioneer het, was dinamies van aard en het voortdurend verander.

Vroeg in die 1870's het die algemene bestuurder van Standard Bank teenoor personeel aangedui dat daar geen stilstand kan wees in die bank se doelbewuste uitbreiding nie (Terry 1979: 91). Groeimomentum is in die voorafgaande dekade deur die bank opgebou en as dit verlore sou gaan, sou die bank deur mededingers op die agtergrond gestoot word. 'n Agterstand sou moeilik ingehaal kon word.

Groei behels opsigself interne verandering.

Verandering in die omgewing was 'n vaste gegewe, nog meer so in 'n ontwikkelende land as in 'n ou, gevestigde een soos die een waar die bank se wortels was. Die land het verander, daar was ekonomiese op- en afswaaie, uitdagings het vermeerder. Die omstandighede wat geheers het toe die bank in Suid-Afrika aangekom het, het 'n historiese en ook 'n politiek-geografiese grondslag gevorm, maar dit het nie staties gebly nie. Soos die mens op alle terreine, moes die bank voortdurend in sy werking reageer op en aanpas by veranderende omstandighede en uitdagings.

Toynbee stel die situasie ten opsigte van mense en hul omgewing duidelik met die stelling: *Birth is a single act: growth is a continuous process* (1979: 131).

Hierdie voortgaande proses van verandering, uitdaging en reaksie wat op die aanvang (Toynbee se birth) gevolg het, het 'n eie dinamiek ontwikkel met 'n direkte en dikwels nie-tasbare uitwerking op die bank in sy totaliteit. Mense het daarin sentraal gestaan maar die personeelkomponent, as tegniese eenheid en komponent van die geheel, en die geboue waarbinne die bank sy besigheid bedryf het, is ook daardeur geraak.

Hierdie derde komponent, die bestuur en daaglikse funksionering van die bank se bestaan, het tasbare en nie-tasbare dimensies gehad en het 'n eenheid met ander kultuurkomponente gevorm. Die omgewing was nie alles-bepalend nie, maar het die bank altyd op verskillende vlakke beïnvloed (aangedui in figure 1.3 en 6.1).

6.4 Strategiese oorwegings in die bestuur van die bank

Voortdurende veranderinge rondom die bank het meegebring dat die bank hom strategies moes posisioneer om relevant te bly en om die daaglikse werking van die bank aanvaarbaar en aantreklik vir kliënte te maak. Wedywing met mededingende banke was 'n altyd-teenwoordige faktor. Die bank moes sorg dat dit in die middel van die hoofstroom van besigheid bly en die publiek se vertroue wen en behou. Daarvoor was verskeie strategiese oorwegings noodsaaklik.

6.4.1 Omgewingsbewustheid

Die bank moes op hoogte wees van veranderende behoeftes en eise, tendense, ontwikkelinge, bedreigings en moontlike geleenthede en moes dit vertolk en verstaan. Daarvoor moes die bank en sy amptenare, veral dié in bestuursposisies, in noue voeling wees met hul omgewings en vertrouwd wees met die beweegruimte van die bank binne die raamwerk van sy taak.

Die Afrikaanse term "omgewingsbewustheid" dui in sommige kontekste die verwagting aan dat mense wat bewus is van hul natuurlike omgewing, dit teen uitbuiting en besoedeling sal beskerm. In die konteks wat dit in hierdie studie aangewend word, beteken dit 'n bekendheid met en bewustheid van alle faktore in die totale omgewing, ook globaal, waarbinne die bank bestaan het en wat 'n invloed op die instelling kon uitoefen. Die bewus wees van die omgewing waarbinne die bank moes funksioneer, die vis-in-water vergelyking van Ruben en Soler (1987: 216), was hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die bank se bestuur, op grond van insette van alle afdelings en takke van die bank. Dit het onder meer skakeling met persone op baie verskillende vlakke in die gemeenskap genoodsaak.

6.4.2 Gekoördineerde reaksie van die bank

Van die uitdagings en nuwe eise aan die bank gestel, was plaaslik. Die bank is egter meestal as instelling geraak en reaksie op alle uitdagings moes gekoördineerd plaasvind. Elke tak of afdeling van die bank kon nie op eie houtjie optree nie. Gedurende die eerste jare ná die stigting van Standard Bank is die plaaslike banke wat deur Standard Bank oorgeneem is, toegelaat om met 'n mate van onafhanklikheid op te tree. Dit het katastrofiese gevolge gehad vir die bank se doeltreffende funksionering (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 1; Terry 1979: 31).

Dié probleem is kort na die bank se stigting oorkom met die aanstelling van Robert Stewart as algemene bestuurder en sentralisering van die bestuur se mag in 1865. In 'n omsendbrief het die algemene bestuurder alle personeel daarop gewys dat almal volgens die bankbestuur se leiding moes optree: *[.] as it is only in this way that the machinery of a large institution can be kept in effective working order* (SB GMO Circular 28/1881 24/11/1881).

Op dié wyse is verseker dat die bank, met al sy komponente, relevant bly deur te reageer en dit op oorwoë, versigtige en eenvormige wyse te doen.

6.4.3 Beheerde en bestuurde aanpassings

Die bankwese is gevoelig vir onstabiliteit en verandering. Fundamenteel skep dit 'n eksistensiële en bestuursdilemma: aan die een kant moet die bank voortdurend aanpas om relevant te bly. Aan die ander kant dra verandering die kiem van onstabiliteit en vertrouensbreuk. Die uitdaging vir die bank se bestuur was om bewus te wees van die dilemma en om aanpassings op beplande, gelykmatige en bestuurde wyse aan te bring. Dit is onder meer gedoen deur die gee van leiding, goeie kommunikasie met personeel, motivering van personeel en ander bestuursfunksies wat hieronder aangedui word.

6.5 Die bestuur en daaglikse funksionering van Standard Bank

6.5.1 Benamingsdilemma

Vroeër is die konteks weergegee waarbinne die bank ontstaan en ontwikkel het, die raamwerk wat regulerende maatreëls vir die bank se werksaamhede gevorm het en die voortdurende veranderinge wat op die bank en die omgewing ingewerk het. Met dit as agterdoek kan hierdie komponent beskryf word as handelend oor die dinamiek wat ontstaan as resultaat wanneer 'n groep mense met 'n spesifieke groepsverband, met gedeelde waardes en oogmerke, en met hul interne interaksie en groepsenergie, blootgestel word aan komplekse en veranderende eise waarop hulle geestelik en fisies moet reageer op 'n wyse wat aan die groep se eise van aanvaarbare gedrag en doelgerigtheid voldoen.

Hierdie komponent bestaan uit vier samestellende dele, te wete die:


- geestelik-teoretiese
- prakties-uitvoerende
- onkonvensionele
- verrassende aspekte van die bankkultuur.

Die komponent omvat dus die beplanning, doelwitstelling en 'n groot deel van die algemene bestuur van die bank. Dit omvat ook die konkretiseer van die konsepte, tot by die "voete deur die voordeur" en geld op aanvraag oor die toonbank. Onkonvensionele reaksie op uitdagings was van tyd tot tyd nodig. Dit het voortgespruit uit die aard van die bank se werk, het binne konteks daarvan plaasgevind en het 'n direkte uitwerking op die bank gehad. Die verrassende aspekte het te doen met die "volkskunde" wat uit die bank se aanwesigheid in Suid-Afrika ontstaan en oorgedra is: die oorvertel van ervarings, optredes en gesegdes, die avonture en noue ontkomings van spesifieke bankamptenare en gebeure. Dit is, soos onkonvensionele optrede, nie deel van die formele bestuur van die bank nie, maar 'n kultuurhistoriese studie moet daarvan kennis neem en dit binne konteks bring om volledig te wees.

As aanvaar word, soos in hierdie studie aanvaar word, dat kultuur die resultaat is van die mens se optrede om behoeftes te vervul (Burden 2000: 19) en aanvaarbare optrede dít is wat voldoen aan die goedkeuring van 'n bepaalde en eiesoortige groep (Haviland 1978: 264), dan kan hierdie hoofstuk beskryf word as handelende oor die kultuur van die bank.

Dit sou rasideel wees om daarna te verwys as korporatiewe kultuur; die *how things are done around here*, soos een bron dit genoem het (Nel 2013: onderhoud). Die term "korporatiewe kultuur" verwys egter meer na die formele, konvensionele gedrag van die instelling. Hierdie hoofstuk handel oor hoe die bank in sy totaliteit oor 'n tydperk in die verlede gefunksioneer het, wat ook onkonvensionele optredes ingesluit het. Dit beskryf die kultuur van die bank in daardie tydperk, waar hierdie komponent binne konteks met die ander kultuurkomponente (waarsonder dit nie sou kon bestaan het nie) in die nouste verband staan.

Dit sou die subkultuur van die werking van die bank binne konteks van die bank se kultuur genoem kon word, wat taalkundig en analities lomp is. By gebrek aan 'n beter benaming vir dié kultuurkomponent, is besluit om die beskrywende term "bestuur en daaglikse funksionering" daarvoor te gebruik.



Figuur 6.1: Die bestuur en daaglikse funksionering van Standard Bank (Geskep deur IP de Swardt, 2015)

6.5.2 'n Uitvoerende komponent op die snyvlak

Hierdie komponent het aan die aanvanklike konsep van 'n bank in Afrika beslag gegee. Die doelwit van winsbejag het praktiese uitvoering gevind. Teorieë oor die bou van vertroue by

kliënte het meetbare gestalte gekry in werklike "voete deur die voordeur". Dit was die snypunt, die *rock face*, waar die teorie en die praktyk, teoretisering en uitvoerende handeling, bymekaar gekom het.

In 'n vroeëre hoofstuk is aangedui dat die bank se bestuur deel van die omgewing vorm waarbinne die breë verloop van die bank se funksionering moet geskied. Hierdie hoofstuk handel oor daardie breë verloop.

Op die vlak waar teorie en praktyk bymekaar kom, kom toepassingsprobleme dikwels voor en is dit altyd 'n moontlikheid. Standard Bank het probeer om vir elke moontlike situasie 'n optrede voor te skryf. In een omsendbrief is byvoorbeeld aangedui:

[.] the "Digest" and Circulars [.] treat minutely on nearly every subject of importance affecting the organization [.] the method of procedure to be adopted is, in every case, so clearly indicated as to render inexcusable any neglect or omission to comply therewith (SB GMO 28/1881 24/11/1881).

Uit die aard van die veranderlikheid van die mens en sy omgewing is dit egter nie moontlik om alle optredes en situasies te voorsien nie, veral nie in die geval van 'n jong, groeiende bank, in 'n ontwikkelende land nie. Daar is té veel veranderlikes, waarvan menslike gedrag een is. White maak die stelling: *Human behaviour is not as simple as it seems. It is not a single homogeneous substance* [.] (1971: 121).

Maklike en vinnige raadpleging van die bestuur deur persone in moeilike en onomskrewe situasies was meestal nie moontlik nie, as gevolg van die uitgestrektheid van die land en gebrekkige kommunikasie. Die bank het bankbeamptes onder meer ge-evalueer op hul selfstandigheid (*self-reliance*) en die inisiatief wat hulle aan die dag kon lê (Terry 1979: 81). Van alle lede van die bank is terselfdertyd verwag om konserwatief en versigtig te wees. As eie inisiatiewe in onvoorgeskryfde situasies suksesvol was, het hulle groot lof ontvang.

In die praktyk was dit duidelik dat bankbeamptes baie innoverend moes wees om hulself en die bank se belange te beskerm. Galla (2002) se aanduiding dat die persoonlike benadering van 'n individu en dié van die groep waarvan hy/sy deel is, kan verskil, is relevant en voor die hand liggend, veral in gevalle waar individue se oorlewing in gedrang gekom het. Daar was ook graadverskille ten opsigte van die beoordeling van beamptes se optrede: beamptes wat die bank se goud versaak en voor 'n stormende olifant gevlug het, se optrede is, om verstaanbare redes, aanvaar. Ander, wat hul lewens op die spel geplaas het om bankrowe te stuit, se optrede is, met uitsonderings, as redelik standaardgedrag beskou. Binne konteks van die korporatiewe kultuur en die omgewing het hierdie teenstrydighede sin gemaak.

6.6 Die algemene bestuursbenadering

Die Suid-Afrikaanse hoofkantoor en die bestuur van die bank was die knooppunt waar insette van die Londense hoofkantoor en verslae van die takke ingekom en evaluerings gedoen is. Doelwitte is daar gestel en beleid bepaal. Gebeure is gemonitor en op kommentaar gelewer. Optredes is beoordeel as suksesvol of onsuksesvol, positief vir die bank, of nadelig. Oor aanpassings is besin en oor reaksie op nuwe uitdagings is in groot mate daar besluit. Dit is ook vanwaar opdragte en voorskrifte uitgegaan het.

Dit is dus rasideel om die daaglikse funksionering van die bank te analiseer aan die hand van die bank se bestuur, met die siening dat begrip van wat die bestuur gedoen het, begrip vir die daaglikse funksionering van die bank sal meebring. Die bank se bestaan en funksionering in totaliteit, die hele "om te wees en om te funksioneer" daarvan, strek wyer as die bestuur daarvan. Tog is 'n analise van kenmerkende aspekte, soos deur die bestuur hanteer, beoordeel as 'n instrument wat gedeeltelike insig kan gee in die funksionering van die bank.

6.6.1 Vorm volg funksie

Beginnels van goeie bestuur is redelik universeel, maar die prioritisering van die elemente daarvan verskil volgens verskillende funksies wat deur instellings vervul moet word. Van daar kom die stelling: vorm volg funksie (*form follows function*).

Die algemene funksies van bestuur sal hieronder geanaliseer word. Vanweë die eiesoortige aard van die bank is dit duidelik dat vir die funksionering van Standard Bank sekere spesifieke behoeftes bestaan en eise gestel is, wat die prioritisering van die beginsels beïnvloed het.

Omdat dit 'n bank is, was die suksesvolle beveiliging van bates en kosbaarhede een van die basiese vereistes vir die bevredigende funksionering van Standard Bank. Groot verantwoordelikheid is aan takbestuurders toevertrou en van hulle verwag in die uitvoering van hierdie aspek. Die hoofbestuur in Suid-Afrika het egter die reg voorbehou om sterk leiding en beheer daarvoor te behou. Direkte opdragte en vermanings is van die kantoor van die algemene bestuurder daarvoor uitgereik en bankinspekteurs het wye bevoegdhede gehad om dit te beoordeel en daarvoor kritiek uit te spreek. Pligsversuim in hierdie verband was nadelig vir 'n beampte se vordering in die bank en kon selfs tot beeindiging van 'n beampte se diens lei.

Geboue is van kluis en versterkte brandkaste voorsien om kosbaarhede in te bewaar (kyk na paragraaf 4.3.2). Om die geboue te beveilig, is diefwering en versterkte deure aangebring. Omsigtige beheer oor sleutels is beklemtoon. Sover as moontlik is gereël dat bankbeamptes op bankpersele slaap. Beamptes moes snags inspeksiebesoeke aan kelderverdiepings bring en luister of daar nie tonnels na die kelders gegrawe word nie. Spesiale toerusting is ingevoer om diamante aan 'n persoon se lyf te kon vervoer. In Johannesburg is 'n goudwa met

ysterbeskerming gebou en vergesel van gewapende bankbeamptes wanneer in gebruik (Terry 1979: 177). Diefalarms is op persele aangebring en vuurwapens is aangeskaf vir elke tak. In sommige bankgeboue is klokkies aangebring om alarm mee te maak in geval van inbrake. As verdere stap is klem gelê op die opleiding van personeel oor veiligheid en bedrog.

Beveiliging moes egter gedoen word sonder benadeling van die bank se ander doelwitte en algemene funksionering. Op metafisiese gebied moes streng voorsorg getref word teen bedrog, maar die publiek moes nie verontrief word daardeur nie (SB GMO Circular 21/1886 26/8/1881).

Een van die ander doelwitte van die bank was om goeie betrekkinge met die publiek te handhaaf en om gebruikersvriendelik te wees, terwyl vertroue ingeboesem is dat die bank steeds veilig en betroubaar was. Geboue moes dus altyd maklik toeganklik en so gerieflik moontlik vir die publiek wees.

Die soms botsende eise wat die funksionering van die bank meegebring het, moes op alle vlakke bestuur en gekoördineer word.

Ook op die vlak van argitektuur moes bestuur verseker dat bankgeboue stewig en veilig was, maar dat hul voorkoms nie dié van forte of gevangnisse aangeneem het nie. Hulle moes tergelykertyd stewig, indrukwekkend en veilig wees maar ook esteties strelend en aanskoulik.

6.6.2 Die funksies van bestuur

6.6.2.1 Raamwerkskepping

Een van die belangrikste funksies van bestuur was om deur interne beleid, doelwitte, voorskrifte, etiek- en gedragsverwagtings die raamwerk te skep waarbinne die bank moes bestaan en funksioneer. Bestuur het ook 'n belangrike moniteringsfunksie gehad ten einde seker te maak dat die bank binne daardie raamwerk funksioneer.

Met die groei van psigologiese, sosiologiese en bedryfsielkundige kennis en die bedingingsvermoë van georganiseerde arbeid, binne 'n *Zeitgeist* van groeiende humanitêre oorwegings en menseregte, het bestuurspraktyke baie verander in die jare ná die stigting van Standard Bank in 1862. Dit het 'n wetenskap geword en daar bestaan honderde verskillende definisies van wat bestuur is. 'n Aanvaarbare beskrywing van hoe bestuur in 'n besigheid gedoen moet word, kom van Lee Iacocca, voormalige hoof van die Ford en die Chrysler Motormaatskappye in die Verenigde State van Amerika. Sy voorskrif ten opsigte van bestuur is: *Start with good people, lay out the rules, communicate with them and reward them. If you do all these things effectively, you can't miss* (Iacocca 1984: flapteks).

Standard Bank se vroeë sukses word in 'n groot mate toegeskryf aan die voortrefflike bestuursvaardighede van die bank se senior personeel in Suid-Afrika. Robert Stewart en Lewis

Michell was belangrike individue in hierdie konteks, maar was nie die enigste uitstaande amptenare nie. Beide het legendariese status in Standard Bankkringe verwerf. Oor Stewart (die tweede algemene bestuurder wat die pos beklee het van 1865 tot 1876), is deur 'n opvolger geskryf dat hy die fundamente van die bank só goed en sekuur gelê het dat sy opvolgers net in die voetspore van sy bestuursbenadering kon voortgaan (Steyn & Antonie 2012: 42).

Die bestuurstyl van die bank in die tyd waarin dit bestudeer is, was gesentraliseerd en volgens hedendaagse omskrywing sou dit as "outokraties", in die bestuursbegrip-sin van die woord, geklassifiseer kan word. Dit was die algemene styl van die tyd in die bankwese, wêreldwyd. Dit sou egter onwetenskaplik wees om in hierdie studie die bestuurspraktyke van anderhalfeeue gelede aan die hand van standarde van die 21ste eeu te beoordeel.

Die bank se hoofbestuur was in Londen en die algemene bestuurder in Suid-Afrika. Takbestuurders was die derde vlak van bestuur en het wye magte en verantwoordelikhede gehad. Die tweede en derde vlakke van bestuur het hul magte deur delegasie ontvang.

Elke takbestuurder was die verantwoordelike beampte vir al die aktiwiteite van sy tak. Hy was die hoofvertegenwoordiger van die bank in die gemeenskap waarbinne die bank moes bestaan en van dag-tot-dag funksioneer en groei. Sy rol was dié van leier en bestuurder, maar ook dié van 'n ambassadeur en bemakingsbeampte en in 'n sekere mate soos dié van 'n kanarie in outydse mynbedrywighede.

Daar was afdelingbestuurders in sommige groter takke, maar die takbestuurder was in die laaste instansie verantwoordelik vir die behartiging van die bank se belange en bedrywighede in die gebied wat sy tak bedien het.


Daar was 'n deurlopende wisselwerking en geen waterdigte skeiding tussen bestuursvlakke nie. Besluite van die algemene bestuurder is dikwels in konsultasie met 'n takbestuurder of takbestuurders geneem. In briewe van die algemene bestuurder aan Londen, kom die frases *[.] we have been guided by branch managers [.]* óf *[.] at the recommendation of our branch managers [.]* voor (SB GMO Letters to London 11/1916 5/4/1916). Besluite oor groot uitgawes of beleidsaspekte wat deur die algemene bestuurder in Suid-Afrika geneem is, is normaalweg aan die raad van direkteure in Londen voorgelê vir kommentaar, wysiging of bekragtiging. Die besluit om 'n streeksbank met 'n netwerk van takke te word, is deur die raad van direkteure in Londen geneem en het as opdrag aan die algemene bestuurder in Suid-Afrika gediens. Besluite oor die opening van takke en die delegering van magte, veral tydens krisis-situasies, soos dreigende oorlog, is deur die algemene bestuurder geneem en Londen is daarvoor ingelig. Takbestuurders se magte ten opsigte van lenings en sekuriteit aan kliënte toegestaan, die huur

van akkommodasie en ander daaglikse funksies, is deur die Suid-Afrikaanse hoofkantoor gemonitor, onder meer deur inspeksiebesoeke en omvattende jaarlikse en halfjaarlikse verslae.

'n Takbestuurder se verantwoordelikhede het intern onder meer die omsien na die standaard van alle veiligheidsverwante aspekte, alle aspekte van personeelbestuur op plaaslike vlak, die winsgewendheid van die tak, kennis van die ekonomiese bedreigings en geleenthede, politieke ontwikkelinge en mededinging in dieselfde sektor ingesluit. Ekstern moes hy onder meer die bank verteenwoordig, vertrouwe by en goeie betrekkinge met die gemeenskap bou en handhaaf en die bank se besigheid uitbrei.

Die rol, pligte en verpligtinge van takbestuurders en hul funksies en verantwoordelikhede om al die bank se doelwitte prakties ten uitvoer te bring, maak 'n belangrike deel van hierdie hoofstuk uit en sal uit meer as een invalshoek belig word.

Grafies kan die organisatoriese bestuursopset van Standard Bank voorgestel word soos in figuur 6.2.



Figuur 6.2: 'n Voorstelling van 'n Bestuursmodel (Geskep deur IP de Swardt, 2016)

Hoewel bestuursbenaderings met die verloop van tyd verander het, bevestig Standard Bank se dokumentasie dat sekere basiese bestuursfunksies ook anderhalf eeu gelede as sodanig bestaan het. In die verlede, soos in die huidige tydsgewrig, was bestuur onder meer verantwoordelik om

- te beplan

- te lei
- te beheer
- te motiveer
- te delegeer
- te kommunikeer

6.6.2.2 Beplanningsfunksie

Onderlinge verskille bestaan tussen besigheids- en ander instellings, maar oor die algemeen kan beplanning gesien word as beide 'n funksie en een van die grondslae van bestuur. Dit is meer-dimensioneel en behels die beplanning van waarheen gemik word (doelwitte en subdoelwitte; wat bereik wil word); die roete daarheen (wat benodig sal word: personeel/hulpbronne ter bereiking van die doelwitte); strategiese aanpassings en improvisering (die sogenaamde "Plan B"); en take verrig te word om die doelwitte te bereik.

Deur goeie beplanning by die formulering van die bank se doelwitte het die bestuur mikpunte gestel waaraan alle werk getoets kon word en waarvolgens die bank se amptenare hul take moes uitvoer.

Die rede vir die ontstaan, voortbestaan en die hoofdoelwit van Standard Bank was van meet af aan die winsmotief. Alle beplanning moes in lyn daarmee wees. Uit die bank se dokumentasie is dit duidelik dat daar verskeie ondergeskikte- of subdoelwitte was, aanvullend tot die hoofdoelwit en beide op fisiese en metafisiese gebied. Dit was byvoorbeeld ondergeskikte doelwitte van die bank om regerings- en militêre rekeninge te kry; om persele, die inhoud daarvan en kosbaarhede te beveilig; om geskikte akkommodasie te bekom en om verliese te voorkom. Wedywering met mededingers om die opening van takke en die verskaffing van dienste was daarop gerig om besigheid uit te brei en wins te vergroot deur Standard Bank se status te verhoog, terwyl dit ook die bou van 'n spangees onder personeel aangehelp het. Fisiese en metafisiese aspekte het onafskeidbaar in verband gestaan met mekaar. Deur beplanning moes verseker word dat ondergeskikte of sub-doelwitte versoenbaar met mekaar en met die hoofdoelwit was.

Op metafisiese gebied het die bank onder meer beplan hoe om vertrouwe in die bank en sy personeel binne gemeenskappe te verhoog en goeie verhoudings met die algemene publiek te vestig. 'n Gerieflike en private omgewing vir kliënte om in besigheid te doen moes geskep word en 'n boodskap van standvastigheid, veiligheid en betroubaarheid moes op alle vlakke en maniere uitgedra word (onder meer deur die bank se geboue).

Daar was ook ander ondergeskikte doelwitte wat by beplanning in berekening gebring is, soos stiptelikheid, vriendelikheid, hoflikheid en om akkuraatheid te handhaaf (SB Circular GMO 21/1882 30/6/1882; SB Circular GMO 30/6/1883; SB Circular GMO 28/1884 15/8/1884).

Takbestuurders het 'n sleutelrol gespeel in die formulering van realistiese doelwitte en nougesette navolging daarvan.

Benewens die bereiking van doelwitte ten opsigte van markaandeel, omset en winsmarges (wat nie die onderwerp van hierdie studie is nie) kan die bank se doelwitte op kultuurhistoriese vlak in twee groepe gegroepeer word.

Op fisiese gebied, versekering van:

- geskikte en veilige akkommodasie vir bankbedrywighede
- 'n geskikte personeelkomponent
- veilige hantering en beskerming van kosbaarhede, ook in transit
- beskerming van bankeiendom en kosbaarhede tydens oorloë en konflikte

Op metafisiese gebied:

- verteenwoordiging (die "wys van die vlag"/*Hoisting the standard*)
- personeel-effektiwiteit
- vertroue in die bank en goeie verhoudings na buite
- 'n goeie spangees binne die personeel
- die "wen" van mededingende banke
- spaarsamigheid

Kennis en betroubare inligting was nodig om doelwitte op te grond - omgewingsbewustheid - en dit was nodig om te kon meet hoe die implementering van die doelwitte vorder. Deur middel van verslae vanaf takbestuurders en ander, was Standard Bank se algemene bestuurder en sy personeel goed ingelig oor ekonomiese en politieke tendense regoor die land en naburige gebiede, veral waar banktakke bestaan het. Benewens bankinspekteurs het senior personeel van hoofkantoor besoeke gebring aan dele van die land en spesiale verslae daarvoor uitgebring (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 5). Regeringstatistieke, in- en uitvoere en omset is noukeurig deur die bank dopgehou en daar was persoonlike skakeling met besigheidsmense, regerings- en militêre personeel. Tallose verslae toon aan dat die bank die bou van treinspore, die ontwikkeling van hawens en die ontdekking van diamante, goud en steenkool noukeurig gevolg het en kennis geneem het van die runderpes, die wingerdsiekte phylloxera, die Groot Griep en oorloë en opstande. Selfs die aantal waens en perdekarre gebou en verkoop, is as 'n aanwyser van ekonomiese toestande deur die bank gebruik (SB GMO 3/1/23 6/2/1889; SB GMO 3/1/24

7/8/1889; SB GMO 3/2/1/2 8/8/1900). Hierdie inligting is aangewend om bestaande benaderings te toets en vooruit te beplan. Van kulturele verskille en taalvoorkeure is kennis geneem en planne is in werking gestel om die bank se dienste daarvolgens aan te pas.

In 1871 het die algemene bestuurder byvoorbeeld aan Londen verslag gedoen dat die soektog na diamante in die Kimberley-omgewing voortgesit word met onverminderde toewyding (*pursued with unabated vigour*). Die algemene bestuurder was persoonlik van mening dat bittere teleurstelling op die diamantsoekers wag, maar dat 'n deel van die bevolking ten minste altyd werk daar sal vind. Die bank, onder leiding van die algemene bestuurder was, getrou aan sy karakter, uiters versigtig om daar betrokke te raak, maar het beplan om die situasie goed dop te hou en hul beplanning aan te pas soos nodig (SB GMO Letters to London 7/1871 15/2/1871). Kort na hierdie evaluering van die diamantvelde het die algemene bestuurder 'n oorsig gegee van sy vooruitskouing oor die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hy was van mening dat [...] *a few good seasons such as we have had [will] soon make the country advance faster than previous misfortunes have made it recede* (SB GMO Letters to London 9/1871 1/3/1871). Beplanning is op hierdie realiteite gegrond.

In 'n verslag aan Londen waarsku die algemene bestuurder in 1871 dat een van die belangrike produkte van Suid-Afrika, skaapwol, in die toekoms geraak mag word deur die groot veevrektes as gevolg van slegte weer en dat daarvolgens beplan moes word. In 'n uitlating wat moontlik gesien kan word as "onversigtig" en bevestiging van die wysheid van 'n hou jou by jou lees-benadering, skryf hy:

[...] *many thousands of sheep have perished. Farmers have, in some cases, I am informed lost from 40 to 50 p. cent of their lambs; and this loss is mainly due to the fact that they are too careless or indolent to provide necessary shelter for their flocks* (SB GMO Letters to London 36/1871 1/9/1871).

Die bank het in 1871 beplan om planne in plek te kry vir finansiële hulp aan die diamantvelde (SB GMO Letters to London 36/1871 1/9/1871).

Die ontdekking van diamante is deur die ontdekking van goud gevolg. Die bank was weer baie versigtig, maar wou nie besigheid aan wedywerende banke verloor nie. In 1874 het die bank, na sorgvuldige beplanning, sy takbestuurder in Kimberley, JW Harsant, gevra om 'n verslag oor die ontdekkings en vooruitsigte op die nuwe goudvelde op te stel, waarop die bank toekomsbeplanning kon grond. Harsant het onder meer met die eerste voorstel vir 'n mobiele bank, gebou op 'n ossewa, na vore gekom (Terry 1979: 117). Die konsep is nooit fisies ten uitvoer gebring nie.

In 1877 het die bank kennis geneem dat die Transvaal tot Britse gebied geannekseer sou word. Volgens die bank se statute van oprigting mag die bank net in Britse gebiede besigheid gedoen het. Die anneksasie het daardie probleem uit die weg geruim. Daar is beplan om 'n inspekteur na Kimberley te stuur, waar hy moes wag tot ná die anneksasie. Dan moes hy die Transvaal dadelik binnegaan en takke oopmaak op plekke waaroor daar vroeër beplan en besluit is (Henry 1963: 50).

Baie beplanning is op die gebied van akkommodasie gedoen (SB GMO Letters to London 52/1896 8/7/1896). Dieselfde het ten opsigte van personeel gebeur. Nadat daar ongelukkigheid onder personeel ontstaan het, het die bank se bestuur aangedui dat beplan is om in die toekoms te waak teen die aanstel van té veel beamptes van Londen by dieselfde tak in Suid-Afrika. Hulle is as die moeilikheidmakers beskou (SB GMO Letters to London 25/1913 25/6/1913).

Die bank het 'n korporatiewe kultuur van versigtigheid gehad en versigtige en goeie beplanning loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die bank.

Beplanning en doelwitte het 'n rigtinggewende invloed gehad op ander bestuursfunksies.

6.6.2.3 Bestuursleiding binne die bank

Die belangrikste leidinggewende funksie, beide aan die topbestuur in Londen en aan die Suid-Afrikaanse personeel, is deur die algemene bestuurder in Suid-Afrika gedoen. Dit het gelei tot die formulering, in samewerking met die Londense hoofkantoor, van doelwitte en subdoelwitte. Die navolging en uitvoering daarvan binne Suidelike Afrika het onder sy leiding geskied.

Die algemene bestuurder het leiding oor alle aspekte van die bank se werksaamhede gegee deur gereelde omsendbriewe en aandrang daarop dat beamptes kennis neem daarvan (SB GMO Circular 28/1881 24/11/1881). Beamptes se vordering is gekoppel aan hul kennis van die gereelde omsendbriewe, wat ingevolge 'n omsendbrief van 1881 in gebundelde en gestandaardiseerde formaat sou wees en as die Digest bekend sou staan (SB Circular 28/1881 24/11/1881). Op een tydstip is stappe geneem om beamptes se kennis daarvan formeel deur inspekteurs te laat toets (SB GMO Circulars to Inspectors 28/2/1896). Dit is egter nie ten uitvoer gebring nie.

'n Belangrike bestuurselement, wat van groot belang was in die gee van leiding, die uitoefen van beheer en die algemene handhawing van standaarde, was Standard Bank se inspektoraat. Dit is in 1865 deur Standard Bank se hoofbestuurder gestig en het onder meer as meetinstrument gedien.

Die algemene bestuurder het kennis geneem van probleme en vraagstukke, of potensiele probleme en vraagstukke, wat uit inspekteurs se verslae na vore gekom het. Hy het sulke probleme soms in direkte korrespondensie met 'n spesifieke takbestuurder of individu bespreek en leiding gegee. Waar soortgelyke probleme by meer as een tak opgeduik het, of as die algemene bestuurder gedink het die probleem kán moontlik ook by ander takke opduik, het hy dit in 'n algemene of spesiale omsendbrief onder alle takke of inspekteurs se aandag gebring (SB GMO Circular 4/1880 6/2/1880). In een geval begin die algemene bestuurder se omsendbrief so: *It has come to our attention that at certain branches some officers are in the habit of visiting hotels during business hours [.]* (SB GMO Circular 121/1900 27/12/1900). Opdrag is gegee dat sulke optrede dadelik gestaak word.

Senior personeel is opdrag gegee om voortdurend leiding en opleiding aan junior beamptes te verskaf oor die bank se funksionering en gebruike (SB GMO Circular to Inspectors 2/1929 15/6/1929).

Daar is van senior personeel verwag om ook op persoonlike vlak leiding aan junior personeel te verskaf (SB GMO Circular 11/10/1872; *Bits & Bytes* 30/5/2014: 3). Die algemene bestuurder het op die plig van bestuurders gewys om personeel, veral junior personeel, leiding te gee in die buitengewone omgewings waar hulle moes werk. Hy skryf:

The undesirabale conditions of life at many of the places where we have branches and the infrequent absence of all home influence in the case of many officers, especially those of junior grade, result in occassional lapses on the part of men of insufficient moral stamina (SB GMO Letters to London 33/1910 17/8/1910).

Sulke *lapses* moes met die leiding en ondersteuning van die takbestuurders voorkom word (kyk na ook paragraaf 3.5.1.9).

6.6.2.4 Kommunikasie

Soos met kultuur, is daar baie verskillende definisies van skakelkunde of public relations. Kortweg is dit al kommunikasiekunde in aksie genoem (De Swardt 1984: i). 'n Meer omvattende maar tog kernagtige beskrywing is die volgende:

[.] public relations [are] relations with the general public through publicity; those functions of a corporation, organization, [..], concerned with informing the public of its activities, policies etc., and attempting to create favorable public opinions (Webster (soos aangehaal deur De Swardt 1984:7)).

Openbare skakelwerk het in die 20ste eeu groot groei getoon, maar dit is geen nuwe begrip nie. De Swardt stel dit so:

daar [...] kan moontlik selfs van skakelwerk deur Moses gepraat word, terwyl party van die groot redevoerders van antieke Griekeland en Rome ook skakelwerk gedoen het. Selfs in die Middeleeue het die verskillende ambagsgildes hul eie vakrigtings probeer bevorder en verduidelik aan die publiek. In die VSA het sekere praktyke van persskakeling reeds in 1758 in New York begin en in 1807 het president Thomas Jefferson van die VSA, in sy sewende toespraak voor die kongres, die term skakelwerk (public relations) gebruik (1984: 4).

Standard Bank se argiewe toon dat die bank ten volle bewus was van die belangrikheid van openbare skakeling in die uitdra van 'n goeie beeld van die bank.

Benewens die uitdra van 'n besigheid se beeld na buite, word interne kommunikasie, binne 'n organisasie, ook gesien as skakelwerk.

Sanford, Hunt and Bracey wys op die feit dat organisasies, soos Standard Bank, uit verskeie onderdele bestaan en dat kommunikasie tussen die onderdele noodwendig en noodsaaklik is. Hulle stel dit so: *An organization is a social system of structured individual roles and tasks which require coordination and communication to accomplish a specific purpose* (1982: 9).

Hulle brei daarop uit:

We consider organizations to be composed of several internal elements, such as structure, people, goals, and so on, which interact to form the "whole" organization (Sanford ea 1982: 15).

'n Belangrike aspek van hierdie studie is die wisselwerking van Standard Bank se afdelings en dimensies onderling en met die omgewing. Sanford en ander sny ook hierdie belangrike aspek aan en maak die stelling:

[the] external environment exerts forces which shape the organization. The organization, in turn, produces some consequences, i.e. produces products, provides people some level of satisfaction, which feed back on and affect the environment (1982: 15).

Standard Bank het tussen 1862 en 1942 twee tipes skakelwerk gedoen: eksterne en interne skakelwerk.

Eksterne skakelwerk

Ekstern was die bank daarop bedag om met die gemeenskappe waarbinne die bank aktief was te kommunikeer en die beste moontlike betrekkinge met die lede van die gemeenskap te bewerkstellig en te onderhou (SB GMO Circular 28/1884 15/8/1884).

Die bank se takbestuurders het uitreikbesoeke aan die distrikte gebring om boere te ontmoet en hulle as kliënte te probeer werf. Alle bankpersoneel het deelgeneem aan gemeenskapsaktiwiteite (kyk paragraaf 3.5.2.5). In tye van oorlog, het hulle aan die plaaslike tuiswag (*home guard*) of aan wagbeurte deelgeneem (Amphlett 1914: 147; SB GMO Circular 2/1901 4/1/1901; SB GMO Letters to London 50/1914 4/12/1914). Die takbestuurders het 'n hoë sosiale profiel gehandhaaf, het leidende lede van die publiek formeel en informeel onthaal en is self met aansien bekleed. Toe 'n nuwe gebou vir die bank se gebruik in Oudtshoorn voltooi is, het die plaaslike koerant (*Het Zuid-Westen*) op 12 Mei 1904 berig:

Dinsdag werd het publiek uitgenoodigd de nieuwe gebouwen Standard Bank te komen bezichtigen, en een heildronkje in Champagne te drinken. De aanwezigen waren talrijk. Na men het gebouw bezichtigd had, hield de plaatselijke bestierder, de heer De Kok, een korte, en nette aanspraak. Hij maakte duidelijk met welke oogmerk hij vooral te werk ging, en dit was om het gemak van het publiek in aanmerking te nemen, [...] Hij vertrouwde dat het vertrouwen dat de inrichting zoover genote had zou voortduren.

In 'n poging om direk tot die breë publiek te spreek, het die bank soms advertensieruimte by koerante gekoop om sy boodskap uit te dra (kyk paragraaf 2.5.2).

In die vroeë jare van die bank, toe die hoofkantoor nog in Port Elizabeth was, het die medebestuurders van die bank hul aankoms by die bank só gereël dat hulle nie soggens op dieselfde tyd aangekom het nie. Die aankoms was elke oggend 'n oefening in openbare skakeling (*public relations*) met die doel om te beïndruk. Elkeen het met sy eie koets en spogperde gery en is ondersteun deur personeel in helderkleurige livrei-drag. Deur hul aankomste te skei, het die bestuurders doelbewus die lengte en impak van die skouspel verleng (kyk paragraaf 5.2.1).

Standard Bank se geboue moes nie alleen verbruikersvriendelik, gerieflik en goed geleë wees nie, maar moes ook in voorkoms 'n positiewe, selfs indrukwekkende, beeld uitdra.

Kliënte van Standard Bank is gewaarborg dat hul private sake vertroulik hanteer sou word. Waar dit enigsins moontlik was, is geriewe by takke geskep waar kliënte in privaatheid met bankpersoneel kon gesels. Die afwesigheid van sulke geriewe is deur die bank as hoog onaanvaarbaar beskou.

Standard Bank wou die maksimum aantal kliënte trek en dit het meegebring dat ook na die Nederlands/Afrikaanse gedeelte van die gemeenskap uitgereik moes word. Die Bank se algemene voertaal en kommunikasiemedium was Engels. Baie lede van die bank se personeel het van Brittanje gekom en was eentalig. Personeel is aangemoedig en aangespoor om Nederlands aan te leer. Aanduidings is gegee dat dit bevorderingsmoontlikhede sou verbeter.

Ook finansiële aansporings is aangebied (SB GMO Letters to London 51/1910 21/12/1910; SB GMO Letters to London 6/1912 7/2/1912).

Benewens skakeling met die bank se kliëntebasis, het die bank se bestuur ook doelbewus met invloedrykes en besluitnemers op verskeie vlakke geskakel. Goeie betrekkings met politici en militêre leiers het die bank gehelp om regerings- en militêre rekeninge te bekom en op hoogte van sake te bly. Dit was van onskatbare waarde in verskeie opsigte. So kon die algemene bestuurder so goed ingelig wees dat hy reeds in Maart 1877, voor die anneksasie van Transvaal, aan Londen kon skryf: *There is every reason to believe that the Transvaal Republic will soon acknowledge British Supremacy* [.] (SB GMO Letters to London 16/1887 16/3/1877).

Voor die uitbreek van die tweede Anglo-Boereoorlog, terwyl pogings aangewend is om die oorlog te verhoed, het die algemene bestuurder inligting ontvang dat die oorlog definitief sou uitbreek. Hy het sy reis oor Beira na Salisbury onderbreek om dringende reëlings te tref. Amphlett dui aan dat hy uitgebreide spesiale magte vir die oorlogstyd aan JJG Ferris in Pretoria gedelegeer het. Mnr Ferris was die man wat Standard Bank se tak in Pretoria suksesvol bestuur het sedert die "terugslag" van 1881. Met die voorafkennis kon takbestuurders voorrade aanskaf voor die oorlog en elke takbestuurder het dit gedoen (Amphlett 1914: 143).

Die bank het ook goeie betrekkings behou met persone in sleutelposisies in die verskillende regeringsdepartemente, soos die Departemente van Doeane en Aksyns, met hawe-owerhede, besigheidsluiers, sakekamers en politici van verskillende politieke partye, spoorwegleiers en ander, van wie bruikbare inligting bekom kon word. Sommige banktakke, onder meer dié in Johannesburg en Kaapstad, het oor spesiale onthaalvertreke beskik waar diesulkes en groot kliënte privaat en formeel onthaal is.

Interne kommunikasie

Kommunikasie tussen Standard Bank se raad van direkteure in Londen en die algemene bestuurder in Suid-Afrika was in skrif en is per boot gestuur. Die pos na of van Londen het sowat 40 dae geduur en in die eerste dekades na die stigting van die bank was daar geen sprake van 'n ondersese kommunikasiekabel nie (Amphlett 1914: 1). Dit is eers in 1879 in werking gestel. Skepe het soms tot niet gegaan en ten opsigte van elke posstuk is aangedui op watter boot dit gestuur is. By versending van posstukke is 'n kopie van elke posstuk gehou sodat die inligting daarin beskikbaar sou wees, as 'n boot sou vergaan. Bootname soos Armadale Castle, Balmoral Castle, Dunvegan Castle, Edinburgh Castle, Galway Castle, *Grantfully Castle*, *Kildonan Castle*, *Norham Castle*, *Norman Castle*, *Roslin Castle*, *Saxon Castle*, Tantallon Castle, asook Briton, Mexican, Noor, Saxon en RMS Kenilworth, RMS Scot, SS Phemius en ander het gereeld in dokumentasie opgeduik.

Kommunikasie tussen die bank se Suid-Afrikaanse hoofkantoor en takke van die bank was ook byna uitsluitlik in skrif. Senior personeel van die bank het soms besoek gebring aan streke en met bankbeamptes gesprekke gevoer en bankinspekteurs het dit op 'n meer gereelde grondslag gedoen. Geen aanduiding kon gevind word van werkswinkels of konferensies van bankpersoneel nie. Een kernelement van interne skakeling binne Standard Bank was dus die omsendbriewe vanaf die algemene bestuurder, wat mettertyd as die Digest bekend gestaan het en as handleiding van die bank se werking gedien het. Van beamptes is verwag om vertrouwd te wees met die inhoud daarvan: *Each officer [...] is expected to acquaint himself with the contents of the Digest* (SB GNO Circular 28/1881 24/11/1881).

Met uitsondering van die bank se hoofkantoor en takke in groot sentra was die bank se personeel binnelands en in omliggende gebiede in redelike klein groepies bymekaar getrek. Dit het interne kommunikasie binne takke vergemaklik.

Benewens die wyse van optrede wat in die Digest voorgeskryf is, is die bank se doelwitte ook duidelik aan bankpersoneel gekommunikeer. Bevoegdheid oor die uitvoering daarvan is gedelegeer, streng beheer is uitgeoefen deur gereelde verslae en inspeksiebesoeke.

In 1885 het die algemene bestuurder hom uitgespreek teen private korrespondensie tussen takbestuurders van verskillende banktakke, iets wat normaalweg as 'n metode ter versterking van spangees gesien sou kon word. In die omsendbrief dui die algemene bestuurder aan: *[...] it is feared that the transactions of one branch are discussed by its officers with those of another, and even the general affairs of the bank* (SB GMO Circular 23/1/1885).

6.6.2.5 Die uitoefen van beheer

Beheer is 'n belangrike bestuursfunksie, veral in 'n besigheid soos wat Standard Bank gedurende die tydperk van studie was. Die bank was blootgestel aan faktore, baie waaroor die bank geen beheer gehad het nie, soos droogtes, peste en siektes, oorloë en opstande, modes (soos ten opsigte van volstruisvere en bokhaar), diamant- en goudontdekkings, en nog vele ander. Selfs die Amerikaanse Burgeroorlog en die groot brand van San Francisco het 'n invloed op die bank gehad.

Fisies was die personeel en die bates van die bank wyd verspreid en blootgestel in 'n relatief onontwikkelde land, met beperkte verbindings- en kommunikasiemiddele en deurlopende sekuriteitsbedreigings. Beleggers in die bank wou winste en jaarlikse dividende op hul beleggings sien. Beheer moes behou word oor die standaard sowel as bekostigbaarheid en aanvaarbaarheid van akkommodasie, bates van die bank, die personeelkomponent in al sy dimensies, reise, uitgawes en alle daaglikse aspekte van die funksionering van die bank, sowel as die beeld, status en belange van die bank. Die algemene bestuurder het die bank se

standpunt oor sentrale beheer in die 19de eeu reeds baie duidelik gestel en daarop gewys dat die bank se voorskrifte nougeset nagekom moet word (SB GMO Circular 28/1881 24/11/1881).

Streng standaarde is gestel ten opsigte van die bank se akkommodasie en van takbestuurders is verwag om nougeset daarby te hou. In noodgevalle, waar takke dringend geopen moes word, is op die oordeel van die betrokke beamptes vertrou, maar die algemene bestuurder moes so ver prakties moontlik geken word. Ten opsigte van groot bouprojekte vir die bank is planne vooraf aan Londen gestuur, wat die planne bestudeer en kommentaar daarop gelewer het (kyk paragraaf 5.2.2.3). Selfs die versierings vir geboue is in beide Londen en die Suid-Afrikaanse hoofkantoor bestudeer en goedgekeur (ARCH1/1CT; SB Inspection report Kaapstad 8/6/1909; SB GMO 24/82 18/3/1882).

Die bates van die bank is ook streng beheer. Daar was voorskrifte ten opsigte van die fisiese beveiliging van geboue en bates, ten opsigte van die hantering van kontant, seëlregisters, blanko tjeks, bankwaarborgs, en ander. Ook die metafisiese aspek van blootstelling van die bank deur die leen van geld teen waarborgs, moes nougeset deur takbestuurders beheer en gereeld aan die algemene bestuurder se kantoor oorgedra word. Inspekteurs het dit in die fynste besonderhede nagegaan.

Die bank het sy personeel as 'n bate beskou, maar het streng beheer oor personeellede uitgeoefen, selfs oor private aangeleenthede, soos hul geldsake en huwelikstatus. Die eerste beheermeganisme ten opsigte van personeel was die keuring vir aanstelling van die regte persone (kyk paragraaf 3.3).

In 1881 het die algemene bestuurder reeds 'n omsendbrief uitgestuur waarvolgens takbestuurders verbied is om vir 'n dag of langer van hulle takke weg te gaan sonder die verlof van die Suid-Afrikaanse hoofkantoor (SB GMO Circular 32/1881 9/12/1881). In 1884 het die algemene bestuurder gewys op die noodsaaklikheid van goeie verhoudings met kliënte en die algemene publiek en opdrag is aan takbestuurders gegee om toe te sien dat [...] *fitting civility and courtesy are shown by all officers coming into contact with the public. We cannot too strongly impress this upon you* (SB GMO Circular 28/1884 15/8/1884). Inspekteurs moes verslag doen oor die nakoming van die voorskrifte.

Personeel is mede-aanspreeklik gehou vir die voorkoming van onreëlmatighede of onwettighede. In 'n omsendbrief van 15 Maart 1928 en weer in September 1929, is verwys na onreëlmatighede wat nie onder die algemene bestuurder se aandag gebring is nie. In een geval was senior personeel betrokke en was juniors onwillig om dit te rapporteer. In die toekoms sou beamptes wat nie onreëlmatige optrede onder die bestuur se aandag bring nie, mede-

verantwoordelik gehou word vir sulke onreëlmatighede en moontlike verlies vir die bank (SB GMO Special Circular 4/2/12 19/9/1929).

Benewens akkurate boekhouding van finansies en ander bates, moes daar by elke tak 'n dagboek gehou word en daarin moes onder meer aantekeninge gemaak word oor elke posstuk wat na die hoofkantoor gestuur is (SB GMO Circular 25/1882 21/7/1882). Ter wille van beheer oor die algemene funksionering van die bank moes daar by elke tak 'n teenwoordigheidsregister gehou word (SB GMO Circular 21/1882 30/6/1882).

Tydens inspeksies moes bankinspekteurs al hierdie registers nagaan en daarvoor verslag doen. Hulle moes kontroleer of probleme wat in vorige inspeksieverslae uitgewys is, aandag gekry en reggestel is. Indien dit nie gedoen is nie, moes dit onder die algemene bestuurder se aandag gebring word (SB GMO Circular to inspectors 13/12/1893).

Beheer is uitgeoefen oor uitgawes wat noodwendig aangegaan moes word. Dit moes tot die absolute minimum beperk word en geen beamptes se eise vir terugbetaling sou byvoorbeeld oorweeg word sonder sertifisering deur die betrokke bestuurder nie (SB GMO Circular 8/1881 25/3/1881).

Die algemene funksionering van die bank en dienslewering aan die publiek is geraak deur verlof van beamptes en dit is dus streng beheer. In 1881 het die algemene bestuurder laat weet dat aansoeke om verlof van beamptes vergesel moes word deur 'n aanduiding van presies hoe lank vantevore die beampte laas verlof gehad het (SB GMO Circular 32/1881 9/12/1881). Later is beamptes weer daarop gewys dat die betaling van beamptes vir aflosdiens 'n groot uitgawe was. Die bank se bestuur het simpatie gehad met ouers van skoolgaande kinders wat almal in die somer vakansie wou neem, maar dit kon nie toegelaat word dat personeeltekorte ontstaan nie (SB GMO Circular 87/1927 17/11/1927).

Die tydperke van verlof is ook streng beheer. Ingevolge 'n omsendbrief van Februarie 1928 kon seuns, bodes, skoonmakers en bediendes, hysbakoperateurs en nagwagte twee weke per jaar verlof kry en ná vyf jaar diens, drie weke (SB GMO Circular 38/1928 10/5/1928). In 'n latere omsendbrief is verduidelik die verwysing na seuns is ten opsigte van [...] *boys employed at a few of the largest branches for running messages etc., and have no reference to Native boys. In order to remove any misappropriation in future please insert the word: "European" before Office Boys at the paragraph referred to [...]* (SB GMO Circular 25/1929 28/3/1929).

Beheer was altyd 'n integrale en noodsaaklike deel van die bank se bestuur.

6.6.2.6 Die motivering van personeel

Werkomstandighede en werksomgewings was nie gedurende die tyd waaroor hierdie studie handel op dieselfde standaard as wat dit in die 21ste eeu is nie. Die bedingingsvermoë en regte van werkers was ook meer beperk. Woon en ander geriewe in groot dele van die land was redelik onderontwikkeld. Hoë eise is aan personeel gestel, maar die bank het gepoog om 'n spangees te skep as deel van die motivering van personeel. Toe daar 'n klein opstand onder personeel uitbreek het in Johannesburg, het die algemene bestuurder aangedui dat die probleme nie sou ontstaan het as die spangees daar beter was nie (SB GMO Letters to London 25/1913 25/6/1913). Ter verbetering van die spangees van die hele bank se personeel is personeelnuus-omsendbriewe onder personeel versprei. Aanduidings van meer as vyftig sulke briewe gedurende die tyd wat die bank bestudeer is, is gevind. Die inligting daarin vervat, grotendeels oor die bewegings van individuele beamptes, is nie geag as van wetenskaplike belang vir hierdie studie nie.

Naas die bou van 'n spangees en 'n trots om met Standard Bank verbind te wees, is bankpersoneel met aansporingsbonusse vergoed vir goeie diens. Bonusse is byna elke jaar uitbetaal, maar slegs aan dié wat volgens hul seniors presteer het. Takbestuurders is versoek om dit onder die aandag van die algemene bestuurder te bring as daar personeellede was wat besondere toewyding getoon het (SB GMO Circular 3/1883 10/1/1883). Bevordering was 'n motivering vir harde werk en beamptes wat Nederlands aangeleer het, is ook finansiëel daarvoor vergoed (SB GMO Letters to London 51/1910 21/12/1910).

6.6.2.7 Delegering van verantwoordelikhede, magte en bevoegdhede

Standard Bank was gedurende die tyd waaroor hierdie studie handel 'n groeiende bank, een met goeie beplanning en baie duidelike doelwitte en sienings oor wat vereis word om sukses te behaal en hoe die bank moes funksioneer. Dit het gegroei uit die Britse en Europese banktradisie, wat tydens die stigting van Standard Bank in 1862 reeds goed gevestig was. Die bestuurstelsel was uit die aard van die bank se werk gesentraliseer met sterk beheermeganismes. Daar was 'n organisatoriese struktuur waarvolgens poste, bevoegdhede en magte georganiseer is. Delegasie van bevoegdhede het grotendeels met dié organisatoriese struktuur van die bank gepaard gegaan: spesifieke poste het spesifieke funksies behels en spesifieke besluitnemingsbevoegdhede meegebring. Met die aanstelling van 'n persoon in 'n pos is die nodige bevoegdhede aan hom gedelegeer. Van tyd tot tyd was dit nodig om bykomende bevoegdhede deur delegasie aan beamptes toe te ken.

Toe die bank in 1899 ingelig is dat die tweede oorlog tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gaan uitbreek, het die algemene bestuurder buitengewone magte aan die bank se takbestuurder in Pretoria gedelegeer. Hy is met volle mag bekleed om al die bank se

takke in Transvaal te behartig en om die bank se belange tydens die komende oorlog te beskerm (Henry 1963: 138).

Tydens die Eerste Wêreldoorlog was groot getalle mans betrokke by die oorlogspoging. Die gevolglike arbeidstekort het die bank genoop om af te wyk van die bestaande beleid en om van 1916 af vroue in diens te neem. Die bank se takke in Kaapstad en Johannesburg is aanvanklik die swaarste getref deur die arbeidstekorte. In 'n brief aan Londen is die raad van direkteure deur die algemene bestuurder ingelig: [...] *the managers of those branches have been authorised to engage lady clerks, on a temporary basis, and this innovation may probably have to be extended to other points* (SB GMO Letters to London 47/1915 3/12/1915; paragraaf 3.5.1.13 hierbo).

Deur delegering is take toevertrou aan beamptes vir afhandeling en terugvoering. Besonderhede het van geval tot geval verskil. In all gevalle het die finale verantwoordelikheid ten opsigte die suksesvolle deurvoering van take steeds by die takbestuurder berus.

6.7 Take in die funksionering van die bank

Binne die bestaande werklikhede van die omgewing en die regulatoriese raamwerk, met die doelwit van 'n winsmotief en sub-doelwitte deur die bestuur gestel, moes die bank fisies gevestig en bedryf word. Spesifieke take het hieruit voortgevloei (kyk figuur 6.3.). Van die take volg hieronder.

6.7.1 Die vind van bankakkommodasie

Die heel eerste taak wat aandag geverg het wanneer 'n nuwe tak gestig is, was om akkommodasie vir die bank te bekom: 'n adres vanwaar die bank daaglik kon funksioneer. Dit was geen eenvoudige taak nie, soos in vorige hoofstukke aangedui. Suider-Afrika was onontwikkeld en daar was meestal nie 'n surplus aan akkommodasie beskikbaar nie. Om self te bou was meestal nie 'n aanvaarbare opsie nie omdat die bank omsigtig was met die maak van beleggings in gemeenskappe waar dit nie seker was of 'n banktak sukses sou behaal nie. Die skaarste aan bouers en boumateriale en die koste en tyd verbonde aan die verskeep van sodanige materiaal het dit nog 'n minder-aantreklike opsie gemaak. In die laaste dekades van die 19de eeu, skryf Amphlett: *The cost of building [...] was excessive, and pending railway construction there seemed to be little chance of much amelioration* (1914: 111). Die situasie is vererger deur die feit dat banktakke dikwels met groot haas geopen is om wedywerende banke voor te spring. Die resultaat was dat eenvoudige en minder bevredigende akkommodasie soms gehuur is en dat daar dikwels van perseel na perseel getrek is.

6.7.2 Personeelvoorsiening

Die wisseling van personeel het dikwels in verband gestaan met ekonomiese toestande. In tye van ekonomiese opbloei was daar meer werksgeleenthede beskikbaar en het die bank soms groot getalle werknemers verloor (kyk paragraaf 3.5.11). In 1915 het die algemene bestuurder aan Londen 'n oorsig gegee van sulke verliese tussen 1910 en 1914. Hy dui aan dat 447 beamptes in daardie tyd die bank se diens verlaat het. Van hierdie totaal het 204 Standard Bank se diens verlaat vir beter vergoeding en beter vorderingsmoontlikhede. In 1910 is tien, in 1911 twee, in 1912 ses, in 1913 drie en in 1914 een van Standard Bank se personeellede na die Nasionale Bank (SB Letters to London 24/1915 18/6/1915). Soos die land ontwikkel, het die algemene bestuurder in 1913 aan Londen geskryf, sal daar altyd versoekings vir jong mense wees om ander werk te aanvaar waar die dissipline miskien minder streng en daar meer geleenthede vir vordering is (SB GMO Letters to London 50/1913 19/12/1913).

Die bank het boonop vroeg reeds die beleid neergelê dat beamptes wat bedank het uit die bank se diens, nie weer in diens geneem word nie (SB Circular 23/1883 15/6/1883).

Takbestuurders moes toesien dat junior beamptes opleiding kry. In omsendbrief 2/1929 van die algemene bestuurder aan inspekteurs is hulle aangesê om takbestuurders en alle senior personeel by elke geleentheid bewus te maak van die noodsaaklikheid daarvan dat jong personeellede opgelei moes word. In alle inspeksieverslae moes aangedui word of die opleidingsaspek die aandag kry wat die bank vereis (SB Circular to Inspectors 28/2/1896; Circular to Inspectors 2/1929 15/6/1929). Ook vir ander personeelbestuursfunksies, soos die koördinerende van gewone en tuisverlofreëlings van beamptes, was die takbestuurders verantwoordelik. Hulle moes veral sorg dat die verlofreëlings nie die bank se diensleweringsfunksies benadeel nie.

Sommige beamptes was eenvoudig nie geskik vir hul werk nie. Nie minder nie as 42 bankbeamptes is in 1908 en 1909 afgedank, volgens 'n brief van die algemene bestuurder aan Londen (SB GMO Letters to London 33/1910 17/8/1910).

'n Vroeëre afdanking was dié van ene meneer GM Cole, wat die tak op Klipdrift geopen het. Cole was van mening dat die gebied deur Brittanje geannekseer moes word, 'n siening wat nie deur self-verklaarde "President" Stafford Parker en al sy ondersteuners gedeel is nie. Dit kon tot nadeel van die bank wees en dit was 'n verontagsaming van die bank se verklaarde beleid van nie-inmenging in politiek. Hy is in Maart 1871 ontslaan (Terry 1979:50). Ene mnr S, takbestuurder van Krugersdorp se tak, het krimineel opgetree en kliënte bedrieg. Die algemene bestuurder het na hom verwys as [...] *this absconding defaulter* (SB GMO Letters to London 2/1898 12/1/1898). Ook in latere korrespondensie van die algemene bestuurder word verwys na S se *fraudulent transactions* (SB GMO Letters to London 17/1898 27/4/1898).

Selfs waar verlore personeel vervang kon word, was dit gewoonlik met die verlies van ervaring en kundigheid (kyk paragraaf 3.5.12).

In een geval het die bank 'n werker verloor wat tronkstraf moes uitdien omdat hy sy eie bank begin en deposito's geneem het sonder 'n banklisensie. 'n Plaasvervanger is intussen in diens geneem. Ná sy tronkstraf het die voormalige werknemer teruggekeer na die bank. Buite die bank het hy sy plaasvervanger gevind waar hy op 'n lang leer gestaan het terwyl hy die bank se vensters gewas het. Hy het die lang leer met die man op onseremonieel omgegooi. Die plaasvervanger het daarop die hasepad gekies. Die vrygelatene het hom toe by die rekenmeester gaan aanmeld as terug op sy pos, wat pas ontruim is. Volgens Terry was hy daarna tot met sy aftrede in die diens van die bank (1979: 192).

Die ideale werkgewer/werknemer-verhouding is iets wat verder gaan as net die koop en verkoop van arbeid. By Standard Bank kon lede van die personeelkomponent met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar dat die bank na hul belange sou omsien.

'n Bankbeampte wat aan die Johannesburgse tak van die bank verbonde was, WGJ Burton, was 'n Transvaalse burger, maar het drie keer daarin geslaag om militêre diens tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 te ontwyk. In Julie 1900 is hy met 'n militêre geleide gestuur om geld in Klerksdorp te gaan aflewer. Op hul terugreis, is hy en die geleide deur generaal PJ Liebenberg se kommando gevange geneem en 'n paar dae lank in 'n Boerelaer aangehou. Tot Burton se kortstondige vreugde is 'n deel van Liebenberg se kommando deur 'n Britse eenheid oorrampel en het hy in die hande van die Britte geval. In stede van toegelaat te word om na sy werk terug te keer, is hy egter as krygsgevangene na Ceylon (van dié tyd) gestuur. Die bank het alles in hul vermoë gedoen om hom vrygestel te kry; sonder sukses. Ietwat lakonies het die bank verslag gedoen dat geen sukses bereik kon word nie: *[.] in spite of the bank's best efforts to effect his release, efforts which were repeated after he had arrived in Ceylon* (Amphlett 1914: 164).

Gedurende Februarie 1901 is 'n jong beampte wat in die Murraysburgtak gewerk het, P Potgieter, deur die Britse militêre owerhede in hegtenis geneem omdat hy die Transvaalse Volkslied in sy huis gesing het. Hy is swaar beboet, streng berispe en moes belowe dat hy nooit weer so iets sou doen nie. Sonder dat hy enige verdere oortreding begaan het, is hy ses maande later weer, op dieselfde klagte, in hegtenis geneem deur die militêre owerhede. Hierdie keer is hy gedeporteer uit Murraysburg. Die bank het gedink dit is onbillik en bietjie belaglik en het met die Britse leër in korrespondensie getree. Die bank het hom egter teen 'n papiergordyn vasgeloop en kon geen vordering maak nie. Die algemene bestuurder het die saak onder die aandag van die raad van direkteure in Londen gebring en in November 1901 is Potgieter vrygelaat (Terry 1979: 226).

In 1902 het die algemene bestuurder na 'n ander geval verwys. Hy dui aan dat 'n sekere kommandant Lane, 'n Boeregevangene van die Britte, aangebied het om 'n groep op die been te bring om teen sy medeburgers te veg. Kommandant Lane was die vader van 'n bankbeampte wat ook deur die Britte gevange geneem is. Hy verwys na die beampte as: *[.] young Lane, of our Klerksdorp branch, also a prisoner of war, [.] whose release we at times strenuously but ineffectually, endeavoured to procure* (SB GMO Letters to London 6/1902 12/2/1902).

Die personeelkomponent moes optimaal aangewend en bestuur word. Elke banktak moes stiptelik hul deure open om diens aan die publiek te verskaf. Besigheidsure was elke dag van 09:00 tot 15:00, behalwe Woensdae en Saterdag, wanneer die bank net halfdag oop was (Terry 1979: 66). Beamptes moes stiptelik aanmeld vir diens. Met dié doelwit voor oë is 'n teenwoordigheidsregister by elke tak in 1882 in gebruik geneem (SB Circular 21/1882 GMO 30/6/1882).

Die skep en die deurlopende bestuur van 'n personeelkomponent was 'n belangrike bestuursfunksie wat aan die kern van die bank se funksionering en doelwitbereiking gelê het.

6.7.3 Die beveiliging van bankpersele

Beamptes van Standard Bank was verantwoordelik vir die beveiliging van hul banktakke en van alle bankeiendom. 'n Vroeë omsendbrief het bestuurders opdrag gegee: *[.] exercise the utmost watchfulness of the protection of the bank's property* (SB GMO Circular 4/2/1 5/10/1877). In 1880 het 'n omsendbrief gewaarsku:

The disbandment of troops and other causes have apparently produced the presence of many bad characters, and it is necessary that you take every precaution for the protection of the Bank's assets and property (SB GMO Circular 9/1880 2/4/1880).

'n Omsendbrief met dieselfde strekking (SB GMO Circular 11/1881 6/5/1881) is die volgende jaar uitgestuur. Bedreigings was 'n integrale deel van die bank se daaglikse werklikheid en soortgelyke omsendbriewe is gereeld aan takbestuurders en ander bankpersoneel gestuur.

Alle personeel was verantwoordelik vir die sekuriteit van die bank maar die finale verantwoordelikheid het by die bestuurder van elke tak berus. In 'n omsendbrief aan takbestuurders is dit duidelik gestel: *[.] it must be your special care to satisfy yourself that your premises are sufficiently protected at all times, especially at night* (SB GMO Circular 9/1880 2/4/1880). Dit was een van die aspekte waaraan inspekteurs op besoek spesiale aandag moes gee en waaroor hulle verslag moes doen.

Die beveiliging van persele het onder meer die aanbring van diefstal, die instandhouding van 'n vuurwapen, die reëling dat 'n beampte of beamptes op die perseel slaap, alarms,

versigtigheid en sekuriteitsbewustheid asook streng beheer oor sleutels ingesluit (SB GMO Circular 4/2/4 29/6/1875). Dit het ook 'n metafiese dimensie gehad en takke moes voorsorg tref teen bedrog, korrupsie en vervalsings.

Elke banktak moes oor 'n brandkas en 'n instapkluis (*strong room*) beskik, verkieslik in 'n kelderverdieping (kyk paragraaf 4.3.2). In die geval van die tak in die Wehlgebou, Johannesburg het die veiligheidsmaatreëls ook die volgende behels:

[.] daar was drie of meer inwonende beamptes snags op wag en hul pligte was onder meer om die ondergrondse kelders wat as brandkluis gebruik is, te deursoek - van dié belangrike take was naamlik om versigtig by die mure te luister vir 'n moontlike gegrawe vanaf naburige en taamlik ongewenste persele, en om 'n sertifikaat in te vul waarop die juiste uur, ens. aangedui word (Terry 1979:174).

Gedurende 1877 het die bank se algemene bestuurder 'n omsendbrief uitgestuur wat aan takbestuurders opdrag gegee het om 'n ketting aan banktakke se buitedeure aan te bring om die volle oopmaak daarvan te beperk, maar met 'n opening groot genoeg om na-ure met iemand buite te kan praat. Ook moes daar 'n ketting of 'n versterkingsband van metaal om elke kluis gesit word (SB GMO Circular 4/2/4 3/8/1877).

6.7.4 Die beveiliging van bates en kosbaarhede

Beveiliging van bates en kosbaarhede soos blanko vorms, skryfbehoeftes, kontantgeld, bankwissels, tjeks, seëls, waardevolle registers en dokumente, diamante en goud was altyd nodig, maar was veral ten tye van oorlog en onrus 'n uitdaging. Hierdie kosbaarhede moes ook tussen sentra vervoer word, soms oor lang afstande en gevaarlike terrein. Struikrowers was 'n werklike bedreiging (kyk paragraaf 3.5.2.6).

In die bankwese en by Standard Bank was beveiliging altyd 'n belangriker bestuursfunksie as in ander besighede. Die bank se algemene bestuurder en hoofkantoor, waarvan die inspektoraat deel was, en die bestuurders van banktakke het groot verantwoordelikheid in dié verband gedra.

Interne beveiliging van bates en kosbaarhede

Kosbaarhede het verskillende vorms aangeneem. In 'n banktak wat uit 'n tentjie bestaan het, het 'n personeellid saans op 'n kampbedjie met die kassier se kasboek onder sy kopkussing geslaap om dit te beveilig (Terry 1979: 193). By 'n ander tak wat uit 'n tent bedryf is, het die bestuurder tydelik in 'n kamer langs die sanitasiestee geslaap en die klerk op 'n kampbed voor die tentbank se toonbank. Gedurende die dag is die kampbed onder die toonbank weggepak. Dan het die klerk met slaapklere en 'n reënjas na 'n gebou gestap waar hy kon skeer en

aantrek, voor hy terug is na die tentbank en sy dagtaak begin het. In die aand is die proses omgekeer (Terry 1979: 193).

Van die aspekte waarop bankinspekteurs moes let en in elke inspeksiebesoek oor verslag moes doen, was: *Bank premises; safes and keys; safe custody items*. Die eerste van hierdie items het ook die situasie ten opsigte van die brandkas en brandkluis ingesluit. Verder moes oor die situasie ten opsigte van die perseel se vuurwapen of vuurwapens verslag gedoen word.

Beveiliging het nie net oor die fisiese aspekte gehandel nie. Bestuurders moes met noulettendheid verseker dat 'n tak nie geld uitleen wat nie terugbetaal kon word nie en die tak se inkomste, uitgawes en voorskotte sorgvuldig dophou en bestuur. Bestuurders moes ook bedag wees op bedrog (kyk paragraaf 3.5.3.2).

Beveiliging van bates en kosbaarhede in transit

Geld en ander kosbaarhede moes uit die beveiligde bankgeboue geneem en vervoer word na ander bestemmings. Gedurende die vervoer daarvan was die kosbaarhede op hul kwesbaarste.

Standard Bank se bestuur het in 1870 besluit dat die tyd ryp was om 'n tak op die diamantvelde te open en besluit dat dit op Klipdrift moes wees. Die onder-bestuurder van die Port Elizabeth-tak, GM Cole, is aangewys as bestuurder op Klipdrift. Hy het dadelik sy verantwoordelikhede opgeneem en per passasierskoets van Port Elizabeth oor Bloemfontein na Klipdrift gereis, waar hy op 12 November 1870 aangekom het. Die bank se toerusting het intussen per ossewa van Port Elizabeth gekom. Op 23 Desember 1870 het die *Eastern Province Herald* só berig oor 'n gebeurtenis op die Vaalrivier tussen P'niel (sic) en Klipdrift:

'n Houthuis, brandkluis, spesie, toonbank, ens., vir die Standard Bank het veilig aan die Klipdrift-kant van die diamantvelde aangekom. Die brandkluis, wat 1 800 lb weeg, het in die oortog oor die Vaalrivier van die boot - tewens twee bote wat aan mekaar vasgemaak was - afgegely en in die rivier geval, maar gelukkig soos 'n kurkprop, of liever 'n ysterklip, bo gedryf en nie die bodem geraak voordat dit die oorkantste wal bereik het nie. [...] Ons wens mnr Cole geluk met die feit dat sy brandkluis nie net brandbestand is nie, maar ook waterdig (Eastern Province Herald 23/12/1870; Amphlett 1914: 62). (Spesie, in hierdie verband, verwys na betaalmiddelle).

Volgens Standard Bank se oorleweringe het die bestuurder vergoeding aangebied vir die red van die brandkas. Tien mans het aangebied om dit te doen teen £10 elk, en het die kluis uit die rivier gekry, maar toe dit by betaal kom, was die bestuurder onwillig om £100 te betaal. Die mans het toe begin om die brandkas terug in die water te sit, waarop die bestuurder die ooreengekome bedrag betaal het (SB *Bits & Bytes* 30/5/2014: 2).

Meredith, in sy boek *Diamonds, Gold and War: The making of South Africa*, bereken dat die koopkrag van £1 in 1899 gelykstaande was aan £86 in 2007 (2007: 527). As Meredith se formule toegepas word op die tydperk 1870 tot 2016, was die koste verbonde aan die redding van die kluis waarskynlik meer as die ekwivalent van £10 000 in hedendaagse geld. Teen 'n wisselkoers van R15 teenoor die Britse pond, sou dit vroeg in die 21ste eeu R150 000 bedra.

In 'n verslag aan die bank se hoofkantoor in Londen het die algemene bestuurder na die insident verwys en aangedui dat die bank nie die geld verloor het nie aangesien die veilige vervoer en aflewering die verantwoordelikheid van die vervoerder was en die uitgawe van sy rekening afgetrek sou word (SB Bits & Bytes 30/5/2014: 2). Die moontlikheid bestaan dat die reddingspoging meer gekos het as die totale betaling vir die vervoer van die brandkas. Een transportryer se wekelange tog van die kus na Klipdrift het hom waarskynlik niks anders as skuld in die sak gebring nie. So het die omgewing ook 'n invloed gehad op subkontraakteurs van Standard Bank. (Dit is 'n ope vraag of Standard Bank daarin kon slaag om goeie verhoudings met daardie lid van die gemeenskap te handhaaf.)

Diamante was maklik hanteerbaar, daarom ook makliker om geroof of gesteel te word. Om hul vervoer te beveilig, is spesiale lyfbande, wat beskryf is as chain-linked belts, ingevoer van ander lande waar dit gebruik is. Dit was egter nie baie suksesvol nie omdat die lyfbande baie swaar was en omdat die land vanwaar dit ingevoer is se mense klaarblyklik baie groter middellywe gehad het as die gemiddelde Standard Bank-werknemer in Suid-Afrika.

'n Bankbeampte van die Kimberleytak, J Calder, het vertel dat hy £12 000 in kontant na die Johannesburgtak moes neem. Die koets waarmee hy moes ry, was oorvol en die sak geld is eenvoudig in die bagasierak geplaas. Hy het dit nie weer gesien voor eenuur die oggend van die vierde dag, toe hulle in Johannesburg aangekom het nie (Terry 1979: 146). Beamptes het groot senuspanning ervaar in die uitvoering van hul dagtake in diens van die bank.

In sy herinneringe oor die funksionering van die bank aan die einde van die 19de eeu, beskryf HM Quigley die vervoer van groot hoeveelhede goud vanaf die Johannesburgtak:

[.] goud uit ons brandkaste [is] in kaste gepak [.] en, gewoonlik in die stikdonker nag, in koetse geplaas [.] vir die lang reis van twee of drie dae en nagte na spooreindpunte, vanwaar dit na die hawe vervoer is. Die koets [.] het voor die bank stilgehou, gewoonlik in die pikdonker; die beuel is geblaas, en nadat die [.] werkers wakker gemaak is, het ons die kaste goud (soms ter waarde van £20 000, £30 000 of meer), in die bagasiebak van die koets gegooi. Die drywer het 'n kwitansie geteken en die koets het in die donkerte verdwyn. [.] In werklikheid was verliese taamlik seldsaam. Vir ons, dikwels halfdood van die koue - die water in ons slaapkamers was waarskynlik bevrore - was daar net een ding

om te doen, naamlik om die paraffienstofie op te steek, koffie te maak, in die slaapsakke [...] te kruip en 'n bietjie slaap te probeer kry voor die volgende dag se arbeid begin (Terry 1979: 176).

'n Hoë graad van dissipline, lojaliteit en samewerking moes deur 'n bestuurder gehandhaaf word vir die nakom van hierdie soort van taak.

Toe die treinspoor Johannesburg bereik het, het die bank 'n spesiale goudwa aangeskaf om goud van die bank na die treinstasie te vervoer. Dié voertuig het bestaan uit 'n lang ysterkis of tenk op die onderstel van 'n vierwielwa. Dit is deur vier of ses spierwit perde getrek. Wanneer goud daarop vervoer is, het een bankbeampte saam met die drywer voor op die goudwa gery en vier gewapende bankbeamptes in 'n koets onmiddellik daaragter (Terry 1979: 177).

Bankbeamptes was ook maar mense en een beampte, HR Smith, vertel van 'n beampte wat drie kiste goud op 'n trein moes vergesel en oppas. Hy was met 'n rewolwer gewapen, maar het ook voorsiening gemaak vir versterking van die innerlike. By sy aankoms by sy bestemming was hy te beneweld om te onthou in watter kompartement die goud was en moes die hele trein eers deursoek word voor dit gevind is (Terry 1979: 194).

In 1892 het 'n sak munte wat die bank per trein tussen Estcourt en Durban in Natal vervoer het, verdwyn. Dit is later in die loop van die Umbiliorivier naby die huis van 'n spoorwegklerk wat op daardie trein gereis het, gevind en daar is vermoed dat die klerk en die treinwag (*guard*) saamgesweer het om die sak munte te steel (SB GMO Letters to London 9/1892 3/2/1892). In die twee spoorwegwerkers se verhoor is hulle deur 'n jurie onskuldig bevind. Die sak munte, minus £2, wat kort was, is na afloop van die verhoor aan die bank terugbesorg. Hoewel die spoorwegdiens vantevore altyd betroubaar was, en dit die heel eerste voorval van dié aard was, is die takbestuurder deur die bank verantwoordelik gehou en amptelik oor die voorval berispe (SB GMO Letters to London 36/1892 4/5/1892).

Beveiliging van bates en kosbaarhede tydens konflikte en oorlog

In die eerste jare ná Standard Bank se stigting was onrus hoofsaaklik beperk tot gelokaliseerde inheemse weerstand teen imperiale indringing. Daar was ook 'n hewige woordstryd oor die afskeiding van die Oos-Kaap van die westelike deel van die provinsie (LeCordeur 1981:xi), maar dit het nie tot fisiese geweldpleging of 'n direkte bedreiging van Standard Bank se bates gelei nie.

Die eerste helfte van die 1870's was relatief vreedsaam, maar teen 1878 was daar al meer tekens en gerugte van dreigende oorloë.

[.] *a source of strain in the subcontinent arose from Lord Carnarvon's confederation policy to draw the various colonies and republics of South Africa into a federal state, and in April 1877 the Transvaal was annexed. Even the white inhabitants of the subcontinent opposed this imperial design. There was immediate opposition in the Transvaal to the annexation and opposition in the Cape led to a constitutional crisis and the removal of the Molteno government. The various Transkeian Xhosa groups, the Pedi in the northern Transvaal, the Basothos and the Zulu all attempted to repulse what they viewed as increasingly pressing intrusions by settlers and colonial governments alike. Both Cape and imperial troops were committed to a period of warfare against these and other chiefdoms* (Mabin & Conradie 1987: 56).

Banke en ander besighede is onrustig onder sulke omstandighede en die bank se omset het afgeneem. Dit het hoër eise gestel in terme van beveiliging en sekerheidstelling by voorskotte en lenings.

Insidente tydens die twee Anglo-Boereoorloë gee 'n mate van insig in die uitwerking van oorloë op die verantwoordelikhede van bankbeamptes, hul lojaliteit teenoor hul werkgever, die spanning wat hulle ervaar het in die uitvoering van hul take en die innovering wat hulle aan die dag gelê het.

Tydens die eerste oorlog het die algemene bestuurder in 1880 aan Londen geskryf dat die bank baie gewild is onder die Transvaalse Boere en dat hy nie verwag dat daar tydens die vyandelikhede enige probleme in die pad van die funksionering van die bank sou staan nie. Die takbestuurder in Potchefstroom het laat weet (in 'n verslag wat uitgesmokkel is deur dit in 'n mejuffrou Knight se roksoom vas te werk) dat die bank glad nie tydens die kort oorlog lastig geval is nie (Terry 1979: 127).

Op 11 Maart 1881 het die algemene bestuurder aan Londen laat weet dat die *Transvaal rebellion* steeds aan die gang is en dat die terugslae van Britse soldate die beeindiging daarvan vertraag (*repeated repulses [.] delays the settlement of the Transvaal difficulty*), maar dat alle takke van die bank ongeskonde is, dat hulle deur die Boere gerespekteer is en dat alle bates en kosbaarhede veilig is (SB GMO Letters to London 3/1/11 11/3/1881).

Ná afloop van die oorlog, op 20 Mei 1881, het die bank se assistent-hoofbestuurder (Lewis Michell) die driemanskap wat aan die stuur van die Republiek se regering gestaan het (visepresident SJP Kruger, kommandant-generaal P Joubert en kommandant MW Pretorius) in Pretoria ontmoet. In sy verslag dui Michell aan dat hy die driemanskap bedank het vir die wyse waarop die owerheid in die algemeen die bank behandel het, vir die aanbod van 'n wag by die bank in Heidelberg tydens die konflik en ander hoflikhede. Hy het aangedui dat die bank te boek

wil stel dat dit oor die algemeen die billikste en eervolste beskerming moontlik gekry het. Michell skryf dat Kruger aangedaan was en met groot nadruk gesê het dat hy die bedanking hoog op prys stel, in die lig van die beswadding wat die owerheid reeds moes verduur. Kruger het aangedui dat die bank die beste beskerming ontvang het wat sy regering kon bied, en dit in geval van nood weer sou ontvang.

Na afloop van die besoek het Michell 'n brief gedateer 23 Mei 1881 van die sekretaris van die driemanskap ontvang waarin Kruger se belofte van beskerming bevestig is. Daarin is ook aangedui dat enige optrede teen die bank in stryd sou wees met die Transvaalse owerheid se beleid en as misdadig beskou sou word (Terry 1979: 131 - 132).

Die volgende militêre konflik tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Britse ryk het moontlik gouer gekom as wat Kruger of Michell op daardie tydstip kon voorsien. Mabin en Conradie gee die volgende samevatting van snel-oppeenvolgende gebeure:

The British government, through its chief representative in South Africa, Lord Alfred Milner, involved itself increasingly in the political affairs of the Transvaal. After a crisis which lasted some months, during which there was a rapid build-up of British troops in South Africa, Kruger's government issued an ultimatum to Britain. The ultimatum expired on 11 October 1899, and war between the Transvaal (and its Free State allies) and Britain commenced (1987: 475).

Banke is by die onmin tussen Milner en die republieke betrek deur eersgenoemde se pogings, geruime tyd voor die gewapende konflik, om die republiek finansieel te isoleer (Mabin & Conradie 1987: 476; Lehman 1972: 40).

Standard Bank se algemene bestuurder het gewaarsku dat die oorlog langer kon duur as wat sommiges verwag het (Mabin & Conradie 1987: 475). Hy was reg en dié oorlog was veel langer, duurder en meer polariserend as die vorige een.

Ondanks Kruger se versekering, was Standard Bank bekommerd oor sy bates se beskerming in oorlogstyd en veral takbestuurders het moeite gedoen om dit te beveilig.

Die Boeremagte onder aanvoering van generaal Piet Joubert, het Natal vroeg in die oorlog ingeval en Newcastle was die eerste dorp wat onder hul beheer gekom het. Standard Bank in Newcastle se geldvoorraad is gekonfiskeer, maar is teruggegee. In Februarie en weer in Mei 1900 is aan die bank se hoofkantoor bevestig dat die geld onaangeraak en die bestuurder en sy personeel op hul poste was (Amphlett 1914: 145).

Gedurende die oorlog het die bestuurder van die Britstowntak van die bank bekommerd geraak oor die kontant in die bank se besit. Hy het met 'n inspekteur gereël om dit na De Aar te vervoer, waar hy gemeen het dit veiliger sou wees. Die inspekteur het onder meer vertel:

At 2 a.m. I had to break into my inspection and make a bolt for the railway station with most of the cash assets of the Branch [...] I would not take a specie box, but got the manager's wife's hat box and it was chiefly through this that I was not suspected and the cart and cartbox were both examined but the innocent looking ladies hat box tied up behind was not. [...] I got safely to the railway at Deelfontein station at about dawn the following morning and safely delivered the cash: £5 270 in gold and notes (SB Bits & Bytes 30/5/2014: 8).

Op Pearston het 'n beampte die bank se kontant en ander kosbaarhede in 'n groot reistas gepak en in 'n losieshuis se slaapkamer toegesluit. Die dorpie is op 13 April 1901 deur kommandant Gideon Scheepers se kommando ingeval. Hulle het die bank besoek, maar geen skade aangerig nie (Terry 1979: 224).

In Murraysburg het die takbestuurder, FC Lilford, met besonder innoverende denke vorendag gekom om die bank se bates te beskerm (Shearing & Shearing 1999: 43). Voordat Murraysburg deur die kommando van kommandant Gideon Scheepers ingeval is, het die takbestuurder die bank se kontant in die agterplaas begrawe. 'n Bankbeampte, JD Dougall Mackay, het vertel:

[...] feitlik al die personeel van die tak op Graaff-Reinet, ook die bestuurder, het tot laat op kantoor gewerk om die halfjaarlikse state op te stel. Omtrent halfnege het die rekenmeester in die bestuurder se kantoor verskyn, vergesel van 'n lang, goed geboude jong man wat volgens hom die rekenmeester van die Murraysburgtak was. Nadat oor en weer gegroet is, het die bestuurder die besoeker gevra wat hom daarheen gebring het. [...] 'Ek het die spesie gebring, meneer', was die antwoord. Die twee is toe na die voorste ingang; die hortjies was toe, maar deur die half-oop deur het 'n skerp lig op 'n kapkar en 'n paar perde in beheer van 'n drywer geval. Die Murraysburgse man het met die trap afgeloop, 'n kis wat met 'n sak agterop die kar vasgemaak was, losgemaak en dit stadig teen die trappe opgedra asof dit baie swaar was. Toe hy agter die deur en uit die lig en dus buite sig van die drywer was, het hy die kis dadelik gelos, en dit het betreklik sag by sy voete geval.

'Wat beteken dit?' het die bestuurder streng gevra.

'Dit is vol grond meneer'

'Vol grond!' herhaal die bestuurder [...].

'Wel meneer, die Boere word elke oomblik op die dorpie verwag en die bestuurder was bang dat ek hulle langs die pad sou teëkom, en ons het dus die regte spesie in die agterplaas begrawe en die volgende oggend om 9-uur, toe almal ons kon sien, 'n kar gehuur en ek is met hierdie kis sand hierheen gestuur. Daar is 'n kennisgewing op die deur van die bank opgeplak dat dit gesluit is aangesien al die kontant Graaff-Reinet toe gestuur is' (Terry 1979: 225).

Die Murraysburgse takbestuurder het later per telegraaf gevra dat die "geld" teruggestuur word. Die kis met grond is teruggestuur teen 'n koste van 12 sjielings. Die geld is opgegrawe uit die agterplaas en die Murraysburgtak het weer begin funksioneer. Geen skade is gely nie (Shearing & Shearing 1999: 43).

Die takbestuurder het op 2 Maart 1901 sy pos op Biesjespoort, sowat anderhalfuur buite Murraysburg, gaan haal, toe hy deur Boere oorval is. Hulle het al die briewe bekyk maar dié wat aan die bank gerig was, aan hom teruggegee, volgens hom [...] verdere bewys dat ons instelling nie met vyandigheid bejeën word deur die Boere wat nog veg nie (Terry 1979: 224).

Op 26 Maart het 'n kommando Murraysburg ingeval. Nóg die bestuurder nóg die bank se perseel is lastig geval (Terry 1979: 224).

In Junie 1901, skryf Shearing & Shearing, het lede van Scheepers se kommando die bestuurder van Standard Bank se Murraysburgtak rondgepluk en aangerand. (Shearing & Shearing 1999: 92). Volgens Terry het luitenant Pijper en later ook kommandant Scheepers vir Lilford om verskoning gevra vir die voorval (1979: 224). Dit was 'n onaangename ervaring wat Lilford te beurt geval het vanweë sy posisie as verteenwoordiger van die bank en beskermer van die bank se bates en doelwitte.

Gedurende die rebellie van 1914 is die bank se tak in Upington deur militêre owerhede aangeraai om die tak se geld en bankwissels te beveilig. Die rebelle en 'n

[.] strong force of Germans advancing from the west made the situation very serious and we were given a permit to travel on the construction train leaving the railhead three miles from the village at 4 o'clock in the afternoon. The journey is a difficult one at present and it was necessary for the manager and the accountant to accompany the money as far as Draghoonder [sic] where the passenger service is fairly regular. The accountant went on from there to Prieska, and the manager returned to Upington [.] (SB GMO Letters to London 50/1914 4/12/1914).

By sy terugkeer in Upington het die bestuurder verneem dat 'n groot militêre mag van die Suid-Afrikaanse regering op pad was na Upington en dat geld benodig sou word. Daar moes dus

vinnig reëlings getref word om die geld terug te kry by die bank in Upington (SB GMO Letters to London 50/1914 4/12/1914)

Die insidente hierbo dien as voorbeelde van die onkonvensionele metodes wat soms met die funksionering van die bank gepaard gegaan het.

Die stakings en onluste van 1922 aan die Rand het die bank beide fisies en metafisies benadeel. Op 10 Maart 1922 het die algemene bestuurder verslag gedoen dat die stakers, met die ondersteuning van ekstremistiese leiers, die oogmerke van die staking probeer bevorder het deur intimidasie. Die regering het militêre eenhede gemobiliseer en hy was hoopvol dat die orde binnekort herstel sou word (SB GMO Letters to London 3/1/67 10/3/1922). In Maart het hy verslag gedoen dat die situasie aan die Rand geëskaleer het tot 'n sosiale revolusie, dat telefoonlynne geknip is en dat moeilik met banktakke op die Oos-Rand gekommunikeer kan word. Van die Johannesburgtak se personeel was 25 lede op militêre diens en [...] *grave anxiety is being felt by the commercial community* (SB GMO Letters to London 3/1/67 17/3/1922).

Die bank was soms in die hitte van die konflik, met gewapendes wat byvoorbeeld van die beskutting van die bestuurder se kantoorvenster op polisie geskiet het. Daar is op die bestuurder van Jeppestown se tak geskiet en die bestuurder van Fordsburg en sy rekenmeester is 'n tydlang in die tak gevange gehou. Skade aan bankgeboue is beperk tot 'n gat in die dak van die Fordsburgtak, veroorsaak deur 'n 13 pond kanonkoeël, en matige skade aan die gebou van die Springtak. Alle aanduidings was egter dat die ferm optrede van die regering deurslaggewend was en dat daar geen verdere arbeidsonrus sou wees nie (SB GMO Letters to London 3/1/67 24/3/1922).

6.7.5 Ander take

Ander take het ook uit die doelstellings en bestuur van die bank voortgespruit. Die belangrikste een was die wen van die vertroue van die publiek en die werwing van besigheid wat daarmee sou gepaard gaan. Hierdie aspek is reeds omvattend aangespreek, onder meer in die verwagtings aan personeel gestel.

6.8 Verrassende aspekte van die bankkultuur

Die Standard Bank-kultuur bestaan nie slegs uit talle fisiese en metafisiese elemente wat deel uitmaak van en 'n ondersteuningsrol gespeel het in die daaglikse funksionering van die bank nie, maar met verloop van tyd het ook onverwagte en onbeplande kultuurprodukte in die vorm van verhale en staaltjies ontstaan. Hierdie verhale vorm op uitstekende wyse 'n middel om die interkonnektiwiteit tussen kultuurdimensies aan die hand van die Burden-model te illustreer (2000: 19). Waar die verhale self nie-tasbaar is, handel baie daarvan oor tasbare elemente van die bank, soos byvoorbeeld geld, geldkiste, vervoermiddels of kleredrag (die AB-as van die

model). Terselfdertyd het die verhale of staaltjies tipies 'n volkskarakter, maar handel oor 'n hoogs patrisiërinstelling, die bank (CD-as van die model). Dan strek die vertellings ook oor 'n lang tydperk, vanaf die stigting van die bank tot aan die einde van die studietydperk, wat die belang van die tydas, die EF-as, uitlig. Met hierdie toepassing blyk dit dat verhale oor die bank, soos baie van die ander meer formele aktiwiteite of kultuurprodukte, nie slegs tussen die pole van een as beweeg nie, maar werklik al die dimensies wat deur al drie asse voorgestel word, verbind of konnekteer.

Pieter W Grobbelaar haal Abel Coetzee soos volg aan:

'n Gemeenskap se ervarings, ideale, lewensgevoel en lewensopvattinge word vasgevang in sy volksgelowe, sy maatskaplike instellings, sy gesegdes, sy liederes - en ook in sy verhale (1994: 25).

Standard Bank se personeelkorps vorm ook 'n bepaalde soort gemeenskap en daarom is daar ervarings binne verband van die bank in verhale en oorlewerings vasgevang.

Die blote verloop van tyd vanaf 1862 het 'n ryke geskiedenis tot gevolg gehad. Die omgewing met sy strawwe klimaat en lang afstande oor rowwe paaie en deur riviere het daartoe bygedra. Die spartaanse en uitdagende vervoermiddels en -metodes en die aanwesigheid van gevaarlike wilde diere en struikrowers, sowel as oorloë en oproer, was verdere faktore wat tot oorlewerings gelei het.

Die oorlewerings kan in minstens sewe groepe verdeel word. Daar was die komiese oorlewerings, dié oor inspekteurs, reise, bankroete, oorloë, probleme om boeke te laat klop en oor die vervoer van geld/goud/diamante.

Sommige van die bank se personeel het legendariese status verwerf. Algemene bestuurder Lewis Michell, wat saam met sy rekenmeester na 'n boot geroei het wat op die rotse geloop het, is een van die legendariese persoonlikhede. Die feit dat hy bereid was om die Britse administrateur, sir Evelyn Wood, ná die eerste Anglo-Boereoorlog te dagvaar vir geld wat die Transvaalse koloniale regering geskuld het, en sy persoonlike vriendskap met Cecil John Rhodes, het tot sy status bygedra (Terry 1979: 134).

'n Ander legendariese figuur was Robert Stewart, wat in 1865 algemene bestuurder geword het. Stewart het die nuwe bank in 'n jong land gegrondves met sy grondige kennis van die bankwese, sy begrip, insig en goeie bestuursvermoë.

Verskeie ander het ook feitlik legendariese status verwerf. Onder hulle was Thomas Webster, algemeen onder sy kollegas bekend as "Daddy", 'n ouer beampete wat klaarblyklik twee rye syfers gelyktydig kon optel. En daar was 'n inspekteur wat altyd uitermate verslons voorgekom

het. 'n Ander inspekteur het 'n broek met 'n deurgesitte sitvlak onder 'n kantoorjas gedra, maar soms vergeet van die twee groot gate in sy broek en die jas uitgetrek (Terry 1979: 85).

Die bank het 'n groot deel van die geskiedenis van Suid-Afrika meegemaak. Nie minder nie as vyf boeke is sedert die stigting van Standard Bank oor die bank in Suid-Afrika gepubliseer. As menslike instelling het die invloed daarvan veel verder gestrek as net bankaangeleenthede.

HOOFSTUK 7: EVALUERING

In die inleiding tot hierdie studie is die grondliggende probleem soos volg geformuleer: om vas te stel hoe die geografiese, sosiale en kulturele agtergrond waarbinne die bankpersoneel moes funksioneer, hulle werksaamhede en die bank-etiek beïnvloed het, en tot watter mate dit bygedra het tot die fisiese voorkoms van die bankgeboue.

Gedurende die tyd waaroor hierdie studie handel, het Standard Bank 'n eie groepsdinamika ontwikkel en 'n eie korporatiewe kultuur het binne die instelling gegroei. Daar was artefakte wat met die bank se funksionering gepaard gegaan het, daar was streng besparingsmaatreëls, eie etiketreëls, eiesoortige regulasies, aansporingsmiddele en sanksies. Daar was eiesoortige taboes en goue reëls, voorgeskrewe en ongeskrewe reëls, ook in verband met kleredrag en optrede. Aan al die kultuurkomponente was fisiese en nie-tasbare dimensies verbonde.

In die nastrewing van die studie se doelwit om die kultuur van die bank te identifiseer, te analiseer en te kontekstualiseer, is 'n grondige studie van die bank gemaak en is tot die slotsom geraak dat die bank se kultuurkomponente, hoewel hulle nie van mekaar geskei kan word nie, analities vir studiedoeleindes sinvol geanaliseer kan word in komponente van mense, geboue en handeling, en aspekte wat met hierdie drie komponente in verband staan. Klem is gelê op die feit dat die mens en menslike kultuur dinamies van aard is en voortdurend verander, soos Toynbee (1979:131) en Van Bergh (1986: 238) aandui.

Die volgende ondergeskikte doelwitte is vir die studie gestel:

- Om 'n agterdoek te verstrek van die fisiese en metafisiese makro-kulturele omgewing waarby die bank by sy ontstaan moes aanpas
- Om aan te toon dat kultuur nie staties is nie en dat Standard Bank se geskiedenis in Suid-Afrika dit bewys deurdat daar deurlopend aanpassings gemaak is
- Om aan te toon dat fisiese kultuurkomponente soos geboue, banktakke, kleredrag, geld en vuurwapens ook 'n onskeibare metafisiese dimensie het
- Om die stylelemente van 'n geselekteerde aantal bankgeboue wat verteenwoordigend van die tipies Suid-Afrikaanse style van die periode is, te ontleed
- Om aan te toon hoe die bank en sy personeel in die uitvoering van hul take deur die omgewing geraak is

Standard Bank het binne 'n bestaande fisiese en metafisiese werklikheid tot stand gekom, wat die resultaat was van voorafgaande vormingsgebeure. Geologiese vormingsgebeure het nie deel gevorm van die studie nie, maar sosiale, politieke en ander historiese faktore het wel. Om hierdie gebeure te analiseer, is die tyd waarin die bank ontstaan het binne die globale, kontinentale, Suid-Afrikaanse en Oos-Kaapse konteks beskryf. In die konteks van die sub-kontinent is aandag gegee aan tien vormingsgebeure wat hoofsaaklik in chronologiese volgorde geanaliseer is en waarvan geen enkele gebeure meer belangrik as die ander is nie. Die studie se tweede hoofstuk het hierdie agterdoek weergegee.

Die situasie soos dit bestaan het tydens Standard Bank se ontstaan het nie staties gebly nie. Paaie en spoorverbindings het verbeter en kommunikasiemiddele is gemoderniseer. Droogtes, peste en ellendes het finansiële risiko's en verliese vir bankkliënte en die bank meegebring. Eens rustige gebiede is deur militêre konflik geraak en die bank is regstreeks deur sommige daarvan bedreig. Hierdie konflikte en ander het 'n uitwerking gehad op die bank se verhouding met sekere groepe kliënte, wat nadelig was vir Standard Bank, veral toe 'n Afrikaanse bank gestig is. Britse anneksasies het dit moontlik gemaak om die bank se werksaamhede oor groter gebiede uit te brei. Diamante en goud is ontdek, wat 'n ekonomiese omwenteling meegebring en onder meer tot gevolg gehad dat bankamptenare 'n nuwe waardering- en waardeskattingsrol bygekry het. Dit het die bank se kliëntebasis ingrypend verander en het ook toenemende gevare ten opsigte van bankroete en bedrog meegebring. Reisigers het van toe af 'n groter risiko van rooftogte op die paaie geloop. Die mens en kultuur verander voortdurend en dit was 'n uitdaging vir 'n versigtige, konserwatiewe instelling soos Standard Bank om op beheerde wyse in pas met veranderinge te bly.

Dit was 'n doelwit van die studie om aan te dui dat fisiese kultuurkomponente, soos geboue, ook 'n onskeibare metafisiese dimensie het. Die mens staan sentraal in hierdie kultuurhistoriese studie. Nie-stoflike waardes en betekenis word deur mense aan voorwerpe, gebeure, feeste en verskynsels gegee en daarom is daar verskille tussen kultuurgroepe se waardestelsels. Die nie-stoflike waardes is van groot belang in die kommunikasie en verhouding tussen groepe maar word nie altyd in ag geneem nie. Verskillende redes daarvoor bestaan. Die voor die hand liggende rede is dat dit nie-stoflik en dus moeilik waarneembaar is. 'n Tweede rede is dat mense nouliks bewus is van die feit dat elke persoon die produk van 'n kulturele vormingsproses is. Ruben en Soleri vergelyk die nie-stoflike dimensie van kultuur met die water wat nodig is vir 'n vis om in te oorleef. Hoewel (miskien omdat) die vis in die water oorleef, neem hy skaars kennis daarvan (Ruben & Soleri 1987: 219). Boonop is die mens geneig tot selfgesentreerdheid. Haviland bevestig dat die mens geneig is om te aanvaar dat die eie gemeenskap en die eie kultuur die regte is. In dié verband sê hy verder: *It was not they but their neighbors who wore strange garments, talked strange languages and had outlandish customs*

(1978: 263). Hierdie studie beklemtoon metafisiese aspekte van die bank se kultuur, binne die konteks van ander komponente, ten einde 'n holistiese interpretasie van die bank as kultuurinstelling te gee. Metafisiese dimensies van al die kultuurkomponente en aspekte van die bank, soos byvoorbeeld geboue, kleredrag, geld en vuurwapens, wys op daardie onlosmaaklike band tussen die twee pole van die AB-as van die Burden-model. Die bankwese is op vertroue gegrond en werk met simboliese voorwerpe van groot finansiële waarde. Die nie-tasbare beeld van die bank wat geskep, in stand gehou en uitgebrei moes word, was van groot belang gedurende die tyd waaroor hierdie studie handel. Bankgeboue was 'n belangrike aspek van hierdie beeldbou-aktiwiteit. Ondanks die noodsaak vir veiligheid, moes bankgeboue verwelkomend voorkom, terwyl dit gesag ingeboesem en die idee van standvastigheid uitgedra het.

Benewens die bank se geboue, het die gedrag en algemene voorkoms van bankpersoneel metafisiese waarde gehad. Die bank het selfs munte, wat simboliese voorwerpe is, aan sirkulasie onttrek as hul fisiese voorkoms nie meer mooi was en dus aan estetiese norme voldoen het nie. Daar was ook ander metafisiese vereistes wat aan bankgeboue gestel is. Dit was belangrik om binne maklike bereik van kliënte, besighede en besoekers te wees. Die ligging van bankgeboue is gedurende die tyd wat bestudeer is van groot belang vir die bank geag en die bank het soms 'n geskikte gebou ontruim om na een met 'n beter ligging te verhuis. Gedurende besoeke aan die bank moes kliënte en potensiële kliënte beïndruk word deur die hele bankopset. Ruben en Soleri maak die stelling dat mense se indrukke van argitektuur nie net van verbale konseptualisering kom nie maar ook van ander impulse (1987: 216). Goedbeligte banksale, stilte, gerief en privaatheid was metafisiese aspekte wat vir die bank van belang was en saam met korrekte kleredrag moes bydra tot wat in die 21ste eeu beskryf sou word as *a pleasant banking experience*.

Argitektuur is 'n kultuurskepping wat in noue verband staan met die tydsgees van verskillende eras in die geskiedenis van die mens. Suid-Afrikaanse argitektuur is in die konteks van westerse argitektuur en argitektuurstyle ontleed. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat Standard Bank, tesame met die praktiese vereistes vir bankgeboue, ook modestyle in aanmerking geneem het in die verkryging van hulle geboue. Uiteindelik, oor 'n periode van ongeveer tagtig jaar, is al die belangrikste argitektuurstyle wat in Suid-Afrika voorgekom het, merkbaar in Standard Bank se geboue. Omdat baie van die style wat in die tweede helfte van die 19de eeu in Suid-Afrika en elders in die wêreld geheers het, herlewingstyle was, was dit baie belangrik om die ontstaanswyse en –redes van die oorspronklike style en van die neo-style na te gaan. Daar is bevind dat, hoewel die tydsgees van die laaste helfte van die 19de en eerste helfte van die 20ste eeu wêreldwyd ooreenkoms getoon het, Suid-Afrika met sy

eiesoortige omstandighede tog bygedra het tot 'n unieke tydsgees wat die wêreldstyle plaaslik laat aanpas het. Dit was alles in Standard Bank se geboue sigbaar.

Standard Bank het gedurende die tyd waaroor die studie handel binne 'n bepaalde omgewing bestaan. Die omgewing het nie net fisiese eienskappe gehad nie maar ook metafisiese eienskappe. Kultuur is in 'n groot mate 'n menslike reaksie op uitdagings van die natuur, en kultuur en die omgewing staan altyd in verband met mekaar. Baie van die bank se werknemers het van Brittanje gekom en is deur die omgewing beïnvloed, vandat hulle daar ter see gegaan het. Nadat hulle in Suid-Afrika geland het, het lang binnelandse reise op baie van hulle gewag. Die reise het oor rowwe en dikwels gevaarlike terrein gegaan en vermelding word gemaak van die warm son en die gebrek aan drinkwater op sekere reise. Hul kleredrag was nie aangepas vir Afrikatoestande nie. Op metafisiese vlak was die eindeloosheid van verre horisonne in die bakkende son, op stadige, ongerieflike voertuie, sielkundig afbrekend. Voortdurende bedreigings van hul veiligheid en vrees was verdere metafisiese faktore. Jong beamptes wat van Brittanje gekom het, het ondervind dat daar nie nabygeleë groente-, klere- of melkwinkels was in die meeste van die afgeleë dorpieë of selfs die groeiende stede waar hulle moes werk nie. Hulle het nie ondersteunende familienetwerke gehad nie en die sosiale funksies van die tipiese Engelse *pubs* en klubs is by die afwesigheid daarvan nie deur iets anders gevul nie. Waar sosiale klubs wel bestaan het, soos in die myndorpe, was hul fooie meestal té hoog vir junior bankbeamptes. Laasgenoemde se status, anders as dié van takbestuurders, was ook dikwels té nederig om as lede aanvaar te word.

Die omgewing het Standard Bank beïnvloed maar dit was nie 'n eensydige verhouding nie: ook die teenoorgestelde was waar en die bank het ook die omgewing beïnvloed. Die omgewing was een van die belangrike oorwegings ten opsigte van die opening van banktakke. Die grootte en aard van 'n tak se personeelkomponent is deur die omgewing bepaal. Die akkommodasie van die banktak het in direkte verband gestaan met die plaaslike omgewing.

Die bank se beïnvloeding van die omgewing was onder meer deur die oprig van geboue. In verskeie gevalle is in die bank se korrespondensie verwys na die feit dat die bank se gebou die mooiste gebou in die dorp is, en, in ander gevalle, dat die eerste gebou waaroor 'n besoeker navraag sal doen by aankoms in 'n dorp, die Standard Bankgebou is. Die bank het ontstaan en 'n diens gelewer om in 'n behoefte te voorsien. Deur daardie reaksie op 'n behoefte het die bank 'n nie-tasbare ingryping in die omgewing gedoen wat wyd uitgekring en die lewens van baie mense geraak het.

Die hoofdoel wat vir die studie gestel is, naamlik om al die dimensies en kultuurkomponente van Standard Bank te analiseer en die bevindinge te herlei na 'n interpretasie van die bank se kultuur, is bereik. Dit was belangrik om uit te wys dat die bank nie slegs as 'n finansiële

instelling of as 'n gebou gesien moet word nie, maar as 'n instansie wat deur middel van al sy kultuurkomponente, fisies en metafisies, oor die jare bygedra het tot die vorming van 'n unieke Suid-Afrikaanse kultuur.

BRONNELYS

LITERATUUR

- | | | |
|------------------------------|------|--|
| "A lady" | 1998 | <i>Life at the Cape over a hundred years ago</i> , Struik: Kaapstad |
| Albertyn, E | 1992 | Die argitektuur van die Paarl tussen die twee Wêreldoorloë: 'n kultuurhistoriese ondersoek (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit Stellenbosch): Stellenbosch |
| Amos,T, A Ristow & L Ristow | 2004 | <i>Human resources management</i> , 2de uitgawe, Juta Akademies: Landsdowne |
| Amphlett, GT | 1914 | <i>History of the Standard Bank of South Africa Ltd 1862 - 1913</i> , Robert Maclehose and Co Ltd: Glasgow |
| Armstrong, M | 1991 | <i>A handbook of personnel management practice</i> , 4de uitgawe, Kogan Page: Londen |
| Appelgryn, MS | 1979 | <i>Thomas Francois Burgers. Staatspresident 1872 - 1877</i> , HAUM: Pretoria |
| Barnes, HE | 1963 | <i>A history of historical writing</i> , Dover Publications: New York |
| Bentonon, C, T Benton & Wood | 2003 | <i>Art Deco 1910-1939</i> , Bulfinch: New York |
| Biermann, B | 1955 | <i>Boukuns in Suid-Afrika</i> , AA Balkema: Kaapstad |
| Black, JA & M Garland | 1980 | <i>A history of fashion</i> , Black Cat: Londen |
| Boëseken, AJ | 1977 | <i>Slaves and free Blacks at the Cape, 1658 - 1700</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Booyens, B | 1982 | <i>Die Stellenbossche Distriksbank 1882 -1982</i> , Distriksbank Beperk: Stellenbosch |
| Brink, AP | 1984 | <i>Die muur van die Pes</i> , Human & Rousseau: Kaapstad |
| Brink, Y | 2008 | <i>They came to stay</i> , African Sun Media: Stellenbosch |

- Brisac, C 1986 *A thousand years of stained glass*, Macdonald & Company: Londen
- Brookes, E 1977 *A South African pilgrimage*, Ravan Press: Johannesburg
- Brown , JA 1991 *They fought for King and Kaiser*, Ashanti: Johannesburg
- Buffet, M & D Clark 2009 *Warren Buffet's management secrets*, Simon & Schuster: Londen
- Burden, M 2000 Die metodologie van Kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 14(2))
- Burden, M & B Ekermans 2001 'n Klassifikasiesetel vir Kultuurgeskiedenis, (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Jaargang 15, nommer 2)
- Burden, M 2005 Ons argitektoniese erfenis, die etiese en estetiese, (Openbare voordrag): Stellenbosch
- Burke, P 1990 *The French historical revolution: the Annales School 1929-89*. Stanford University Press: Stanford
- Burman, J 1988 *Towards the far horizon, the story of the ox-wagon in South Africa*, Human & Rousseau: Kaapstad
- Bussagli, M 2005 *Understanding architecture*, IB Taurus: Londen
- Campbell, WG 1969 Foreword (In LH Gann & P Duignan, *Colonialism in Africa, 1870 - 1960*, vol 1, Cambridge University Press: Cambridge)
- Cantor, NF 1993 *The civilization of the Middle Ages*, Harper Collins: New York
- Chipkin, CM 2008 *Johannesburg transition*, STE Publishers: Johannesburg
- Clayton, P 1990 *Great figures of Greek mythology*, Bison Group: Londen
- Coertse, PJ (red) 1961 *Inleiding tot die algemene volkekunde*, Perskor: Johannesburg
- Coetzee, J gd *Boeiende ervarings*, Lithotech IDS: Stellenbosch

- | | | |
|--|------|--|
| Coetzee, R | 1977 | <i>Spys en drank, die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur</i> , Struik: Kaapstad |
| Conan Doyle, A | 1900 | <i>The Great Boer War</i> , McClure, Phillips and Co: New York |
| Conradie, B | 1993 | The Standard Bank on Church Square, Pretoria, <i>Jaarboek, Africana Vereniging van Pretoria</i> , 21ste Herdenkingsuitgawe 1993 |
| Colquhoun, A | 2002 | <i>Modern architecture</i> , Oxford University Press: Oxford |
| Craig, CA | 1972 | <i>Europe 1815-1914</i> , Dryden Press: Illinois |
| Crwys-Williams, J (red) | 1989 | <i>South African despatches, two centuries of the best in South African journalism</i> , Ashanti Publishing: Johannesburg |
| Davenport, TRH | 1977 | <i>South Africa, a modern history</i> , The Macmillan Press: Londen |
| De Bosdari, D | 1971 | <i>Cape Dutch houses and farms</i> , AA Balkema: Kaapstad |
| De Jong, RC, GM de Waal & DH Heydenrych | 1988 | <i>The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company</i> , Chris van Rensburg Publications: Pretoria |
| De Klerk, JC | 1975 | Wool industry, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa</i> , (SESA), vol 11, NASOU: Kaapstad |
| Delius, C, M Gatzemeier, D Sertcan & K Wünscher, | 2000 | <i>The story of Philosophy</i> , Könnemann: Keulen |
| De Swardt, N | 1984 | <i>Kommunikasie, Skakelkunde Module</i> Opleidingshandleiding, Departement van Buitelandse Sake: Pretoria |
| De Swardt, IP | 2013 | Die koloniale manifestasie van die Neo-Gotiese kerkboustyl op die Tuinroete van Suid-Afrika, (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit Stellenbosch): Stellenbosch |
| De Vos, MP | 1972 | Linneaus, Carolus, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa</i> (SESA), vol 6, Nasou: Kaapstad |
| Dresser, W | 1970 | <i>Dimensions of meaning</i> , Bobbs-Merrill: Indianapolis |

- Dreyer, PS 1987 Die verband tussen geestelike en stoflike kultuur (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1))
- Drucker, PF 2003 *The practice of management*, Butterworth-Heinemann: Burlington
- Du Bruyn, FT 1987 *The Great Trek* (in T Cameron, *An illustrated history of South Africa*, Human & Rousseau: Kaapstad)
- Duncan, A 1994 *Art Nouveau*, Thames & Hudson: New York
- Dunston, L 1975 *Young Pretoria 1889 - 1913*, Heer Drukkers: Pretoria
- Durand, JJF 1970 *Swartman, stad en toekoms*, Tafelberg: Kaapstad
- Du Toit, A & H Giliomee 1983 *Afrikaner political thought: analysis and documents*, vol 1, David Philip: Kaapstad
- Du Toit, SF 1969 *Home and abroad*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad
- Dyer, C ea 2005 *Verken die verlede*, Maskew Millar Longman: Kaapstad
- Edgecombe, R 1987 *The Mfecane or Difaqane*, (in T Cameron, *An illustrated history of South Africa*, Human & Rousseau: Kaapstad)
- Egeland, L 1977 *Bridges of understanding*, Human & Rousseau: Kaapstad
- Elphick, R & H Giliomee 1990 *The shaping of South African society, 1652-1840*, Maskew Miller Longman: Kaapstad
- Els, J 1971 Enkele aspekte van die kulturele lewe van Blanke Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand. 'n Sosiologiese studie (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria) : Pretoria
- Engelbrecht, CL 1978 *Die bank van Oom Bossie*, Volkskas skryfbehoeftes-afdeling: Pretoria
- Engelbrecht, CL 1987 *Geld in Suid-Afrika*, Tafelberg: Kaapstad
- Engelbrecht, CL gd *Van akker tot eik, die verhaal van Volkskas (1952-1981)*, Heer Drukkers: Pretoria

- | | | |
|------------------------|------|--|
| Ergang, R | 1967 | <i>Europe from the Renaissance to Waterloo</i> , DC Heath: Massachusetts |
| Esterhuyse, W | 2012 | <i>Eindstryd</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Farwell, B | 1976 | <i>The Boer War</i> , Harper & Row: New York |
| Featherstone, M | 1994 | <i>Cultural Theory and cultural change</i> , Sage Publications: Londen |
| Feltham, RG | 1988 | <i>Diplomatic handbook</i> , Longman: Londen |
| Ferreira, OJO | 1997 | Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad (<i>Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis</i> , 11(2)) |
| Fisher, J | 1969 | <i>The Afrikaners</i> , Cassel: Londen |
| Flanagan, N & J Finger | 2003 | <i>The management Bible</i> , Zebra Press: Kaapstad |
| Fletcher, B | 1959 | <i>A history of architecture</i> , BT Batsford: Londen |
| Floud, R | 1997 | <i>An introduction to the quantative methods for historians</i> , Methuen: Londen |
| Foster, GM | 1973 | <i>Traditional societies and technological change</i> , Harper & Row: New York |
| Fransen, H | 2004 | <i>The old buildings of the Cape</i> , Jonathan Ball: Kaapstad |
| Fransen, H | 2006 | <i>The new amidst the old: building in the Klein Karoo</i> , Stigting Simon van der Stel: Oudtshoorn |
| Fransen, H & A Cook | 1965 | <i>The old buildings of the Cape</i> , AA Balkema: Kaapstad |
| Freschi, F | 2004 | Form follows function, The architecture of WH Grant, 1920-1932, <i>Design Issue</i> , vol 20 |
| Frost, EL | 1976 | <i>Traditional societies and technological change</i> , McGraw Hill: York |
| Gabriel, J | 1972 | <i>Victoriana</i> , Hamlyn: Londen |
| Gann, L & P Duignan, | 1969 | <i>The history and politics of colonialism 1870 - 1960</i> , vol 1, Cambridge University Press: Cambridge. |
| Gann, L & P Duignan, | 1971 | <i>Burden of Empire</i> , The Hoover Institution: Stanford |

- | | | |
|--|------|--|
| Galla, A | 2002 | Culture and heritage in development, <i>Humanities Research</i> , IX(1) |
| Gear, JHS | 1972 | Influenza, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa</i> (SESA), vol 6, NASOU: Kaapstad |
| Geyser, O | 2001 | <i>Jan Smuts and his international contemporaries</i> , Covos Day: Johannesburg |
| Gerryts, EJ | 1975 | <i>Humansdorp se groei en bloei 1849 - 1975</i> , NMB Drukkers: Port Elizabeth |
| Giliomee, H | 2003 | <i>The Afrikaners</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Giliomee, H | 2012 | <i>Die laaste Afrikanerleiers, 'n opperste toets van mag</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Giliomee, H & B Mbenga | 2007 | <i>Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Glancey, J | 2006 | <i>Architecture</i> , Doring Kindersley: Londen |
| Goosen, W, A Pampallis, A van der Merwe & L Mdluli | 2008 | <i>Banking in the new millenium</i> , Juta & Co: Kenwyn |
| Godée Molsbergen, EC | 1968 | <i>Jan van Riebeeck en sy tyd</i> , JL van Schaik: Pretoria |
| Grant, AJ & H Temperley | 1980 | <i>Europe in the nineteenth and twentieth centuries (1789-1950)</i> , Longman: Londen |
| Graves, R | 1960 | <i>The Greek myths</i> , Penguin Books: Londen |
| Green, A | 2008 | <i>Cultural history</i> , Palgrave MacMillan: New York |
| Green, VHH | 1977 | <i>Renaissance and reformation</i> , Edward Arnold: Londen |
| Greenhaigh, P | 2000 | <i>Revisiting the style Art Nouveau</i> , USA Today, Volume 29: New York |
| Greenhaus, JH & GA Callahan | 1994 | <i>Career management</i> , Dryden Press: Londen |
| Greer, TH | 1987 | <i>A brief history of the Western World</i> , Harcourt Brace Jovanovich Publishers: Londen |

- | | | |
|-------------------------|------|--|
| Greig, D | 1971 | <i>A guide to architecture in South Africa</i> , Howard Timmins: Kaapstad |
| Grenville, JAS | 1994 | <i>A history of the world in the twentieth century</i> , Belkap Press of Harvard University Press, Cambridge: Massachusetts |
| Greyvenstein, C | 1978 | <i>Springbok saga, a pictorial history from 1891</i> , Don Nelson & Toyota South Africa: Kaapstad |
| Grobbelaar, PW | 1980 | <i>Die groot Afrikaanse heldeboek</i> , Huma en Rousseau: Kaapstad |
| Grobbelaar, PW | 1990 | Dit is Kultuurskiedenis, <i>Die Kultuurhistorikus</i> , Jaargang 5, Junie 1990: Stellenbosch |
| Grobbelaar, PW | 1994 | Deur 'n storiebril, <i>Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal</i> , Jaargang 50, Nommer 1: Johannesburg |
| Grobler, J | 2012 | <i>Staatsvorming en stryd</i> (in Pretorius, J (red), <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad) |
| Grobler, J | 2012 | <i>Swart politieke ontwaking, 1875 - 1949</i> (in F Pretorius (red), <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad) |
| Grobler, PA ea | 2006 | <i>Human resources management in South Africa</i> , Cengage Learning EMEA: Londen |
| Groves, CP | 1969 | <i>Missionary and humanitarian aspects of imperialism from 1870 to 1914</i> (in P Duignan & L Gann (reds): <i>Colonialism in Africa 1870-1960</i> ,) volume 1, Cambridge University Press: Cambridge) |
| Grütter, W & DF van Zyl | 1982 | <i>Die Geschichte Südafrikas</i> , Human en Rousseau: Kaapstad |
| Guelke, L | 1990 | <i>Freehold farmers and frontier settlers, 1657-1780</i> , (in R Elphick & H Giliomee, Maskew Miller Longman: Kaapstad) |
| Gutsche, T | 1970 | <i>The bishop's lady</i> , Howard Timmins: Kaapstad |
| Gympel, J | 1996 | <i>The story of architecture from antiquity to the present</i> , Könemann: Keulen |
| Hale, J | 1994 | <i>The civilization of Europe in the renaissance</i> , Atheneum: New York |

- | | | |
|-----------------------------------|------|---|
| Halsey,WD (red) | 1971 | <i>Collier's Encyclopedia</i> , Crowell-Collier: New York |
| Hamilton, C (red) | 1995 | <i>The Mfecane aftermath</i> , Wits University Press: Johannesburg |
| Harrington, AL | 1980 | <i>Sir Harry Smith, bungling hero</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Hattingh, ASJ | 1985 | <i>Kunswaardering</i> , Perskor: Johannesburg |
| Hattersley, AF | 1972 | Isandlwana, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa</i> (SESA), vol 6, NASOU: Kaapstad |
| Hattersley, R | 2004 | <i>The Edwardians</i> , Little Brow: Londen |
| Haviland, WA | 1978 | <i>Anthropology</i> , University of Vermont: Burlington |
| Henry, JA | 1963 | <i>Die eerste honderd jaar van die Standard Bank</i> , Oxford University Press: Londen |
| Heunis, JC | 1986 | <i>United nations versus South Africa. A legal assessment of the United Nations - and United Nations related activities in respect of South Africa</i> , Lex Patria: Kaapstad |
| Hockly, HE | 1970 | British Settlers of 1820, <i>Standard Encyclopedia of Southern Africa</i> (SESA), vol 2, NASOU: Kaapstad |
| Holtzhausen, A | 1987 | Oudtshoorn, <i>Restorica</i> April 1987:21-25 |
| Howarth, E | 1990 | <i>Crash course in architecture</i> , Doubleday: Toronto |
| Hugo, M | 1984 | Jan Romein en die problematiek van die kultuurhistorikus (enkele aspekte), (<i>Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis</i> 1(1)): Pretoria |
| Huxley, E | 1973 | The challenge of Africa, <i>The Encyclopaedia of Discovery and Exploration</i> , Doubleday: New York |
| Iacocca, L | 1984 | <i>Iacocca - an autobiography</i> , Random House: New York |
| James, L | 1996 | <i>The rise and fall of the British Empire</i> , St Martin's Press: New York |
| Jelačić, D &
T Müller-Bosshard | 1981 | <i>Bonte mensheid. Een reis langs de volken der aarde</i> , Uitgeverij Het Spectrum: Utrecht |
| Johnson, RW | 2004 | <i>South Africa</i> , Jonathan Ball: Jeppestown |

- Joyce, P 2012 *100 Moments that mattered, Events that built South Africa*, Zebrapress: Kaapstad
- Kapp, PH ea 1982 *Geskiedenis van die Westerse beskawing*, deel 1, HAUM: Pretoria
- Kapp, PH ea 1989 *Geskiedenis van die Westerse beskawing*, deel 2, HAUM: Pretoria
- Kapp, PH ea 1984 *Geskiedenis van die Westerse beskawing*, deel 3, HAUM: Pretoria
- Kaplan, D & RA Manners 1972 *Culture theory*, Prentice Hall: New York
- Karis, T & GM Carter (reds) 1972 *From protest to challenge, a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964*, vol 1, Hoover Institution Press: Stanford
- Keesing, FM 1958 *Cultural Anthropology*, Holt, Rhinehart & Winston: New York
- Kelly, MV 1993 *Financial institutions in South Africa*, Juta & Co: Kenwyn
- Kestell, JD & DE van Velden gd *Die vredesonderhandelinge*, Human & Rousseau: Kaapstad
- Kissinger, H 1994 *Diplomacy*, Simon & Schuster: New York
- Klein, D 1987 *All colour book of Art Deco*, Octopus Books: Londen
- Klein, D & G Warken 1996 *Art Nouveau and Art Deco*, Chancellor Press: Londen
- Klimt, G 2015 *Art Nouveau and the Vienna Secessionists*, Flame Tree Publishing: Londen
- Kraus, R 1944 *Old Master. The life of Jan Christian Smuts*, EP Dutton: New York
- Kröll, U 1973 *Die internationale Buren-Agitation 1899- 1902*, Verlag Regensburg: Münster
- Kruger, SJP 1902 *The memoirs of Paul Kruger*, T Fisher Unwin: Londen
- Krüger, DW 1958 *The age of the generals*, Dagbreek: Johannesburg

- Krüger, DW 1969 *The making of a nation*, Macmillan: Johannesburg
- Kuijers, A 1980 'n Kultuurhistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in Suid Afrikaanse argitektuur, (ongepubliseerde MA-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys): Potchefstroom
- Kurmann-Schwartz, B 2004 *Gothic stained glass*, (in R Toman (red) *Gothic*, Ullman & Könemann: Keulen)
- Lacour-Gayet, R 1977 *A history of South Africa*, Cassell: Londen
- LeCordeur, BA 1981 *The politics of Eastern Cape separatism 1820 - 1854*, Oxford University Press: Kaapstad
- L'Ange, G 1991 *Urgent imperial service*, Ashanti: Rivonia
- Lawrie, IB 1953 Commerce in Graaff Reinet, *Die juweel van die Karoo, Offisiele gids*, November 1953:
- Lehman, J 1972 *The First Boer War*, Jonathan Cape: Kaapstad
- Leroux, V 2006 *South African cookbook*, Heritage publishing: geen plek
- Lewcock, R 1963 *Early nineteenth century architecture in South Africa*, AA Balkema: Kaapstad
- Lewcock, R 1970 Architecture, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (SESA) vol 1, Nasou: Kaapstad
- Lewcock, R 1985 *Early nineteenth century architecture in South Africa*, AA Balkema: Kaapstad
- Lister, MH 1970 Bain, Andrew Geddes, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (SESA) vol 2, NASOU: Kaapstad
- Lister, MH 1970 Bain, Thomas Charles John, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (SESA) vol 2, NASOU: Kaapstad
- Lloyd, M & J Blackmore 1988 *Glass*, Merehurst Press: Londen
- Lodge, T 1983 *Black politics in South Africa since 1945*, Ravan Press: Johannesburg
- Longford, E 1982 *Jameson's raid, A prelude to the Boer War*, Jonathan Ball: Johannesburg

- Lub, J 1908 *Eenvoudige mense*, Het Westen Drukkery: Potchefstroom
- Mabin, A & B Conradie 1987 *The confidence of the whole country. Standard Bank reports on economic conditions in Southern Africa 1865 - 1902*, Standard Bank Investment Corporation: Johannesburg
- Malan, J 1981 *Rytuie van weleer*, JL van Schaik: Pretoria
- Malan, SF 1996 'The contractor has started on the earthworks': the Jameson Raid (1895-96) a century ago, *Kleio XXVIII* 1996
- Malan SF 1995 The Orange Free State and the race for the Rand a century ago: the story of the Cape-Boemfontein-Johannesburg railway line, *Kleio XVII* 1996
- Martin, D 2005 *The bishop's churches*, Struik: Kaapstad
- Maude, FC 1894 *Memories of the mutiny*, vol 1, Remington & Co: Londen
- Mayer, P 1971 *Townsmen or tribesmen*, Oxford University Press: Londen
- Mayhew, V 1980 *Reader's Digest illustrated guide to Southern Africa*, Reader's Digest Association: Kaapstad
- Mbeki, G 1992 *The struggle for liberation in South Africa*, David Philip: Kaapstad
- McCaffree, MJ, P Innis & RM Sand 1997 *Protocol, the complete handbook of diplomatic, official and social usage*, 25th anniversary edition, Durban House: Dallas
- Mc Ewan, PJM (red) 1968 *Nineteenth century Africa*, Oxford University Press: Londen
- McNish, JT 1970 *The glittering road*, C Struik: Kaapstad
- Meintjes, J 1973 *The Voortrekkers*, Cassell: Londen
- Meiring, P 1974 *Jan Smuts die Afrikaner*, Tafelberg: Kaapstad
- Melvin, J 2005 *... isms, Understanding architecture*, Herbert Press: Londen

- | | | |
|-----------------------|------|--|
| Merian, M | 1964 | <i>Die Merian Bibel</i> , Nach der Deutschen Übersetzung Dr Martin Luthers, Bertelsmann: Gütersloh |
| Meredith, M | 2007 | <i>Diamonds, gold and war: the making of South Africa</i> , Public Affairs: New York |
| Methuen, AMS | 1905 | <i>The tragedy of South Africa</i> , Methuen: Londen |
| Meyer, A | 2012 | <i>Suid-Afrika se oerverlede</i> (in F Pretorius, <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad) |
| Millar, O | 1977 | <i>The Queen's pictures</i> , Macmillan Publishing: New York |
| Morgan, J | 1999 | <i>Debrett's new guide to etiquette and modern manners</i> , Debretts Ltd: Londen |
| Morse, JL | 1958 | <i>The Universal Standard Encyclopedia</i> , Reference Works: New York |
| Morris, D | 1965 | <i>The washing of the spears. The rise and fall of the Zulu nation</i> , Simon & Schuster: New York |
| Morris D | 1967 | <i>The naked ape</i> , Dell Publishing: New York |
| Morris, RB | 1973 | <i>Seven who shaped our destiny. The founding fathers as revolutionaries</i> , Harper & Row: New York |
| Mostert, N | 1992 | <i>Frontiers. The epic of South Africa's creation and the tragedy of the Xhosa people</i> , Alfred A Knopf: New York |
| Muller, CFJ | 1969 | <i>Die Britse owerheid en die Groot Trek</i> , Academica: Pretoria |
| Muller, CFJ (red) | 1981 | <i>500 Years. A history of South Africa</i> , Academica: Pretoria |
| Muller CFJ | 1990 | <i>Sonop in die Suide</i> , Nasionale Boekhandel: Kaapstad |
| Münch, R & NJ Smelser | 1992 | <i>Theory of culture</i> , University of California Press: Los Angeles |
| Musiker, R&N | 1972 | Godlonton, Robert, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)</i> , Volume 5: Nasou: Kaapstad |

- | | | |
|--------------------------------|------|---|
| Nadel, GH | 1970 | <i>Imperialism and colonialism</i> , Macmillan: Londen |
| Nash, MD | 1987 | The Settlers (in T Cameron, <i>An illustrated history of South Africa</i> , Jonathan Ball: Johannesburg) |
| Nash, E, B Stoch &
G Harper | 1984 | <i>Human behaviour</i> , David Philip: Kaapstad |
| Niven, C | 1971 | Fitzpatrick, Sir James P, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)</i> , vol 4, NASOU: Kaapstad |
| Noordenbos, O & B Becker | 1963 | <i>Weerklank op het werk van Jan Romein</i> , Wereldbibliothek: Amsterdam |
| Oliver, R & A Atmore | 1969 | <i>Africa since 1800</i> , Cambridge University Press: Cambridge |
| Olivier, NJJ | 1969 | <i>Die privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe</i> , Butterworths: Durban |
| Opperman Lewis, H | 2016 | <i>Apartheid, Britain's bastard child</i> , Reach Publishers: Wandsbeck |
| Pakenham, T | 1981 | <i>Die Boereoorlog</i> , Jonathan Ball Uitgewers: Johannesburg |
| Pakenham, T | 1992 | <i>The scramble for Africa</i> , Jonathan Ball Publishers: Johannesburg |
| Palmer, A | 1972 | <i>Metternich, Councillor of Europe</i> , History Book Club: Londen |
| Panovan, R | 1999 | <i>Proportion, Science, Philosophy, Architecture</i> , E & F Spon: Londen |
| Paver, FR | 1973 | Rand revolt, <i>Standard of Southern Africa (SESA)</i> , vol 9, NASOU: Kaapstad |
| Pevsner, N | 1976 | <i>A history of building types</i> , Princeton University Press: Washington DC. |
| Picton-Seymour, D | 1977 | <i>Victorian buildings in South Africa (including Edwardian and Transvaal Republic styles)</i> , AA Balkema: Kaapstad |
| Picton-Seymour, D | 1989 | <i>Historical buildings in South Africa</i> , Struikhof: Kaapstad |

- Pinsent, J 1969 *Myths and legends of ancient Greece*, Hamlyn: Londen
- Pirenne, H 1958 *A history of Europe*, George Allen & Unwin: Birkenhead
- Potgieter, C 1970 Birkenhead, *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA)*, Nasou: Kaapstad
- Pretorius, F (red) 2012 *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Tafelberg: Kaapstad
- Rabe, L 2012 The Phillippi German Agricultural Association - 125 years of organised agriculture on the Cape flats, (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 26(1))
- Ramphela, M 1996 *A life*, David Philip: Kaapstad
- Rhoodie, D 1967 *Conspirators in conflict*, Tafelberg: Kaapstad
- Richardson, J 1973 *The Regency*, Collins: Londen
- Ridpath, JC & ES Ellis 1899 *The story of South Africa*, WS Reeve Publishing Co: Chicago
- Risebero, B 1979 *The story of Western Architecture*, The Herbert Press: Londen
- Risebero, B 1990 *Modern architecture and design*, The Herbert Press: Londen
- Roberts, B 1976 *Kimberley, turbulent city*, David Philip: Kaapstad
- Roberts, JM 1993 *History of the World*, Oxford University Press: New York
- Robinson, J 1900 *A life time in South Africa*, Smith, Elder & Company: Londen
- Romein, J 1953 *Die gees van die tyd*, <https://socialhistory.org/bwsa/biografie/romein>, 4 Oktober 2015
- Rosenthal, E 1972 Gold, *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA)*, vol 5, NASOU: Kaapstad
- Rosenthal, E 1975 *Victorian South Africa*, Tafelberg: Kaapstad
- Roux, E 1966 *Time longer than rope*, University of Wisconsin

Press: Madison

- | | | |
|----------------------------------|------------|--|
| Ruben, B & P Soleri | 1987 | <i>Architecture, medium and message</i> (in <i>Beyond media</i> , Hayden Book Company: Rochelle Park) |
| Sanders, PS | 2005 | <i>Beyond Barrie's house: the emergence of a regional domestic architecture in Natal during the 1960s</i> , In Leach, A and Matthewson, G (Eds), <i>Proceedings SANHANZ</i> (2005) Gill Editors: Napier, New Zealand |
| Sanford, AS, GT Hunt & HJ Bracey | 1982 | <i>Communication behaviour in organizations</i> , UNISA (under license from Development Consultants Inc): Pretoria |
| Sayers, CO | 1982 | <i>Looking back on George</i> , Herald Phoenix: George |
| Scher, DM | 2012 | Naoorlogse rasse-verhoudinge, 1902-1948 (in F Pretorius (red), <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , 2012: Tafelberg) |
| Schoeman, K | 1980 | <i>Bloemfontein, die ontstaan van 'n stad 1846-1946</i> , Human & Rousseau: Kaapstad |
| Schoeman, K | 2009 | <i>Seven Khoi lives, Cape biographies of the seventeenth century</i> , Protea: Pretoria |
| Scholtz, GD | 1948 | <i>Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902</i> , deel 1, Voortrekker Pers: Johannesburg |
| Scholtz, GD | 1970 | <i>Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner</i> , deel I & II, 1652 - 1806 & 1806 - 1854, Voortrekkerpers: Johannesburg |
| SESA | 1970 - '76 | <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa</i> (SESA), Volumes 1-12, Nasou, Kaapstad |
| Seymour, SM | 1960 | <i>Native Law in South Africa</i> : Juta: Kaapstad |
| Sharr, A | 2006 | <i>Heidegger's hut</i> , Massachusetts Institute of Technology: Massachusetts |
| Shearing, T & D Shearing | 1999 | <i>Commandant Gideon Sheepers and the search for his grave</i> , Privaat uitgegee T & D Shearing: Sedgefield |
| Shinnie, M | 1965 | <i>Ancient African kingdoms</i> , Edward Arnold Ltd: Londen |

- | | | |
|---------------------|------|--|
| Simons, PB | 1987 | <i>'n Gids tot Kaaps-Hollandse huise</i> , C Struik: Kaapstad |
| Simons, PB | 2000 | <i>Cape Dutch houses and other old favourites</i> , Fernwood Press: Vlaeberg |
| Slabbert, VZ | 2006 | <i>The other side of history</i> , Jonathan Ball: Johannesburg |
| Smuts, JC | 1952 | <i>Jan Christian Smuts</i> , Cassell & Co: Londen |
| Spilhaus, MW | 1966 | They planted the Cape, <i>Historia</i> , 11(1), Maart 1966: Pretoria |
| Standard Bank | 1974 | <i>Standard Bank Buildings</i> , Bylaag tot 1974-jaarverslag |
| Storrar, P | 1984 | <i>A colossus of roads</i> , Murray & Roberts/Concor: Kaapstad |
| Strutt, DH | 1975 | <i>Fashion in South Africa 1652-1900</i> , AA Balkema: Kaapstad |
| Southgate, GW | 1972 | <i>The British Empire and Commonwealth</i> , JM Dent and Sons Ltd: Londen |
| Steyn, JC | 1982 | <i>Tuiste in eie taal</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Steyn, JC | 2004 | <i>100 jaar van MER</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Steyn R & F Antonie | 2012 | <i>Hoisting the Standard, 150 years of Standard Bank</i> , Standard Bank: Johannesburg |
| Stewart, J | 1889 | Verslag oor <i>Robbery and assault at Krugersdorp branch on 29 August 1889</i> : Krugersdorp |
| Sutton, I | 1999 | <i>Western architecture</i> , Thames & Hudson: Londen |
| Tapson, W | 1967 | <i>Timber and tides, the story of Knysna and Plettenberg Bay</i> , General Litho Ltd: Johannesburg |
| Tatz, CM | 1961 | <i>Shadow and substance in South Africa</i> , University of Natal Press: Pietermaritzburg |
| Telford, AA | 1974 | Transport, Early land, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)</i> , vol 10, NASOU: Kaapstad |
| Terry, C | 1979 | <i>'n Baanbrekerbank in 'n baanbrekerland</i> , WJ Flesch |

& Partners: Kaapstad

- | | | |
|---------------------|------|--|
| Thompson, L | 1982 | Co-operation and conflict: The High Veld (in M Wilson & L Thompson, (reds), <i>The history of South Africa to 1870</i> , David Philips: Kaapstad) |
| Toman, R (red) | 2007 | <i>Gothic</i> , Ullman & Könemann: Keulen |
| Toynbee, AJ | 1971 | <i>A study of history</i> , (Verkorte weergawe deur DC Somervell), vol 1, Laurel edition: Londen |
| Toynbee, AJ | 1979 | <i>A study of history</i> , Thomes & Hudson: Londen |
| Trombley, S | 2011 | <i>A history of Western thought</i> , Atlantic Books: Londen |
| Trotter, AF | 1900 | <i>Old colonial houses of the Cape of Good Hope</i> , BT Batsford: Londen |
| Trümpelmann, GPJ | 1972 | Germans, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)</i> , vol 5, NASOU: Kaapstad |
| Uys, I | 1991 | <i>Rollcall</i> , Uys Publishers: Johannesburg |
| Van Aswegen, HF | 1989 | <i>Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854</i> , Academica: Kaapstad |
| Van Bart, M | 2012 | <i>Kaap van slawe</i> , Historical Media: Tokai |
| Van Bergh, H ea | 1986 | <i>Menschen die die Welt veränderten. Schicksale, Taten, Wirkungen</i> , Praesentverlag Hans Peter: Sankt Augustin |
| Van der Linde, W | 2000 | <i>Die neerslag van Art Deco in Suid-Afrika as manifestasie van 'n internasionale tydgees en styl, met spesifieke verwysing na die argitektuur</i> (Proefskrif vir die graad D. Phil in Lettere en Wysbegeerte, Universiteit Stellenbosch): Stellenbosch |
| Van der Merwe, HJJM | 1975 | <i>Scheepsjournael ende daghregister</i> , JL van Schaik: Pretoria |
| Van der Ross, RE | 1986 | <i>The rise and decline of apartheid</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Van Doren, C | 1991 | <i>A History of knowledge. The pivotal events, people and achievements of World history</i> , Ballantine Books: New York |

- | | | |
|---|------|--|
| Van Dijk, L | 2004 | <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Van Eeden, ES | 2012 | Die omgewingsgeskiedenis van Suid-Afrika (in F Pretorius (red) <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> : Tafelberg: Kaapstad). |
| Van Jaarsveld, FA | 1974 | <i>Geskiedkundige verkenninge</i> , JL van Schaik: Pretoria |
| Van Jaarsveld, FA | 1982 | <i>Van van Riebeeck tot PW Botha</i> , Perskor: Johannesburg |
| Van Jaarsveld, FA | 1995 | Die historiese metode, <i>Kleio</i> , vol no XXVII 1995: Pretoria |
| Van Onselen, C | 2010 | <i>Masked raiders, Irish banditry in Southern Africa 1880-1899</i> , Zebra Press: Kaapstad |
| Van Rensburg, APJ | 1974 | <i>Aspekte van die geskiedenis van Afrika</i> , HAUM: Kaapstad |
| Van Wyk, A | 1985 | <i>Vyf dae</i> , Tafelberg: Kaapstad |
| Van Wyk, K, Z Botha
Goodspeed (reds) | 2012 | <i>Understanding South African financial markets</i> , Van Schaik: Pretoria |
| Van Wyk, M | 1994 | <i>Cooking the South African way</i> , CNA/Struik: Kaapstad |
| Venter, C | 1985 | <i>Die Groot Trek</i> , Don Nelson: Kaapstad |
| Versfeld, M | 1972 | Holism, <i>Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)</i> , vol 5, NASOU: Kaapstad |
| Visagie, J | 2012 | Uittog en vestiging van die Voortrekkers in die binneland (in F Pretorius (red), <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad) |
| Visser, W | 2012 | Die minerale revolusie (in F Pretorius (red), <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Tafelberg: Kaapstad) |
| Walker, E | 1947 | <i>A History of South Africa</i> , Longmans, Green and Co: New York |
| Walker, M | 2012 | <i>The early architects of Cape Town and their buildings (1820 - 1926)</i> , Shumani Printers: Kaapstad |
| Wallis, F | 2000 | <i>Nuusdagboek</i> , Human & Rousseau: Kaapstad |

Wannenburgh, A JR Dickson	1987	<i>The natural wonder of Southern Africa</i> , C Struik: Kaapstad
White, LA	1971	<i>The science of culture</i> , Farrar, Straus & Giroux: New York
Wilson, M & L Thompson (reds)	1982	<i>History of South Africa to 1870</i> , David Philips: Kaapstad
Zeederberg, H	1971	<i>Veld express</i> , Howard Timmins: Kaapstad

ARGIVALE BRONNE

Standard Bank Erfenissentrum

ARCH 1/1/ Volledige reeks

GMO 1/1/1 tot 1/1/170, London to General Manager, Ordinary correspondence

GMO 1/2/1 tot 1/2/12, London to General Manager, Correspondence

INSP 1/1/1 tot 1/1/325, Inspection Reports on branches 1866 tot 1932

INSP 1/1/319; 1/1/337; 1/1/352, Inspection Reports, Cradock

INSP 1/1/329, Inspection Report 29/5/1933, Grahamstad

INSP 1/1/333, Inspection Report, 10/6/1933, Pretoria

INSP 1/1/342, Inspection Report, 16/5/1935, Prins Albert

INSP 1/1/347, Inspection Reports, Graaff Reinet; Oos-Londen, George,

INSP 1/1/357, Inspection Report, 7/6/1935, Queenstown

INSP 1/1/371, Inspection Reports George, Grahamstown, Oos-Londen, Graaff Reinet, Cradock

INSP 1/1/381, Inspection Report, Mosselbaai, George

INSP 1/1/386, Inspection Report, Graaff Reinet, George.

INSP 1/1/394, Inspection Reports, George, Graaff Reinet, Grahamstad.

INSP 1/1/399, Inspection Reports, Knysna.

INSP 1/1/1 tot 1/1/325; Supplements to Inspection Reports

GMO 2/1/1 tot 2/1/41, Branches to General Manager.

GMO 3/1/1 tot 3/1/32, Letters to London, Ordinary/General

GMO 3/1/33 tot 3/1/44, Letters to London, General

GMO 3/1/45 tot 3/1/59, Letters to London, Ordinary

GMO 3/1/120, Letters to London, Ordinary

GMO 3/1/25, Letters to London, Ordinary

GMO 3/1/128, Letters to London, Ordinary

GMO 3/1/1 tot 3/1/100, General Manager to London, Ordinary correspondence 2

GMO 3/2/1/1 General Manager to London: Half-yearly Reports

GMO 3/2/1/14 General Manager to London: Annual Reports

GMO 3/2/3/3/ Visits to branches

GMO 3/4/1 tot 3/4/34, General Manager to London , Routine Correspondence, 1896 - 1932

GMO 3/3/1 tot 3/3/4, General Manager to London, P/O correspondence.

GMO 4/2/1 tot 4/2/15, Circulars (Printed), Standing Instructions to Officers, 1881 - 1932

GMO 13/2 Bank Premises (Na 1899)

PACD 1/1/1 tot 1/1/25

SBHC 1/1: Unpublished reports on different SB branches

SBHC: *Bits & Bytes*, Ongoing internal communication on aspects of Standard Bank

PERIODIEKE PUBLIKASIES

<i>Bits and Bytes</i>	2014
<i>Colesberg Advertiser</i>	1/11/1870
<i>De Oudtshoorn Courant</i>	11/5/1904
<i>Design Issue</i>	2004 vol 20
<i>Diamond Fields Advertiser</i>	21/11/1978
<i>Die Kultuurhistorikus</i>	1980
<i>Eastern Province Herald</i>	23/12/1870
<i>George and Knysna Herald</i>	19/9/1894
<i>Het Suid-Westen</i>	12/5/1904; 3/3/1979
<i>Historia</i>	Maart 1966
<i>Jaarboek, Africana Vereniging van Pretoria</i>	1993
<i>Kleio</i>	1995; 1996
<i>Mosselbaai Advertiser</i>	7/11/1958
<i>Natal Witness</i>	1977; 1978; 1992

<i>Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis</i>	Januarie 1984; November 2001; November 2002; Junie 2012
<i>The Colesberg Advertiser</i>	1/11/1870
<i>The Sunday Times</i>	30/10/2016
<i>Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal</i>	Junie 1994

ELEKTRONIESE BRONNE

http://mpumalanga-happenings.co.za/barberton_homepage.html

<http://freud.org.uk/file-uploads/files.why.war.pdf>

<http://global.brittanica.com/art/Georgian-style>

http://brittanica.com/tpoic/Ecole-des-Beaux_Arts

https://prezi.com/_xqmrsmoein/artifact-sociofact-metifact

<https://wikipedia.org/wiki/Postilion>

<https://socialhistory.org/bwsa/biografie/romein>

<https://virus.stanford.edu/ud>

research.omicsgroup.org/index.php/Jan_Romein

www.banking.org.za

www.concordhistoricalsociety.org/the-concord-coach

www.vandale.nl/gratis-woordenboek/betekenis/nederlands/livre

BEELDENE BRONNE

Kleurfoto's van Standard Bank-geboue is geneem deur IP de Swardt en word gehuisves te Domus Serenitas, Victoriabaai, George

Standard Bank-geboue en voormalige geboue is besoek op:

Aliwal-Noord, Beaufort-Wes, Bloemfontein, Botrivier, Burgersdorp, Caledon, Calitzdorp, Colesberg, Cradock, Dealesville, De Aar, De Rust, George, Graaff-Reinet, Harrismith, Heidelberg, Hofmeyer, Hopetown, Humansdorp, Johannesburg, Kaapstad, Kakamas, Keimoes, Kimberley, Knysna, Kroonstad, Ladismith, Lady Grey, Laingsburg, Malmesbury, Molteno,

Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl, Parys, Petrusville, Philipstown, Pilgrim's Rest, Pretoria, Prieska, Prince Albert, Pietermaritzburg, Porterville, Richmond, Riviersonderend, Rouxville, Somerset-Oos, Somerset-Wes, Strand, Touwsrivier, Uniondale, Upington, Vishoek, Welkom en Wellington.

Die volledige reeks van alle SB PTRC 01- lêers en albums in Standard Bank se Erfenissentrum/argiewe, Johannesburg.

OPENBARE VOORDRAGTE

Burden, M 2005 *Ons argitektoniese erfenis, die etiese en estetiese,*
(Openbare lesing, Stellenbosch)

PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Conradie, B	2011; 2012	Onderhoud: 12/9/2011; 14/4/2012 Beroep: Hoofargivaris Adres: Standard Bank Heritage Centre, Johannesburg
De Waal, LM	2008	Onderhoud: 21/5/2008 Beroep: Afgetrede Museumkundige Adres: Stellenbosch Universiteitsmuseum
Krige, N	2010	Onderhoud: 18/9/2010 Beroep: Professor in Finansiële Beplanning Adres: Universiteit Stellenbosch
Nel, K	2013	Onderhoud: 6/6/2013 Beroep: Algemene Bestuurder van Pharmacia en verskeie ander Suid-Afrikaanse maatskappye Adres: <i>Lavender Manor</i> , Voëlkip, Hermanus
Paine, H	2015, 2016, 2017	Onderhoud: Verskeie gedurende 2015b tot 2017 Beroep: Argitek Adres: Henrypaine architects, George, W-K.

BYLAAG A

Grade van formaliteit van kleredrag

White tie

Vir mans is dit 'n stywe wit hemp, wit strikdas, gepunte swart manelbaadjie, swart broek met systreep van sy, gelakte swart skoene, wit handskoene en 'n swart pluiskel.

Morning coat

Vir mans bestaan uit 'n lang baadjie met ronde pante, silwer das, streepbroek, swart of grys pluiskel en wit handskoene.

Black tie (ook bekend as smoking)

In die reël saans en by minder formele geleenthede as *White tie* gedra en bestaan uit 'n aandpak en donker strikdas en gelakte swart skoene

Donker pak

Minder formele geleenthede gedurende die dag en met 'n besigheidskarakter kan lei tot 'n uitnodiging met 'n aanduiding dat 'n donker pak klere vir mans vereis word.

Traditional dress

As erkenning van kultuurverskille in 'n geglobaliseerde wêreld bevat baie uitnodigings in die 21ste eeu dikwels die voorskrif ten opsigte van kleredrag as: *Black tie* (of *White tie* of *Morning coat*) or *traditional dress*.

BYLAAG B

Argitektoniese berippe

Akantblare	Die versieringspatroon aan die suilhoof van Korintiese suile.
Argitraaf	Die hoofbalk van die entablement van 'n gebou. Dit rus op suilhoofde of 'n muur en is van die fries geskei deur 'n lys. (By die Doriese bou-orde is die argitraaf glad en onopgebreek terwyl dit by die Ioniese en Korintiese ordes uit drie horisontale vlakke bestaan.)
Arkade	'n Reeks boë wat deur pylers of suile ondersteun word.
Art Deco	Die argitektuurstyl wat na die Eerste Wêreldoorlog en voor die Tweede Wêreldoorlog wye aanvaarding gevind het. Dit was ten nouste verbonde aan die groot industrialisering van die tyd en het industriële temas weerspieël.
Art Nouveau	'n Europese styl wat aan die einde van die 19de eeu aanvaarding gevind het in Europa. Die uitbeeld van organiese voorwerpe soos plante met swewende, bewegende lyne, ineengevlede patrone en kurwes was tipies daarvan.
Balkon	Uitbousel aan die buitekant van 'n boverdieping van 'n gebou
Balustrade	'n Reeks balusters of kort pilaartjies
Bandlaag	Vooroorstekende laag of pleisterwerk wat 'n band langs die muur vorm en as versiering dien
Barok	Die naam is afgelei van <i>barroco</i> , 'n misvormde pêrel. In die laat tydperk (1600 - 1760) van die Renaissance het dit veral in Katolieke lande aanklank gevind.
Blinde arkade	'n Muurarkade sonder openinge. Dit word gebruik om die

	eentonigheid van 'n muurvlak te breek.
Bolig	Die glasbedekte opening bo die deure van 'n gebou.
Bou-ordes	Die Doriese, Ioniese en Korintiese bou-ordes word hoofsaaklik onderskei deur die voetstuk, die suil en die kapiteel
Boogpediment (segmentale pediment)	'n Pediment waarvan die kontoer uit 'n segment van 'n sirkel bestaan, maar nie 'n halfsirkel vorm nie.
Brandglas	Geschilderde glas waarin die kleure deur verhitting vasgelê is
Dado	Die onderste deel van 'n muur wat in 'n ander kleur as die res van die vertrek of gebou gevef is, soms met lyswerk, 'n gevefde lyn of 'n dadoreling van hout afgemerk
Dories	Tipiese bouorde van die Grieke waar die pilaar se suilhoof uit 'n onversierde nek, echinus en abakus bestaan
Druipers	Die puntjies, gewoonlik ses, reg onder elke triglief aan die onderkant van die tenea. Die motief is moontlik ontleen aan druppels.
Echinus	Die ronde "kussing"-gedeelte van die suilhoof bokant die nek waarop die dekplaat rus.
Eduardiaans	'n Boustyl wat met die heerskappy van koning Edward VII van Brittanje en die eerste twee dekades van die 20ste eeu vereenselwig word. Dit was meer getrou aan die klassieke dissipline en definisie van argitektuur en was meer besadig as die Victoraanse styl.
Eklekties	Die aanwending van verskillende stylelemente in dieselfde gebou
Entablement	Dit is die dekstuk of kroonwerk van 'n gebou en bestaan uit die

	argitraaf, die fries en die lyste tussenin.
Erker	'n Uitgeboude deel van 'n muur wat 'n venster of vensters bevat
Fasade	Die vooraansig van 'n gebou.
Festoen	'n Uitgekerfde, gemodelleerde of geveerde sierkrans blare, blomme en/of vrugte, dikwels met linte 'opgebund' sodat dit in boë na onder hang.
Figuursaagwerk	Houtwerk wat in patrone gesaag is
Fries	Die fries vorm 'n deurlopende vlak op die fasade, dikwels versier met laagrelieëfwerk.
Gebroke pediment	'n Pediment wat in die middel onderbreek is.
Geison	Die dak- of kroonluis wat by 'n Griekse tempel bokant die fries loop en ook die pediment omsluit.
Gewelf	'n Dak van klip, steen of beton.
Gotiese styl	Die boustyl wat in die 12de eeu in Frankryk ontstaan het, wyd inslag gevind het tot ongeveer die middel van die 14de eeu en veral as kerk-styl bekend geraak het.
Griekse kruis	'n Kruis waarvan al die bene ewe lank is.
Ionies	Die Griekse bouorde waar die suilhoof 'n voluut insluit
Ikonografie	Die beskrywing en verklaring van beelde wat op bepaalde onderwerpe betrekking het.
Kaaps-Hollands	'n Wye uiteenlopendheid van sienings oor wat die term alles in- en uitsluit bestaan. Simons se beskrywing van die styl is: <i>[.] enkelverdieping-, rietdak-, gegewelde woonhuise wat tot die eerste helfte van die negentiende eeu gebou is en, in 'n mindere</i>

mate, vir platdak-, gepedimenteerde dubbelverdiepinghuise van dieselfde tydperk [.] (1987: 8).

Kaaps-Hollandse Herlewing	Die herlewing van die aanwending van Kaaps-Hollandse stylelemente gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu.
Kannelures	Groefwerk, vertikaal of horisontaal
Kanteelwerk	Die opstaande, reghoekige dele van messelwerk bo-op die mure en torings van ou geboue en vestings. Dit is later ook as versiering op geboue aangebring.
Kapiteel	Die boonste gedeelte of kopstuk van 'n suil, pilaar of pilaster.
Korinties	Die jongste van die drie tipiese klassieke bouordes. Suile in dié styl is slank met ryklik-versierde kapitele met akantblare
Klassisisme	'n Kunsrigting wat teen die einde van die 18de en die eerste helfte van die 19de eeu (veral in Frankryk) ontstaan het. Klassisisme is in die algemeen 'n opvatting waarby die kunstenaars die ideale van die Klassieke kuns huldig, dit wil sê van die Griekse kuns van die 5de en 4de eeue vC, van die Romeinse kuns wat regstreeks daardeur geïnspireer is, en van die Italiaanse kuns aan die begin van die 16de eeu soos deur Michelangelo, Raphael en hul tydgenote beoefen.
Kollonade	'n Reeks suile, gewoonlik met lateie oordek.
Konsole	'n Ornamentele stut, soms bestaande uit twee volute in teenoorgestelde rigtings.
Kroonlys	'n Vooruitstekende lys aan die boonste rand van 'n buitemuur of by die aansluiting van 'n binnemuur en 'n plafon
Lambrisering	Die bedekking van die onderste deel van 'n muur met hout
Lantern	Die boonste struktuur wat op die kruin van 'n koepel of dom as

versiering aangebring is.

Latei	'n Horisontale balk wat 'n opening soos 'n deur of 'n venster oordek.
Latynse kruis	'n Kruis waarvan die een been langer is as die ander.
Loodglas	Glasruite wat in in lood vervat is om 'n venster te vorm
Luike	Houtblindings aan die buitekant van 'n gebou
Mosaïk	Patroonwerk van glas-, porselein- of keramiekdele, steentjies of teëls, van verskillende kleure en groottes, wat saam vasgeplak of ingelê is.
Neo-Klassisisme	Dit verteenwoordig 'n reaksie teen die uiterstes van die Barok en Rococco en die finale fase van die Renaissance
Obelisk	'n Hoë, vierkantige pilaar wat nouer word na bo, met 'n piramide spits.
Ojief	'n Vorm wat uit S-vormige boë saamgestel is.
Pediment	Die driehoekige gedeelte van 'n muur wat gevorm word deur die twee skuins dakvlakke en die kroonlys.
Pergola	'n Oorgroeide prieël
Pilaar	Die algemene term vir 'n stut. Dit kan die vorm van 'n suil of 'n pyler aanneem.
Pilaster	'n Muurpilaar. 'n Gedeelte van die muur wat uitgebou word met 'n suilhoof en voetstuk om die indruk van 'n pilaar te vorm.
Portiek	Oop galery voor 'n gebou met 'n dak wat op pilare of 'n arkaderus

Pylers	Gemesselde stutte soos by 'n brug of die stukke tussen deure en vensters.
Reliëfwerk	'n Vorm van versiering waar die agtergrond weggesny of -gebeitel word sodat die ontwerp uitstaan.
Renaissance	Die term is afgelei van die Franse woord vir hergeboorte. Die styl verteenwoordig 'n belangstelling in die klassieke beskawings en die geloof dat ordelikheid en ewewigtigheid die basis van die kuns vorm.
Ribgewelf	Deel van 'n raamwerk (van ribbe) wat opgerig word vir die later invul van die gewelwe met ligter materiaal.
Roos /roosvenster	'n Ronde, wielvormige venster by 'n Gotiese katedraal.
Rotonde	'n Ronde gebou.
Rustiekwerk	Die metode waarvolgens blokke klip aan die buitekant van 'n gebou bewerk word, ru gemaak word, om die indruk van kragtigheid te gee, veral op die onderste vlak van die gebou.
Ruitstafies	Die verdelings van hout of metaal tussen verskillende glasruite binne 'n venster
Segmentale boog (of boogpediment)	'n Pediment waarvan die kontoer uit 'n segment van 'n sirkel bestaan maar nie 'n halfsirkel vorm nie.
Sima	'n Geutlys wat die hele dak van 'n Griekse tempel omring.
Stapelbou-orde	Die opmekaarplasing van die verskillende bou-orde: Dories, Ionies en Korinties.
Stereobaas	Die drievoudige onderbou van 'n Griekse tempel.
Stilobaas	Die boonste trap van die drievoudige onderbou van 'n Griekse tempel.

Suil	'n Silindervormige stut, bestaande uit 'n voetstuk, suilskag en suilhoof.
Sylygte	Vertikale vensters weerskante van 'n deur
Tandlys	'n Ry klein blokkies as versiering gebruik op die entablement.
Timpaan	Die spasie tussen die latei en die boog van 'n boogvormige deur.
Trasering	Ineengeweepte patrone van klipversiering in die boonste deel van vensters, teen mure of teen gewels en ander dele van geboue.
Triglyf	Blokke met drie gleuwe by die Doriese bou-orde wat die metopes in die fries afwissel.
Victoriaans	'n Eklektiese boustyl wat met die heerskappy van Koning Victoria van Brittanje saamgeval het.
Voluut	'n Spiraalvormige krul soos by die Ioniese suilhoof

Bronne: Benton e.a, 2003; Biermann, B, 1955; Bussagli, M, 2005; De Swardt, IP, 2013; Duncan, A, 1994; Gabriel, J, 1972; Glancey, J, 2006; Hattingh, ASJ, 1985; Pevsner, N, 1976; Simons, PB, 1978; Toman, R (red), 2007; Trotter, AF, 1900; Van der Linde, W, 2000.